# VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING BY DIE BATSWANA VAN DIE R.S.A.

deur

C.J. MARITZ

Proefskrif aangebied ter voldoening
aan die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE
in
ONTWIKKELINGSADMINISTRASIE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
vir
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Promotor: Prof. J.J. Henning, D.Phil.
Hulppromotor: Prof. J.H. Coetzee, D.Phil.

1976

## VOORWOORD

Die stimulant wat aanleiding gegee het tot die oormoedigheid (!?) om hierdie tema aan te pak, was drieledig van aard: Eerstens was daar die belangstelling in die Batswana as groep - 'n be= langstelling wat moontlik terugvoerbaar is na skrywer se jeug= jare waarin waarskynlik meer tyd deurgebring is in die geselskap van Tswana- as Blanke maats. Latere aanstelling as etnoloog in die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling met die Tswana as opdrag het hierdie belangstelling verder gestimu= leer. Tweedens was dit my voorreg om in 1969 'n reeks lesings by te woon wat aangebied is deur prof. J.H. Coetzee oor die verskynsel van etnos. Hier het ek onder die indruk gekom van die wonder van die verskynsel - ēn die kompleksiteit daarvan. Om meer daarvan te probeer begryp het 'n uitdaging geword. Der= dens het gesprekke met 'n gewaardeerde vriend en kollega, prof. D.A. Kotzé van die Universiteit van Suid-Afrika, my met nuwe oë laat kyk na die proses van politieke verandering en -ontwikke= ling. Hierdie drie prikkels het dan saamgevloei en gelei tot die tema wat hier aangedurf word.

Sonder die hulp en medewerking van talle persone en instansies sou die poging egter nie die huidige vorm kon bereik het nie. Aan hulle my hartelike dank. Almal kan nie hier vermeld word nie, maar terselfdertyd is daar ook persone en instansies wat nie verswyg kan word nie.

Eerstens 'n woord van besondere waardering en dank aan profes= sore J.J. Henning en J.H. Coetzee wat as leier en hulpleier, respektiewelik, opgetree het. Oor die jare heen het ek baie van u geleer; dit was 'n voorreg om student by u te kon wees en om ook in hierdie studie leiding van u te kon ontvang.

Tweedens word dank uitgespreek teenoor die volgende instansies:

(a) Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die toekenning waardeur 'n deel van die navorsingskostes gedek kon word. Die standpunte en resultate is egter die van skrywer.

(b) Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling vir inligting wat beskikbaar gestel is en vir toestemming om departementele lêers te mag gebruik.

(c) Die staatsargiewe te Pretoria en Kaapstad.

(d) Die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling en Bantoe-beleggingskorporasie van S.A., Bpk. vir inligting wat beskikbaar gestel is.

(e) Die Ferdinand Postma-Biblioteek aan die P.U. vir C.H.O. vir hulp met betrekking tot die verkryging van moeilik-bekombare literatuur asook die druk en bind van hierdie werk.

(f) Die Instituut vir Afrikanistiek aan die P.U. vir C.H.O. vir die beskikbaarstelling van navorsingsmateriaal.

Benewens hierdie instansies, is dit ook 'n behoefte van die hart om 'n aantal persone by name te bedank vir hulle bydrae tot hierdie poging. Hiermee dan my dank en waardering aan mnr. F.W. Robins, voorheen Senior Superintendent, Mofolo, vir hulp in Soweto; dr. P-L. Breutz wat steeds bereid was om my te laat put uit sy ensiklopediese kennis van die Batswana; dr. C.V. Bothma, my voormalige hoof, van wie ek veel kon leer; mev. M. Botha van die Etnologiese Afdeling vir haar kommentaar op 'n hoofstuk van die manuskrip; Sy Edele die Hoofminister van Bophuthatswana, kapt. L.M. Mangope, vir tyd afgestaan met onderhoude; Sy Edele die Kommissaris-generaal vir die Tswana-volkseenheid, senator G.R. Wessels, vir die goeie ontvangs en talle

gesprekke; mnre. C.S. Schoonbee, E.A. Loxton, J.B.M. Ditlhage en dr. E.S. Moloto van die Tswanaregeringsdiens vir die beskikbaarstelling van inligting en aan laasgenoemde twee here, vir kommentaar op gedeeltes van die manuskrip; kaptein T.R. Pilane vir verskeie ophelderende gesprekke; mnr. S.S. Modise, voormalige Stedelike Verteenwoordiger vir die beskikbaarstelling van inligting en openhartige gesprekke; mnre. J. Ackerman en C. du Toit van die S.A.U.K. vir hulp oor 'n breë front; mnr. M.A. Labuschagne, Senior Superintendent van Sharpeville vir vriendelike hulp en belangstelling oor verskeie jare heen; mnr. A.O. Jackson, etnoloog en voormalige kantoormaat, vir hulp en advies; mnr. H.J.P. Lubbe, Hoof: Sothodienste van Radio Bantu vir die beskikbaarstelling van inligting en nalees van 'n gedeelte van die manuskrip; dr. A.B. Fourie en mnr. H.P.J. Botha van die Departement van Bantoe-onderwys vir kommentaar op gedeeltes van die manuskrip; my kollega, mnr. C.J. Coetzee, vir sy belangstelling en bemoediging; dr. D.P. Wissing wat te midde van 'n druk program bereid was om die taalkundige versorging te doen, en mevrr. Martha Tönsing en Patricia Jacobs wat die tikwerk onderneem het.

Tussen die skrywer, taalkundige en tiksters moes daar noodwendig foute deurglip wat die skrywer vir sy rekening moet neem.

Wat hieronder volg, wil nie voorgee om die volle verhaal oor nasievorming by die Batswana van die R.S.A. te wees nie. Daarvoor het dit ontbreek aan tyd en insig. As hierdie poging egter sou kon prikkel tot verdere waarheidsontbloting rondom die tema, dan was dit die moeite werd.

C.J.M.
Potchefstroom
Januarie 1976

INHOUDSOPGAWE BLADSY

HOOFSTUK I. INLEIDING (1-22)


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Uitgangspunt en probleemstelling .......... | 1 |
| 2. | Terrein van ondersoek ...................... | 8 |
| 3. | Metode van ondersoek ....................... | 13 |
| 4. | Enkele probleme ............................ | 19 |


HOOFSTUK II. VOLKSWORDING (23-110)


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleidend .................................. | 23 |
| 2. | Wat 'n volk nie is nie ..................... | 27 |
| 3. | Kenmerke van 'n volk ....................... | 45 |
| 3.1 | Grondgebied ................................ | 45 |
| 3.2 | Taal ....................................... | 49 |
| 3.3 | Kultuur .................................... | 54 |
| 3.4 | Historiese bewussyn ........................ | 58 |
| 3.5 | Verdere kenmerke ........................... | 62 |
| 4. | Die ontstaan van volke/etnieë ............. | 69 |
| 5. | Volksvormende faktore ...................... | 81 |
| 5.1 | Grense ..................................... | 81 |
| 5.2 | Kultuur en taal ............................ | 83 |
| 5.3 | Kommunikasie ............................... | 85 |
| 5.4 | Religie .................................... | 87 |
| 5.5 | Die huwelik ................................ | 90 |
| 5.6 | Sosialisering .............................. | 92 |
| 5.7 | Die demografiese faktor .................... | 94 |
| 5.8 | Verstedeliking ............................. | 98 |
| 5.9 | Vaderland en geskiedenis ................... | 101 |
| 5.10 | Voogbestuur ................................ | 104 |
| 6. | Samevattend ................................ | 109 |

BLADSY

HOOFSTUK III. NASIEVORMING (111-201)


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Algemeen ................................ | 111 |
| 2. | Politieke ontwikkeling .................. | 118 |
| 3. | Nasionale integrasie .................... | 127 |
| 3.1 | Die vertikale dimensie .................. | 131 |
| 3.2 | Die horisontale dimensie ................ | 139 |
| 4. | Nasievormende faktore ................... | 144 |
| 4.1 | Grondgebied en grensvorming ............. | 145 |
| 4.2 | Politieke leierskap ..................... | 149 |
| 4.3 | Politieke partye ........................ | 154 |
| 4.4 | Burokrasie .............................. | 162 |
| 4.5 | Politieke sosialisering ................. | 171 |
| 4.6 | Bestaansgeleenthede ..................... | 178 |
| 4.7 | Nasionale simbole ....................... | 184 |
| 4.8 | Sosiale mobilisering .................... | 191 |
| 5. | Samevattend ............................. | 196 |


HOOFSTUK IV. DIE BATSWANA: ETNO-HISTORIES (202-291)


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleidend ............................... | 202 |
| 2. | Migrasie, verspreiding en vestiging ...... | 207 |
| 2.1 | Die Barôlông ............................ | 210 |
| 2.2 | Barôlông-wegsplinterings ................ | 223 |
| 2.2.1 | Die Dighoya ............................. | 223 |
| 2.2.2 | Die Batlhaping .......................... | 226 |
| 2.3 | Die Bakwêna-Bahurutshe .................. | 234 |
| 2.3.1 | Die Bahurutshe .......................... | 236 |
| 2.3.2 | Bahurutshe-wegsplinterings .............. | 243 |
| 2.3.2.1 | Die Batlharo ............................ | 243 |
| 2.3.2.2 | Die Bakgatla ............................ | 246 |
| 2.3.2.3 | Die Bataung ............................. | 252 |

BLADSY


2.3.2.4 Die Batlokwa .............................. 254

2.3.3 Die Bakwêna .............................. 258

2.3.4 Die Bafokeng .............................. 265

2.4 Ander immigrante .......................... 270

2.4.1 Amandebele oorsprong ..................... 270

2.4.2 Suid-Sotho oorsprong ..................... 275

2.4.3 Noord-Sotho oorsprong .................... 275

2.4.4 Amaxhosa oorsprong ....................... 276

2.4.5 Matebele oorsprong ....................... 277

3. Die vorming van gemeenskappe ............. 278

4. Fissie en fusie .......................... 282

HOOFSTUK V. DIE BATSWANA: ONDERWERPING EN BEHEERSING, 1826 - 1910 (292-358)

1. Die Matebele .............................. 293

1.1 Vestiging van Matebelegesag .............. 293

1.2 Uitvoering van Matebelegesag ............. 299

1.3 Beëindiging van Batebelegesag ............ 306

2. Die Afrikaner ............................. 307

2.1 Die vestiging en uitvoering van Afrikanergesag .......................... 310

2.1.1 Transvaal ................................ 310

2.1.2 Die Oranje Vrystaat ...................... 328

3. Die Brit .................................. 335

3.1 Die vestiging en uitvoering van Britse gesag oor (Brits) Betsjoeanaland ....... 335

4. Samevattend ............................... 356

HOOFSTUK VI. VOOGBESTUUR EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE FORMULE VIR NASIEVORMING (359-445)

1. Politieke bedeling ........................ 360

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 2. | Grondgebied ............................ | 378 |
| 3. | Ekonomiese terrein ...................... | 393 |
| 4. | Sosialisering ........................... | 408 |
| 4.1 | Onderwys ................................ | 409 |
| 4.2 | Ander media ............................. | 427 |
| 4.2.1 | Die Pers ................................ | 427 |
| 4.2.2 | Die Radio ............................... | 432 |
| 4.2.3 | Inligting ............................... | 436 |
| 4.2.4 | Die buro's vir taal en kultuur .......... | 440 |
| 5. | Samevattend ............................. | 442 |


HOOFSTUK VII. VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING: DIE AANBOD AAN DIE BATSWANA (446-546)


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Grondgebied ............................. | 447 |
| 1.1 | Grondvoorsiening ........................ | 448 |
| 1.2 | Konsolidasie ............................ | 468 |
| 1.2.1 | Grensbepaling ........................... | 470 |
| 1.2.2 | Swartkolopruiming ....................... | 479 |
| 1.3 | Samevatting ............................. | 484 |
| 2. | Staatsvorming ........................... | 486 |
| 2.1 | 1910-1959: Differensiële inkorporasie ... | 486 |
| 2.1.1 | Politieke verteenwoordiging ............. | 487 |
| 2.1.2 | Administratiewe ontwikkeling ............ | 488 |
| 2.1.3 | Regsordening ............................ | 490 |
| 2.2 | 1951-1968: Politiek-administratiewe struktuurskepping en -verandering ...... | 492 |
| 2.2.1 | Tuislandse strukture .................... | 493 |
| 2.2.2 | Skakelstrukture ......................... | 505 |
| 2.3 | 1968-1971: Verdere hervorming en belyning | 509 |
| 2.3.1 | Politieke en administratiewe strukture ... | 509 |
| 2.3.2 | Regsordening ............................ | 521 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 2.3.3 | Burgerskap ................................ | 523 |
| 2.3.4 | Skakeling tussen stad en tuisland ........ | 524 |
| 2.4 | 1971-: Selfregering ..................... | 531 |
| 2.5 | Samevatting .............................. | 544 |

HOOFSTUK VIII. VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING: DIE AANBOD AAN DIE BATSWANA (VERVOLG) (547-636)

| | | |
|---|---|---|
| 3. | Sosialisering ............................ | 547 |
| 3.1 | Onderwys ................................. | 548 |
| 3.1.1 | Die Sendingtydperk: 1813-1910 ........... | 548 |
| 3.1.2 | Standaardisasie en uitbreiding: 1910-1953 | 553 |
| 3.1.3 | Nasionale onderwys: 1953 ................ | 556 |
| 3.2 | Die Buro vir Tswanataal en -kultuur ...... | 584 |
| 3.2.1 | Organisasie .............................. | 584 |
| 3.2.2 | Doelstellings ............................ | 586 |
| 3.3 | Inligting ................................ | 587 |
| 3.3.1 | Organisasie .............................. | 588 |
| 3.3.2 | Inhoud en omvang van aanbod .............. | 593 |
| 3.4 | Die Pers ................................. | 596 |
| 3.5 | Die Radio ................................ | 596 |
| 3.6 | Samevattend .............................. | 600 |
| 4. | Bestaansgeleenthede ...................... | 601 |
| 4.1 | Die vraag na bestaansgeleenthede ......... | 604 |
| 4.2 | Die aanbod van bestaansgeleenthede ....... | 611 |
| 4.2.1 | Landbou .................................. | 611 |
| 4.2.2 | Mynbou en bosbou ......................... | 619 |
| 4.2.3 | Nywerheidsontwikkeling ................... | 623 |
| 4.2.4 | Dorpe .................................... | 629 |
| 4.3 | Samevattend .............................. | 634 |

BLADSY

HOOFSTUK IX. VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING: DIE ANTWOORD VAN DIE BATSWANA (638-775)


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Grondgebied ................................ | 638 |
| 1.1 | Die Tswanastandpunt ...................... | 639 |
| 1.2 | Evaluerend ................................ | 648 |
| 2. | Politieke partye .......................... | 650 |
| 2.1 | Ontstaan .................................. | 650 |
| 2.2 | Beleidsrigtings ........................... | 654 |
| 2.3 | Organisasie en struktuur .................. | 657 |
| 2.4 | Evaluerend ................................ | 659 |
| 3. | Politieke leierskap ....................... | 666 |
| 4. | Burokrasie ................................ | 683 |
| 4.1 | Aard en rol ............................... | 683 |
| 4.2 | Enkele tendense en probleme ............... | 691 |
| 4.3 | Evaluerend ................................ | 697 |
| 5. | Sosialisering ............................. | 704 |
| 5.1 | Onderwys .................................. | 705 |
| 5.2 | Die Buro vir Tswanataal en -kultuur ...... | 714 |
| 5.3 | Die Pers .................................. | 716 |
| 5.4 | Die Radio ................................. | 718 |
| 5.5 | Ander media ............................... | 722 |
| 5.6 | Evaluerend ................................ | 723 |
| 6. | Nasionale simbole ......................... | 724 |
| 6.1 | Leiersfigure .............................. | 725 |
| 6.2 | Burgerskap ................................ | 726 |
| 6.3 | Vlag, volkslied en ideologie .............. | 730 |
| 6.4 | Taal ...................................... | 734 |
| 6.5 | Evaluerend ................................ | 736 |
| 7. | Bestaansgeleenthede ....................... | 736 |
| 7.1 | Landbou ................................... | 737 |

BLADSY

7.2 Mynbou .................................... 747

7.3 Nywerheidsontwikkeling .................... 750

7.4 Evaluerend ................................ 758

8. Grensvorming .............................. 761

HOOFSTUK X. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING (776-794)

1. Algemeen .................................. 776

2. Grondgebied ............................... 781

3. Politieke partye .......................... 782

4. Politieke leierskap ....................... 784

5. Burokrasie ................................ 785

6. Sosialisering ............................. 787

7. Nasionale simbole ......................... 789

8. Bestaansgeleenthede ....................... 789

9. Grensvorming .............................. 792

BYLAES

BYLAAG A: Vraelys versprei onder leiersfigure in drie stedelike Bantoewoonbuurtes met 'n verreke= ning van die antwoorde wat op die vrae ont= vang is ................................ 795

BYLAAG B: Vraelys versprei onder klerke, onderwysers en handelaars en deurgewerk met stamower= hede in drie stamgebiede in Bophuthatswana 819

BYLAAG C: Stamverspreiding en lokaliteit van stam- en gemeenskapsowerhede in 1972 in verhouding tot gebied oopgestel in 1936 ............. 845

BYLAAG D: Gebied afgesonder in 1913 ................. 846

BLADSY

BYLAAG E: Toevoegings en uitsnydings aanbeveel deur Beaumontkommissie, 1916 .............. 847

BYLAAG F: Toevoegings en uitsnydings aanbeveel deur plaaslike komitees, 1918 .................. 848

BYLAAG G: Gebied oopgestel in 1936 .................. 849

BYLAAG H: Voorgestelde konsolidasie van Bophuthatswana, 1972 .............................. 850

BYLAAG I: Alternatiewe konsolidasieplan, 1973 ....... 851

BYLAAG J: Finale konsolidasieplan, 1973 ............. 852

BYLAAG K: Distrikte van Bophuthatswana, 1972 ........ 853

BYLAAG L: Konsolidasieplan voorgelê deur Bophuthatswana Wetgewende Vergadering, 1973 ....... 854

BIBLIOGRAFIE ........................................ 855

HOOFSTUK I

# INLEIDING

## 1. Uitgangspunt en probleemstelling

Volke is historiese groothede wat kom en gaan. En ten spyte van die sterk rasseaksent wat volkere-/etniese verhoudings tans kenmerk en wat terugvoerbaar is na 'n histories-insidentele om=standigheid, breek dit deur dat volke/etniese groepe, en nie rasse nie, die funksionele eenhede binne die mensheid is.[1] Ku=per vat die essensie hiervan raak as hy opmerk: "Thus racial differences derive social significance from cultural diversi=ty."[2] Ons sou egter "kulturele diversiteit" wou vervang met "etniese diversiteit", omdat 'n kultuureenheid en 'n etnos nie noodwendig ooreenstemmende begrippe is nie.

Waar volke/etniese eenhede dan die funksionele eenhede binne die mensheid is, word geen toevalligheid in die bestaan van 'n volk en sy staat aanvaar nie. Dit word aanvaar dat hierdie een=hede in aansyn geroep word deur God op 'n bepaalde plek in die wêreld en op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis om 'n be=paalde taak, wat dan die roeping van so 'n eenheid is, uit te voer.[3] Sentraal in die roeping staan dié opdrag om tot seën

---

1. Vgl. i.d.v. Shibutani, T. & K. Kwan. *Ethnic Stratification: a Comparative Approach*. Macmillan. 1965. Kuper, L. & M.G. Smith (Eds.). *Pluralism in Africa*. Univ. of California Press. 1969. Mühlmann, W. *Rassen, Ethnien, Kulturen*. Luchterhand. Berlin. 1964.

2. Kuper, L. Plural Societies: Perspectives and problems. *In:* Kuper & Smith (Eds.), *op. cit.*, p.13.

3. Coetzee, J.H. Suid-Afrika: 'n Afrikagerigtheid 1948-1968. *Handhaaf*. Oktober 1968, p.9.

van ander eenhede te wees. Dit hou in dat deur die verdrywing van ongeloof en onkunde, deur voorbeeld en lering, die minder-ontwikkelde eenhede geaktiveer en gestimuleer moet word tot arbeidsaamheid, Christelike kultuurarbeid, bebouing van die aarde en die ontwikkeling van die gegewe natuurbronne en kragte.[4] Oor die omstandighede waaronder hierdie aktivering van die minder-ontwikkelde tot uitvoering van die kultuurgebod kan geskied, is reeds die volgende uitspraak gelewer:

"Die vraag is of sodanige roeping ook volvoer mag word deur dwang- en geweldmiddels, deur onderwerping en oorheersing. Dit blyk wel uit die openbaringsgeskiedenis dat God soms oorheersing van een volk deur 'n ander bepaal, sy dit dan ook as 'n roede. In dié verband moet met die sonde gereken word, ook in sy openbaringsvorm en ongehoorsaamheid aan die kultuurgebod. Indien sodanige volke hulle verset teen vreedsame aktivering ... tot ontworsteling aan die verstarrende ortodoksie van 'n primitiewe kultuur, kan dwang en oorheersing wel as middele val op die pad van 'n hoër beskaafde volk mits hy die roeping nakom in gehoorsaamheid aan God, met geregtigheid teenoor die onderhorige ... en ywerige bevordering van die ontplooiing van die agterlike kultuur. Want ook van hom eis God op sy tyd rekenskap."[5]

Prinsipieel gesien, mag 'n situasie van etniese gelaagdheid dus bestaan, maar mag dit nie permanent wees nie, omdat dit dan onderdrukking is, en nie voogdyskap nie. Bewus van die tydsbeper-

---

4. Du Plessis, H. & J.H. Coetzee. Algemene Riglyne. *In:* Gereformeerde Kerk van S.A. *Uit een bloed* ... Pro Rege. Potchefstroom. 1961, p.65.

5. *Ibid.*, p.65-66.

king wat op hom gelê is, moet die voog dan sy tweeledige taak tot voordeel van die onderhorige tot uitvoer bring, nl. beskerming en weerbaarmaking: beskerming teen gevare van buite en binne en weerbaarmaking op die verskillende lewensterreine sodat die ondergeskikte, na verkryging van soewereiniteit, die beskermingsfunksie self kan uitoefen en 'n waardige plek kan inneem op die internasionale vlak te midde van die talle eise wat die wêreldverkeer aan 'n deelnemende staat stel.[6]

Hierdie weerbaarmaking vereis noodwendig eenheidskepping; 'n omvorming van die talle primordiale/parogiale politieke verbande tot 'n omsluitende nasionale verband, dus die skepping van 'n volks- en nasieskap uit verskeie voor-volkse groepe soos stamme, hordes, ens. Hierdie proses van eenheidskepping veronderstel, van voogskant gesien, die daarstelling van oorkoepelende strukture, vervorming van waardes en die aanwesigheid van bestaansgeleenthede binne 'n gegewe grondgebied. Die besluit oor waar die lyne van die nuwe eenheid-in-wording getrek sal word en op watter basis die integrasie moet plaasvind, is die uitdruklike prerogatief en verantwoordelikheid van die voog.

Soos wat die beginsels van geregtigheid, vryheid en naasteliefde 'n verbod op onderdrukking plaas, so wys die empiriese materiaal dat die eenheid wat homself aan onderdrukking van 'n ander skuldig maak, uiteindelik sy identiteit verloor en verdwyn. Met die insig wat verkry kan word uit 'n studie van situasies van volkeregelaagdheid elders in die wêreld en op verskillende stadia van die bekende geskiedenis, is dan ook minstens een duidelike ge-

---

6. De Kat Angelino, A.D.A. *Staatkundig beleid en bestuurszorg in Nederlandsch-Indië*. Nÿhoff. 1931. Dl.1, p.86-88.

volgtrekking te maak: sulke situasies vernietig hulleself.[7] Òf die onderworpe (minderheid) word geassimileer deur die heer=sende (meerderheid); òf die onderworpe (meerderheid) vernietig dit deur die beskawingsprodukte van die heersende (minderheid) op hulle meester te rig[8] en die orde gewelddadig om te keer, waarna die eerste alternatief in werking tree; òf die heerser vernietig dit deur die horisontale gelaagdheid om te swaai na 'n vertikale akkommodasiepatroon, wat die skepping van afsonder=like state binne eie grondgebiede vir die voog sowel as bevoog=de(s) impliseér.

Binne elke sodanige situasie is daar noodwendig 'n beleid van toepassing en is daar 'n bepaalde akkommodasiepatroon in swang. Gegewe dat daar 'n groot kultuur- en beskawingsafstand tussen die heersende etnos en ondergeskikte etnieë bestaan, is getalle van wesentlike belang in die formulering van die beleid en bepa=ling van die akkomodasiepatroon. Afhangend van die getallever=houding is een van die volgende twee basiese patrone egter waar=skynlik:

(a) Indien die heersende etnos *inheems* is en *getalsterker* as die beheersde etnieë is, of 'n verlengstuk van 'n getalsterker etnos is waarop die plaaslike deel hom kan beroep vir besker=ming, word die kultuur aan die onderworpenes vrygestel. En=kulturasie van die heerserskultuur word aangemoedig en ook beloon met verhoogde status in die vorm van gelyke politieke

---

7. Emerson, R. *From Empire to Nation*. Beacon Press. Boston. 1960 (1967), p.7. Kortepeter, C.M. *Ottoman Imperialism during the Reformation*. Univ. of London Press. 1973, p.viii. Maritz, C.J. Voogbestuur en nasionale integrasie. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*, 24, 1 (1973).

8. In die vorm van idees, instrumente, instellings en metodes. (Vgl. Emerson, *op. cit.*, p.17-18).

regte. Die politieke beleid is dus een van assimilasie. 'n Beskawingstoets is normaalweg deel van so 'n stelsel en dit gaan uit van die veronderstelling dat die kultuur- en beska=wingsbesit van die heersende verband die besit van die be=heersde verbande gaan verdring en dus die basis vir nasie=vorming is.

(b) Indien die heersende etnos 'n klein *minderheid* vorm en son=der enige *betroubare* steunpunt van buite is, word allerlei meganismes daargestel om die eie identiteit te beskerm teen vernietiging deur die getalsterkere onderskikkende etnieë. Pogings van die beheersde om die beskermingsmuur te deur=breek en tot die geledere van die heerser deur te dring word dan afgeweer. Die beleid is dan een van differensiasie.

Teen die agtergrond van die bostaande opmerkings kan die pro=bleemarea (Suid-Afrika) en probleemaspek (volks- en nasievor=ming) nader onder die aandag kom met as fokuspunt die Tswana as bevoogde groep.

Vanweë Suid-Afrika se ligging as *cul de sac* vir suidwaartse be=volkingstrekke uit Afrika en as logiese steunpunt vir die Wes-Europese handel na die Ooste, moes dit dien as ontmoetingsveld vir verskeie etniese groepe met hulle onderskeie kulture, rasse- en religieuse verbande. Hierdie omstandighede het dan ook reeds gelei tot die ontstaan van verskeie nuwe etniese eenhede[9], 'n ras[10] en verskeie godsdiensvariasies.[11] Die geweldige kultuur-

---

9. Griekwas, Basters en die Afrikanervolk is enkele hiervan.

10. Die Kleurlinge met uitsondering van die Maleier-komponent.

11. Wat die Bantoe betref, vgl. B. Sundkler. *Bantu Prophets in South Africa*. O.U.P. 1948.

en beskawingsafstand wat die ontmoeting gekenmerk het, het wel=dra uitgeloop op 'n etniese akkommodasiepatroon wat imperiaal van karakter is. Hierdie patroon as spontane vrug van 'n sosia=le proses wat oor baie jare gestrek het, is egter *'n proses* in sigself: dit is voortdurend onderworpe aan die werking van so=siale kragte waarvan die omvang en diepte kwalik bepaal kan word. In die lig van die stelling dat sulke situasies hulleself ver=nietig, en wel op een van die drie genoemde wyses, is die toe=komstige bedeling vir Suid-Afrika dan ook met 'n redelike mate van akkuraatheid te voorspel: As die voog nie die gelaagdheid=situasie beëindig nie, gaan die bevoogde dit gewelddadig pro=beer beëindig. En dan ook nie, in die eerste plek omdat daar diskriminasie binne sulke situasies bestaan nie, maar omdat die situasie of proses bestaan uit en in 'n voortdurende stryd om magsbehoud enersyds en magsverkryging andersyds.

Dit is uit normatiewe sowel as praktiese oogpunt dus goed te verstaan dat die voog in Suid-Afrika besluit het om self die situasie van etniese bowe- en onderskikking om te swaai na ne=weskikking van volke binne afsonderlike state.[12] Daardeur wil die owerheid voldoen aan die eise van geregtigheid, gelykheid en selfbeskikking en terselfdertyd probeer verhoed dat daar in=dringing by en onderwerping van die voog deur die bevoogde groe=pe plaasvind. Verder wil daardeur verhoed word dat die numeries swakkere onderworpe eenhede by die verkryging van soewereiniteit, deur die numeries sterkere onderworpe groepe verswelg word. Al=tans dit is die beleidsoogmerk ten opsigte van die nasionali=teitsprobleem in Suid-Afrika waaroor 'n onbekende Britse geleer=de dié verrassende sin skryf: "Ironically enough, the purest so=lution to the nationalist problem, next to the forcible transfer

---

12. Die Kleurlinge en Indiërs val, wat ons studie betref, buite die veld van aandag.

of population, is to be found in something like the South Afri= can system of *apartheid*."[13]

Nader omlyn eis dié beleid dat daar vir elke bevoogde Bantoe-etniese groep 'n eie staat geskep word wat aan die eise van af= sonderlike volksbestaan kan beantwoord. Dit eis 'n grondgebied met bestaansmoontlikhede vir die burgers van elke staat. Dit eis die omvorming van die tradisionele poli-etniese bedeling (in politieke sin) binne elke "etniese groep" (in breër kulture= le sin) tot nasies. Dit impliseer die integrasie van stam met stam en tuislander met stedeling. Voorts eis dit dat daar ook voldoen word aan die talle voorwaardes om hierdie oogmerke te bereik.

Sou die oogmerk van volks- en nasievorming vir die onderskeie Bantoe-eenhede in Suid-Afrika nie bereik kan word nie, moet aan= vaar word dat inter-etniese druk verder sal toeneem; dat dit ewentueel sal uitloop op 'n wit-swart polarisering met die ge= volge van toenemende sosiale afstand, 'n afname in kommunikasie en 'n aggressiewe verwerping of stilmaak van diegene binne beide groepe (heerser en beheersdes) wat nie tot die totaalbeeld kon= formeer nie. En as so 'n doof-stom-situasie bereik is, is ge= weld wat spruit uit steeds intensiewer pogings deur die onder= worpenes om die orde om te keer onafwendbaar. Die kruks van die saak is dus die opwekking van omvattende middelpuntsoekende be= wegings binne elk van die bevoogde eenhede. Indien geslaagd, spel dit 'n spontane politieke ontstrengeling; indien nie, be= teken dit voortgaande *substantiewe* "integrasie" nieteenstaande formele politieke ontstrengeling.

---

13. Minogue, K.R. *Nationalism*. Methuen. London. 1967, p.130.

Op die vraag oor die mate waartoe voogbestuur in Suid-Afrika reeds die voorwaardes geskep en aanleiding gegee het tot die ontstaan van 'n middelpuntsoekende beweging by die Tswana, wil ons 'n antwoord probeer vind. Dus gaan dit om die voorwaardes vir en die proses van volks- en nasievorming by die Tswana. Ons motivering om die vraagstuk te probeer aandurf is nie altruïsties nie. Veel eerder sluit dit aan by die gedagtegang van Hsu, nl.: "I have written it (*Americans and Chinese*, 'n vergelykende studie oor nasionale karakter) ... in the interest of self-preservation ... The time for reflection is short, the situation is urgent."[14]

Die vraag of hierdie Swart state-in-wording eventueel gaan integreer met die Blanke staat, val buite die probleem waaraan ons wil aandag gee. Al sou die assumptiewe antwoord hierop "ja" of "nee" wees, verander dit nog niks aan die eis van nasievorming vir die onderskeie groepe nie. Trouens, na ons mening is afsonderlike nasieskappe ook 'n voorvereiste vir eventuele breëre integrasie - indien dié proses met 'n minimum van geweld moet verloop.[15]

## 2. Die terrein van ondersoek

Volke is organiese groothede wat vir hulle ontstaan en voortbestaan 'n groot aantal voorvereistes stel waarop hieronder ingegaan word. Een van die kenmerke van 'n volk is daarin geleë dat hy doelbewus daarna strewe om ook 'n nasie te wees, m.a.w.

---

14. Aangehaal deur Hoebel, E.A. Anthropological Perspectives on National Character. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*. Vol.370, March 1967, p.3.

15. Maritz, *op. cit.*, (1973).

om die grense van volk en staat te laat saamval. Die kontem=porêre patroon dui, wat die Derde Wêreld betref, egter daarop dat die proses omgekeer word en dat dit die nasie is wat die volk moet skep i.p.v. dat die volk sigself omvorm tot nasie.[16] Hiermee word die rol van voogbestuur dik onderstreep, want in 'n imperiale of koloniale situasie is dit die taak van die voog om, deur staatskepping vir die bevoogde(s), die motoriese om=standigheid vir nasievorming daar te stel. Die voog moet dus allereers die grense bepaal waarbinne die psigologiese ver=groeiingsproses[17] (volkswording) kan plaasvind. Dus moet die rol van voogbestuur as nasievormende (en dus ook volksvormen=de) faktor hoog aangeslaan word. Dié stelsel (voogbestuur) is omvattend en bestryk haas elke lewensterrein binne die bevoogde gemeenskap(pe). Dit is medebepalend in die geskiedenis. Dit bepaal die geo-politieke grense van die nuwe staat en voorsien daarmee 'n grondgebied wat moet word tot vaderland. Dit be=paal, deur ontwikkeling en ontginning, grootliks die aard en omvang van die ekonomiese geleenthede (bestaansmoontlikhede) waaróm 'n nasie bestaan en waarsonder dit nie kan bestaan nie. Dit stel moderne kommunikasiekanale en -tegnieke daar en be=sluit oor die inhoud van die sosialiseringsprogram wat vir mas=sakonsumpsie aangebied word. Dit beïnvloed en vervorm die taal en kultuur (wat wesenskenmerke van 'n etnos is) en bepaal ook die aard van die beheerstrukture waarmee die nuwe nasie-in-wording "te water" gelaat word.

---

16. "Volk" word hier gebruik ter verwysing na etniese groep.

17. S.M. Shirokogoroff (*Psychomental Complex of the Tungus*. Kegan Paul. London. 1935, voetnoot p.18) beskryf die proses van etnos as grootliks psigologies van aard.

Hieruit is dit reeds duidelik dat wie hom wil waag aan 'n studie van volks- en nasievorming, sal moet uitstyg bo die mure van 'n enkele dissipline en die onderwerp pan-dissiplinêr sal moet probeer benader en gebruik sal moet maak van veral die Volkekunde, Sosiologie en die Politieke Wetenskappe ten einde die situasie in totaliteit te probeer sien.[18]

Die veld van ondersoek sluit dus historiese, psigiese, geografiese, etnologiese, politiese, ekonomiese en administratiewe aspekte in wat behulpsaam moet wees in die beantwoording van een kardinale vraag, naamlik: *Slaag die voogbestuurstelsel daarin om deur omgewings- en omstandigheidsverandering die tradisionele poli-sentriese bedeling te omvorm tot 'n enkele nasionale bedeling met sentripetale krag?* Slegs as die sentripetale kragte die sentrifugale kragte in die situasie oorskry, sal dit so wees.[19] Met die oog op 'n beantwoording van dié vraag, word vereis dat aandag gegee word aan die wesenskenmerke van 'n volk en die prosesse wat volksvormend van aard is; die wesenskenmerke van 'n nasie en die prosesse wat nasievormend werksaam is; die etno-historie en aspekte van die sosio-politieke bedeling binne die Tswana; die vestiging van gesag oor die Tswana en die aard van voogbestuur; die formule vir nasievorming soos dit oor die gang van jare ontplooi het binne die

---

18. Vgl. i.d.v. Eisenstadt, S.N. Social Change and Modernization in African Societies South of the Sahara. *In:* Middleton, J. (Ed.). *Black Africa: Its Peoples and their Cultures Today.* Macmillan. London. 1970, p.345. Balandier, G. The Colonial Situation: A Theoretical Approach. *In:* Wallerstein, I. (Ed.). *Social Change: The Colonial Situation.* Wiley. 1966. Riggs, F.W. *Administration in Developing Countries: The Theory of Prismatic Society.* Houghton Mifflin Co. Boston. 1964, p. 50 *et seq.*

19. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.14.

stelsel van voogbestuur, en die toepassing van hierdie for= mule (as politieke aanbod) op die Tswana. Die reaksie van die Tswana op hierdie aanbod van die voog beantwoord dan die kern= vraag - of behoort dit te beantwoord. En in die lig van hierdie antwoord kan die formule geëvalueer word. Hierdie genoemde as= pekte word dan ook hoofstuksgewys hieronder aangebied.

Alhoewel dit die oorspronklike oogmerk was om Botswana hierby in te sluit ten einde te probeer vasstel welke formule (Brits of Suid-Afrikaans) die doeltreffendste was sover dit volks- en nasievorming betref, is daar om twee redes van dié plan afge= sien. Eerstens omdat dit heel gou duidelik geword het dat die veld of terrein dan so wyd sou wees dat daar kwalik tot enige diepte gekom sou kan word. Tweedens het Botswana sedert 1966 as onafhanklike staat bestaan en sou dit onmoontlik wees om houdings en waardes wat in die sewentigerjare heers enigsins akkuraat te herlei na die Britse bestuurstelsel. Om hierdie redes is die studie slegs tot Bophuthatswana beperk en het Bo= tswana alleen 'n verwysingspunt geword in die poging om te be= paal tot welke mate die politieke verdeling van die Tswana in twee state reeds 'n psigologiese dimensie verkry het.

Daar mag nou geredeneer word dat die uitsluiting van Botswana onwys is en die resultaat moet prejudiseer; dat Botswana en Bophuthatswana ewentueel een staat kan uitmaak en dat 'n beves= tiging of bewys van die teendeel daarvan alleen gelewer kan word deur ook Botswana onder die loepe te neem. Die aard van die onderwerp sluit egter die noodsaaklikheid uit om beide een= hede in te sluit. Dit gaan hier om die *invloed van voogbestuur*, d.w.s. die mate waartoe 'n besondere voog 'n besondere gemeen= skap kan omvorm tot 'n nasie. Indien 'n positiewe antwoord ten opsigte van Bophuthatswana verkry sou word, kan 'n positiewe

antwoord ten opsigte van Botswana ook aanvaar word, omdat 'n na-binne-gerigtheid in Bophuthatswana noodwendig impliseer dat die rug gedraai is op Botswana. En alhoewel so 'n resultaat niks sou voorspel vir die toekomstige verhouding van Botswana en Bophuthatswana nie (afsonderlike voortbestaan of eenwording), sou dit toon dat voogbestuur wel nasies kan vorm.

Tot ons spyt kon ons geen uitdruklike aandag gee aan die Tswana op Blanke plase nie. Hierdie groep is onderworpe aan verskeie sosiale kragte wat ontstammend inwerk. Tog meen ons dat die prikkels waaraan hulle onderworpe is minder intens is as dié waaraan die Tswana in Blanke stedelike gebiede blootgestel is. Dus beweeg die Tswana op Blanke plase iewers op die skaal van vergroeiing en wel tussen die stamburger op die een punt en die stedeling op die ander punt. Gevolglik behoort die nasievormingsaanbod, indien dit in staat is om die stamburger en stedeling in te suig in die nasievormingsproses, ook genoegsame krag op die Tswana wat hulle op die Blanke platteland bevind, uit te oefen.

'n Probleem ten opsigte van die veld van ondersoek, soos reeds aangedui, het weldra op die voorgrond getree, nl. waar val die fokus binne dié veld . Omdat nasievorming wesentlik gaan om 'n vernouing en uiteindelike oorspanning van die diskontinuïteite binne die gegewe gemeenskap, het dit mettertyd duidelik geword dat 'n vierledige fokus vereis word. Dit is (a) die graad van onderlinge binding tussen stam en stam in Bophuthatswana en tendense in dié verband; (b) die graad van binding tussen die stam en sy (voormalige?) burgers wat hulle in Blanke stedelike gebiede bevind en tendense in dié verband; (c) die graad van binding tussen die Bophuthatswana-owerheid en die Tswana buite sy grense en die tendense in dié verband, en (d) die graad van

binding tussen die Tswana en ander Bantoe-etniese groepe in Suid-Afrika, insluitend Botswana, en die tendense in dié ver= band. Indien die tendens by (a) positief (integrerend) is, kan dit by (b) egter nog negatief wees (disintegrerend), maar as die tendens by (b) negatief is, kan dit wel positief wees by (c); en as dit positief is by (c), moet dit negatief wees by (d) en omgekeerd.

3. Die metode van ondersoek

Met die oog op verkryging van die stof wat hier gebruik kon word, is eerstens gebruik gemaak van die gepubliseerde bronne wat ter hand geneem kon word. Verder is ongepubliseerde bronne in die Transvaalse Argief te Pretoria in 1968 en Kaapse Argief in 1969 geraadpleeg ten einde groter duidelikheid te probeer kry oor die aard van voogbestuur deur onderskeidelik die Transvaalse en Kaapse owerhede - lg. spesifiek ten opsigte van Brits-Be= tsjoeanaland. Die relatiewe gewig van dié aspek, gepaard met die probleme van tyd en koste, het verhoed dat die bronne in die museum te Kimberley geraadpleeg kon word. Verder is toe= stemming verkry om lêers van die Departement van Bantoe-admini= strasie en -ontwikkeling te raadpleeg. Hier is heelwat stof verkry, terwyl ook amptenare van die Bophuthatswana-owerheid gegewens verstrek het. Dié punte is verskeie kere in die perio= de 1969-1974 besoek. Die S.A.U.K., BENBO en die Departement van Bantoe-onderwys was ook behulpsaam in die verkryging van mate= riaal wat hier gebruik kon word.

In 'n studie van hierdie aard neem meting noodwendig 'n belang= rike plek in. In dié verband kon nuttig gebruik gemaak word van

die gedagtegange en tegnieke van veral Deutsch,[20] Cutright,[21] Weinstein,[22] Bertsch[23] en die Wilsons,[24] alhoewel nie een van hulle tegnieke en metodes volledig aangewend is nie.

In die ontwerp van 'n metingsmetode is die faktore wat as na= sievormend van aard geïdentifiseer is, as uitgangspunt geneem en peilingsvrae rondom hierdie faktore opgestel ten einde ten= dense te bepaal. Dus is gepoog om hierdie faktore *in proses* te toets, met ander woorde die respondent se intensie ten opsigte van en graad van deelname aan elk van die nasievormende faktore probeer bepaal. In die verband is voorsiening gemaak vir posi= tief, neutraal en negatief. Hierdie response het ons probeer interpreteer teen die agtergrond van die situasie waarin die respondent homself bevind. Tendense wat hieruit na vore gekom het, is dan in onderhoude met geselekteerdes bespreek waartydens dit verder geverifieer kon word. Die grondvraag in die verband was die graad van mobilisasie uit die stamverband en graad van gemobiliseerdheid in die nasionale (Tswana-) verband met enkele vrae gekonsentreer op die transnasionale verband.

---

20. Deutsch, K.W. Social Mobilization and Political Develop= ment. *Am. Pol. Sc. Review.* Sept., 1961.

21. Cutright, P. National Political Development: Measurement and Analysis. *Am. Soc. Review,* 28, 2 (1963).

22. Weinstein, B. *Nation-building on the Ogooué.* Mass. Inst. of Techn. 1966.

23. Bertsch, G.K. *Nation-building in Yugoslavia: A Study of Political Integration and Attitudal Concensus.* SAGE Public= ations. London. 1971.

24. Wilson, G. & M. *The Analysis of Social Change.* Cambridge. 1945.

Die veldwerk is in drie fases gedoen. Tydens die eerste fase (Januarie 1972) is die veld (stedelik en landelik) oorsigtelik deurgegaan met die oog op seleksie en kontak. Gedurende die tweede fase (Desember 1972 - Februarie 1973) is die gebiede weer besoek, 'n finale seleksie gemaak en is die vraelyste ver= sprei. In die derde fase (Januarie - Februarie, April, Junie - Julie en November 1974) is verdere vraelyste versprei en onder= houde gevoer.

Wie die paadjie reeds bewandel het, weet hoe belangrik voortge= sette kontak met sy bronne vir die navorser is. In die verband kan vermeld word dat skrywer, uit hoofde van veldwerk wat ge= doen is vir 'n vorige studie,[25] heelwat kontakte gehad het onder amptenare, stamhoofde en Tswana in Blanke stedelike gebiede wat as wegspringpunt gebruik kon word. Vanuit hierdie kern is breër gewerk en is Tswanaleiersfigure geïdentifiseer en betrek. Binne elke gebied waar vraelyste versprei en onderhoude gevoer is, is die feit van historiese gewig[26] voor oë gehou. Die metode was dus eerder antropologies as sosiologies[27] en daar is ook eerder vertrou op persoonlike beoordeling en persoonlike georiënteerd= heid as op slegs en uitsluitlik die statistiek wat uit die vrae= lyste verkry is.

Soos hierbo vermeld, is die vraelyste wat gebruik is, opgestel na aanleiding van die insig wat uit die literatuur verkry kon word, gepaard met reeds beskikbare kennis oor die Tswana. Na=

---

25. Maritz, C.J. Bestuursontwikkeling van die Tswana-stamme= groep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O. 1965.

26. Mühlmann, W.E. *Methodik der Völkerkunde*. Stuttgart. 1938, p.121 *et seq*.

27. Vgl. Hoebel, *op. cit.*, p.4-5.

dat dit opgestel is, is die verstaanbaarheid daarvan getoets deur enkeles te versprei in Ikageng, Potchefstroom. Die reaksie was gunstig. Omdat vrae van 'n sensitiewe aard daarin vervat is, is nie voorsiening gemaak vir die naam van die respondent nie. Kodes is ontwerp om antwoordlyste te kon identifiseer ten opsigte van lokaliteit en kategorie (klerk, onderwyser, handelaar). Die kodes is aangebring onmiddellik voor verspreiding.

Tswana-informante is in drie kategorieë ingedeel, nl. Tswanaleiersfigure in stedelike Bantoewoonbuurte in Blanke stedelike gebiede; tuislandse stamowerhede en die meer sosiaal-gemobiliseerdes in die tuisland, bestaande uit onderwysers, klerke, handelaars, ens. Geen uitdruklike aandag is aan die stamburger (gewone stamlid) gegee nie, omdat hy waarskynlik òf die leiding van die stamowerheid, die sosiaal-gemobiliseerde tuislander, òf die stedelike elite aanvaar.

Omdat die area waar Tswana voorkom so uitgestrek is, is drie stedelike woonareas in die Blanke gebied en drie stamgebiede geselekteer. As stedelike gebiede is geneem Sharpeville, Soweto en Mamelodi. As stamgebiede is geneem dié van die Kgatla ba ga Kgafêla (Mankwe), Hurutshe boo Manyane (Lehurutshe) en Barôlông bo Rratshidi (Molopo), terwyl navraag ook gedoen is by die Batlharo ba ga Masibi as 'n grensstam. Dié stamgebiede is bewustelik so gekies om stamme uit verskillende groepe (Kgatla, Hurutshe, Rôlông) te betrek en om die kragpunte van beide (party) politieke groeperings binne Bophuthatswana in die veld te kry. Die drie stedelike gebiede is onwillekeurig bepaal nadat die P.W.V.-gebied, wat as smeltkroes vir etniese groepe beskou word, in drie sones verdeel is, nl. wes, sentraal en oos.

Dit is vooraf besef dat die seleksie van respondente van groot belang is en finaliter ook die resultate sal bepaal. Omdat

daar op drie stamgebiede gekonsentreer is en daar binne dié gebiede relatief min bekleërs van geskoolde beroepe is, is vraelyste aan onderwysers, klerke en handelaars besorg. In die drie aangeduide stedelike Bantoewoonbuurtes was die seleksie veel moeiliker, omdat diegene met die meeste historiese gewig betrek wou word, en ons nie bloot 'n monster wou trek nie. Die soeke na die leidende figure onder die Tswana in 'n gebied soos Soweto is verder bemoeilik deur dié opmerking van 'n senior amptenaar van die destydse Johannesburgse Nie-blankesakedepartement: "Jy moet nie na die *werklike* leiers op die stedelike Bantoeraad gaan soek nie; hulle sit nie dáár nie. Dié wat dáár sit, is die raseriges en hulle het nie veel invloed nie." Onder die omstandighede is soos volg te werk gegaan om respondente te selekteer: Eerstens is 'n naamlys van Tswanaleiersfigure binne die betrokke gebied opgestel in samewerking met die plaaslike Superintendent, (in die geval van Soweto, die Senior Superintendent, Mofolo). Hierna is die lys bespreek met lede van die plaaslike Tswanakomitee/woonbuurtraad waartydens verdere name bygevoeg is. Vervolgens is geskakel met "verligte" Tswana wat normaalweg lede is van die stedelike Bantoeraad, of met die Sekretaris van die Raad, met die oog op die verkryging van verdere name van leiersfigure. Hierna is die naamlys as verteenwoordigend beskou en is gereël vir die afgee van vraelyste aan die aangeduide persone. Ten einde 'n idee te gee van die beroepsagtergronde van die persone wat in Soweto betrek is (en waar 70 persent vraelyste terugontvang is), die volgende:

| | |
|---|---|
| Handelaar/Sakeman .................... | 10 |
| Skakelbeampte ......................... | 1 |
| Tekenaar ............................... | 1 |
| Drukker ................................ | 1 |
| Klerk/Sekretaris ...................... | 5 |

| | |
|---|---|
| Onderwyser ........................ | 5 |
| Skoolhoof ......................... | 6 |
| Predikant ......................... | 4 |
| Verkeersinspekteur ................ | 1 |
| Welsynswerker ..................... | 2 |
| Arbeider .......................... | 1 |
| Matrone ........................... | 1 |
| Verpleegster ...................... | 1 |

Laastens is dit te meld dat waar die vraelyste (Bylaes A en B, onderskeidelik, vir die Blankegebied en tuisland) deur die geskooldes in die tuisland en stedelike gebiede self voltooi is, het skrywer vraelys B, soos aangepas by die plaaslike omstandighede, met elk van die drie stamowerhede deurgegaan. Indien dit geblyk het dat 'n vraag verkeerd verstaan is, is dit anders geformuleer. 'n Bandopnemer is tydens die onderhoude gebruik. Ook tydens onderhoude met die ander kategorieë is 'n bandopnemer gebruik tensy respondente aangedui het dat hulle verkies dat die onderhoud nie opgeneem word nie.

Die verspreiding van die vraelyste was soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sharpeville ........ | 20 | Saulspoort .......... | 20 |
| Soweto ............. | 40 | Motswedi ............ | 20 |
| Mamelodi ........... | 20 | Mahikeng ............ | 20 |
| | 80 | | 60 |

Van die 140 vraelyste wat versprei is, is slegs 54 terugontvang. Hiervan was 28 uit die aangeduide stedelike Bantoewoonbuurte afkomstig en 26 uit die drie stamgebiede. Drie vraelyste is deur skrywer voltooi tydens die onderhoude wat met die raadsmanne van die drie stamme gevoer is. In totaal is daar dus 57 vraelyste ontvang. Hiervan was 2 in geheel onvoltooid, terwyl ses ander slegs gedeeltelik voltooi was.

18.

## 4. Enkele probleme

Gaandeweg het verskeie probleme op die voorgrond getree. Soos uit die titel blyk, staan volk en nasie sentraal in die studie. Gou het dit duidelik geword dat hierdie terme vir verskillende skrywers verskillende ladings dra. En as daar ook in die Afrikaanse literatuur geen eenstemmigheid is nie,[28] word dit inderdaad 'n babelse verwarring as die Anglo-Amerikaanse bygereken word. Wat vir die een "'n volk" is, is vir die ander "'n nasie", vir 'n volgende "a people" en vir 'n vierde "a nation". En dan ontdek die ondersoeker tot sy ontsteltenis dat "'n nasie" en "a nation" dikwels nie dieselfde fenomeen aandui nie. Net so problematies is nasionalisme. Vir sommige is dit 'n emosie eie aan 'n volk; 'n ander sien dit as die emosionele krag van 'n nasie, terwyl 'n derde enige anti-gevoel onder die term inbondel. Dié vlag word dan gebruik om die lading van enige emosie *pro* die kultuureie, *pro* die staatsgebied, *pro* die kontinent waarbinne die staatsgebied geleë is, *pro* die ras, *anti* enige imperialisme en kolonialisme, sowel as enige eenheidstrewe teen 'n gemeenskaplike vyand te dek. Inderdaad is die navorser dan dankbaar dat daar wel eenstemmigheid is oor die feit dat nasionalisme 'n emosie is. Maar hoe word uit die labirint gekom? Deur gebruik te maak van die terme etnos, etniese groep en deur vooraf aan te dui wat onder die verskillende begrippe verstaan word, is probeer om die skep van verdere verwarring te voorkom.

Tweedens is probleme ondervind met Anglo-Amerikaanse terminologie waarvoor geen geykte Afrikaanse terme bestaan nie. Hieron=

---

28. Vgl. Hoofstuk II.

der ressorteer terme soos "diffraction", "aggregation", "clects", ens. Hier is gebruik gemaak van direkte vertalings, nl. diffraksie, aggregasie en klektes, respektiewelik. In aansluiting hierby het ook die Setswana-terminologie probleme gelewer. Omdat 'n *motse* nie 'n dorp is nie, 'n *kgôrô* nie 'n klan of 'n sibbe is nie en 'n *rrangwane* nie ongekwalifiseerd 'n oom is nie, is oorwegend by die Setswana-terminologie gehou. Maar hoe nou gemaak met stam en nasie? Voorlopige navraag het heengewys na *morafe* en *setshaba* onderskeidelik. Later sou dit egter blyk dat sommige informante die begrippe plaasvervangend gebruik en ook iets anders onder *setshaba* verstaan as wat die Afrikaanse term *nasie* aandui. Die rede hiervoor is eenvoudig daarin geleë dat die Tswana nooit 'n nasie (volgens Afrikaanse konsep) was nie en daarom geen term daarvoor het nie. Om die probleem te probeer verlig is *setshaba* in die vraelyste gekoppel aan die Engelse term *nation*.

Derdens was daar ook sekere "historiese" terme en begrippe waarmee rekening gehou moes word. So het "Naturel" "Bantoe" geword en is "morg" deur metrisering vervang deur "hektaar". Hier is probeer om by die historiese verband te bly, behalwe in geval van terugverwysing vanuit die huidige perspektief. Waar die bronne dus praat van "morge" of "naturelle" is dit so gehou.

Vierdens: Terwyl dié Tswana-informante met wie skrywer bekend was, bereid was om ernstige en eerlike gesprekke te voer en vrae reguit te beantwoord was verskeie informante ontwykend en ooglopend bang om oor "politiek" te praat. Dit het egter getref dat die Tswana-informante in stedelike gebiede meer responsief was as dié in die tuisland. By navraag waarom so baie persone nie die vraelyste teruggestuur het nie of onvoltooid terugbe-

sorg het, het 'n lid van 'n Tswanaraad meegedeel: *"Ba tshaba gore ba tla ipofa"* ("Hulle is bang hulle sal hulleself vasmaak"). Waar die hoofprobleem in stedelike gebiede in die reël van 'n onderhoud bestaan het - slegs enkeles is gedurende kantoorure gespreek - is in die tuisland verskillende ontwykingstegnieke ervaar. Onderwysers het meegedeel dat hulle nie toegelaat is "om aan politiek deel te neem nie". Ons verduidelikings was tevergeefs en dit was eers nadat 'n voorstellingsbrief van die Sekretaris van Onderwys van Bophuthatswana getoon is, dat die houding enigsins verander het. (Die rede vir dié sensitiwiteit sou skrywer eers later verstaan.) Stamowerhede het na een van die volgende tegnieke geneig, nl.:

(a) 'n Onderhoud is gereël. Oënskynlik omdat die raadsmanne nie weet wat alles gevra gaan word nie, word ter aanvang beduie dat nòg Afrikaans nòg Engels "mooi" verstaan word en dat dit goed sal wees as die vrae in Setswana gestel word - stellig met die hoop dat die onderhoud daarmee beëindig sou wees, want ná die onderhoud het dit dan geblyk dat Engels en/of Afrikaans wel verstaan word.

(b) Wanneer die onderhoud gereël word, word verneem waaroor die vrae dan gaan. As die tyd waarvoor die onderhoud gereël is, aanbreek, dan is daar niemand nie, of die "regte" mense moes "dringend" iewers heen in belang van die stam.

Met die ophaal van vraelyste is vyfdens ewe-eens ernstige probleme ondervind, behalwe in een stedelike gebied waar sowat 70 persent terugontvang is. In dié gebied het die Blanke Superintendent groot belangstelling in die projek getoon en was dan ook die dryfkrag agter die Bantoepersoon wat die vraelyste moes ophaal. In twee ander stedelike gebiede het die druk van die Superintendent op die persoon wat dit sou ophaal, weinig effek

gehad. In die tuisland was die reaksie so teleurstellend dat vraelyste tweekeer op twee van die drie punte versprei moes word. Te oordeel aan die persone wat die vraelyste sou ophaal, moes tientalle daarvan "in die pos weggeraak het".

Sesdens moet vermeld word dat die studie beplan is om te strek tot en met 1973. Die insameling van materiaal is dan ook dienooreenkomstig gerig. Met die skryf - wat hoofsaaklik nà 1973 plaasgevind het - was dit egter duidelik dat sekere fasette van die onderwerp gedurende en direk nà 1973 so vinnig verander het dat dit as wenslik beskou is om soms die tydslyn oor te steek ten einde enkele na-1973se verwikkelinge aan te toon. In ander opsigte weer moes genoeë geneem word met gegewens van 1972, omdat dié van 1973 nog nie beskikbaar was nie.

'n Studie van hierdie aard lewer ook dié probleem dat die navorser feitlik vasgedruk word tussen die eise van wetenskaplike metode aan die een kant en navorsingsetiek aan die ander kant. In 'n wetenskaplike werk behoort die bronne akkuraat en duidelik aangetoon te word. In 'n werk soos hierdie kon dit egter nie altyd gedoen word nie omdat dit verleentheid vir sekere informante kan veroorsaak. Daarom sal die leser merk dat sommige bronne nader geïdentifiseer is en andere nie. Met gepubliseerde bronne is dit natuurlik 'n heel ander saak.

Laastens is daar die probleem van tyd. Tyd bly die grootste vyand van die navorser. Die onderwerp wat hier aangedurf word, lê baie wyd en wie dit "behoorlik" (in wydte én diepte) wil navors, moet sy lewe daaraan wy. Daarom is die veld dan ook met dié besef betree: Die balans moet gevind word tussen tyd en kwaliteit. En verder: hierdie is slegs 'n *proef*skrif en is nie veronderstel om 'n *finale* en *afdoende* antwoord wat immergeldend behoort te wees oor die empiriese situasie te verstrek nie.

# HOOFSTUK II

# VOLKSWORDING

## 1. Inleidend

Wie hom dit ten doel stel om die wording van volke te ondersoek en die faktore en prosesse wat daartoe aanleiding gee te identifiseer en van nader te beskou, moet allereers die vraag oor wat 'n volk is probeer uitmaak; wat is sy kenmerke en hoedanig verskil dit van 'n ras, 'n stam en stamtipes, 'n nasie, 'n *narodnost*, 'n staat en die koepelbegrip van etnos? Die literatuur oor die onderwerp lê wyd en diep en getuig van talle pogings om groter duidelikheid te kry oor hierdie tog so natuurlike maar tog so uiters komplekse fenomeen. Die ondersoeker loop hom dan ook weldra vas in 'n doolhof wat deels te wyte is aan die losse gebruik en verskil in lading van terminologie wat aangewend word en, samehangend daarmee, deels toegeskryf word aan verskillende benaderings wat die vrug is van 'n verskil in filosofie omtrent die aard van die gemeenskap en gebaseer is op verskillende stelle houdings en waardes.[1]

Afgesien hiervan, getuig die literatuur ook baie duidelik van 'n intellektuele onvermoë om die verskynsel van volkwees uiteen te sny in logiese en hanteerbare vierkante. So bv. konkludeer Kohn, wat sy lewe gewy het aan die studie van volke en nasionalisme, met 'n grondtoon van ontsteltenis: "Nationalities are groups ... of the utmost complexity. They defy exact definition."[2] Emerson se erkenning is gelykluidend, nl.: "... there

---

1. Francis, E.K. The nature of the ethnic group. *The American Journal of Sociology*. March, 1947, p. 393.

2. Kohn, H. *The idea of Nationalism*. Macmillan. 1948, p.13.

is no real agreement as to what a nation is. No one has succeeded in devising a definition which is watertight,"[3] soos dié van Deutsch: "All these notions involve difficulties. Some of the most frequently cited objective characteristics of a people do not seem to be essential to its unity"[4] en dié van Shirokogoroff: "... up to the present time ... nobody could give a clear definition of what nation actually is."[5] Stalin[6] en Pothekin[7] verwys pertinent na die rol van ekonomiese faktore in die wording van volke, maar Emerson merk sonder huiwering op dat wat volke ookal mag wees, "... they are not inherently consolidated economic entities, nor the resultant of economic processes."[8] Hierdie menings bevestig wesentlik die waarheid van Mühlmann se stelling: "Die Zeit für eine 'Theorie vom Ethnos' ist noch nicht gekommen."[9]

In die lig van die feit dat wetenskap 'n vorm van geïnstitusionaliseerde samewerking is, dat teoretiese strukture getuig van

---

3. *Op. cit.*, p. 90.

4. Deutsch, K.W. *Nationalism and Social Communication.* Wiley. New York. 1953, p.4.

5. *Op. cit.*, p.12.

6. Vgl. Deutsch, *op. cit.* (1953), p.8.

7. Pothekin, I. The formation of nations in Africa. *In:* Wallerstein, I. *Social Change: The Colonial Situation.* Wiley. 1966, p.560.

8. Emerson, *op. cit.*, p.170.

9. Mühlmann, W.E. *Rassen, Ethnien, Kulturen.* Berlin. 1964, p.163.

die werk van baie hande en stadig vorm aanneem,[10] behoort die navorser nie afgeskrik te word deur die klaarblyklike onvermoë om die verskynsel volk te definieer nie; trouens, dit behoort te inspireer om steeds verder te orden aan die relevante begrippe en opnuut na die boustene van volkwees ondersoek in te stel. Want ten spyte van die feit dat niemand nog die finale woord daaroor kon spreek nie, is daar reeds belangrike verfyning gedoen aan die gedagtes wat aanvanklik oor dié verskynsel gestel is deur bv. Burke, Herder, John Stuart Mill, Fichte en Renan - om enkeles te noem. Met verloop van tyd het die literatuur aangegroei en is die veld verryk deurdat daar vanuit 'n verskeidenheid sosiale wetenskappe aandag aan volk, nasie, etniese groep en nasionalisme gegee is. En die motivering vir die toenemende aandag was nie slegs akademies van oorsprong nie. Meer kennis oor die aard, wese en wording van volke en nasies het in die huidige tydvak ook 'n praktiese noodsaak geword ten einde koers en rigting te kan gee aan die talle nuwe state wat na vore gekom het as gevolg van die onttrekking van koloniale gesag uit Afrika, Asië en Latyns-Amerika - state wat almal daarna streef om hulle intern-gefragmenteerde bevolkings te vervorm tot stabiele mensegemeenskappe, d.w.s. nasies en volke. Sonder kennis oor die voorvereistes vir en die wese van die proses van volkswording bly hierdie ideaal van 'n volkstaat haas onbereikbaar ver; erger nog, bestaan daar vir minstens een waarnemer die gevaar "... that many of the newly independent states may either dissolve into seperate cultural sections, or maintain their identity, but only under conditions of domination and subordi-

10. Smith, M.G. Some developments in the analytic framework of Pluralism. *In:* Kuper & Smith, *op. cit.*, p.415.

nation in the relationship between groups",[11a] terwyl 'n ander, op sterkte van die Europese ervaring, dit stel dat die vorming van 'n volkstaat 'n stadige en komplekse proses is en dat "... most of the political entities created in the past fifty years are never going to complete this process".[11b] Hierdie stelling sou ons wou onderstreep - indien dié state volgens demokratiese beginsels regeer moet word.

Indien die burgers van die state nie gemotiveer kan word tot lojaliteitsverskuiwing vanaf sekere primordiale verbande na 'n omspannende nasionale verband nie,[12] bly dominasie, spanning, konflik en pogings tot sesessie deel van die politieke lewe van dié state. En te oordeel aan die resente gebeure in Nigerië, Uganda, Burundi en die Soedan, spel dit bloedvergieting en ellende vir die bevolkings van die state. Dit is veral in die lig van dié empiriese behoefte dus goed te verstaan dat "nation-building" met sy dimensies van nasionale integrasie en politieke ontwikkeling/modernisering as voorvereistes vir volkswording, geweldige aksent in die huidige era van "volk"-lose state en staatlose "volke" verkry het. Ook vir die uitvoering van die Suid-Afrikaanse "volkere"beleid het kennis uit hierdie area baie belangrik geword. Slegs deur sterker middelpuntsoekende as middelpuntvliedende kragte te bewerkstellig en anomie

---

11a. Kuper, L. Plural Societies: Perspectives and Problems. *In:* Kuper en Smith, *op. cit.*, p.14. Vgl. ook Emerson, *op. cit.*, p.329.

11b. Strayer, J.R. The historical Experience of Nation Building in Europe. *In:* Deutsch, K. & W.J. Foltz. *Nation=building*. Atherton Press. New York. 1966 (1969), p.25.

12. Geertz, C. The integrative revolution. *In:* Geertz, C. (Ed.). *Old Societies and New States*. The Free Press. 1963, p.109 *et seq.* Strayer, J.R. *Op. cit.*, p.25.

te bekamp kan volke uit die huidige pre-volke "gevorm" word - met die belangrike newe-effek van organiese ontstrengeling van die huidige bevolkingsituasie in Suid-Afrika.

Ten einde enigsins nader aan die begrip "volk" en volkswording te kom (nasievorming word hieronder behandel)[13] is daar eerstens egter enkele begrippe wat in verband daarmee staan wat omlyn moet word. Verder is ook enkele verbande tussen die begrippe aan te toon. En dan meen ons ook dat groter duidelikheid ver=kry sal word indien ter aanvang eliminerend te werk gegaan word, m.a.w. om eers aan te dui wat 'n volk nie is nie, voordat gepoog word om aan te dui wat 'n volk wel is. In die elimineringspro=ses word die verband tussen volk en nasie laaste aan die orde gestel, omdat 'n ruimer bespreking daarvan ook van belang is vir die volgende hoofstuk.

## 2. Wat 'n volk nie is nie

Om met die duidelikste onderskeiding eerste te begin: 'n *Volk* is nie sinoniem met 'n *ras* nie - al gebruik die Anglosaksiese en Romaanse tale dikwels die term ras om ook volk aan te dui.[14] Die term ras is volgens Hertz[15] dan ook 'n natuurwetenskaplike term, terwyl volk 'n sosiaal-wetenskaplike begrip is. In an=tropologiese sin verwys die begrip ras na 'n mensegemeenskap met gemeenskaplike fisiese trekke en word rasse-indelings dan ook gemaak op grond van fisiese voorkoms. Gevolglik is 'n ras

---

13. Hoofstuk III.

14. Coertze, P.J. Rassekunde. *In:* Coertze, P.J. (Red.). *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*. Voortrekkerpers. Johannesburg. 1960, p.15.

15. Hertz, F. *Nationality in History and Politics*. Kegan Paul. London. 1944, p.14.

'n biologiese eenheid wat nie kan verander sonder om 'n ander ras te word nie. Hierteenoor is 'n volk 'n kulturele, "subjek= tiewe", "geestelike" eenheid[16] wat elemente van verskillende rasse-oorsprong kan bevat[17] en voortdurend verander sonder om noodwendig 'n ander volk te word. Alleen onder baie besondere omstandighede (by die ontstaan van 'n nuwe ras) kan 'n volk en 'n ras identies wees[18] - en ook dan dui die terme op verskil= lende kenmerke van die nuwe eenheid.

Tweedens is *volk* ook baie duidelik te onderskei van *staat*. Die staat is nie 'n "weze" nie;[19] dit is 'n instelling wat orde-skeppend en -handhawend optree deur die vorming en handhawing van reg en so die bestemmingsfunksie binne 'n gegewe staatsge= bied (land) uitvoer.[20] Binne die grondgebied waaroor 'n staat gesag voer, kan daar 'n deel van 'n volk, 'n volk of meer as een volk plus dele van ander volke asook ander etniese groepe aanwesig wees. Hierteenoor kan 'n volk ook nog 'n volk wees al staan dit nie in dieselfde staatsverband nie. So het die Afri= kanervolk op 'n stadium in sy geskiedenis binne verskeie state bestaan - soos die Engelse, Franse en Russiese volke. Die volk is dus oorspronkliker as die staat, vorm 'n basis daarvoor en

---

16. Dié punt word hieronder aan die hand van verskeie bronne gemotiveer.

17. Dittmer, K. *Allgemeine Völkerkunde*. Vieweg & Sohn. Braunschweig. 1954, p.25. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.13. Hertz, *op. cit.*, p.52.

18. Coertze, P.J. (Red.). *Op. cit.*, p.15.

19. Kuyper, A. *Antirevolutionaire Staatkunde*. Dl.I. J.H. Kok. Kampen. 1916, p.145.

20. Stoker, H.G. Afrikaanse Volkswording en Suid-Afrikaanse Nasievorming. *Koers*, XXI,6 (1954), p.243.

word, moontlik tesame met ander volke of volksdele of ander et= niese groepe, deur die staat ingebind tot ekonomies-politiese lotsgemeenskap.[21]

Derdens bestaan daar 'n maklik aanduibare verskil tussen 'n *volk* en 'n *bevolking*. Teenoor 'n volk wat sigself as 'n een= heid beskou, kan 'n bevolking bestaan uit "heterogene, ongemeen= skaplike en selfs botsende mensegroepe wat slegs een staatsge= sag en dieselfde landsgrense as binding het".[22] Hoewel minder duidelik, kan dieselfde gedagtegang ook in Weilenmann se omskry= wing afgelees word.[23] Hieronder kan dus die plurale gemeenskap soos getipeer deur Furnival[24] en ook beskryf deur Balandier[25], Kuper en Smith[26] e.a., ingereken word. Dit bestaan wesentlik uit 'n aggregaat gekenmerk deur 'n gebrek aan institusionele kongruensie, eksklusiewe asimmetriese onderlinge verhoudings, 'n gebrek aan "sosiale wil" en word byeengehou deur dwang deur middel van die staat. Die ongemeenskaplikheid van kultuur en onbereidheid tot wedersydse aanvaarding gee aanleiding tot die bestaan van diskontinuïteite in die sosiale stelsel en verskeie van die komponente toon of koester gevolglik normaalweg die be=

---

21. *Ibid.*, p.244.

22. Coetzee, J.H. Volkeleer (Etnosteorie). P.U. vir C.H.O. (1969), p.15.

23. Weilenmann, H. The interlocking of Nation and Personality Structure. *In:* Deutsch & Foltz (Eds.), *op. cit.*, p.36.

24. Furnival, J.S. *Netherlands India*. Cambridge. 1939. *Col= onial Policy and Practice*. Cambridge. 1948.

25. Balandier, G. The Colonial Situation: A Theoretical Ap= proach. *In:* Wallerstein, I. (Ed.), *op. cit.*, p.47.

26. *Op. cit.*

geerte om die binnelandse verhouding om te sit in 'n buitelandse, wat die vorming van afsonderlike state impliseer.[27]

Binne 'n bevolking hoef daar dus geen sentripetale kragte en 'n na-binne-gerigtheid aanwesig te wees nie. Ten spyte van die aanwesigheid binne dieselfde staatsgebied, kan die ordening polisentries wees, omdat die partikuliere veelal voorrang bo die nasionale kan geniet. Gevolglik bestaan die staatsgemeenskappe van Afrika uit bevolkings. Dit geld ook die Republiek van Suid-Afrika as alle groepe wat die land bewoon, in ag geneem word. Met die oog op wat hieronder gestel sal word, word dus aanvaar dat 'n bevolking gevorm word deur 'n samewerping van verskillende etnieë wat onderling-afstotend kan wees binne dieselfde staatsgebied en onder gesag van dieselfde staat.

Die gebrek aan verifiërende literatuur ten spyt, moet volledigheidshalwe ook die verskil tussen 'n *volk* en 'n *narodnost* vierdens aangeteken word. 'n *Narodnost* (waarvoor geen beskrywende woord in Afrikaans gevind kon word nie) ontstaan volgens die redenering van Pothekin[28], wanneer die "klaslose" stamgemeenskappe disintegreer en aanleiding gee tot die ontstaan van 'n feodale (klasse-) opset met 'n gemeenskaplike taal, kultuur en grondgebied, maar sonder die aanwesigheid van 'n gemeenskaplike ekonomiese stelsel. Sodra daar 'n gemeenskaplike ekonomiese stelsel tot stand kom, word die *narodnost* 'n volk (nasie?). Volgens dié redenering gaan verskillende stamme dus oor in 'n *narodnost* waaruit 'n volk (nasie?) ontwikkel. Elk van hierdie vorme - stam, *narodnost*, volk (nasie?) - sou dan korrespondeer

---

27. Vgl. Emerson, R. *Op. cit.*, p.330 *et seq.*; Maritz (1973), *op. cit.*, p.39-40.

28. Pothekin, I. *Op. cit.*, p.561-563.

met 'n bepaalde sosio-ekonomiese stelsel, nl. kommune, feodale en kapitalistiese. "The Kosas, Basutos and Bechwanas," skryf Pothekin, "underwent a different process of transformation from tribe to narodnost, but ... the process was concluded by the beginning of the twentieth century."[29]

Vyfdens: Die deurgaanse verwysing na volks*wording* en nasie*vor=ming* suggereer reeds 'n aanduibare verskil tussen volk en nasie, al word die twee terme veelal as substitute gebruik.[30] En juis vanweë die verwarrende gebruik van die begrippe, verg 'n aan=duiding van die verskil tussen volk en nasie meer aandag as wat aan die onderskeidings hierbo gegee is. Alvorens ons egter hiertoe kom, word dit raadsaam geag om eers duidelikheid oor *volk* en *etnos/etniese eenheid* te verkry met die oog op later verwysing uit die empiriese veld na etniese eenhede, etnos, na=sie en wat ons kan noem 'n ordening van die nasietipe as variant van 'n nasie.

Ter aanvang word die stelling gemaak dat 'n volk 'n etnos is, maar nie alle etnieë volke is nie. In sy fundamentele bydrae waarna reeds verwys is, skryf Shirokogoroff dat etniese eenhede "... are very numerous, their size is variable, they are con=scious of their existence, they possess means for mutual under=standing, they are culturally more or less homogeneous, and they intermarry within themselves, i.e. they are endogamous. These are units in which the process of cultural adaptation

---

29. *Ibid.*, p.564-565.

30. Vgl. Coertze, P.J. Prinsipiële en feitelike inleiding tot die studie van die bevolkingsverhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*, 22, 2 (1971), p.54-58.
Kyk ook die bronne waarna vervolgens verwys word.

takes place, where it is transmitted and in which hereditary conditions are transmitted and modified, i.e. in which the process of biological adaptation, in the broadest sense of the phrase, is carried on."[31] Eenhede wat nie hierdie eienskappe vertoon nie, is nie etniese eenhede nie.[32] Mühlmann verstaan onder etniese eenheid: "... die grösste feststellbare souveräne Einheit die von den betreffenden Menschen selbst gewusst und gewollt wird. Eine Etne kann daher auch eine Horde, ein Klan, ein Stamm ... sein ....".[33] In sy welkome bydrae staan Coertze ook heelwat ruimte aan die definisie van 'n etnos af.[34] Hy skryf: "Samevattend sou ons dus kan sê *'n etnos is mense van alle ouderdomme en albei geslagte met 'n eie tuiste, wat 'n enerse kultuur het, wat hulleself vanweë hulle eiesoortige lewe, spreke, denke en doen nader onderling verbonde ag, wat hulleself as 'n afsonderlike eenheid naas ander dergelyke eenhede sien en deur ander so geken word.* Dit is ook 'n verskynsel wat nie somaar georganiseer kan word nie, hy word."[35]

Tussen die drie definisies is daar 'n baie hoë mate van ooreenstemming. Die definisies dui daarop dat daar onder die koepel van die begrip etnos/etniese eenheid 'n verskeidenheid empiriese verskynsels kan bestaan; 'n hele reeks sosiaal-organiese verbande van verskillende grootte, dog wat generies dieselfde verskynsel is, word daardeur gedek. 'n Volk is maar een hiervan. Soos Mühlmann aandui, sluit dit ook 'n horde, 'n klan, 'n

---

31. *Op. cit.*, p.12.

32. *Ibid.*, p.13.

33. *Op. cit.*, (1964), p.57.

34. *Op. cit.*, (1971), p.60-63.

35. *Ibid.*, p.63.

stam - en volgens Coertze[36] - ook 'n nasie in. Die feit dat 'n horde, klan of stam ook deur die term etnos gedek word, maak egter nog nie van hierdie verskynsels volke nie. Só onderskei Dittmer byvoorbeeld tussen 'n stam en 'n volk en stel dit dat 'n stam die grootste bewuste eenheid by "natuur-volke" is: "Aus ihnen bilden sich erst unter gemeinsamer Führung die Völker."[37] Coertze worstel wesentlik met dieselfde saak, dog uit 'n enigsins ander oogpunt, as hy daarop wys dat Boesmanbendes, Hottentotsibbes, Bantoestamme, "die volk van Lesotho" en die Afrikanervolk nie gelyklik kan kwalifiseer vir die term volk nie. "Die samestelling (van sommige van die sosiaal-organiese verbande) is nog te heterogeen, die kenmerke wat eenvormigheid van denke en lewe aandui, is nog te skraal."[38] Ook Mühlmann stel die vraag of die "natuurvolke" werklike volke is en besluit dan om na hierdie "vor-volkliche Gesellschaften" te verwys as "Ethnien".[39] Hy konkludeer dan: "Vor-volkliche Ethnien sind Fälle von Typen, Völker sind grosse Individualitäten."[40]

Hiermee is die aanvanklike stelling dat 'n volk 'n etnos is maar dat alle etnieë nie volke is nie, bevestig. Dit word gevolglik gestel dat 'n volk as etniese eenheid op 'n hoër niveau staan wat betref omvang en organiese binding as 'n horde, klan, sibbe of stam. Die prosesse wat werksaam is in die ontstaan en verdere wording van etniese eenhede, ongeag die niveau daarvan, word egter aanvaar as identies.

---

36. *Op. cit.*, (1971), p.58. Wat ons betref *kan* dit wel so wees.

37. *Op. cit.*, (1971), p.25.

38. *Op. cit.*, (1971), p.57.

39. *Op. cit.*, (1964), p.57.

40. *Ibid.*, p.58.

Laastens dan die onderskeid tussen *volk* en *nasie*. Ten spyte van die opmerking van o.m. Dittmer dat die begrip nasie nog nie 'n algemeen aanvaarde bepaling gevind het nie[41] - 'n stelling wat bevestig word deur die aanwending van die term nasie deur verskillende skrywers in verskillende verbande[42] - het Shirokogoroff reeds in 1935 aangedui dat 'n volk/etnos nie 'n nasie is nie. Hy skryf: "A nation may exist for a few months or for long centuries. It may grow into an ethnical unit, and yet, it may remain heterogeneous, being composed of different ethnical units. ... For these reasons a nation cannot be identified as an ethnical unit and even the process which I called 'ethnos' must be well established before ethnological identification is given to a naticn", en verder: "When one wants to use theory of ethnos, the distinction between the ethnical units and nations must be very sharp."[43] As 'n volk dus 'n etniese eenheid/etnos is - en niemand betwis dit oënskynlik nie - bestaan daar wel 'n duidelike onderskeid tussen volk en nasie.

Om tot die aard van die verskil te kom word kortliks na die menings van 'n paar skrywers gekyk.

In sy bydrae gaan Coertze in op die vraag of die begrippe identies is. Nieteenstaande verskillende etimologiese oorspronge, vind hy "'n merkwaardige ooreenstemming in betekenis" tussen volk en nasie.[44] Albei is vir hom aanduidend van sosiaal-organiese verbande, en daar is "eintlik geen verskil ... tussen

---

41. *Op. cit.*, p.26.

42. Vgl. die menings hieronder.

43. *Op. cit.*, p.20.

44. *Op. cit.*, (1971), p.56.

hierdie twee benamings nie."[45] Tog maak hy wel onderskeid deur die term nasie toe te ken aan 'n bedeling waar die mense wat binne dieselfde staatkundige verband saamgetrek is nog nie die graad van samesnoering en samegroeiing bereik het "dat mens hier kan praat van 'n afsonderlike volk nie".[46] Gevolglik verwys hy na die inwoners van die V.S.A. as 'n nasie wat nog nie 'n volk is nie. Vir hom is die *afkomsbeginsel* 'n gewigtige faktor in 'n nasie, omdat die term nasie afgelei is van die Latynse *natio* (geboorte, afstamming, ens.).[47] Kuyper huldig dieselfde siening. Hy wys daarop dat *natio*, waarvan nasie afgelei sou wees, saamhang met *nasci* (om te baar) en dat nasie dus 'n organiese eenheid uitdruk; op 'n eenheid in oorsprong dui en dus "... een gelyksoortig door bloed gemeenschap saamhangende menschengroep" bevat.[48] Beide volk en nasie sou dus heenwys na 'n onderling-verwante mensegroep sonder "... dat hierby op zich zelf nog aan eenig staatsverband gedacht werd".[49] Beide Coertze en Kuyper beoordeel die begrip nasie dus in terme van die oorsprong van die woord nasie.

Teenoor hierdie siening is J.A. Coetzee van mening - gegrond op die verklaring aangebied deur die *Politisches Lexikon* - dat 'n volk wat vir hom 'n paslike staatsvorm gekry het, 'n nasie is. 'n Nasie is gevolglik 'n volk met 'n eie staat,[50] wat blykbaar

---

45. *Ibid.*, p.57.

46. *Loc. cit.*

47. *Ibid.*, p.55.

48. *Op. cit.*, p.147.

49. *Loc. cit.*

50. Coetzee, J.A. *Nasieskap en politieke groepering*. V & R Drukkers. Pretoria. 1969, p.15. Vgl. ook 'n brief in *Rapport*, 10 Maart 1974.

dieselfde is as 'n volkstaat. Hierteenoor konstateer Wiseman dat 'n gemeenskaplike taal, kultuur, religie "... individually or together are not sufficient or necessary to nationhood"[51] - 'n standpunt wat teenoor dié van Coetzee staan en betreklik breë steun uit die literatuur kry.

'n Ophelderende debat het op eie bodem oor die kwessie van volk en nasie plaasgevind tussen Hoernlé, Labuschagne, Du Plessis en Stoker; aanvanklik in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* en later in *Koers*[52]. Hier het Stoker 'n wesentlike bydrae gelewer tot die onderskeid tussen volk en nasie. Daarom hieronder 'n lang aanhaling uit 'n artikel wat hy in 1954 geskryf het. Hy stel dit ter aanvang dat daar twee verskillende samelewings-kringe bestaan wat beide nasie genoem word, maar wat tot so 'n mate verskil dat dit met verskeie benaminge aangedui behoort te word. Die een noem hy dan nasie en die ander volk en sake wat die eerste as geheel tref, nasionaal, en die ander as geheel tref, volks. Dan gaan hy voort: "'n Nasie is - of beter - kán saamgestel wees uit verskillende taalgroepe; 'n volk daarin-teen het net één taal (op die vraagstuk van dialekte gaan ons hier nie in nie). 'n Nasie is gebind tot die grense van 'n be-paalde gebied soos bepaal deur die staat wat oor daardie gebied regeer. 'n Volk is nie tot een bepaalde gebied en staat beperk nie; Afrikaners vind u in Suid-Afrika, in Suidwes-Afrika, in die twee Rhodesiës, in Kenia, in Suid-Amerika, ens. en die Jood-se volk vind u versprei oor alle wêrelddele. Vir 'n nasie is nie, maar vir 'n volk is wel sy organiese karakter, sy afstam-mingsverband (bloedsband) en sy kulturele eenheid kenmerkend.

---

51. Wiseman, H.V. *Political Systems: Some Sociological Ap-proaches*. Routledge & Kegan Paul. London. 1967, p.104.

52. Vgl. *Koers*, XXXI, 6(1954), p.237 *et seq*.

By 'n nasie kan mens binne perke 'uit eie verkiesing' aansluit, maar vir 'n aansluiting by 'n bepaalde volk is die 'uit eie verkiesing' (altans waar dit nog moontlik is) geheel en al on=voldoende."[53] Dan gaan hy voort: "'n Nasie veronderstel die staat. Die staat bind die volk(e) en/of volksdeel (-dele) in 'n bepaalde land of gebied tot 'n polities-ekonomiese lotsge=meenskap saam en vorm sodoende 'n nasie.....

"Tussen volk of volksdeel en nasie bestaan binne die betrokke gebied wisselwerking en wedersydse beïnvloeding van mekaar. Dit kan moeilik aangetoon word waar 'n staat net oor een volk regeer en hiervan 'n nasie vorm. Maar waar 'n staat verskil=lende volke en (of) volksdele regeer en daaruit 'n nasie vorm, kan die beïnvloeding wel aangetoon word. So word bv. die Afri=kaners in Argentinië geleidelik 'n ander tipe Afrikaner as die van ons Unie. 'n Staat (en die hieruit voortspruitende nasie) het 'n meer organiese karakter as dit net oor een volk of volks=deel regeer, maar het 'n meer meganiese karakter as dit meer as één volk en (of) volksdeel tot 'n ekonomies-politiese lotsge=meenskap saambind.

"Nieteenstaande sy politieke oorsprong en belange is 'n nasie meer as 'n politieke eenheid en omspan dit die kulture van die verskillende volke en (of) volksdele wat daarin saamgevat is. In die mate wat hierdie kulture verwant is, kry die eenheid van die nasie 'n meer holiese karakter en in die mate wat dit nie die geval is nie, 'n meer meganiese karakter.

"Spanning tussen volksbelange en nasiebelange sal daar altyd wees as 'n nasie 'n saambinding van volke en (of) volksdele is. Vergelyk maar in ons land die spanning tussen Afrikaners (wat

---

53. *Ibid.*, p.242.

die jongste oorlog nie begeer het nie) en die Suid-Afrikaanse nasie (wat hom in die oorlog begewe het) .....

"... Volkswording en nasievorming is prosesse en die geskiedenis bied voorbeelde genoeg van volke wat tot nasie verbind in die nasie opgaan, d.w.s. as aparte volke verdwyn terwyl die nasie weer tot 'n nuwe volkseenheid met 'n nuwe taal en kultuur uitgroei; maar daar is ook voorbeelde van nasies wat as nasies uiteenval in aparte volke waarvan elk weer sy besondere identiteit vir 'n tyd behou."[54]

Die onderskeid wat Stoker maak tussen volk en nasie is aanvaar deur Duvenage wat aantoon dat die ontstaan van 'n nasie saamhang met die politieke en juridiese en begrens word deur die Staat. "Dit is die binding aan die staat, binne die staatsgrense wat die nasie as 'n min of meer begrensde samelewingsgeheel laat ontstaan."[55] Hierdie binding veronderstel egter nie 'n intieme gemeenskap nie; veel eerder is dit 'n kollektiewe individualisme.[56] Hierdie gedagtes lê ook in lyn met die siening wat J.H. Coetzee oor volk en nasie huldig.[57]

Die Stokeriaanse siening van nasie verskil op enkele punte van dié van die skrywers wat aan die begin gestel is, en dié verskille trek saam om die kwessies van die *afkomsbeginsel* of *afstammingsverband* en *sosiaal-organiese verband*. Coertze en Kuyper wil dat die afkomsbeginsel 'n gewigtige faktor in 'n nasie is, terwyl Stoker dit nie as 'n kenmerk van 'n nasie sien nie.

---

54. *Ibid.*, p.242-244.

55. Duvenage, S.C.W. *Kerk, Volk en Jeug*. D.Phil.-proefskrif. Vrije Universiteit, Amsterdam. 1962, p.72.

56. *Loc. cit.*

57. Coetzee, J.H. *Op. cit.*

Tweedens sien Coertze 'n nasie as 'n sosiaal-organiese verband, terwyl Stoker die mening uitspreek dat dit 'n organiese of "me= ganiese" karakter kan hê, afhangend van die aard van die mense= gemeenskap wat daarby ingesluit is.

Coertze se standpunt oor die *afkomsbeginsel* as gewigtige faktor vir die bestaan van 'n nasie is op twee punte bevraagtekenbaar. Eerstens blyk dit dat hy hiertoe gelei word deur die feit dat die stam waaruit die woord afgelei is, geboorte beteken. Ons weet egter ook dat die inhoud van woorde kan verander en ander betekenistoekennings kan ontvang. So het 'n emosie wat eie aan 'n *volk* is, wat dit konsolideer in tyd van nood, dit voortstu en die lede daarvan dwing om die kultuureie te handhaaf, voorop te stel, lief te hê, as *nasionalisme* bekend geword in plaas van *volksisme*.[58] Indien Coertze se maatstaf op die term "nasionalis= me aangelê word, moet ons dit identifiseer as 'n emosie eie aan die nasie in teenstelling met die volk/etnos en as ons dit op die woord "meid" toepas, dan moet ons aanvaar dat die woord 'n "verkeerde" betekenis in Afrikaans het. Dit blyk dus dat die kontemporêre betekenis van 'n woord nie sonder meer afgelei kan word uit die oorspronklike stam nie en dat, nieteenstaande sy etimologiese oorsprong, die afkomsbeginsel nie 'n vereiste is vir die bestaan van 'n nasie nie. Tweedens, indien die afkoms= beginsel (die geloof in gemeenskaplike afstamming of afkoms) eie is aan 'n nasie, dan sou iemand van vreemde oorsprong nie "uit eie verkiesing" lid van 'n nasie kon word nie, of uiters moeilik lid daarvan kan word. En dan kan Coertze se verwysing na die V.S.A. as 'n nasie ook nie geldig wees nie, omdat daar in die V.S.A. hoegenaamd nie 'n geloof in gemeenskaplike afstamming be= staan tussen die Blanke Amerikaners, Neger-Amerikaners en Ame=

---

58. Vgl. L.J. du Plessis. Volk en nasie in Suid-Afrika. *Koers*, XXXI, 7 (1954), p.16.

rikaners van Indiaanse en Japanese oorsprong nie. Eerder blyk dit dan die geloof in gemeenskaplike afkoms eers kan ontstaan nadat etniese vergroeiing tot so 'n hoogte plaasgevind het dat daar nie meer 'n bewussyn van afsonderlikheid by die samestellende elemente binne die staat bestaan nie - en dan is dit reeds 'n volk/etnos. Trouens, dit is juis die afwesigheid van die afkomsbeginsel binne die nasie en as eis vir nasieskap wat die nasie in staat stel om 'n bevolking uiteindelik te kan bring tot 'n eenheidsbewussyn, 'n aanvaarding van 'n gemeenskaplike afkoms en dus tot volkskap.

Die tweede probleem met die siening van Coertze hang saam met die eerste (die afkomsbeginsel) en spruit uit sy siening van 'n nasie as 'n sosiaal-organiese verband. Trouens, juis as gevolg van die vermeende aanwesigheid van die afkomsbeginsel binne 'n volk sowel as 'n nasie, is die verskil tussen volk en nasie vir Coertze oënskynlik slegs een van graad en word na volk en nasie (in dieselfde asem) verwys as sosiaal-organiese verbande. Coertze se onderskeid tussen volk en nasie is dus nie baie helder nie. Hierteenoor aanvaar ons die duidelike onderskeid wat deur Stoker in hierdie verband gemaak word tesame met sy kwalifikasie dat 'n nasie 'n holiese of meganiese karakter kan hê. En daarom kan die ongekwalifiseerde verwysing na 'n nasie as 'n sosiaal-organiese verband nie aanvaar word nie. Verder, indien aanvaar word dat 'n nasie ook kan bestaan uit 'n kulturele diversiteit wat dieselfde gebied bewoon en 'n gemeenskaplike trou en lojaliteit jeens die (nasionale) owerheid openbaar - waardeur 'n subordinering van partikuliere belange aan die gemeenskaplike trou en lojaliteit jeens die (nasionale) staat geïmpliseer word -, dan lê die kwalifikasie van 'n nasie in die politieke sfeer. En omdat 'n politieke stelsel slegs een aspek van 'n sosiale stelsel is, bestaan daar twyfel of dié

ordening (nasie) ongekwalifiseerd en in dieselfde asem as 'n volk, sosiaal-organies genoem kan word.

Duidelikheidshalwe is dit te stel dat ons standpunt nie geïn= terpreteer moet word as sou 'n nasie tot stand gekom het sodra 'n aantal etnieë deur 'n gemeenskaplike breëre politieke verband ingebind is nie. Indien dit so sou wees, sou die state van Af= rika aanspraak hê om erken te word as nasies - 'n aanspraak wat op hierdie tydstip nie geregverdig is nie, omdat hulle nog we= senlik bevolkingstate is. Dit is eers wanneer die samestellen= de etnieë *uit eie motivering* - en dit stel talle voorvereis= tes! - tot die bewussyn gekom het dat die gemeenskaplike breër verband van groter belang is as die vooropstelling en handha= wing van partikuliere verbande, dat die staatsbevolking 'n na= sie word. Om tot nasieskap te kom vereis dus wedersydse ver= draging, kulturele aanpassing, die bewussyn van lotsverbonden= heid en dáárdie mate van wedersydse vergroeiing waardeur skerpe teenstellings afgeplat en die etniese grense versag word. Dus skep die vorming van een staat 'n voorwaarde vir nasieskap, maar voordat die nasie uit die bevolking kan ontstaan, word die wer= king van nie-politieke faktore (*volks*vormende faktore) vereis. Sodra die breëre binding egter 'n bedreigende karakter vir som= mige van die samestellende etnieë aanneem en nie meer as in hulle beste belang beskou word nie, kan die nasie retrogressief verander in 'n bevolkingstaat.

Die siening van J.A. Coetzee dat 'n nasie 'n volk met 'n eie staat is, verg in die lig van die bespreking tot dusver geen uitgebreide kommentaar nie. 'n Nasie kan wel bestaan uit 'n volk wat sy eie eksklusiewe staat verkry het (in welke geval dit dan 'n organiese karakter het) maar kan ook 'n kulturele verskeidenheid bevat (en 'n meer meganiese karakter hê) soos

bv. Switzerland. Indien dit egter slegs kan bestaan uit 'n volk met sý staat, dan bestaan daar tans òf geen nasie in die wêreld nie (ons is nie bewus van 'n enkele volk wat *as volk* sy eie (eksklusiewe) staat het nie) òf is alle volke wat *as volke* binne dieselfde staatsgebied woon (ongeag hoeveel ander volke ook binne daardie selfde staat woon) nasies, en vorm Switzerland dan vier nasies en die U.S.S.R. bykans 'n honderd nasies.

In die lig van die bostaande bespreking oor volk en nasie, word dit dan gestel dat 'n nasie 'n geo-politieke eenheid is wat kan bestaan uit:

(a) 'n volk of volksdeel wat sigself gemanifesteer het in 'n eie eksklusiewe staat op 'n bepaalde grondgebied; of

(b) 'n volk of volksdeel tesame met ander volke en/of volksdele of ander etniese eenhede (of dele van etniese eenhede) wat vanweë historiese omstandighede binne dieselfde staat op 'n bepaalde grondgebied tot woon gekom het; wat hulle onderskeie partikuliere belange ondergeskik stel aan die gemeenskaplike breëre politieke verband en, as gevolg daarvan, 'n gemeenskaplike trou en lojaliteit jeens die (oorkoepelende) owerheid koester.

Hieruit behoort dit duidelik te wees dat daar wel 'n onderskeid tussen 'n volk en nasie enersyds en 'n nasie en 'n bevolking andersyds bestaan. Die onderskeid in laasgenoemde verband is geleë in die onderskikking of vooropstelling van partikuliere verbande aan die gemeenskaplike breëre (nasionale) verband.

Alvorens daar voorlopig van die kwessie van nasie afgestap word, is daar egter ook te wys op 'n oënskynlike akademiese onreëlmatigheid in hierdie verband. Daar word wel onderskeid gemaak tussen 'n volk as etniese eenheid enersyds en pre-volke

(hordes, klans, stamme) as etniese eenhede andersyds. Sou volke en/of volksdele politiek verbind raak, word dit 'n nasie genoem. Sou voorvolkse etnieë politiek verbind raad (en die partikuliere verbande ondergeskik stel aan die gemeenskaplike verband) word dit ook 'n nasie genoem. Die vraag ontstaan gevolglik of daar nie na hierdie laasgenoemde tipe nasie verwys moet word nie as "'n ordening van die nasietipe".

Samevattend: 'n Volk is nie (a) sinoniem met 'n ras nie, selfs al sou volks- en rasgrense samevallend wees, (b) sinoniem met 'n staat nie al sou 'n volk daarna streef - en die strewe soms verwesenlik - om sy eie (eksklusiewe) staat te verkry, (c) dieselfde as 'n *narodnost* nie, al is dit vir sekere skrywers 'n noodwendige fase waardeur 'n eenheid moet gaan om 'n volk te word, (d) *per se* samevallend met 'n bevolking nie, al het talle volke in die verlede hulle oorsprong in bevolkings gehad, (e) dieselfde as 'n nasie nie, al kan dit ook (by verkryging van 'n eie (eksklusiewe) staat) 'n nasie wees of tesame met ander volke, volksdele of etnieë 'n nasie vorm.

In die verbygaan word daarop gewys dat alhoewel hierdie verbande nie dieselfde as die volksverband is nie, raak dit die wording en bestaan van 'n volk egter deeglik. So wys J.H. Coetzee[59] daarop dat die begrippe bevolking, nasie en volk drie stadia in 'n proses (kan) aandui. Indien die heterogene, ongemeenskaplike en selfs botsende mensegroepe wat 'n bevolking kan uitmaak onder begunstigde omstandighede 'n innerlike gemeenskaplikheid ontwikkel wat uitloop op 'n lojaliteit teenoor die staatsgesag, is 'n nasie besig om te ontstaan. Sou die lede van die nasie sterk middelpuntsoekende kragte ervaar en in kulturele, psigologiese en in historiese opsig ineengroei, is 'n volk besig om te ont=

---

59. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, p.15.

staan. Terminologiese verwardheid in ag genome, wys Weilen= mann breedweg op dieselfde verskynsel.[60] Toegepas op Suid-Afri= ka vorm die inwoners van die land dus 'n bevolking en vorm die Blanke element hoogstens 'n nasie. Die aanvaarding van die feit dat die Suid-Afrikaanse bevolking nie sonder geweld sal kan kom tot 'n enkele nasie en uiteindelik 'n volk nie, gee aanleiding tot die strewe tot verdeling van die grondgebied ter vorming van verskillende nasies waaruit volke hopelik sal voortkom.

Ná hierdie poging om deur eliminering nader aan die begrip volk te kom kan oorgegaan word tot 'n aanduiding van 'n aantal ken= merke van 'n volk wat reeds deur geleerdes aangebied is en waar= na 'n voorlopige omskrywing gegee sal word. Soos reeds aange= dui, kom geen bevredigende definisie uit die literatuur na vore nie, oënskynlik omdat die siening oor wat 'n volk is verskil by die sosioloog, psigoloog, staatswetenskaplike, juris en etno= loog. Verder kom dit voor of sommiges hoofsaaklik na opjektie= we kenmerke soek en aan die hand dáárvan wil beoordeel, terwyl andere 'n volk wees primêr as 'n subjektiewe eenheid sien.[61] Derdens moet dit erken word dat die politieke omstandighede en historiese fase waarin 'n volk verkeer ook invloed uitoefen op die pogings wat uit daardie volk na vore kom ter definiëring van 'n volk. So wys Meinecke in sy *Weltbürgertum und National= staat* dan ook na die verskil in denke en konsep omtrent die ver= skynsel volk tussen die Westerse en Sentraal-Europese skrywers.[62] Al sou ons poging tot definiëring en omskrywing hieronder dus nie die hele antwoord bied nie, verwys dit wel na bou-elemente,

---

60. *Op. cit.*, p.36.

61. Vgl. Hertz, *op. cit.*, p.11-12.

62. Vgl. Francis, *op. cit.*, p.393.

kenmerke of karaktertrekke wat die oog vang.

## 3. Kenmerke van 'n volk

In die aanduiding van kenmerke van 'n volk, word verwys na 'n volk in die sin van 'n etnos. Waar daar enige verskil tussen 'n volk en etnieë van ander karakter bestaan ten opsigte van kenmerke, sal dit aangedui word.

### 3.1 Grondgebied

Die noodsaaklikheid van 'n aanduibare grondgebied as 'n vereiste vir die bestaan van 'n etnos word deurgaans in die literatuur erken.[63] Dit is so omdat die mens - en gevolglik mensegroepe - ruimtelik en aardgebonde is. Vir Weilenmann is die basis van 'n volk sy mense "... recognizable by certain common characteristics, the most important of which is a sense of belonging to some distinct portion of land".[64] Sonder 'n gemeenskaplike staat kan 'n etnos nog voortbestaan, maar kwalik sonder 'n grondgebied waarin dit fisies en geestelik geanker is. En alhoewel Francis van mening is dat 'n grondgebied nie noodsaaklik is vir die behoud van 'n etnos nadat dit 'n sekere graad van rypheid bereik het nie,[65] wys Hertz daarop dat "a people scattered over many countries, and nowhere rooted in the soil, would as a rule soon loose its personality. It would decrease in num-

---

63. Vgl. Kuyper, *op. cit.*, p.169. Hertz, *op. cit.*, p.146. Zimmern, A.E. *Nationality and Government*. Chatto & Windus. London. 1918, p.52. Pothekin, *op. cit.*, p.560. Weilenmann, *op. cit.*, p.33. Emerson, *op. cit.*, p.105-106. Coertze, *op. cit.*, p.63. Minogue, *op. cit.*, p.115 *et seq.*

64. *Op. cit.*, p.33.

65. *Op. cit.*, p.400.

ber, become denationalized and at last disappear."[66]

Juis vanweë sy aardgebondenheid bestaan daar 'n sterk ekonomiese band tussen 'n etnos en sy land, want dit is uit sy land dat die lede van 'n etnos 'n bestaan moet ontworstel. En dié feit van bestaansgeleenthede, onderhoud, versorging, staan stellig ook nie los van die benaminge *vader*land of *moeder*land nie. 'n Land wat nie bestaansgeleenthede aan sy volk bied nie, kan kwalik kwalifiseer as 'n vaderland of moederland. Nieteenstaande hierdie ekonomiese band, en ten nouste verbonde daarmee, bestaan daar ook 'n psigologiese band tussen volk en land. Soos wat die gegewenhede van die land sy stempel op die kultuur van sy volk afdruk, so is die volk voortdurend besig om die land te vorm en sý kultuurstempel dáárop af te druk. So innig is die verband tussen land en volk "dat die een nie sonder die ander gedink kan word nie".[67] Volke/etnieë word daarom vernoem na hulle lande (Afrikaner) en die lande na hulle volke (Rusland, Duitsland). Daar word verwys na 'n *land*staal as die taal van die volk van 'n bepaalde land bedoel word en as 'n volksheld te sterwe kom, is "die land" in rou.

Die liefde van 'n etnos vir sy land (patriotisme) is 'n kragtige realiteit. "Het heeft in de eerste plaats betrekking op den grond, dien wij bewonen. Het is den mensch in zekeren zin ingeschapen," skryf De Pater[68], terwyl Boissevain opmerk: "Vaderlandsliefde is een diep en innig gevoel dat ons zelfzucht doet

---

66. *Op. cit.*, p.146.

67. Snyman, W.J. Land en Volk in die Bybel. *In:* Anon. *Republiek en Koninkryk.* Pro Rege. Potchefstroom. 1964, p.25.

68. De Pater, J.C.H. *De kern van onze Nationale gedachte.* Willem de Zwijger-Stichting. 'S Gravenhage. 1945, p.6.

oorwinnen. Wij gevoelen dat wat ons met het vaderland één maakt een zedelijk-natuurlijke band is, door bloedverwantschap, volksgemeenschap, en liefde voor het gemeenschappelijk ideaal gelegd."[69] Hierdie liefde vir die land word oorgedra deur die geskiedenis en die sosialiseringsmedia; die nasionale simbole en liedere wat deur die etnos gesing word. Hierdeur word die deugde, skoonheid en uitnemendheid van die vaderland voortdurend tot die etnos gebring.

Die land is vir die volk 'n heilige erfenis en die "onafhanklikheid" van sy "land" is ten nouste vervleg met die eer van die volk.[70] Daarom lê die hoofmoment in die strewe na selfhandhawing dan ook in die onbelemmerde seggenskap oor 'n spesifieke grondgebied wat die "eie" genoem word.[71] Dit is veel meer as bloot 'n plek vir bewoning en wat gedeel kan word met 'n ander volk of etniese eenheid. Dit is dié bron van binding tussen etniese eenhede wat reeds binne 'n gemeenskaplike nasieverband leef en aan gemeenskaplike bedreigings onderworpe is (Afrikaners en Engelssprekende Suid-Afrikaners); maar dit is ook dié bron van konflikte tussen eenhede wat wedersyds onaanvaarbaar is (Grieke en Turke in Ciprus; Jode en Arabiere; Amangwane en Amancamane (Swazi); Venda en Shangana). Indien die liefde vir dieselfde land die etnieë onderling skerp verdeel, dan is die voor-die-handliggendste oplossing geleë in die verdeling van die land. Indien dit nie kan gebeur nie, lei die konflik uiteindelik tot die bowe- en onderskikking van etnieë binne die-

69. Boissevain, C. *Vaderlandsliefde.* Baarn. 1912, p.3.

70. Vgl. Minogue, *op. cit.*, p.145.

71. Hertz, *op. cit.*,p.146-147.

selfde land soos in Suid-Afrika, historiese Rwanda[72], Ankole-koninkryk of kontemporêre Soedan[73], Liberië of Ethiopië[74].

Omdat grense gevorm word deur die identifikasie van etniese eenhede met bepaalde grondgebiede, is grense eerder psigologiese skeidings wat op die land oorgedra word as wat geografiese gegewenhede ("natuurlike grense") 'n psigologiese dimensie verkry. Riviere en bergreekse kan etniese eenhede wel skei, maar kan hulle ook saamvoeg,[75] en "... there are no cases of nations actually abandoning territory in order to achieve such a rational scheme."[76] Indien 'n grondgebied dus 'n etniese eenheid bind en afgrens van ander eenhede, beteken dit ook dat 'n etniese eenheid wat verstrooi raak binne verskillende grondgebiede weldra sy eenheid verloor omdat elk van die komponente weldra aan afsonderlike gebiede vasgroei.[77] Só het dit verloop met die

---

72. Vir talle voorbeelde in hierdie verband, vgl. Smith, M.G. Pluralism in Precolonial African Societies. *In:* Kuper & Smith, *op. cit.*, p.91 *et seq*.

73. Rivkin, A. *Nation-building in Africa*. Rutgers Univ. Press. New Jersey. 1969, p.36.

74. Vgl. Fraenkel, M. *Tribe and class in Monrovia*. O.U.P. 1964. Ullendorf, E. *The Ethiopians*. O.U.P. 1965. Knutsson, K.E. Dichotomization and Integration. *In:* Barth, F. (Ed.).*Ethnic Groups and Boundaries*. Allen & Unwin. London. 1969.

75. Rustow, D.A. *A World of Nations*. The Brookings Institution. Washington. 1967 (1968), p.40. Weilenmann, *op. cit.*, p.62.

76. Minogue, *op. cit.*, p.115.

77. Die Joodse volk kan nie hier as algemene en teensprekende voorbeeld aangehaal word nie, omdat die invloed van 'n besondere religieuse verwagting 'n buitengewone stempel daaraan gee. Emerson (*op. cit.*, p.106) wys dan ook daarop dat die Jode, in hulle diaspora deur religieuse seremonies "fervently maintained the symbolism of identification with the country from which they had been driven in the far-off past".

Brit (V.S.A., Australië, Rhodesië, Kanada) en so gaan dit oën=skynlik ook verloop met die Portugese in Angola en Mosambiek. Indien dit so verloop, dan is dit ook uiters onwaarskynlik dat twee etniese eenhede wat in verskillende en afgesonderde grond=gebiede setel en slegs deur kommunikasiefasiliteite saamgebind word, kan word tot 'n nuwe etniese eenheid.

Laastens is dit opmerklik dat 'n nuwe etniese eenheid altyd ontstaan binne die grondgebied van een of meer ander eenhede. Indien die nuwe eenheid die gevolg is van die samegroeiing van eenhede wat dieselfde gebied bewoon, vervang dit bloot die voormalige eenhede op dieselfde grondgebied. Indien dit egter ontstaan deur wegsplintering, moet dit 'n grondgebied ontwor=stel van die moedereenheid of van ander etnieë.

Samevattend kan dit dus gestel word dat 'n nuwe volk/etnos ont=staan binne die grondgebied van 'n ander of andere; dat dit, om te kan voortbestaan, oor 'n grondgebied wat as die "eie" ervaar word, moet beskik; dat twee of meer etniese eenhede deur die liefde vir dieselfde land in mekaar kan opgaan of ge=swore vyande kan word, en dat eenhede wat binne afsonderlike gebiede bestaan, kwalik kan saamgroei tot 'n nuwe eenheid in=dien daar nie 'n hegte binding van politieke of ekonomiese aard ontstaan nie.

'n Eie grondgebied kenmerk dus 'n volk - al vorm alle mense wat dieselfde grondgebied bewoon nie noodwendig 'n volk/etnos nie.

## 3.2 Taal

Alhoewel taal deel van 'n kultuur vorm, word dit, vanweë die belangrikheid daarvan as onderskeidende kenmerk van 'n volk, afsonderlik beaandag.

Soos 'n vaderland is 'n volk ook nie denkbaar sonder 'n eie taal nie. Volk en taal vorm wesentlik twee kante van dieselfde penning. Die taal is die produk van die volk en terselfdertyd is die volk ook voortdurend onderworpe aan die vormende invloed wat deur die taal aan hom oorgedra word. Deur die taal word daar uitdrukking aan die volkskap gegee; word daar voorsien in die behoefte aan 'n middel waardeur volkslede met mekaar kommunikeer en voorsien dit in die psigologiese behoefte van "... behoort tot, en derhalwe van veiligheid en gesamentlikheid"[78]. "Denkt slechts even aan dit wonder: onze taal", skryf De Pater, "zij is het onvergankelijk monument van onze volk, zij behoort ons uitsluitend toe; zij is opgegroeid met ons voorgeslacht, zij is ons bloed, ons leven."[79] Ook vir Herder was taal van besondere gewig in volkskap: daarin word die *Volksgeist* weerspieël en daarin is geleë die middel tot sosiale aktiwiteit en koöperasie.[80] Gevolglik is die volk wie se taal vernietig word, ook as volk in sy kern aangetas. Herder en Fichte mag as romanties beskou word, maar die innige verband tussen volk en taal kan ook afgelees word uit die feit dat die taal van die Duitser Duits is; die Rus Russies is en die Afrikaner Afrikaans praat. In sy eie taal kan die volk hom ten beste uitdruk en daarin kan hy ook ten beste begryp word. Herder en Fichte kry gevolglik ook steun uit die stelling van Cohen en Middleton t.o.v. die Kanuri, Franse en Arabiere, nl.: "... the essence and highest expression of their cultural and social worthiness is embodied in a language"[81], asook Pothekin

---

78. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, p.50.

79. *Op. cit.*, p.12.

80. Vgl. Minogue, *op. cit.*, p.57-60.

81. Cohen, R. & J. Middleton (Eds.). *From tribe to Nation in Africa*. Chandler. Pennsylvania. 1970, p.23.

se siening, nl.: "... Language is the mirror of the soul of the people. It is only in his mother tongue that a man can fully express his real self. ....... Even the most perfect transla=tion is no more than an imperfect copy of the original."[82] As 'n Rus, weet Pothekin baie goed hoe nóú die verband tussen taal en *Volksgeist* is, want as daar een volk in die wêreld is wat wéét - en die kennis implementeer - dat die *Volksgeist* van 'n eenheid vernietig word as sy taal vernietig word en hy van sy vaderland vervreem word, dan is dit die Russe.[83]

Nieteenstaande die feit dat taal en vaderland vereistes is vir volkskap, bestaan daar 'n belangrike verskil in die rol van die twee faktore. Deurdat ander etniese eenhede die vaderland van die gasheer-etnos ook as vaderland aanvaar, word die onafhank=like voortbestaan van die gasheer bedreig; deurdat ander etnie=se eenhede sy taal aanvaar, word hy versterk.[84] Toynbee mag diegene wraak wat "... the criterion of nationality in the shibboleth of language"wil sien,[85] maar die feit daarvan is reeds in 1879 aangedui deur Freeman met dié woorde "Mankind in=

---

82. *Op. cit.*, p.568.

83. Vgl. in die verband Kirimal, E. The Crimean Tartars. *Studies on the Soviet Union*. X, 1 (1970). Fedenko, P. Theories of Colonialism: Liberation Abroad and Colonialism at home.. *Studies on the Soviet Union*. 2, 1 (1961). Bilin=sky, A. Colonialism or genocide? *Studies on the Soviet Union*. 2, 1 (1961). Conquest, R. (Ed.). *Soviet Nationalities Policy in Practice*. London. 1967. Roebol, J. De Russen en hun minderheden. *Internationale Spectator*. 22 Julie 1968. Verskeie ander bronne is beskikbaar.

84. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, p.51.

85. Aangehaal deur Rustow, *op. cit.*, p.47.

stinctively takes language as the badge of nationality."[86]

Taal bly wesentlik die middel waardeur gesosialiseer en gemobiliseer word tot waardering van die misterie wat geleë is in volkskap - soos wat volkskap waardering bring vir die taal van 'n volk en hom instaat stel om meer uit die woord te haal as bloot sy objektiewe semantiese waarde. Hoedanig die *Volksgeist* ingebed is in sy taal, blyk ook uit Guma se stelling ten opsigte van idiomatiese uitdrukkings, nl.: "... they touch those basic and fundamental native cords in one's make-up, that make one feel ... that his whole being has been tickled and excited."[87] Slegs die lede van 'n volk kan hulle taal "voel" en beleef en daarom is 'n nasie wat twee tale handhaaf, nog nie 'n volk nie. Die gebrek aan vermoë om die taal van 'n ander te kan "voel", beteken 'n onvermoë tot deelname aan eksklusiewe kommunikasiekanale[88] en gevolglik sosiale kommunikasie - 'n opset wat uitloop op sosiale afstand tussen die komponente asook verskillende stelle leiers.[89]

In die lig van die voorgaande is dit goed te begryp dat taalbewussyn 'n teken van nasionale bewussyn is.[90] Dit is dan ook veral in tye van nasionale bedreiging dat die taalbewussyn verskerp om die identiteitsbewussyn van die etnos te illustreer.

---

86. Aangehaal deur Emerson, *op. cit.*, p.132.

87. Guma, S.M. *The form, content and technique of traditional Literature in Southern Sotho*. Van Schaik. Pretoria. 1967, p.99.

88. Shibutani, T. & K. Kwan. *Ethnic Stratification*. Macmillan. 1965, p.59.

89. Deutsch, K. *Op. cit.*, (1953), p.4.

90. Pothekin, *op. cit.*, p.568. Emerson, *op. cit.*, p.135.

So was dit mer die Afrikaner in Suid-Afrika.[91] So was dit ook met die Iere wat gepoog het "... to revive Gaelic to express their dissatisfaction with British rule."[92] Daarom ook het Ed=ward de Valera homself vernoem tot Eamon de Valera en in die Ierse Kamer van Verteenwoordigers sy toesprake in 1927 ingelui met Gallies.[93]

Taal vloei spontaan uit die mond van die draer. Wie 'n taal egter nie as kind aangeleer het nie, ondervind probleme met die uitspreek van sekere klanke. Die verskynsel word daaraan toe=geskryf dat die ingroeiing in een taal gepaard gaan met 'n pro=gressiewe verlies van vermoë om die klanke van 'n ander taal aan te leer.[94] En al sou die woordeskat voldoende wees, wys die etiket van aksent nog heen na vreemdelingskap, en dus van ander "bloed" en oorsprong.

Soos wat 'n volk ontwikkel, ontwikkel ook sy taal om aan nuwe probleme, gewaarwordinge en kultuurprodukte uiting te gee. En soos wat 'n volk kan verander sonder om 'n ander volk te word, so verander ook 'n taal sonder om 'n ander taal te word. Daar is dan ook reeds paslik op gewys dat die Engels van Ian Flem=ming nie meer die Engels van Chaucer is nie en dat die Afri=kaans van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans nie meer die Afrikaans van die Genootskap van Regte Afrikaners is nie.[95] En tog bly dit Engels en Afrikaans. Waar 'n volksdeel

---

91. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, p.8.

92. Rustow, *op. cit.*, p.48. Vgl. ook Emerson, *op. cit.*, p.136.

93. Minogue, *op. cit.*, p.61.

94. Shibutani & Kwan. *Op. cit.*, p.75.

95. Coetzee, J.H. *Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme*. I.B.C. Potchefstroom, (1970).

egter wegsplinter, raak dit ook ongemerk verwyderd in terme van taal, en sodra dit gebeur, word die verskil in taal ook 'n vaste verwysingspunt vir volksafsonderlikheid. So het die Engelse hen vandag reeds 'n paar kuikens wat anders van veer is.

Verskillende skrywers maak die geldige opmerking dat taal nie 'n absolute kriterium vir volkskap is nie. So bv. wys Deutsch daarop dat Engels die taal van verskeie volke is en dat Duits en Spaans ook deur verskillende volke as moedertaal gehandhaaf word.[96] Dié argument verander egter niks aan die stelling dat 'n volk sy eie taal het nie. Almal wat vandag Frans praat is weliswaar nie lid van die Franse volk nie, maar 'n lid van die Franse volk praat wel Frans. Die verdeling van volke in verskillende state as gevolg van oorloë of koloniale situasies lei normaalweg tot 'n verspreiding van dieselfde taal na verskillende state. Maar ook dit is klaarblyklik 'n tydelike verskynsel, omdat elke land sy stempel ook op die taal van sy bewoners afdruk en dit gevolglik (ongemerk) mettertyd anders word as die taal van die moederland.

Dus het 'n volk sy eie taal - al behoort almal wat dieselfde taal praat nie noodwendig aan dieselfde volk nie. Bernard Shaw se epigram kom in die verband voor die oog, nl. dat die Britte en Amerikaners verdeel word deur 'n gemeenskaplike taal!

## 3.3 Kultuur

Onder kultuur word 'n veel-fasettige fenomeen verstaan wat 'n geestelike sowel as materiële komponent het, wat alle produkte van die hand en die verstand insluit en op grond waarvan onder-

96. Deutsch, K. *Op. cit.*, (1953), p.4.

skei word tussen etniese eenhede.[97] Kultuur sluit dan 'n verskeidenheid aspekte in soos 'n taal, 'n godsdiensvorm, sedes[98], tradisies en gewoontes, 'n ekonomiese stelsel, 'n sosiale organisasie, 'n regering-, reg- en opvoedkundige stelsel, kunsskeppinge van verskillende aard (skoonheid van vorm, klank, kleur, lyn en beweging), sisteme van kennis en tegniese skeppinge.[99] Hierdie aspekte is onderling verbonde en is ook ten nouste onderling geïntegreer. "As geheel is dit 'n totale lewensuitdrukking van 'n etnos met insluiting van die middele wat hy vir die instandhouding van sy bestaan en vir sy voortbestaan tot stand gebring het. Dit sluit in sy wyse van interpretasie van die werklikheid; sy wyse van kommunikasie en oordrag van kennis, gevoelens en gedagtes; sy reëls en voorskrifte waarvolgens hy lewe en waarvolgens die lede geleer word om te lewe; die middele en gereedskappe waarmee hy sy lewe instand hou met insluiting van die reëls waarvolgens dié gereedskappe en tegnieke en deur wie en onder watter omstandighede aangewend moet word; ten slotte 'n reeks van skeppinge deur middel waarvan hy vir hom geluk en vertroue in hierdie lewe besorg. 'n Deel van die kultuur van 'n etnos is derhalwe sigbaar, maar 'n baie groot ge-

---

97. Die kontinentale kultuurbeskouing word hier aanvaar. Vgl. Francis, E.K., *op. cit.*, p.395. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.57. Duvenage, *op. cit.*, p.74. Dittmer, *op. cit.*, p.29 *et seq.* Coertze, *op. cit.*, (1971), p.61-62.

98. Duvenage omskryf 'n sede soos volg (*op. cit.*, p.75): "... dit is onpersoonlik sodat dit moeilik herlei kan word tot 'n wetgewer; dit is vanselfsprekend en word stilswyend aanvaar sodat dit iets vertoon van 'n natuurwet; dit is steeds 'n aangeleentheid van die gemeenskap sodat dit saambindende invloed uitoefen en konserverend van karakter is."

99. Coertze, P.J. *Op. cit.*, (1971), p.61.

deelte is onsigbaar want dit bestaan uit geestesgoedere wat verinnerlik is in die persoonlikheidsamestelling van die lede van so 'n volk en wat hulle denke en oordeel oor sake, en hulle gedrag en onderlinge verhoudinge bepaal."[100]

Hieruit is dit duidelik dat daar tussen die lede van 'n etniese eenheid, uit hoofde van hulle deelname aan dieselfde kultuurverband, eenstemmigheid bestaan oor die betekenis van verskeie simbole en hoe daar teenoor hierdie simbole opgetree moet word. Dié gedrag vloei voort uit gestandardiseerde waardes - konsepte oor wat reg en goed, verkeerd en sleg is. En alhoewel hierdie waardes veranderlik is, is dit grootliks 'n kollektiewe erfenis ongeag bruikbaarheid, verhewendheid of enige bonatuurlike sanksie.[101] Hierdie (subjektiewe) houdings, ingesteldhede en waardes word deur die sosialiseringstelsel oorgedra van generasie tot generasie, is aan wysigings onderworpe en kan analities onderskei word in verskillende "subkulture", bv. religieuse kultuur, ekonomiese kultuur, politieke kultuur[102], ens. Elke veranderde historiese situasie waarin 'n etniese eenheid sigself bevind, gee dan aanleiding tot 'n verandering van kultuur. So word 'n kultuur voortgesit, verander en gebou deur die daaglikse verkeer tussen lede van die etnos. In die lig hiervan kan Renan se stelling, nl. dat 'n volk bestaan (en voortbestaan) uit hoofde van 'n daaglikse plebissiet,[103] goed begryp word.

---

100. *Loc. cit.*

101. Hertz, *op. cit.*, p.18.

102. Almond, Beer, Verba en verskeie ander het reeds jare gelede begin opereer met "politieke kultuur". Na analogie hiervan word hier dan ook ander "sub"-kultuurvelde onderskei.

103. Rustow, *op. cit.*, p.20-21.

Kultuur as lewensgestalte van 'n etnos en bepaler van sy iden=titeit bind dus ook in en grens ook af. Daardeur word die mens=heid tot verskillende gemeenskappe (etnieë), wat kommunikasie-eenhede is, afgegrens en bestaan daar gevolglik gapings in die kommunikasiesisteme binne die mensheid. Diegene wat binne 'n bepaalde etniese verband leef is "Grieke" of "Jode" en diegene daarbuite is "barbare" of "gojems".[104] Die verskil in kultuur tussen etnieë is dan ook die sif waardeur "barbare" en "gojems" allereers moet kom voordat hulle ook "Grieke" of "Jode" kan word. In kultuurverskille moet gevolglik gesoek word na die redes vir wanbegrip en vooroordeel, asook karikature en stereo=tipering tussen verskillende etnieë.

In die kultuur van 'n etnos is ook ingebed sy lewens- en wê=reldbeskouing wat ten nouste saamhang met sy religieuse opvat=tings - 'n stel opvattings oor die aard van die mens en sy rol in die kosmos. Dié opvattings het 'n inwerking op alle fasette van die kultuur en veroorsaak verskille tussen etnieë oor wat nastrewenswaardig en wat 'n sinlose "vermoeiing van die vlees" is. So wys Shibutani en Kwan bv. daarop dat waar daar 'n sterk noodlotsverwagting is as gevolg van natuurlike gegewendhede (aardbewings, oorstromings, ens.), daar 'n groot mate van fata=lisme in die lewenshouding van die etnieë te bespeur is en dat die hiër en nóu van oorwegende belang is. "... those who are constantly struggling to get ahead are seen as pathetic people foolishly depriving themselves of pleasures and wasting their lives."[105]

---

104. Vgl. MacCrone, I.D. Group Conflicts and Race Prejudice. *In: Hoernlé Memorial Lectures, 1945-1947.* S.A.I.R.R. Jo=hannesburg. Vgl. ook De Selincourt, A. *Herodotus: The Histories.* Penguin Books. 1954 (1966), p.127. Hertz, *op. cit.*, p.20. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.86 *et seq.*
105. *Op. cit.*, p.63.

Dit is wel moontlik dat twee of meer etniese eenhede aanvanklik dieselfde kultuur kan hê, maar deur 'n verwydering (geografies) en voldoening aan die bestaansvoorwaardes van 'n ander milieu, verander en ontwikkel elke kultuur - soos sy etniese eenheid - 'n eie unieke karakter. En namate die verskil in kultuurwaar=des tussen die weggesplinterde eenhede onderling en ook ten op=sigte van die moedereenheid toeneem, versterk dit die etniese bewussyn (bewussyn van afsonderlikheid) tussen die groepe. Die teenoorgestelde kan egter ook gebeur, nl. dat daar uit twee of meer kulture wat naas mekaar te staan kom, 'n nuwe kultuur - en etniese eenheid - na vore kan kom. Trouens, die geskiedenis van die mensheid is grootliks geskryf rondom die prosesse van af=splintering en samegroeiing en dus die verskyning en verdwyning van etnieë met hulle kulture. By voorbaat is dit egter te stel dat die vergroeiing van 'n aantal kulture tot een enkele kul=tuur 'n uiters komplekse proses is, baie stadig plaasvind en talle voorvereistes stel, waaronder 'n hoë mate van komplemen=tariteit - horinsontaal of vertikaal. Solank die onderlinge verhoudings simmetries is, ets kultuurverskille die etnieë af tot afsonderlike vryheidsbewuste indiwidualiteite.

Soos ten opsigte van die reeds genoemde kenmerke, sou ons dus ook kan aanvaar dat elke volk sy eie kultuur het - al mag daar verskillende volke wees met basies dieselfde kultuur. En omdat kultuur nie die enigste kenmerk van 'n volk is nie, kan Shaw se stelling ook hier toegepas word, nl. dat volke/etnieë verdeel kan word deur 'n "gemeenskaplike" kultuur.

### 3.4 Historiese bewussyn

'n Etnos word ook gekenmerk deur 'n gemeenskaplike geskiedenis. Die geslagtelange saamwoon van mense onder dieselfde lotgevalle lewer veel gebeurtenisse wat 'n saambindende invloed kan uit=

oefen. Samewoning skep die voorwaarde vir samestryding, same=lyding en ondertrouing waardeur etnieë tot stand kom. Hierteen=oor is 'n ongemeenskaplike geskiedenis 'n faktor wat 'n sterk verdelende invloed tussen etnieë onderling uitoefen. Vir Von Ruler is volke dan ook eerder historiese as natuurlike groot=hede wat geword het "door wat er in de geschiedenis gebeurd en gedaan is"[106]. Langdurige samesyn skep talle gemeenskaplike simbole waardeur 'n inbindende krag uitgeoefen word en wat kan bestaan uit 'n natuurlike gegewene soos 'n berg of rivier waar 'n besondere gebeurtenis plaasgevind het,[107] of kan bestaan in die vorm van 'n mitiese figuur soos die Yoruba se Oduduwa[108] of die Venda se Thoho Ya Ndou. Deur identifisering met die ge=skiedenis van sy etnos word die indiwidu deel van 'n groter ge=heel; is hy deel van 'n panorama wat oor eeue heen strek, 'n gevoel van trots in sy lidmaatskap teweegbring[109] en 'n verwy=singsraamwerk daarstel. Carlyle het selfs sover gegaan deur dit te stel dat die ware Bybel van 'n volk sy eie geskiedenis is.[110] Benewens die talle andere wys ook Renan op die noue ver=band tussen 'n volk en sy geskiedenis.[111] Vir hom is 'n volk 'n siel, 'n geestelike beginsel wat hoofsaaklik deur twee kragte gevorm word, nl. 'n gemeenskaplike besit van herinneringe, en

---

106. Aangehaal deur Duvenage, *op. cit.*, p.75.

107. Die Afrikaner se Amajuba en Bloedrivier kom dadelik in gedagte.

108. Vgl. Bonzon, S. Modernisation et conflits tribaux en afrique noire. *Revue Francaise de Science Politique*, XVII, 5 (1967), p.867.

109. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.44.

110. Vgl. Boissevain, *op. cit.*, p.7.

111. *Ibid.*, p.8.

tweedens die drang tot samelewing wat uitloop in die begeerte om die nasionale erfenis te bewaar en te ontwikkel. Die volk is dan, in sy eie oë, die resultaat van 'n lang verlede, gekenmerk deur onvermoeide strewe, opoffering en toewyding, heldhaftigheid en glorie - en die bewussyn dat kontemporêre en toekomstige optrede nie die heroïese verlede durf verloën nie.

Dit is so dat 'n etnos onderworpe is aan die verloop van gebeure. Daar moet egter duidelik onderskeid in dié verband gemaak word tussen die "objektiewe" gebeure en die "subjektiewe" gebeure. Eersgenoemde is dan die toestand soos wat die etnos die gebeure (subjektief) beleef het. En dit is noodwendig so dat die interpretasie wat 'n etnos aan bepaalde gebeure gee, vir hom die "ware" geskiedenis is. Daarom is 'n etnos daartoe in staat om 'n nederlaag om te sit in glorie en om 'n rebel uit te hef tot nasionale held - afhangend uit welke oogpunt gekyk word. Daarom het Renan dit dan ook gestel dat 'n volk bestaan op voorwaarde dat hy dele van sy geskiedenis vergeet en dele verkeerd interpreteer;[112] het Shafer in die verband opgemerk: "The belief is real; the actuality never existed"[113] en is Shirokogoroff van mening dat "The struggle between the leading ethnical units and candidates constitutes the romance of history which attracted much more attention on the part of historians than the real history of mankind."[114]

Die historiese bewussyn van 'n etnos word dus gevorm deur die aanvaarding van geselekteerde uittreksels uit die ware (objektiewe) verhaal van ervarings en gebeure. Verder word die ge-

---

112. Rustow, *op. cit.*, p.35. Emerson, *op. cit.*, p.149.

113. Aangehaal deur Emerson, *op. cit.*, p.150.

114. *Op. cit.*, p.22.

beure só geïnterpreteer dat dit historiese sanksie gee aan kontemporêre belange en ideale. Dus is die hede die vrug van die verlede, maar is die bewussyn van die verlede ook die vrug van die hede.

Omdat dit dus gaan om interpretasie van gebeure en omdat twee etnieë wat in botsing met mekaar staan nie dieselfde interpretasie aan dieselfde gebeure gee nie, word etnieë van mekaar geskei deur die verskil in historiese bewussyn. En in die lig hiervan moet Deutsch se vraag, nl. "But when is a 'common' heritage common?"[115] beskou word. In Europa bestaan daar verskillende etniese eenhede binne dieselfde grondgebied wat reeds vir eeue deur dieselfde gebeure geleef het en tog nie'n eenheid gevorm het nie, omdat die verloop van dieselfde gebeure uit verskillende oogpunte beskou en geïnterpreteer word. Gevolglik kan - hoe paradoksaal dit ookal klink - dieselfde gebeure 'n sterker verdelende as bindende invloed op die betrokke etnieë uitoefen - as daar 'n onderlinge gebrek aan bereidheid tot wedersydse aanvaarding bestaan. Indien en sodra die wil tot wedersydse aanvaarding tussen etnieë ontstaan, word teruggewerk na historiese figure, hoedanighede en gebeure wat 'n kruispunt tussen die etnieë vorm ten einde historiese sanksie aan die eenheidstrewe te gee.[116] En as die strewe tot eenheid aanwesig is, word wel gemeenskaplike historiese simbole ontdek en gebeure ontbloot. Wat dus in wese plaasvind, is 'n verlegging

---

115. *Op. cit.*, (1953), p.5.

116. Die soeke na historiese sanksie blyk o.m. uit Weinstein, *Gabon: Nation-Building on the Ogooue*. M.I.T. Press. 1966, p.126 *et seq.* Ajayi, J. The place of African History and culture in the process of Nation-building in Africa South of the Sahara. *In:* Wallerstein (Ed.), *op. cit.*, p.606 *et seq.* Rivkin, A. *Op. cit.*, p.231.

van lojaliteit ten opsigte waarvan historiese sanksie gesoek word en waardeur die weg gebaan word vir 'n verdere gewigtige faktor, nl. die aanvaarding van dieselfde afstammingsverband.

Samevattend kan dit dus gestel word dat onderworpenheid aan dieselfde gebeure nie noodwendig lei tot die ontstaan van 'n gemeenskaplike historiese bewussyn ten opsigte van verskillende etnieë nie. Trouens, etnieë kan verdeeld bly juis vanweë hulle onderworpenheid aan dieselfde gebeure omdat dit verskillend geïnterpreteer word. Dit is so omdat elke etnos oor 'n eie, dog veranderbare, historiese bewussyn beskik.

### 3.5 Verdere kenmerke

Benewens die kenmerke wat reeds hierbo beskryf is, word 'n volk/etnos ook nog deur ander kenmerke onderskei waarop hieronder enigsins korter ingegaan word.

Die bestaan van 'n gemeenskaplike historiese bewussyn impliseer reeds die bestaan van 'n *eenheidsbewussyn*[117], d.w.s. dat die etnos hom bewus voel van sy bestaan as afsonderlike groep en gevolglik streef na vryheid, indiwidualiteit en prestige.[118] Hierdie bewussyn bestaan as gevolg van die waarneming van onderlinge ooreenkoms na binne en die gebrek aan ooreenkoms na buite (ander etnieë) sover dit identiteitsimbole aanbetref soos voorkoms, kleredrag, taal, ekonomie, sosiale en religieuse bedrywighede, ens. Hierdie *onderskeidende kenmerke*[119] hang ten

---

117. Mühlmann, *op. cit.*, p.44. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.12. Francis, *op. cit.*, p.396-397. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1969), p.12. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.42 *et seq.*

118. Hertz, *op. cit.*, p.21.

119. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1969), p.12.

nouste saam met en gee aanleiding tot die *besef van onderskei=ding van andere*[120]. Verder is dit so dat die eenheidsbewussyn slegs kan bestaan as daar *'n geloof in gemeenskaplike oorsprong of afstamming* bestaan[121] - ongeag wat die werklike feite sê. Dit is die aanvaarding van 'n gemeenskaplike "bloedband" wat 'n eenheid saambind en saamhou. Aangesien die "ons" van gemeen=skaplike oorsprong is, is die "hulle" van ander oorsprong, "bloed". Dié aanvaarding lei dan tot sosiale afstand tussen "ons" en "hulle" en loop uit op 'n praktyk van *endogamie*[122]. Hierdie eenheids- teenoor afsonderlikheidsbewussyn loop ook uit in twee stelle gedragskodes: ooreenkomstig die groepreëls na binne en so voordelig moontlik na buite sonder veel ag op more=le en etiese oorwegings.[123]

Vir die bestaan van die eenheidsbewussyn van 'n etnos is daar dus voortdurend 'n hele aantal subjektiewe faktore werksaam. In dié verband is die *psigomentale kompleks*[124] as verdere ken=merk van 'n etnos van wesentlike belang. Dit word aangedui as bestaande uit 'n groep funksionele aanpassingselemente wat ver=anderlik is; word beïnvloed deur die fisiese, fisiologiese en intellektuele milieu; het 'n kulturele inslag; reageer op die steeds bewegende en veranderende etniese ekwilibrium en inter=etniese druk; reël die onderlinge verkeer tussen lede van die eenheid en bind dit in. Gevolglik bestaan interetniese druk hoofsaaklik uit die stryd tussen verskillende psigomentale kom=

---

120. Mühlmann, *op. cit.*, p.44.

121. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.42. J.H. Coetzee, (1969), p.12. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.14.

122. *Ibid.*, p.12.

123. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.43.

124. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.25.

plekse met as oogmerk die beïnvloeding, verandering of vernietiging van die ander en loop alleen in ekstreme gevalle uit op gewelddadige botsing (oorlog) tussen die etnieë as draers van verskillende psigomentale komplekse.[125]

Ten nouste verbonde met 'n etnos is twee verdere kenmerke, nl. *etnosentrisme* en *nasionalisme*. Albei verskynsels neem die etnos as uitgangspunt vir wat reg en sinvol, behoorlik en belangrik is.[126] Etnosentrisme staan in direkte verband met en gee aanleiding tot etniese stereotipering. Terwyl die eie kultuurwaardes en metodes van doen as onbevraagtekenbaar aanvaar word, word kenmerkende elemente uit die kulture en waardesisteme van ander etnieë geneem, aangedik en tot algemene aanduiding geneem. Gevolglik is 'n Amerikaner "grootpraterig"; 'n Nederlander "beterweterig en ongeskik"; 'n Fransman "humeurig" of "vindingryk"; 'n Duitser "deeglik"; 'n Xhosa "kwaai"; 'n Zoeloe "trots", ens. ens.[127]

*Nasionalisme* "kan omskryf word as die liefde van die lede van 'n bepaalde volk vir daardie volk: dit veronderstel dus 'n bewussyn van die eenheid, waardering daarvoor, trou daaraan en optrede wat hierdeur gemotiveer word"[128]. Dit is 'n emosie en dus irrasioneel; dit bind die etnos saam, konsolideer dit na

---

125. *Loc. cit.*

126. Coetzee, J.H. *Op. cit.,* (1969), p.27.

127. Vgl. Shibutani & Kwan, *op. cit.,* p.86 *et seq.* Broek, J. National Character in the Perspective of Cultural Geography. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, Vol. 370, March 1967, p.10, en *ibid.*: J. Charlesworth. National Character in the Perspective of Political Science, p.24 *et seq.* Longmore, L. *The dispossessed.* Jonathan Cape. London. 1959 (1962), p.25-27.

128. Coetzee, J.H. *Op. cit.,* (1969), p.28.

binne en skep die behoefte aan 'n eie staat waarin die etnos hom in politieke opsig kan vergestalt. Dit is so oud as die mensheid self en het nie ontstaan - soos so dikwels beweer word - saam met die verskynsel van "nasiestate" nie.[129] Ook is dit nie saamvallend met die begrip nasie nie, behalwe waar die volk ook 'n nasie is. Dit is ook nie sinoniem met veel-etniese weerstandsbewegings soos anti-kolonialisme, anti-imperialisme, Pan-Afrikanisme of - erger nog! - "Swart nasionalisme" nie, en ook nie gelykluidend met patriotisme nie. Ook is dit nie die eksklusiewe besit van daardie eenhede wat volke in teenstelling met etnieë genoem word nie, en word oënskynlik ook nie in sy wese aangetas deur beskawing nie. Dit is nòg 'n deug om te be=sing nòg 'n ondeug om te betreur; dit kan, indien dit ontaard in chauvinisme, aanleiding gee tot onreg en onderdrukking, maar terselfdertyd is dit die middel waardeur 'n verontregte en on=derdrukte etnos aangespoor word om weer sy vryheid te herwin. Dit bestaan en die bestaan daarvan binne etnieë moet erken word. Dit kom egter voor asof die begrip hom tot minder mis=bruik sou leen as daarna verwys kon word as, soos Friedrich op=merk, "kulturisme"[130]. Wat anders is dit wat 'n etnos wat hom in 'n nuwe milieu bevind, motiveer om sy kultuur te "herower" in die aangesig van die erosie deur die nuwe omgewing?[131]

---

129. Anglo-Amerikaanse bronne voer nasionalisme terug na die ontstaan van die sg. nasiestate in Europa. (Vgl. Kohn, Minogue, Emerson e.a.). As nasionalisme 'n emosie eie aan 'n etnos is, kan dit nie anders as so oud as die mens=heid wees nie. Dit is ongelukkig dat nasionalisme ver=knoop geraak het aan die "nasiestaat", want daarmee word 'n verengde betekenis daaraan geheg.

130. Friedrich, L. Nation-building? *In:* Deutsch & Foltz, *op. cit.,* p.31.

131. Vgl. Bonzon, *op. cit.,* p.864.

'n Etnos word verder gekenmerk deur die feit dat dit 'n *kommu=nikasie-eenheid* is. Deutsch wys daarop dat 'n volk die gevolg is van 'n proses van sosiale lering en gewoontevorming. Vol=gens sy redenering word verskeie streke en strata deur sosiale kommunikasie onderling gekoppel en verbind aan 'n bepaalde kern. "Peoples", merk hy dan op, "are marked off from each other by communicative barriers, by 'marked gaps' in the efficiency of communication."[132] Shibutani en Kwan het waarskynlik iets soortgelyks in gedagte as hulle daarna verwys dat 'n etniese eenheid gekenmerk word deur eksklusiewe kommunikasiekanale.[133] Om toegang tot en deelname aan hierdie kanale te kan hê moet daar logies, soos aangetoon deur Friedrich, 'n ooreenstemming wees tussen die indiwiduele wil en die kollektiewe wil.[134]

Die rol wat *religie* as onderskeidende kenmerk van 'n etnos speel, is wisselend van aard. In sommige gevalle is religie van oorwegende belang soos bv. by die Joodse volk, Ierse volk en die etnieë van Pakistan, terwyl dit ook van gewigtige bete=kenis is vir die Arabiese etnieë wat oënskynlik nie onderskeid maak tussen burgerskap en religieuse oortuiging nie.[135] Ook weet ons dat die Ortodokse Kerk 'n kragpunt vorm vir die Grie=ke op Ciprus,[136] terwyl religie ook 'n etniese identifiserings=funksie vervul in state soos Nigerië, Tsjaad, Ethiopië en die

---

132. *Op. cit.*, p.59.

133. *Op. cit.*, p.59.

134. Weilenmann, *op. cit.*, p.44-45.

135. Minogue, *op. cit.*, p.116-117.

136. Emerson, *op. cit.*, p.158.

Soedan.[137] Elders is dit minder kenmerkend en word selfs ver=skillende religieuse vorme binne dieselfde volk geakkommodeer. Die Afrikanervolk met sy lede wat bestaan uit Calviniste, Rooms-katolieke, Metodiste, Presbiteriane en sekte-lidmate, is een voorbeeld hiervan.[138] Dieselfde geld binne daardie stamgemeen=skappe waar vooroueraanbidding naas een of ander "moderner" godsdiens voorkom. Dus kan religie 'n sterk onderskeidende kenmerk van 'n etnos wees, maar nie noodwendig nie.

Dan is 'n etnos ook 'n eenheid van *orde*. Alhoewel etnieë "pro=sesse" is wat morfologies verskil, vorm orde 'n gemene deler. As sodanig vorm hulle die teenpool van anomiese eenhede[139] waarin daar geen konsensus bestaan oor reg en verkeerd, goed en sleg nie. Die rede waarom 'n etnos oor hierdie kenmerk beskik, is af te lees uit die stellings hierbo. En juis in die feit dat dit 'n eenheid van orde is, lê die rede waarom die staats=lui van die wêreld die ideaal van volkwees nastreef.

Nieteenstaande die aanwesigheid van die afkomsbeginsel (bloed=band) in 'n etnos, is dit nie 'n absoluut geslote eenheid nie. Trouens, dit is *'n steeds veranderende en "oop" eenheid*[140], hoewel dit nie perkeloos "oop" is nie. Dit kan elemente uit ander etnieë opneem sonder om 'n ander volk te word,[141] maar indien die toevoer van vreemde elemente groter is as die ver=werkingsvermoë, verloor 'n volk/etnos sy karakter en neig om

---

137. Bonzon, *op. cit.*, p.873; 882.

138. Vgl. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1970), p.21-22.

139. Vgl. de Grazia, *op. cit.*, p.3 *et seq.* Weinstein, *op. cit.*, p.5.

140. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1969), p.48.

141. *Ibid.*, p.49.

te disintegreer. Die vermoë tot opname van vreemde elemente, die tempo van verwerking en die tempo van verandering, word oënskynlik bepaal deur die betrokke psigomentale kompleks. Die opname van vreemde elemente is egter 'n uiters komplekse proses wat psigologies gefundeerd is. Elemente van ander etnieë kan dan ook slegs binne 'n etnos opgeneem word indien daar 'n be=reidheid by die elemente bestaan om die gasheer etnos te aan=vaar en ook die gasheer etnos bereid is om die elemente te aan=vaar.[142] En juis omdat die opname van vreemde elemente nie 'n meganiese proses is nie, daarom kan 'n vreemde element nie "uit eie verkiesing", lid van 'n ander etnos word nie. In hierdie verband kom die gevatte opmerkings van Labuschagne aan die adres van Hoernlé in die gedagte, nl.: "Die globetrotting internasio=nalis kan nie die kleed van nasionalisme aandoen en *uit eie ver=kiesing* 'n ware Afrikaner word nie, net so min as wat hy uit eie verkiesing 'n ware Indiër kan word, ook al word hy besield deur die heroïese nasionale beweging van Ghandi, al raak hy met bid=dende verwondering vervuld vir die grootse Ghandi-persoonlikheid, al draai hy Ghandi se einste spinnewiel, al ombind hy Ghandi se einste lendekleed, al drink hy Ghandi se einste bokkemelk en al bly hy saam met Ghandi 'n hele lewe in die tronk."[143]

In terme van die voorafgaande is 'n volk dus 'n geordende dog steeds wordende, veranderende en "oop" mensegemeenskap wat die=selfde taal praat, dieselfde vaderland bewoon, oor 'n gemeen=skaplike historiese bewussyn beskik, dieselfde kultuur hand=haaf, bewus is van sy eenheid enersyds en sy onderskeiding van ander andersyds, 'n geloof in gemeenskaplike afkoms handhaaf,

---

142. *Loc cit.*

143. Aangehaal deur Stoker, *op. cit.*, p.238-239.

endogaam is, oor 'n eie unieke psigomentale kompleks beskik, 'n wilsgemeenskap en gevolglik 'n kommunikasie-eenheid is, 'n eenheid van orde is en gekonsolideer word deur 'n emosionele krag, nl. nasionalisme. 'n Volk is dus uiters selde identies met 'n ras, kan meer of minder as 'n nasie wees, kan ook 'n na=sie wees en kan deel vorm van 'n bevolking.

Laastens is dit aan te dui dat 'n volk slegs aangedui kan word indien daar 'n hele aantal van bovermelde kenmerke gelyktydig geïdentifiseer kan word in 'n gegewe empiriese situasie.

4. Die ontstaan van volke/etnieë

Die begrip volkswording word bevredigender gedek deur die term *etnogenese*, d.w.s. 'n samestelling van *etnos* en *genesis* (wor=ding, ontstaan, begin, geboorte, skepping, oorsprong).[144] On=der etnogenese word dan verstaan die wording van etnieë waar=van stamme, hordes, klans en volke voorbeelde of verskynings=vorme is.[145] Dus word dit as aanvangspunt erken dat basies die=selfde faktore en prosesse 'n rol speel en op die toneel kom by die wording van hordes, stamme en volke, ten spyte van die feit dat volke op 'n hoër niveau staan as die ander genoemde eenhede. Deur die probleem oor hierdie hoek te benader val daar 'n veel wyer veld oop waaruit tot teoretiese stellings geraak kan word. Welke faktore 'n etnogeniese rol speel, word hieronder aangedui en bespreek. Allereers egter enkele algemene opmerkings oor die proses van etnogenese.

---

144. Coertze, P.J. 'n Prinsipiële en Feitelike Inleiding tot die studie van die Bevolkingsvraagstuk in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, 22, 3 (1971), p.105.

145. *Loc. cit.*

Waarskynlik die mees fundamentele werk oor die ontstaan van etniese eenhede het ons uit die pen van Shirokogoroff in sy etnosteorie waarna reeds hierbo verwys is.[146] Mühlmann[147] het klaarblyklik veel te lere gevind in die werk van Shirokogoroff, terwyl Coetzee[148] en Coertze[149] op Suid-Afrikaanse bodem weer baie van Shirokogoroff en Mühlmann geleer het. Dit is egter erg te betreur dat die veel omvangryker en enigsins luidrugtiger literatuur uit die V.S.A. en Brittanje swyg oor die pionierswerke van Shirokogoroff en Mühlmann. Hiermee word die werke uit die V.S.A. en Brittanje nie verkleineer nie, maar die benadering en aksent lê wesentlik anders. Waar Shirokogoroff en Mühlmann die aksent plaas op die etnos en die "tegniese" (politieke) ordening van die etnos as van sekondêre belang beskou, lê die Anglo-Amerikaanse bronne die aksent andersom soos getuig deur die volgende stelling van Disraeli, nl. "If you destroy the political institutions which these influences have called into force ... you destroy the nation."[150] As Disraeli onder 'n "nation" 'n nasie verstaan, is die stelling gangbaar, maar indien hy daaronder 'n etnos verstaan, is die stelling simplisties. "Tegniese" instellings kan wel 'n eenheid skep, en indien die instellings vernietig word voordat 'n etnos bestaan, sal dit stellig disintegreer. Indien die eenheid egter reeds bestaan, is die tegniese instellings 'n produk van die etnos; en omdat die etnos oorspronkliker is as sy produkte, kan dit nie sonder meer

---

146. *Op. cit.*

147. *Op. cit.*, (1964).

148. *Op. cit.*, (1969); (1970).

149. *Op. cit.*, 1960; 1971.

150. Aangehaal deur Deutsch, *op. cit.*, 1953, p.7-8.

vernietig word as sy produkte vernietig word nie. In die lig hiervan is die aksent van Shirokogoroff en andere aanvaarbaar= der - sonder dat egter beweer wil word dat die "tegniese" orde= ning nie ook belangrik is nie.

Alhoewel 'n etnos op verskillende wyses kan ontstaan, kan dit slegs uit 'n ander etnos of etnieë ontstaan. Twee basiese ont= staanswyses is reeds deur Coertze aangedui, nl. deur die pro= sesse bekend as monogenese en heterogenese.[151] Indien 'n etnos ontstaan uit eensoortige mense, en onder die volgende omstan= dighede, is die ontstaan monogenies:

(a) Afstamming en vertakking van verskeie etnieë uit 'n gemeen= skaplike oer-etnos.

(b) 'n Hergroepering van verstrooide dog verwante etnieë in 'n nuwe etnos, en

(c) 'n spontane en onbelemmerde oorgang in tyd van dieselfde (ge= isoleerde) etnos na 'n ander etnos.[152]

Hierteenoor kan 'n etnos ook ontstaan en groei uit elemente of segmente wat weggesplinter het uit verskillende moederetnieë en uiteindelik in dieselfde omgewing 'n verblyf gevind het. 'n Et= nogeniese proses van hierdie aard staan dan bekend as heteroge= nese[153a]. Hierdie terme dui egter op abstraksies omdat weinig etnieë gedurende die afgelope aantal eeue op slegs een van die twee wyses plaasgevind het. Normaalweg kom beide prosesse op die spel en is dit komplementêr werksaam, bv. wanneer 'n afge=

---

151. Coertze, *op. cit.*, p.111.

152. *Ibid.*, p.111-112.

153a. *Ibid.*, p.112.

splinterde deel van 'n etnos as kern dien vir die fusieproses waarby ook nie-verwante etniese elemente betrokke is, of wanneer etniese elemente van verwante moederetnieë saamgroei en in die proses ook elemente uit nie-verwante moederetnieë opneem.

Uit die voorafgaande stellings is dit reeds af te lei dat twee prosesse grondliggend is aan die wording van volke of etnieë ongeag daarvan of dit oorwegend monogenies of oorwegend hetero=genies is. Die twee prosesse is dié van fissie en fusie, d.w.s. verdeling of splitsing en samesmelting of eenwording as gevolg van, onderskeidelik, sentrifugale en sentripetale kragte wat op 'n gegewe situasie inwerk. Die betrokke materiaal kan van ve=lerlei struktuur wees: pre- of proto-volke, volke, etnieë of dele van etnieë.[153b] Vir hierdie elemente om deur fusie tot 'n nuwe eenheid te word, moet hulle egter eerstens in 'n kontakver=houding gestel word. So 'n kontakverhouding ontstaan dikwels as gevolg van 'n spontane geografiese differensiasie/verspreiding van 'n bestaande etnos deur imperialisme, kolonialisme of die verhuising van elemente op soek na beter bestaansgeleenthede, of die byeendwinging van voormalig-onafhanklike etnieë deur die toedoen van 'n derde party wat in staat is tot die uitoefening van hoër druk as wat die betrokke etnieë indiwidueel kan weer=staan.

Waar weggesplinterde elemente uit verskillende moederetnieë in 'n kontakverhouding kom, kan dit alleen vergroei tot 'n etnos indien 'n plaaslik-gefundeerde sentripetale krag, omvattende die verskillende etniese elemente, ontstaan en waardeur 'n sen=trifugale krag uitgeoefen word ten opsigte van die oorspronklike

---

153b. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1969), p.45.

moederetnieë. Waar die materiaal bestaan uit etnieë wat deur ingrype van buite byeengedwing is, voorveronderstel die ont=staan van 'n nuwe etnos insgelyks die ontstaan van 'n almal-insluitende en oorheersende sentripetale beweging waardeur die sentripetale beweging binne die samestellende etnieë tot 'n ondergeskikte posisie gebring word. Die ontstaan van sulke om=spannende sentripetale bewegings is ten nouste verknoop en gaan gepaard met intensiewer onderlinge kommunikasie, funksionele interafhanklikheid en 'n groeiende kongruensie van waardes.[154] En teen hierdie tyd weet ons dat hierdie dinge alleen kan ge=beur indien die motivering daartoe aanwesig is en dat die mo=tivering alleen sal ontstaan indien die somtotaal van die voor=dele die somtotaal van die nadele te bowe gaan. Dus word die proses van etnogenese in die laaste plek bepaal deur die inter=pretasie wat deur die betrokke elemente aan die werklikheid ge=gee word.

In hierdie verband is daar egter reeds enkele determinante aan=gedui[155] en dinamika omlyn wat op die fusieproses inwerk.

Sover dit determinante betref, is daar die gegewenhede van kul=turele diversiteit en moontlik ook rassediversiteit wat psigo-sosiologiese faktore op die spel bring. Die gewig wat aan hierdie innerlike faktore toegeken word, berus egter op die in=tensionele - die belewenis daarvan deur elke samestellende een=heid. En hierin speel die geografiese en historiese faktore 'n determinerende rol, terwyl die aard van die interetniese milieu en die behoud van ekwilibrium ewe gewigtige faktore is vir die amalgamasie van etnieë. Hierdie faktore is onderling so ver=

---

154. Middleton, J. Introduction. *In:* Cohen & Middleton, *op. cit.,* p.6.
155. Coertze, *op. cit.,* (1971), p.110-111.

weefd en wedersyds beïnvloedend dat dit kwalik individueel uit=gelig en beskou kan word. Verder is die faktore van so 'n aard dat dit begunstigend of verswarend kan inwerk op fusie - afhan=gend van hoe dit beleef word. Ter voorbeeld: Bewoning van die=selfde grondgebied kan verenig maar kan ook die etniese ver=deeldheid laai met wantroue, wrok en haat. So kan 'n lang ver=blyf (geskiedenis) verenig, maar dit kan ook 'n bron vir voort=gesette verdeeldheid wees.

Algemeen gestel lei die geografiese omstandighede egter wel tot die ontstaan van nuwe etnieë. Indien 'n etnos sy oorspronklike grense oorgroei en verspreid raak in verskillende streke, ver=oorsaak die aanpassing by die eise van die verskillende streke en die ontstaan van plaaslike belange uiteindelik die ontstaan van middelpuntsoekende bewegings binne die verskillende stre=ke - en dus middelpuntvliedende bewegings ten opsigte van die oorspronklike kern. Sou die moedereenheid meganismes in die werk stel om die neiging tot wegsplintering te bekamp (sentra=lisasie van politieke mag in die kern of 'n sirkulasie van men=se tussen die streke en kern), impliseer dit 'n "... loss of power of local adaptation to the changing conditions of envi=ronment and thus a loss of vitality ..."[156]. Aanpassing by die nuwe milieu met sy unieke probleme, behoeftes en omstandighede staan dus direk in botsing met voortgesette deelname aan die moederlands-gebaseerde sentripetaliteit. Hoe sterk die kragte is wat in werking gestel word deur die eis van aanpassing by die milieu en wat gepaard gaan met 'n afname in kommunikasie, groter funksionele onafhanklikheid en 'n differensiasie in waardes t.o.v. die kern, kan afgelees word uit die historiese verloop in feitlik alle streke waar kolonisering in die Griekse

---

156. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.14.

sin van die woord plaasgevind het en waarvan die V.S.A.[157] en Suid-Afrika[158] as voorbeelde aangehaal kan word. Vir Angola en Mosambiek kan, ook na analogie van Brasilië, 'n soortgelyke weg voorsien word.[159]

Soos die geografiese omstandighede is ook die historiese omstan= dighede van gewigtige belang by die ontstaan van volke/etnieë. Dit is so omdat geen etnos in 'n vakuum leef nie; hy leef te midde van ander etnieë wat beter of swakker aangepas is by die omgewing en dus in staat is om situasies te skep waaroor hy geen beheer het nie. Indien 'n etnos beter aangepas is as an= der, skep hy dikwels situasies wat momenteel voordele inhou, maar uiteindelik kan lei tot sy disintegrasie. Hierin lê ook die ironie van die historiese faktor: die sterkeres is in staat om die swakkeres te vernietig omdat hulle swakker is, maar die sterkere vernietig homself ook dikwels omdat - in sy eie oë - sy superioriteit só onaantasbaar en ewig is dat hy uiteindelik van binne uitmekaar val[160] en sy elemente òf oorweldig word deur ander etnieë en deur hulle geassimileer word òf kerns vorm waar= by ander etniese elemente hulle aanheg en so nuwe etnieë vorm.

---

157. Vgl. Merrit, L. Nation-building in America: The Colonial Years. *In:* Deutsch & Foltz, *op cit.,* p.56 *et seq.*

158. Coetzee, J.H. *Op. cit.,* (1970), p.9.

159. Vgl. bv. Wilgus, A.C. & R. d'Eca. *Latin American History.* Barnes & Noble. New York. 1939 (1967), p.145-146. Vgl. verder: Syme, Sir R. *Colonial Elites: Rome, Spain and the Americas.* O.U.P. 1958. Carrington, C.E. *The British Overseas.* Cambridge Univ. Press. 1950, p.523 *et seq.* Keller, A.G. *Colonization: A Study of the founding of new Societies.* Ginn & Co. New York. 1908.

160. Vgl. in die verband Rostovtzeff, M. *Rome.* O.U.P. New York. 1960, p.318 *et seq.,* besonderlik p.322.

Wat die besondere patroon is waarin etnieë teenoor mekaar te staan kom en waarbinne die prosesse van fissie en fusie plaas= vind (onderlinge samewerking, naasbestaan, onderwerper en onder= worpene, uitdelging, aftakeling en amalgamasie) is die gevolg van skommeling deur historiese faktore. Maar ook die skomme= ling geskied nie sonder reëls nie: in die proses van skomme= ling is die vermoë tot behoud van etniese ekwilibrium en uit= oefening van interetniese druk van bepalende betekenis.

Etniese ekwilibrium bestaan binne 'n etnos indien daar 'n ba= lans bestaan tussen die sentripetale en sentrifugale kragte wat werksaam is binne die etnos.[161] Omdat hierdie kragte nie kon= stant is nie en beïnvloed word deur faktore van buite (ekologie= se omstandighede en interetniese milieu) en van binne (psigo= mentale kompleks), is die ekwilibrium feitlik daagliks verande= rend en is die etnos dus wordend of verwordend. Nou is dit ook so dat die etniese ekwilibrium voortdurend moet aanpas by die wisselende graad van druk vanuit die interetniese milieu waar= aan die etnos onderworpe is. Om te kan voortbestaan moet 'n etnos dus in staat wees om die druk van ander etnieë te kan weerstaan. En dit word bepaal deur bevolkingsgetal, gebied, aanpassingsvermoë en vermoë tot verhoging van sentripetale krag. Sou die druk van buite plotseling verhoog word en die psigomen= tale kompleks is nie in staat om deur aanpassing genoegsame energie te lewer nie, word die eenheid oorweldig[162] en verloor sy gesagsoorspronklikheid oor sy gebied aan die hand van 'n an= der beter aangepaste etnos. Sou die etnos egter deur sy psigo= mentale kompleks in staat wees om sy sentripetale krag te ver=

---

161. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.14.

162. *Ibid.*, p.18 *et seq.*

hoog ten einde dieselfde graad van teendruk uit te oefen as waaraan hy onderworpe is, kan hy voortbestaan. Onder omstandighede van hoë druk is 'n etnos geneig om sy grense te verhard. Indien die druk van buite onder sulke omstandighede plotseling afneem, stimuleer dit die sentrifugale kragte sodat die eenheid neig na disintegrasie. In ander terme gestel: Gemeenskaplike belange raak meer intens wanneer dit bedreig word, en gevaar het 'n sterker verenigende invloed as die onbetwiste genieting van verkreë regte.[163] Sodra die gevaar verdwyn, verdwyn ook die uitdruklike saamhorigheid. Indien daar dus reeds 'n mate van streeks- of sosiale differensiasie binne 'n eenheid bestaan, is dít geneig om te eskaleer sodra die interetniese druk afneem. So 'n etnos is dan in basies dieselfde posisie as 'n etnos wat sy grense oorgroei en ander etnieë onderwerp het: sy energie word opgebruik in sy pogings tot verkryging van ekwilibrium, sodat daar nie energie beskikbaar is vir verdere groei en stabilisering na binne nie.[164] Dán breek elemente weg en vorm nuwe etnieë.

Deur 'n proses van fissie word dus kerns vrygestel wat kan ontwikkel tot etnieë of deur 'n proses van fusie met ander etnieë of elemente van etnieë 'n nuwe etnos kan vorm. Myns insiens is daar twee basiese variasies in die fusieproses te onderskei, nl. wat genoem kan word simmetriese fusie en asimmetriese fusie. Eersgenoemde proses vind plaas indien 'n aantal etniese eenhede wat naas mekaar staan op streeks- of funksionele grondslag, of beide, in 'n koöperatiewe verhouding wat gebaseer is op 'n arbeidsverdeling, te staan kom. So 'n toestand van funksionele

163. Vgl. ook Weilenmann, *op. cit.*, p.41.

164. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.19.

interafhanklikheid kan wel vir 'n lang tyd bestaan sonder fusie, maar sodra hierdie patroon, ten einde permanensie daaraan te gee om die sekuriteit van die meewerkende eenhede te verhoog (want geen enkele eenheid kan dan meer onafhanklik bestaan nie) georganiseer word (hoofsaaklik in politieke verband) om druk vanuit die interetniese milieu teen die kompleks te weerstaan, is die ontstaan van 'n sentripetale krag binne die kompleks baie waarskynlik.[165] Verhoogde druk op die kompleks sou die ontstaan van so 'n krag verhaas.

Waar simmetriese fusie op die horisontale vlak plaasvind, vind asimmetriese fusie dan op die vertikale vlak plaas en wel deur 'n proses van assimilasie. Asimmetriese fusie voorveronderstel 'n besonder lewenskragtige en kultureel-leidende etnos wat sy grense oorgroei, ander etnieë onder sy gesag bring en nuwe bestaansvoorwaardes stel.[166] Normaalweg ontstaan daar in so 'n situasie 'n vertikale funksionele interafhanklikheid met 'n ekonomiese basis en streef die onderskikkende etnieë na assimilasie binne die hoër sisteem - die sogenaamde *Aufstiegassimilation*[167]. Indien die demografiese faktor sodanige assimilasie toelaat, verloop dit deur 'n oorname van die kultuur van die heerser, 'n vermindering in sosiale afstand, 'n herdefiniëring van etniese kategorieë en die ontstaan van 'n nuwe morele

---

165. Coertze, (*op. cit.*, (1971), p.113) erken basies dieselfde feit.

166. Dit behels alle situasies wat in wese imperiaal is, ongeag wat die etniese of rassesamestelling daarvan is.

167. Vgl. Mühlmann, *op. cit.*, (1964), p. 65. Hy verwys in die verband na die Drawidisering van die Munda en Indarisering van die Drawidiërs; Tungisering van die Jukaghi en Jakutisering van die Tungu.

orde.[168] Namate die proses vorder - en gegewe dat daar 'n re= delike mate van druk van buite bestaan - neig die onderskikkende etnieë om hulle sentripetale bewegings te verloor ten gunste van die samestellende eenheid, en "This colony of units with the course of time may become an ethnical unit"[169].

Indien die demografiese faktor egter nie sodanige assimilasie toelaat nie en die heersende eenheid gevolglik sy (sosiale) grense sluit vir die onderskikkende etnieë, kan 'n psigologiese opbou teen die grense verwag word. Onder die omstandighede vind daar 'n innerlike opstand teen en verwerping van die beeld (iden= titeit) wat die omgewing (stelsel) op die onderworpe etnieë wil afdwing, plaas; word ook die ligitimiteit van die stelsel (so= siale orde) verwerp; word die verlede geïdealiseer, nuwe sim= bole aanvaar en word oorkoepelende simbole aangewend om die on= derworpe etnieë tot bondgenote te maak.[170] So kan, indien die situasie lank genoeg volgehou word, die heersende etnos as ver= wysingspunt dien vir die ontstaan van 'n sentripetale beweging waarby alle of slegs sekere van die onderworpe etnieë betrokke kan wees en waaruit 'n etnos na vore kan kom.[171]

---

168. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.534 *et seq.*

169. Shirokogoroff, *op. cit.*, p.20.

170. "Swart bewussyn", "Swartes" (i.p.v. nie-blankes), "Black is beautifull" is enkele hiervan. Die beweging fokus dik= wels op diskriminasiesimbole, bv. die "pasboek", lone, die terme "boy" of "Kaffer" in S.A. In Nigerië het die pejo= ratiewe gebruik van *tukrur* 'n verenigende invloed onder die Hausa uitgeoefen. (Paden. *In:* Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.265.) Vgl. ook Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p. 361 *et seq.*

171. Schutte, A.G. Intentionality, identity and administra= tion. M.S. 1971.

Uit die hierbo gestelde fusie-variasies blyk dit dat 'n eksterne gegewene noodsaaklik is vir die ontstaan van 'n etniese eenheid.[172] Hierdie objek wat dien as katalisator is veranderlik en kan bestaan uit 'n politieke figuur, 'n religie, taal, ideologie of gemeenskaplike vyand - ook in die vorm van 'n heersende etnos. Wat ookal die aard daarvan, dit *word beleef* as 'n sosiale feit waardeur mense verbind word aan mekaar. Wat verder opmerklik is, is die oënskynlike feit dat die katalisator kan verval sodra dit sy inkorporerende of integrerende funksie verrig het. Sodra die nuwe eenheid oor 'n sentripetale krag beskik, kan dit van motiveringsobjek verwissel sonder om te disintegreer.

Uit die bespreking tot dusver is dit duidelik dat die proses van etnogenese verskillend kan verloop. Algemeen gestel is die stadia van "ontwikkeling" waardeur etnieë gaan dié van uitbreiding - fissie - nuwe kombinasie (fusie).[173] En wat ookal die empiriese verloop van 'n fusieproses is, die stelling van Kuyper bly basies waar: Fusie kan ontstaan op drie wyses, nl. deur vriendskap, die huwelik en geweld.[174] Die faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n fusieproses wissel egter van geval tot geval. Die onderstaande faktore is na ons mening egter die mees algemene waar 'n etnos gevorm word uit 'n veelheid van etnieë en elemente van etnieë.

---

172. Francis, *op. cit.*, p.398.

173. *Loc. cit.*

174. *Op. cit.*, p.156.

## 5. Volksvormende faktore

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat die wording van 'n volk/etnos 'n komplekse proses is en dat 'n verskeidenheid faktore 'n rol in die proses speel. Na ons mening staan dié faktore egter in noue verband met die reeds aangeduide kenmerke van 'n volk en bied die kenmerke dus 'n leidraad tot die iden= tifisering van die faktore wat noodwendig voorsiening moet maak vir sake soos nasionale integrasie, territoriale integrasie, elite-massa-integrasie, en integrerende gedrag.[175]

### 5.1 Grense

Die ontstaan en bestaan van 'n etnos hang saam met die ontstaan en bestaan van grense, d.w.s. enige sosio-kulturele, politieke, ekonomiese of sosiologiese verskynsel wat etniese eenhede van mekaar skei. Grense impliseer dus in die eerste plek sosiale afstand tussen etniese eenhede wat veelal geprojekteer word op die geografiese omgewing. Omdat etniese eenhede voortdurend in kontak met ander etniese eenhede is, impliseer die voortbestaan van 'n eenheid dan ook dat daar 'n struktuur van interaksie, waarin voorsiening gemaak word vir die voortbestaan van onder= skeie eenhede, tussen die eenhede bestaan.[176] Gevolglik kan die stelling van Weinstein, nl. dat grense deel van die nasio= nale kultuur is, onderskryf word.[177] Indien die interetniese verkeer sou lei tot die vermindering van kultuurverskille, im=

---

175. Weiner, M. Political and Social Integration: Forms and Strategies. *In:* Nordlinger, E.A. (Ed.). *Politics and Society*. Prentice-Hall. New Jersey. 1970, p.199.

176. Barth, F. Introduction. *In:* Barth, F. (Ed.), *op. cit.*, p.16.

177. Weinstein, *op. cit.*, p.211.

pliseer dit 'n vermindering van die sosiale afstand en 'n verslapping van grense; en hoe onvaster die grense hoe hoër die graad van fusie.[178] Hierteenoor dui die ontstaan en verharding van 'n grens binne 'n eenheid op 'n proses van fissie.

Daar is reeds op gewys dat 'n etnos gekoppel is aan 'n bepaalde grondgebied en oor 'n bewussyn van territorialiteit beskik, maar dat almal wat dieselfde territorium bewoon nie noodwendig 'n etnos vorm nie. Daarom is grondgebied, *per se*, nie 'n bewys van etnisiteit nie en daarom ontstaan 'n etnos dan ook altyd binne die territorium van 'n ander etnos of etnieë. So kan daar binne grondgebied A onder gesag van staat Z, veetelers(M), landbouers (N) en vissers (O) elk 'n afsonderlike etnos bly. Die grens tussen M en O kan verhard terwyl dit tussen M en N versag. Dit sou dan daartoe lei dat die graad van vreemdelingskap tussen M en O groter is as dié tussen M en N.[179] Verder kan die grense tussen M, N en O onderling harder of sagter wees as die gemeenskaplike sosiale grens met buite-territoriale eenheid R. Territoriale begrensdheid is dus maar een aspek van begrensing en is eerder die gevolg as die oorsaak van sosiokulturele begrensing. En sosiokulturele grense is nooit "vas" of finaal nie, omdat die draer van die grense - die etnos - nooit finaal is nie. Die geldigheid van die kontoere is aan daaglikse toetsing onderworpe waarin 'n aantal faktore soos askriptiewe waardes, taal, kultuur, religie en interetniese druk 'n belangrike rol speel. 'n Grens word versterk deur die voortgesette identifisering van die lede van 'n etnos met sodanige grens; toenemende kommunikasie oor die grens dui dus reeds op 'n mindere mate van identifikasie en dus op 'n fusie-tendens.

---

178. Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.9.

179. Colson, J. The assimilation of Aliens among Zambian Tonga. *In: Ibid.*, p.36.

Dit kan dus gestel word dat die graad van fissie of fusie 'n funksie is van die intensiteit en omvang van sosiale en kultu=rele grense.[180] Wat die intensiteit en omvang op 'n gegewe stadium is, kan empiries vasgestel word; so ook wat die ten=dens is.

5.2 Kultuur en taal

Kultuur, wat die essense van die bestaan van 'n etnos is, is eerder die gevolg as die oorsaak van die bestaan van 'n etniese eenheid.[181] Omdat kultuur die vrug is van die kollektiewe werk=saamheid van 'n mensegemeenskap in sy pogings om homself beter aan te pas by sy omgewing, is dit 'n proses wat aan voortduren=de verandering onderworpe is. Soos sy draer, die etnos, is kultuur egter ook 'n proses wat nie perkeloos veranderlik is nie.

Bepaalde vorme en waardes word veronderstel deur en is ingebed in 'n kultuur. Wedersydse begrip word dus vereis vir die in=teraksie van kulture. Die mate van interaksie tussen etnieë word gevolglik bepaal deur die gemeenskaplikheid van waardes wat kan bestaan uit 'n religie, beeste, vroue, taal, openbare institusies, ens. So bv. voorveronderstel die verhouding tus=sen Tutsi en Hutu 'n premie op die besit van vee en word Alur en Nie-Alur gebind deur 'n premie op kapteinskap vir die maak van reën, konflikoplossing en leierskap in oorloë teen ander eenhede.[182] Ekonomiese, sosiale, religieuse en politieke waardes, gelees met die soeke na bestaansveiligheid, is alge=

---

180. Cohen & Middleton. Introduction. *In: Ibid.*, p.9.

181. Barth, *op. cit.*, p.11.

182. Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.22.

meen geldend en lei tot patronaatskappe wat dikwels ongemerk oorloop in kultuurverandering en fusie. So getuig ook die etno-historie van die Tswana oorvloediglik daarvan dat 'n *kgôrô* wat woonregte (sekuriteit) in die gebied van 'n ander stam verkry het, uiteindelik daarin opgaan.[183]

Ter herhaling: Kultuur dien as sif vir die opname van vreemde elemente deur 'n etnos. Insgelyks kan twee verskillende etnieë alleen betrokke raak in 'n fusieproses indien hulle in terme van kultuur "soos mekaar word". Daarom is kultuurinhoud wat veranderlik is en ook aanleerbaar is, 'n belangrike fusiefaktor.

Alhoewel *taal* 'n wesentlike faktor is in die fusieproses,[184] kan daaroor moeilik veralgemeen word. Die Kleurlinge en Afrikaners in Suid-Afrika is 'n ongemaklike voorbeeld hiervan. Die aanvaarding van die taal en kultuur van die heersende of gasheer-etnos vorm dikwels die basis waarop fusie plaasvind, maar dit is ook nie altyd die geval nie. Die uitbreiding van Kanuri in die Tsjaad-bekken, Dyula in die Ivoorkus en die ondergang van Fulani teenoor Hausa in Nigerië, getuig hiervan.[185] Ook dui die Confuciaanse gesegde "When the barbarian enters China - ook as oorwinnaar - he becomes Chinese,"[186] op dieselfde verskynsel. Die oorspronklike dominasie van Sweeds in Finland en die latere vervanging daarvan deur Fins en gevolglik 'n aanvaar-

---

183. Schapera, I. *The Ethnic Composition of Tswana Tribes.* London. 1952.

184. Vgl. bv. Wallerstein, I. Ethnicity and National Integration in West Afrika. *In:* Finkle, J. & R.W. Gable. (Eds.). *Political Development and Social Change.* Wiley. New York. 1966 (1971), p.672.

185. Cohen & Middleton, *op. cit.,* p.23.

186. Shibutani & Kwan, *op. cit.,* p.129-130.

ding van Finse name deur Swede,[187] bevestig dit verder. Hierdie voorbeelde getuig egter ook van 'n ander feit, nl. dat die taal van die mees gemobiliseerde etnos (dus die kultureel-leidende) eventueel domineer, ongeag of dié eenheid gasheer, heerser of onderworpene is. Die taal en kultuur van dié eenheid wat die beste aangepas is by die gegewe milieu, dien dus as basis vir fusie.[188]

Die oordrag van die taal van een etniese eenheid aan 'n ander word sterk bevorder indien daar 'n gevestigde patroon van asimmetriese huweliksluiting tussen etnieë bestaan.[189] Deurdat vroue uit een groep geneem word deur mans van 'n ander groep en hierdie vroue hulle kinders sosialiseer in die taal en gebruike van die moeder se eenheid, word die sosiale afstand tussen die eenhede verminder en word die groepe "verwante" van mekaar.

Taal en kultuur moet dus as 'n potente fusiefaktor aangemerk word. Assimilasie van elemente uit 'n ander taal en kultuur vloei normaalweg uit die interaksie van etnieë, maar omdat sodanige verandering ook 'n inwerking het op die psigomentale kompleks, is daar perke aan die tempo van assimilasie van taal en kultuur en dus aan fusie.

## 5.3 Kommunikasie

Kommunikasie en akkulturasie is ten nouste verbonde aan mekaar as faktore in die fusieproses. Akkulturasie stel kommunikasie tussen etnieë as 'n voorwaarde terwyl die omvang en intensiteit

---

187. Deutsch, *op. cit.*, (1953), p.106.

188. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.471.

189. Vgl. Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.18 *et seq.*

van kommunikasie onder meer bepaal word deur die gemeenskaplikheid van waardes en norme, d.w.s. die gevolge van akkulturasie tussen twee of meer "inbewegende" etnieë. Merrit se beskrywing van die fusieproses in die V.S.A. illustreer dan ook welke belangrike rol die kommunikasiefaktor in die ontstaan van 'n etniese eenheid speel of kan speel.[190] Deur kommunikasie ontstaan daar bepaalde gestandardiseerde kommunikasiemetodes en -gebruike, simbole (taal, alfabet), 'n gemeenskaplike geheue (geskiedenis), gemeenskaplike waardes (kultuur), asook 'n groter mate van komplementariteit en dus interetniese binding as voorwaarde vir fusie.

Deutsch redeneer dat die patrone waarvolgens kommunikasie tussen etnieë plaasvind die gevolg is van sosiale lering. Omdat boodskappe gelees word teen die agtergrond van opgegaarde inligting en ook beïnvloed word deur die kommunikasiekanaal self, asook die wyse van terugkoppeling, is dit aan wysiging onderworpe.[191] Hieruit volg dit dat hoe kleiner die invloed van opgegaarde inligting en hoe hoër die inset van assimilasie-ervarings hoe vinniger die tempo van fusie.[192] Hierteenoor word egter ook aangetoon dat "If different experiences are constantly fed into similar systems of communication and learning, the information stored in each such system, and the system's output which that stored information helps to shape, will become different"[193]. Die gevolg hiervan is intensiewer kommunikasie binne 'n wordende subgroep en minder na buite wat dui op 'n proses van fissie.

---

190. Merrit, *op. cit.*
191. Deutsch, *op. cit.,* (1953), p.91-92.
192. *Loc. cit.*
193. *Ibid.,* p.94.

Hiermee word nie te kenne gegee dat die skepping van kommuni= kasiefasiliteite tussen etnieë noodwendig lei tot fusie nie. Ander faktore moet eerstens die bereidheid of aandrang tot kom= munikasie daarstel voordat kommunikasie sy rol kan speel in die bevordering van begrip, simbole, waardes, ens. Die motivering tot kommunikasie kan van velerlei aard wees soos funksionele in= terafhanklikheid, gemeenskaplike vyande, bewoning van dieselfde grondgebied, ens. Indien twee of meer eenhede dus uit hoofde van verweefde belange hulle onderlinge kommunikasie intensifi= seer, is daar voldoen aan 'n vereiste vir fusie.

Met behulp van dwang kan verskillende eenhede byeengebring en gehou word, maar geen organiese binding kan bestaan indien die polisentriese opset nie deur onderlinge kommunikasie ingebind word nie. Sonder kommunikasie kan die aggregaat nie tot 'n eenheid word nie en sal die sosiale afstand voortbestaan, want "... *the extent to which different individuals are able to de= velop consensus depends upon their participation in common com= munication channels*"[194].

## 5.4 Religie

Tot dieselfde mate as wat religie 'n kenmerk van 'n etnos is speel dit 'n rol in die ontstaan van etnieë deur sowel die pro= sesse van fissie as fusie. Afhangend van die gegewe situasie kan een nasionale godsdiens 'n bindende faktor van onbereken= bare krag wees,[195] terwyl die gebeure in Ierland, Ciprus en die uiteengaan van Indië en Pakistan daarvan getuig dat religieuse verskille ook 'n fissiefaktor van onberekenbare krag kan

---

194. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.573.

195. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1969), p.51.

wees.[196a] Apter moet dus gelyk gegee word dat die religie 'n kragtiger faktor as enige ander "form of thought" is of kan wees.[196b] "So fundamental is its power," skryf hy "that one cannot examine individual conduct or desires without reference to it ... religion acts into human personality in a way in which ordinary ideological thought rarely does."[197] Gevolglik word religie ook deur Geertz geïdentifiseer as 'n primordiale verband,[198] d.w.s. 'n gegewene van die sosiale bestaan wat gesien word as hebbende "... an ineffable and at times overpowering, coerciveness in and of (itself)"[199].

Soos gestel, is die rol daarvan in die etnogeniese proses egter wisselend. In die gevalle van Pakistan en Israel is religie nie los te maak van die nasionale bestaan nie, terwyl dit ook in Japan en die V.S.A. 'n belangrike integrerende rol gespeel het[200] - soos wat dit ook die toneel oorheers in Libanon en vir verskeie groepe in ander state soos die Karens en Moslem Arakenese in Burma, Amonese in Indonesië, Moro's in die Fillipyne en Sikh's in Punjab-Indië.[201] In Sjina het dit wel 'n geringer rol gespeel, terwyl die Turkye van Atatürk sy amptelike rug op die

---

196a. Vgl. Mason, P. *Patterns of Dominance.* O.U.P. 1971, p.163

196b. Apter, D. *In:* Geertz, *op. cit.,* p.64.

197. *Loc. cit.*

198. Geertz, C. *In:* *Ibid.,* p.113.

199. *Ibid.,* p.109.

200. Emerson, *op. cit.,* p.159. Merrit, *op. cit.,* p.63.

201. Geertz, *op. cit.,* p.113. Vgl. ook Minogue, *op. cit.,* p.116-117.

religieuse faktor gedraai het.[202] Die tradisionele religieë van Afrika kom insgelyks voor as 'n betreklik onmagtige faktor, terwyl die rol van "ingevoerde" religieë, byvoorbeeld Islam en Christelike godsdienste, 'n wisselende rol speel.[203]

Waar 'n politieke ideaal egter geplant word op 'n religieuse wortel, dáár word die religie oënskynlik 'n kragtige faktor vir fissie of fusie. Daarom staan die gemeenskaplike godsdiens met sy *Jihad* sentraal in die Arabiese eenheidstrewe en het die Christen-Mohammedaan-skisma ook as voedingsbron gedien vir die gebeure in Nigerië, Soedan en Tsjaad[204a], terwyl dit ook in Suid-Afrika die godsdiens was wat saam met enkele ander faktore gedien het as aambeeld waarop die bevolkingsverhoudingspatroon gesmee is.[204b] Ten opsigte van laasgenoemde gebied is die betrokkenheid van die verskillende kerkliggame by en hulle uitsprake oor die sogenaamde "rassekwessie" 'n verdere bewys hiervan - soos die feit dat politieke bewegings in koloniale gebiede veelal hulle oogmerke regverdig in religieuse terme en sodoende 'n Christussanksie verkry vir dikwels wesentlik onchristelike dade.

---

202. Emerson, *op. cit.*, p.159.

203. Emerson, R. Nation-building in Africa. *In:* Deutsch & Foltz, *op. cit.*, p.115.

204a. Vgl. Bonzon, *op. cit.*, p.873.

204b. Vgl. bv. Scholtz, G.D. *'n Swart Suid-Afrika?* Nasionale Boekhandel. 1964, p.20 *et seq.* Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1970), p.13. Union of South Africa. *Summary of the Report of the Commission for the Socio-Economic Development of the Bantu Areas within the Union of South Africa.* U.G. 61/1955. Govt. Printer. Pretoria. 1955, p.18 *et seq.*

Oor die rol van religie as fissie- of fusiefaktor kan afgesluit word met dié opmerking van Deutsch: "National consciousness thus arises ... first in the language of religion, then in the language of politics, and finally in terms involving economics and all society."[205]

5.5 Die huwelik

Tot dusver het ons deurgaans na 'n etnos verwys as 'n endogame eenheid. Daarmee word egter nie bedoel dat daar geen interetniese huwelike plaasvind nie, maar bloot dat die persentasie interetniese huwelike niksbeduidend is in vergelyking met die persentasie intraetniese huwelike. 'n Konstante stygende of dalende tendens in interetniese huwelike is egter 'n goeie aanduiding van grensbehoud, -versagting of -verharding, onderskeidelik.

Indien daar 'n gelyke verhouding in geslagte (sekse) binne 'n eenheid bestaan en monogamie is die aanvaarde praktyk, kan die eenheid selfvoorsienend wees. In 'n kultuurpatroon waar poligamie 'n aanvaarde praktyk is en waar vroue dien as statussimbool en sekuriteit, kan die eenheid egter kwalik in sy eie behoeftes voorsien en word vroue dikwels vanuit 'n ander eenheid of eenhede "ingevoer" as vroue of bywywe. Dié praktyk geld veral waar daar 'n verskil in politieke en ekonomiese status tussen eenhede bestaan, bv. Hima - Iru.[206] Die dominante groep kry dus vroue uit die ondergeskikte groep, maar laat nie vroue uit die dominante groep toe om 'n huwelik te sluit met 'n man

---

205. *Op. cit.*, (1953), p.153.

206. Okberg, K. The Kingdom of Ankole in Uganda. *In:* Fortess & Evans-Pritchard (Eds.). *African Political Systems.* O.U.P. 1940 (1958), p.130-131.

uit die laere groep nie.[207]

Teenoor hierdie asimmetriese patroon kan daar ook 'n simmetriese patroon bestaan soos by die Nyamwezi en Shumba,[208] waar vroue in beide rigtings beweeg en waar daar reeds (as gevolg hiervan) 'n redelike mate van kulturele eenvormigheid bestaan.

Indien die verkeer van vroue oor die etniese grens swaar is, simmetries of asimmetries, speel die huishouding 'n besondere rol in die fusieproses en kan dit by uitstek as die fusie-arena beskou word. Die kind word dus ook geskool in die taal en kultuur van sy moeder (wat van elders kom) en verkry ook betekenisvolle verbintenisse met sy moeder se bloedverwante "... which in turn creates tendencies toward bilateral kinship such that he has rights to land, membership, and mutual obligations to both his matri- and patri- kin."[209] Hiermee word kultuur, taal en religieuse eenvormigheid bevorder, kommunikasiekanale oopgestel en daarmee saam, sosiopolitieke grense deurbreek wat dui op fusie. Die praktyk by die Mossi om aan 'n intrekkende vreemdeling 'n Mossi-vrou uit die stamhoof se "poel" te gee op voorwaarde dat sy oudste dogter weer in die "poel" gestort word,[210] het dieselfde effek.

Deur die huwelik word vreemde elemente ook biologies met die etnos verenig en word hulle dus deel van dieselfde "bloedverband". Goody se opmerking is ook hier van pas, nl.: "In terms of kinship, marriage usually establishes the domestic

---

207. Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.18-19. Dit is 'n toestand wat betreklik algemeen in sulke situasies voorkom.

208. *Loc. cit.*

209. *Loc. cit.*

210. *Ibid.*, p.20.

group that forms the template of culture, the unit of socialization, that is, of cultural incorporation."[211]

## 5.6 Sosialisering

Die ingesteldheid of intensie van etniese eenhede teenoor mekaar (stereotipe beelding, psigologiese struikelblokke in die kommunikasiekanale, wanbegrip, wantroue, begrip, aanvaarding, identifisering) is tot 'n baie groot hoogte die gevolg van opvoeding, oftewel sosialisering van die jeug in die waardesisteme en denkpatrone van die groep of eenheid. Georganiseerde onderwys (skool of inisiasie-onderrig) het 'n belangrike rol te speel in die kulturele "indoktrinasie" of vorming van die jeug: daardeur word die jongeling ingelei in die nasionale geskiedenis en word waardering daarvoor gekweek; word hulle bekend gestel met die eie literatuur en morele kodes. Maar die sosialisering bestaan ook buite "skoolverband" en dit speel dikwels 'n belangriker rol in die vorming van waardes, houdings en ingesteldhede ten opsigte van ander etnieë as die formele onderrig. In dié verband is daar die gesin, familie, eie ouderdomsgroep, religieuse groep en leidende figure in die talle ander verbande waarin die indiwidu hom bevind. Verder is dit die persoonlike ervaring aan die hand van 'n etnies-vreemde wat blywende indrukke laat - ten goede of ten kwade. Of die indruk egter goed of kwaad gaan wees, word beïnvloed deur die begrip wat daar vir die gedrag van die ander bestaan.

Dus meen ons dat daar 'n verband bestaan tussen die inhoud van die sosialisering en die interpretasie van die interetniese milieu. 'n Hoër beskawingspeil met sy groter kennistoerusting

---

211. Goody, J. Marriage policy and incorporation in Northern Ghana. *In:* Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.137.

verbreed die horison, lei tot groter begrip van die ander en dus tot 'n groter mate van verdraagsaamheid teenoor vreemdes.[212] Ook neig dit daarna om die verstand as rem van die hart 'n groter rol te laat speel in die oordeel van en optrede teenoor ander. Hierteenoor korreleer 'n laer beskawingspeil met 'n verengde horison, sterker afwysendheid en wantroue teenoor die draers van ander kulture. Hellmann se bevinding dat "The customs of other tribes are referred to with contempt, and each man avers that sorcery is more prevalent in other tribes than his own,"[213] en die aangetekende vrees van die Lugbara vir die Ndusmede "... for their reputed powers of cursing (which) is due to their power of transforming metal"[214] is slegs twee voorbeelde hiervan. Hoe hoër die kultuurvlak hoe meer rasioneel en wetenskaplik en hoe minder emosioneel en askriptief is die sosialiseringsaanbod.

Indien die moderne (sekulêre) onderrig in berekening gebring word, kan ook 'n korrelasie aangedui word tussen onderwys/opvoeding, akkulturasie en sosiale mobiliteit. Die sosialiseringsinvloed van die stedelike en nywerheidsmilieu, massamedia met sy geskrewe en gesproke woord asook die lewende beeld op die doek, gaan gepaard hiermee ter versagting van etniese grense en neig daarna om tot breëre groeperings aanleiding te gee.[215] In dié lig gesien het die koloniale beheer met sy voor=

---

212. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1969), p.51.

213. Hellmann, E. The Native in the Town. *In:* Schapera, I. (Ed.). *The Bantu speaking tribes of South Africa.* Maskew Miller. Cape Town. 1937 (1956), p.432.

214. Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.56.

215. Vgl. Bonzon, *op. cit.*, p.864. Sien ook ons opmerkings onder Hoofstuk III waar die onderwerp enigsins breër behandel word.

siening van Westerse onderwys dus 'n belangrike rol gespeel ter bevordering van onderlinge begrip tussen etnieë en in die daarstelling van gemeenskaplike kommunikasiesimbole waarvan gebruik gemaak kan word - indien die bereidheid tot intenser interetniese kommunikasie (en fusie) aanwesig is.

Hieruit kom dit voor dat die aard en inhoud van die sosialise= ringsaanbod 'n omvangryke rol kan speel ter bevordering van die fusie van etnieë, of ter bevordering van fissie binne 'n etnos - afhangend wat die aard en rigting van die kollektiewe wil is. En dít hang af van die interpretasie wat daar aan die heersende omstandighede gegee word.

5.7 Die demografiese faktor

Shirokogoroff het reeds daarop gewys dat die krag van 'n etnos gedeeltelik in sy getalle lê. Indien alle ander dinge dus ge= lyk is, bepaal getalle die krag van 'n eenheid. Alle ander aspekte is egter selde gelyk en daarom kan daar kwalik deter= ministies geraak word oor getal.

Dit is egter ook so dat 'n groot getallemeerderheid 'n eenheid in staat stel tot die uitoefening van hoër druk as wat op hom uitgeoefen word; 'n relatiewe gebrek aan die bewussyn van iden= titeitsbedreiging, "sagter" grense en gevolglik 'n groter be= reidheid tot assimilasie van ander (getalswakkere) eenhede of elemente van ander eenhede. Onder sulke omstandighede neig die getalswakkere eenhede egter weer tot die verharding van grense en dus belemmering van hulle assimilasie by die getalsterkere eenheid. Dié verskynsel is waar te neem by alle etniese minder= hede - of dit heersend, onderworpe of neweskikkend is. Die Blanke Amerikaner en Afrikaner kan in hierdie verband as voor= beeld aangehaal word: sou die rolle van Amerikaner en Afrika=

ner omgeruil wees, sou dit stellig niks aan die situasies in die V.S.A. en R.S.A. verander het nie.

Sou die gasheer-etnos getal en inheemsheid aan sy kant hê en die vreemde elemente bestaan uit intrekkende individue, geskied die assimilasie ongesien en spontaan. So is dit met die Moslem-boere van ander etniese oorsprong in die noorde van Ghana[216] en so was dit met byvoorbeeld Duitse immigrante wat individueel na Suid-Afrika gekom het en opgeneem is deur die Afrikaner.[217] Indien die immigrante egter as eensoortige groepe bestaande uit elemente of wegsplinterings van ander etnieë binnekom, is hulle geneig om kolonies te vorm waarin die eie taal, kultuur en simbole sover moontlik gehandhaaf word. Die verskillende Duitse kolonies in die R.S.A.,[218] Japanese, Sjinese, Duitse en ander kolonies in die V.S.A.,[219] Ibokolonies in die noorde van Nigerië,[220] Suid-Sotho, Xhosa en Ndebele "kolonies" in die Tswana-gebied,[221] getuig hiervan. Die vorming van geografiese kolonies neig dan ook na die vorming van "beroepskolonies"[222] asook "in-

---

216. Goody, *op. cit.*, p.117 *et seq*.

217. Vgl. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1970), p.15-16.

218. *Loc. cit.* Piet Retief-omgewing is 'n voorbeeld hiervan.

219. Vgl. Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.119-120; 282-284.

220. Bonzon, *op. cit.*, p.882-883.

221. Volgens waarneming van skrywer in die Hammanskraalgebied. Vgl. ook Hoofstuk IV hieronder.

222. Vgl. Shibutani & Kwan (*op. cit.*, p.119) ten opsigte van die V.S.A. en Bonzon (*op. cit.*, p.882) t.o.v. die Ibo in Nigerië. Hier te lande neig die Bantwane na die hotelbedryf en die Bhaca na sekere munisipale arbeidsterreine; die Afrikaner na die staatsdiens en onderwys en Jode na finansiële beroepe; Grieke na kafees en Portugese na die groentehandel.

stitusionele kolonies"[223]. Die effek hiervan is dat 'n rem geplaas word op die proses van fusie met die gasheer-etnos.

Die verskynsel waarna pas verwys is, spel dit reeds uit dat die horisontale fusie van 'n aantal numeries-ongelyke - of -gelyke - etnieë 'n uiters problematiese en langsame proses is. 'n Etnos is dan ook geneig om sigself daarvan te isoleer tensy sy getallevoorsprong hom instaat sal stel om die proses te domineer. Die verandering in standpunt van Noord-Nigerië ná die bekendmaking van sensussyfers in 1962 waardeur dit geblyk het dat die Noorde die nuwe bedeling sou kon oorheers, getuig ook hiervan.[224]

Die geskiedenis ontvou 'n verdere patroon van fusie, nl. dié van 'n dikwels militante goed-georganiseerde kern wat getalswakkere of swakker georganiseerde eenhede onderwerp en hulle dan assimileer op die basis van die heerserskultuur. Hierin het openlike geweld normaalweg 'n belangrike rol gespeel, hoewel dit ook bewerkstellig kon word deur die dreigement van geweld binne 'n begunstigende interetniese milieu. Die prosesse wat hulle afgespeel het onder die Swazi[225] in die tyd van Mswa-

---

223. Hier het ons eksklusiewe organisasies op 'n etniese grondslag in gedagte, soos die *Barôlông Association*, verskeie begrafnisorganisasies, *Inkata ka Zulu*, ens. (Vgl. Potgieter, E.F. Enkele voorbeelde van spontane etniese groepering onder die stedelike Bantoe in Pretoria en aan die Rand. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, 7, 1 (1955).

224. Bonzon, *op. cit.*, p.884.

225. Vgl. Kuper, H. *An African Aristocracy*. O.U.P. 1947, p.11 *et seq*. Hailey, Lord. *Native Administration in the British African Territories*. Part V. H.M.S.O. London. 1953, p. 349 *et seq*.

ti, die Zoeloe onder Tsjaka[226], die Basotho onder Moshoeshoe[227] asook die fusie van Matebele, Tswana en Shona onder Mzilikazi en Lubengula,[228] dien hier as voorbeelde op eie werf. Op 'n enigsins subtieler wyse is die Russe besig om dieselfde te doen met die talle nasionaliteite binne die U.S.S.R.[229]. Dit is ook die weg wat deur die Australiese inboorlingeenhede[230] en Maori in Nieu-Zeeland[231] opgegaan word, terwyl dit ook die onuitge= sproke dog aanvaarde formule vir fusie binne Afrika en die V.S.A. is.

Binne so 'n etnies-imperiale situasie is getalle en kultuurpeil stellig die twee belangrikste faktore ter bepaling van die aard en gevolge van die fusie. Indien die heersende etnos die ge= talsvoordeel het en die kultuur daarvan meer onplooi is, kan die onderworpene geassimileer word sonder identiteitsbedreiging vir die heerser, omdat die onderworpene deur so 'n proses uit= gewis word. Indien die heersende eenheid egter 'n minderheid

---

226. Niven, Sir Rex. *Nine Great Africans*. G. Bell & Sons. London. 1964. Morris, D.R. *The Washing of the Spears*. Sphere Books. Suffolk. 1965 (1970).

227. Ellenberger, D.F. *History of the Basuto*. Negro Univ. Press. New York. 1969. Sheddick, V.G.J. *The Southern Sotho*. International African Institute. London. 1953.

228. Vgl. die bronneverwysings in Hoofstuk V hieronder.

229. Kirimal, *op. cit.* Bilinsky, *op. cit.* Conquest, *op. cit.* Roebol, *op. cit.*

230. Schapper, H.P. *Aboriginal Advancement to integration*. Australian National Univ. Press. Canberra. 1970. Rowley, C.D. *1) The destruction of Aboriginal Society. 2) Outcasts in White Australia. 3) The remote Aborigines*. Australian National Univ. Press. Canberra. 1) 1970, 2) en 3) 1971.

231. Vgl. Metge, J. *The Maoris of New Zealand*. Routledge en Kegan Paul. 1967.

vorm met 'n hoër kultuurpeil en ander rassekenmerke, kan 'n omvolking en omrassing verwag word met een of ander variasie van die kastestelsel as oënskynlike tussenstadium. Dié proses is tans besig om in Suid-Amerika plaas te vind. Indien die draer van die hoër kultuur 'n onderworpe minderheid is, dra die produk van die fusieproses veelal die kultuurtrekke van die on= derworpene en rassetrekke van die heerser - as die fusieproses nie ook lei tot die ontstaan van 'n nuwe ras nie.

Die faktor van getal kan deur geweld gewysig word om fusie te "vergemaklik", maar as dit gedoen word, dan sit ook die faktor van getal agter die geweld. Indien geweld egter uitgesluit is, dan is en bly getal van gewigtige betekenis en verset die ge= talswakkere hom normaalweg teen die fusie met 'n getalsterkere eenheid.

5.8 Verstedeliking

Verstedeliking hang ten nouste saam met die demografiese faktor maar word afsonderlik beskou, omdat die digtere konsentrasie van etniese elemente, in fisiese of kommunikatiewe sin, fusie- en fissie-bevorderend van aard kan wees en dus uitdruklike aan= dag vereis. "Kan wees", omdat die digtere sametrekking van we= dersyds-onaanvaarbare elemente ook kan lei tot botsing en die vergroting van sosiale afstand, en fissie- sowel as fusiebevor= derend omdat die fusie van elemente van etnieë noodwendig 'n proses van fissie (ten opsigte van die oorspronklike kerns) im= pliseer.

Die bestaan van stedelike gebiede en die proses van verstedeli= king is vir verskeie skrywers gewigtige faktore in die proses van fusie. So neem dorpe en stede met hulle intenser kommuni= kasie, administratiewe en ekonomiese aktiwiteite en sosialise=

ringsprikkels 'n sentrale plek in Deutsch se teorie oor die ontstaan van volke in, terwyl Shibutani en Kwan daarop wys dat stede "... have tended to be melting pots, and industrial cit= ies in particular have been graveyards for traditions"[232]. Bonzon se verwysing na *"surtribalisation"* en *"supertribalisa= tion"*, m.a.w. dat die individu in die stad poog om aansluiting te vind by 'n groep wat sy eie of 'n breëre kan wees en dat Dioula van ongemeenskaplike oorsprong hulleself in die Ivoor= kus tot eenheid saamgesnoer het,[233] lê in lyn hiermee. Die= selfde gedagte lê ook in Wallerstein se veel aangehaalde arti= kel oor etnisiteit en nasionale integrasie.[234] Dit is inder= daad so dat stedelike gebiede 'n individualiseringsinvloed op hulle bewoners van plattelandse oorsprong uitoefen, ou bin= dinge laat verflou en nuwe verbande wat dien as verwysingspun= te, daarstel.[235] Deur die ontstaan van nuwe kruissnydende lo= jaliteite in die stedelike sentra, word die individu dus gemo=

---

232. *Op. cit.*, p.346.

233. *Op. cit.*, p.863-864.

234. Wallerstein, I. Ethnicity and National Integration in West Africa. *In:* Doro, M.E. & N.M. Stultz (Eds.). *Governing in Black Africa.* Prentice-Hall. New Jersey. 1970, p.10 *et. seq.* Vgl. ook Watson, W. Migrant Labour and Detriba= lization. *In:* Middleton, J. (Ed.). *Black Africa: Its Peoples and their cultures today.* Macmillan. London. 1970, p.38 *et seq.*

235. Vgl. Banton, M. Adaption and integration in the social system of Temne Immigrants in Freetown. *Africa.* Oct.1956, p.354. Mitchell & Epstein. Occupational prestige and social status among urban Africans in Northern Rhodesia. *Africa*, Vol. XXIX, 1959. Vgl. ook Epstein, A.L. *Politics in an Urban African Community.* Manchester. 1958.

biliseer uit die enger verband na 'n breër verband waarby ook ander etniese elemente ingesluit kan wees.

En omdat daar 'n terugkoppeling vanuit die stedelike gebiede na die landelike gebiede bestaan, bly laasgenoemde gebiede nie geïsoleer van die tendense in stedelike gebiede nie. Dus dien stedelike gebiede ook as verspreidingspunte vir maatskaplike veranderings. Vanuit die dorp en stad "word ... invloede uitgeoefen op die stad self, die omgewing (streek) en uiteindelik op die land as geheel"[236]. In hierdie verband speel die immigrasiewerker wat nuwe verhoudings en waardes, organisatoriese vaardighede en ander kundighede vanuit die stad oordra op die platteland, 'n belangrike rol as katalisator in die verbreding van die burgersin.

Dus aanvaar ons dat dorpe en stede 'n belangrike rol speel in die proses van fusie. Terselfdertyd moet daar egter op gewys word dat die vorming van breëre verbande nie so noodwendig, eenvoudig en eenlynig is as wat die literatuur soms te kenne wil gee nie. Stede en dorpe dien ook soms ter verskerping van die etniese bewussyn - eerstens omdat die individu eers bewus word van sy etniese verband as hy buite daardie verband beweeg en gekonfronteer word met die anderse simbole en waardes van ander eenhede,[237] en tweedens, as hy dit ervaar dat hy onderworpe is aan differensiasie, diskriminasie of minagting omdat hy tot 'n bepaalde etniese groep behoort. Verder is die opkoms van 'n stedelike identiteit mededingend met die etniese identiteit en stuit dit uiteindelik voor die grotere simbole soos taal, kul-

---

236. Henning, J.J. Dorpstigting in die Bantoetuislande. D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1969, p.59.

237. Vgl. Banton, J. *Race Relations*. Tavistock Publications. London. 1967, p.237.

tuur en historiese identifikasie - veral waar wyd-uiteenlopende elemente in dieselfde stad voorkom. Onder hierdie omstandighede kom die nuwe verbande naas die ou verbande te staan en vorm etniese verskille nog deel van die stadslewe sover dit inwoning, huweliksluiting en politieke deelname betref,[238] terwyl die nuwe verbande geldend is vir sake rondom die gemeenskaplike "stadsidentiteit". Hierdie verbande (oues en nuwes) kan stellig as situasionele primordialiteite omskryf word, omdat daar van situasie na situasie van identiteit "verwissel" kan word. Die situasie waarin verkeer word, bepaal dus welke identiteit op die voorgrond sal wees.[239]

Dit is eers na 'n lang tydsverloop onder begunstigende omstandighede dat die stadsidentiteit kan verword tot 'n nuwe etniese identiteit waardeur die ou verbande verbreek word.

Stede en dorpe is dus belangrik in die verbreding van die etniese horison mits daar nie 'n "etniesering" of "primordialisering" van die stad deur 'n bepaalde groep plaasvind waardeur die etniese bewussyn van ander elemente ȍf verskerp ȍf voortdurend gevoed word nie.

5.9 Vaderland en geskiedenis

In die lig van die opmerkings oor geskiedenis (historiese bewussyn) en vaderland as kenmerke van 'n volk, word hier slegs enkele punte beklemtoon.

Sonder 'n vaderland en sonder 'n historiese bewussyn kan 'n et=

---

238. *Loc. cit.*

239. Vgl. Epstein, *op. cit.*, (1968), p.230. M.i. is dit ook af te lees uit die gedagtegang van Bonzon (*op. cit.*, p.864).

nos nie bestaan nie. Die etno-historie sowel as die vaderland dien as geweldige sterk bindende faktore. Om egter bindende faktore te kan word, moet dieselfde geskiedenis en dieselfde grondgebied deur die betrokke mense aanvaar word. Om as fusie=faktore te kan dien, word eerstens vereis dat daar in die een=hede wat te versmelt is 'n onderlinge bereidheid tot aanvaar=ding van mekaar bestaan alvorens die gemeenskaplike grondgebied as vaderland en die historiese gebeure as onderling bindend be=leef sal word. Solank die bereidheid tot aanvaarding ontbreek, sal bewoning van dieselfde gebied lei tot vyandskap en sal die historiese gebeure uit verskillende hoeke geïnterpreteer en beleef word.

Coertze voer aan dat 'n etnos tot stand kom deur "... *samewo=ning, samelyding, samestryding* en *ondertrouing*"[240]. Hierdie faktore kan alleen van betekenis wees - selfs op die spel kom - as daar 'n *bereidheid* tot samewoning, samelyding, samestryding en ondertrouing bestaan. En alvorens daar 'n bereidheid sal bestaan, moet 'n *motivering* daarvoor deur 'n reeks ander fak=tore daargestel word.

Indien daar egter nie ernstige besware teen fusie bestaan nie, onderlinge begrip reeds bevorder is deur akkulturasie en die eenhede in ekonomiese verband onderling verstrengel is, sal die geskiedenis stellig herontdek en herskryf word. Historiese sanksie vir kontemporêre ideale sal wel verkry word. Verder kan die skeidingskrag van die geskiedenis verswak word deur 'n mindere historiese bewustheid enersyds, groter - en selfs sim=patieke - begrip vir die optrede van die ander andersyds, of, alternatiewelik, die instel van die fokus op die *onreg* van die

---

240. Coertze, *op. cit.,* (1971), p.60.

verlede sonder aksent op die eenheid aan die hand waarvan die onreg gely is.[241] Bedreigings van wat as gemeenskaplike grondgebied ervaar word deur 'n derde party, kan onder die omstandighede lei tot 'n herinterpretasie en 'n herwaardering van mekaar omdat hulle gedwing word om hulleself in terme van 'n derde te interpreteer.[242] Indien die historiese bewussyn onder sulke omstandighede gemeenskaplik word, verander die vaderland sy rol en word 'n verenigende krag i.p.v. 'n verdelende faktor.

Hoewel die vaderland nie net in ekonomiese sin waardeer moet word nie, is die ekonomiese verband tussen die vaderland en sy etnos of etnieë 'n besonder kragtige verband en kan dit 'n besondere rol in die fusieproses speel. Dit is so omdat die ekonomiese aktiwiteite van die mens gemik is op 'n ontworsteling van 'n bestaan uit die omgewing en in die proses bereid is om van sosiaalonaanvaarbare elemente gebruik te maak indien dit produksie (en dus sekuriteit) bevorder. Die ekonomiese proses vorm dus 'n "oop punt" vir die inskakeling van verskillende etnieë bymekaar. Deur deelname aan dieselfde ekonomiese proses, raak hulle verstrengel en kan onder bepaalde omstandighede so vas groei aan mekaar dat hulle nie meer afsonderlik kan bestaan nie. Deur ekonomiese inskakeling verander akkulturasie van 'n opsie na 'n noodwendigheid, word kommunikasie afgedwing en kan ook lei tot die ontstaan van bloed-broederskappe (Amba en Konjo in Uganda), kliëntskappe (Kagoro en Tacherak in Nigerië) en die sogenaamde "joking relationships" (Fulani-herders en Kanurislagters in Nigerië of Nyamwezi en hulle buureenhede in Tanzanië). Indien die ekonomiese interafhanklikheid nie meganismes

---

241. Vgl. Coetzee, J.H. *Op. cit.*, (1970), p.20.

242. Bonzon, *op. cit.*, p.864.

bevat ter handhawing van etniese grense nie, of indien sodanige meganismes verskuiwend van aard is en berus op die markmeganisme van aanbod en aanvraag, smelt dieselfde grondgebied sy verskillende etnieë ekonomies saam en dikwels ook sosiaal, etnies en biologies.

Onderlinge verskille tussen etnieë bestaan daar wel. Dié verskille is egter so groot as wat hulle dit maak. Deur bewoning van dieselfde land raak hulle normaalweg ekonomies verweef waardeur, onder begunstigende omstandighede, die verskille vervlak en die gemeenskaplikheid vergroot. So kom hulle tot 'n nuwe eenheid - ongemerk omdat die proses van fusie vééł langer duur as die lewe van 'n generasie.

## 5.10 Voogbestuur

Omdat state in terme van struktuur, regime en gebied kom en gaan, daarom kom en gaan volke en omgekeerd. Eenheidskepping is egter een van die funksies van 'n politieke stelsel[243] en daarom moet die rol van die staat in die wording van etnieë as belangrik aanvaar word.

"Eenheidskepping" moet noodwendig plaasvind ten opsigte van 'n bepaalde gemeenskap. Dit volg dus dat daar eerstens beslis moet word oor die vraag wie die gemeenskap is wat tot eenheid moet kom alvorens daar integrasie kan plaasvind. Daar moet dus ook besluit word oor die vraag "... what boundaries a nation ought to have"[244], waardeur 'n verdere vraag na vore kom, nl. moet die staat die volk skep, of moet die volk homself vergestalt in

---

243. Wiseman, *op. cit.*, p.6 *et seq.*

244. Hunter, Guy. *The New Societies of Tropical Africa.* O.U.P. 1962, p.272.

die staat? Die geskiedenis onderskryf beide metodes.[245] In die lig van die ontstaan van die moderne staat enersyds en die gegewendheid van die tradisionele *stam*-bedeling in Afrika ander=syds, is besluit dat die staat die etnos moet skep en is ver=skillende etnieë gevolglik ingesluit in dieselfde staat. Hier=die bevolkings moet dus omvorm word tot nasies waaruit volke na vore moet kom.

Die besluit oor wie die gemeenskap is en waar die grense van die staat sal wees, is geneem deur koloniale moondhede. En dit is die rol van koloniale gesag as faktor in die proses van fu=sie waaroor hier gehandel wil word.

Dit is by uitstek die verskynsel van koloniale beheer waardeur etniese eenhede verdeel en verbreek is, maar daardeur is ook nuwe kombinasies gevorm en dus nuwe eenhede geskep. Daardeur is 'n bepaalde patroon op die nuwe eenhede afgedruk wat in die meerderheid gevalle, indien beoordeel in terme van beskawing, meer verrykend as verarmend of afbrekend was. Die politieke spoor van die Romeinse Ryk lê vandag nog in Europa soos dié van Frankryk, Brittanje en andere in Afrika. Maar daarnaas lê ook die spoor van beskawing waardeur die gebiede in staat ge=stel is om hulle bronne beter te ontgin en deel te hê aan die wêreldverkeer. En as dit by Afrika kom is dit ironies as daar=aan gedink word dat dit gehate koloniale beheer was wat slawer=ny in Afrika beëindig het en rigiede pre-koloniale imperiale stelsels, indien nie substantief nie, dan wel in hulle formele en naakte onmenslikheid, beëindig het. Gann en Duignan kan dus sonder huiwering onderskryf word as hulle opmerk: "... the

---

245. Vgl. Rustow, *op. cit.*, p.62.

imperial system stands out as one of the most powerfull engines for cultural diffusion in the history of Africa; its credit balance by far outweighs its debit account."[246]

In veral twee opsigte het voogbeheer, waar die voog op 'n hoër kultuurvlak as die beheerdes gestaan het, 'n verenigende invloed uitgeoefen - sonder dat dit noodwendig so bedoel was. Eerstens het koloniale beheer gelei tot die afbraak van gestandardiseerde partikuliere patrone van kommunikasie en die vervanging daarvan deur nuwe patrone. Daardeur is 'n verandering in die inter- sowel as intragroepsverhoudinge teweeggebring.[247] Die omskepping van die onderhorige gebied tot vredesgebied en die behoud van wet en orde was wel noodsaaklik vir die bevordering van kommersiële belange van die voog, maar daardeur is die mag van horisonsbeperkende parogiale strukture ingeperk.[248] 'n Doeltreffende beheerstelsel eis begrip vir bepaalde sosio-politieke konsepte maar dra dié konsepte terselfdertyd onder alle eenhede binne die gebied in. Kommunikasiemedia (taal, paaie, spoorweë, radio) is primêr ingestem om die voog te dien, maar maak ook interetniese kommunikasie moontlik. Ekonomiese aktiwiteite is insgelyks eerstens gemik op die voordeel van die voog, maar dit bring dividende, ook op ander terreine as die ekonomiese, vir die bevoogde mee.[249] Maunier se gedagtegang sluit hierby aan:

---

246. Gann, L.H. & P. Duignan. *Burden of Empire: An Appraisel of Western Colonialism in Africa South of the Sahara.* Hoover Institution Press. California. 1967 (1971), p.382.

247. Eisenstadt, S.N. *The Political Systems of Empires.* The Free Press. New York. 1969, p.310 *et seq.*

248. Vgl. Ajayi, *op. cit.,* p.606-607. Gann & Duignan, *op. cit.,* p.363.

249. Emerson, *op. cit.,* 1960 (1967), p.123.

"The first effect of colonisation is to lift the natives from tribe to town, from town to nation; to engender amongst them common interests and common feelings ... It is the Frenchman who has taught the Algerian ... to think of himself as an Algerian ... Tunisian and Maroccans ... which gave the native that feeling of a common destiny which is the spirit of nationality."[250] Emerson wys ook op die rol wat die voog gespeel het in die fusieproses, en ten opsigte van die nasionale beweging in Indië was "... the fact of a common British background ... almost as important as the fact of a common Indian heritage."[251]

Benewens die daarstelling van strukture en simbole wat oor parogiale bindings sny, oefen die verydeling wat koloniale beheer tot gevolg het, ook 'n kragtige eenheidskeppende invloed uit. Daardeur is die tradisionele intersistemiese onverdraagsaamheid gefokus op die gemeenskaplike vyand en omgesit tot intra-sistemiese haat.[252] Niebuhr merk op: "New nations are usually integrated by die force of resentment against their masters and partly by means of community supplied by the imperial power."[253] Afrika het dan ook dié waarheid treffend geïllustreer: Dit was alleen toe die onafhanklikheid in sig gekom het dat die eenheid teen die voog langs die lyne van primordiale verbande begin kraak het.[254] Die Fang-opstand in 1901 teen die Franse aanwe-

---

250. Maunier, R. *The Sociology of Colonies.* Routledge & Kegan Paul. 1949. Vol. 1, p.45-46.

251. Emerson, *op. cit.,* (1967), p.123.

252. Charlesworth, *op. cit.,* p.29.

253. Niebuhr, R. *Nations and Empires: Recurring patterns in the Political Order.* Faber & Faber. London. 1959, p.211.

254. Vgl. Colemann, J.S. & C. Rosberg (Eds.). *Political Parties and National Integration in Africa.* Univ. of California Press. 1964, p.690.

sigheid in Gabon staan in dieselfde teken: "... a union of thirteen tribes that one would never have believed the Pahouin capable of organising. It has lasted for a month: complete, absolute, without the least dissidence."[255] En selfs na die verkryging van onafhanklikheid speel díe voog nog 'n eenheidskeppende rol - hetsy as veroorsaker van "die eeu van onreg" hetsy as (gewaande) "neo-kolonialis".

Dus dien die voog as werper van nuwe kontoere - bewustelik deur die skepping van state wat groter in omvang is as die vroeëre politieke eenhede en die voorsiening van bestuurskundighede om 'n groter aantal burgers te beheer as waartoe die pre-koloniale eenhede in staat was,[256] en onbewustelik deur as gemeenskaplike vyand te dien waardeur die fokus verskuif na die grense van die beheersde totaliteit waardeur die etniese grense vervlak. Per slot van rekening is die Germaanse stamme tot hierdie ruimer horison gebring deur hulle gemeenskaplike stryd teen die Romeine; het die Spaanse stamme verenig in hulle worsteling met die Arabiese More,[257] terwyl dit ook aangeteken is dat die eenheid waaroor die Suid-Amerikaanse state beskik, die gevolg is van "... mental and material changes engendered by the modernizing influences or threat of European colonization"[258]. Dieselfde geld vir verskeie ander gebiede.[259]

---

255. Weinstein, *op. cit.*, p.161.

256. Vgl. Riggs, R.W. *Administration in Developing Countries.* Houghton Mifflin Co. Boston. 1964, p.22-31; 42 *et seq.*

257. Deutsch, K. *In:* Deutsch & Foltz, *op. cit.*, p.11.

258. Scott, R. Nation-building in Latin America. *In: Ibid.*, p.74.

259. Vgl. Rustow, *op. cit.*, p.109 *et seq.*

In hierdie perspektief gesien, is die verskynsel van koloniale beheer of voogbestuur 'n kragtige fusiefaktor en behoort ook as sodanig waardeer te word. Dit is 'n metode waardeur die dina= miek van ontwikkelde volke oorgedra word op agtergeblewe et= nieë - en as gevolg van hierdie oordrag van metodes, krag en vermoëns aan die agtergeblewene, deur laasgenoemdes beëindig word. Alhoewel 'n koloniale of imperiale opset die teenpool is van 'n etnos, is dit by uitstek dié opset waardeur, soos elders opgemerk, nuwe etnieë tot stand gebring is.

6. Samevattend

Hierbo is gepoog om groter helderheid te kry oor die komplekse verskynsel wat "volk" genoem word. Daar is probeer om die be= grip te omlyn en aan te toon dat dit 'n besondere ordening is wat verskil van 'n nasie, 'n stam, 'n bevolking, ras, ens. Die kenmerke van 'n volk is breedvoerig aangedui en 'n aantal fak= tore wat elk 'n belangrike rol kan speel in die wording van vol= ke, is geïdentifiseer. Die aangeduide faktore is wel nie die enigste nie maar kom as die mees algemene voor. Ook hier moet egter 'n kwalifikasie herhaal word wat reeds hierbo gemaak is, nl. dat minstens 'n aantal van die kenmerke aanwesig moet wees voordat 'n etnos as 'n volk geïdentifiseer kan word en dat min= stens 'n aantal van die faktore gelyktydig werksaam moet wees voordat 'n etnos gevorm kan word.

Op een van die etnosvormende faktore waarna reeds hierbo ver= wys is, nl. die politieke faktor (staat) word die aandag hier= onder gevestig. Hierdie faktor moet stellig as beginpunt ge= sien word vir die proses van volkswording in die huidige tyd= vak. Want in teenstelling met verskeie Europese volke is die Derde Wêreld voor die voldonge feit gestel dat 'n Europese na= sie 'n staat geskep en die grense daarvan bepaal het. Die staat

moet dus sy bevolking omskep tot 'n nasie met die hoop dat die nasie ook 'n volk sal word.

In die R.S.A. is dieselfde patroon besig om te ontvou, alhoewel die bevolkingsdiversiteit in skaal verskil met die van die noordeliker state van Afrika, omdat die R.S.A. besondere gewig heg aan die kulturele faktor in die vorming van state. Nieteenstaande dié uitgangspunt, het slegs enkele Bantoetuislande of state-in-wording nie etniese minderhede in die normale sin van die woord nie.[260] Maar ook hierdie eenhede het, soos die ander, wel etniese minderhede in die enger sin van die woord, d.w.s. stamme. Bophuthatswana het albei: dit is óók die staat van verskeie Ndebele-groepe, Xhosa, Shangaan- en Suid-Sotho-"kolonies", en dit is óók die staat van 'n sewentigtal stamme, d.w.s. groepe wat deur 'n wisselende hoeveelheid primordiale verbande van mekaar geskei word. 'n Volk is hulle nie, 'n enkele etnos ook nie en ook nog nie 'n nasie nie. Die taak vir die onmiddellike toekoms lê juis daarin dat die tradisionele polisentriese sosiopolitieke bedeling waarin die Tswana geleef het, en met marginale wysiging nog leef, te omskep tot 'n polítiek-monosentriese eenheid, dit wil sê 'n nasie omvattende alle stamme en groepe.

Gevolglik is 'n nadere blik op die wese en vorming van nasies noodsaaklik. Hieraan word in die volgende hoofstuk aandag gegee.

---

260. Die Xhosagebiede bevat Sotho-elemente (Herschel en Matatiele); die Zulugebied bevat Sotho en Swazi-elemente (Nqutu en Piet Retief); die Noord-Sothogebied bevat 'n sterk Ndebele-element (Potgietersrust-omgewing). So bevat die Shangaangebied Swazi-elemente en die Vendagebied Shangaan-elemente.

## HOOFSTUK III

## NASIEVORMING

### 1. Algemeen

In die vorige hoofstuk is die stelling gemaak dat 'n volk nie sinoniem met 'n nasie is nie maar dat 'n volk ook 'n nasie kan wees; trouens, dat dit een van die kenmerke van 'n volk is dat dit deur nasionalisme gedryf word tot die strewe na verkryging van 'n eie eksklusiewe staat, of dan tot effektiewe beheer oor die staatsapparaat ten einde homself (waardes, houdings, simbole) politiek te vergestalt. Indien 'n volk sy eie staat sou verkry, of tesame met ander etnieë lojaal teenoor die staat is, is dit ook 'n nasie of deel van 'n nasie alhoewel dit nog voortbestaan as 'n volk. Indien sy staatsoewereiniteit verlore gaan as gevolg van onderwerping deur 'n ander nasie, verloor die volk dus sy nasieskap maar nie sy volkskap nie. Sy volkskap verloor hy alleen as hy vergroei met ander volke en in die proses sy kenmerke van taal, historiese bewussyn, vaderland, kultuur, ens. verloor.

Waar 'n volk wat ook 'n nasie is, gekenmerk word deur kulturele *en* politieke eenheid en lojaliteit, word 'n nasie wat nie ook 'n volk is nie ('n nasie met 'n meganiese karakter), gekenmerk deur slegs 'n lojaliteit teenoor die gesagsinstellings op die basis van 'n grondgebied wat as die eie ervaar word. 'n Nasie bestaan dus uit mense, 'n grondgebied en 'n staat met die voorwaarde dat die mense lojaal is aan die staat en dit deur almal as "hulle eie" ervaar word. Kulturele eenheid of diversiteit is dus "irrelevant" vir nasieskap, alhoewel dit 'n gewigtige faktor in die vorming en voortbestaan van die nasie is. 'n Bevolking, is geredeneer, kan onder die gesag van gemeenskaplike politieke

instellings staan, maar kan gekenmerk word deur 'n gebrek aan lojaliteit binne sekere komponente ten opsigte van die gesagsinstellings. Dit behels normaalweg 'n situasie waar sommige groepe die politieke ordening as imperiaal of neo-imperiaal ervaar en daarna streef om "nasionale" soewereiniteit te verkry deur die binnelandse verhoudingsituasie om te sit in 'n buitelandse verhoudingsituasie wat die fragmentasie van die politieke gestalte impliseer. Die basiese verskil tussen 'n volk wat ook 'n nasie is, 'n nasie wat nog nie 'n volk is nie en 'n bevolking - wat nie 'n nasie is nie! - lê in sosiale afstand. 'n Volk is 'n sosiokulturele eenheid wat ook 'n intensioneel-politieke eenheid is, 'n nasie is 'n politieke eenheid wat kultureel pluraal kan wees en 'n bevolking kan 'n kulturele pluraliteit wees wat ook 'n intensionele politieke pluraliteit is.

Dit is steeds die ideaal dat die volk/etnos ook 'n nasie moet wees; dat daar 'n samevalling tussen staatkundige en etniese lyne sal wees. Om dié toestand te bereik kan twee weë gevolg word. Eerstens is daar die ideale dog minder algemene patroon[1] dat die vestiging van die staat voorafgegaan word deur die ontstaan van 'n gemeenskaplike kulturele identiteit en dat die etnos homself dus vergestalt in 'n staat en sodoende 'n nasie vorm soos in die geval van verskeie Europese nasies.[2] Tweedens is daar die moeisamer weg wat daarin bestaan dat die staat as beginpunt dien en dan uit 'n bevolking 'n nasie probeer skep of vorm waaruit 'n etnos kan ontstaan - met die risiko dat die

---

1. Nordlinger. E.A. Political Development: Time Sequences and Rates of Change. *In:* Nordlinger, E.A. (Ed.). *Politics and Society*. Prentice Hall. New Jersey. 1970, p.339.

2. Scott, R. The politics of New States. *In:* Scott, R. (Ed.). *The Politics of New States*. Allen & Unwin. London. 1970, p.24.

"proses" op enige stadium kan stol en ook die gemeenskaplike staat kan laat disintegreer en so aanleiding gee tot die ont= staan van verskillende nasies. Gevolglik kan die ordeninge van bevolkingstaat - nasie - volkstaat opeenvolgende historiese fa= ses in dieselfde breëre proses wees, maar is dit nie noodwendig nie.

Die geskiedenis laat egter uiters selde 'n keuse oor watter van bogenoemde twee weë gevolg moet word. Dit stel die basis (si= tuasie) daar waardeur die weg bepaal word.

Dit is 'n bekende feit dat die koloniale moondhede van die re= sente historiese fase politieke grense arbitrêr getrek het en uiteindelik beheer oor die ingeslote gebiede aan 'n inheemse elite toegesê het alvorens die bevolkings daarvan tot enige substansiële eenheidsbewussyn gekom het. Die "eenheid" wat wel bestaan het, het dan ook eerder gespruit uit tydelike weerstand *teen* koloniale beheer as wat dit 'n strewe *vir* die herowering van die eie was,[3] en sou daarom verdwyn sodra die gemeenskap= like vyand verdwyn. Gevolglik is die nalatenskap van die af= gelope koloniale fase aan die voormalige kolonies state sonder etnieë en etnieë sonder state. Verskeie etnieë is verdeel tus= sen twee of meer state, terwyl verskeie andere ingeforseer is in 'n enkele nuwe staat. Dit hou in dat daar minstens twee mededingende en wedersyds-beïnvloedende vlakke van sosiopoli= tieke aktiwiteit binne die nuwe state bestaan: Die pre-kolo= niale etniese eenheid wat tot nuwe bewussyn gekom het in die

---

3. Vgl. Van Vorys, K. Towards a concept of Political Develop= ment. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, Vol.358, March, 1965, p.16.

onafhanklikheidsfase[4] en die nuwe staatsgemeenskap waarbinne daar geen eenstemmigheid bestaan oor wie die "nasie" is wat homself behoort te "handhaaf" nie. En dit is 'n opset waarin die vraag oor *wie* die staatsapparaat gaan beheer en *wie* dus vir *wie* gaan regeer, inderdaad noodwendige en eksplosiewe vrae is. Hierdie identifiseringsprobleem neig dan daarna om die gegewe gefragmenteerdheid te sementeer en om anomiese druk op te wek wat die voortbestaan van die nuwe politieke stelsel (nasionale staat) tot die uiterste beproef.[5]

Vir die na-koloniale state van Afrika en Asië is 'n arbitrêr gevestigde staat dus aangebied as wegspringpunt en raamwerk vir nasievorming. Met die skepping van die nuwe staat en die be-

---

4. Coleman & Rosberg skryf (*op. cit.*, p.689): "Almost everywhere the transfer of power from a colonial regime to a locally based regime has intensified the parochial or tribal basis of already existing groups, or has activated latent parochialisms and led to the formation and proliferation of new communalistic political associations.", terwyl Geertz opmerk (*op. cit.*, p.120): "... it is the very process of the formation of a sovereign civic state that, among other things, stimulates sentiments of parochialism, communalism, racialism ... because it introduces into society a valuable new prize over which to fight and a frightening new force with which to contend." In die lig hiervan kan die stelling van Mazrui (*Towards a Pax Africana*. Weidenfeld & Nicholson. 1967 (1969), p.5) dat die betekenis van die woord "self" as gevolg van koloniale beheer uitgebrei het om feitlik almal binne die staat te omvat, nie ten volle onderskryf word nie. Die gebeure in Uganda (die gebied ten opsigte waarvan hy die stelling maak) het getoon dat die "self" dan weer na onafhanklikwording gekrimp het.

5. Van Vorys, *ibid.*, p.16.

paling van sy grense is die gemeenskap waaruit die nasie ge=vorm moet word, reeds omlyn. Hierna word die groei van die staatsbevolking tot nasieskap of disintegrasie van die staat bepaal deur die vermoë van die staat om sterker middelpuntsoe=kende as middelpuntvliedende kragte op die staatsgemeenskap te laat inwerk teneinde 'n politieke na-binnegerigtheid te ontwik=kel en daarmee 'n rugdraaiproses te bewerkstellig waardeur 'n psigologiese dimensie aan die nuwe politieke grense gegee word.[6] Die lojaliteit en verwagtings van die bevolking moet dus verlê word vanaf die parogiale na die nasionale instellings. In sub=stansie beteken dit eerstens politieke herstrukturering met alles wat dit voorveronderstel.

Soos volkswording is nasievorming dus 'n uiters komplekse pro=ses. Dit is 'n politieke proses[7] waarin politieke ontwikkeling en nasionale integrasie die twee hoofmomente vorm en waarin die vorming van politieke waardes en politieke leierskap van gewig=tige betekenis is. Dus bevat politieke ontwikkeling en nasio=nale integrasie noodwendig soveel voorwaardes en elemente wat emosioneel van aard is dat dit wesentlik 'n labirint vorm waar=deur die bevolkingstaat moet beweeg na nasieskap.

En tog is nasievorming geen nuwe proses nie - al staan die we=tenskaplike studie daarvan nog in sy kinderskoene. Vanaf die vroegste tye bestaan daar politieke stelsels, is gebiede onder=werp en politiek geïnkorporeer by 'n bestaande politieke een=

---

6. Vgl. Zartman, W. The Politics of Boundaries in North and West Africa. *In:* McEwan, P. (Ed.). *Twentieth Century Africa.* O.U.P. London. 1968, p.115 *et seq.*

7. Esman, M. The Politics of Development Administration. *In:* Montgomery & Siffin (Eds.), *op. cit.,* p.81. Binder, L. *Op. cit.,* p.622.

heid. Dit dui reeds op nasievorming. En alhoewel dit voorheen normaalweg op kleiner skaal geskied het, is dit wel aangeteken dat Ahasveros geheers het oor 'n gebied bestaande uit 127 provinsies strekkende vanaf die huidige Indië tot in die Soedan in Afrika.[8] Koning Dawid was ook wesentlik met die proses besig (when he) "... reduced the nation's dependence on the tribal chieftains by establishing a standing army ... civil service (and) ... replacing tribal consciousness with symbols of national authority."[9] Later verskyn name soos Karel die Grote, Otto von Bismarck, Cavour, Tsjaka, Mzilikazi, Menelik[10] en talle ander.

Hoewel daar dus oënskynlik genoegsame empiriese materiaal vir die vasstelling van 'n teoretiese formule oor nasievorming bestaan, word die daarstelling van sodanige formule bemoeilik deur die feit dat die proses elke keer binne 'n spesifieke en gevolglik unieke konteks plaasvind. Die historiese materiaal bring dit dan ook heel gou duidelik na vore dat daar geen universeel-geldende patroon van bepaalde op-mekaar-volgende stadia neergelê kan word in nasievorming nie - al kan voorkeurordes wel vasgestel word. Die verskil in interne en eksterne omstandighede tussen die jonger state en hulle voorgangers veroorsaak byvoorbeeld dat eersgenoemde geneig is om die verskillende stadia waardeur laasgenoemde beweeg het, om te swaai en selfs oor te

8. Ester 1:1. Ook het Ahasveros "'n belasting op die land en op die eilande van die see gelê" (10:1) en briewe gestuur aan al die provinsies "aan elke provinsie volgens sy eie skrif en aan elke volk volgens sy eie taal" (1:22).

9. Rivkin, *op. cit.*, p.7. Vgl. II Samuel 8, *et seq.*

10. Vir Menelik, Tsjaka en verskeie ander, vgl. Niven, *op. cit.*

slaan.[11] Die studie van historiese modelle kan dus tot geen meesterplan vir gebruik deur toekomstige nasies lei nie - dit kan hoogstens die belangrikheid van sekere elemente in die proses (leierskap, druk van buite, ekonomiese faktore, burokratiese bevoegdhede, ideologie, ens.) na vore bring.

In die lig hiervan, dog sonder om te ontken dat die proses beïnvloed kan word, moet dus 'n vraagteken geplaas word oor enige deterministiese benadering ten opsigte van nasievorming. Met die oog op ekonomiese ontwikkeling is daar wel strategieë te ontwerp, planne te maak en oogmerke te stipuleer en dit op redelik geïntegreerde en geprogrammeerde wyse toe te pas, maar "Political development *per se* can never be programmed in the real world in a comparable fashion."[12] Trouens, Deutsch maak selfs beswaar teen die neiging van historici om te praat van die "growth of nations", omdat dit 'n organismiese beeld skep met bepaalde bekende groeifases na 'n bekende rypheid en daarna agteruitgang en sterfte. Staatslui se "nation building" is ewe onbevredigend, omdat dit te "architectural or mechanical" is: 'n nasie word nie soos 'n huis na die keuse en wil van die bouers, vinnig of stadig, deur bepaalde fases en onafhanklik van die omgewing, gebou nie.[13] 'n Nasie kom dus nie ooreen met die grondplan op die tekenbord van meesterbouers nie en word ook nie absoluut gerig deur die uitgangspunte van die so=

---

11. Daimant, A. Political Development: Approaches to Theory and Strategy. *In:* Montgomery & Siffin (Eds.), *op. cit.*, p.19. Eisenstadt, S.N. Social Change and Modernization in African Societies South of the Sahara. *In:* Middleton, J. (Ed.). *Op. cit.*, p.354.

12. Siffin, W.J. Introduction. *In:* Montgomery & Siffin, *ibid.*, p.5.

13. Deutsch, K. Nation-Building and National Development: Some Issues for Political Research. *In:* Deutsch & Foltz, *op. cit.*, p.3.

siaal-Darwinisme nie. Die verlede, omgewing, verwagtings en beïnvloeding deur politieke besluitneming vorm die roer waardeur die staatsgemeenskap gestuur word na nasieskap of verdere politieke disintegrasie.

Ten einde op enigsins gesistematiseerde wyse nader aan die aard en wese van nasievorming te kom word hieronder aandag gegee aan politieke ontwikkeling en nasionale integrasie. Verder word 'n aantal nasievormende faktore wat wel geïdentifiseer kan word, bespreek. Wat hieronder volg, wil egter nie voorgee om 'n finale antwoord te wees nie: veel eerder is dit die verkenning van 'n uiters komplekse veld met die oog op die daarstelling van 'n raamwerk aan die hand waarvan 'n bepaalde empiriese situasie getoets kan word.

## 2. Politieke ontwikkeling

Soos met verskeie ander begrippe wat tot dusver hanteer is, bestaan daar ook geen algemene eenstemmigheid oor wat politieke ontwikkeling presies is nie - behalwe dat 'n politieke stelsel sekere veranderings ondergaan as gevolg waarvan dit "beter" of doeltreffender funksioneer. Ten einde dus groter duidelikheid oor die wese van politieke ontwikkeling te verkry word eerstens groter begrip van die politieke stelsel vereis, dit wil sê dit wat te verander is met die voorbehoud dat die latere fase as vrug van waardes en strukture verkieslik is bo die gegewe situasie.[14] Met die oog hierop word gebruik gemaak van die algemeenerkende ekonomiese inset-uitsetmodel soos aangewend deur Easton en andere.

---

14. Vgl. Katz, S.M. *A Systems Approach to Development Administration.* American Society for Public Administration. Washington. 1965 (1966), p.2.

Oorsigtelik kan dit gestel word dat alle gemeenskappe waarbinne daar orde bestaan, oor politieke stelsels beskik wat, hoewel dit op verskillende wyses funksioneer, basies dieselfde funksies ten behoewe van die gemeenskap uitvoer en dieselfde besit het.[15] Verder is die politieke stelsel 'n substelsel van die sosiale stelsel en word deur verhoudingsnorme aan die ander substelsels geskakel;[16] beskik oor 'n struktuur ('n patroon van interaksie) wat gevorm word deur die aaneenskakeling van rolle en rolstrukture;[17] oefen sekere funksies na binne en ten behoewe van die gemeenskap na buite uit; raak meer gespesialiseerd namate die sosiale stelsel meer kompleks raak; is kultureel-bepaald (die wyse waarop dit funksioneer word deur die kultuur bepaal); beskik oor die monopolie ter aanwending van die swaardmag, en is min of meer legitiem.[18] Almond se definisie is in hierdie verband van belang, nl.: "... the political system is that system of interactions to be found in all independent societies which performs the functions of integration and adaptation ... by means of the employment of more or less legitimate physical compulsion ... (it) is the legitimate ordermaintaining or transforming system in the society."[19]

---

15. Almond, G.A. A functional Approach to Comparative Politics. *In:* Almond, G. & J.S. Coleman (Eds.). *The Politics of the Developing Areas.* Princeton Univ. Press. 1960, p.11.

16. Wiseman, *op. cit.,* p.9-10.

17. *Ibid.,* p.2-5. Almond, G. & G.B. Powell. A Developmental Approach to Political Systems: An Overview. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.,* p.54.

18. "Min of meer" om ook onresponsiewe, dit wil sê totalitêre stelsels in te sluit.

19. Almond, G. *In:* Almond & Coleman, *op. cit.,* p.7. Dit val egter op dat hy geen verwysings maak na oogmerkbereiking nie. (Vgl. Wiseman, *op. cit.,* p.100).

Sover dit die werking van 'n politieke stelsel betref, kan onderskei word tussen die politieke gemeenskap, regime en regering.[20] Van die kant van die politieke gemeenskap kom daar insetfunksies in die vorm van steun (wat die energie vir die funksionering van die stelsel voorsien en bestaan uit materiele steun (belastings, heffings, arbeid), gehoorsaamheid en respek vir gesag, simbole en seremonies, onderwerping aan wetgewing, deelname aan politieke aktiwiteite en vatbaarheid vir owerheidskommunikasie) en eise (toewysing van middele en dienste, regulering van gedrag, veiligheid en sekuriteit, deelname aan die politieke stelsel en toeganklikheid van kommunikasie- en inligtingskanale) aan die regime.[21] Hierdie eise word dan deur die regime omgesit in beleid en reëls (wetgewing) wat deur die regering toegepas word en dus teruggekoppel word na die politieke gemeenskap. Gevolglik staan die uitsetfunksies normaalweg in korrespondensie met die insetfunksies, behalwe binne onresponsiewe stelsels soos totalitêre, imperiale of koloniale stelsels.

Teen die agtergrond van hierdie baie beknopte beeld van die politieke stelsel kan nou enkele aanmerkings oor politieke ontwikkeling gemaak word.

'n Politieke stelsel as menslike institusie is nooit staties nie. Dit verander voortdurend en die stimuli vir verandering kom veral uit drie terreine, nl. ander politieke stelsels, die gemeenskap self (na gelang die politieke kultuur verander), en

---

20. Vgl. Fleming, W. Political Science and African Politics. *Journal of Modern African Studies*, 7, 3 (1969), p.500.

21. Almond & Powell, *op. cit.*, p.56-57.

op aandrang van politieke elites binne die politieke stelsel.[22] Alle veranderings wat die politieke stelsel ondergaan, is egter nie ten goede nie, al het verandering en ontwikkeling feitlik sinoniem geword in die denke oor die ontwikkelende gebiede. Die eerste probleem lê dus in die vraag wanneer verandering ontwik= keling meebring. In die verband is dit te onthou dat politieke ontwikkeling waardegelaai en ideologies-sentries is "... the more the new nations come to look like us ... they will be like us in the things that count ..."[23] asook ongedefinieerd: "It means what I say it does"[24]. En omdat, soos aangetoon deur Al= mond en andere, alle politieke stelsels basies dieselfde funksie uitvoer, kan daar nie op funksionele gapings gewys word ter aan= duiding van "onontwikkeldheid" nie.

Om bogenoemde redes bestaan daar dan ook so 'n wye verskeiden= heid menings oor politieke ontwikkeling: Die politieke voor= vereiste vir ekonomiese ontwikkeling; die politiek van indus= triële gemeenskappe (is ontwikkeld); politieke modernisering; die werking van die volks/"nasiestaat"; administratiewe en ju= ridiese ontwikkelings; massa-mobilisasie en -deelname; die ontwikkeling van demokrasie; stabiele en ordelike verandering; mobilisasie van mag; herstrukturering van die gemeenskap; on= tologiese verandering; 'n aspek van 'n multi-dimensionele pro= ses van sosiale veranderings, ens.[25] En daarmee is die aksente nog geensins uitgeput nie.

---

22. *Ibid.*, p.59.
23. Binder, L. *Op. cit.*, p.623.
24. Siffin, W. *In:* Montgomery & Siffin, *op. cit.*, p.6.
25. Vgl. Pye, L. The Concept of Political Development. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, Vol. 358. 1965, p.5. Binder, L. *Op. cit.*, p.622. Cutright, P. *Op. cit.* Dodd, C.H. *Political Development.* Macmillan. 1972. Daimant, A. *Op. cit.*

En soveel menings as wat daar oor politieke ontwikkeling is, soveel kritiek is daar op daardie menings. So kritiseer Dai=mant verskeie menings oor wat politieke ontwikkeling is en be=sluit dan "... is not a process which aims at achieving a part=icular political condition, but one which creates an institu=tional framework for solving an ever widening range of social problems"[26]. Vir hom vind daar wel politieke ontwikkeling plaas: "(1) ... when there is an increase in its (die politieke stelsel se) ability to sustain successfully and continuously new types of social goals and the creation of new types of or=ganization; (2) (wanneer) ... a differentiated and centralized polity ... come(s) into being which (is) able to command re=sources from and power over more spheres and regions of the so=ciety."[27] Hierdie siening van Diamant vind tot 'n groot hoogte aansluiting by Pye wat spreek van die vergroting van die poli=tieke vermoë en progressiewe differensiasie en spesialisasie as grondliggende temas in die verskeie definisies van politieke ontwikkeling.[28] Ook sluit dit aan by Almond en Powell wat die aksent plaas op strukturele differensiasie ("... the process whereby roles change and become more specialized ... or new structures emerge or are created ... (asook) to changes ... in the relationship between roles, ... structures, or ... subsys=tems")[29], en kulturele sekularisasie ("... the process whereby men become increasingly rational, analytical and empirical in

---

26. *Ibid.*, p.16.

27. *Ibid.*, p.25-26.

28. *Op. cit.*, p.12.

29. *Op. cit.*, p.54.

their political action")[30], asook Riggs se hipotese: "Once we can measure degrees of diffraction, we may be able to relate it, quantitively, to levels of development."[31]

Uit hierdie en ander menings kom dit voor of politieke ontwik= keling breedweg gestel kan word as verwysende na 'n proses waar= van die eindresultaat nie gevisualiseer kan word nie en wat be= bestaan uit die progressiewe differensiasie van politieke struk= ture ter voldoening aan die basiese funksies van staatsbou en -integrasie ("indringing" van die gemeenskap met die oog op steunverkryging en gedragsregulering); nasievorming of een= heidskepping; akkommodasie van 'n toenemende aantal politieke groepe en strata, en die bevordering van sekuriteit deur die verdeling van skaars middele. Hierby ingesluit is dan aspekte soos die wyse waarop die stelsel sy optrede verander ten opsig= te van sy regulerings-, verdelings-, bronneverkrygings-, respon= siewe en konflikoplossende funksie; sosialisering en rekrute= tering; belange-aggregasie en -artikulasie (deur politieke par= tye en belange-groepe in demokrasieë); reëlmaking; reëltoe= passing; beregting en die kommunikasie van die verskillende aktiwiteite binne die politieke stelsel en tussen die politieke stelsel en sy omgewing, dit wil sê die ander substelsels binne die sosiale stelsel.[32]

Vir die proses om enigsins gelykmatig te verloop is gesag van wesentlike belang. Dit staan sentraal in enige politieke stel= sel en verkry aksent namate spesialisasie intree en die aanvraag

---

30. *Ibid.*, p.55.

31. *Op. cit.*, p.418.

32. Vgl. Almond & Powell, *op. cit.*, p.52 *et seq.*

vir openbare dienste toeneem. Gesag vorm dan ook 'n betaalmiddel in die politieke proses: die politieke gemeenskap skenk gesag aan die regime in ruil vir bevredigende besluite. Gevolglik kan 'n regime politieke krediet opbou waarvan gebruik gemaak kan word ter delging van debiete wat ontstaan as gevolg van besluite wat onpopulêr is[33] maar noodsaaklik is ter bevordering van welsyn, eenheid, gelykheid en die vorming van 'n nasionale identiteit. Indien die regime egter sy hand oorspeel, ontstaan daar 'n lojaliteitsonttrekking by sommige groepe en verloor die regime, wat dié groepe betref, sy legitimiteit, en ontstaan daar 'n gebrek aan organiese gesag. Op die wyse ontstaan daar politieke inflasie of deflasie, dit wil sê onuitvoerbare beloftes deur die regime en onuitvoerbare eise deur die gemeenskap, of 'n gebrek aan afset vir politieke eise en 'n gebrek aan aanvraag vir gesag. In beide gevalle sluit die regime homself dan af van die gemeenskap, verskans homself in die magsposisie en vorm dus 'n tipe totalitêre oligargie.[34] Politieke agteruitgang kan dus van buite (ander politieke stelsels) of van binne afkomstig wees. En waar dit van binne afkomstig is, spruit dit normaalweg uit 'n oorbelading van die stelsel deur oormatige aksent op staatsbou (strukturele differensiasie), òf deelname òf gelykheid òf welsyn òf eenheid waardeur gesag, identiteit en legitimiteit aangetas word. Andersyds is die stelling reeds gemaak dat enige poging om politieke ontwikkeling teweeg te bring deur proporsionele groei, uitloop op gebalanseerde stagnasie.[35]

---

33. Vgl. Fleming, *op. cit.*, p.499.

34. Vgl. Wiseman, *op. cit.*, p.115-116.

35. Rustow, *op. cit.*, p.123.

Indien daar dan politieke ontwikkeling moet plaasvind, waar behoort die aksent te lê? Rustow[36] en Nordlinger[37] beredeneer die probleem afsonderlik en uit verskillende gesigspunte en kom breedweg tot dieselfde gevolgtrekking, nl. eers eenheid, dan gesag en daarna gelykheid en welsyn. Volgens hulle beredenering is die vraagstuk van eenheid (identiteit) van grondliggende belang, omdat die probleem eerstens bestaan in "what is my nation" en daarna "what kind of a nation"[38]. Indien daar dus met die instelling van sentrale politieke gesagsliggame 'n sin van identiteit (eenheid) bestaan, is dit uiters bevorderlik vir politieke ontwikkeling, terwyl die afwesigheid daarvan belemmerend inwerk op die uitvoering van die ander politieke funksies. Waar die instituering van sentrale gesag die ontstaan van eenheid/identiteit voorafgaan, bly gesag 'n probleem totdat die identiteitsprobleem opgelos is. Dit was dan ook die geval in Europa dat nasies met hulle state op grond van kulturele faktore of politieke tradisie (dus "eenheid") tot stand gekom het[39] en wel voordat die funksies van deelname en welsyn as part en deel van die politieke stelsel beskou is.[40]

In die lig van die bostaande teoretiese opmerkings verdiep die problematiek van politieke ontwikkeling in Afrika en die res van die Derde Wêreld. Indien die Afrika-toneel van nader beskou word, blyk dit dat hier state gevorm is wat bestaan uit verskeie

---

36. *Ibid.*, p.123 *et seq.*

37. *Op. cit.*

38. *Ibid.*, p.333.

39. Rustow, *op. cit.*, p.62.

40. Almond & Powell, *op. cit.*, p.60.

ander "state" - al is laasgenoemde state hulle soewereiniteit ontneem en hulle politieke stelsels ontwrig gedurende die tydperk van koloniale beheer. Die proses van politieke ontwikkeling sal hier dus rekening moet hou met die feit dat daar verskeie ander politieke stelsels bestaan wat versmelt moet word in die nasionale politieke stelsel en dat die politieke kultuur en dus politieke norme van die "sub-state" nie dieselfde is as dié wat die sentrale politieke stelsel onderlê nie. Hier bestaan 'n grootliks gediffrakteerde politieke stelsel op sentrale vlak en grootliks veeldoelige politieke stelsels op plaaslike vlak. As gevolg van die proses van politieke verandering bestaan daar volgroeide burokratiese strukture en aksent op politieke deelname met universele stemreg op sentrale vlak - dog sonder eenheid, en gevolglik sonder organiese gesag. Politieke aktiwiteite en verskille wortel veelal in parogiale verbande; elemente van die tradisionele politieke kultuur word oorgedra na die "moderne" politieke stelsel en lei tot poli-normatiewe gedrag; die neiging bestaan om van politieke en administratiewe poste erflike besit te maak; die staatsgreep vervul die rol van 'n verkiesing; opposisiepartye word as oorbodig, irrelevant en kwaadwillig ten opsigte van die nasionale saak beskou, en state wat as demokraties begin het, neig veelal daarna om magstate te word. Die oorsaak hiervan is oorwegend geleë in die probleem om twee verskillende politieke ordes te probeer versoen maar ook in die gebrek aan eenheid in kulturele en politieke sin.[41]

---

41. Shepherd, G.W. National Integration and the Southern Sudan. *The Journal of Modern African Studies*, 4, 2 (1966), p.193. Vgl. ook Lewis, W.A. Beyond African Dictatorship. *Encounter*, XXV, 2 (1965). Zolberg, A. Patterns of National Integration. *The Journal of Modern African Studies*, 5, 4 (1967). Coleman & Rosberg, *op. cit.*, p.689.

Hierdie probleem is van gewigtige betekenis - ook vir die wordende Bantoestate van Suid-Afrika. Politieke ontwikkeling van hierdie eenhede word ōōk belemmer deur 'n gebrek aan eenheid (nasionale identiteit) as wegspringpunt vir nasievorming. En nasionale identiteit kan slegs teweeggebring word deur nasionale integrasie wat breedweg beskou kan word as eenheidskepping in politieke verband. Dit is deel van die proses van politieke ontwikkeling en word hier bloot om analitiese redes afsonderlik beskou.

3. Nasionale integrasie

Die gebrek aan nasieskap binne 'n staatsgemeenskap vloei voort uit 'n gebrek aan geïntegreerdheid. Wat dus vereis word, is integrasie wat bestaan uit "... the aggregation of independently defined, specifically outlined traditional primordial groups into larger, more diffuse units, whose implicit frame of reference is not the local scene but the 'nation' - in the sense of the whole society encompassed by the new civil state"[42]. Nasionale integrasie verwys dus na 'n proses wat bestaan uit 'n verandering in die verhouding van die steeds veranderende samestellende dele binne 'n groter gewenste geheel. Wat die aard en omvang van die groter gewenste geheel is, is histories gegewe.

Algemeen gestel het die proses van nasionale integrasie twee dimensies, nl. 'n vertikale en horisontale. Na die vertikale dimensie verwys Coleman en Rosberg as politieke integrasie wat bestaan uit "... the progressive bridging of the elite-mass gap in the course of developing an integrated political process and participant political community", terwyl die horisontale

42. Zolberg, *op. cit.*, p.450. Vgl. ook p.451-452.

dimensie bestaan uit "... the progressive reduction of cultural and regional tensions and discontinuities on the horizontal plane in the process of creating a homogeneous territorial po-litical community"[43].

Na die basiese eenhede wat te integreer is, is verwys as primordiale verbande. Hierdie konsep wat oorspronklik deur Shills aangewend is, word deur Geertz omskryf as "... the givens ... of social existence: immediate contiguity and kin connection mainly, but beyond them the givenness that stems from being born into a particular religious community, speaking a particular language and following particular social practices. These congruities of blood, speech, custom and so on, are seen to have an ineffable and at times overpowering, coerciveness in and of themselves"[44]. Hierdie verbande kan nader geïdentifiseer word as (1) *aanvaarde* bloedbande wat wyer as die biologiese bloedeenheid strek maar sosiologies as bloedeenheid beskou word, byvoorbeeld stamverband en volksverband; (2) rasverband waarin die fisiese voorkoms 'n identifiserings- en assosiatiewe funksie vervul;[45] (3) streeksverband, veral geografies-heterogene streke;[46] (4) religieuse verband;[47] (5) taal- en kultuur-

43. *Op. cit.*, p.8-9.

44. *Op. cit.*, p.109.

45. "North of the Rio Grande, people who are culturally alike are seperated on the basis of physical appearance, and south of the river people who are more alike physically are distinguished on the basis of cultural differences ..." (Shibutani & Kwan, *op. cit.*, p.46).

46. Die bindende rol van die distrik is 'n parallel hiervan. (Vgl. Mayer, P. *Townsmen or Tribesmen?* O.U.P. Cape Town. 1961, p.124 *et seq.*)

47. Vgl. Indië en Pakistan; Hausa en Ibo; Soedan.

verband;[48] en (6) beskawingsverband in gebiede waarin daar 'n groep is wat homself as hoër beskaafd as andere beskou en aan=vaar dat andere hulle as model behoort te beskou.[49]

In 'n empiriese situasie is hierdie verbande horisontaal sowel as vertikaal gerangskik en kan die volgende patrone voorkom, nl. (1) state waar 'n enkele verband 'n numeriese sowel as sosiolo=giese meerderheid vorm (Pole in vooroorlogse Poland; Sinhalese in Ceylon; Grieke in Ciprus); (2) state waarin 'n numeriese minderheid 'n sosiologiese meerderheid vorm (Suid-Afrika, Rho=desië); (3) state waarin daar talle verbande met geen duideli=ke heersersverband in terme van getal bestaan nie; (4) "twee-polige" state (Maleiers en Sjinese in Maleisië; Christene en Moslems in Libanon; Sunni en Shii in Irak); en (5) state wat enige van hierdie patrone vertoon met minderhede wat deur in=ternasionale grense verdeel word (Kurde, Baske, Masai, Bakongo, Swazi, Tswana, ens.).[50] Verder is dit op te merk dat waar hier=die verbande saamvallend is met belange van 'n ekonomiese, so=siale of klasse-aard, is dit gewoonlik intenser en die probleem van wedersydse aanvaarding en akkommodasie binne dieselfde gro=ter politieke eenheid gevolglik veel moeiliker.[51]

---

48. Vgl. België, Kanada, Maleisië, Uganda, Kenia.

49. Die algemene Griek-barbaar-, Jood-gojem-verdeling, bv. die Arabiere in die Soedan, Amhara in Ethiopië, Bengali in In=dië en Javane in Indonesië.

50. Geertz, *op. cit.*, p.117-118. Weiner, M. Political and Social Integration: Forms and Strategies. *In:* Nordlin=ger (Ed.), *op. cit.*, p.200.

51. Coleman & Rosberg, *op. cit.*, p.690. Die Tutsi-Hutu, Hima-Iru en Arabiese komponent in Zanzibar kan as voorbeelde dien.

Dit spreek vanself dat die individu ten nouste met hierdie verbande geïdentifiseer is; trouens, dat persoonlike identiteit en die voortbestaan van die verband feitlik twee kante van dieselfde penning is. Sodra die verband bedreig word, word die draers van die verband hulle gevolglik bewus van 'n bedreiging van persoonlike identiteit en vind daar 'n sterker identifisering met die verband plaas. Gevolglik is sommige verbande latent binne een staat, terwyl dit in 'n ander staat as foci dien vir politieke aktiwiteite wat gemik is op die behoud van primordiale identiteit en dus téén die vorming van 'n nuwe kollektiewe identiteit. Daarom ook word daar, in die afwesigheid van 'n gemeenskaplike vyand, eerder gevra na onderlinge verskille as na onderlinge gemeenskaplikheid en daarom ook dien die verband waarin daar verskil bestaan as fokus vir weerstand teen wedersydse aanvaarding. Voorbeelde in die verband is talryk.

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die sukses of mislukking van enige poging tot nasievorming binne die nakoloniale state dus ten nouste verknoop is met die wyse waarop primordiale verbande vertikaal en horisontaal deur die breëre nasionale verband ingebind word. En in hierdie verband toon die praktyk dat daar basies twee formules vir integrasie in swang is, nl. (1) die progressiewe en doelbewuste uitskakeling van minderhede deur 'n gedwonge proses van assimilasie in die een of ander "nasionale" kultuur; en (2) die aansporing van minderhede tot identifikasie met en lojaliteit aan die nuwe politieke ordening sonder enige dwang of bewuste poging tot kultuurverandering of -vernietiging.[52]

---

52. Vgl. Weiner, *op. cit.*, p.201.

## 3.1 Die vertikale dimensie[53]

In 'n nasie bestaan daar korrespondensie tussen owerheid en bevolking. Vertikale integrasie het dit as basiese oogmerk om regeerder (regime) en geregeerde (massa) nader aan mekaar te bring sodat die massa toenemend sy apatiese houding laat vaar, "gepolitiseerd" raak en dus toenemend invloed en kontrole op die regeerder uitoefen. Alleen daardeur kan daar 'n identifikasie tussen die politieke elite en die massa ontstaan, wen die regime aan legitimiteit in die oë van die massa en word nasieskap dus bevorder. Die daarstelling van so 'n organiese gesagsverhouding (nasieskap) veronderstel uiteraard die integrasie van waardes en die aanwesigheid van kommunikasiekanale tussen elite en massa. En net so eenvoudig as wat dit mag klink, so moeilik kan dit wees om te bereik as die staatsbevolking bestaan uit wedersyds-onaanvaarbare elemente.

Vertikale integrasie moet plaasvind vanuit 'n gegewe toestand van elite-massawanintegrasie wat kan bestaan uit (1) 'n ru-imperiale of ru-koloniale situasie; (2) 'n neo-imperiale situasie; en (3) 'n poli-etniese regime met 'n ander waardesisteem (besonderlik politieke kultuur) as die massa. Waar primordiale verbande van etniese en/of religieuse en/of rasse-aard normaalweg 'n oorwegende rol speel by (1) en (2), is (3) verlos daarvan, maar hier speel die verskil in waardes, georiënteerdheid en oogmerke weer 'n oorwegende rol, want die skisma bestaan dan tussen "moderniteit" en "tradisionalisme". Die problematiek

---

53. Omdat die betekenistoekenning aan "nasionale", "politieke" en "territoriale" integrasie verskil by Weiner (*ibid.*, p.197-207), Coleman & Rosberg (*op. cit.*, p.8-9) en Bertsch (*op. cit.*, p.7), word liewer verwys na die vertikale en horisontale dimensie i.p.v. nasionale, politieke of territoriale integrasie.

van vertikale integrasie ten opsigte van elk van hierdie situasies kan kortliks aangedui word.

'n Imperiale of koloniale ordening (1) bestaan in die dominasie van een of meer primordiale verbande deur 'n ander primordiale verband. In so 'n situasie is die gedomineerde verbande onderworpe aan differensiële behandeling binne die politieke stelsel en word terselfdertyd daarvan weerhou om uitdrukking te gee aan hulle onderskeie nasionale strewes binne die raamwerk van afsonderlike state.[54] So 'n situasie is nie organies nie, kan slegs tydelik gehandhaaf word en koers in een van die volgende twee basiese rigtings, nl. fragmentasie (differensiasie) of assimilasie (identiteit).[55]

Indien die verskil in lewensvorme tussen die bowe- en onderskikkende verband na die mening van die heersende verband te groot is om binne dieselfde staat ingesluit te word, ('n numeriese oorwig aan die kant van die beheersde is 'n baie sterk determinant in hierdie verband), word die staatsgebied gefragmenteer en ontstaan daar afsonderlike state vir die heersende sowel as beheersde verbande. Die redenering hiervoor berus oënskynlik op die veronderstelling dat universalistiese inkorporasie op egalitariese grondslag noodwendig uitloop op 'n omkeer van die gesagsverhouding waarin geweld 'n belangrike plek kan inneem. Druk vanuit die beheersde verbande vir fragmentasie verhaas normaalweg die proses. Die afgelope koloniale fase lewer oor=

---

54. Vgl. Kohn, H. Reflections on Colonialism. *In:* Strausz-Hupe, R. (Ed.). *The Idea of Colonialism.* Praeger. New York. 1958, p.3-4.

55. Hailey, Lord. *An African Survey.* (Revised 1956). O.U.P. 1957, p.150.

vloedige voorbeelde hiervan en Suid-Afrika poog daarna om die=selfde weg op te gaan. Daardeur word staatsgemeenskappe daar=gestel wat wanintegrasie van tipes (2) en (3) hierbo kan bevat.

Alternatiewelik word die imperiale of koloniale raamwerk aan=vaar as raamwerk vir nasievorming en is die geproklameerde ideaal dié van assimilasie van die beheersde(s) binne heersers=verband. Die formule gaan dan uit van die veronderstelling dat die sosiale besit van die heersende verband eventueel die besit van die beheersde verbande gaan verdring en dus die basis vir nasievorming is. Indien die heersende verband 'n numeriese minderheid vorm, is die toestaan van gelyke regte aan die on=derworpene normaalweg onderworpe aan 'n beskawingstoets en dus beperk tot die elite binne die onderworpene. Binne so 'n bede=ling verloor die tempo waarteen politiek geassimileer word eg=ter weldra verband met die tempo van sosiale mobilisering (aan=vraag)[56] en dit lei in die reël na rewolusionêre neigings by die beheersde onder aanvoering van sy reeds geassimileerde lede of uitgestote lede van die heersende verband.[57] Hierdie om=standighede verhoog die primordiale bewussyn (by die heersende ten opsigte van die beheersde verbande en *vice versa*) en lei uiteindelik tot 'n omruil van gesagsrolle. Indien daar dus op dié weg voortgegaan word, word dieselfde effek verkry as wan=neer 'n bestaande imperiale situasie onder gesag van 'n nuwe

---

56. Omdat die heersende verband sy gesag wil behou, word die vereistes vir politieke deelname in naam van beskawing en vooruitgang "periodiek" verhoog.

57. Michels het dit dat "... class movements are led by members of the classes against which they are aimed". (Rustow, *op. cit.*, p.85-87). Die aandeel van Blankes in organisasies soos die A.N.C. asook ander rewolusienêre bewegings in Suid-Afrika wys ook na dieselfde verskynsel.

heerser kom en daarmee 'n poli-poliese[58] ordening geskep word wat dan deur die nuwe heerser geherstruktureer word op egalitariese patroon en waardeur die voormalige numeries-swakkere heersende verband 'n ondergeskikte verband word.[59]

Na die tipe situasie waarin daar wel formeel gelyke politieke regte bestaan, maar waarin 'n bepaalde primordiale verband domineer, word as 'n neo-imperiale situasie verwys. In so 'n situasie (2) het die regerende party normaalweg 'n primordiale basis (etniese, rasse-, religieuse), staan dit "bo" die gemeenskap, bestaan demokrasie net vir lede van die regerende party (en verband), neig die regerende verband daarna om die burokrasie te "primordialiseer" en om die groep se bevoorregte posisie te verskans deur die toepassing van diskriminerende praktyke in die voorsiening van onderwys en ander ontwikkelingskemas ten opsigte van ander verbande. Daar bestaan dus kommunikasie en integrasie tussen die regime en één primordiale verband wat inhou dat die ander verbande gaandeweg die legitimiteit van die regime in twyfel trek en die kanale vir vertikale integrasie dus verstop raak. Hieruit moet afgelei word dat nòg fragmentasie (soos by (1)) nòg assimilasie (soos by (2)) *per se* lei tot vertikale integrasie. Smith se gevolgtrekking kan dus onderskryf word, nl. "... where culturally divergent groups together form a common society, the structural imperative for maintenance of this inclusive unit involves a type of political

---

58. J.M.T. Labuschagne (Naturelle-administrasie: 'n vakwetenskaplike objektivering. D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1969) wat die term geskep het, gebruik dit in enigsins ander verband.

59. Die herstrukturering van die situasie in Zanzibar, Rwanda, Burundi en Uganda deur Europese moondhede dien hier as voorbeelde. Rhodesië se onbereidheid hiertoe het gelei tot die eensydige onafhanklikheidsverklaring in 1965.

order in which one of these cultural sections is subordinated to the other"[60]. Dit beteken sosiale differensiasie op kultuur=grondslag. Dit is dus 'n kwessie dat van dirigent (heersende eenheid) verwissel word maar dat die musiek dieselfde bly.

Uit die oogpunt van vertikale integrasie is die posisie waarin 'n poli-etniese regime (3) hom bevind, nie veel gunstiger as 'n neo-imperiale ordening (2) nie. Hier (3) bestaan daar 'n sosi=ale gaping tussen elite en massa wat terugvoerbaar is na die invloede wat gedurende die tydperk van koloniale beheer tot in=werking gebring is op die agtergeblewe gemeenskappe.

Deur dié invloede is bestaande sosiale konstruksies grondig beïnvloed of omver gegooi en is gapings veroorsaak in sosiale kommunikasie, stratifikasie, waardes, ekonomiese oriëntasie en in politieke tegnieke.[61] Die skaal van denke is rewolusionêr verbreed deur veral opleidingsfasiliteite wat deur 'n klein per=sentasie van die koloniale bevolkings benut is. En soos dit in die praktyk verloop het, was dit hierdie trotse produkte van die Westerse beskawing wat eerste die wapen teen die voog opgeneem en plotseling die politieke septer en Westerse regeerstruktuur

---

60. Smith, M.G. *In:* Kuper & Smith (Eds.), *op. cit.*, p.12-13. Benewens 'n poging deur skrywer om "neo-imperialisme" nader te verken (Nuwere manifestasies van Naturelle-administra=tiewe situasies. M.S. 1971), vgl. Lewis, W.A. *Op. cit.;* Wallerstein, I. Ethnicity and National Integration in West Africa. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.675; Kohn, *op. cit.*, Emerson, R. *Op. cit.*, 1960 (1969), p.330; Coleman & Rosberg, *op. cit.*, p.669, 556; Rivkin, A. *Op. cit.*, p.36, 50; Kuper, H. "Strangers" in Plural Societies. *In:* Kuper & Smith, *op. cit.*, p.274; Rothchild, D. Ethnic in=equalities in Kenya. *Journal of Modern African Studies*, 7,4 (1969), p.699-700.

61. Binder, *op. cit.*, p.631.

binne die kolonie oorgeneem het. Dus word die onafhanklikheids-toneel eerder gekenmerk deur 'n moderne (inheemse) enklawe binne 'n tradisionele massa as 'n organiese binding tussen regeerder en maatskappy. Onder die omstandighede stuit die Engels- of Franssprekende, moderniseringsbewuste, sekulêr- en oogmerkgeoriënteerde politieke elite basies teen dieselfde struikelblok as die voormalige koloniale gesag: bygeloof en vooroordeel, askriptiewe waardes, agressiewe wantroue, beperkte horison en 'n fatalistiese lewensbeskouing. Die uitgangspunte is dikwels so verskillend en waardesisteme tussen elite en massa so uiteenlopend dat kommunikasie en mobilisasie moeilik kan plaasvind. Oorspanne verwagtings en die aandrang van die massa dat alle onpopulêre maatreëls uit die koloniale era moet verdwyn,[62] bemoeilik die taak van die regime nog verder. "... it is not that they (elite) do not hear the masses," skryf Weiner, "but what they hear is often so inappropriate to what they wish to do."[63] Die eise van die massa is selde te rym met die ideale van die elite, nl. modernisering, die bou van 'n nuwe nasionale identiteit, die verhoging van die lewenspeil en die kaats van 'n waardigheidsbeeld na die internasionale gemeenskap. Gevolglik probeer die elite die massa hervorm en neig die massa en elite daarna om hulle van mekaar af te sluit. Beperking op vryheid van spraak, verbanning van opposisiepartye en 'n vrye pers, lei dan daartoe dat kanale waardeur ontevredenheid uitgedruk kan word en wat 'n voorvereiste vir kommunikasie is, toegestop word.

Die dilemma waarin die elite verkeer, is goed te verstaan en

---

62. Die eis om beëindiging van landbouhervormings of "meer banknote" is voorbeelde hiervan. (Vgl. Hunter, G. *Op. cit.*, p.286.
63. *Op. cit.*, p.205.

herinner sterk aan die situasie waarin die stamhoof hom gedu= rende die koloniale era bevind het en wat so goed geteken is deur Fallers: twee wêrelde wat in een persoon in botsing kom.[64] Enersyds die verantwoordelikheid wat die leier op hom geneem het om sy volgelinge te lei tot verhoging van beskawings- en lewenspeil en volwaardigheid in die oë van die wêreld; ander= syds die beroep van die volgelinge op waardes wat lynreg in bot= sing met dié ideale staan. Om die ideale te bereik moet iewers toegegee word. Hieroor is Shills baie duidelik as hy skryf: "The closing of this gap between modernizing elite and the mass of the population is the prerequisite of the creation of a po= litical society, of a society which is modern not only in its economy and administration, but in its moral order as well."[65]

Wat staan die moderniserende state onder hierdie omstandighede te doen om enersyds die neo-imperiale ordening en andersyds die sosiale skisma te oorkom? Ten opsigte van eersgenoemde aspek (neo-imperialisme) kan op hierdie stadium nie 'n bevredigende antwoord gegee word nie. Voorlopig kan dit egter gestel word dat die oplossing hiervoor eerder te vind is in koalisies tus= sen primordiale verbande as in 'n bedeling waar daar 'n absolu= te wenner en 'n absolute verloorder sal wees.[66]

Wat die gaping tussen elite en massa betref, sal vertikale inte=

---

64. Fallers, L. The predicament of the modern African Chief: An instance from Uganda. *In:* Wallerstein (Ed.), *op. cit.*, p. 232 *et seq.* Vgl. ook Greiger, T. *The Conflicted Rela= tionship.* McGraw-Hill. New York. 1967, p.92 *et seq.* en Turnbull, C. *The Lonely African.* Chatto & Windus. 1963.

65. Soos aangehaal deur Binder, *op. cit.*, p.620.

66. Vgl. Lewis, W.A. *Op. cit.*

grasie alleen kan plaasvind indien die steun van die massa gemobiliseer kan word ten opsigte van die gestelde ideaal van nasieskap. En die steun hiervoor sal alleen verkry kan word indien dié ideaal betekenisvol vertolk kan word in die beleweniswêreld van die tradisionele massa en wel in terme van eie waardes en ervaring. As leidraad in hierdie verband werp Binder sowel as Weiner die aksent op die rekrutering van leiers uit die tradisionele aristrokrasie en die skepping van infrastrukture soos politieke partye, persorgane, universiteite wat as tweerigtingkanale kan dien tussen owerheid en bevolking.[67] Van hierdie persone en instellings word dit dan vereis om 'n kultuur-ideologiese konsensus tussen regeerder en massa te skep wat bestaan uit 'n sintese van tradisionele waardes en dáárdie waardes wat geassosieer word met moderniteit. Hierdie gedagte vind ook aansluiting by Deutsch se gedagte van koalisie tussen "... the most outside of the insiders" en "the most inside of the outsiders".[68]

Laastens is dit op te merk dat drie faktore van besondere belang is in die huidige poging tot vertikale integrasie binne die agtergeblewe gebiede. Dié faktore is: (1) Die aan- of afwesigheid van kontrole oor die gebied deur 'n koloniale moondheid; (2) die aard, samestelling en ontwikkelingspeil van die regerende elite; en (3) die aard, samestelling en ontwikkelingspeil van die massa wat regeer word.[69] Die tempo van nasionale integrasie op vertikale vlak staan in noue verband met hierdie faktore, omdat dit klaarblyklik die lewensvatbaarheid van moderne integrasiestrukture bepaal.

---

67. Binder, *op. cit.,* p.630. Weiner, *op. cit.,* p.206.

68. Aangehaal deur Rustow, *op. cit.,* p.161.

69. Coleman & Rosberg (Eds.), *op. cit.,* p. 682 *et seq.*

## 3.2 Die horisontale dimensie

'n Situasie waar een primordiale verband *formeel* ander verbande beheers, dit wil sê 'n ru-imperiale situasie (of 'n situasie waarin pluralisme gestruktureerd is) veronderstel die bestaan van primordiale skismogenese op horisontale vlak. Trouens, horisontale (simmetriese) skismogenese gee veelal direk aanleiding tot vertikale (komplementêre) skismogenese as verhoudingspatroon tussen primordiale verbande wat dieselfde staatsgebied bewoon. Gevolglik kan een of ander vorm van neo-imperialisme verwag word solank daar 'n wanintegrasie op horisontale vlak bestaan.

En die beëindiging van horisontale wanintegrasie geskied nie deur 'n pennestreep of magsvertoon nie. Dit is net so sterk soos die primordiale bewussyn, vereis persoonlike oortuiging en emosionele aanvaarding van die nuwe orde waarin die relatiewe posisie van die "eie" groep binne die totale situasie 'n bepalende faktor is. Gemeenskaplike bedreigings, sosialisering tot 'n enkele nasieverband en doeltreffende leierskap kán die primordiale verbande van hulle krag ontneem en eenheid bevorder - indien daar reeds iets gemeenskapliks bestaan wat bedreig kan word en indien die aanvanklike wedersyds-uitsluitende en onderlinge negatief-afwysende houdings reeds die zeromerk bereik het, sodat die verskillende verbande wel vatbaar is vir sosialisering tot 'n enkele nasieverband. Omdat ware krisisse (krisisse wat deur *alle* primordiale groepe as gemeenskaplike bedreigings ervaar word) egter so raar is as meesterbouers in nasieverband, is dié opmerking van Coleman en Rosberg treffend: "Still, the lesson of history is that these major transformations in loyalties and attachments are complex and long-term

phenomena."[70]

Hoe pandemies die voorkoms en kragtig die invloed van primordiale verbande - veelal en sonder meer afgemaak as "tribalism" - op die horisontale vlak is, is af te lees uit die reeks terme wat reeds ontwerp is om situasies wat die gevolg is van die werksaamheid van dié verbande, aan te dui: "cultural bifurcation" (Sjoberg), "multiple societies" (Nash), "segmental societies" (Van Lier), "segmented societies" (Hoetink en Speckman), "social dualism" (Little)[71], "plural societies" (Furnivall)[72], en "poli-ethnic societies" (Barth)[73]. Die rol wat hierdie horisontale verbande speel, die krag wat daar van elkeen uitgaan en die hoogte waartoe dit 'n rol as politieke foci binne die jonger state speel, word deur verskeie faktore bepaal soos die tydperk van koloniale beheer, die beleid van die koloniale gesag, die trefwydte en -krag van die integrerende invloede, die samevalling (al dan nie) van 'n primordiale verband met 'n relatiewe rykdoms- of statusposisie; die politieke geborgenheid van die nasionale instellings, aan- of afwesigheid van wydtreffende kommunikasiemedia,[74] ens. Terselfdertyd is daar egter ook

---

70. *Ibid.*, p.691. Vgl. ook Nordlinger, *op. cit.*, p.335-337.

71. Smith, M.G. *In:* Kuper & Smith, *op. cit.*, p.417.

72. *Op. cit.*, (1939).

73. *Op. cit.*

74. Vgl. Coleman & Rosberg, *op. cit.*, p.688 *et seq.* Dit is noodwendig so dat sommige verbande in 'n meer "bevoorregte" posisie verkeer as gevolg van langer of intensiewer kontak met beskawingsinvloede (sending, handel, onderwys, verstedeliking), aanwesigheid van minerale rykdomme, getal, ens. Verder kom dit voor of daar 'n korrelasie bestaan tussen bereidheid tot aanpassing by die gegewe orde en die "nasionale" verlede. Hoe trotser die verlede, hoe kleiner die bereidheid tot voldoening aan die nuwe eise.

te waarsku teen 'n oorvereenvoudiging in hierdie verband. "Integrasie-agente" werk alleen horisontale integrasie in die hand indien die bereidheid tot sodanige integrasie binne die verbande aanwesig is. Andersins kan sekere verbande die "agente" binnedring en "oorneem" met die oog op die verstewiging van die eie posisie binne die nuwe orde. Indien so 'n primordialisering van integrasiemedia reeds plaasgevind het, verloor die media normaalweg hulle trefkrag ten opsigte van dáárdie segmente wat hulleself as uitgesluit ervaar.

Noodwendig ry die verskynsel van soveel kompeterende groepe die onsekere eenheid binne die nuwe staat - en gevolglik nasionale groei - in die wiele en het dit in baie gevalle reeds daartoe gekom dat die sentrifugale neigings alleenlik deur geweld gestuit kon word, omdat die innerlike bindingsmeganismes gefaal het. Omdat geweld egter slegs 'n tydelike "oplossing" is, moet die stelsel gestabiliseer, die politieke proses geroetiniseer en die hoë verwagtings met die onaansienlike werklikheid versoen word. Hierin kan sosio-ekonomiese ontwikkeling 'n belangrike rol speel. Onderwys bevorder sosiale mobiliteit en verbreed die horison, terwyl bevredigende bestaansbrontoewysing deur toegewyde politici en 'n onkreukbare merietemaatstaf by die rekrutering en bevordering van rolbekleërs die neiging tot klekte-vorming[75] aan bande kan lê en 'n bydrae lewer om die gapings op horisontale vlak te vernou.

Omdat primordiale verbande sterker op die voorgrond tree indien dit daadwerklik bedreig word en die krag van primordiale bewussyn in indirekte verband staan met die sukses of mislukking van pogings tot horisontale integrasie, behoort die beleid ten op-

---

75. Vgl. Riggs, *op. cit.*, p.164 *et seq.*

sigte van primordiale verbande (erkenning of nie-erkenning) 'n belangrike rol te speel in die integrasiepoging. Maar hieroor bestaan daar oënskynlik geen eenstemmigheid nie. Sommige regimes stel hulle in op die doelbewuste afbraak van primordiale verbande en volg 'n beleid van "ontstamming" en assimilasie - veelal met die grondtema dat 'n nuwe gemeenskap uit die oue gebore moet word en dat geweld die rol van vroedvrou daarin moet speel. Andere aanvaar die verskeidenheid as uitgangspunt vir die vorming van die nasie. Die eerste groep regverdig hulle (gewelddadige) beleid van die hede in terme van die toekoms; laasgeneomde groep regverdig hulle beleid in terme van kontinuïteit met die verlede. Tot op hièrdie stadium is nog nie een van die twee basiese metodes as suksesvol bewys nie.[76]

Indien die vraag na die metode egter gekwalifiseer word met die vereiste van 'n minimum geweld, word die keuse duideliker ten gunste van die "eenheid-in-verskeidenheid"-metode, dit wil sê 'n erkenning en aanwending van primordiale verbande in die poging tot horisontale integrasie. Ter ondersteuning van hierdie stelling kan verwys word na Mercier wat meen dat "tribal nationalisms" meer begaan is oor ekwilibrium binne as omverwerping van die (breër) politieke raamwerk; Wallerstein se stelling dat etniese kompetisie nie teen die stelsel gemik is nie; Young wat daarop wys dat etniese lojaliteit nie in botsing met nasionale identiteit staan nie maar 'n voorwaarde daarvan is;[77]

---

76. Zollberg (*op. cit.*), handel oor beide metodes soos toegepas in Mali en die Ivoorkus en skryf dan (p.466): "Whether the processes that are occuring in the two countries ... will result in ... a kind of societal and political wholeness ... cannot seriously be foretold."

77. *Ibid.*, p.465-466.

Nordlinger se standpunt dat "... mutual antagonisms will only be assuaged through the emergence of a national identity that builds upon - that takes into account - the particularistic loyalties and traditions ... a durable edifice must be built upwards by incorporating the necessary heterogeneous building blocks"[78], en Weinstein se optekening van die volgende uitlating van 'n Gabonnese burger, nl.: "... my first nation is the Woleu-Ntem; the second, the adopted one, is Gabon"[79]. Hierdie gedagtes lê ook heeltemal in lyn met Lewis se redenasie dat wat goed is vir 'n klassesisteem sleg is vir 'n plurale sisteem, en dat 'n oplossing vir Afrika gesoek moet word in federasies en koalisies van primordiale verbande.[80]

Indien die bestaan van wedersyds-uitsluitende primordiale verbande as die hoofprobleem in die weg na horisontale en vertikale integrasie aanvaar word, kan laastens verwys word na Geertz wat die problematiek van primordiale verbande en die vervlakking daarvan oënskynlik dieper deurdink het as enige ander skrywer. Hy skryf: "... this tension between primordial sentiments and civil politics probably cannot be entirely dissolved. The power of the "givens" of place, tongue, blood, looks and way-of-life to shape an individual's notion of who, as bottom, he is and with whom, indissolubly, he belongs is rooted in the non-rational foundations of personality. And once established, some degree of involvement of this unreflective sense of collective selfhood in the steadily broadening political process of the national state is certain, because that process seems to touch

78. Nordlinger, *op. cit.*, p.337. Vgl. ook Lewis, W.A. *Politics in West Africa*. New York. 1965, p.66-67.

79. *Op. cit.*, p.189.

80. *Op. cit.*

on such an extraordinarily wide range of matters. Thus, what the new states - or their leaders - most somehow contrive to do as far as primordial attachments are concerned is not, as they have so often tried to do, wish them out of existence by belittling them or even denying their reality, but domesticate them. They must reconcile them with the unfolding civil order by divesting them of their legitimizing force with respect to governmental authority, by neutralizing the apparatus of the state in relationship to them, and by channeling discontent arising out of their dislocation into properly political rather than parapolitical forms of expression."[81]

4. Nasievormende faktore

In die bostaande vlugtige oorskouing van die problematiek van nasievorming is eksplisiet of implisiet gewys op faktore wat 'n integrerende rol in politieke verband kan speel. 'n Aantal van hierdie faktore wat as belangrik voorkom, word hieronder uitgelig en nader beskou. Dit sluit in: (1) grondgebied en politieke grensvorming; (2) politieke leierskap; (3) politieke partye; (4) burokrasie; (5) politieke sosialisering; (6) bestaansgeleenthede; (7) nasionale simbole, en (8) sosiale mobilisering. Hier word geen prioriteitsorde geïmpliseer nie en ook word nie te kenne gegee dat dié faktore die enigste is wat daar bestaan nie. Elke empiriese situasie bepaal sy eie prioriteite in die lig van sy gegewenhede en lê ook sy eie aksente. Noodwendig is hierdie faktore ook kousaal verbonde en wedersyds beïnvloedend.

---

81. *Op. cit.*, p.128.

4.1 Grondgebied en grensvorming

Soos nuwe etnieë, ontstaan ook nuwe nasies binne die grondgebied van ander nasies of ordeninge van die nasietipe, dit wil sê politieke eenhede. Maar in teenstelling met 'n etnos wat tydelik nog wel onder begunstigende omstandighede kan voortbestaan ten spyte van die verlies van sy staat (nasieskap) en verspreiding in verskillende nasies, kan 'n nasie nie voortbestaan na verdwyning van sy politieke soewereiniteit oor 'n bepaalde grondgebied nie. Dit is so omdat sy staat en sy grondgebied, hoewel die minimum, tog wesentlik die enigste twee verbande is wat 'n nasie inbind en kenmerk.[82]

Gegewe dat daar 'n staat met 'n eie grondgebied bestaan, bestaan nasievorming dus wesentlik in die verlegging van politieke lojaliteit vanaf 'n historiese staat na die bestaande staat; vanaf 'n politieke ordening waarvan die grense en inhoud verskil van die bestaande na die bestaande politieke ordening. Dit gaan dus om die vorming van nuwe grense wat ou grense oorsny, verskillende politieke eenhede insluit en dele van bestaande eenhede kan uitsluit. Die maklikste deel van die taak is uitgevoer met die trek van lyne op 'n kaart en die opstel van 'n konstitusie; die moeiliker taak lê in die oordraging van die politieke lojaliteit van die staatsgemeenskap op die so-getrekte grense en op die nuwe gesaghebber wat in terme van die konstitusie ontstaan. Dit impliseer dus die skep van politieke gapings waar dit nie bestaan het nie en die oorbrugging van politieke gapings waar dit wel bestaan. Dus is grens=

---

82. Waar 'n nasie nie ook 'n volk is nie. Waar 'n nasie wel 'n volk is, word sy nasieskap ook vernietig indien hy sy grondgebied en sy staat verloor.

vorming as vereiste vir nasievorming eerder 'n psigologiese as meganiese proses: "What appears as a process of nation-building from the point of view of governments appears as a matter of nation-choosing by the individual."[83]

Politieke grense omlyn dus die politieke gemeenskap, maar politieke grense bly vaag en oneffektief totdat dit deur die politieke gemeenskap gepositiveer word. En die positivering (vorming) van grense staan in uiters noue verband, trouens, vloei voort uit die lojaliteit van die bevolking jeens sy owerheid. Dit is per slot van rekening die identifikasie van bevolkings met alternatiewe politieke kerns waardeur grense ontstaan. Gevolglik: indien die lojaliteite vaag is, is die grense ewe vaag en vorm dit eerder sones as teenstellings. Namate die lojaliteit aan die alternatiewe politieke kerns toeneem, en die state wen aan gesag, kom gesag teen gesag te staan en word die sones omskep tot teenstellings. Onder die omstandighede dreig die nuwe politieke orde om randetnieë uiteen te skeur en kan 'n herlewing van historiese politieke eenhede verwag word[84] wat, op sy beurt, belemmerend inwerk op die gestadigde proses van lojaliteitsverlegging.

Grense is dus uiters selde "natuurlik" of "logies". Die Piri-

---

83. Deutsch, K. *In:* Deutsch & Foltz (Eds.), *op. cit.*, p.10.

84. Dit is opvallend dat daar pas voor die onafhanklikwording van Lesotho, 'n organisasie genaamd "Batlokwa Regrouping Organization" ontstaan het wat talle pogings aangewend het om 'n deel van Lesotho uit te sny en dit te heg aan Witzieshoek ten einde 'n Tlokwatuisland te vorm. Die herlewingsbeweging onder die Sotho in die Trans- en Ciskei in 1974-75 staan in dieselfde teken. So ook die Transvaalse Ndebele se pogings tot konsolidasie.

nieë skei Franse en Spanjaarde, maar die Alpe het bygedra tot die vorming van die Switserse nasie; die Rynvallei kon soms Franse en Duitsers skei, maar die Nyl kon Arabiere saamvoeg. Natuurlike grense dra dus slegs die kwaliteit (verenigend of skeidend) wat die betrokke gemeenskappe daaraan toeken. Ge= volglik lei historiese gebeure daartoe dat "onlogiese" grense "logies" word en dat "logiese" grense "onlogies" word.

Nogtans kom dit voor asof grense normaalweg oorspronkliker is as nasies en dat grense, hoe arbitrêr ookal getrek, geneig is om mettertyd eie belange en 'n eie momentum op te wek. Dit is dus nie soseer dat nasies hulle bewussyn van afsonderlikheid oorplaas in waarneembare begrensing soos aangedui deur Coertze nie,[85] maar dat, in die vorming van die territoriaal-gebonde nasie, die grense 'n bevolking inkapsuleer en omvorm tot na= sie - met die voorbehoud dat die meerderheid wat so afgegrens is, bereid is om hulle met die grense (dus die owerheid wat oor die ingeslote gebied gesag voer) te identifiseer.

Staatkundige grense kan wel verander word om by bestaande lo= jaliteite aan te pas, maar in terme van die huidige politieke idioom moet lojaliteite verander om by gegewe staatkundige grense aan te pas. En hier lê oënskynlik 'n aksentverskil tus= sen tradisionele Afrika en moderne Afrika: Volgens tradisio= nele Afrika is gesag eerder oor mense as oor gebied gevoer en het die mense as draers van 'n bepaalde politieke lojaliteit

---

85. Coertze, R.D. Die Politieke Ordening van Volke. *In:* Coertze, P.J. (Red.). *Op. cit.*, (1960), p.142.

bepaal waar die grense sal wees.[86] Vandag bepaal die grense waar die politieke lojaliteit moet wees. En om die politieke lojaliteit by gegewe grense te laat aanpas doen die politieke elite 'n oënskynlik onlogiese stap deur te velde te trek teen koloniale moondhede wat (die huidige) politieke grense arbitrêr getrek het en bestaande kultuurgroepe verdeel het.[87] En tog is geen politieke leier vandag bereid om politieke grense by kul= tuurgrense te laat aanpas nie, omdat sodanige aanpassing die spreekwoordelike kis van Pandora sal open[88] en die politieke konstruksie waarop die leier staan, sal laat verkrummel en ont= saglike momentum sal gee aan die herlewing van tradisionele po= litieke groeperings. By nadere beskouing word dit egter duide= lik dat die politieke leier in sy beskuldiging van die koloni= ale gesag juis besig is om die arbitrêre grense te probeer se= menteer deur die lojaliteit van die staatsgemeenskap te probeer wen met die uitwys van vyande en veroorsakers van "onreg". Fiktiewe vyande en kunsmatige krisisse word eweneens opgetower om lojaliteit te wen, gesag te vermeerder en grense te vorm.

Grensvorming as vereiste vir nasievorming trek dus saam in die

---

86. Vgl. Zartman, *op. cit.* Oók Schapera (*Government and Poli= tics in Tribal Societies.* Watts. London. 1956 (1963), p.28) stel dit dat na die stamhoof van bv. die Hurutshe verwys word as *Kgosi ya Bahurutshe* en nie *Kgosi ya Lehurutshe* nie. Die verskynsel dat *dikgôrô* ook dikwels nie territoriale eenhede is nie, wys in dieselfde rigting.

87. Vgl. bv. Chime, S. The Organization of African Unity and African Boundaries. *In:* Widstrand, C.G. *African Bounda= ry Problems.* The Scandinavian Institute of African Studies. Uppsala. 1969, p.65 *et seq.*

88. *Loc cit.*

opwekking van lojaliteit ten opsigte van die nuwe gesaghebber in nasionale verband en ten koste van 'n bepaalde parogiale verband. Lojaliteit lei tot legitimiteit, identifisering en die skepping of oorbrugging van gapings in kommunikasiekanale. Nuwe grense word so gevorm. Noodwendig word die sukses of mis=lukking van politieke grensvorming deur verskeie ander faktore bepaal, waaronder politieke leierskap.

## 4.2 Politieke leierskap

Indien waardes verander, gedragspatrone gewysig, lojaliteite verlê en nuwe politieke instellings geskep of oues gewysig moet word, word 'n energieke en toegewyde leierskorps vereis. Oor die rol van politieke leiers in die proses van nasievorming kan daar dan ook kwalik verskil van mening bestaan. Montesquieu het reeds treffend daarop gewys dat dit die leiers is wat in=stellings skep en dat die instellings daarna die leiers vorm. Daarmee word te kenne gegee dat die leiers oorspronkliker is as die instellings. Hoe vinniger die tempo van politieke ver=andering hoe groter dus die behoefte aan bevoegde en toegewyde leiers. En alhoewel daar uit sommige oorde uitgesien word na 'n staatlose gemeenskap en uit andere daarop gewys word dat dit wette is wat regeer en nie mense nie, bly die verskil tus=sen vooruitgang en voortydige insakking op die politieke ter=rein grootliks toe te skryf aan die aan- of afwesigheid van po=litieke leiers: persone wat die kernwaardes, verwagtings, eise en strewes van die gemeenskap kan interpreteer, artikuleer en integreer in die proses van besluitneming.

Daar moet met Shills saamgestem word dat "The gestation, birth, and continuing life of the new states ... are in large measure

the work of intellectuals."[89] Dit is hulle wat die koloniale gesag op morele gronde kon beswaar oor die onregmatigheid van koloniale beheer en terselfdertyd die massa opgeroep het tot 'n nuwe en onomlynde "nasionalisme" as protes teen vreemde gesag. Niemand anders kon of wou die taak onderneem nie.[90] Hierna is die politiek egter geprofessionaliseer en die energie gekanaliseer in 'n politieke organisasie met 'n oordonderende ideologiese stempel - 'n feit wat Apter genoop het om daarna te verwys as 'n politieke religie.[91] Onder die omstandighede het die politieke sfeer - by gebrek aan kompetisie vanuit 'n sakesektor en professies (wat feitlik nie bestaan nie) - dié statussfeer geword en die bekleding van politieke poste 'n bewys van prestige. Nou het die professionele politieke leier dit as taak om *prima donna* te wees vir die tradisionaliste sowel as die "gesekulariseerdes", want dit is alleen deur vir beide gehore te speel[92] dat hy aan die populistiese eis van "closeness to the people"[93] kan voldoen. In sy drang tot verandering, moet die politieke leier dus bedag wees op die slaggate van tempo en metode: indien die tempo te vinnig is, ontstaan daar 'n breuk met tradisionele politieke waardes en kan kontra-moderniseringsbewegings op primordiale grondslag ontstaan; indien die tempo te stadig is, frustreer dit die verwagtings wat opgewek is en verloor die leier sy appêl op die gesekulariseerde komponent.[94]

---

89. Shills, E. The Intellectuals in the Political Development of the New States. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.249.
90. *Ibid.*, p.250 *et seq.*
91. Apter, D. *In:* Geertz (Ed.), *op. cit.*, p.64 *et seq.*
92. Vgl. Seligman, L.G. Elite Recruitment and Political Development. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.248.
93. Shills, *op. cit.*, p.263.
94. Seligman, *op. cit.*, p.248.

Volgens die redenasie van Max Weber kan die gesagsbasis van die politieke leier tradisioneel, charismaties of rasioneel wees.[95] Die wegspring in die moderniseringsproses is in die reël vanaf die tradisionele waarna dit veelal vervang word deur die charismatiese[96] of rasionele[97]. Die charismatiese basis verval normaalweg saam met die charismatiese leier indien nie geroetiniseer nie.[98] Met die oog op nasievorming skyn die charismatiese basis besonder funksioneel te wees, omdat die leier simbool van die verworwe onafhanklikheid is; die nuwe staat en nuwe vryheid vlees en bloed in die vorm van die leier word en hy dus bo die gefragmenteerdheid staan, 'n fokus vir nasionale binding vorm en identifikasie met hom dus die ontstaan van 'n breër politieke horison bevorder. Die ideologie wat deur die leier gekaats word, verbreed tot 'n heilige dissipline en veroorsaak verdere binding.

Hiermee word egter nie te kenne gegee dat die tradisionele elite geheel onbevoeg is om leiding in die proses van politieke ontwikkeling te gee nie. In die Turkye van Kemal Atatürk[99], Urundi[100] en Japan[101] het dit wel gebeur. Trouens, tradisio-

---

95. Vgl. Rustow, *op. cit.*, p.148 *et seq.*
96. Vgl. Huntington, S.P. Strategies of Institutional Development. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.482.
97. Soos wat gebeur het in Brittanje in 1640, Frankryk in 1789, Japan in 1868 en Rusland in 1917.
98. Weber, M. The Routinization of Charisma. *In:* Etzioni, A. & E. (Eds.), *op. cit.*, p.53 *et seq.*
99. Rustow, *op. cit.*, p.112-113.
100. Daimant, *op. cit.*, p.24.
101. Bendix, R. *Nation Building and Citizenship.* Wiley, New York. 1964, p.200.

nele leiers beskik oor hoedanighede wat, gegewe 'n askriptiewe politieke kultuur, nie deur 'n leier uit die moderne intellektuele elite verwerf kan word nie. Maar politieke ontwikkeling met die oog op nasieskap onder leiding van tradisionaliste sal noodwendig nie vinnig wees nie; trouens, dit kan 'n rem vorm vir eenheidskepping en struktuurverandering. Alhoewel tradisionaliste begerig is om 'n nuwe orde te bou is hulle óók ingestel op die behoud van mag, verdra hulle óók selde politieke opponente, loop hulle ook selde politieke risiko's en is hulle veral versigtige hervormers. Die hervormings wat egter wel onder hulle leiding plaasvind, skep 'n middelklas wat aanskouliker hervormings eis en op dié wyse word die elemente wat die (tradisionele) regime wil laat intuimel, versterk.[102]

'n Politieke leier wat op 'n tradisionele gesagsbasis staan, hoef egter nie verlede-gerig te wees nie. In die lig van die feit dat effektiewe leierskap getoets word aan die greep wat dit op die bevolking het, voortvloei uit die interpretasie en vertolking van kernwaardes binne die gemeenskap en ontsaglik bevorder word indien die leier hom kan beroep op askriptiewe hoedanighede in terme van die gegewe politieke kultuur, kom dié gevolgtrekking noodwendig na vore: Die doeltreffendste politieke leiers in die oorgangsfase is diegene wat uit die tradisionele aristokrasie stam èn Westersgeskoold is. Hulle het appèl op beide ordes en kan beter nasievormers wees as persone wat slegs verband met één orde kan aantoon.

Ongeag sy gesagsbasis bly die taak van die politieke leier omvangryk en delikaat. Daar moet vanaf 'n gegewe werklikheid as

102. Vgl. Esman, *op. cit.*, p.90.

fondament gebou word met die aanvaarding dat die ideaal van na=siewees nie binne die bestek van een generasie bereik kan word nie. Hoë verwagtings moet versoen word met onaansienlike werk=likhede en botsende groepe omvorm word tot wedersydse aanvaar=ding in breër verband. Eenheid moet bewerkstellig word deur dikwels eenheid te veronderstel wat daar nie is nie en 'n nuwe waardige identiteit moet aan die staat gegee word. Met die oog hierop moet die politieke leier twee paradoksale begeertes be=vredig: enersyds "the desire to be grey-haired and wrinkled as a nation; of wanting to have an antiquity", en andersyds die dwingende strewe om "modern" te wees.[103] Moderne strata sowel as parogiale groepe wat elk aandring op die beskerming van be=lange moet geakkommodeer word. 'n Sintese moet bewerkstellig word tussen volgelinge, omstandighede en oogmerke. Hiervoor moet daar kanale vir massa-kommunikasie wees en is daar instru=mente te verander, te ontwerp en aan te wend: 'n politieke or=ganisasie, administratiewe sisteem, sosio-ekonomiese belange=groepe en 'n ideologie - al is dit 'n abstraksie.[104] Die reëls waarvolgens die politieke spel in die toekoms gespeel moet word, moet neergelê word sonder dat die leier homself mag ver=oorloof om dit as 'n spel te speel. Van die manipulasie van die gefragmenteerdheid vir partisanevoordeel en van die onbepaalde voortsetting van die eie gesagsposisie moet hy hom weerhou.[105]

Die eise van nasievorming is sodanig dat die regerende elite

---

103. Vgl. Mazrui, A. The Monarchial Tendency in African Poli=tical Culture. *In:* Doro & Stultz (Eds.), *op. cit.*, p.25. Dié eise lei dan tot die bestaan van "westerse regerings" in "antieke" state soos "Ghana", "Mali" en "Zaïre".

104. Pye, *op. cit.*, p.36.

105. Fleming, *op. cit.*, p.507.

hulle eerder as nasievormers in plaas van politici moet gedra. Politieke norme moet ontwikkel word wat in die beste belang van die *hele* staatsgemeenskap is in plaas van slegs te speel vir gesagsbehoud; eerder te dink aan koalisies en gesagsdesentra= lisasie as aan "wenners" en "verloorders" of dat die "meerder= heid" die "minderheid" regeer; eerder halsstarrige primordiale verbande te inkorporeer as te negeer of met geweld uit die wê= reld te probeer maak; en om geweld as faktor vir die behoud van eenheid te vervang met breër deelname. (Deur die stelselmatige omvorming van die parogiale of onderdaanspolitieke kultuur tot 'n deelnemende.)

In kort het hulle dit as taak om dikwels die (persoonlike) ge= sagsposisie in gevaar te stel in belang van die te ontstane nasie. Dáárdeur word die lojaliteit gekweek ten opsigte van die nuwe politieke orde as voorvereiste vir nasieskap, en dáár= deur word 'n identiteit gevorm waarsonder die proses nie kan plaasvind nie.[106]

## 4.3 Politieke partye

Benewens die feit dat politieke partye 'n belangrike integre= rende rol kan speel indien dit kruissnydend werksaam kan wees ten opsigte van gegewe primordiale verbande, moet dit ook om vier ander redes as van belang beskou word. Eerstens was dit

106. Ingesluit hierby is dan die vorming en vervorming van wat Weinstein noem "a belief system" (*op. cit.*, p.136) wat deur De Grazia (*op. cit.*, p.xiv) soos volg omskryf word: "It refers to the ensenble of beliefs which men hold con= cerning activities that presumably contribute to their common welfare. As such, a belief-system, inevitably contains the ideas of people about their relationship to one another and to their rulers."

die politieke party of sy prototipe wat momentum gegee het aan en as koördinator opgetree het in die anti-koloniale strewe; gevolglik die gesag oorgeneem het en veelal gekonvergeer het met en dus gelyk geword het aan "die regering". Tweedens het die politieke credo van "een-man-een-stem" spontaan aanleiding gegee tot die ontstaan van politieke partye as bieërs vir stem= me ter bevordering van bepaalde belange en nastrewing van se= kere oogmerke binne die nuwe staatkundige bedeling. Derdens het koloniale moondhede wat graag "die beste" politieke stel= sels aan hulle kolonies wou nalaat, feitlik aangedring op die vorming van politieke partye, omdat dit part en deel van "die beste" stelsel (dit wil sê die eie) is. Vierdens het die oor= weldigende versugting om "modern" te wees op die staatkundige terrein gelei tot die ontstaan van politieke partye wat ook gesien is as een van die sjibolette van "moderniteit". In teen= stelling met verskeie Europese state soos Frankryk, Swede, Noor= weë en Holland waar die krisis van nasievorming tot 'n redelike hoogte opgelos is vóór die verskyning van politieke partye en universele stemreg, staan Afrika dus waar "... the masses are armed with the franchise at the very beginning of the African élite's attempt to direct modernization"[107].

In die lig van die bestaande werklikheid is daar dus nie te vra na die wenslikheid of onwenslikheid van politieke partye nie maar eerder hoe politieke partye 'n integrerende rol speel of kan speel met die oog op nasieskap.

---

107. Kilson, M. The Masses, the Elite and Post-Colonial Poli= tics in Africa. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.381-382. La Palombara, J. & M. Weiner (Eds.). *Political Parties and Political Development.* Princeton Univ. Press. New Jersey. 1966 (1969), p.414.

Politieke partye - en hier is dit in die ruimer sin te verstaan, nl. alle politieke organisasies wat hulleself as politieke par= tye beskou en ook as sodanig beskou word - veronderstel 'n ge= meenskaplike ideologiese gebondenheid en 'n gemeenskaplike be= lang in die verkryging en uitoefening van mag. Sover dit die intensiteit en omvang van skakeling met die bevolking be= tref, is daar tussen vier tipes partye te onderskei, nl. (1) die patronaatsparty wat 'n status-groepering is met lidmaatskap be= perk tot invloedrykes en die bekleërs van sleutelposisies; (2) 'n groep persone wat dieselfde oogmerke nastreef maar nie in staat is tot massa-politiek en magsmanipulasie nie; (3) die "middelklasparty" wat betreklik onaktief is en slegs in tye van verkiesings aktief is; en (4) die massaparty wat voortdurend poog om die massa te mobiliseer en in kommunikasie daarmee te wees.[108] Laasgenoemde tipe is die mees algemene binne dié jon= ger state. Die talle funksionarisse binne die partystruktuur is dan ook voortdurend besig om deur die direkte metode oogmerke en waardes van bo na onder te artikuleer en reaksies terug te koppel na die party-elite waardeur die populistiese norm gedien word. Van hierdie tipe partye kan daar twee of meer binne die= selfde staat bestaan, maar die neiging is dat daar slegs een behoort te bestaan.[109]

Die omvorming van 'n polisentriese politieke ordening tot 'n nasie vereis onder meer die bewusmaking van die bevolking dat daar 'n breër staatkundige raamwerk bestaan as die tradisionele

---

108. Esman, *op. cit.*, p.78-79.

109. Hierdie tendens is 'n baie duidelike manifestasie van tra= disionele politieke kultuur in moderne verband - soos die feit dat die leier van die regerende party feitlik 'n tra= disionele vors word, of as sodanig gesien word.

politieke eenhede; mobilisering van steun vir die breëre raam=werk, en die daarstelling van soveel moontlik kruissnydende ver=bande binne die breëre (nasionale) raamwerk, dit wil sê verbande op nasionale vlak wat gryp oor die bestaande primordiale ver=bande. Omdat die politieke party noodwendig ingestel is op die verkryging van beheer van die staatsapparaat en dus met die oog op steunwerwing gefokus is op die *hele* staatsgebied, kan dit 'n uiters belangrike rol speel in die politieke mobilisering van die massa, die sosialisering daarvan tot aanvaarding van nasio=nale simbole en 'n nasionale ideologie en kan dit terselfdertyd as baie belangrike kruissnydende en inbindende verband dien, waardeur primordiale grense versag kan word. Die rekord toon dan ook dat politieke partye steeds 'n belangrike rol in boge=noemde opsigte speel - al bly die afgeleë gemeenskappe nog enig=sins buite die politieke mark.[110]

Dan het die massaparty ook karaktertrekke ontwikkel waardeur sy impak op die gemeenskap en dus ook sy rol in nasievorming ver=groot is. Eerstens het die party "bo" die massa te staan gekom, het die besit daarvan 'n religieuse tint aangeneem en het die politieke filosofie van die leier 'n morele teologie geword. Tweedens het die regerende politieke party ten nouste geïden=tifiseerd - indien nie gekonvergeerd nie - geraak met die staat,[111] soos Nkrumah se stelling "... the C.P.P. is Ghana and Ghana is the C.P.P."[112] en Touré se verduideliking "... a clash

---

110. Vgl. Silvert, K.H. Parties and Masses. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, Vol.358. 1965, p.104.

111. Wallerstein, I. The Decline of the Party in Single-Party African States. *In:* La Palombara & Weiner, *op. cit.*, p.210.

112, Aangehaal deur Apter, *in:* Geertz (Ed.), *op. cit.*, p.84.

between the interests of party and people is inconceivable because of the complete interlocking of identity of the two"[113] aandui. Derdens het die party, in die geloof dat dit 'n prototipe van die toekomstige gemeenskap is[114] en in sy strewe tot herbelyning van die gemeenskap, aksent begin plaas op massa-onderwys, ekonomiese ontwikkeling en vertoon dit 'n omvattendheid wat haas sonder presedent is. Nie alleen moet elke individu betrek word in die politieke party nie, maar die party betrek homself ook by die individu: "They and their cultural affiliates were interested in everything from the cradle to the grave - in birth, initiation, religion, marriage, divorce, dancing, songs, plays, feuds, debts, land, migration, death, public order - and not only electoral success."[115] Die party word dan die fokus waaróm nasionale eenheid gebou moet word. Dit dien as ontmoetingsveld vir plattelander en stedeling; dit is voortdurend besig met politieke sosialisering en met die neutralisering van alternatiewe deur hulle te bestempel as "agente van imperialisme" of "magsoekers". Die oogmerk van die party is dus om 'n "volksbeweging" te word. In die lig hiervan is Nyerere se bedanking as Eerste Minister in 1962 ten einde TANU te herbou tot 'n doeltreffende "politieke tweerigtingsweg" tussen die sentrum en elke statjie ("village") goed te verstaan.[116]

---

113. Emerson, *op. cit.*, (1967), p.275.

114. Pye, L. The Nature of Transitional Politics. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.540.

115. Ruth Schachter soos aangehaal deur Emerson, *op. cit.*, (1967), p.300.

116. Wallerstein, I.. *In:* La Palombara & Weiner, *op. cit.*, p.212.

Die party as een van die weinige oorkoepelende strukture op nasionale vlak is dan ook voortdurend besig met die funksie van politieke sosialisering ter voldoening aan die eis gestel deur Pye, nl. "... creating coherent political forces which can make meaningful a people's feeling of association with their polity"[117]. Die feitlik daaglikse bemoeienis van die party met sy lede, jeugflanke, vroueflanke, die organisasie van onafhanklikheidsdae, heldedae, ens., staan in die teken. Melodramatiese toesprake waarin gewys word op die talle "vyande" en vertonings deur die gewapende magte bring trots, die gevoel van sekuriteit en dra by tot identifikasie met en legitimiteit van die nasionale owerheid.

In die lig van die voorafgaande stellings lyk dit 'n logiese afleiding dat 'n politieke party dus 'n verenigende uitwerking op die staatsgemeenskap moet hê. Indien daar 'n paar massapartye bestaan, behoort elk van hulle minstens 'n aantal primordiale verbande mettertyd in politieke opsig te versmelt en dus by te dra tot die politieke eenwordingsproses. Omdat opposisiepartye in Afrika egter normaalweg 'n primordiale basis het,[118] sesessie altyd op die agtergrond is en die "territoriale integriteit" gevolglik altyd min of meer bedreig is indien daar opposisiepartye bestaan, het die staatslui van Afrika tot die gevolgtrekking gekom dat die integrasiefunksie beter uitgevoer kan word indien daar slegs 'n enkele party sou bestaan. So 'n bedeling sou dan ook in lyn lê met Afrikatradisie

---

117. Pye, L. *In:* Swerdlow, I. (Ed.). *Development Administration: Concepts and Problems*. Syracuse Univ. Press. 1963, p.28.

118. Lewis, W.A. *Op. cit.* Bonzon, *op. cit.*, p.866.

en Afrika se bydrae tot die demokrasie wees.[119]

Huntington stel dit dat eenpartystate stabieler is as state met meer as een party[120] en Wallerstein meen dat primordiale ver= bande gouer sal verdwyn binne 'n eenpartyopset.[121] Hierdie standpunte kan geldig wees indien die leier van die party oor sterk charismatiese kwaliteite beskik en wel voorsiening maak vir die opname van opponerende elemente binne die partystruk= tuur sodat die party oor 'n "ingeboude opposisie" beskik en dus in lyn kom met tradisionele politieke praktyk in Afrika. In= dien die enkele party egter nie oor 'n charismatiese leierskap beskik nie, is die standpunte bevraagtekenbaar. Twee argumente kan in hierdie verband aangevoer word. Eerstens beteken bin= ding van buite deur (een) politieke party nog geensins organiese vergroeiing van binne nie. Eerder kom dit voor asof weerbars= tige primordiale verbande wat neig om homself in 'n opposisie= party te manifesteer maar nou die geleentheid ontsê word en in= gedwing word binne die enkele party, die skisma oordra na binne die party. Die moontlikheid van 'n staatsgreep deur 'n opposi= sieparty verander dus na die moontlikheid van 'n paleisrewolu= sie wat, omdat die party en staat veelal konvergeer, op dieself= de neerkom. Die party wil stellig die partikuliere verbande versmelt in 'n eenheid, maar die partikuliere verbande koester veelal die ideaal om hom te handhaaf in partyverband, en indien moontlik, die party te primordialiseer en aan te wend vir die verbetering of bevordering van die partikuliere belange en po= sisie binne die nasionale verband. 'n Enkele party gelyklik

---

119. Vgl. Cloete, J.J.N. *Swart Afrika-Politiek en Administra= tiewe Tendense*. Afrika-Instituut. Pretoria. 1967, p.12. *Bulletin*. Afrika-Instituut. Pretoria. Julie 1965, p.157.

120. *Op. cit.*, p.483-485.

ondersteun deur alle primordiale groepe binne die staatsgebied is 'n onmoontlike droom.

Tweedens: Juis omdat party en regering neig om te konvergeer, neem partyleiers burokratiese rolle oor en gevolglik verminder die aktiwiteite van die party en mag partyleiers selfs oorleun na tradisionele elites met die oog op steun en ten koste van die moderniseringspoging. Verder verloor die party onder sulke omstandighede sy vermoë om te dien as interpreteerder en buffer tussen owerheid en burger. "Loyalty to the nation is equated with loyalty to the party and disaffection from the party may mean disaffection both from the national state and from the political process itself. The difficulties of achieving any kind of integration ... is enormously complicated by such a pattern", skryf La Palombara en Weiner in hierdie verband.[122] Laastens neig die party ook daarna om te verdwyn, omdat daar geen opponent bestaan nie en ander organisasies (bv. vakbonde en jeugbewegings) wat as basis sou kon dien vir ontevrede elemente binne die party, geneutraliseer word deur die noue koppeling van sulke organisasies aan die party, ouderdomsbeperkings, ens.[123]

Kortom: Nòg 'n veelheid van politieke partye nòg 'n enkele politieke party dien as waarborg vir die proses van nasionale integrasie - al kán dit 'n belangrike rol as fusiefaktor speel. Indien politieke partye egter as noodwendigheid aanvaar moet word, sal dit 'n integrerende rol kan speel indien dit gesien word as institusionele instrument waardeur dialoog tussen regerende elite en massa bevorder, kommunikasiekanale oopgestel, politieke en regeringsleiers op hulle tone gehou en die artikula-

---

122. *Op. cit.*, p.415.

123. Vgl. Wallerstein in *ibid.*, p.209 *et seq.*

sie van botsende belange behartig kan word. Verder kan dit, soos gesuggereer deur Lewis[124], 'n integrerende rol speel indien daar koalisies tussen partye kan plaasvind ten einde ook die "verloorder(s)" 'n sê (en aan die betrokke primordiale verbande 'n gevoel van verteenwoordiging) in die regering te gee. Indien die staatsvorm federaal kan wees ten einde te verhoed dat 'n ryker minderheid 'n armer meerderheid moet abba in terme van onderwys, mediese dienste, paaie, nywerheidsaanlegte, ens., behoort die integreringsfunksie doeltreffender gedien te kan word. Hierdie standpunt van Lewis vind aansluiting by Rustow se redenasie: "Only through continual expression of disagreement by sharply rivalling groups can political participation be maximised and political equality thus be approximated,"[125] asook by dié van Pye: "Whenever the pressures of the parochial are too great ..., and parochial interests have had to be accepted into the national political process, the result has usually been a strengthening of the national unity."[126]

### 4.4 Burokrasie

Onder 'n burokrasie verstaan ons 'n reëluitvoerende apparaat wat uit drie elemente bestaan, nl. 'n *struktuur, funksionarisse* wat in hiërargiese orde binne die struktuur optree, en uitvoering gee aan *reëls* ter handhawing van orde binne die gemeenskap

---

124. *Op. cit.* Ook La Palombara & Weiner, *op. cit.*, p.418.

125. Rustow, *op. cit.*, p.234.

126. By Swerdlow (Ed.), *op. cit.*, p.38.

ten opsigte waarvan die burokrasie bestaan.[127] Militêre of pa=ramilitêre strukture asook die judisiële struktuur, is hierby ingesluit, terwyl politieke partye en reëlmakende liggame uit=gesluit word. As sodanig is die burokrasie deel van die poli=tieke stelsel en dit kan aanvaar word dat geen gemeenskap waar=binne daar orde bestaan en waar die proses van regering plaas=vind, sonder 'n burokrasie is nie. Indien daar binne 'n gemeen=skap geen spesifieke en uitsluitlike struktuur vir administra=sie bestaan nie, word die burokratiese funksies deur 'n veel=doelige struktuur uitgevoer en bestaan daar in plaas van "for=mele" administrasie nogtans "substantiewe" administrasie.[128]

Daar is geredeneer dat indien 'n burokrasie 'n belangrike rol speel in die behoud van 'n eenheid, dit ook 'n belangrike rol behoort te speel in die vorming van 'n eenheid uit 'n verskei=denheid. Gevolglik is daar aan die einde van die jongste ko=loniale fase aanvaar dat die vorming van volkstate feitlik iden=ties is aan die skepping van administratiewe strukture. "It is of profound significance that the overriding stress in all West=ern efforts to make traditional societies into nations has been in the sphere of developing administrative capabilities ... it was always believed that the highest expression of enlighten=ment was to be found in efforts to provide a society with ef=ficient, competent, and rational administration."[129] Hierdie

---

127. In hierdie breë definisie sluit ons aan by Labuschagne, J.M.T. *Op. cit.*, p.76. Hoe onmoontlik 'n definisie van 'n burokrasie kan word, is af te lees uit La Palombara, J. An overview of Bureaucracy and Political Development. *In:* La Palombara, J. (Ed.). *Bureaucracy and Political Deve=lopment*. Princeton University Press. 1963, p.6-9.

128. Vgl. Riggs, *op. cit.*, p.8.

129. Pye, L. *In:* Swerdlow, *op. cit.*, p.28.

redenasie is goed te begryp, maar die probleem kom daarby dat nasievorming nie *net* deur administratiewe strukture bewerkstellig kan word nie, hoe belangrik dit ookal mag wees.[130]

Hierdie denkwyse, gelees met die eise wat aan koloniale administrasie gestel is met die oog op die handhawing van orde binne en ekonomiese aktivering van die kolonies, het daartoe gelei dat die na-koloniale regimes sterk ontwikkelde burokrasieë geërf het. Uit die oogpunt van nasievorming het dit wel voordele ingehou. Eerstens het dit die hele staatsgebied bestryk en was sterk gesentraliseer. Tweedens was parogiale administratiewe strukture reeds deur die koloniale gesag daarby ingeskakel of daarmee versmelt. Derdens het koloniale moondhede 'n bate nagelaat in die vorm van 'n inheemse burokratiese elite, geskool in administratiewe kundighede en opgelei in 'n tradisie van onpersoonlike dienslewering - 'n besondere bate in die lig van die ontwikkelingstaak enersyds en die kennisvakuum gelaat deur Westerse gesagsonttrekking andersyds. Vierdens was die burokrasie feitlik die enigste bron van kontinuïteit en stabiliteit in die oorgangsfase en die amptenary haas die enigste georganiseerde inheemse groep wat oor opleiding en ervaring beskik het in die regeerfunksie op nasionale vlak en was dus aangewese om 'n belangrike rol te speel in die formulering en implementering van sosio-ekonomiese programme.[131] Die belangrikheid van die burokrasie as stabiliseringsfaktor kom nog duideliker na vore as in aanmerking geneem word dat die politieke elite die onafhanklikheidsfase betree het met omvattende kennis oor politieke agitasie, maar met weinig begrip van

---

130. *Loc.cit.*

131. Dube, S.C. Bureaucracy and Nation-building in Transitional Societies. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.,* p.325.

politieke ontwikkeling in die sin van nasionale administrasie en integrasie.[132]

Maar ook in verskeie ander opsigte moes 'n goed ontwikkelde bu= rokrasie bevorderlik wees vir nasievorming in Afrika. Daar kom tye wanneer die reeds verkreë graad van eenheid nie meer deur slegs oratoriese vertoon, vriendelike oorreding en voldoening aan versoeke behou of voorggesit kan word nie. Daar moet ook gesag aangewend en afgedwing word, want die legitimiteit van 'n regime hang ook saam met die doeltreffende aanwending van gesag, dit wil sê "... the fact that it seems to mean business"[133]. Indien die uitvoering van gesag sodanig is dat die geleentheid aan ontevredenes (wat daar altyd sal wees) gebied word om na willekeur en sonder meer die staatsgebied te verbreek deur se= sessie of anargie te veroorsaak kan 'n nasie kwalik uit 'n be= volking tot stand kom. In dié verband is die burokrasie van groot belang. Indien die woorde-oorlog oorgaan in dade, is dit die burokrasie, in besonder die militêre flank daarvan, wat die orde moet herstel. Só gesien vorm die burokrasie 'n beskermende koepel óór en bewerkstellig dit die voorwaardes vir die ontwik= keling van die nie-burokratiese aspekte van die politiek - dit natuurlik met die voorbehoud dat daar nie wedersydse inmenging en konkurrensie tussen burokraat en politikus ontstaan nie.

Dan verrig die burokrasie normaalweg ook 'n politieke sosiali= serings- en mobiliseringsfunksie[134] en lewer hierdeur ook 'n by= drae tot lojaliteitsverplasing en verbreding van die burgersin.

---

132. *Ibid.*, p.328.

133. Nordlinger, *op. cit.*, p.342.

134. Vgl. Nie,N.H.G. B. Powell & K. Prewitt. Social Structure and Political Participation. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.406 *et seq*.

Dit geld ten opsigte van die amptenare wat daagliks met die publiek in verbinding is binne verskeie fasette van die gemeenskapslewe en wat vir 'n baie groot deel van die publiek "die regering" is. Ook verrig die militêre flank 'n sosialiseringsfunksie. Hier ontvang die jong rekruut opleiding oor die implikasies van sy burgerskap binne breër verband. Dit is hier waar die rekruut uit die isolement van parogiale verbande getrek word en in kontak met die breër (nasionale) verband gestel word. Hy is voortdurend in 'n kontakverhouding met lede van ander groepe binne 'n geordende patroon as gevolg waarvan sy kennis aangaande hulle vermeerder en vooroordele makliker verval. Hier word hy ook geleer dat hy bereid moet wees om sy lewe af te lê vir die behoud van nasionale soewereiniteit oor 'n gebied veel groter as die setel van sy besondere verband - en dat die draers van ander verbande dieselfde bereidheid ten opsigte van *dieselfde gebied* moet toon. Daarby kom die simbole waardeur die staat en gebied voorgestel word. Deur identifikasie met die gemeenskaplike simbole en gebied, word die identifikasie met mekaar vergemaklik en so met die hele staatsgemeenskap.[135] Volgens Pye kon dit ook lei tot groter politieke verantwoordelikheid: "... the recruit may be impressed with the fact that he must make sacrifices to achieve the goals of nationalism and that the process of nation-building involves more than just the shouting of slogans"[136].

Omdat die burokrasie in ontwikkelende lande feitlik 'n gedif=

---

135. Finkle & Gable skryf ten opsigte van Turkye (*op. cit.*, p.236): "... Peasant youths acquired a sense of belonging to the Turkish nation and a feeling for the responsibilities of citizenship as a result of military service."

136. Pye, L. Armies in the process of Political Modernization. *In: Ibid.*, p.282.

frakteerde enklawe binne 'n veeldoelige hinterland is en daar binne die burokrasie ook veel kundigheid ten opsigte van tegnologiese en ekonomiese aangeleenthede bestaan, vorm dit ook 'n natuurlike voedingsbron vir die privaatsektor - indien en wanneer dít tot ontwikkeling gekom het. En tot tyd en wyl 'n privaatsektor bestaan, is die burokrasie feitlik die enigste ondernemer in industriële verband. Hierbenewens is die bestaan van spoorweë, hawens, paaie, telekommunikasie, mediese dienste, landbou-voorligting en dies meer, dienste wat elk 'n moderniserende inwerking op die land[137] en 'n mobiliserende inwerking op die bevolking het, nie denkbaar sonder 'n burokrasie nie. Hierdie fasiliteite bring nie noodwendig eenheid in nasionale verband nie, maar daarsonder is eenheid *a priori* uitgesluit.

Oorsigtelik gesien kan 'n ontwikkelde burokrasie dus 'n besonder kragtige rol speel in die vorming van nasies. Dit verskaf stabiliteit en kontinuïteit, dwing gesag af en behou die territoriale integriteit, sosialiseer en moderniseer. Maar van nader beskou is dit ook geen onvermengde seën nie. Getuienis hiervoor is, benewens ander werke, oorvloediglik te vind en een van die lywige werke van die Amerikaanse Social Science Research Council se Komitee vir Vergelykende Politiek met die titel *Bureaucracy and Political Development* en waarna reeds hierbo verwys is.[138] Slegs twee belemmeringsvelde word aangedui.

Uit sy aard en wese is 'n burokrasie geneig tot 'n selfgerigtheid, 'n interne magsopbou en die ontwikkeling van 'n eie mo-

137. Die rol wat die Duitse leër in die staalbedryf en Latyns-Amerikaanse soldate in die bou van spoorweë gespeel het, kom hier in gedagte.

138. Onder redakteurskap van J. La Palombara.

mentum.[139] Onder normale omstandighede neig die burokrasie dus tot die oorgroeiing van sy grense. Indien 'n burokrasie 'n erfstuk uit die koloniale tydperk is waartydens dit eerder ingestel was op *beheer* as *ontwikkeling*[140], is dit logies dat dit nog onverdraagsamer teenoor die ontstaan van 'n sterk uitvoerende gesag, politieke partye, wetgewende liggame en ander belangegroepe sal wees. Gevolglik, waar sterk burokrasieë bestaan "... political parties tend to be ineffective, and voluntary associations, rather than serving as checks on the bureaucracy, tend to become passive instrumentalities of the public administrators"[141]. En, voeg Riggs by, "The relative weakness of political organs means that the political function tends to be appropriated, in considerable measure, by bureaucrats"[142], terwyl Pye se bevinding gelykluidend is, nl.: "In Vietnam and Pakistan ... power and authority are centred in the realm of administrative officialdom."[143]

Hieruit vloei twee konsekwensies. Eerstens 'n grensuitwissing tussen "politiek" en "administrasie", en tweedens 'n konvergen=

---

139. Vgl. Beck, C. Bureaucracy and Political Development in Eastern Europe. *Ibid.*, p.270 *et seq.*

140. Vgl. Ashford, D.G. Bureaucrats and Citizens. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, Vol.358. 1965.

141. La Palombara, *op. cit.*, p.23. Vgl. ook Lofchie, M.F. Representative Government, Bureaucracy and Political Development: The African Case. *In:* Doro & Stultz, *op. cit.*, p.279.

142. Riggs, F.W. Bureaucrats and Political Development: A Paradoxical View. *In:* La Palombara (Ed.), *op. cit.*, p.120.

143. Pye, L. *In:* Swerdlow (Ed.), *op. cit.*, p.31.

sie tussen politieke party en administratiewe struktuur. Omdat die amptenaar die reëls nie "reg" uitvoer nie, begin die politikus reëls uitvoer (en "voorregte" wat voortvloei uit die uitvoering van reëls, inoes), terwyl die amptenaar reëls begin "maak" omdat die politikus se reëls onuitvoerbaar of nie "reg" is nie. Andersyds lok die prestige en dikwels materiële voordeel die politikus ook na die burokrasie, terwyl die onsekerheid binne die politieke party wat ná die verkryging van onafhanklikheid appèl op die massa verloor het, die politikus stoot na die veiliger burokratiese oord.[144] Die gevolg was dat die "nasionalistiese" bewegings "... now settled on the easy alternative of preserving their power by crowding in on the administrative structure rather than striving to build up permanent and autonomous bases of power"[145].

Onder hierdie omstandighede kan die burokrasie dan ander integrasiefaktore soos die politieke party en politieke leierskap, redelik verlam. Verder kan die burokrasie, in plaas van integrasiefaktor te wees, ook dien ter sementering van verskille en verdieping van gapings tussen primordiale groepe. Want indien die burokrasie die veelheid kan bring tot eenheid, kan die botsende primordiale verbande die burokrasie, soos die politieke party, binnedring, "primordialiseer" en meesleur in etniese botsings. Dat dit kan gebeur tydens die verhoging van die primordiale bewussyn wat met onafhanklikwording intree, is hoogs waarskynlik. So toon Bonzon aan dat die offisiere wat die staatsgreep in Januarie 1966 in Nigerië uitgevoer het, die land wou bevry van tribalisme en politici. En tog het die weermag die prooi van beide geword: as gevolg van hulle optrede is et=

144. Lofchie, M.F. *op. cit.*, p.285.
145. Pye, L. *In:* Swerdlow (Ed.), *op. cit.*, p.32.

niese verskille geaksentueer wat gelei het tot die beëindiging van federasie.[146] En al sou dit nie so drasties daaraan toegaan nie, kruip primordiale verbande veelal in die burokrasie in en maak hulle verskyning as klektes[147] wat ingestem is op die bevoordeling van die eie groep binne sowel as buite die burokrasie.[148] Die verskyning hiervan het 'n vervreemdende invloed op lede van ander primordiale verbande en veroorsaak 'n gebrek aan identifikasie met "die regering" en gevolglik 'n bevraagtekening van die legitimiteit van die nasionale owerheid.

Dus kan die burokrasie 'n kragtige faktor in die proses van nasievorming wees as dit nie meegesleur word deur sekere elemente binne die verskeidenheid nie. Andersom gestel: As die verskeidenheid 'n eenheid wil wees en die ander faktore 'n positiewe inwerking het, sal die burokrasie 'n kragtige invloed kan uitoefen in die proses van ineengroeiing. As enkele faktor is dit egter nie tot die fusie van die verskeidenheid tot 'n eenheid instaat nie.

---

146. *Op. cit.*, p.884.

147. Vgl. Riggs, *op. cit.*, (1964), p.164-173.

148. *Loc. cit.* Vgl. ook Castagno, A.A. Somalia Republic. *In:* Coleman & Rosberg (Eds.), *op. cit.*, p.556. Rothchild, D. *Op. cit.*, p.699-700. Rivkin, A. *Op. cit.*, p.36. Vir die Transkei en Lesotho, vgl. Kotze, D.A. Traditionalism in African Local Government. D.Phil.-proefskrif. U.S. 1968, p.186-187. In *To the Point* (2, 1 (1973), p.6) verskyn 'n brief van 'n Keniase burger waarin hy onder andere skryf: "Be assured that if Kariuki or anybody of his Kikuyu ilk attempts to take over the office of President Kenyatta ... all other tribes of Kenya will unite and put an end to Kikuyu neo-colonialism." (Die burokrasie in Kenia is feitlik 'n Kikuyu-klekte.)

## 4.5 Politieke sosialisering

Enige gemeenskap het voortdurend te make met wat Sutton noem die "constant influx of barbarians"[149] - hetsy in die vorm van mense van ander geo-politieke oorsprong en agtergrond wat by die gemeenskap aansluit, hetsy in die vorm van kinders wat binne die gemeenskap gebore word. Met die oog op inburgering van hierdie persone binne die gemeenskap is hulle daagliks onderworpe aan 'n proses van sosialisering (opvoeding) in die houdings en waardes geldend binne die betrokke gemeenskap. Na hierdie sosiaal-sielkundige proses waardeur relevante houdings en waardes ten opsigte van die politieke veld oorgedra word, word verwys as politieke sosialisering. Langton omskryf dit dan ook "... as the process, mediated through various agencies of society, by which an individual learns politically relevant attitudinal dispositions and behavior patterns"[150], bestaande uit vier elemente, nl.: "(1) an interaction-acquisition process, (2) between the individual being socialized, (3) the agency which acts as the vehicle of socialization, and (4) the political behavior patterns, perceptions, and attitudes which he learns."[151] Hierdie proses is noodwendig so oud as die mensheid, is 'n vereiste vir die behoud van orde binne en selfvoortsetting van 'n bestaande nasie, word deur verskillende media bewerkstellig en daarby is drie meganismes betrokke, nl.

---

149. Sutton, F. Education and the Making of Modern Nations. *In:* Coleman, J.S. (Ed.). *Education and Political Development*. Princeton Univ. Press. 1965, p.51.

150. Langton, K.P. *Political Socialization*. O.U.P. 1969, p.5.

151. *Ibid.*, p.8.

imitasie, instruksie en motivering (deur beloning).[152] Die belangrikste media/instansies is die gesin en familie, die leeftydsgroep en die skool, terwyl die pers, radio en film ook 'n belangrike bydrae lewer - soos die burokrasie, politieke party of beweging, politieke leiers, ens.

Ten opsigte van die kind het die proses van politieke sosialisering sy aanvang aan moedersknie. Hier word houdings, waardes, gedragspatrone en lojaliteite geskep wat 'n uiters belangrike invloed op die aard, karakter en voorkoms van die toekomstige politieke gemeenskap het. Dit kan aanvaar word dat die aard van die ideale gesagsverhouding, metodes ter afdwinging van hierdie verhouding en die oriëntering van die kind teenoor gesag, grootliks sal ooreenstem met dié van die ouers, familie en (parogiale) groep waarin dit opgroei. Daarmee is die basiese patroon van die politieke kultuur van die individu en gemeenskap neergelê.[153] En waar nasievorming die hegter integrasie van 'n aantal gemeenskappe impliseer, is daar by voorbaat te let op die feit dat die gesin die vormer van die waardes binne die gemeenskap is en dat dit die mees geslote van alle

---

152. Levine, R. Political Socialization and Culture Change. *In:* Geertz, C. (Ed.). *Op. cit.*, p.299-300. Langton, *op. cit.*, p.10 *et seq.*

153. E.E. Hagen (How Economic Growth Begins. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.73 *et seq.*) skryf onder meer (p.80): "... persons in whom authoritarian personality was created by the circumstances of their childhoods are apt to have such a view of life that they will in turn *create an environment* which will cause authoritarian personalities to appear in their children. The type, like most other types, tends to be self-perpetuating." (Kursivering deur skrywer.) Logies moet die politieke kultuur van die gemeenskap ooreenkoms toon met die politieke kultuur van die gesin as oerbron van gesag.

sosialiseringsmedia is - die nasionale gesag het geen medeseggenskap in wat hier aan die kind "gevoer" word nie.

Gesien uit die oogpunt van die ideaal van nasievorming binne die ontwikkelende state, het die sosialiseringsmedia dus 'n dubbele vrag te dra met betrekking tot lidmaatskap en affiliasie, simbole, kodes en waardes, en die kriteria vir status, eer, roem, gesag, ens. binne die nuwe staat. Die sosialiseringstaak wat deur dié media uitgevoer moet word, is normaalweg nie aansluitend by dit wat deur die gesin en familiegroep aan die kind oorgedra is nie maar is veelal botsend daarmee. Onder dié omstandighede het die media dit dan as taak "... (to) resocialize them (die jeug) to a new national ideology and a new way of life"[154]. In terme van burgerskap is die jongeling dus te sosialiseer tot die aanvaarding van 'n breër politieke bewussyn en lojaliteit waarin die eie primordiale verbande 'n onderskikkende plek beklee. Hy moet dus nuwe dinge leer en as "eie" aanvaar - en ou bekende en aanvaarde dinge verleer. Dat dit uiters moeilik is, is nie te betwyfel nie en gee aanleiding tot 'n norm-ambivalensie by die indiwidu. Maar dit word verder 'n onmoontlike taak om 'n leerling of aanhanger uit 'n parogiale kultuur te mobiliseer in 'n "nasionale kultuur" wat nie bestaan nie - behalwe vir 'n newelagtige afskaduwing van die politieke komponent van een of ander westerse kultuur wat deur een of ander koloniale gesag nagelaat is. Politieke sosialisering met die oog op die nasionale verband veronderstel dus oënskynlik 'n skeiding tussen politiek en kultuur en 'n voortdurende vervorming van (parogiale) kulture met die oog op aanpassing by die

---

154. Levine, R. *Op. cit.*, p.301.

(nasionale) politiek.[155]

In hierdie poging moet die rol van sekulêre onderwys beklemtoon word. Dáárdeur word kennis verskaf wat geestesverruimend van aard is. Dit bied die geleentheid tot opwaartse mobiliteit; maak kommunikasie op nasionale vlak moontlik en is 'n vereiste vir die mobilisasie van die bevolking rondom nasionale simbole, terwyl die newe-aspekte daarvan - die saamwoon en die saamdoen van die portuurgroep aan nie-akademiese bedrywighede - ook van uiterste belang is. Trouens: "An integrated football team ... may be a far more potent teacher of integration than four chap-

---

155. Die sug na moderniteit enersyds en kulturele diepte (tradisie) andersyds lei tot 'n ambivalensie en 'n oorheersende strewe om 'n sintese te bewerkstellig tussen verlede en hede. Die tema dat "cirricula and teaching materials be adapted to African conditions and interests", wat inhou 'n bewuswording en bewusmaking van die kultuurwaardes van Afrika en navorsing oor "traditions, the ways of thought and living particular to each country", lê soos 'n goue draad deur die verrigtinge van die 1961-konferensie van Afrika-state oor die ontwikkeling van onderwys in Afrika. (Unesco. *Conference of African States on Development of Education in Africa: Final Report*. 1961). J. Scarrit (*Political Development and Culture Change Theory: A Propositional Synthesis with Application to Africa*. SAGE Publications. London. 1972) merk op (p. 32): "... modernizing elites tend to see utility in preserving or resurrecting only those aspects of tradition which were held in common by at least a significant majority of their people".

ters in a civics textbook."[156]

Koff en Van der Muhl se studie toon ook duidelik hoe 'n potente krag die georganiseerde sekulêre onderwys in die proses van politieke sosialisering is. Hulle bevind dat 80 persent leerlinge in primêre skole in Kenia en 86 persent in Tanzanië die onderwyser beskou as die persoon wat die meeste vertrou kan word - selfs meer as die ouers.[157] Verder, dat die onderwyser die persoon sou wees wat by verre die meeste aan die kinders geleer het oor die vereistes van moderne burgerskap.[158] Peshkin se stelling ten opsigte van Nigerië, nl.: "Teachers rank far above any other agents as the models and sources of citizenship values, and they contribute heavily to the student's awareness of his ongoing society"[159], bevestig verder die rol van onderwys in hierdie verband.

---

156. Koff, D. & G. Van der Muhl. Political Socialization in Kenya and Tanzania. *The Journal of Modern African Studies*, 5, 1 (1967), p.20. Vgl. ook: Smith, M.G. *In:* Kuper & Smith (Eds.), *op. cit.*, p.60. Coleman & Rosberg (Eds.), *op. cit.*, p.691. Gray Cowan, L. *Education and Nation-Building in Africa*. Praeger. New York. 1965. Roach, P. *Political Socialization in the new nations of Africa*. Teachers College Press. New York. 1967, p.7 *et seq*. Barbour, K.M. North Eastern Nigeria: A Case Study of State Formation. *The Journal of Modern African Studies*, 9, 1 (1971), p.59-60. Cohen, *in:* Cohen & Middleton, *op. cit.*, p.171.

157. Koff & Van der Muhl, *op. cit.*, p.23. Hierteenoor toon 'n opname in Uganda dat slegs 13% van die kinders meen dat politieke leiers vertrou kan word, terwyl 90% meen dat onderwysers en ouers vertrou kan word.

158. *Ibid.*, p.24-28.

159. Peshkin, A. Nigeria: Education and National Integration. *Journal of Modern African Studies*, 5, 3 (1967), p.331-332.

Die rol wat die politieke party en sy jeugflanke in hierdie verband speel, is egter ook nie te onderskat nie. Vir Leopold Senghor was die omvorming van die bevolking tot nasie nie moontlik sonder 'n massaparty nie.[160] By wyse van gevolgtrekking stel ook La Palombara en Weiner dit dan "... parties may play an even more important socializing role in the developing areas today than they did during the early phases of party development in the United States, Great Britain, and the European continent in the eighteenth and nineteenth centuries"[161]. Dit is so, omdat die partye ingestel is op rekonstruksie en nie op die soeke na stemme nie;[162] trouens, dit word aangevoer dat opposisiepartye juis verbied is, omdat hulle die regerende party belemmer in die uitvoering van sy rekonstruksietaak. En in sy strewe tot hersosialisering lê stellig ook die rede vir die party se omvattendheid waarop reeds hierbo gewys is en wat sny oor feitlik alle fasette van die lewe van 'n gemeenskap.

Die krag wat daar verskuil lê in die massamedia (pers, radio, film, televisie) behoef geen betoog nie. Die rol wat dit gespeel het in die aanloop tot en tydens die proses van ontvoogding is genoegsame bewys van die rol wat dit kan speel in die stel, nastrewing en uitvoering van politieke ideale.

En tog kom dit voor asof 'n houding van versigtige optimisme oor die werklike effek van hierdie agente in die proses van nasievorming nader aan die waarheid is as 'n deterministiese. Sover dit onderwys betref, waarsku Coleman teen die neiging om te aanvaar dat daar altyd 'n positiewe verhouding tussen onder-

160. Vgl. Roach, *op. cit.*, p.3.

161. *Op. cit.*, p.424. Vgl. ook 426-427.

162. *Ibid.*, p.425.

wys en die bereiking van 'n politieke ideaal sal wees;[163] wys Bonzon daarop dat onderwys nie daarin kon slaag om die oplewing van tribalisme in Nigerië te verhinder nie,[164] terwyl Peshkin ten opsigte van Noord-Nigerië skryf: "It is doubtful whether most school children had ever heard, let alone knew, their na= tional anthem."[165] In die lig van wat hierbo ten opsigte van politieke partye gesê is, nl. dat hulle vanweë gebrek aan oppo= sisie neig na stagnasie, dat daar 'n vloei van hulle beste kragte na die veiliger oorde van die burokrasie plaasvind en dat, vanweë die konvergensie van party en staat en die verbod op opposisiepartye, alle opponerende elemente *a priori* in 'n ander kamp is, téén die nasionale staat is en nie so vatbaar is vir sosialisering nie, moet die invloed van die sosialiserings= media op nasionale vlak (waarby alle groepe dus ingesluit is) nie oorskat word nie. Daarby maak Weiner en La Palombara ook dié opmerking dat die sosialiseringsrol gespeel deur politieke partye sal verklein namate ander media (instellings) dié funk= sie oorneem.[166] Ten opsigte van die massamedia bestaan daar wel hoop dat dit 'n groter invloed binne die jonger state sal hê as in die Westerse wêreld, maar andersyds is daar verskeie faktore (taalverskille, kultuurverskille, analfabetisme, be= perkte aantal opvangstoestelle, ens.) wat die trefkrag daarvan

---

163. Coleman, J.S. Introduction. *In:* Coleman, J. (Ed.). *Op. cit.*, p.19-20.

164. *Op. cit.*, p.888.

165. *Op. cit.*, p.326.

166. *Op. cit.*, p.427.

as sosialiseringsfaktor beperk.[167] 'n Waarnemer skryf dan ook in hierdie verband: "For the short term, then, this theory says the mass media are not of great importance; and that is correct if one focusses on the objective of producing action and assumes the media to operate without concomitant political organization."[168]

Dus is die media vir die politieke sosialisering van die bevolking tot 'n nasie belas met die funksie van hersosialisering wat dikwels neerkom op kontra-sosialisering. Om die kringloop gesuggereer deur Hagen te verbreek, sal waarskynlik 'n verandering in die sosialiseringspatroon binne die gesin vereis en dit, op sy beurt, vereis waarskynlik 'n herinterpretasie van die primêre milieu deur die ouers van die opgroeiende kind. En sodanige herinterpretasie kan alleen op groot skaal verwag word indien daar identifikasie met die nasionale orde en ideale is. Daarmee is ons weer aan die begin van die probleem.

Politieke sosialisering tot nasieskap binne die gegewe milieu bly dus 'n belangrike, maar terselfdertyd 'n uiters komplekse en ook onsekere saak.

4.6 Bestaansgeleenthede

Die aanwesigheid van mense binne 'n gegewe gebied as 'n voorwaarde vir nasievorming, word bepaal deur die aanwesigheid van bestaansgeleenthede binne die gegewe gebied. Wat die aard en

---

167. Vgl. Hyman, H. Mass Media and Political Socialization: The Role of Patterns of Communication. *In:* Pye, L. (Ed.). *Communications and Political Development.* Princeton University Press. 1963 (1969), p.142-148.
168. De Sola Pool, I. The Mass Media and Politics in the Modernization Process. *Ibid.,* p.238.

vorm van die geleenthede is, word bepaal deur die aard van die natuurlike omgewing en die aard van die ekonomiese kultuur van die gemeenskap waardeur die natuurlike gegewenhede benut word vir menslike voortbestaan. En omdat 'n mensegemeenskap kollektief werksaam is in die benutting en omvorming van die natuur, is nasievorming en ekonomiese vooruitgang ook inter= afhanklike prosesse.[169] Hoe enkelvoudiger die ekonomiese stel= sel is (hoe laer die graad van kollektiewe werksaamheid en dus die interafhanklikheid van individuele eenhede van mekaar) hoe kleiner is die inwerking daarvan op die moontlike politieke integrasie van die betrokke eenhede.

Breër gestel: In sy ontworsteling van 'n bestaan uit die na= tuur, is die mens ekonomies bedrywig en leef hy substantief binne 'n ekonomiese stelsel. Omdat 'n mensegemeenskap 'n or= ganies-aktiewe eenheid is, ontwikkel ook sy ekonomiese stelsel. Dié proses bestaan wesentlik uit 'n diversifikasie/spesialisa= sie/diffraksie in ekonomiese verband. Ekonomiese spesialisasie staan dan ook direk teenoor selfvoorsienendheid (simmetriese ekonomiese bedrywighede) en beteken toenemende interafhanklik= heid/komplementariteit van die lede van 'n eenheid ten opsigte van mekaar. 'n Logiese uitvloeisel van toenemende ekonomiese interafhanklikheid (asimmetriese ekonomiese bedrywighede), is die groei van politieke apparaat met die oog op die hantering van konflik, eise, en die handhawing van orde binne die steeds komplekser-wordende samelewing. En indien dit binne 'n enkele gemeenskap geld, geld dit ook vir gemeenskappe wat toenemend

---

169. Vgl. bv. Rivkin, *op. cit.*, p.156 *et seq.* Rustow, W.W. The Take-off into Self-sustained Growth. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.141 *et seq.*

interafhanklik raak in ekonomiese opsig vanweë komplementêre rolverdeling, oftewel ekonomiese simbiose. Coertze bevestig dié gedagte as hy skryf: "Waar mense ... deurmekaar woon en hulle lewensaktiwiteite (... met die oog op voortbestaan ...) raak verstrengel, vind die proses van samegroeiing ... onverbiddelik plaas,"[170] terwyl die opmerking van Rivkin ewe relevant is, nl.: "In the same way that geo-political factors ... influence, affect and determine the path, the pattern and ultimately the fate, of nation-building, so too the overall priority envisaged, the sectoral priorities assigned, the tecniques and methods used, and the purposes and goals established for economic development have been shaping and influencing ... their prospects for succesful nation-building."[171]

Hiermee kan egter nie te kenne gegee word dat die politieke orde magteloos is en slaafs die ekonomiese orde navolg nie. Trouens, vanaf die politieke platvorm word veelal ook die ekonomiese gang bepaal.[172] Deur politieke besluite word die nasionale kontoere immers gebou waarbinne die nasie moet ont=

---

170. *Op. cit.*, (1971), p.113. Vgl. ook Shirokogoroff, *op. cit.*, p.20.

171. *Op. cit.*, p.156. Vgl. ook Swerdlow, I. Economics as Part of Development Administration. *In:* Swerdlow, I. (Ed.). *Op. cit.*, p.103 *et seq.*

172. Vgl. Hodder, B.W. *Economic Development in the Tropics.* Methuen. 1968, p.222. Spengler, J.J. Economic Development: Political Preconditions and Political Consequences. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.164 *et seq.*

staan.[173] Nadat die kontoere (deur politieke besluit) bepaal is, lê die taak dan in die opstel van ekonomiese planne en programme waardeur die só aangeduide gemeenskap deur die proses van ekonomiese diversifikasie op nasionale vlak gesementeer word tot nasionaal-ekonomiese eenheid. Dus: Gegewe die politieke grens, gegewe die aanwesigheid van natuurlike hulpbronne binne die afgebakende gebied, gegewe die middele en motivering, gegewe die gelykheid van ander faktore, kán 'n polisentriese gemeenskap ook deur ekonomiese beplanning omvorm word tot 'n nasie waardeur aan die oorspronklike politieke grens 'n ekonomiese en uiteindelik 'n psigologiese dimensie gegee word. Dus kan ou grense vervlak word en nuwe grense verdiep word deur die funksie van ekonomiese beplanning, alhoewel dit nie die enigste faktor in die proses van vervlakking of verdieping is nie.

Gegewe dat die politieke lyne getrek is, moet die ekonomiese stelsel dus nasionaal-sentries ontwikkel word waardeur politieke integrasie weer op sy beurt bevorder word. En in dié verband is daar reeds enkele minimumvoorwaardes van 'n politieke aard geïdentifiseer,[174] nl. (1) die voorsiening van openbare dienste waaronder die handhawing van wet en orde; onderwys en gesondheid; uitreiking van en kontrole oor betaalmiddele; stigting van banke en voorsiening van administratiewe strukture

---

173. Die disintegrasie van verskeie voormalige "ekonomiese blokke" (federasies, dienste-organisasies) in Afrika ná die ontstaan van state daarbinne, teenoor die streeksintegrasie van 1910 in Suid-Afrika, kan as voorbeelde dien. Zambië se optrede ten opsigte van Rhodesië en die R.S.A. in die periode na 1965 dui ook op die verskynsel dat die ideologiese veelal die ekonomiese oorheers en bepaal - hoe "onekonomies" dit ookal mag wees.

174. Spengler, *op. cit.*, p.171-176.

waaronder sake-instellings kan funksioneer; (2) stimulerende finansiële reëlings (belastingbeleid, owerheidsbesteding; navorsing; ontwikkelingsprogramme); (3) personeelopleiding; (4) politieke stabiliteit; en (5) nastrewing van welsynsoogmerke oor 'n breë vlak, dog met inagneming van beskikbare middele. Hierdie politieke reëlings behoort dan aanleiding te gee tot die differensiasie van bestaande en die ontstaan van nuwe ekonomiese strukture; 'n ekonomiese momentum in die privaatsektor; voorsiening van kulturele en kollektiewe goedere en dienste; bekwamer personeel; 'n toenemende aantal belangegroepe; ekonomiese en politieke desentralisasie; groter deelname aan besluitneming; bevordering van sosiale mobiliteit, ens. Hierdeur ontstaan daar dus nuwe belangegroepe en belangeverbande en lojaliteite op nasionale vlak wat ou verbande oorsny, vervlak en dus nasionale integrasie bevorder.

Die strategie klink betreklik eenvoudig, maar indien die reeds gestelde probleem van eenheid-gesag-gelykheid, die strewe na internasionale prestige, die feit dat primordiale verbande neig om ook nuwe verbande in besit te neem, hierby ingereken word, word ook dit 'n uiters komplekse saak. Die dilemma van die Derde Wêreld kom dan ook daarop neer dat universele politieke deelname (stemreg) aksent plaas op welsyn en dat die strewe na internasionale prestige die aksent plaas op politieke simbole soos lugrederye, gewapende magte, universiteite, walserye, televisie en nuwe hoofstede. Hierdeur word soveel kapitaal verteer dat ware ekonomiese vooruitgang in die slag bly of geweldig vertraag word - en so ook die vorming van nasies.

'n Belangrike aspek in die daarstelling van bestaansgeleenthede, is die keuse van konsentrasiepunte wat mettertyd kan ontplooi in kerngebiede, dit wil sê gebiede met 'n relatief gun-

stiger mens-bestaansbronverhouding, groter konsentrasie van bedrywighede en bevolking en met intenser verkeer en kommuni= kasie. Die keuse van lokaliteite wat as toekomstige kernareas sal dien, sal noodwendig beïnvloed word deur die beskikbaarheid van bronne binne die area maar behoort so gekies te word en ontwikkel te word dat (1) dit in die hartland aanwesig is, so= dat die sentripetale effek daarvan so min moontlik versteur word deur die sentripetale effek wat uitgaan van die kerngebie= de van omringende politieke eenhede en dit dus kan bydra tot 'n na-binne-gerigte infrastruktuur; en (2) daar 'n groot mate van komplementariteit tussen die kerngebiede van dieselfde politie= ke eenheid bestaan of ontstaan en wel in ekonomiese, admini= stratiewe, tegnologiese en ander opsigte met ruim voorsiening vir kommunikasiekanale tussen die kernareas van dieselfde een= heid.

Met die oog op die uitvoering van die gedagtes by (1) en (2) hierbo, kan dan gebruik gemaak word van 'n wye reeks politieke en ekonomiese meganismes soos permitte, kwota's, geldeenhede, subsidies, waarborge, ens.

Vanweë die mens se aardgebondenheid, speel ekonomiese faktore 'n belangrike rol in sy sosiale ordening. En alhoewel die ver= breding van bestaansgeleenthede deur ekonomiese diversifikasie en die koppeling van kerns deur komplementariteit nie wondere kan verrig nie, lewer dit 'n besondere bydrae in die vorming van groter eenhede uit kleineres. Indien daar egter 'n uitge= sproke onbereidheid tot integrasie in breër verband bestaan, is ook dié faktore betreklik magteloos en kan dit lei tot 'n onderlinge stryd tussen bepaalde verbande oor die beheer van die ekonomiese stelsel.

## 4.7 Nasionale simbole

Oor die integrerende rol wat aanvaarde nasionale simbole speel, hoef daar geen twyfel te bestaan nie. 'n Nasie se aanvaarde nasionale simbole is die fokus van sy trots en bewys van sy uniekheid as nasie. Na aanleiding van Montesquieu sou ons ook kon sê dat die pre-nasie sy simbole skep en dat die simbole daarna die nasie vorm. Die kruks in die rol van simbole as na= sievormingsfaktor lê egter in die *aanvaarding* daarvan deur die staatsgemeenskap. Want net so 'n sterk verenigende invloed as wat daarvan kan uitgaan, net so 'n sterk verdelende krag kan dit wees as dit nie gemeenskaplik aanvaar word nie.

Onder nasionale simbole kan 'n wye reeks onderwerpe opgeteken word: van 'n vlag tot 'n bokskampioen; van 'n religie en bur= gerskap tot riviere en bergreekse; die hoofstad, parlements= gebou en lugredery tot aangedikte verhale oor dapper krygers en die skoonheid van die nasionale grondgebied. Hieronder beperk ons ons egter tot slegs die mees algemene, nl. burgerskap, na= sionale ideologie, vlag en "volkslied".

Teenoor "etniese burgerskap" wat 'n affektiewe basis het, het "*politieke burgerskap*" 'n juridiese basis. Wie gebore is binne 'n staatsgebied, kan hom normaalweg beroep op burgerskap binne daardie staat. Dan is daar ook verskeie ander wyses waarop burgerskap van 'n staat verkry kan word, byvoorbeeld deur af= koms, huweliksluiting, naturalisasie en as gevolg van gebieds= oordrag. En alhoewel hierdie wyses waarvolgens burgerskap ver= kry kan word betreklik algemeen geldend is,[175] mag dit na vorm

175. Vir die Bantoe, vgl. Schapera, I. *Op. cit.*, 1956, p.20 *et seq.* en Language, F.J. Die verkryging en verlies van lidmaatskap tot die stam by die Tlhaping. *African Studies*, 2, 2 (1943), p.77-92.

en inhoud verskil, byvoorbeeld deur die skepping van 'n "eers=teklas"- en "tweedeklas"-burgerskap.[176] Verder het elke staat sy eie burgerskap en beskik oor die bevoegdheid om die impli=kasies van die burgerskap op sy burgers af te dwing in die uit=voering van sy bestemmingsfunksie. Terselfdertyd het die bur=ger egter die bevoegdheid om uit eie verkiesing die burger van 'n ander staat te word, mits die naturalisasiewetgewing van die staat waarheen beweeg wil word, dit toelaat. Burgerskap is dus verwisselbaar en daarom 'n besonder plastiese politieke mega=nisme. En juis daarin lê die krag daarvan as nasievormingsme=ganisme.

Deur 'n gemeenskaplike burgerskap aan verskillende primordiale eenhede toe te ken kan hulle deur die staat ingebind word tot wat Stoker noem "'n polities-ekonomiese lotsgemeenskap". Maar as de Grazia dit reg het dat *ware burgers* slegs gebore word en die burgerskapsverband van die ouers op die kind oorgedra word, dan het die burgers van die nuwe state 'n dubbele "burgerskap" - "burgerskap" van een of ander etniese eenheid en burgerskap van die nasionale staat. Wesentlik hêt die nuwe staat dan geen burgers nie maar moet hy sy burgers máák deur hulle te bring tot identifisering met die nuwe staat, sy leiers, simbole en gebied. Slegs as die lede van alle etniese segmente 'n posi=tiewe waarde heg aan die nuwe gemeenskaplike burgerskap, kan 'n nasie ontstaan. Dus moet die inhoud en praktiese belewenis van die burgerskap sodanig wees dat dit 'n motivering tot lo=jaliteitsverplasing daarstel. Gevolglik kan by voorbaat aan=

---

176. "Tweedeklasburgerskap" is 'n verskynsel wat deel is van enige staat waar daar strukturele differensiasie op et=niese, religieuse of rassegrondslag bestaan.

vaar word dat indien burgerskap binne die omspannende staat 'n dominasie of relatiewe verlies aan regte en bronne inhou, dit die lede van die ontberende primordiale verband op die verdediging sal plaas en by voorbaat aanleiding sal gee tot 'n onbereidheid tot identifikasie met die breër verband.

Die betekenis van burgerskap as integrerende faktor moet dus gesien word in noue verband met die aard van die politieke bedeling waarbinne dit as politieke meganisme funksioneer.

In hierdie verband kan twee basiese bedelings vermeld word, nl. 'n konsosiatiewe en 'n universalistiese. Eersgenoemde hou dan in dat die samestellende eenhede *as korporasies* gelyke regte en status binne die breër verband geniet. Lidmaatskap van die subeenheid is dus 'n voorvereiste vir burgerskap binne die breër eenheid en kom feitlik neer op 'n erkenning van die *de facto*-toestand binne die nuwe state. Hierdie bedeling: "... ensures that segmental identifications ... are treated as optional equivalents in the private domain, with consequent increases in the scope for social mobility, assimilation and wider allegiances throughout all component groups"[177]. Universalistiese inkorporasie daarenteen verwys na die meer algemene konstellasie waar burgerskap binne die breër verband direk verkry word en nie via lidmaatskap van 'n segmentale verband nie. "By assimilating all its members uniformly as citizens," skryf Smith verder, "it fosters their assimilation in other spheres also, notably language, connibium, economy, education and recreation."[178]

---

177. Smith, M.G. *In:* Kuper & Smith, *op. cit.*, p.434.

178. *Ibid.*, p.435.

Binne welke van hierdie twee konstellasies burgerskap aan die breër verband positief beleef gaan word, hang af van die etniese, religieuse of rassepatroon van die staatsgemeenskap. Gegewe dat dit meervoudig is, kom die konsosiatiewe patroon, minstens ter aanvang, ons die gesondste voor. Dit is 'n patroon wat gevolg is deur die Ga, Switzerland, Libanon en Terik-Tiriki. Die akkommodatiewe vermoë daarvan is aangetoon deur die Azteke, Ashanti, Fanti, Egba, Kanada, Maleisië en ander state.[179] Burgerskap hierin bied oënskynlik die geleentheid tot spontane en graduele lojaliteitsverplasing in teenstelling tot die eis van onmiddellike aanvaarding van die breër verband (met sy mededingende en gevolglik identiteitsbedreigende vreemde segmente) wat deel is van universalistiese inkorporasie. Ook die gebeure in Nigerië, Uganda, die Kongo, Soedan en Suid-Afrika (in 1910) dui daarop dat nasionale integrasie/nasievorming spoediger verkry kan word deur twee fases: eers konsosiasie en dáárna universalistiese inkorporasie. Die motivering hiervoor is reeds aangedui, naamlik dat positiewe of negatiewe burgerskap die staatsverband laat disintegreer of versterk. En burgerskap kan alleen positief wees as dit nie gepaard gaan met daadwerklike bedreiging van sentimente en belange wat met 'n primordiale verband verweef is nie.

Soos burgerskap speel ook 'n ideologie ('n geloof in 'n stel idees oor wat goed, in die eiebelang en nastrewenswaardig is) 'n uitnemende rol by die vorming van nasies. Weinstein verwys daarna as 'n "belief-system"[180]; de Grazia stel dit dat die "belief-system" die ideologie of ideologië insluit[181] en Ma-

179. Vgl. *loc. cit.*

180. *Op. cit.*, p.136.

181. *Op. cit.*, p.XIV.

tossian definieer 'n ideologie as: "... a pattern of ideas which simultaneously provides for its adherents: (1) a self-definition, (2) a description of the current situation, its background, and what is likely to follow, and (3) various im=peratives which are 'deduced' from the foregoing. In ideology there is a strong tendency to merge fact and value, to super=impose upon 'things as they are' the things that are desir=ed"[182].

'n Ideologie is veelal 'n voortbrengsel van die regime ter reg=verdiging van sy beleid en aktiwiteite; ontwikkel in ses fa=ses;[183] is waardegelaai; is nie te beoordeel deur koue rede of logika nie, en verskaf legitimiteit aan die regime. Dit kan gekondenseer word tot 'n enkele woord wat vir die draers on=eindig meer sê as die blote semantiese waarde daarvan.

Die problematiek van 'n gemeenskaplike ideologie ter bevorde=ring van nasieskap lê daarin dat elke samestellende etnos oor die jare heen noodwendig eie ideologieë ontwikkel het (wat on=gemeenskaplik is) ten einde die (voormalige) simmetriese ver=houding te bewaar. Dus stel nasievorming die eis van 'n nuwe nasionale ideologie in die plek van die partikuliere ideolo=gieë. En in hierdie verband het die tydperk van koloniale be=heer wel 'n handige grief wat gemeenskaplik van aard is, daar=

---

182. Matossian, M. Ideologies of delayed industrialization. *In:* Finkle & Gable, *op. cit.*, p.114. Vgl. ook Nellis, J.R. *A Model of Developmental Ideology in Africa: Struc=ture and Implications*. SAGE Publications. California. 1970, p.396, asook Apter, D. *The Politics of Moderniza=tion*. Univ. of Chicago Press. 1965 (1969), p.314 *et seq*.

183. Apter, D. *Op. cit.*, (1969), p.320-321.

gestel wat, nã onderwerping aan die prosesse van selektiewe herroeping en mitologisering, 'n verklaring kon bied vir die gebrek aan eenheid, ekonomiese agtergeblewenheid en terselfder= tyd die ideaal van sosialisme, neutralisme ens. kan sanksio= neer. Maar omdat die trefkrag van 'n ideologie lê in die aan= vaarding daarvan as 'n tipe politieke religie, kan dit, indien alle groepe binne die staat dit nie aanvaar nie, 'n simbool vir verdeling word. Meer nog: kan dit 'n voortdurende inspirasie vir opstand wees.

So ook met die *vlag*. Heel gepas stel Minogue dit dat "The flag must become to the nation what colours are to the regiment - a focus for emotion and a guide in moments of confusion"[184].

'n Nuwe staat kry 'n nuwe vlag - en 'n nuwe naam. In sigself is die vlag van geen betekenis nie - dit is die emosie wat daar= op oorgedra word wat daarvan 'n integrasiemeganisme maak. As dit tekens of simbole van 'n gemeenskaplike worstelstryd kan bevat en die staatsgemeenskap voortdurend kan herinner aan 'n gemeenskaplike onreg, word dit ook 'n simbool van historiese lotsverbondenheid en gevolglik 'n "bewys" van eenheid.

So ook met die *volkslied*. Die woorde daarvan is van minder be= lang as die aangryping van die *lied*. Daar bestaan dan ook volksliedere wat, gesien binne die heersende omstandighede, grens aan die absurde en alleen daarvan gered word deur die feit dat dit 'n volkslied is. So bly die bloeddorstige Franse volkslied roerend (vir die Franse nasie), soos die Nederlandse (vir die Nederlandse nasie) - al is laasgenoemde lied nog behep met Phillip II van Spanje. Volgens die teorie moet die volks=

---

184. *Op. cit.*, p.114.

lied 'n swaar ideologiese lading dra en die hoogste aspirasies van die nasie bevat. As daar egter nog nie 'n nasie met 'n aanvaarde ideologie en aspirasies bestaan nie, kan die volks= lied alleen aangryp insoverre sy aanhangers emosionele waarde daaraan gee.

By die vorming van 'n nuwe staat moet daar ook besluit word oor die *taal* of tale waardeur die staat sy werksaamhede sal verrig. Vir state met 'n bevolking wat verskillende tale praat, vorm dit 'n wesentlike probleem. Word een (inheemse) taal erken as amptelike taal, spel dit diskriminasie vir die groepe wie se tale nie aanvaar is nie en vergroot daarmee die moontlikheid van gebrek aan identifikasie. Hierteenoor is die erkenning van veertien tale as amptelike tale (soos in Indië) 'n ondoenbaar= heid. Die taal van die voormalige heerser bied tydelik 'n uit= koms, maar word veelal emosioneel verwerp omdat dit lei tot 'n "verlies van (Afrika-) persoonlikheid". Hierteenoor beskik die inheemse tale nog nie oor die tegniese woordeskat nie en kan gevolglik nie aan kontemporêre behoeftes voldoen nie.

Dit kom egter voor asof 'n driefasepatroon ten opsigte van taal besig is om binne die jonger state te ontvou. Eerstens word die taal van die voormalige heerser aanvaar as amptelike taal. Tweedens word 'n inheemse taal as tweede amptelike taal erken en derdens word die voogstaal vervang deur 'n inheemse taal wat reeds 'n redelike hoogte van modernisering bereik het en wat dan die integrasiefunksie moet vervul. Dié patroon stem oënskynlik basies ooreen met die praktyk gevolg deur die Ger= mane ná hulle vrywording van Rome.

Ten opsigte van die nasionale simbole as integrasiefaktor kan die refrein dus herhaal word: Dit is alleen integrasiefaktore insoverre die staatsbevolking daardeur geïntegreer wil word. 190.

4.8 Sosiale mobilisering

Die nosie van sosiale mobilisering/mobilisasie word deur skry=wers[185] aangewend ter aanduiding van die proses waarin bevol=kings wat besig is om te "moderniseer" hulle bevind. Dit is gebaseer op die Franse *levée en masse* van 1793, Duitse "totale mobilisasie" van 1914-1918 en vind aansluiting by Mannheim se gedagte van "fundamentele demokratisering"[186]. As sodanig wys sosiale mobilisering heen na "... the process in which major clusters of old social, economic and psychological commitments are eroded or broken and people become available for new pat=terns of socialization and behavior"[187]. Dit is dus 'n proses wat bestaan uit (1) die wegbreking uit ou patrone, gebruike en verbintenisse, en (2) die induksie van die gemobiliseerde per=sone in relatief stabiele nuwe patrone van groepslidmaatskap, organisasie en verbintenisse. Ons sou egter duidelikheidshal=we die kwalifikasie wou byvoeg dat "wegbreking" enersyds en "induksie" andersyds verwys na die verplasing van lojaliteit en identifikasie as gevolg waarvan die ouer verband sy houvas op sy lede verloor ten gunste van ander nuwe verbande wat be=ter beantwoord aan die eise van die primêre milieu.

Sosiale mobilisering is 'n uiters omvattende proses waarin elk van die faktore wat tot dusver bespreek is, 'n inwerking het, terwyl ook ander faktore 'n rol hierin speel. Terselfdertyd

---

185. Vgl. Deutsch, K. Social Mobilization and Political De=velopment. *American Political Science Review*. Sept. 1961, p.493-494. Weinstein, *op. cit.*, p.83 en Finkle & Gable, *op. cit.*, p.67-68.

186. Deutsch, *op. cit.*, (1961), p.493-494.

187. *Ibid.*, p.494.

word 'n verskeidenheid meer spesifieke veranderingsprosesse daarin vervat soos verandering van adres, beroep, sosiale op=set, assosiasie, institusies, rol, optrede, verwagtings, ge=woontes, identiteit en politieke gedrag.[188] 'n Voorwaarde vir dié proses om plaas te kan vind is kontak tussen mense of groe=pe mense as gevolg waarvan nuwe invloede ou patrone ontwrig. Uit die kontak van groepe kan kommunikasie ontstaan, waardeur fusie moontlik word.[189] Positiewe kommunikasie kan egter slegs ontstaan ná die standaardisering van "kommunikasiegewoontes" as 'n gevolg van breë ooreenstemming oor waardes, patrone, hou=dings, ens. wat weer die gevolg is van sosiale mobilisasie.

Aan die hand van Deutsch kan die wese en gevolge van die proses van sosiale mobilisasie nader aangedui word en kan kriteria vir die bepaling van die omvang daarvan in 'n empiriese situasie vasgestel word.

Deutsch verwys na sewe samestellende prosesse binne die breër proses van sosiale mobilisering. Hierdie prosesse is: (1) blootstelling aan aspekte van moderniteit soos masjinerie, ge=boue, installasies, verbruikersgoedere, mediese praktyke, orga=nisasie- en regeringsvorme; (2) blootstelling aan die massame=dia; (3) beweging uit die oorspronklike gebied (adresverande=ring); (4) verstedeliking; (5) beweging uit die landbou na ander sektore van die ekonomie; (6) toename in geskooldheid (geletterdheid), en (7) styging in per kapita-inkome. Hierdie aspekte staan normaalweg in korrelasie met mekaar en verande=ring binne hierdie kompleks staan weer in korrelasie met die

---

188. *Ibid.*, p.493.

189. Vgl. Weinstein, *op. cit.*, p.14-15 en A. Mazrui, *in:* Kuper & Smith (Eds.), p.334 *et seq.*

proses van politieke verandering.[190]

Met die oog op nasievorming binne 'n oorwegend tradisioneel be=staansekonomiese en politiek poli-sentriese bevolking, blyk die teorie van Deutsch wel bruikbaar te wees, veral met die oog op die bepaling van tendense. Hierdie aangeduide prosesse ontsluit die individu normaalweg uit sy tradisionalisme, isolasie en apa=tie en vorm dus 'n voorvereiste vir die aanvaarding van breër belange- en dus politieke verbande. Gevolglik behoort 'n doel=bewuste bevordering van hierdie prosesse die nasievormingspo=ging aan te help. Dit is dan ook in noue aansluiting by die teorie van Deutsch dat Weinstein verwys na 'n hartlandsone (et=nies-homogene gebied), kontaksone (gebied met sterk verteen=woordiging van verskillende etnieë) en 'n nasionaliseringsone (aangedui as 'n gebied wat as gevolg van sosiale mobilisasie 'n smeltkroes van etnieë is).[191]

Sonder om te impliseer dat dit ook ten opsigte van nasievorming geld, kan dit gestel word dat die proses van sosiale mobilise=ring nie stuitbaar is nie. Die gevolge van die proses is veel=vuldig en het 'n ingrypende uitwerking op die politieke orde. In hierdie verband en ten opsigte van die huidige historiese fase kan die volgende aspekte aangestip word:

(a) Deur dié proses word 'n toenemende aantal persone gelet=terd; uit hulle tradisionele omgewings getrek; ingesuig in 'n geldekonomie, raak hulle gevestig in dorpe en stede en word hulle verbind in ander (nuwe) verbande soos vakbonde. Hier=deur word die stratum wat politiek relevant is, wie se belange

---

190. *Ibid.*, p.495.

191. *Op. cit.*, p.83-98.

in ag geneem moet word in beleidsformulering en wat toenemend politieke eise stel, uitgebrei.

(b) Samehangend hiermee vergroot die spektrum van behoeftes binne die bevolking en word druk op die owerheid uitgeoefen vir die voorsiening van behuising, arbeidsgeleenthede, ongeluksvoordele, mediese dienste, opleiding, onderwys en 'n hele reeks ander dienste waardeur die owerheidstruktuur teen 'n vinnige tempo moet differensieer/spesialiseer.

(c) Hierdie eise en veranderings vorm 'n te swaar lading vir owerhede van die tradisionele tipe wat normaalweg nie in staat is om die aanskoulike hervormings wat vereis word te bewerkstellig nie. Die gevolg hiervan is 'n vervanging van enige tradisionele politieke elite deur die nuwe politieke elite van party- of kwasi-party-organisasies en wat geskool is in moderne onderwys en die stedelike kultuur. Terselfdertyd word ingrypende hervormings vereis wat betref kwantiteit en kwaliteit van en rekrutering vir die owerheidsektor.[192.]

(d) Namate die gemobiliseerde element toeneem, is daar 'n styging te bespeur in politieke deelname, hetsy deur die stembus, optogte, betogings, stakings, vergaderings en opstande hetsy deur die vorming van 'n verskeidenheid organisasies wat voortdurend gereed is om 'n politieke kleur aan te neem.

(e) Insgelyks lei die proses tot 'n verandering in die patroon van kommunikasie in die sin dat die aangesig-tot-aangesigkontak vervang word deur die geskrewe woord en dat persoonlike verbin=

---

192. Hierdie proses het baie kragtig in 1974 in Ethiopië plaasgevind.

tenisse ook oor 'n telefoon kan ontstaan. Kommunikasie word dus ook "onpersoonlik" en oor lang afstande moontlik.

(f) Die toenemende druk op die owerheid vir die lewering van meer dienste lei noodwendig tot 'n styging in owerheidsbeste= ding wat, gesien in verhouding tot die B.N.P., 'n stygende per= sentasie toon. Die lewering van meer dienste - met die impli= kasie van meer raakpunte tussen owerheid en bevolking - dien dan as prikkel vir verdere mobilisasie.

(g) Die proses het dan dié effek dat daar 'n klemverskuiwing plaasvind vanaf die parogiale na die nasionale verband. Ui= teraard vind die klemverskuiwing - wat identifisering inhou - slegs plaas indien die nasionale verband gunstig reageer op die druk wat ontstaan as gevolg van sosiale mobilisasie.

Hierdie paar grepe kan misleidend wees, omdat dit die indruk mag gee dat sosiale mobilisasie noodwendig lei tot die ontstaan van 'n nasie, terwyl dit eerder 'n voorwaarde van as 'n waar= borg vir nasievorming is. Die proses skep egter wel die ge= leentheid vir direkte kommunikasie op breër vlak tussen nasio= nale gesag en die breë massa waardeur aspekte soos die kanale van kommunikasie, taal ens. van kritieke betekenis word. Soos elders opgemerk, neig primordiale verbande veelal daarna om ook hierdie kanale tussen owerheid en onderdaan te primordia= liseer waardeur die kanale hulle kommunikatiewe doeltreffend= heid verloor. Deutsch het oënskynlik dieselfde basiese pro= bleem, hoewel op enigsins ander vlak, in gedagte as hy skryf: "The stage of rapid social mobilization may be expected, there= fore, *to promote the consolidation of states whose peoples al= ready share the same language, culture and major social insti= tutions;* while the same process may tend *to strain or destroy*

*the unity of states whose population is already divided into several groups with different languages or cultures or basic ways of life.* By the same token, social mobilization may tend to promote the merging of several smaller states, or political units such as cantons, principalities, sultanates, or tribal areas, whose populations already share substantially the same language, culture and social system; and it may tend to inhibit ... the merging of states or political units whose populations or ruling personnel differ substantially in regard to any of these matters."[193] (Kursivering deur skrywer.)

Tweedens is daar die wyse waarop die owerheid reageer op eise wat van belang is. Indien die owerheid nie bevredigend reageer op eise en behoeftes nie, kan psigologiese vervreemding en gebrek aan identifikasie verwag word: "... it will be reduced to ruling by force ...; and if political alternatives to it appear, it will be replaced eventually by other political units, larger or smaller in extent, which at least promise to respond more effectively to the needs and expectations of their peoples"[194].

Hoewel van gewigtige belang, het sosiale mobilisering as faktor vir nasievorming dus ook sy perke. Opnuut herinner ook hierdie faktor daaraan dat politiek die wetenskap van die moontlike is.

5. Samevattend

Hierbo is probeer om tot groter begrip te kom oor die verskynsel "nasie". Beginnende by die onderskeid tussen volk, nasie

---

193. *Op. cit.*, p.501.

194. *Loc. cit.*

en bevolking, is geredeneer dat die omvorming van 'n bevolking=staat na 'n nasie - gegewe die grondgebied en staat - wesentlik draai om twee kousale prosesse, nl. politieke ontwikkeling en nasionale integrasie. Wat laasgenoemde betref, is gewys op die belangrikheid van integrasie binne beide die vertikale en hori=sontale dimensies. Hierna is gepoog om 'n aantal faktore wat nasievormend van aard is te identifiseer, nl. politieke grens=vorming; politieke leierskap; politieke partye; burokrasie; politieke sosialisering; bestaansgeleenthede; nasionale sim=bole, en sosiale mobilisering. Dié faktore put stellig nie die lys uit nie, maar kom as die belangrikste voor. Verder is aan=gedui dat daar 'n uiters noue verband tussen hierdie faktore be=staan; trouens, die faktore is kousaal verbind en wedersyds beïnvloedend.

Uit die beskrywing waarin gepoog is om kenmerke te bepaal en faktore te identifiseer, het dit duidelik geword dat ook nasie=vorming 'n uiters komplekse proses is. Die kompleksiteit van die proses word veral veroorsaak deur die *houding* van die bur=gers ten opsigte van mekaar en ten opsigte van die staat. Ge=gewe dat daar 'n grondgebied bestaan, is die daarstelling van 'n nuwe staat met sy toerusting stellig die eenvoudigste deel van die resep. Oneindig moeiliker is die daarstelling van 'n *gemeenskaplik-aanvaarbare* politieke bedeling waarmee alle be=volkingselemente hulle *wil* identifiseer. 'n Staatkundige be=deling wat (subjektief) as lewensvreemd, diskriminerend, mis=kennend of onderdrukkend ervaar word, skep eerder 'n groter sosiale afstand tussen die samestellende segmente as wat dit die gegewe afstande verklein. Onder sulke omstandighede ont=breek die identifikasie en het die nasionale simbole eerder 'n antagoniserende as 'n affektiewe effek op sekere elemente en bly nasieskap buite die greep van die bevolking.

Die punt waarop ons afstuur is dít: Nasievorming berus op die aanvaarding van die politieke orde (staat) en die motivering tot identifisering met dié orde. Dit berus dus op 'n *wilsbesluit* van die burger en, veelal, groepe burgers wat elk deur bepaalde primordiale verbande ingebind is. Nasievorming is in wese dus ook 'n psigologiese proses. En dié gevolgtrekking kan nie anders nie as om die student te dwing tot 'n verdere gevolgtrekking, nl. *dat nasie- en volksvorming twee fases van dieselfde breë proses is - as die empiriese omstandighede sodanig is dat die nasie die volk moet vorm, in plaas van dat die volk hom in 'n nasie kan vergestalt.*

As daar nou uit die oogpunt van dié gevolgtrekking gekyk word na die faktore wat hierbo onderskeidelik as volksvormend en nasievormend aangedui is, blyk dit dat daar 'n baie groot mate van ooreenstemming is tussen die twee stelle faktore. Omdat 'n nasie 'n politieke eenheid en 'n volk 'n kulturele eenheid is, en omdat politiek slegs een van die geledinge van 'n kultuur uitmaak, sal daar noodwendig verskil bestaan tussen die faktore; ook omdat nasievorming primêr ingestel is op die skepping van slegs dáárdie mate van orde en gemeenskaplikheid wat vereis word vir die identifikasie van die burgery met die staat en nie poog om kulturele eenvormigheid daar te stel nie. En tog moet daarop gewys word dat die graad van gemeenskaplikheid wat vereis word vir nasieskap, nie verkry kan word alvorens faktore wat óók volksvormend inwerk, op die spel gekom het nie. Trouens, in die owerheid se besluite oor simbole, taal, pogings tot politieke grensvorming, enige verbod op gebruike wat as ongewens of as teen die goeie sedes beskou word, reëls oor huweliksluiting en -ontbinding, ens. en die daarstelling van 'n nasionale ideologie, is dit, in die poging tot nasievorming, wesentlik ook besig met die proses van kulturele standaardisering en dus

met volkswording. Nadat 'n nasie reeds tot stand gekom het, tree die volksvormende faktore egter sterker op die voorgrond en vind dinge plaas soos die herontdekking van die geskiedenis, intersegmentale huweliksluiting, kulturele vergroeiing en taal=verandering, terwyl die nasievormende faktore voortgaan met hul=le funksies ter instandhouding en verfyning van die politieke proses binne die eenheid.

Hieruit wil dit dan voorkom asof die faktore wat volksvormend inwerk, *bydra tot nasievorming* en dat die nasievormingsfaktore *ook bydra tot volksvorming*. Al sou die twee stelle faktore dus nie identies wees nie, is daar oënskynlik geen volksvormende faktor wat hoegenaamd geen inwerking op die proses van nasievor=ming het nie en omgekeerd.

Dat nasievorming en volkswording ineenlopende fases van dieself=de breë sosiale proses is, kan egter ook uit 'n ander hoek geïl=lustreer word.

Die politieke terrein is die terrein vir beheerde interne "oor=logvoering". Segmentale ontevredenheid oor ekonomiese geleent=hede, onderwys, taal, kultuur, ens. mond uit in die politieke veld en wel in die vorm van verwerping van simbole, dwarsboming van die ideologie en die soeke na politieke bondgenote buite die owerheidsgebied met die oog op die beëindiging van die po=litieke bedeling. Politieke identifikasie (die feit van nasie) toon hierteenoor aan dat daar reeds 'n *bereidheid* tot wedersyd=se verdraging of aanvaarding in kulturele opsig is en impliseer dat daar reeds 'n mate van kulturele aanpassing plaasgevind het.[195] Die staatsgemeenskap praat dus reeds dieselfde taal -

---

195. Vgl. Deutsch, *in:* Deutsch & Foltz, *op. cit.*, p.8.

al is dit dan slegs in die metaforiese sin van die woord, nl. om waardering en respek vir dieselfde gemeenskaplike dinge of gebeure te hê. Met die verloop van tyd en gegewe dat die poli= tieke eenheidstrewe nie segmentale kulturele entiteite bedreig en sodoende aanleiding gee tot die ontstaan van segmentale her= lewingsbewegings nie, vind die vergroeiing op die kultuurfront "ongesiens" plaas, waardeur 'n volk (etnos) tot stand kom.

Oor die presiese aard van die vergroeiingsprosesse (integrasie= prosesse) meld die literatuur nog baie min, al bestaan die be= langstelling van die Volkekunde, Sosiologie en Politieke Weten= skappe reeds vir baie jare daarin. Die volle gang daarvan, ver= eistes daarvoor en omstandighede waaronder dit plaasvind kon nog nie ten volle ontbloot word nie - waarskynlik omdat daar talle veranderlikes in elke situasie voorkom, waarvan nasionale karak= ter (met wat dit alles behels) slegs één is. Terselfdertyd weet ons egter genoeg van die prosesse om dit te kan stel dat nasie= vorming op verskillende wyses kan plaasvind, op enige fase kan stol en 'n nasie ook op verskillende wyses kan uiteenval. So ook kan 'n etnos uiteengaan in verskillende nasies en uiteinde= lik volke/etnieë.

Die voorlopige gevolgtrekking, nl. dat nasievorming en volks= wording as een proses gesien kan word, is van groot betekenis vir die empiriese materiaal wat hieronder hanteer word. Ge= volglik word verderaan slegs na nasievorming verwys met die be= wussyn dat dit ook die beginfase van volkswording is en dat die bevinding ten opsigte van nasievorming ook geredelik vir volks= wording kan geld.

Ten slotte word gewys op die moontlike groepering van die na= sievormende faktore. Omdat hieronder gehandel word in terme van aanbod en antwoord, is dit logies gevind om, met die oog

op die beskrywing van die aanbod, die faktore te groepeer in vier kategorieë, nl.: (1) grond en grense; (2) staatkundige aanbod (insluitend politieke leierskap, politieke partye en burokrasie); (3) sosialisering; en (4) bestaansgeleenthede. Gevolglik is die aanbod van die voog aan die Tswana in hierdie vier kanale gekeer waardeur oorvleuelende beskrywing enersyds en die moontlikheid van abstrahering van nou-verbonde elemente andersyds, hopelik enigsins voorkom is.

HOOFSTUK IV

# DIE BATSWANA: ETNO-HISTORIES

## 1. Inleidend

Omdat die hede die gevolg is van historiese gebeure en dié ge= beure ook as motivering dien vir die nastrewing van of teen= stand teen kontemporêre politieke beplanning, moet enige poging tot nasievorming binne 'n bepaalde gemeenskap die verlede van daardie gemeenskap steeds in die oog hou. Die oogmerk met hier= die hoofstuk is dan ook om die etno-historie van die Batswana na te gaan vir sover dit betrekking het op dáárdie Batswana= stamme wat hulleself vandag binne die jurisdiksiegebied van Bo= phuthatswana bevind. Om twee redes word hierdie geo-politieke afbakening gemaak: eerstens om vas te stel tot welke mate 'n nasionale bewussyn reeds bestaan in Bophuthatswana, en tweedens, omdat die etno-historie van alle Batswanastamme die navorser sal uitbring by die Batswana van Botswana, Suid-Sotho- en Noord-Sothostamme,[1] waardeur die materiaal onhanteerbare afmetings sal aanneem en buitendien betreklik irrelevant is tot die veld van ondersoek. Hierbenewens is die historiese ontrafeling van die Sotho-kompleks 'n taak van geweldige omvang. Dit vorm 'n uitdaging vir historici wat hopelik voortaan meer aandag sal gee aan die inheemse bevolkings van Afrika, maar gaan die oog= merke van hierdie hoofstuk te bowe.

Dus is die oogmerk beperk tot die terugspoor van díe stamme wat

---

1. Vir die etno-historiese skakeling van hierdie groepe, vgl. bv. Legassick, M. The Sotho-Tswana peoples before 1800. *In:* Thompson, L. (Ed.). *African Societies in Southern Africa.* Heineman. 1969. Verskeie skakelpunte word ook hieronder aangedui.

hulleself in Bophuthatswana bevind en die knoop van hierdie stamme aan gemeenskaplike (of ongemeenskaplike) ontstaanspunte. Met die aanpak hiervan word dit ook onmiddellik gestel dat baie oorsigtelik te werk gegaan word en wel aan die hand van gepu= bliseerde en enkele ongepubliseerde bronne. Geen oorspronklike navorsing is hieroor onderneem nie en die enkele oorspronklike gegewens wat hierin vervat is, is "toevallig" raakgeloop. Nie= temin is gepoog om te verfyn en onwaarskynlikhede bloot te lê. Terselfdertyd moet egter ook opgemerk word dat die rekord geen= sins volledig is nie. Daar bestaan geweldige gapings; trou= ens, dit wat reeds onder die woord gebring is, verteenwoordig slegs grepe indien gemeet teen die veronderstelbare gang van die Batswanageskiedenis. En dit moet as tragedie aanvaar word dat hierdie gapings nie meer deur oorlewering gevul kan word nie. Die tyd daarvoor het verbygegaan; die "werklikheid" het reeds sover teruggesag dat dit buite die greep van oorlewering gekom het. In die verband is dit ook aangewese om Van Warmelo te kwoteer waar hy skryf:

"And finally, we must bear in mind that, at the very best, Native tribal tradition is weak in chronology and scanty in regard to truth. As a rule, three hundred years is the limit of possible reliable tradition. Beyond that, legend and fairy tales begin to luxuriate."[2]

Sover dit die eerste bekendstelling van die Batswana betref, moet vertrou word op reisigers en sendelinge. En hier is die

---

2. Van Warmelo, N.J. Grouping and ethnic history. *In:* Scha= pera, I. (Ed.). *Op. cit.*. 1937 (1956), p.44. As voorbeeld hiervan vgl. Mutwa, C. *Indaba, My Children.* Blue Crane Books. Johannesburg. (1964).

rekord ten opsigte van die Wes-Tswana, besonderlik die suidelike deel daarvan, langer en betroubaarder as dié ten opsigte van die Oos-Tswana. So word daar reeds in die verslag van Roos en Ma=rais aan Goewerneur Rÿk Tulbach (1761-62) en op grond van in=ligting verkry van Hottentotte, gewag gemaak van die Brikwa of "mense van die bok" - 'n verwysing na die Batlhaping.[3] Gedu=rende dieselfde tyd het Hendrik Hop en Brink ook oor die Batswa=na gerapporteer.[4] Wikar, ook op sterkte van Hottentotinlig=ting, rapporteer ook oor die "Blicquoas" in 1778-79 aan Goewer=neur van Plettenberg en maak verder gewag van die "Gysikoa" of "Tweelingvolk" wat groot gebeen "en swart soos Madagaskarslawe is"[5]. Hierna volg die verslag oor die reis van Kommissarisse Truter en Somerville in 1801 na die Batlhaping.[6] Uit die ver=slag kan afgelei word dat dit die eerste besoek was wat dié stam van Blankes ontvang het, want "Mooliahaban" (Molehabangwe) se twee vroue "... examined their (die Blankes se) hair with the closest scrutiny, scarcely being able to persuade themsel=ves that it was of natural growth but supposing it rather to be tha tail of some animal fixed close to the head"[7].

---

3. Maingard, L.F. The Brikwa and the ethnic origins of the Batlhaping. *S.A.J.S.*, Vol.XXX. October, 1933, p.597.

4. Vgl. Breutz, P-L. *The Tribes of Mafeking District.* Govern=ment Printer. Pretoria. 1955, p.7.

5. Maingard, *op. cit.*, p.597.

6. Barrow, John. *A Voyage To Cochinchina in the years 1792 and 1793 ... to which is annexed an Account of a Journey made in the years 1801 and 1802 to the residence of the Chief of the Booshuana Nation being the remotest point in the interior of Southern Africa to which Europeans have hitherto penetrated.* London. 1806.

7. *Ibid.*, p.390.

Hierna volg die werk van Lichtenstein[8] waarin hy vermeld dat 'n sendeling genaamd Kok "... eine Reise nach Norden unternommen und die Stämme der *Muruhlong* und *Matsaroqua* kennen gelernt hat= te ..."[9]. Ook maak hy gewag van die *Maatjaping* (Batlhaping), *Thamacha* (Bathamaga of Batsatsing), *Chojaa* (Ghoya), *Muchuruhzi* (Bahurutshe), *Wanketsi* (Bangwaketse), twee *Muruhlong-* (Barô= lông)-stamme, een onder *Masjouw* en *Lessomo* en die ander onder *Makrakki* (Mokalaka); die *Matsároqua* (?), en die talrykste van almal, die *Macquini* (Bakwêna).[10] Dr. Cowan en sy geselskap van byna dertig lede wat die Tswanagebied in 1808 besoek het, is vermoedelik deur die Bangwaketse vermoor[11] en het geen geskre= we rekord nagelaat nie. Burchell is dan blykbaar die volgende (1812)[12] en 'n jaar daarna Campbell. Laasgenoemde maak melding van 'n hele aantal stamme waaronder die *Makquana* (Bakwêna), *Wangketzens* (Bangwaketse), *Magalatzinas* (?), *Legoeeyas* (Ghoya), *Matzlakoo* (Batlhako), en *Marootzees* (Bahurutshe). Laasgenoemde sou groot koperwerkers wees.[13] Bain,[14] Harris,[15]

---

8. Lichtenstein, Hinrich. *Reisen im Südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806.* Berlin. 1811. (Deel II is hier van belang.)

9. *Ibid.*, p.493.

10. *Ibid.*, p.530-531.

11. Campbell, J. *Travels in South Africa.* London. 1815, p.181.

12. Burchell, W.J. *Travels in the interior of Southern Africa.* London. 1824. (Struik. 1967.)

13. Campbell, *op. cit.*, p.216-217.

14. Bain, A.G. Bain's Journal. *African Monthly Magazine*, I, 21, 22, 23 (1908).

15. Harris, W.C. *The Wild Sports of Southern Africa.* London. 1839 (1852).

Moffat,[16] Smith,[17] Mackenzie[18] en Anderson[19] trek die lyn deur vir Betsjoeanaland, terwyl die latere werke[20] waaronder die Blouboeke vir Brits-Betsjoeanaland langs die lyn teruggryp en beter dekking gee. Na 1885 is die bronne saakliker.

Dit is egter ook so dat hierdie bronne misleidend kan wees en dat 'n verifikasie daarvan uiters moeilik is. Die voortgesette gebruik van hierdie bronne lei dan tot die "verharding" van ver= keerde gegewens. Die beweerde aanval van Ma-Nthatisi op Dítha= kong en die beweerde pak slae wat Kgamanyane onverdiend van Krü= ger sou ontvang het in 1869, is slegs twee voorbeelde hiervan. Misleiding deur hierdie bronne neem egter ook 'n ander kleur aan as in aanmerking geneem word dat die geskrewe woord toenemend die bron word waaruit ook die Bantoe sy eie geskiedenis leer. So het Language reeds in 1942 geskryf - en dit geld vandag baie sterker - "... diegene wat kan lees se getuienis stem ooreen met die gegewens van Wookey"[21].

---

16. Moffat, R. *Missionary Labours and Scenes in South Africa.* London. 1842. (Herdr. Johnson Reprint Corporation. New York and London. 1969.) Wallis, J.P.R. (Ed.). *The Matabele Journals of Robert Moffat.* Chatto & Windus. London. 1945.

17. Kirby, P.R. (Ed.). *The Diary of Dr. Andrew Smith.* Van Riebeeck Society. Cape Town. 1939.

18. Mackenzie, J. *Austral Africa: Losing it or ruling it.* London. 1887 (1969). 2 Vols.

19. Anderson, A.A. *Twenty-five years in a wagon.* Chapman & Hall. London. 1888.

20. Bv. Stow, Theal, Ellenberger, Brown, Wookey en verskeie ander waarna hieronder verwys word.

21. Language, F.J. Herkoms en geskiedenis van die Tlhaping. *African Studies,* Vol.1. 1942, p.117.

In die daarstelling van literatuur oor die Batswana het die sendelinge, besonderlik dié van die London Missionary Society en Duitse Sendinggenootskappe, 'n belangrike rol gespeel. Dit is egter ook so dat die argiewe van hierdie liggame nog nie ont= gin is met die oog op Tswana-etno-historie nie. Onder die om= standighede verdien die Etnologiese Afdeling van die Departe= ment van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling hoë lof vir die onderneming van die taak om tydskrifartikels, insluitende die sendingtydskrifte en handelende oor die Bantoe te indekseer. Die publikasie daarvan sal beslis 'n belangrike sleutel bied tot verdere opklaring van onduidelikhede in etno-historiese verband.

Thompson het hom die stelling laat ontval dat "pre-conquest African societies" 'n vergete faktor in die Suid-Afrikaanse ge= skiedenis is.[22] Die waarheid van hierdie stelling kan nie ont= ken word nie - veral sover dit die belangstelling van die Afri= kaner betref. En dit is waarskynlik toeskryfbaar aan die inge= steldheid wat so lank geheers het, naamlik dat die Blanke in Afrika maar nie van Afrika is nie. Hopelik is die einde van dié tydperk reeds bereik en kan Afrika nou sy lankverdiende ak= sent kry.

## 2. Migrasie, verspreiding en vestiging

Batswana-oorlewering wil dat hulle voorvaders lank gelede getrek het uit 'n gebied waar "die son op die ander skouer geskyn het"[23], dit wil sê die ewenaargebied, en dáárvoor uit 'n vaag

---

22. Thompson, L. (Ed.). *Op. cit.*, p.1.

23. Stow, G.W. *The Native Races of South Africa.* London. 1905. (Struik, 1964), p.432.

aangeduide gebied in die ooste. Onlangs is weer herhaal dat ook die Suid-Bantoe in die meergebied van Afrika ontstaan het, besonderlik binne 'n radius van vierhonderd kilometer vanaf die Victoriameer.[24] Om die Batswana na hierdie punt te herlei aan die hand van historiese insidente is onmoontlik, alhoewel dit as oorsprongsgebied aanvaar word. Maar hoe, waar, en wanneer die Batswana weggesplinter het, kan nie vasgestel word nie.

Tot dusver is betreklik algemeen aanvaar dat die Batswana die oudste immigrantegroep van die suid-oos-Bantoe is[25] en in hulle suidwaartse migrasie voorafgegaan is deur die Boesman en Bakgalagadi.[26] Of die Bakgalagadi self ( wat as Sotho geklassifiseer word)[27] 'n pre-Suider-Afrikaanse afsplintering van die Batswana is[28] en of hulle gedegenereerde Batswana is,[29] is geensins duidelik nie. Verder is aanvaar dat die tweede Sotho-mi=

---

24. Wiedner, D.L. *A History of Africa South of the Sahara.* Random House. New York. 1962 (1964), p.13.

25. Breutz, P-L. Tswana Tribal Government today. Afgerol. (1959), p.1. *Id.* Stamme en geskiedenis van die Tswana= groep. Vertaling van bydrae tot H. Baumann. Völkerkunde von Afrika. Afgerol.

26. Schapera, I. *The Tswana.* International African Institute. London. 1953 (1962), p.14. *Id. The Ethnic Composition of Tswana Tribes.* Humphries. London. 1952, p.5-6.

27. Van der Merwe, D.F. & I. Schapera. *A Comparative Study of Kgalagadi, Kwêna and other Sotho Dialects.* Communications from the School of African Studies. Cape Town. 1943. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.6.

28. Schapera, I. *Op. cit.*, (1952), p.6. Stow, G.W. *Op. cit.*, p.421-422.

29. Van Warmelo, N.J. *A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of Southern Africa.* Government Printer. Pretoria. 1935, p.103.

grasiegolf bestaan het uit die voorsate van die huidige Barô=lông en Batlhaping wat dan die eerste Batswanagolf sou gevorm het.[30] Hierna sou die grootste en laaste Batswanagolf, die Bahurutshe-Bakwêna, die huidige R.S.A. binnegekom en hulle aan=vanklik by Mabyanamatshwaana (Swartkoppies) in die omgewing van die huidige Brits gevestig het.[31] Vanuit hierdie twee kerns (Barôlông en Bakwêna-Bahurutshe) sou 'n groot aantal stamme dan ontstaan het en daarheen kan ook die ontstaan van die Noord-Sotho en Suid-Sotho herlei word.

Dat die Barôlông en Bakwêna-Bahurutshe vroeër een groep gevorm het, word aanvaar. R.D. Coertze is van mening dat die verde=ling geskat kan word iewers tussen die jare 1200 tot 1400,[32] terwyl sommige van Breutz se Barôlông-informante die opinie uitspreek dat dié verdeling plaasgevind het in die huidige Mo=lopogebied.[33] Coertze se bevinding ten opsigte van die Bafo=keng, naamlik dat die Bafokeng stellig 'n afsonderlike trek van die Sotho-Tswana uit die noorde gevorm het,[34] versterk in 'n sekere sin die gedagte van Legassick waardeur die tot dusver aanvaarde drie-golf-migrasiegedagte (Ghoya-Rôlông-Kwêna/Hurut=she) onder die vraagteken kom. In die lig van die tempo waar=teen die fissieproses in latere jare voorgekom het, is dit dan

---

30. Breutz, *op. cit.*, (1963), p.1. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.6.

31. Schapera, 1952, p.6. Coertze, R.D. *Die Familie-, Erf- en Opvolgingsreg van die Bafokeng van Rustenburg.* SABRA. 1971, p.23.

32. *Ibid.*, p.21.

33. Breutz, P-L. *The tribes of Mafeking District.* Govt. Prin=ter. Pretoria. 1955, p.24.

34. *Op. cit.*, p.29.

ook nie onmoontlik nie dat die Batswana as 'n enkele groep die Molopo-gebied bereik het waarna die Ghoya en Bafokeng (moontlik ook die Batlhaping) weggesplinter het en die oorblywende groep verdeel het in die Barôlông en Bakwêna-Bahurutshe. Hierna kon laasgenoemde groep ooswaarts beweeg het na Mabyanamatshwaana en in die jare 1300-1400 daar gevestig het.[35] Nā die wegsplintering van die Bahurutshe beweeg laasgenoemde groep dan weer weswaarts.

Dit is nie die oogmerk om die oorspronklike eenheid wat vermoedelik (kon) bestaan het te probeer rekonstrueer nie. Die verdelings word aanvaar en ons is ingestem op die nagaan van die verdere ontplooiing in die stammeverskeidenheid wat vandag aangetref word in Bophuthatswana. Met die oog hierop is 'n syfer aan elke stam toegeken en dui dieselfde syfer die lokaliteit op die kaart in Bylaag C aan waar die stam hom later bevind. Terselfdertyd word daarop gewys dat 'n Romeinse syfer voor die naam van 'n stamhoof aanduidend is van sy plek in die hiërargie van stamhoofde van die betrokke stam, terwyl 'n Romeinse syfer na die naam aanduidend is van stamhoofde met dieselfde name, maar in verskillende generasies binne dieselfde stam.

2.1 Die Barôlông

Morôlông wat die koedoe (thôlô) as totem gehad het en volgens Breutz in ongeveer 1220 gebore moes gewees het,[36] word as grondlegger van die Barôlông aanvaar: Die Barôlông self beweer dat hulle voor die Bakwêna in Suid-Afrika aangeland het, maar daar

---

35. Breutz, 1963, p.1. Vgl. ook Coertze, *op. cit.*, p.23.

36. Breutz, P-L. *The tribes of Mafeking District*. Government Printers. Pretoria. 1955, p.27.

bestaan soos hierbo gestel, ook die mening dat die Barôlông en Bakwêna in die Molopostreek uiteen gegaan het.[37] Laasgenoemde stelling lyk heeltemal moontlik, aangesien die Barôlôngstam= hoofde III Morare en IV Mabe tydgenote was van die Bakwênastam= hoofde I Mogale en II Mhete.[38]

Vir die Barôlông word veertien stamhoofde aangedui voor die le= gendariese Tau wat volgens berekening, gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu geleef het. Besonderhede van die vorige veertien is uiters skraps, maar dit is wel duidelik dat hulle die Disaneng-Mafekingomgewing bewoon het. Tot dusver is aanvaar dat twee wegsplinterings gedurende hulle regeertyd moes plaasgevind het, naamlik die Bakaa en die Batlhaping.[39]

---

37. *Ibid.*, p.24. Transvaal Native Affairs Department. *Short History of the Native Tribes of the Transvaal.* Pretoria. 1905. (Herdr. Staatsbiblioteek. Pretoria. 1968 (Herdr. Nr.24), p.8.)

38. R.D. Coertze (*op. cit.*, p.22) dui die geboortedatum van Mo= gale aan as 1350 en volgens sy gegewens is Mogale nie die eerste Kwênastamhoof nie. Word van hierdie punt terugge= werk, word gevind dat I Morôlông 'n tydgenoot van I Kwêna was of moes gewees het ten spyte van Breutz se aanduiding dat Morôlông in 1220 gebore moes gewees het. Dit lyk bete= kenisvol dat Morôlông as voorsaat van die Barôlông en Kwêna as voorsaat van die Bakwêna, dan tydgenote was. Indien die verwydering op daardie tydstip plaasgevind het, dan was Ma= silo die laaste stamhoof van die Rôlông-Kwêna-Hurutshe.

39. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.11. Breutz, *op. cit.*, (1955), p.25. In korrespondensie van 1975 deur dr. Breutz aan skry= wer, skryf hy egter oor die Tlhaping: "Dit het ek my des= tyds laat vertel. Vandag is ek oortuig dat die Tlhaping ... 'n ander oorsprong het, nl. uit die ouer voorhoede van die Tswana." Tot verdere feite aan die lig kom, aanvaar ons egter dat die Tlhaping uit die Rôlông stam.

Eersgenoemde groep het noordwaarts getrek en gevestig by die Shoshongheuwels waar hulle in 1770 deur die Bamangwato aangetref is,[40] terwyl laasgenoemde groep in die regeertyd van Tau wegge=breek en suidwaarts beweeg het. Lichtenstein se opmerking dat die Batlhaping vyf na ses jaar voor sy besoek (dus 1797) met die Barôlông verenig was onder "Makrakki"[41], kan nie as tydsaandui=ding van dié vermeende wegsplintering aanvaar word nie, omdat die Batlhaping op däärdie stadium 'n vasal van die Barôlông was[42] en die afsplitsing dus heelwat verder terug lê as ± 1800. Hierop word later teruggekom.

Die oorspronklike woongebied van die Barôlông is deur Tau ver=der uitgebrei deur oorlogvoering en was soos volg begrens:[43] Vanaf die samevloeiing van die Schoonspruit en Vaalrivier, al langs die Schoonspruit op tot by die Taaiboschspruit; daarvan=daan af met die Molopo tot in die "woestyn"; af met die Vaal=rivier na die samevloeiing van die Vaal- en Rietrivier; daar=vandaan verby die huidige Campbell in 'n reguit lyn na Dikga=tlong. Hoewel Tau sy woonplek later te Taung gehad het, het die stam in die aangeduide gebied rondbeweeg.

Tau het gesneuwel in 'n geveg met die Batlhaping of Koranna

---

40. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.11. Breutz (*op. cit.*, 1955, p.28) meen dat die wegsplintering in 1600-1630 moes plaas=gevind het.

41. *Op. cit.*, p.493.

42. Vgl. Stow, *op. cit.*, p.490. Breutz, *op. cit.*, (1955), p.30.

43. Dié omskrywing van Tau se gebied is in 1885 gegee deur kap=tein Matlhaba van die Barôlông boo Rapulana aan die Ship=pard Kommissie. (Vgl. Breutz, 1955, p.29-30.)

(*Bakgothu*) in 1720-1740. Na sy dood het twee regente die stam gelei vir die opvolger, Ratlou, en het die stam te Takwaneng, Dithakong, Ganyesa, Mamusa gewoon en uiteindelik noord van Mo=sita gevestig geraak. Hier het Ratlou die voetspore van sy vader gevolg "... until he raised himself to the highest pin=nacle of barbaric fame that any Barôlông ruler had ever attain=ed ..."[44]. Hy sou die Barôlônggebied verder uitgebrei en alle stamme daarbinne belastingpligtig gemaak het. Hyself het sy hoofsetel te Setlagole ingerig en hier is hy skynbaar in 1775 oorlede.[45] Na sy dood het twee van sy broers geweier om die troonopvolger, Seitshiro, te erken en het met hulle volgelinge weggebreek na Morokweng.[46]

Hierna het die Barôlôngmag verkrummel en verdeel die stam onder die seuns van Tau en vorm vier stamme, naamlik die *Barôlông boo Ratlou; - boo Rratshidi; - boo Seleka; en - boo Rapulana*, terwyl die *Ratlougroep* verder sou verdeel in die *Barôlông boo Ratlou boo Mariba* en *Barôlông boo Ratlou boo Seitshiro*.

Waar die *Barôlông boo Ratlou boo Mariba* hulle hoofsetel aangelê het, is nie duidelik nie. Dithakong word genoem, maar omdat daar meer as een plek met die naam "Dithakong" bestaan in die

44. Stow, *op. cit.*, p.491.

45. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.11. Breutz (*op. cit.*, 1955, p.34a) meen 1780.

46. Schapera, *op. cit.*,(1952), p.11. Stow (*op. cit.*, p.491) meen egter dat die verdeling plaasgevind het met die troons=bestyging van Ratlou, d.w.s. een generasie vroeër. S.M. Mo=lema (*Montshiwa: Barôlông Chief and Patriot*. Struik. 1966, p.4-5) vermeld dat die stam deur die regent gelei is tot by Setlagole in 1770 en dat die verdeling daarna plaasgevind het.

Mafeking-Vryburggebied, kan Breutz dit nie lokaliseer nie.[47] Na die afsterwe van Mariba word die stam gelei deur Mokalaka, broer van Mariba en regent vir Maomogwa. Na hom (Mokalaka) ver=wys Lichtenstein as "Makrakki" en deel mee dat hy die hoof is van een deel van die "Muruhlong"[48]. Na die dood van Moamogwa ageer Motsware en laat die stam trek vanaf Morokweng via Moti=tong na Ganyesa. 'n Stamdeel onder Maiketso, seun van Moamo=gwa, bly egter agter op Morokweng waaruit later 'n stam ont=staan en as sodanig erken word. (Vgl. tabel 1.) Motsware is opgevolg deur 'n regent (Mmusi), seun uit die tweede huis van Kegakilwe, en hy het ook sy ouer broer, Ntselang, se *lapa ge-tsosa* met Letlhogile wat in 1884 die stamhoofskap oorneem. Le=tlhogile is in 1924 opgevolg deur sy seun Thibogang wat in 1946 oorlede is en in 1947 opgevolg is deur sy seun Joseph Thibogang Letlhogile. Die stam het sedert die regeertyd van Motsware on=afgebroke te Ganyesa gewoon maar terselfdertyd oor die gebied versprei.[49]

Uit die literatuur kom dit voor asof die stam voor die troons=bestyging van Letlhogile (1884) in drie geskeur het:[50] Letlho=gile met sy navolgers te Ganyesa; die nasate van Maiketso te Morokweng en die navolgers van Motsware, jonger broer van Moa=mogwa, wat te Phitsane in die huidige Molopo-reservaat gevestig geraak het. Die verbrokkeling is bevestig met die trek van Morwamolwa, nasaat van Maiketso, in 1880 uit Morokweng na die Molopo-gebied. Dié stamdeel het na 'n kort verblyf op ander

47. *Op. cit.*, (1955), p.160.

48. *Op. cit.*, p.530.

49. Vgl. Breutz, *op. cit.*, (1955), p.157-176.

50. *Ibid.*, p.160.

plekke gevestig geraak in die omgewing van Tshidilamolomo in die Molopo-reservaat.

So raak die volgelinge van Mariba dan uiteindelik georden in drie stamme en vier hoofmanskappe[51a] onder stamhoof Letlhogile. Die stamme is:

(a) Die moederstam te *Ganyesa*, Ganyesa (1);

(b) die stam te *Tshidilamolomo*, Molopo (2), en

(c) die stam te *Phitsane*, Molopo (3).

Alhoewel Breutz gewag maak van vier onafhanklike stamme,[51b] meld hy elders dat Montshusi se *ba Moamogwa te Morokweng*, Ganyesa (4) - die vierde stam - 'n hoofmanskap onder gesag van Letlhogile is.[52] Jeppe, gelei deur Breutz, maak ook melding van vier stamme en verwys verder na vier verdere "stamme".[53]

---

51a. Verderaan word onderskeid gemaak tussen 'n stam en 'n hoofmanskap en gevolglik tussen 'n stamhoof en 'n hoofman. 'n Stam bestaan normaalweg uit 'n aantal hoofmanskappe *(dikgôrô/makgotla* - ook "wyke" genoem -) en 'n stamhoof *(kgosi)* het gevolglik gesag oor en 'n hoër status as hoof= manne *(dikgosana* oftewel "koninkies"). Na die vestiging van Blanke gesag en die verdeling van stamgebiede in loka= sies is hoofmanne wat in bevel geplaas is van lokasies buite die stamhoofslokasie, of op 'n ander wyse met hulle volgelinge buite die stamhoofslokasie gevestig geraak het (bv. deur aankoop van grond), veelal erken as *onafhanklike* hoofmanne. Dus moet onderskei word tussen stamhoofde, on= afhanklike hoofmanne en (afhanklike) hoofmanne. Die stel= ling hierbo geld dan onafhanklike hoofmanskappe. Of 'n onafhanklike hoofmanskap altyd gelyk gestel kan word aan 'n stam, is 'n probleem wat nog uitgepluis moet word.

51b. *Ibid.*, p.169.

52. *The Tribes of Vryburg District.* Government Printer. Pretoria. 1959, p.90.

53. Jeppe, W.J.O. Die ontwikkeling van bestuursinstellings in die Westelike Bantoegebiede (Tswana-tuisland). Ongep. proefskrif. U.S. 1970, p.13.

By nadere beskouing vind ons net drie stamme maar aanvaar ge= redelik dat die groepering onder hoofman Motshusi reeds as 'n vierde stam beskou kan word. Die ander hoofmanskappe onder stamhoof Letlhogile beskou ons nie as stamme nie en gee daarom nie uitdruklike aandag daaraan nie. Die verdeling van die Ma= riba is af te lees uit tabel 1.

Sover dit die *Barôlông boo Ratlou boo Seitshiro* betref, word verhaal dat die stam sy woongebied in Setlagole verlaat het en dat die troonopvolger, Mosweu, vir 'n tydperk te Disaneng re= geer het. Aanvalle van ander stamme laat die stam suidwaarts beweeg en wel na Thaba Nchu en later Motsewapetlwane (Klerks= dorp-omgewing).[54] Tussen 1840 en 1850 keer die stam terug na Setlagole maar versit in 1852 na Modimong naby Taung. Hier het die stam in 1870 verdeel en wel onder die huise van *Moshoette* (5) en *Phoi* (6).[55] Beide groepe beweeg egter terug na die Se= tlagole-omgewing en raak gevestig in onderskeidelik die Khunwa= na- en Setlagole-reservaat, Ditshobotla. (Vgl. tabel 1.)

Na die dood van Seitshiro het daar 'n botsing tussen die Barô= lôngseksies plaasgevind oor 'n weduwee van Seitshiro genaamd Tshadinye - Stow noem haar Sareni[56] - as gevolg waarvan die Ratshidi, Seleka en Rapulana van Ratlou-gesag wegbreek. Onder Tshidi beweeg die *Barôlông boo Ratshidi* dan na Phitsane waar hulle aangeval word deur die Ratlou[57] en vanwaar Makgetlha, broer van Tshidi, Seleka en Rapulana, tevergeefs probeer om die

---

54. Breutz, *op. cit.*, (1955), p.102.

55. *Ibid.*, p.104.

56. *Op. cit.*, p.492.

57. Molema, *op. cit.*, p.6.

vier Barôlôngstamme te herenig. Verskeie regente en stamhoofde regeer hier. In die tyd van Lesomo, regent vir Tawana, en terwyl die stam te Modirwagale, naby Disaneng woon, ontstaan daar 'n burgeroorlog tussen die volgelinge van Lesomo en Tawana omdat eersgenoemde nie wou afstand doen van die stamhoofskap nie. Tawana en sy volgelinge vlug na Tswaneng. Met hulp van Makaba van die Bangwaketse loods Tawana 'n suksesvolle aanval op Lesomo waartydens Lesomo op die slagveld val. Hierna word die stam weer herenig. Montshiwa, latere opvolger van Tawana, is gebore terwyl die stamdeel onder Tawana op vlug was te Modir=wagale.

Gedurende die tyd van Tawana (wat opgevolg het in ± 1815) het die aanslae van die Bataung van Moletsane en Matebele gekom en is die stamgeledere uitgedun. Skynbaar het die stam in dié tyd rondbeweeg tussen Mareetsane, Phitsane, Moshaneng en ga Sehuba[58] om uiteindelik die Vaalrivier oor te steek en hulle in 1833 te=same met die Barôlông boo Seleka van Moroka te Thaba Nchu te vestig.[59] In 1847 keer Tawana egter weer terug na die Molopo=gebied en raak na tydelike verblyf elders te Mahikeng geves=tig.[60] Hier volg verskeie hoofde op (tabel 1) en die stam be=leef verskeie krisisse. Met die vestiging van Blanke gesag in die tyd van Montshiwa, word die stam in twee verdeel deur die grens tussen Brits-Betsjoeanaland en die Betsjoeanalandse Pro=tektoraat.

---

58. Vgl. *ibid.*, p.11 *et seq.*

59. Schüler, G.M.K. Die Barôlông van Thaba Nchu, O.V.S. Ongep. proefskrif. U.S. 1965, p.40.

60. Transvaal Native Affairs Department. *Op. cit.*, p.9.

In teenstelling met die Mariba-seksie, het die *Barôlông boo Ratshidi* (7) dus geen ernstige splitsing beleef nie en daarin lê ook die rede waarom dit vandag 'n besondere groot stam is.

Die volgelinge van Seleka, broer van Ratlou en Tshidi, het hul= le na die finale wegbreek van die Ratlou in die Klerksdorp-om= gewing gevestig maar later teruggekeer en hulle as bure van die Rapulana-seksie by "Dithakong" gaan vestig. In ongeveer 1795 sou die *Barôlông boo Seleka* (8) egter weer terugkeer na Thabeng (Klerksdorp-omgewing). Hiervandaan is verskeie aanvalle gedoen op ander stamme en is ook verskeie aanvalle verduur.[61] Aanval= le deur die Bakwêna, Bataung, Bafokeng en Matebele het verskeie Rôlônggroepe na die Klerksdorp-omgewing laat uitwyk, sodat dit teen 1830 oorbevolk begin raak het. Onder leiding van die sen= delinge Edwards en Archbell het die Seleka- en ander Rôlôngele= mente 'n nuwe woongebied in die huidige O.V.S. gaan soek en uit= eindelik 'n groot grondgebied (Thaba Nchu) van Moshoeshoe verkry in ruil vir agt beeste, 34 skape en vyf bokke.[62] Die Seleka on= der Moroka, Ratshidi onder Tawana en Ratlou onder Gontse het dan in 1833 die nuwe gebied betrek. Die Rapulana onder Matlhaba het hulle hierna by die Barôlông te Thaba Nchu gaan voeg.[63]

Hoewel die ander Rôlônggroepe weer na Transvaal teruggekeer het na die verdrywing van Mzilikazi, het die Seleka te Thaba Nchu bly woon. Na die dood van Moroka in 1880 het 'n opvolgingstryd tussen Moroka se seuns Tshipinare en Samuel ontstaan. Tshipi=

---

61. Stow, *op. cit.,* p.514-516.

62. Schüler, *op. cit.,* p.37-40.

63. *Ibid.,* p.41. Transvaal Native Affairs Dept. *Op. cit.,* p.8. Breutz, P-L. *Die stamme van die distrikte Lichtenburg en Delareyville.* Staatsdr. Pretoria. 1957, p.82-83.

nare is deur 'n groot deel van die stam erken, alhoewel hy 'n "aangenome" seun[64] van Moroka was. Samuel het egter 'n komplot teen Tshipinare gesmee en hom in 1884 laat vermoor. Hierna is Samuel verban en het met 'n aantal volgelinge verskeie jare in Transvaal en Basotholand rondgeswerf, totdat hy in 1899 in die Tati-distrik (huidige Botswana) gevestig geraak het.[65] Tussen 1915 en 1918 het 'n paar duisend Seleka hulle uit Thaba Nchu by Samuel aangesluit. Die hoofstam het egter op Thaba Nchu bly woon waar dit vandag nog is.[66]

Met die wegbreek van die seuns van Tau het Rapulana met 'n aan= tal volgelinge te Lotlhakane[67] gevestig geraak. So ontstaan die *Barôlông boo Rapulana*. Die bewegings van die stam is on= duidelik tot aan die begin van die negentiende eeu toe hulle onder Matlhaba - die bekende Machavi of Machaba - te Matlwareng (ongeveer 20 myl noord-oos van Klerksdorp) gevestig raak. Hier is hulle aangeval deur onder meer die Bataung van Moletsane.[68] Hulle verkry op versoek beskerming van Mzilikazi teen die Ba= taung en nadat weerwraak geneem is op die Bataung, versit die stam na Thaba Nchu waar hulle aansluit by die ander Barôlông= stamme wat in dië gebied gaan skuiling soek het.

Met die binnekoms van die Afrikaner in Transvaal het Matlhaba voetsoldate vir die Blanke strafekspedisie teen Mzilikazi voor= sien in ruil waarvoor grond in 1839 te Matlwaung (Machavistad),

---

64. Molema, *op. cit.*, p.7.

65. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.14.

66. *Ibid.*, p.7.

67. Breutz, *op. cit.*, (1957), p.80.

68. Schüler, *op. cit.*, p.41.

naby Potchefstroom, aan hom en sy stam voorsien word.[69] Blyk=baar was die voorsiening slegs tydelik, want volgens Breutz is hulle deur Kmdt. Schoeman hier verwyder en het die stam na Taung getrek waar hulle sewe jaar lank binne die Batlhaping-gebied ge=woon het[70] voordat hulle terugkeer na die Potchefstroom-omgewing. In 1875 besluit die Transvaalse bewind om die plaas Polfontein (Bodibe, Lichtenburg-distrik) vir Matlhaba en sy volgelinge aan te koop, terwyl die plaas Driefontein in 1886 deur die Blanke owerheid tot die stamgrond toegevoeg word.[71]

Voordat dië grond nog voorsien is, het 'n deel van die Rapulana wat tot op daardie stadium nog altyd te Thaba Nchu woonagtig was onder 'n hoofman, terugbeweeg na die ou tuiste, Lotlhakane. Dit was in ongeveer 1872.[72] Na die voorsiening van Bodibe (Pol=fontein) as woongebied aan Matlhabe in 1875,[73] beweeg die stam=deel daarheen en word die stam dus herenig. Na hierdie vesti=ging is die stam egter verskeie kere deur die Ratshidi van Montshiwa aangeval, omdat laasgenoemde van mening was dat die Rapulana sy onderdane was, terwyl die Rapulana nie bereid was om dië status te aanvaar nie.[74] (Matlhaba se pro-Afrikanerhou=ding en Motshiwa se pro-Britse houding het stellig ook 'n rol in dië interstamlike verhouding gespeel.)

---

69. TNAD, *op. cit.*, p.9.
70. *Op. cit.*, (1957), p.83.
71. *Ibid.*, p.84.
72. Breutz, *op. cit.*, (1955), p.263
73. Vgl. ook Gunning, N.R. Die Britse Bantoe-administrasie in Transvaal, 1902-1906. Ongep. M.A.-verhandeling. U.P. 1966, p.114.
74. Breutz (*op. cit.*, 1957, p.86 *et seq.*) gee 'n volledige be=skrywing van hierdie aanvalle.

Met die bepaling van die wesgrens van Transvaal in 1881 word die Rapulana egter in twee gesny, naamlik die stamdeel te Bodi= be waar die stamhoofskap setel en dié te Lotlhakane. Die Lo= tlhakane-gedeelte het vanaf die sewentigerjare van die vorige eeu tot en met 1928 as 'n hoofmanskap van Bodibe bestaan waarna dit as 'n volwaardige stamhoofskap deur die Blanke owerheid er= ken is met Jeremia Seatlholo as eerste kaptein.

Só lei 'n provinsiale grens dan tot die verdeling van die boo Rapulana in twee stamme, naamlik:

(a) Die moederstam te *Bodibe*, Ditshobotla (9); en

(b) die dogterstam te *Lotlhakane*, Ditshobotla (10).

Die *Barôlông ba Lefifi* (11) kan nie met enige sekerheid ingepas word in tabel 1 nie, omdat die gegewens ontoereikend is. Vol= gens ongepubliseerde gegewens wat Breutz in 1961 en 1965 van die stam verkry het, was die kern van die stam oorspronklik Barôlông boo Ṡeleka. Terwyl die boo Seleka in die Klerksdorp-omgewing woonagtig was (± 1825) sou Mphake, seun van Kgati, met 'n klom= pie volgelinge die stam verlaat en noord-ooswaarts beweeg het om uiteindelik in Sekhukhuneland gevestig te raak. Hier is die stamleiding oorgeneem deur Mphake se seun, Leswiswi, en dié se seun, Thêkisô. Laasgenoemde sou Sekhukhuneland in 1882 verlaat het en kom by die huidige woonplek, Nokaneng in die huidige Mo= retele, gevestig het. Sy kleinseun, Stephen Thufana Lefifi, wat die stam sedert 1941 regeer, is deur die owerheid erken as kaptein van die stam.[75]

Geen ander bron wat geraadpleeg is, verwys na hierdie Barôlông=

---

75. Skrywer betuig graag dank aan dr. Breutz vir die beskikbaar= stelling van hierdie inligting.

groep nie. Stow en Schüler, laasgenoemde in navolging van Stow, verwys na 'n Tlou-element wat na die Nylstroom-omgewing uitgewyk het waar "Mokopa, Mokopane, of Makapan" opgevolg het.[76] Dië verhaal kom as vergesog voor en werp ook geen lig op die Barôlông ba Lefifi wat beweer dat hulle van Seleka-oorsprong is nie.


Volledigheidshalwe moet hier ook verwys word na die *Barôlông van Mosita* (12), Molopo, wat 'n dekade gelede verskuif is na die trustplaas Logageng aan die Moloporeserwe. Die ontstaan van dië groep as 'n eenheid gaan terug na 1869 toe 'n Mohurutshe, Motsawe, en vyf Bahurutshe-families te Mosita vestig. In 1885 sluit 'n aantal Barôlông boo Ratlou boo Mariba (oorspronklik uit die Maiketso-groep van Morokweng) by die Bahurutshe aan, gevolg deur 'n ba ga Motlhware-element vanuit Kuruman-distrik tussen 1885 en 1888, asook Bangwaketse-, Batlhaping (ba ga Phuduhudu)-, en Barôlông boo Ratshidi-elemente in ongeveer dieselfde tyd. Omdat die Bahurutshe 'n toenemende minderheid geword het en ook as gevolg van ontevredenheid oor die leierskap in die "stam", is die leiding in 1921 oorgeneem deur die Barôlông boo Ratshidi-*kgôrô/lekgotla*. Die "stam" bestaan uit tien *makgotla* (waaronder Ngwaketse, Tlhaping, Herero, Matebele en Ngwato) onder 'n erflike hoofmanskap en word deur die Ratshidi as ondergeskik aan die stamhoof van die Barôlông boo Ratshidi (Mahikeng) beskou. Dië (afhanklike) status word egter deur die "stam" self betwis. Blykbaar behoort dië groep as onafhanklik beskou te word.[77a]

---

76. Vgl. Stow, *op. cit.*, p.498-499 en Schüler, *op. cit.*, p.23-24.

77a. Vgl. Breutz, *op. cit.*, (1955), p.230-236.

Tabel 1: Fissie by die Barôlông



Laastens kom dit voor of die opstellers van *A Short History* die Barôlônginslag van die Bantwane oorskat,[77b] want na die bevinding van Erasmus is hulle van Bakwêna-Hurutshe oorsprong.[78]

## 2.2 Barôlông wegsplinterings

Benewens die twaalf amptelik-erkende stamme hierbo aangedui wat as gevolg van die proses van fissie ontstaan het, het daar ook verskeie stamme ontstaan uit die groepe wat deur die gang van eeue van die Barôlông weggebreek en vandag onder ander name bekend is. Hierbo is reeds verwys na die Bakaa ("Ba ka ya bao") en die Batlhaping. Verskeie skrywers is ook seker daarvan dat die Dighoya op dieselfde wyse as die Batlhaping ontstaan het. Om die teendeel te bewys is verdere feite, waaroor ons nie beskik nie, nodig. Gevolglik word ook die Ghoya hier onder bespreking geneem. Die Bakaa word buite rekening gelaat, omdat die groep slegs in Botswana voorkom.

### 2.2.1 Die Dighoya

Oor die Dighoya is betreklik min bekend. R.D. Coertze verwys na die Dighoya as eerste golf van die Barôlông-immigrasie en gee daarmee te kenne dat die Dighoya verband met die Barôlông het maar dat die splintering reeds plaasgevind het met die Barôlôngintog.[79] Breutz verwys na die Dighoya as "ancient Tswana"[80], maar stel dit elders dat die Dighoya van die Barôlông

---

77b. *Op. cit.*, p.9.

78. Erasmus, W. 'n Ondersoek na die sosiale organisasie en politieke stelsel van die Bantwanestam in die distrik Groblersdal. M.A.-verhandeling. U.P. 1965, p.5 *et seq.*

79. *Op. cit.*, p.21.

80. *Op. cit.*, (1959), p.1.

afstam.[81] Ellenberger skyn daarvan oortuig te wees dat die "Lihoya or Bakubung" 'n afsplintering is van die Barôlông en Bahurutshe "who lived on the banks of the Molopo River"[82]. Walton aanvaar skynbaar die standpunt van Ellenberger in dié verband.[83] In 'n manuskrip van Stow wat deur Walton gepubliseer is, word die gedagte uitgespreek dat Ghoya 'n opvolger van 'n stamhoof Tau was en dat die stamnaam dan van hierdie persoons=naam (Ghoya) afgelei is.[84] Ellenberger lug 'n soortgelyke me=ning. Hy verwys na Sehoya/Mabula as eerste stamhoof van die Dighoya en maak verder die bewering dat die Ghoya met hulle wegbreking van die Barôlông die seekoei (*kubu*) as totem in die plek van die koedoe (*thôlô*) aanvaar het.[85] Hierdie totemveran=dering klop egter nie met die mededeling van Breutz se Bakubung-informante nie; hulle sê dat hulle *as Ghoya* die koedoe as to=tem gehad het en dat die seekoei eers later aanvaar is.[86] Ver=der wys die Barôlôngregister hierbo nie 'n Sehoya of Mabula nie maar wel 'n Barôlôngstamhoof Mabua wat ongeveer 1350 moes ge=leef het.

Die feit dat die Bakubung weet van die tyd "toe hulle nog Di=goya was"[87] en dat hulle tóé die koedoe (ook die totem van die

---

81. Breutz, P-L. *Die stamme van die distrik Ventersdorp.* Staatsdrukker. Pretoria. 1954, p.49.
82. Ellenberger, D.F. *History of the Basuto: Ancient and Mod=ern.* 1912. (Herdr. Negro Univ. Press. New York. 1969, p.52.)
83. Walton, J. *Early Ghoya Settlement in the Orange Free State.* National Museum. Bloemfontein. 1965, p.1.
84. *Ibid.,* p.19.
85. *Op. cit.,* p.52.
86. Breutz, *op. cit.,* (1954), p.49.
87. *Loc. cit.*

Barôlông) as totem gehad het, en dat Molema verhaal dat Tshidi in ongeveer 1775 omgekom het in 'n geveg met die Dighoya in die omgewing van Mamusa (Schweizer-Reneke),[88] heg verdere waarde aan die moontlike verband tussen die Dighoya en Barôlông. Die omstandighede en tyd van wegsplintering is egter nog duister maar lê stellig verder terug as die sewentiende eeu, dit wil sê vóór die bekende Tau uit die Barôlônggeskiedenis.

Verskeie stamme binne Bophuthatswana word aangemerk as nasate van die Ghoya wat skynbaar vanuit Transvaal die Vaalrivier oor= gesteek en in 1810-1812 deur die Bataung van Moletsane oorwin en gedeeltelik geassimileer is.[89]

Die *Bakubung (ba Ratheo/ba Kgofa)* (13) van Mankwe weet daarvan toe hulle nog Dighoya was maar wys na die Rustenburg-omgewing as oudste bekende gebied voordat hulle te Elandsfontein 21 IQ, Ventersdorp, gevestig geraak het. Die *Bakubung (ba Mathope)* (14) is nou verwant aan voorgenoemde Bakubung, bewoon dieselfde omgewing en het in 1885 weggebreek, hoofsaaklik oor opvolgings= probleme en 'n grondtwis.[90]

---

88. *Op. cit.*, p.5.

89. Ellenberger meld dat die Ghoya volkome deur die Bataung ge= assimileer is. Dit kom egter as onwaarskynlik voor aange= sien Arbousset en Dumas (*Narrative of an Exploratory Tour to the Cape of Good Hope*. Cape Town. 1846. (Herdr. Struik. 1968, p.207 *et seq.*) in 1836 'n sterk sametrekking Ghoya te *Entikoa* teekom. Hulle verwys egter na die "Bataung ... commonly called Lyghoyas" - wat die indruk laat dat die Ghoya toe as 'n Bataung-stam beskou is.

90. Breutz, *op. cit.*, (1954), p.68. Die twee stamme is sedert= dien uit die omgewing verskuif.

Die *Baphiring* (15) van Madikwe is volgens eie erkenning 'n ver= takking van die Dighoya alhoewel geen duidelike skakeling aan= getoon kan word nie. Die oudste woongebied word aangedui as Nooitgedacht 381 JP, Rustenburg. Na vele omswerwinge vestig die stam uiteindelik te Mabalaneslokasie op die plaas Rietfon= tein 453 JP, waarvandaan dit verskuif is na die huidige woon= gebied.

Of die *Bamaloka ba Motsasi* (16) van Rooijantjiesfontein, Lich= tenburg, ook uit die Dighoya stam is nog onduidelik.[91a]

Sover dit die Ghoya-nasate betref, is dit interessant om daarop te let dat feitlik almal ook verwys na afstamming uit die Bahu= rutshe. Oënskynlik is dit te verklaar in die lig van vroeë ineen= geskakeldheid van die Barôlông-Bahurutshe-Bakwêna. Andersyds is dit moontlik dat daarmee gepoog word om 'n mate van seniori= teit binne die Tswana te kenne te gee, want *"Tshwene o laola ditshaba tsohle"*[91b].

Die Ghoya-verband het blykbaar na *difaqane* betekenisloos geword.

2.2.2 Die Batlhaping

Soos voormeld was die Batlhaping die eerste Tswana met wie die vroegste Blanke reisigers in aanraking gekom het. Op daardie tydstip (1801-1802) was die Batlhaping woonagtig te Dithakong naby Kuruman onder Molihabangwe ("Mooliahaban")[92] wat volgens

---

91a. *Ibid.*, p.49.

91b. "Die bobbejaan regeer al die stamme." (Die bobbejaan is die totem van die Hurutshe.)

92. Barrow, *op. cit.*, p.389.

Breutz en Language die agste Tlhaping-vors was.[93] Dus moes die eerste Tlhapingstamhoof, Phuduhutswana, in die tydperk 1560-1590 geleef het en die stam dus op daardie tydstip ontstaan het. Die Barôlông beweer egter dat die Bathlaping van die Barôlông weg=gebreek het gedurende die regeertyd van Tau, wat tussen 1720 en 1760 oorlede is.[94] Die Barôlông-weergawe laat dus 'n gaping van minstens honderd jaar tussen Phuduhutswana en Tau. Dié tydver=skil tussen die Batlhaping- en Barôlông-weergawes kan beïnvloed word deur die feit dat daar verskeie regente uit dieselfde ge=nerasie kan wees, maar tog kom dit voor asof Breutz nader aan die waarheid is as hy Mamae en Tau in dieselfde generasie plaas en Phuduhutswana en Setlhare (elfde Barôlôngstamhoof) in die=selfde generasie plaas.[95] Dus moes die wegsplintering van die Batlhaping gedurende die eerste helfte van die sestiende eeu plaasgevind het.

Wat wel die verwarring in bovermelde verband kan veroorsaak, is die feit dat die Batlhaping in 1801, tydens die besoek van Tru=ter en Somerville, blykbaar ôf 'n vasal van die Barôlông was ôf by die Barôlông gaan skuiling soek het teen die stropers van Bloem.[96] In 1802 is die stamme egter weer uiteen.[97] Stow ver=

---

93. Breutz, P-L. *The Tribes of the Districts of Taung and Her=bert.* Gvt. Printer. Pretoria. 1968, p.102. Language, F.J. *Op. cit.*, (1942), p.131.

94. Vgl. Breutz, *op. cit.*, (1968), p.31. Brown, J.T. *Among the Bantu Nomads.* (Herdr. Negro Univ. Press. New York. 1969, p.216.) Breutz beweer dat Tau tussen 1720 en 1740 dood is in 'n geveg met die Tlhaping, (*op. cit.*, 1955, p.101), terwyl Brown die jaartal 1760 i.d.v. verstrek (*op. cit.*, p.217).

95. *Op. cit.*, (1968), p.42 (diagram).

96. Vgl. Barrow, *op. cit.*, p.403.

97. Lichtenstein, *op. cit.*, p.493.

wys ook na 'n tydperk van Barôlông-oorheersing, maar dit moes ongeveer 'n honderd jaar vóór die besoek van Truter en Somer=ville gewees het.[98] Andersyds lig Campbell in dat die Ratlou-seksie van die Barôlông onder Mokalaka "... were formerly united with Mateebe's (lees Mothibi's) people (Batlhaping), and were subject to Mallayabang (Molehabangwe), his father; but Malla=yabang having had a criminal intercourse with the wife of Mo=krakka's son, and the one thinking that the witchcraft of the other be stronger than his ... a separation took place and a species of war was carried on for some time"[99]. Hierdie saam=woon van die Barôlông en Batlhaping het egter plaasgevind lank na die wegbreking/ontstaan van die Batlhaping.

Maingard meen dat die Batlhaping 'n mengproduk is van vroeë Tswana en Koranna waarin die Tswanakultuurtrekke behoue gebly het.[100] Die vermenging sou dan plaasgevind het te Nokana, 'n punt tussen Griekwastad, die Oranjerivier en huidige Kuruman. 'n Belangrike deel van sy argumentasie rus op die feit dat die Batlhaping na die Koranna verwys as *Ba*kgoto (enkelv. *Mo*kgoto) terwyl die *le* - *ma*-prefikse deurgaans aangewend word in die ge=val van ander (nie-Tswana) groepe. Vir die Batlhaping is die Koranna dus "mens-mense" en die ander is "ding-mense". Hierdie argument is gewigtig maar nie afdoende nie. Dat daar wel ver=menging plaasgevind het tussen Batlhaping en Koranna, word aan=vaar,[101] maar dan vermenging tussen die Batlhaping en Koranna nadat die Batlhaping reeds weggebreek het van die Barôlông en

---

98. *Op. cit.*, p.437-438.

99. *Op. cit.*, p.189-190. Vgl. ook Stow, *op. cit.*, p.501.

100. *Op. cit.*, p.601.

101. Vgl. Brown, *op. cit.*, p.206.

aan die Nokana[102] gaan woon het en daar heelwat Korannabloed opgeneem het. Die prefiksargument is ook in die lig van dié saamwoon verklaarbaar.

Dus word aanvaar dat Phuduhutswana die grondlegger van die Ba=tlhaping is. Hy sou ná die wegsplintering sy volgelinge gelei het na die samevloeiing van die Vaal- en Hartzrivier en sy woon=plek, Dikgathlong, daar ingerig het. Hier sou die Phuduhutswana vermeng geraak het met Boesmans en Korannas.[103] Hier sou ook verskeie hoofde regeer het en die groep tydens 'n groot droogte langs die Vaalrivier rondgeswerf en van vis aan die lewe gebly het. Vandaar die Barôlông se verwysing na hulle as *"Bathla=ping"*, d.w.s. "Mense van/by die vis (-plek)".

Dit word verder verhaal dat die Batlhaping in die tyd van VII Mashwe (1720), en na 'n tydperk van skuiling in die Langeberge, aangeval is deur en 'n oorwinning behaal het oor die Barôlông. Tau, die Barôlôngstamhoof, het 'n vermoede gehad dat 'n verwant van hom, Maĭdi, die Phuduhutswana/Batlhaping gaan inlig het oor die beoogde aanval waarop Maĭdi, uit vrees vir Tau se wraak, met sy volgelinge weggebreek het van die Barôlông en hom gaan voeg het by die Phuduhutswana te Dikgatlhong. Vanaf daardie stadium verwys die Barôlông ook na die Maĭdi-seksie as Batlhaping. Hierdie afsplintering moes plaasgevind het kort voor die verde=ling van die Barôlông in die Ratlou, Seleka en Rapulana-seksies.

---

102. Breutz (1968, p.37) verwys na Nokaneng "in the centre of the Langeberg Range, not very far from the Orange river". Hierdie verwysing is stellig dieselfde as Nokana, want die versmelting van die *a* van Nokana en die *i* van die lokatie=we suffiks *-ing*, gee Nokaneng. Blykbaar bestaan daar eg=ter meer as een Nokaneng. (Vgl. Stow, *op. cit.*, p.461 en Moffat, *op. cit.*, p.342.)

103. Language, *op. cit.*, (1942), p.120.

Ten spyte van 'n langdurige twis tussen die Phuduhutswana en Maïdi oor die posisie van die Maïdi (onderdane van die Phuduhu=tswana of onafhanklik daarvan) het die Maïdi die Phuduhutswana gevolg in hulle trek vanaf Dikgatlhong na Nokaneng en Dithakong waar hulle deur die verskillende reisigers aangetref is.

VIII Molehabangwe is opgevolg deur IX Mothibi. Tydens die re=geertyd van Mothibi is aanvalle gemaak op verskeie ander stamme en is die aanval van die "Mantatees" - in werklikheid Sebetswane se Bafokeng, Tswane se Maphuting en die Bahlakwana van Nkaraha=nye en nie die Batlokwa van Ma Nthatisi nie,[104a] waaroor Moffat verslag doen,[104b] afgeslaan. Gedurende dieselfde tyd sou ver=skillende wegsplinterings plaasgevind het.[105] Mothibi self het met 'n klein gevolg ook die stam verlaat en hom by die sameloop van die Vaal- en Groot Rietrivier gaan vestig, terwyl sy half=broer, Mahura, as regent vir die jeugdige Mankuruane, die hoof=groep gelei het. Mahura het die hoofgroep vanaf Kuruman, waar hulle tydelik gewoon het, teruggelei na Dikgatlhong, maar 'n stamdeel onder Marenyane, suster van Mahura, het te Kuruman ag=terbly. Na 'n tydelike verblyf te Mamusa, het Mahura die stam terug laat beweeg na Taung waar die stam vandag nog bly. On=dertussen het Lephoi, 'n oom van Mothibi, van laasgenoemde weg=gebreek en hom in die O.V.S. gaan vestig. Ook Gasebonwe het sy vader (Mothibi) verlaat en met 'n aantal volgelinge te Bodigelo

---

104a. M. How (An Alibi for Mantatisi. *African Studies*. 13, 2 (1954), p.65 *et seq.*) is oortuigend ten opsigte van die feit dat Ma Nthatisi nie noord van die Vaalrivier geplun=der het nie.

104b. Moffat, R. *Missionary Labours and Scenes in South Africa*. London. 1842, p.355 *et seq.*

105. Language, *op. cit.*, p.126. Breutz, *op. cit.*, (1968), p.38. Brown, *op. cit.*, p.209.

gevestig[106] of alternatiewelik, was Jantjie, 'n seun uit die tweede huis van Mothibi, nie bereid om die gesag van Gasebonwe na Mothibi se dood te aanvaar nie en het weggebreek na Phokwa= ne, terwyl die Gasebonwe-seksie teruggekeer het na Dikga= tlhong.[107]

Benewens die Maïdi was die Batlhaping in die laaste helfte van die vorige eeu dus reeds verdeel in 'n aantal stamme. Hierdie verdeeldheid is voortgesit deur verskeie ander gebeure wat plaasgevind het na die kontak met Blankes uit die suide. Eers= tens het die plundering van Blanke plase in die Vrystaat deur Batlhaping gelei tot die dood van Gasebonwe en talle ander Ba= tlhaping.[108] Tweedens het die rebellie van 1878-79 in Griekwa= land-wes teen die Kaapse bewind verdere verstrooiing veroorsaak. Derdens was daar die Koranna-oorlog (1881-1882) waarin Massouw en Botlhasitse Gasebonwe 'n oorwinning oor Mankuruane behaal het en waardeur laasgenoemde 'n groot deel van sy grond moes afstaan waarop die Stellalandse Republiek tot stand kom.[109] Vierdens het die Langeberg-rebellie van 1896, wat ontstaan het as gevolg van die runderpes en Blanke owerheidsoptrede ter be= kamping daarvan, die Batlhaping weer eens verder uiteen laat gaan en is minstens twee stamhoofskappe nek omgedraai - dié van Galesiwe, kleinseun van Gasebonwe en dié van Luka, seun van Jantjie. Gevolglik kan Breutz se kommentaar ten opsigte van

---

106. *Ibid.*, p.210.

107. Die bronne stem hier nie ooreen nie. (Vgl. Brown, *op. cit.*, p.210, Language, *op. cit.*, p.127 en Stow, *op. cit.*, p.487.)

108. Language, *op. cit.*, p.127.

109. Brown, *op. cit.*, p.213. Breutz, *op. cit.*, (1968), p.18. Language, *op. cit.*, p.128.

die Batlhaping onderstreep word, naamlik: "The tribe became scattered, and the clan system was broken up and lost its impor= tance for the tribal government."[110]

Alhoewel die begrip "stam" dus moeilik op alle groeperings van die Batlhaping van toepassing gemaak kan word, word die volgen= de "stamme" wel onderskei.

(a) *Batlhaping ba ga Phuduhutswana* (17) onder Phetlhu met gesag oor hoofmanne te Bothetheletsa, Vlakfontein, Logobate, Konong, Thamoage en Smouswane asook 'n aantal trustplase in die Tlha= ping-Tlharo-distrik. Verskeie subgroepe soos ba ga Moduana, -Molehe, -Phuduhudu asook Batsweng en gemengde Batlhaping en Batlharo kom hier voor.[111]

(b) *Batlhaping ba ga Mothibi* (18) onder stamhoof George Kgame Mothibi te Mamutla met gesag oor hoofmanne te Mamutla, Shaleng, Driefontein, Majeakgoro, Seoding en Sekging. Verskeie van hier= die hoofmanskappe was voorheen as onafhanklik beskou maar is in die jongste verlede weer ingeskakel onder die stamhoof.[112]

(c) *Batlhaping ba ga Phuduhutswana* (19) onder Kaptein Jantjie Molema te Manyeding. Dié stamhoof is voorheen beskou en behan= del as 'n hoofman van Kaptein Phetlhu.

(d) *Batlhaping ba ga Phuduhutswana* (20) onder stamhoof Mankur= wane te Taung. Sewe Phuduhutswana-hoofmanne in die Taung-di=

---

110. *Op. cit.*, (1968), p.41.

111. Vgl. Breutz, P-L. *The tribes of the districts of Kuruman and Postmasburg*. Government Printer, Pretoria. 1963, p.188 *et seq*.

112. Inligting verkry van die Departement van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling.

strik sowel as die volgende groepe is aan die stamhoof onderge=skik:

i) Gemengde Batlhaping te Tlhapeng;
ii) Batlhaping en Batshweng te Vaaltynslokasie;
iii) Batlhaping ba ga Marumo te Thamasikwa;
iv) Batlhaping ba ga Phuduhutswana te Mokgareng I.[113]

(e) *Batlhaping ba ga Phuduhutswana* (21) onder 'n onafhanklike hoofman te Thakwaneng wat 'n nasaat is van Mahura. Hierdie groep kan as afsonderlike stam beskou word.[114]

(f) *Batlhaping ba ga Phuduhutswana* (22) te Klein Chwaing. Breutz skryf in 1959 ten opsigte van hierdie groep: "... al=though this is an independent tribe, the headman has no juris=diction"[115].

(g) *Batlhaping ba ga Molehe/Phuduhudu* (23) onder stamhoof Sehu=nelo te Schmidtsdrift, Herbert. Die hoofmanne van die onder=staande groeperings is ondergeskik aan die stamhoof:

i) Batlhaping ba ga Molehe te Baviaanskranz;
ii) Batlhaping ba ga Maidi, -Molehe, -Phuduhutswana, -boo Maru=mo en -boo Moduana te Boomplaats;
iii) Batlhaping (gemeng) te Schmidtsdrift; en
iv) Batlhaping (gemeng), Batlharo, Barôlông en Bakgatla te Plaatsdrift.[116]

---

113. Breutz, *op. cit.*, (1968), p.99 *et seq.*

114. Breutz, P-L. *The tribes of Vryburg District*. Government Printer. Pretoria. 1959, p.150 *et seq.*

115. *Ibid.*, p.155.

116. Die groepe is sedertdien verskuif na die Kuruman-omgewing, dit wil sê Tlhaping-Tlharo-distrik.

(h) *Batlhaping ba ga Molehe/ba Phuduhudu* (24) te Dithakong in Mothitong I onder stamhoof Gaseemelwe.[117]

(i) *Batlhaping ba ga Maîdi* (25) onder kaptein Walter Motlhabani te Manthe, Taung.[118]

(j) Laastens sou die *Batlhaping boo Marumo* (26) onder hoofman Pakwe te Bothitong moontlik as stam kon kwalifiseer. Presies hoe dië groep inskakel by die Batlhaping-tabel is nie duidelik nie, behalwe dat dit stam uit die huis van Marumo, seun van Tau.

Dit blyk dus dat 'n minimum van tien Tlhapingstamme plus 'n aantal gemeenskappe van gemengde aard uit die oorspronklike twee Tlhapingstamme voortgekom het.

Ter illustrasie en samevatting van die Batlhaping-verdeling word tabel 2 aangebied waarin die oorsprong van die belangrikste sametrekkings aangedui word. Omdat die bronne dikwels weersprekend is, is die tabel eerder bedoel as 'n rowwe aanduiding as wat dit wil aanspraak maak op 'n presiese weergawe van die werklike verloop wat alleen deur verdere intensiewe navorsing gekorrigeer sal kan word.

## 2.3 Die Bakwêna-Bahurutshe


Nä die uiteengaan van die Barôlông en Bakwêna-Bahurutshe, het

---

117. *Ibid.*, p.168 *et seq.* Hierdie stam bewoon die ou tuiste van die Batlhaping, dit wil sê waar hulle saamgetrek was tydens die eerste ontmoeting met Blankes.

118. Vir besonderhede vgl. Breutz, *op. cit.*, (1968), p.173 *et seq.* Skynbaar is sekere gebiede waaroor stamhoof Motlhabani voorheen gesag uitgeoefen het, sedertdien ingedeel onder stamhoof Mothibi.

Tabel 2: Fissie by die Batlhaping.




* Omdat die bronne dikwels weersprekend is, kan die senioriteitsorde hierbo aangedui nie as bewese aanvaar word nie.

laasgenoemde groep in ± 1350 in die omgewing van die huidige Brits, te Mabyanamatshwaana (Swartkoppies), gevestig waar dit ongeveer 150 jaar gewoon het voordat die eerste afsplintering plaasgevind het. So talryk was die stamme wat later uit hier= die eenheid ontstaan het dat eerstens slegs aandag gegee word aan die hoofverdeling.

Coertze skryf dat die Bakwêna-Bahurutshe tussen 1140 en 1470 deur Phofu, Kwêna, Modiyi, Ntsie Phokotsia, Masilo, Kwêna Mma= kapane, Mogale, Mfete, Melore en Masilo II regeer is. Vóór Mo= gale was die groep elders woonagtig en ná Mogale in die Brits-omgewing.[120] Masilo II is opgevolg deur Malope. Oor wie die kinders van Malope was, bestaan daar egter nie eenstemmigheid nie: Coertze meen Lehurutshe en Kwêna;[121] Mapena, in navol= ging van Molema, stel dit dat Malope en Kwêna tot dieselfde ge= nerasie behoort het,[122] terwyl Stow daarop wys dat daar gepraat word van "Bahurutsi a Malope", maar van "Bakwêna a Masilo"[123] wat daarop dui dat Kwêna die seun van Masilo was (en dus nie van Malope nie) en dat Kwêna en Malope dus broers kon wees. Coertze volg skynbaar die Bakwêna ba Mogôpa-weergawe van hierdie eerste stamhoofde soos opgeteken deur Schapera, naamlik dat Mohurutshe 'n dogter van die hoofhuis van Malope was; dat Kwêna die seun van die tweede huis van Malope was; dat Kwêna se seuns Mmutle en Ngwaketse was en dat Mmutle die seuns Kwêna en Ngwato gehad

---

120. Coertze, R.D. *Op. cit.*, p.22-23.

121. *Ibid.*, p.22.

122. Mapena, I.O.H.M. The Witzieshoek Native Reserve: Descrip= tion of the Administration. M.A.-verhandeling. Univ. van S.A. 1970, p.37.

123. *Op. cit.*, p.518; 559.

het.[124] Hier moet egter in gedagte gehou word dat Schapera self nie seker is van hierdie genealogie nie, want hy skryf:

"Banna-bagolo ba bangwe ... ba re, Malope a tsala Mohurutshe, le Kwene, le Ngwato le Ngwaketse. Ba bangwe ba ba ganetsa, ba re Kwene e ne e le monna Malope, yo o tsetseng Mohurutshe, le Ngwato le Ngwaketse."[125] In 'n latere werk merk hy dan ook op "... (Malope) is said to have been the father or near ancestor of Mohurutshe, Kwêna, Ngwato and Ngwaketse."[126] In die lig van hierdie onsekerheid is die menings van Breutz en Schapera egter gangbaar en word die volgende orde gestel:[127]

Masilo II

Malope

Mohurutshe — Kwêna — Ngwato — Ngwaketse

Mohurutshe en Kwêna is vir ons van belang.

2.3.1 Die Bahurutshe

Breutz aanvaar dat Mohurutshe en volgelinge die stam (Kwêna-Hurutshe) verlaat het, omdat 'n groot deel van die stam nie haar

---

124. Schapera, I. (Ed.). *Ditirafalô tsa Merafe ya Batswana.* Lovedale. 1954, p.34.

125. *Loc. cit.* "Sommige ou manne sê Malope het Mohurutse, Kwene, Ngwato en Ngwaketse verwek. Andere stry, hulle sê Kwene was die seun van Malope wat Mohurutshe, Ngwato en Ngwaketse verwek het."

126. *Op. cit.*, (1952), p.8.

127. Breutz, P-L. *The Tribes of Marico Districts.* Government Printer. Pretoria. 1953, p.57. Schapera, *op. cit.*, (1954), p.34. Vgl. ook Molema, S.M. *The Bantu, Past and Present.* Edinburgh. 1920, p.49-50.

gesag wou aanvaar nie en hulle geskaar het agter Kwêna uit die tweede huis.[128] Mohurutshe sou hierna na Ootse (in Botswana) en later (waarskynlik gedurende die tweede helfte van die vyf= tiende eeu) na Modimong (by Taung) beweeg het. Sy is vermoede= lik te Modimong opgevolg deur haar seun Motebele wat die stam gelei het na Sedutlana (Kromspruit 19 JP),[129] of 'n punt naby Pella aan die Tholoanerivier.[130] Hier moes die verdeling van die stam onder Motebele en sy broer, Motebjane, as gevolg van onmin oor 'n bobbejaan plaasgevind het. Motebjane sou hierna verhuis het na Tseonyana waar hy deur Motebele aangeval is. Volgens die informante van Jensen en Breutz sou Motebele die onderspit in die geveg gedelf het; waarop sy volgelinge, na om= swerwinge elders, gevestig geraak het te Blouberg in Noord-Transvaal en bekend geword het as die Gananwa.[131] Vanaf daar= die tydstip sou die oorwinnaars (Motebjane-seksie) die bobbe= jaan (tshwene) as totem aanvaar het in die plek van die eland (phofu).[132]

Na hierdie eerste splitsing volg daar 'n periode van ongeveer 250 jaar waaroor weinig bekend is. Dit word verhaal dat die stam gedurende dié tydperk te Tshwenyane en Kaditshwene (onder= skeidelik te Mezeg 77 JP en Bloemfontein 63 JP, Marico), gewoon

---

128. *Op. cit.*, (1953), p.25. Schapera, *op. cit.*, (1954), p.34.

129. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.25.

130. Jensen, F.H.W. Note on the Hurutshe. *African Studies*. December, 1947, p.177.

131. Jensen, *op. cit.*, p.177. Vgl. ook Roberts, N. The Baga= nanoa or Maleboch. *South African Journ. Sci.* 1916, voet= noot op p.242.

132. Jensen, *op. cit.*, p.177. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.19.

het onder die nakomelinge van Motebjane.[133] Ongeveer in 1660 het die stam egter weer verdeel onder Manyane en Menwe, seuns van Pule.[134] Die Manyane-seksie sou hierna getrek het na Borut= we (Rondavelskraal 290 JP, Marico), waar dit weer eens verdeel het onder Manyane se seuns, Seofele en Nong. Nong se navolgers het bekend geword as die Bahurutshe boo Mokhibidu en het geves= tig geraak in die huidige Kwêna-reservaat in die huidige Botswa= na. Die Seofele-volgelinge het blykbaar te Borutwe bly woon onder verskillende hoofde tot in die sestigerjare van die vori= ge eeu toe hulle onder Mangope getrek het na Dimawe in die hui= dige Botswana. Hiervandaan is 'n deel van die stam in 1881-1882 teruggelei na Transvaal (Marico-omgewing) deur Sebogodi nadat onmin tussen hom en sy twee halfbroers, Kontle en Suping, ont= staan het. Kontle het as hoof van die Bahurutshe te Kanye, Botswana, gevestig geraak terwyl Suping ook na Transvaal (Mari= co-omgewing) teruggekeer het met 'n aantal volgelinge. Hulle senior halfbroer, Phofu, is tussen 1829 en 1832 deur die Mate= bele van Mzilikazi om die lewe gebring.

Die nasate van Manyane het dus volgens die beskikbare inligting in vier stamme verdeel geraak waarvan twee in die Marico-omge= wing gevestig geraak het, naamlik die *Bahurutshe boo Manyane* (27) te Motswedi,[135] Lehurutshe, en die *Bahurutshe ba ga Suping* (28) te Vinkrivier, Lehurutshe. (Vgl. tabel 3.)

---

133. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.93.

134. Jensen, *op. cit.*, p.177. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.9.

135. By hulle terugkoms was die gronde reeds beset en het die stam woonplek van Gopane verkry as gevolg waarvan die on= derdanigheid aldan nie van die stam aan die Bahurutshe van Gopane tot vandag 'n twispunt tussen die twee stamme is.

Die stamdeel onder Menwe, seun van Pule en halfbroer van Man=yane, het eweneens in verskillende stamme verdeel geraak. Hul=le het skynbaar die oorspronklike woongebied verlaat ná 'n aan=val van die Bafokeng van Sebetwane in die winter van 1823[136a] en 'n nuwe woonplek aangelê in die omgewing van Mosega (Zende=lingspos 300 JP, Marico) waar die stam tot in ongeveer 1830 gewoon het[136b] en 'n besonder groot gebied beheer het voordat die Matebele hulle onderwerp het.[137] Verskillende stamhoofde het ná Menwe te Kaditshwene en Tshwenyane regeer. Van hulle sowel as die gebeure waardeur die stam gegaan het tot en met die aanval deur die Bafokeng van Sebetwane, is min bekend. Dit blyk egter dat Menwe opgevolg is deur Thekisô en dat die eerste af=splintering plaasgevind het na die troonbestyging van Moilwa I se seun Dibetswe in ± 1770-1780. Dibetswe was onpopulêr en het na bewering met 'n aantal volgelinge gevlug uit die stamgebied en uiteindelik te Thabaneng in die huidige Lesotho gevestig ge=raak.[138] Hierop het Sebogodi I hoof van die agterblywendes ge=word. As gevolg van druk deur die intrekkende Matebele verlaat die stam dan die Marico-omgewing en beweeg na Modimong (naby Taung)[139] onder Mokgatlha wat ná Diutlwileng as regent optree vir die huis van Menwe II.[140]

Te Modimong verdeel die stam weer en wel tussen Mokgatlha en die tweede seun van Sebogodi I, Motladiile. Die Mokgatlha-sek=

---

136a. How, *op. cit.*, p.70.

136b. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.91; 96.

137. *Ibid.*, p.94.

138. Transvaal Native Affairs Dept., *op. cit.*, p.12.

139. *Loc. cit.* Breutz, *op. cit.*, (1953), p.96. Jensen, *op. cit.*, p.178.

140. Breutz, *op. cit.*,

sie trek hiervandaan na Kolosi (Bokkraal, Ventersdorp). Te Ko=losi sou daar twis ontstaan het tussen die troonopvolger, Lent=swe (verwek deur Mokgatlha vir die huis van Menwe) en sy *rrang=wane*, Moilwa II. Lentswe het die gebied waar die stam toe ge=woon het, verlaat en by die Barôlông gaan woon waar hy in 1852 gesneuwel het in 'n geveg met Blanke boere wat geroofde vee wou terughaal.[141] Moilwa II en sy volgelinge het ondertussen Kolosi verlaat en teruggetrek na die Marico-omgewing waar hy hom in 1850 vestig en wel aan die voet van die heuwel Pôwê.[142] Hier is Moilwa II opgevolg en het die *Bahurutshe ba ga Moilwa* (29) in getal toegeneem. Ook het twee hoofmanskappe buite die stam=gebied, naamlik te Leeufontein en Braklaagte, ontwikkel.

Dit kom voor asof die volgelinge van Lentswe, dié van sy half=broer wat ook deur Mokgatlha verwek is, Gopane, en dié van Diutlwileng wat te Modimong agter gebly het, mettertyd almal onder die gesag van Moilwa te Dinokana ingetrek het.[143] Die klaarblyklike rede hiervoor was die gebrek aan alternatiewe woongebied nadat die Blankes die land in besit geneem het. Aan Moilwa het die Blanke bewind 'n relatief groot gebied afgestaan en hierin het Moilwa woonplek aan verskeie ander Bahurutshe-stamdele wat kom *dumedisa* het, toegewys. Dit was dan ook Moilwa se wens dat hy na sy dood deur Gopane opgevolg sal word as hoof van die "herenigde" stam. Gopane het wel opgevolg met Moilwa se afsterwe in 1875, maar ontevredenheid onder die Moilwa-ver=wante het daartoe gelei dat die destydse Britse administrasie

---

141. *Ibid.*, p.97. Jensen, *op. cit.*, p.178. Molema, *op. cit.*, (1966), p.47.

142. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.97. Jensen, *op. cit.*, p.178.

143. Jensen, *op. cit.*, p.178.

van Transvaal vir Sebogodi II tot stamhoof verklaar het in on=
geveer 1880.[144] As gevolg hiervan het die Gopane- en Lentswe-
seksies onder Gopane weggebreek, te Maanwane gaan woon en die
noordelike gedeelte van die Moilwareservaat ontvang. Dié twee
seksies het egter in ± 1921 weer verdeel toe die Lentswe-seksie
nie bereid was om Jaïrus Gopane as stamhoof te aanvaar nie.
Hulle het Maanwane verlaat en hulle as onafhanklike stam te
Witkleigat, 'n plaas wat deur hulle aangekoop is, gaan vestig
onder Mpolankang.[145]

Sõ ontstaan dan ook die *Bahurutshe ba ga Gopane* (30) en *Bahurut=
she ba ga Lentswe* (31) as onafhanklike stamme binne die huidige
Lehurutshe.

Met die verhuising van die ander Hurutshe-splinters na Moilwa
te Dinokana soos hierbo gestel, het die Mokgatlha-groep blyk=
baar te Kolosi bly woon maar later onder Mookeetsi verder suid=
waarts beweeg na Malejane, dog nog binne die huidige Venters=
dorp-distrik.[146] Hiervandaan het die stam rondgeswerf en tyde=
lik gewoon te Bosabane (Swartruggens-heuwels), aan die Tholoane
naby Silverkrans en Roodewal 374 JP in dieselfde omgewing.
Reeds voordat die stam in 1874 die plaas Koffiekraal 69 JP,
Rustenburg-distrik (huidige Madikwe) aangekoop het, het talle
stamlede op Blanke plase gevestig geraak. Kort na 1874 is Moo=
keetse te Koffiekraal oorlede in die rype ouderdom van ongeveer
'n honderd jaar.[147] Twee regimente is deur die stam gestuur om

144. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.126.

145. *Ibid.*, p.145.

146. Breutz, P-L. *The Tribes of Rustenburg and Pilanesberg Districts.* Govt. Printer. Pretoria. 1952, p.233.

147. *Loc. cit.*

die Blanke bewind behulpsaam te wees in die Sekhukhune-oorlog van 1879. Die stam staan bekend as die *Bahurutshe boo Mokga=tla* (32).

Die hele stam het egter nie in 1874 op Koffiekraal gevestig ge=raak nie. Na 'n tydelike verblyf elders, het 'n gedeelte van die stam gevestig geraak op die plaas Koppieskraal 73 JP, Mari=co, onder leiding van die seuns van Maoto uit die tweede huis van Mookeetsi. (Vgl. tabel 3.) Die suidelike deel van dië plaas is in 1912 deur die groep aangekoop. In 1941 het die groep erkenning as onafhanklike hoofmanskap gekry.[148] Dit is egter nie duidelik of hierdie groep reeds as 'n stam beskou kan word nie.

Volgens getuienis ter hand tel die nasate van Mohurutshe dus ses stamme en verskeie onafhanklike hoofmanskappe in Bophutha=tswana. En daar bestaan getuienis dat indien die Blanke gesag nie 'n rem op die fissietendens geplaas het nie, verskeie van die hoofmanskappe vandag ook stamme sou gewees het.[149] Die to=taal word egter nog groter indien die aanspraak van Batlharo=stamme wat hieronder bespreek word, reg is, naamlik dat ook hul=le uit die Bahurutshe stam.[150]

Ter samevatting die volgende tabel (3) ter aanduiding van die fissieproses by die Hurutshe.


---

148. Breutz, *op. cit.*, (1953), p.195-202.

149. 'n Baie resente poging is aangewend deur Borakalalo by Motswedi (Hurutshe boo Manyane).

150. Vgl. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.9. Stow, *op. cit.*, p.529.

Tabel 3: Fissie by die Bahurutshe en Batlharo.



### 2.3.2 Bahurutshe-wegsplinterings

#### 2.3.2.1 Die Batlharo

Soos ander stamkomplekse, is die Batlharo volgens eie erkenning 'n afsplintering van die Bahurutshe.[151] Soos in tabel 3 aange=toon, sou Mohurutshe II 'n seun gehad het, Motlhware, wat dan deur die Tlharo as voorsaat beskou word. Die oorspronklike naam van die Batlharo sou dan ook Ba ga Motlhware gewees het, dit wil sê die mense van Motlhware. Hierdie historiese figuur sou vol=gens Breutz tussen 1580 en 1610 gebore gewees het.[152]

Die rede vir die wegsplintering is nie duidelik nie. In die verhale wat oor die gebeurtenis vertel word, is daar egter een kruispunt, naamlik dat 'n leeftydsgroep of regiment (*mophato*) en die korresponderende *bojale* weggebreek het om straf te ont=duik.[153] Hulle sou dan Lehurutshe verlaat en langs die Molopo=rivier weswaarts getrek het tot by die samevloeiing van die Ku=ruman-, Mosawing- en Moloporivier. As verblyfplekke word aan=gegee Tsôwe (wes van Morokweng), Gatlhose, Majeng (Langberg), Khuis en Daniëlskuil.[154] Oor die eerste stamhoofde en die orde waarin hulle regeer het, is daar geen duidelikheid nie.

Soos uit tabel 3 afgelees kan word, het die een stam met ver=loop van tyd verdeel in minstens drie stamme. "Minstens" omdat daar 'n verdere vier hoofmanskappe (te Dinopeng, Gamorona, Holmby en Kooroon), bestaan wat reeds 'n hoë graad van outonomie

---

151. *Loc. cit.* Stow, *op. cit.*, p.524. Brown, *op. cit.*, p.233.

152. *Kuruman and Postmasburg*. 1953, p.92.

153. Brown, *op. cit.*, p.224. Breutz, P-L. *Vryburg*, p.120-121; *Kuruman and Postmasburg*, p.92.

154. *Ibid.*, p.92.

bereik het.[155] Die enigste verskil tussen sommige van hierdie hoofmanskappe en die stamme is amptelike erkenning, maar ter= selfdertyd moet aanvaar word dat hulle sametrekking in die Tlha= ping-Tlharo-distrik onder gesag van stamhoof Tôtô 'n herintegra= sie sal bevorder.

By 'n terugskouing kom dit voor asof Maele as stamhoof van die Batlharo erken word. Of hy 'n seun was van Motlhware is nie se= ker nie, maar besliste skakeling, met of sonder een of meer tus= senfigure, kan veronderstel word. Van Maele se sewe seuns word nog net vier onthou, naamlik Phadima, Khidi, Motlhware en Tho= kwane.[156] Die oudste, Phadima, word onthou as kryger en wreed= aard wat ŏf nooit stamhoof geword het nie - soos Breutz be= weer[157] - ŏf waarskynliker, met 'n aantal volgelinge die stam verlaat het en dus die voorsaat van die Tlharo ba Phadima van die huidige Gamorona geword het. Khidi word dan hoof van die stam en sy nasate word vandag as hebbende die hoogste rang bin= ne die Tlharo beskou.[158] Die name van die direkte opvolgers van Khidi is net so onseker as die eerste aantal stamhoofde. Dit staan egter redelik vas dat die vyfde stamhoof in die Khi= di-linie Mokgothu/Kgothu was en dat hy tussen 1720 en 1730 ge= bore is. Ná hom regeer Matshabelela, Makgolokwe en Tôtô.

In die tyd van Tôtô (gebore ± 1808) was die stam reeds verdeel in drie groepe, naamlik:

---

155. Van Warmelo, *op. cit.*, (1935), p.104 onderskei dan ook vyf "stamme".

156. Breutz, P-L. *Kuruman and Postmasburg*, p.92-93.

157. *Loc. cit.*

158. Jeppe, *op. cit.*, p.18.

(a) Tôtô met die Phadima en Khidi te Majeng;

(b) Bareki met die Lotlhware te Tsôwe (Heuningvley); en

(c) Morwe, junior van Bareki, met gedeeltes van die Lotlhware te Batlharo's. Morwe was egter ondergeskik aan Bareki.[159]

Vanweë Tôtô se betrokkenheid by die Langeberg-rebellie (hy het beskerming verleen aan die Tlhaping-stamhoof, Galeshiwe, en die Blanke mag wat Galeshiwe in hegtenis wou neem, beveg), is hy oorlede op Robbeneiland in 1901. Die troonopvolger, Robonyane en 'n aantal volgelinge het gedurende dié tyd uitgewyk na Epikuro in Suidwes-Afrika, sodat Malobane dan nominale hoof van die *Batlharo ba ga Motlhware* (33) geword het. In 1945 is die nasaat van Tôtô, Robonyane, egter erken as stamhoof.[160]

Die *Batlharo ba ga Lotlhware* (34) van Heuningvley, Tlhaping-Tlharo, onder die huis van Bareki aanvaar 'n betreklike resente oorsprong uit die Batlharo van Kuruman en Khuis. Die stam sou naamlik net na 1800 onder Bareki na Heuningvley uitgewyk het, terwyl sommige Lotlhware-hoofmanne in die Laer-Kuruman reservaat agtergebly het.[161]

Die *Batlharo ba ga Masibi* (ba ga Thokwane) (35) in die Molopo-distrik het teen die einde van 1856 hulle woongebied, ga Motaga, in die omgewing van die Waterboerhoofkwartier in Griekwaland-wes, verlaat en met toestemming van die Barôlông boo Ratshidi in laasgenoemde se gebied te Disaneng kom woon.[162] Die voorsaat van hierdie stam is Thokwane, nasaat van Maele. Twee Tho=

---

159. Breutz, *Kuruman and Postmasburg*, p.96.

160. *Loc. cit.*

161. *Loc. cit.*

162. Breutz, P-L. *Mafeking*, p.243-255.

kwane-hoofmanskappe wat gevestig geraak het te Groenwater en Skeynfontein, Postmasburg, is in 1964 verskuif na Kuruman-distrik.[163]

Die fragmentariese inligting oor die Tlharo is vervat in tabel 3.

2.3.2.2 Die Bakgatla

Binne Bophuthatswana bestaan daar agt Kgatlastamme wat hulle ontstaan terugvoer na 'n gemeenskaplike voorvader, Malekeleke[164] of Mokgatla[165]. Onder hom sou hulle van die Bahurutshe weggebreek het. Verder word verhaal dat Botlotlo, wat in die vierde generasie na Malekeleke geheers het, die vader was van Mogale en Tabane.[166] Tydens die bewind van Mogale sou die stam verdeel het tussen die twee broers en sou die Tabane-seksie die woongebied van die stam, - aangedui as iewers tussen die Magalies- en Waterberge,[167] verlaat het en noordwaarts getrek het.[168] Die Mogale-seksie sou hierop ook die stamgebied verlaat het en na 'n trek deur Sekhukhuneland, in die huidige Nylstroom-distrik tot woon gekom het. Hiervandaan beweeg die Mogale-groep opeen=

---

163. Jeppe, *op. cit.*, p.18.

164. Schapera, I. *A Short History of the Bakgatla ba ga Kgafêla of Bechuanaland Protectorate.* Univ. of Cape Town. 1942, p.2. *Id. Handbook of Tswana Law and Custom.* O.U.P. 1938, p.306.

165. T.N.A.D. *Op. cit.*, p.27. Ellenberger, D.F. *Op. cit.*, p.347.

166. Ellenberger, D.F. *Op. cit.*, p.347. Schapera, *op. cit.*, (1938), p.306.

167. Van Zyl, H.J. *Die Bakgatla van Mosetlha.* Voorwaarts. Johannesburg. 1958, p.23.

168. Schapera, *op. cit.*, (1942), p.2. Van Warmelo, N.J. *The Bakgatla ba ga Mosetlha.* Govt. Printer. 1944, p.4-5.

volgend na Ntwane, Mmu-Mosweu en Ntsane waar die stam verdeel raak tussen Mosetlha, dogter van die hoofhut, en Kgafêla, seun van die tweede hut.[169] Teen die einde van die sewentiende eeu verlaat Kgafêla en sy volgelinge die stamgebied en gaan woon te Tsekane aan die oostekant van die Krokodilrivier waar Kgafêla opgevolg word deur sy *rrangwane*, Tebele. Op daardie stadium bestaan daar dus reeds drie stamme, naamlik dié van Mosetlha, Kgafêla en Tabane.

Dié stam onder Mosetlha het weldra as die *Bakgatla ba ga Mose=tla* (36) bekend geraak met hoofsetel naby 'n heuwel genaamd Ma=lebowe, ongeveer sestien kilometer wes van die huidige Warm=bad.[170] Ná Mosetlha en Mmushi lei Malebe die stam na Khupong (Vaalboschbult) naby die huidige Pienaarsrivier en daar word Mmushi opgevolg deur sy seun Šikwane. Met die intog van Mzili=kazi in Transvaal was die stam onder bewind van Makanye wat as regent opgetree het vir Ntshaupe, seun van Šikwane.

Oor die tydperk van Matebele-beheer is min bekend. Die stam het egter, ná berig ontvang is van 'n naderende *lerole le le=hibidu* ('n rooi (stof-) wolk), die stamgebied verlaat en noord=weswaarts tot oor die Ngotwanerivier gevlug. Hier het die re=gent, Makanye, met 'n aantal volgelinge weggebreek en verder noordwaarts beweeg. Dit is onbekend wat verder van hierdie groep Bakgatla onder Makanye geword het. Ntshaupe het as hoof van die agterblywende stamdeel sy volgelinge teruggelei na Transvaal en het, na 'n tydelike verblyf in die gebied van die Langa-Ndebele, weer die ou woongebied suid van die Waterberg en wat later bekend sou word as Makapanslokasie in die Moretele

---

169. Schapera, *op. cit.*, (1954), p.153.

170. Van Warmelo, *op. cit.*, (1944), p.5. Van Zyl, *op. cit.*, p.27.

distrik, betrek.[171] Ntshaupe is hier opgevolg deur Makapane.

Ondertussen het die *Bakgatla ba ga Kgafêla* (37) onder leiding van Masellane, opvolger van Tebele, ook die woongebied (Tsekane) verlaat en oor die Krokodilrivier tot by die sameloop van die Krokodil- en Pienaarsrivier getrek. Hiervandaan het die stam weer onder Masellane se leiding getrek na die huidige Saulspoort (Moruleng) wat destyds deel van die Batlhakogrondgebied was. Verskeie oorloë is teen die Batlhako gevoer ten einde weer die status van onafhanklike stam te verkry. Hierna volg verskeie intriges binne die regerende huis; volg verskeie hoofde mekaar op (vgl. tabel 4), en word verskeie oorloë gevoer teen die Barokologadi, Bamabodisa (wat oorwin en by die stam geïnkorporeer word), Bafokeng, Bakwêna en andere.[172] Onder Pheto het die stam geweldig gegroei en is die stamgebied uitgebrei om die grootste deel van die gebied tussen die Elands-, Marico- en Krokodilrivier te beslaan. Ná sy dood volg daar egter 'n tydperk van onderlinge stryd binne die regerende linie, word die stam verstrooi as gevolg van 'n inval van die *Malegogwana* (Bafokeng van Sebetwane) en vind daar 'n uitmoording van 'n aantal stamlede deur die Bakwêna van Moruakgomo, by wie hulle skuiling gaan soek het, plaas.[173] Onder Pilane het die uiteengejaagde Bakgatla egter weer vanuit verskillende oorde te Pilanesberg versamel. Hier het Mzilikazi hulle aangetref, onderwerp en belastingpligtig gemaak. Na die mislukte roofpoging van Barend Barends se Griekwas in 1831, het Mzilikazi die Bakgatla se vee

---

171. Vir verdere historiese besonderhede, vgl. van Warmelo, *op. cit.*, (1944), p.5-11 en van Zyl, *op. cit.*, p.28-33.

172. Schapera, *op. cit.*, (1942), p.3-4.

173. *Ibid.*, p.7.

afgeneem en hulle statte geplunder.[174] Pilane self het gevlug en in die Zoutpansberge skuiling gaan soek. Eers na die ver=drywing van Mzilikazi het hy na die stamgebied teruggekeer en sy stat te Rhenosterfontein 86 JQ, aan die Elandsrivier aange=lê. Hy is opgevolg deur Kgamanyane, oftewel "Gamajan".

In 1861 lei Kgamanyane die stam na Moruleng (Saulspoort) waar sy halfbroer, Letsêbê, en 'n groot aantal volgelinge hom ver=laat en hulle gaan vestig by die Bakwêna van Sechele. Ook het spanninge tussen Kgamanyane en die militêre struktuur van die Blanke bdwind van Transvaal ontstaan as gevolg waarvan hy in April 1870 'n pak slae van veldkornet Hercules Malan gekry het.[175] Direk hierna het Kgamanyane en die meeste van sy stam=

---

174. Becker (*Path of Blood.* Cox and Wyman. London. 1962, p.142) stel dit dat Pilane die invalsplan aan Barends voorgestel het ten einde van Mzilikazi se beheersing verlos te word. Vgl. ook Schapera, *op. cit.*, (1942), p.8 en Kirby, *op. cit.*, p.382.

175. Volgens Schapera (1942, p.10) en Breutz (*Rustenburg and Pilanesberg*, p.260) het Kgamanyane in 1869 getrek nadat hy slae gekry het by kmdt.-genl. Krüger omdat hy nie genoeg arbeiders aan die Veldkornet gelewer het nie. Volgens ge=tuienis van 'n afvaardiging van Kgamanyane na sendelinge van die N.G. Kerk te Pilanesberg (Z.A.R. SS 128/1330) en getuienis van een van die sendelinge (Z.A.R. SS 139/358) is die slae wel gegee op die plaas van Nicolaas Roetz vroeg in April 1870 en nie in 1869 nie. Tweedens was Krü=ger nie hierby betrokke nie. Ook die rede aangevoer vir die slae, naamlik onwilligheid om genoeg arbeiders te le=wer, trek die waarheid enigsins skeef. 'n Drietal redes word genoem, naamlik:

a. Kgamanyane gee ag op die Landdros en nie aan die mili=têre offisiere, wat toe verantwoordelik was vir die beheer van Bantoe, nie.

b. Kgamanyane sou die stelling gemaak het dat die Kmdt.-genl. 'n leuenaar is; en

c. Kgamanyane was onwillig om arbeiders wat aan Blanke

lede Moruleng verlaat en ook na die Bakwêna van Sechele getrek waar hy sy setel te Motshodi/Mochudi ingerig het. Tshamankane is in bevel van die agterblywende stamlede te Pilanesberg gelaat.

Die opvolger van Kgamanyane, Lentswe, het die Pilanesberg-Kgatla steeds as sy onderdane beskou en die eis aan die Britse regering van die destydse Protektoraat gestel dat sy reservaat uitgebrei moes word om Pilanesberg in te sluit. Dié versoek is afgewys deur die Britse regering, maar 'n kompromis, naamlik dat Lentswe 'n adjunk kon benoem om namens hom die stam te Pilanesberg tot hoof te wees, is aanvaar. Gevolglik word sy broer, Ramôno, in 1903 deur hom na Pilanesberg gestuur.[176] Met verloop van tyd het die gesag van Mochudi oor Saulspoort egter eerder teoreties van aard geword. Die senioriteit van Mochudi sou wel nog erken en belangrike sake daaraan gerapporteer word, maar Saulspoort het prakties onafhanklik geword van Mochudi.

Die Tabane-groep wat van Mogale weggebreek het, het ondertussen ook in 'n verskeidenheid stamme verdeel. Trouens, vir Ellenberger is Tabane ook die voorsaat van, benewens die ander Bakgatlastamme, die Basia, Batlokwa, Maphuthing, Makholokoe en

---

175. (vervolg) ... boere verhuur sou word, aan die Veldkornet te lewer.

Die rede by a. genoem kry gewig in die lig van die feit dat daar op daardie tydstip 'n redelike mate van spanning tussen die burgerlike struktuur en militêre struktuur bestaan het. (Vgl. Z.A.R. SS 139/396.) Die Landdros sou (volgens Krüger) uitgegaan het van die standpunt dat die Bantoe vry is, terwyl die offisiere uitgegaan het van die standpunt dat die Bantoe diensbaar is.

176. Schapera, *op. cit.*, p.20.

Bapedi.[177] Vir ons is die feit van belang dat Tabane se seuns Diale en Matlaisane, onderskeidelik, die stigters word van die Bakgatla ba Mmakau en Bakgatla ba Motsha. Hierdie verdeling het te Marapjana (Schilpadfontein 692 KR, Moretele/Groblersdal) plaasgevind oor 'n opvolgingsdispuut en wel gedurende die laaste helfte van die sewentiende eeu. Diale sou hierna die Marapjana-omgewing verlaat en noordwaarts beweeg het. Na 'n omswerwing stig die groep hulle woonpunt te Marulaskop, Waterberg. Hier is hulle deur Mzilikazi aangetref, verdryf, en hierheen het hul= le later weer teruggekeer. Tydens die bewind van Seamohwe/Sea= moge ("Sjambok") was daar 'n botsing met die Amandebele van Ke= kana as gevolg waarvan die stam tydelik te Hebron woon en later gevestig raak te Sjambok's Oude Kraal (Sjambokslokasie), Odi. Hier het die stam blykbaar weer verdeel en het die een seksie hulle gaan vestig te Bultfontein 174 JR, Moretele. Besonderhe= de oor hierdie splitsing, wat betreklik resent is, kon nie ver= kry word nie. Dit staan egter redelik vas dat Diale 'n voor= saat is van Kau, uit wie se nasate die *Bakgatla ba Mmakau* (38) van Sjambokslokasie en die *Bakgatla ba Mmakau* (39) van Bultfon= tein, voortkom.

Soos verwag kon word, het ook die volgelinge van Matlaisane wat te Marapjana agtergebly het, verdeel geraak; eers tussen sy seuns Motsha en Seabe, terwyl die Motsha-groep drie generasies nã Motsha weer verdeel tussen Maubane en Maloka en ook Maubane se seuns, Moepi en Tseole, elk 'n eie stam vorm. Alhoewel die gebeure wat aanleiding gee tot hierdie splitsings nog nie in besonderhede opgeteken is nie,[178] word aanvaar dat Matlaisane

---

177. *Op. cit.*, p.347.
178. Die verdelingstabel hieronder is, wat die Motsha betref, gegrond op gegewens deur dr. Breutz en skrywer verkry ty= dens 'n besoek aan Marapjana in 1965.

die gemeenskaplike voorsaat is van die *Bakgatla ba Motsha* van Schilpadfontein (40) (Marapjana); *Bakgatla ba Motsha* van Wy=nandskraal (41); *Bakgatla ba Motsha* van Pankoppen (42) en *Ba=kgatla ba Seabe* (43) van De Putten. Dié stamme is vandag almal woonagtig in die distrik Moretele.

Die beskikbare gegewens dui daarop dat Lellateng, voorsaat van die Bapedi, ook 'n wegsplintering van die Bakgatla ba Motsha is en wel gedurende die tyd ná Tabane en vóór Kgobane.[179]

Tabel 4 dui die verdeling by die Bakgatla aan. Dié tabel ver=skil enigsins van dié van D.F. Ellenberger[180] en is, sover dit die nasate van Tabane/Thabana betref, gegrond op gegewens in 1965 verkry van die Motsha van Marapjana. Omdat hulle geen melding maak van Mosia, Khoali, Matsibolo en Khetsi nie, lê dié figure stellig verder terug in die verlede as wat Ellenberger aandui.

2.3.2.3 Die Bataung

Die Bataung wat uit 'n totaal van sewentien stamme bestaan waar=van twee in Bophuthatswana en vyftien in die Suid-Sotho-area voorkom,[181] word deur Stow as Dighoya-wegsplinterings beskou.[182] Die Bataung-genealogieë aangebied deur D.F. Ellenberger en Breutz wys egter nie na skakeling met Dighoya nie. Hierteenoor

---


179. Vgl. T.N.A.D., *op. cit.*, p.29. Bothma, C.V. Pedi Origins. *In:* Dept. of Bantu Adm. and Development. *Ethnological and Linguistic Studies in honour of N.J. van Warmelo.* Govt. Printer. Pretoria. 1969, p.187.

180. *Op. cit.*, p.347.

181. Breutz, P-L. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.162.

182. *Op. cit.*, p.410.

Tabel 4: Fissie by die Bakgatla.



voorsien Ellenberger egter wel 'n knooppunt tussen die Bahurut= she en Bataung in die persoon van Thuloane, 'n nasaat van en vyf generasies nȃ Motebele/Matobele.[183]

Volgens die gegewens verkry van die *Bataung ba ga Selale* (44) van Vrischgewaagd 182 JP, Madikwe, is daar geen verwysing in hulle afstamming na ȍf die Bahurutshe ȍf die Dighoya nie. Hul= le aanvaar 'n herkoms vanuit Taung via Zwartruggens na die ves= tigingsgebied.[184] Die daaraan verwante *Bataung ba Maubane* (45) van Leeukop 140 JP, Mankwe, dui dieselfde breë historiese ver= loop aan, maar hulle het ook tydelik gewoon in die gebied van die Bakwêna ba Modimosana ba Mmatau voordat die huidige woonge= bied in 1902 aangekoop is. Beide stamme verstrek ook dieselfde geslagsregister vanaf Selale tot op die verdelingspunt (vgl. tabel 5). Selale is die eerste stamhoof wat onthou word, ter= wyl Ellenberger se register verwys na Thuloane en nie na Selale nie.

Die ontbrekende skakel tussen die Bataung en Bahurutshe word egter verskaf deur Breutz waar hy skryf: "In the praises of Kgomo, brother of Chief Maboe, we hear of the ancient Chief Thulwana (Thuloane)."[185]

Die verdere besonderhede verstrek deur Ellenberger[186] gee ge= noeg rede om te vermoed dat Selale vȍȍr die suidwaartse migra= sie van die Bataung weggebreek en in Transvaal agtergebly het. Daarom dra Ellenberger se Suid-Sotho-informante geen kennis van


---

183. *Op. cit.*, p.367.
184. Breutz, P-L. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.160 *et seq.*
185. *Ibid.*, p.162.
186. *Op. cit.*, p.367 *et seq.*

Selale nie en verwys Ellenberger ook nie na hom nie.

Gevolglik moet die geslagregister van die twee Bataungstamme min of meer soos volg vertoon:

Tabel 5: Fissie by die Bataung




2.3.2.4 Die Batlokwa

Alhoewel die genealogieë van die Batlokwa nie duidelik aansluit by die Bahurutshe nie, wys twee bronne wel na 'n verbinding. Eerstens meen D.F. Ellenberger dat Khoadi, 'n nasaat van Thabane (voorsaat van die Bakgatla), die grondlegger van die Batlokwa is.[187] Tweedens wys 'n manuskrip opgestel deur 'n Batlokwastamhoof, Sedumedi, en wat deur Breutz gebruik word, ook na skakeling met die Bahurutshe maar op 'n enigsins ander wyse as wat D.F. Ellenberger aandui.[188] In sy bydrae volg V. Ellenberger

---

187. *Ibid.*, p.39, 347, 153. Dit is egter reeds gestel dat Khoadi verder moet teruglê as wat Ellenberger meen.

188. Vgl. Breutz. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.359.

vir D.F. Ellenberger en koppel die Batlokwa via die Bakgatla aan die Bahurutshe. Hy verwys na 'n suidwaartse migrasie vanaf hulle voorvaderlike tuiste in die Magaliesberge na 'n gebied suid-oos van Lesotho tydens die opkoms van Tsjaka.[189] Die gene=alogieë aangebied deur Breutz en D.F. Ellenberger kom slegs op drie vroeë stamhoofde ooreen, sodat geen duidelike skakeling aangetoon kan word nie. Nogtans word skakeling vermoed.

Sedumedi voer aan dat Morare die eerste stamhoof van die Batlo=kwa was; dat hy opgevolg is deur Molefe en dat die stam suid=waarts beweeg het vanaf hulle eerste vestigingsgebied, naamlik Matlapynsberg, Rustenburg. Met hierdie suidwaartse beweging het die stam driekeer verdeel. Eers breek Molefe weg en vorm die Batlokwa ba Molefe van Natal. Tweedens breek Molotodi weg en vorm die Batlokwa ba Mokholong wat die Wakkerstroom-omgewing as woongebied neem. Derdens verdeel die stam onder Motonosi en Tswaane, of 'n voorsaat van laasgenoemde. Die volgelinge van Motonosi word later bekend as die Batlokwa be Mokotleng/Mma-Nthatisi.[190]

Die Tswaane-groep maak skynbaar 'n draai in Natal voordat hulle tydelik gevestig raak in Lesotho waarvandaan hulle volgens V. Ellenberger as gevolg van onmin met Moshoeshoe oor belasting, noordwaarts trek en aan die Mooirivier vestig in die omgewing van die huidige Potchefstroom (Tlokweng). Tswaane sou te Tlo=kweng regeer het. Nã Tswaane volg vyftien generasies tot op

---

189. Ellenberger, V. History of the Batlokwa of Gaborones. *Bantu Studies.* 13, 3 (1939), p.169.

190. *Ibid.*, p.198-199 en Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.358.

die huidige regeerders wat beteken dat Tswaane nie aan die be= gin van die negentiende eeu kon geleef het soos te kenne gegee deur Ellenberger se verwysing na Tsjaka en Moshoeshoe nie maar eerder gedurende die sestiende of begin van die sewentiende eeu soos beweer word deur Breutz.[191]

Onder Tswaane - Breutz meen twee generasies later[192] - vind daar 'n verdere verdeling plaas toe die Matshakga-*mophato* en die kor= responderende *bojale* wegbreek onder 'n *rrangwane* van die stam= hoof en as die Batlokwa ba Mudungwane in die Zoekmekaar-omgewing gevestig raak. Die hoofstam bly vermoedelik in die Potchef= stroom-omgewing tot in 1730-1750 waarna hulle terugkeer na die Rustenburg-omgewing en te Bôte[193] of Mankwe (Zwaarverdiend 234 JP)[194] gaan woon. Hier word Mosima opgevolg deur Tsela en word verskeie oorloë teen die Bafokeng gevoer. Die stam verander ook verskeie kere van woonplek maar verlaat nie die omgewing nie. Te Pilwêheuwel (Zwartkoppies 212 JQ) waarheen die stam teen die einde van die agtiende eeu onder leiding van Taukobong trek, het die stam weer eens verdeel en wel in drie dele onder die linies van die seuns van Taukobong, naamlik Makabe, Molefe en Mosemêla.[195]

Vier jaar na die dood van Matlapeng (1866-72) en terwyl die Ma= kabe-nasate te Tshwene-Tshwene (Marico-omgewing) woonagtig was, verdeel dit in die volgende groepe wat later as stamme erken

---

191. Ellenberger, V. Batlokwa. *In:* Schapera (Ed.), 1954, p.219 *et seq.* Breutz, P-L. *Rustenburg and Pilanesberg,* p.360.

192. *Ibid.,* p.358.

193. Ellenberger, V. by Schapera (1954), p.220.

194. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg,* p.360.

195. Vgl. *ibid.,* p.361-366 en Ellenberger, V. *Op. cit.*

word: Gaborone en sy volgelinge wat na die Bakwêna van Seche=le in die huidige Botswana trek; Sedumedi en sy volgelinge wat te Letlhakeng (Elandsdoorns 144 JP, Madikwe) gevestig raak en bekend word as die *Batlokwa ba ga Sedumedi* (46); Ramonye en sy volgelinge wat ook na Sechele trek en Kgosi en sy volgelinge wat bekend word as die *Batlokwa ba Kgosi* (47) en tot woon kom te Mudungwane (Rietfontein 179 JP) en later versit na Molatedi (Naauwpoort 137 KP, Madikwe).

Terwyl die stam nog as eenheid te Pilwe gewoon het, het Molefe as regent opgetree vir die huis van Makabe. (Vgl. tabel 6.) Gedurende hierdie tyd sou Phiri, 'n jonger broer van Bogatsu, gepoog het om die regent om die lewe te bring. Hierop sou Mo=lefe en sy volgelinge die stamgebied verlaat en te Kolontwane (Grootfontein 225 JP) gaan woon het. Hier is Molefe opgevolg deur Kgaswane en Tlolwe. Gedurende die Matebele-bewind het 'n deel van die stam na Thaba Nchu gevlug maar weer teruggekeer na Kolontwane, wat sedertdien bekend geword het as Tlolweslokasie, Madikwe, woonplek van die *Batlokwa ba ga Bogatsu* (48).[196]

Die *Banogeng* (49) van Rietfontein 54 IP, Lichtenburg, word ook verbind aan die Batlokwa, maar geen duidelike skakeling kan vasgestel word nie. Dié stam het egter reeds grootliks gedis=integreer deurdat dele daarvan by ander stamme ingelyf is en die stam sedert die Matebele-tydperk nie meer 'n gemeenskaplike stamhoof het nie.[197] Dit word ook nie van owerheidsweë as stam erken nie.

---

196. Vgl. Breutz, P-L. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.202 *et seq*. Ellenberger, V. (1939), p.171.

197. Breutz, P-L. *Lichtenburg en Delareyville*, p.119-123.

Tabel 6 probeer 'n rowwe beeld gee van die proses van stamverdeling by die Batlokwa. Die Banogeng kon nie hieraan verbind word nie.


## 2.3.3 Die Bakwêna

Lichtenstein het reeds gewys op die talrykheid van die Bakwêna "anderkant" die Bahurutshe.[198] En juis omdat dié groep so talryk is, leef hulle binne talle stamme waarvan die onderlinge historiese verband nog nie in alle gevalle vasgestel is nie. Ter voorbeeld kan die Bafokeng geneem word. Dié groep word deur *A Short History* beskou as Bakwêna ("Bakwêna-ba-Fokeng")[199] en deur Schapera as spruitende uit die Bakwêna.[200] Breutz bevraagteken die verwantskap as hy aantoon dat die kapteinsgenealogieë van die Bafokeng en Bakwêna geen skakeling toon nie,[201] terwyl R.D. Coertze na verdere oorweging die mening uitspreek "... dat ons die Bafokeng as 'n afsonderlike trek van die Sotho-Tswanavolke uit die noorde ... moet beskou"[202]. Soos reeds gestel, word hieronder bloot rowwe buitelyne getrek en knooppunte aangedui op sterkte van reeds beskikbare gegewens.

'n Noue verwantskap tussen Mohurutshe en Kwêna word aanvaar en dit word verder aanvaar dat Kwêna die regeerder was van die agterblywende groep te Mabyanamatshwaana na die wegbreek van Mohurutshe.[203] Volgens Mogôpa-bronne sou Kwêna opgevolg gewees het deur Mmutle, Kwêna II, Motswasele/Theyane, Mphela, Ngwaketse II,

198. *Op. cit.*, p.531.
199. T.N.A.D. *Op. cit.*, p.16. Stow, *op. cit.*, p.544.
200. *Op. cit.*, 1953 (1962), p.15.
201. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.58.
202. *Op. cit.*, p.29.
203. Schapera, *op. cit.*, (1954), p.34.

Tabel 6: Fissie by die Batlokwa.



Setlhare/Tebele, en Mogôpa.[204] Vanaf Kwêna na Mogôpa sou af= sonderlike linies gevorm gewees het deur Ngwaketse, Phogole, Ngwato en Seêpapitso wat elk mettertyd tot die vorming van een of meer stamme gelei het. (Vgl. tabel 7.)

Dit word verhaal dat daar gedurende die tyd van Mogôpa 'n groot droogte geheers het waarin talle omgekom en die stam ook ver= splinter het. Die Modibeni, Mogorosi, Hlakwana en ander *dikgô= rô* sou tydens die droogte suidwaarts getrek en uiteindelik in die huidige Lesotho gevestig geraak het.[205] Moletse en andere sou ooswaarts getrek het, terwyl die hoofstam die Krokodilri= vier (Odi) oorgesteek en by die sameloop van die Krokodil- en Maricorivier, by die heuwel Rathatheng, gevestig geraak het.[206] Hier het die Ngwato en Ngwaketse *dikgôrô* skynbaar onder leiding van Kgabo, broer of halfbroer van Mogôpa, van die hoofstam ver= wyder geraak, weswaarts beweeg en gelei tot die vorming van die Ngwato, Ngwaketse, Tawana en Bakwêna van Botswana. Blykbaar het ook Sefofu, voorsaat van die Modimosana, hier weggebreek.[207]

Dié stamdeel wat onder Mogôpa terugbeweeg vanaf Ratháteng, word dan bekend as die Bakwêna ba Mogôpa. Dié stam sou na verblyf te Zandrivierspoort 210 JP en Phalane, weer gedurende die eer= ste helfte van die agtiende eeu terugkeer na die ou woongebied

---

204. *Loc. cit.* Coertze, *op. cit.*, p.22. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.83.

205. Schapera, *op. cit.*, (1954), p.35.

206. *Loc. cit.* Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.84. Rey= neke, J.J. 'n Bydrae tot die kennis van die magies-reli= gieuse lewe van die Kwênastam. M.A.-verhandeling. U.P. 1945, p.13.

207. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.427.

met as stamgrense die Krokodilrivier aan die westekant, Apies- en Pienaarsrivier aan die noorde en ooste en Hennopsrivier in die suide.[208]

Ná Mogôpa volg daar 'n aantal regeerders en getuig die geskiedenis van talle oorloë met omringende stamme soos die Bakgatla en Bapô. Verder verdeel die stam tussen More en Tsoku maar raak weer verenig onder More in sy nuwe woongebied, Lekgwatladi, waar Tsoku vermoor is deur More se seun, Segwati.[209] Omdat die stam in voortdurende oorlog verkeer met die Bakgatla aan hulle oosflank, trek hulle weswaarts en vestig te Kgwate (Mamogalieslaagte). Hier is 'n aanval van 'n gekombineerde Bakgatla-hwaduba-moletlane- en -tlhakomag afgeslaan in ongeveer 1820 en was daar 'n tydelike verposing tot in 1825 toe die Matebele op die toneel verskyn het. More en sy seun Segwati is deur die Matebele om die lewe gebring[210] en die stam gedeeltelik uitgewis en gedeeltelik verstrooi. Die verwoesting wat deur die Matebele onder die Bakwêna ba Mogôpa aangerig is, is deur verskeie waarnemers beskryf.[211]

Onder Matebele-bewind het die stam in 'n paar eenhede en verspreid gewoon, naamlik Tediê Mamogale en 'n groep te Zoutpan 104 JR, Hammanskraal; Motsile en 'n groep te Ramotlotlwe aan

---

208. *Ibid.*, p.81. Vermaak, T.J.T. 'n Ondersoek na die sosiale organisasie en politieke stelsel van die Bakwêna ba Mogôpa. M.A.-verhandeling. U.P. 1966, p.15.

209. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.86. Vermaak, *op. cit.*, p.17.

210. Vgl. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.88. Becker, *op. cit.*, p.74-78.

211. Vgl. Harris, W.C. *Op. cit.*, p.158. Becker, *op. cit.*, p.118-119. Wallis, J.P.R. (Ed.). *The Matebele Journals of Robert Moffat*. Chatto & Windus. 1945, p.8.

die Pienaarsrivier; 'n volgende groep het te Makapanstat gaan woon; Molefe en 'n groep het uitgewyk na die Pietersburg-omgewing, terwyl 'n groep onder Mogajane by die samevloeiing van die Elands- en Hexrivier gaan woon het.[212]

Ná die dood van Motsile (1834-1836) word Tediê nominaal hoof van die verspreidwonende stam. Na die verdrywing van Mzilikazi ontstaan daar spanning tussen Tediê en die Blanke bewind[213] as gevolg waarvan Tediê en 'n aantal families in 1845 versit na Basotholand en eers in 1868 terugkeer. Na sy terugkeer vestig 'n groot deel van die stam te Wolwekraal 408 JQ, en word Bethanië (Losperfontein 405 JQ, Odi-distrik), die hoofsetel van die stam, terwyl ander stamdele woonagtig was te Olievenpoort (Nylstroom), Hebron (Moretele), Zwartkop (Ventersdorp), Elandsfontein (Odi) en Jericho (Odi).

Alhoewel die *Bakwêna ba Mogôpa* (50) - met uitsluiting van splinters wat reeds met ander stamme vergroei het - formeel onder een stamhoof bestaan, kan dié stamdeel in Ventersdorp-distrik onder More (51) as outonoom beskou word.

Die suster-kompleks van die ba Mogôpa, naamlik die Bakwêna ba Modimosana, erken Sefofu, jonger broer van Modise en seun van Mogôpa, as gemeenskaplike voorsaat. Volgens die getuienis ter hand het Sefofu te Rathateng van Mogôpa weggebreek en het sy

---

212. Van Arbousset en Dumas se "Sebetuane", koning van die "Bakuenas", "who lives on the shores of the Ueri (Odi)" kon ons geen spoor vind nie.

213. Vermaak, *op. cit.*, p.21. J.P. Feddema (*Transvaal-Batswana kiezen voor de Moderne Wêreld*. Baarn. 1972, p.7) verwys na lyfstraf hom toegedien oor die lewering van arbeid. Dié inligting kom egter van Livingstone en is bevraagtekenbaar.

volgelinge twee generasies later onder Modimosana die huidige Rhenosterfontein 390 JP, Rustenburg-distrik betrek. Volgens oorlewering sou Modimosana vier vroue gehad het en sou elke vrou 'n seun as eersgeborene gehad het. As gevolg van twis tussen die seuns onder mekaar, het Modimosana die stam toe in vier verdeel: die helfte is aan Ramanamêla gegee en die ander helfte is in drie gelyke dele verdeel en aan elk van die ander drie seuns is een deel gegee.[214] Só ontstaan dan die *Bakwêna ba Modimosana ba Ramanamêla, -ba Mmaaka, -ba Mmatau* en *ba Mma=tlhaku*. Hierdie verdeling sou teen die middel van die agtiende eeu plaasgevind het.[215]

Die *Bakwêna ba Modimosana ba Ramanamêla* (52) het aanvanklik ge=woon te Mamogôwê (Brakfontein, Rustenburg) en het hier verskeie oorloë teen ander stamme gevoer. Hier is hulle vermoedelik aan=getref deur Mzilikazi met wie hulle in botsing kom en uitwyk na die huidige Vredefort-omgewing in die O.V.S. Hiervandaan trek 'n deel van die stam na die huidige Lesotho, terwyl die ander deel eers in die Potchefstroom-omgewing gaan woon, waar 'n ver=dere afsplintering plaasvind en te Syferfontein, Ventersdorp, gaan vestig. Vanuit Potchefstroom en Ventersdorp vind daar egter 'n mate van herintegrasie plaas op die plaas Koperfontein 364 JQ (Derby-omgewing), waarna die oorblyfsel van die stam na Selonskraal verskuif. In 1934 het die stam die plaas Vlak=plaats 157 JP, Madikwe, aangekoop en daar gaan woon.[216]

Die *Bakwêna ba Modimosana ba Mmaaka* (53) het skynbaar in die

---

214. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.428.

215. *Ibid.*, p.427-428.

216. *Ibid.*, p.143-152.

Brakfontein-omgewing (Rustenburg-distrik) gebly totdat Mzili=kazi sy verskyning gemaak het. As gevolg van druk deur die Ma=tabele trek die stam na die Ventersdorp-omgewing en vandaar na Boshoek, Potchefstroom, waar hulle aanbly tot na die verdrywing van Mzilikazi. Hierna beweeg hulle terug na die oorspronklike tuiste en versit later na Manyale (Ratsegaaislokasie) waar die stam grond aangekoop het.[217]

Die *Bakwêna ba Modimosana ba Mmatau* (54) het ook suidwaarts ge=vlug uit die Rustenburg-omgewing met die intog van die Matebele en gaan skuil by Gatsrand, Potchefstroom, en later in die O.V.S. Mzilikazi sou die stam agterna gesit het tot by Koppie Alleen in die O.V.S. maar kon nie daarin slaag om die destydse stam=hoof, Maseloane, om die lewe te bring nie. In die O.V.S. het die Voortrekkers met "Selon" kennis gemaak en het hy hom bereid verklaar om Mzilikazi se krale aan Potgieter te gaan uitwys. In 1872 beweeg die stam vanuit die Frederikstad-omgewing na Grootwagendrift 233 JP (Selonslokasie) in die Rustenburg dis=trik, waarvandaan dit verskuif is na die plaas Leeuwkuil, Ma=dikwe.

Die laaste van die vier Modimosanastamme, naamlik die *Bakwêna ba Modimosana ba Mmatlhaku* (55), het onder hulle eerste ses stamhoofde te Selonskraal 317 JQ, Rustenburg-distrik gewoon. Die Matebele laat hulle egter vlug na die O.V.S. waar hulle vertoef tot in 1860-1867 wanneer hulle terugkeer en tydelik noord-oos van Zwartruggens vestig. Met hulp van die Hermanns=burgse Sendingaksie - wat £50 tot die koopsom van £350 bydra - koop die stam in 1869 die plaas Zandfontein 112 JP, Madikwe, en verhuis daarheen. Kort hierna word onder leiding van die Duit=

---

217. *Ibid.*, p.143-152.

se sendeling Springhorn nog grond deur die stam aangekoop[218] en word die stamgebied Pella (Phela?) genoem omdat "... das Volk dort eine Zuflucht fand".[219]


Die *Bakwêna ba Phalane* (56) stam, volgens eie erkenning, uit die Bakwêna en het daarvan weggebreek "... after Chief Molope's reign"[220]. Die beskikbare gegewens wil dat hulle eerste stam=hoof, Pukwe, gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu geleef het en hulle dus van die Kgabogroepering - dus ná Ratha=teng - weggesplinter het. Na die dood van Pukwe sou die stam verdeel het onder die seuns van Pukwe, naamlik Matshodi en Le=tlape en wel oor 'n bees wat aan die een kant van sy kop 'n ho=ring en aan die ander kant 'n haarklos gehad het. Die Letlape-groep sou daarop en na 'n omswerwing in die Thabazimbi- en Warmbad-omgewing, aan die Zandrivier gaan woon het waar Mofodi deur Pedi inmenging in staat gestel is om die regent, Molobi, te dwing om van die stamhoofskap afstand te doen. Hier is die stam ook deur Mzilikazi aangeval in 1825-1826, maar het blyk=baar nie hulle woongebied as gevolg van die Matebele-aanvalle verlaat nie. Dit was eers in 1830-1840 en as gevolg van oor=loë teen die Mmapela waarin talle Phalane die lewe gelaat het dat die stam getrek het na Modise wa Mogôpa, 'n heuwel noord-noordwes van Ramokokslokasie.[221] Moatshe, opvolger van Mofodi (vgl. tabel 7), het die stam hiervandaan na die huidige woon=gebied (Ramokokslokasie) gelei.

Ongeveer 1875 het 'n deel van die stam weggebreek en na tyde=like verblyf te Tshwene-Tshwene (noordelike Marico), as huur=

---

218. Vgl. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.123-142.
219. Feddema, *op. cit.*, p.41.
220. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.326.
221. *Ibid.*, p.328. T.N.A.D., *op. cit.*, p.21.

Tabel 7: Fissie by die Bakwêna.



ders op die Rooms-Katolieke Sendingplaas, Kalkfontein, gaan woon en bekend gestaan as die *Bakwêna ba Phalane ba Sesobe.*[222] In 1950 is dié groep verskuif na die Trustplaas Ongegund 20 JP in die destydse Pilanesberg distrik, maar het gedisintegreer as "stam" - as dit ooit dié status gehad het.

Die *Bakwêna ba Molotswane* (57) van Ventersdorp-distrik beroep hulle op afstamming uit die Kwêna wat vandag in Botswana woon= agtig is. Onder Late (± 1690 gebore) sou hulle die moederstam verlaat het en te Kafferskraal 493 JP, Ventersdorp, kom woon het. Gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu sou hul= le na Gatsrand getrek het en daarvandaan opeenvolgens na Lap= fontein 363 IP (Klerksdorp), Platberg, Thaba Nchu (1830-1878), Uitkyk 184 IP (Ventersdorp), Watershoek (dieselfde omgewing) en in 1935 na Doornkop 166 IP wat deur die stam aangekoop is. Die stam is deur die Matebele verstrooi, sodat talle stamlede deur ander stamme opgeneem is.

Alhoewel sommige bronne die Bakwêna ba Mare-a-Phogôle as 'n Bakwêna-splinter beskou, beweeg Coertze ons om dié stam onder die Bafokeng te behandel.

Die verdeling by die Kwêna word uiteengesit in tabel 7.

2.3.4 Die Bafokeng

Die *Bafokeng ba Kwêna* (58) van Bafokeng (voorheen Rustenburg-distrik), is deeglik onder aandag geneem deur R.D. Coertze en hy kom tot die gevolgtrekking dat hulle 'n afsonderlike migrasie vanuit die noorde verteenwoordig.[223] Ook Breutz erken dat die

---

222. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.343-349.
223. Coertze, R.D. *Op. cit.*, p.29.

genealogieë van die Bakwêna- en Bafokengstamhoofde nie 'n skakelpunt toon nie.[224] Daar bestaan egter wel gemeenskaplike afstammingsfigure vir die Bafokeng en Bakwêna ba Mare-a-Phogole en daarom word skakeling met die Bakwêna vermoed. Die gegewens dui egter daarop dat skakeling tussen hierdie twee stamme en die Bakwêna so ver terug lê dat dit nie aangetoon kan word nie.

Die Bafokeng kom Transvaal deur Tweedepoort by Dwarsberg binne en vestig in die Rustenburg-gebied soos begrens deur die Selons- en Elandsrivier, Sterkstroom en Magaliesberg.[225] Hier is Nape opgevolg deur 'n lang lys stamhoofde; is verskeie oorloë teen omringende stamme gevoer en het skynbaar drie stamgedeeltes weggebreek en afsonderlike stamme gevorm, naamlik die - vir die Bafokeng - Bafokeng ba Mmutlê, -ba Khudu en -ba Mare-a-Phogôle.[226] Van die tydperk waarin die agtien regeerders tussen Mare en Sekete III (vgl. tabel 8) die stam aanvoer, is min bekend. In die tyd van Diale (± 1750) word die gesag van die Bahurutshe afgewerp. Ramorwa III word deur sy seun vergiftig. Sekete IV voer talle oorloë teen buurstamme en sterf aan die hand van die Batlokwastamhoof, Bogatsu/Bogatswe. In die tyd van Nôgê beleef die stam 'n verwoestende aanval van die Bapedi (1823-1824) onder aanvoering van die prins Malekutu. Direk hierna kom die Matebele (1826), as gevolg waarvan Nôgê en 'n gevolg vlug na Moshoeshoe en by Thaba Bosiu gaan skuiling soek, terwyl die res van die stam noordwaarts vlug. In ongeveer 1834-1836 word Mokgatle die stamhoof en regeer tot in 1891.

---

224. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.58. In korrespondensie aan skrywer in 1975 stel Breutz dit egter dat die Bafokeng in die tyd van Napo (nog) Kwêna was.

225. Coertze, *op. cit.*, p.31.

226. *Ibid.*, p.32.

aan die begin van sy regeringstyd verskuif die stam na die ou hoofsetel, naamlik die huidige dorpsmeent van Rustenburg maar ontruim dit in 1866 toe Blankes hulle hier vestig. Verskeie regimente is by verskeie geleenthede gestuur om die Blanke be= wind by te staan in botsings met ander stamme. Talle plase is deur die stam aangekoop en word vandag bewoon.[227]

In 1917 het sowat sestig mans van hierdie stam en enkele van ander stamme gesamentlik die plaas Kafferskraal 493 IP, Venters= dorp, gekoop en daarheen verhuis. Hierdie groep Bafokeng is prakties onafhanklik van Phokeng.[228]

Die *Bafokeng ba ga Motlala* (59) van Lichtenburg erken 'n afstam= ming uit die Bafokeng van Rustenburg, maar besonderhede kan nie aangedui word nie.[229] Dit word egter wel onthou dat hulle ge= durende die sewentiende eeu in die huidige Suid-Transvaal en die O.V.S. gewoon het en dat 'n deel van die ba Mare-a-Phôgôle hulle bure in die O.V.S. was. In ongeveer 1830 het die stam vir die Matebele gevlug tot by Thaba Nchu en in 1895 onder Se= gano versit na die huidige Noord-Vrystaat. In 1914 raak hulle gevestig op Kwaggaslaagte 121 IP, Ventersdorp, onder hulle ne= gende stamhoof, Morweng. Kwaggaslaagte en Dunbar 119 IP, is aangekoop van die Modimosana ba Mmatau van Maseloane. Die stamgebied is later uitgebrei deur die aankoop van die plaas Houtkop 152 IP, Lichtenburg-distrik.

Soos reeds aangedui, stam die *Bakwêna ba Mare-a-Phôgôle* (60)

---

227. Vir historiese besonderhede, vgl. *ibid.*, p.31 *et seq.*

228. Breutz, P-L. *Ventersdorp*, p.87-89.

229. *Ibid.*, p.77.

blykbaar uit die Bafokeng.[230] Volgens Breutz was Phôgôle die grondlegger van die stam en seun van Kwêna wat 'n verwant van Mohurutshe was.[231] Nā Phôgôle volg dan vyf regeerders wat ook as opeenvolgende regeerders vir die Bafokeng aangedui word.[232] Die laaste hiervan is Mare, die seun van Phôgôle II. Dié opset lei Breutz dan daartoe om die Bafokeng te beskou as nasate van Milwana/Modubiane, broer of halfbroer van Mare maar in ieder geval 'n nasaat van Kwêna. Coertze vind dit onmoontlik. Coert=ze kan hier ondersteun word, omdat 'n terugwerking vanaf die Phôgôlestamhoof, Thekiso, (gebore 1730-1750) na Phôgôle I daar=op dui dat laasgenoemde vroeg in die dertiende eeu gebore moes gewees het[233] en dus nie die seun kon wees van Kwêna wat in on=geveer 1500 geleef het nie.

In die lig hiervan is die standpunt van Coertze meer aanvaar=baar, naamlik dat die Phôgôle onder die regering van die Fokeng-stamhoof, Mare, afgeskei het van die moederstam in die Rusten=burg-omgewing en as - vir die Bafokeng - Bafokeng ba Mare-a-Phôgôle suidwaarts beweeg het. Hierdie standpunt lewer egter ook 'n probleem, naamlik dat die Bafokeng-genealogie sewentien regeerders wys vanaf Mare na Sekete III (± 1750), terwyl die Phôgôle-genealogie slegs tien regeerders het vanaf Mare na die tydgenoot van Sekete III, naamlik Thekiso. Dit wil sê 'n ver=skil van ongeveer 200 jaar. Die verskil kan alleen oorbrug

---


230. Vir botsende menings, vgl. Breutz, *Ventersdorp*, p.111-123; Coertze, *op. cit.*, p.22-31; Vorster, L.P. Die Bakwêna ba Mare-a-Phogole. M.A.-Verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1969, p.40 *et seq.*

231. Breutz, *Ventersdorp*, p.114-115.

232. T.N.A.D., *op. cit.*, p.23. Ellenberger (D.F.), *op. cit.*, p.35.

233. Trouens, D.F. Ellenberger (p.357) plaas Phôgôle terug na 1070.

**Tabel 8 : Fissie by die Bafokeng**



word deur 'n kombinasie van twee moontlikhede te aanvaar, naam=lik dat verskeie figure van die Bafokeng-genealogie regente was[234] en dat die beskikbare Phôgôle-genealogie sekere figure wat wel regeerders was, weglaat.

Hoe dit ookal sy, die Phôgôle, of segmente daarvan, het terug=gekeer na Transvaal, want woonpunte aan die Maricorivier, Car=letonville-Bank-omgewing, en Losberg word deur informante aan=gedui. Gedurende die Matebele-tydperk het die regerende *kgôrô* onder Mothupi na Basotholand gevlug, terwyl die Mogatla-*kgôrô* in Transvaal gebly het en die plaas Misgund as hoofsetel gehad het.[235] In 1898 is die opvolger van Mothupi, naamlik Pule, in Basotholand gaan haal en op Misgund gevestig waar hy oorlede is. Die stam is ingesuig in die Johannesburg-Vereenigingse kompleks, maar 'n aantal stamlede het 'n deel van die plaas Klipgat 18 IQ, (Ventersdorp), in ± 1911 aangekoop en daar gaan woon. Met die verskuiwing van dié groep na Uitkyk 22 JP, (Madikwe), is ampte=like erkenning aan hulle stamhoof gegee.[236]

Die Bafokeng-verdeling word rofweg aangedui in tabel 8. Dié tabel moet egter nie as baie betroubaar beskou word nie en moet gelees word met die veronderstelling dat die Phôgôle-opvolgings=lyn nog onvolledig is en dat verskeie Bafokengregeerders na Mo=dibuane/Milwane regente was en elke naam dus nie 'n generasie verteenwoordig nie. Alleen daardeur kan die verskil van nege

---

234. Coertze se informante skakel dan ook vier figure wat in tabel 8 vervat is (Phate, Mophate, Mpuru en Tswane) uit omdat hierdie persone, sover die informante weet, nooit Bafokeng-stamhoofde was nie. (*Op. cit.*, p.28.)

235. Die plaas lê aan die suidelike hang van die rante suidwes van Johannesburg en ongeveer tien kilometer daarvandaan.

236. Besonderhede oor die stam is deur skrywer verkry van stam=lede in 1965.

generasies vanaf Mare en Thekiso enersyds, en Mare en Sekete III andersyds, verklaar word.

## 2.4 Ander immigrante

Binne Bophuthatswana kom daar ook 'n aantal stamme voor waarvan die herkoms nie direk terugvoerbaar is na die erkende Tswana-komplekse nie. Sommige hiervan is wel indirekte nasate in dié sin dat hulle afkomstig is uit komplekse wat oorspronklik uit die Tswana stam (bv. Suid- en Noord-Sotho), terwyl andere van Nguni-oorsprong is. Na stamme van hierdie oorspronge word dan verwys as "immigrante". Die benaming "immigrante" moet egter in relatiewe sin gesien word, omdat die etniese bewussyn ten opsigte van, en die graad van vermenging met omringende Tswana wisselend is by hierdie immigrante. Sommige van hierdie stamme het reeds tot so 'n hoogte vertswana dat slegs hulle geskiede=nis en enkele kultuurtrekke nog heenwys na 'n ander herkoms. In ander gevalle egter is die bewussyn van afsonderlikheid, ge=voed deur taal, kultuur en geskiedenis, nog sterk.

### 2.4.1 Amandebele oorsprong

Stamme van Amandebele-oorsprong maak die grootste enkele immi=grantegroep binne Bophuthatswana uit. Hieronder word gereken die Bahwaduba, Amandebele ba Moletlane, -ba Mfatlha, -ba Mana=la, -ba ga Ndzundza, Bapô, Batlhako en Batloung.

*Die Bahwaduba* (61) het hulle oorsprong in Maponong[237] (by die (plek van) die Zoeloe) en het oorspronklik as Amandebele te Mooiplaats, oos van die huidige Pretoria, gevestig geraak. Hiervandaan het die stam onder Musi/Msi getrek na die plek waar

237. Van Warmelo, N.J. *Op. cit.*, (1944), p.24.

Pretoria vandag is. Die Apiesrivier sou dan ook vernoem wees na die seun en opvolger van Musi, naamlik Tshwane. Volgens Hwaduba-weergawe sou Tshwane ses seuns by verskillende vroue gehad het en elke seun sou toe met 'n aantal volgelinge wegge= breek en eie stamme gevorm het.[238] Of die versplintering wel só en in dieselfde generasie plaasgevind het, kan nie vasgestel word nie maar is te betwyfel. Van Warmelo skryf in hierdie ver= band: "... it is a fanciful genealogical reconstruction of what actually happened ...", en verder "... it is not to be relied upon except as an indication of the relationship of these tribes to one another".[239]

Hoe dan ook, die Bahwaduba het vanaf die Pretoria-omgewing ge= trek na die Brits-, Warmbad- en Nylstroom-omgewings voordat hul= le nā die verdrywing van Mzilikazi te Kwadubeng (Witgatboom 63 JR, Moretele) gevestig geraak het.[240] Omdat hulle reeds so lank in die midde van Tswana woon, het die Hwaduba reeds tot so 'n hoogte vertswana dat Sekgatla as taal aanvaar is.

'n Gemeenskaplike herkomsgebied sowel as gemeenskaplike histo= riese figure lei tot die gevolgtrekking dat daar 'n noue genea= logiese verbintenis tussen die Bahwaduba en *Amandebele ba Mole= tlane/ba Lebelo* (62) bestaan. Die verband kan egter nie meer in besonderhede aangetoon word nie. Nogtans word verhaal dat Manala en Ndzundza, twee seuns van Bulongo - Fourie sê hulle was seuns van Musi/Muši/Msi[241] - oor opvolging in 'n oorlog gewikkel

238. *Loc. cit.* H.C.M. Fourie (*Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sosiale leven.* Zwolle. 1921, p.33), verwys egter na vyf seuns.

239. *Op. cit.*, (1944), p.25.

240. *Loc. cit.* T.N.A.D. *Op. cit.*, p.54.

241. *Op. cit.*, p.33.

geraak het. Ndzundza is verdryf tot by Steelpoort. Tydens hierdie vlug van Ndzundza sou sy broer, Yangalanga, wat die kandidatuur van Ndzundza gesteun en saam met hom gevlug het, met 'n aantal volgelinge weggesplinter het en uiteindelik binne die gebied van Moletlane van die Batlokwa in die huidige Sebe= tielaslokasie, gaan woon het. Kort na hulle binnekoms in die gebied het die volgelinge van Yangalanga egter hulle gasheer verdryf en baas van die grondgebied van Moletlane geword.[242] Twee generasies ná Yangalanga sou Lebelo, die oudste seun uit die tweede huis van die koninklike linie, met 'n aantal volge= linge die stamgebied verlaat en na tydelike verblyf by die Ba= kgatla (Mosetlha), in ± 1870 te Leeukraal 92 JR, Moretele, ge= vestig geraak het onder Johannes Tane. Dié plaas is in 1911 deur die stam aangekoop en die stamgebied is later vergroot deur die aankoop van die plaas Tweefontein 94 JR.

Benewens hierdie twee stamme kom daar in die Hammanskraalgebied ook ander Amandebele stamme voor wat outonoom is. So is daar die *abaga Ndzundza (ba Litho)* (63) onder Mahlangu te Witlaagte en Kalkfontein; *abaga Manala* (64) onder Mabhena te Rooikoppen en *abaga Mfatlha* (65) onder Nawa te Haakdoornlaagte. Besonder= hede oor die ontstaan van laasgenoemde twee groepe kon nie ge= vind word nie. Uit Fourie se beskrywing oor die wyse waarop die mag van die Ndzundza gebreek is, kan die herkoms van eers= genoemde groep egter afgelei word.[243]

Die *Bapô ba Mogale* (66) het in die huidige Pretoria-omgewing weggebreek van die Amandebele-hoofgroep en na die huidige Brits-omgewing getrek waar hulle verskillende punte bewoon het en

---

242. Van Warmelo, *op. cit.*, (1944), p.15.

243. *Op. cit.*, p.54.

verskillende oorloë teen ander stamme gevoer het.[244] Onmin tussen die stamhoof Mogale en die Transvaalse bewind in 1847 het die stamhoof en 'n aantal volgelinge laat vlug na Basotho=land waarvandaan hulle in 1862 eers terugkeer. Stamlede het ondertussen uiteen begin gaan en dië proses is slegs gestuit in 1862 met die aankoop van die plaas Boschfontein in die Odi-dis=trik. In die regeringstyd van Darius (1893-1908), kleinseun van Mogale, het die stam verdeel tussen Darius en sy *rrangwane*, Diederik. Diederik en sy volgelinge het die stamgebied verlaat en na 'n tydelike verblyf te Bokfontein 396 JP, gevestig geraak te Bultfontein 204 JP (Mankwe), wat bekend word as Diederik Mo=galeslokasie. Sõ ontstaan die *Bapô "No. 2"* (67).[245]

Die Batlhako het oorspronklik as Ndzundza-Ndebele in die omge=wing van die huidige Premier Myn gewoon[246] waarvandaan versit is na die Tholoanerivier naby die huidige Pellalokasie. Hier het die stam verdeel onder Leêma en Matutu, twee seuns van die vorige stamhoof. Die volgelinge van Leêma word dan bekend as die *Batlhako ba Leêma* (68) en vestig uiteindelik te Ruighoek 169 JP, Mankwe.[247] Die junior seksie onder Matutu bewoon ver=skeie punte tot in die eerste helfte van die negentiende eeu toe Mabe die stam lei na Mabeskraal, Mankwe. In 1860, en as gevolg van onmin met die Blanke bewind, trek die stam na Mole=polôle in Botswana waar Mabe oorlede is. Na sy dood keer die stam egter terug na die ou woongebied (Mabeskraal) en staan be=

---

244. Die geskiedenis van die stam is beskryf deur Breutz (*Rus=tenburg and Pilanesberg*, p.176-188) asook T.N.A.D. (p.42-43).

245. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.389. T.N.A.D., p.43.

246. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.290.

247. *Ibid.*, p.310-313.

kend as *Batlhako ba Leêmana* (69).[248] Beide hierdie stamme het reeds so vertswana dat hulle vandag as Tswana beskou word.

Volgens bevinding van Breutz is ook die herkoms van die *Ba=tloung* (70) van Putfontein 62 IP, Lichtenburg, terugvoerbaar na die Batlhako waarna so pas verwys is.[249] Onder hulle hoof, Modisane, sou hierdie groep van die Batlhako ba Leêmana wegge=breek het gedurende die laaste helfte van die sewentiende eeu en na die Klerksdorp-omgewing getrek het waar hulle tweede stam=hoof, Digobelo, tussen 1680 en 1720 gebore is. Hierna is ver=skeie ander punte bewoon[250] en het die stam reeds tot 'n mate verbrokkel voordat die huidige stamgebied verkry is.

Die *Ba ga Malete wa Mokgobjwa* (71) van Hartbeesfontein, Lehurut=she, is 'n afsplintering van die Ba ga Malete van Ramoutsa, Bo=tswana. Dié groep Malete word deur V. Ellenberger gekoppel aan Tlhogo-a-Tlou,[251] waarvandaan hulle die huidige Botswana inbe=weeg het. In 1891 het die Hartbeesfontein-groep daarvan wegge=breek en 1901 die huidige woongebied betrek. Hulle Ndebele-herkoms is vandag van geringe betekenis.

Na ons bevinding bestaan daar dus elf stamme in Bophuthatswana wat van Ndebele-oorsprong is.

---

248. *Ibid.*, p.290-291.

249. *Id.* *Lichtenburg and Delareyville*, p.94-98.

250. *Ibid.*, p.96-97.

251. Ellenberger, V. Di Roroba Matlhakola - Tsa ga Masodi-a-Mphêla. *Transactions of the Royal Society of South Africa*, Vol. 25. 1938, p.33. Waar Tlhogo-a-Tlou is, kan nie met sekerheid gestel word nie.

2.4.2 Suid-Sotho-oorsprong

In die behandeling van die Bataung van Madikwe en Mankwe is ge= wys op skakeling met die Hurutshe. Die *Bataung* (72) van Klip= gat 243 JQ, Odi, het egter 'n aanvaarde Suid-Sotho herkoms.

2.4.3 Noord-Sotho-oorsprong

Die bydrae van die Noord-Sotho-area tot die stamme van Bophu= thatswana is beperk tot die Batlhalerwa, Barokologadi en moont= lik die Bakolobeng.

Die vroeë geskiedenis van die *Batlhalerwa* (73) van Mankwe is identies met dié van die Batlhalerwa van Waterberg. Volgens Breutz was die Batlhalerwa oorspronklik Karanga wat uit Rhodesië suidwaarts beweeg en in die Pietersburg-omgewing gevestig geraak het.[252] In ongeveer 1837 sou die stam weggebreek het van die moederstam wat toe te Bodididi aan die Palalarivier gewoon het. Die wegbrekende groep sou toe die plaas Bierkraal 134 JP betrek het waar dit in 1840 deur die Kgatla-Kgafêla onderwerp en vir baie jare oorheers is. In 1922 het die stam egter gedeeltes van die plaas Tweelaagte 175 JP gekoop en daarmee ook onafhank= lik van die Kgafêla geword.[253]

Volgens eie erkenning was die *Barokologadi* (74) van Madikwe oorspronklik Bapedi voordat hulle onder Bakgatla-beheer gekom het in ongeveer 1700-1750.[254] In ongeveer 1870 verhuis die

---

252. *Rustenburg and Pilanesberg*, p.400.

253. *Ibid.*, p.400-407.

254. *Ibid.*, p.449-452. Volgens die Barokologadi-kgôrô van die Ngwato wat ook die ystervark (noku) as totem het, was hul= le eers Kwêna. (Schapera, 1952, p.71.) Die jaartalle hierbo genoem kom ook as onbetroubaar voor.

stam na 'n punt aan die Kolobengrivier noordwes van Ramoutsa (Botswana) waar dit as onafhanklike stam woon. Vanaf hierdie punt word egter later teruggekeer na die Pilanesberg-omgewing waar die plaas Rooderand 117 KP betrek word. In 1950 is die plaas verlaat en het die stam gevestig geraak op die plaas Mis= gund 21 JP, Madikwe.

Die oorsprong van die *Bakolobeng ba ga Maloka* (75) van Rooijant= jiesfontein, Lichtenburg, word deur Breutz gesoek by die Balo= bedu of Mmamabolo in Noordoos-Transvaal.[255] Totem-ooreenkoms (die wildevark) bring hom hiertoe. Van Zyl, andersyds, soek 'n verwantskap tussen hierdie stam en die Bakwêna.[256] Van Zyl se afleiding word gesteun deur die feit dat stamlede die Pella-Silverkransgebied as oudste woongebied beskou. Hiervandaan sou hulle deur die Bakwênagebied getrek het, weer suidwaarts gedraai en in die Klerksdorp-omgewing gevestig het. Hier het 'n verde= ling plaasgevind en daarna het die een stamdeel getrek na Thaba Nchu. Die groep wat in Klerksdorp-omgewing agterbly, raak dan gevestig op die plaas Rooijantjiesfontein nadat dit in 1871 deur die stam aangekoop is.

Alhoewel die herkoms van die stam dus nog nie uitgemaak is nie, beskou hulle hulleself as Tswana en word ook as sodanig beskou deur ander Tswana.

### 2.4.4 Amaxhosa-oorsprong

Slegs twee stamme van Amaxhosa-herkoms word in Bophuthatswana aangetref. Die immigrasie van beide is resent.

---

255. *Lichtenburg and Delareyville*, p.103.

256. Van Zyl, L.T. Die Bakolobeng van Rooijantjiesfontein. M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1969, p.14.

In 1924 het 'n aantal families van die *Amahlubi aba Mbo* (76) onder Shadrach Zibi die moederstam te Middeldrift in die Ciskei verlaat en op 20 September van dieselfde jaar die plaas Rhenosterboom 121 JP, Madikwe, betrek.[257] Geen besondere rede vir die verhuising is bekend nie. Dit word slegs vermeld dat Zibi, na sy terugkeer van die oorlogsfront, die keuse gehad het om òf 'n plaas in Xalanga (Transkei) te koop òf die huidige stamgebied. Omdat die huidige stamgebied groter was as die plaas in Xalanga, is Rhenosterboom aangekoop.

Die stam is Xhosasprekend.

Die *Amagcina* (77) van Zwartkopfontein 7 KO, Lehurutshe, kan kwalik 'n stam genoem word. Dit bestaan uit 'n aantal families wat uit die Lady Frere-omgewing hier gevestig geraak het.[258] Verskeie manlike lede van die groep waaromheen die sametrekking ontstaan het, het as konvooidrywers vir die Engelse magte tydens die Anglo-Boere-oorlog opgetree. Dié groep het tydelik te Schuinsdam 1 KO aan die Ngotwanerivier gaan woon en in 1911 die plaas Zwartkopfontein aangekoop. Verskeie Amagcina-families uit Lady Frere het hierna by die groep aangesluit.

Die groep is oorwegend Xhosasprekend.

2.4.5 Matebele-oorsprong

Hoewel hulle klein in getal is, dien tog daarna verwys te word dat die plaas Groenfontein 138 JP, Mankwe, bewoon word deur Ma=

---

257. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.417-418. Ditirafalo tsa khudugo ya ga Kgosi Zibi. *Tswelopele*. Sedimonthole, 1963, p.41-43.

258. Breutz, *Marico*, p.225-226.

tebele onder 'n nasaat van Mzilikazi. Ook te Kraalhoek 399 KQ en Rhenosterkraal 132 JP, Mankwe, is daar Matebele woonagtig onder gesag van die Kgatla-Kgafêla.[259] Hierdie Matebele het meer as 'n honderd jaar gelede afgesplinter van die hoofstam en het reeds tot so 'n hoogte vertswana dat hulle oorwegend Setswanasprekend is en ondertrou met lede van omliggende Tswanastamme.[260a]

3. Die vorming van gemeenskappe

Hiermee is verslag gegee van die herkoms en verspreiding van alle *stamme* wat vandag in Bophuthatswana aangetref word. Soos reeds gestel is hoofmanskappe onder gesag van stamhoofde nie afsonderlik aangedui nie. Ook is geen aandag gegee aan die verskillende gemeenskappe, in teenstelling met stamme, wat oor die gang van jare in Bophuthatswana ontstaan het nie.[260b] Die verspreidingskaart (Bylaag C) gee dan ook slegs 'n rowwe beeld van die stamsametrekkings in Bophuthatswana. Dit probeer nie 'n aanduiding gee van alle sametrekkingspunte (dit wil sê óók gemeenskappe) nie en wil ook nie poog om alle sametrekkings op swartkolle aan te dui nie. Terselfdertyd moet Bylaag C ook gelees word met inagneming van die feit dat die voortdurende opruiming van swart- en witkolle - die proses van konsolidasie - en die gevolglike verskuiwing van stamme en gemeenskappe, dit uiters moeilik maak om 'n oorsigtelike dog geldige voorstelling van die stamverspreiding te gee.

---

259. Breutz, *Rustenburg and Pilanesberg*, p.457-458.

260a. *Ibid.*, p.458.

260b. In teenstelling met 'n stam bestaan daar binne 'n "gemeenskap" geen duidelik-omlynde en algemeen aanvaarde piramidale sosiopolitieke struktuur wat oorwegend gebaseer is op geboortereg nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat 'n stam geen statiese gegewene is nie; dit kan versplinter, hergroepeer, die elemen= te daarvan kan opgaan in ander stamme, of 'n splinter kan deur die aanhegting van elemente uit ander stamme groei tot 'n stam. Dit word ook duidelik dat die imperatiewe van orde en voortbe= staan voortdurend gelei het tot die integrasie van splinters, segmente en indiwidue in stamme. Buite stamverband het daar geen sekuriteit bestaan nie.

Na die vestiging van Blanke gesag oor die Tswanastamme verval hierdie imperatiewe wel nie, maar die stamverband as *sekuri= teitsverband* word klaarblyklik tot 'n redelike hoogte vervang deur die gesaghebber. Vanweë die orde en vrede wat die Blanke gesaghebber daarstel, word dit moontlik vir die indiwidu om buite stamverband te kan voortbestaan. Die onsekerheid, lewens= bedreiging en geweld waardeur verskillende etniese brokstukke normaalweg in stamme versmelt is, word dus uitgeskakel en daar= om kon 'n proses van ontstamming (wegbreek uit die ou struktuur sonder inkorporasie in 'n nuwe *stam*struktuur) verwag word na die vestiging van Blanke gesag.

Benewens die feit van orde en vrede, het die vestiging van Blan= ke gesag ook meegebring dat stamburgers privaatbesit oor grond kon verkry deur aankoop. Daardeur word die indiwidu in staat gestel om *as indiwidu* beheer te verkry oor 'n basiese bestaans= bron en word die sekuriteit van die indiwidu losgeknoop van die eis van groeplidmaatskap as bron van sekuriteit. Die geldeko= nomie dra hiertoe by, terwyl die toesegging van grondgebied aan sendingliggame en die beskikbaarstelling van grond waarvan die staat die eiendomsreg verkry het (Trustgrond) aan Bantoe, die ontstammingstendens verder moes stimuleer. Die Blanke gediver= sifiseerde ekonomiese stelsel met sy markproduksie sou logies

steun op Bantoe-arbeid waardeur die Bantoe nie alleen fisies uit die stammilieu verwyder word nie maar ook 'n loon ontvang waardeur sy bestaansekuriteit verder onafhanklik gestel word van groeplidmaatskap.

Ten gevolge van Blanke gesag, en dit wat daarmee gepaard gegaan het, beweeg daar dan ook Batswana uit die stamgebied na die Blanke platteland en Blanke stedelike gebiede. Maar ook vind daar 'n beweging plaas vanuit stamgebied na grondgebied in die tuisland wat privaat aangekoop is, aan sendingliggame toegeken is of deur die liggame aangekoop is; grond wat deur die staat aangekoop of uitgehou is vir Bantoe-okkupasie en na Bantoedorpe wat deur die Blanke owerheid gestig is. Die netto-effek hiervan is dat daar 'n wegsplintering uit stamme plaasvind sonder dat hierdie splinters wat in dieselfde gebied tot woon kom, 'n nuwe *stam* vorm. Dit word selfs moontlik dat een of meer splinters of stamdele dieselfde gebied kan bewoon sonder dat daar 'n strukturele integrasie tussen die elemente plaasvind. Verskeie eenhede in Brits-Betsjoeanaland wat hierbo geïdentifiseer is as "stamme", getuig ook daarvan dat vreemde elemente ook binne stamgebiede kan woon sonder dat daar 'n strukturele inkorporasie plaasgevind het - altans nie tot dieselfde mate as wat die historiese praktyk vóór kontak met Blankes aandui nie.

As gevolg van hierdie omstandighede wat ontstaan ná Blanke kontak en beheersing, ontstaan daar dus oor die jare heen talle gemeenskappe (wat nie stamme is nie) binne en buite Bophuthatswana. Dit is prakties onmoontlik om al hierdie gemeenskappe te lokaliseer, omdat die begrip "gemeenskap" geen geyktheid het nie en dus kan verwys na 'n beperkte aantal mense óf na baie duisende en dat alle grond wat dus nie deur stamme bewoon word nie, gevolglik deur gemeenskappe bewoon word.

Vanuit die huidige perspektief gesien moet enige poging tot nasievorming vir die Batswana dus 'n paar feite in ag neem. Eerstens is daarop te let dat die gebied (Bophuthatswana) bewoon word deur 'n verskeidenheid stamme wat van Tswana sowel as nie-Tswana-oorsprong is. Tweedens bestaan daar binne die gebied talle gemeenskappe wat nie ingeskakel is by stamme nie. Derdens leef 'n besonder groot aantal Batswana buite Bophuthatswana en wel veral in Blanke stedelike en plattelandse gebiede. Die onderstaande tabelle gee 'n beeld van die toestand in 1970:[260c]

Tabel 9: Batswana binne en buite Bophuthatswana:

| Ander Tuislande | Blanke Stedelike gebiede | Blanke Nie-stedelike gebiede | Bophuthatswana | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 10 200 | 597 200 | 511 500 | 600 200 | 1 719 300 |

Tabel 10: Tswana en nie-Tswana in Bophuthatswana:

| Xhosa | Zoeloe | Swazi | Pedi | Ndebele | S.Sotho |
|---|---|---|---|---|---|
| 27 500 | 26 600 | 9 400 | 65 700 | 50 800 | 26 800 |

| Shang. | Venda | Ander | Tswana |
|---|---|---|---|
| 55 600 | 5 400 | 15 700 | 600 200 |

Totaal: Nie-Tswana in Bophuthatswana .............. 283 500

Totaal: Tswana in Bophuthatswana .................. 600 200

Totaal: Bantoe in Bophuthatswana .................. 833 700

260c. Rep. van S.A. Dept. van Statistiek. *Bevolkingsensus 6 Mei 1970, Republiek van Suid-Afrika. Bevolking van stede, dorpe en nie-stedelike gebiede.* Verslag no. 02-05-01. Staatsdrukker. Pretoria. (1970), p.2-3.

## 4. Fissie en Fusie

Indien aanvaar word dat die tradisionele politieke kultuur van 'n gemeenskap 'n belangrike invloed uitoefen op die proses van nasievorming, word die problematiek van laasgenoemde proses ook dik onderstreep deur die uiteensetting van die Tswana se etno-historie soos hierbo aangebied. Die geskiedenis van die Batswa= na is veelal gemaak deur *stamme* wat elk in hulle beste belang wou optree. Die grondgebied wat deur die Batswana bewoon is, het bestaan uit *stam*gebiede wat onderling afgebaken is na die voer van oorloë. Die helde van die verlede was *stam*helde. Die proses van fissie het die proses van fusie geheel en al oorheers en as "Batswana" sou beteken "hulle (die mense) wat uiteengaan", sou dit 'n gepaste benaming wees vir die Setswanasprekendes.

*Ad-hoc*-samewerking tussen stamme het wel by verskillende ge= leenthede plaasgevind,[261] maar geen geval bestaan waar 'n ver= skeidenheid stamme binne 'n breër struktuur versmelt is nie. Die omstandighede te Thaba Nchu gedurende die vroeë dertiger= jare van die vorige eeu en die "vereniging" van Bahurutshe on= der Moilwa in die gebied aan hom toegewys deur die Blanke be= wind, het gunstige basisse gelewer vir fusie van stamme in 'n breër verband. En tog het dit nie gebeur nie. Die rede hier= voor is stellig te vind in die kwaliteit van politieke leier=

---

261. Die samewerking tussen die verskillende Tlhapingstamme, Rôlông, Tlharo en Griekwas teen die Taung van Moletsane (vgl. How, *op. cit.*, p.65 *et seq.* en Moffat, *op. cit.*, p.353) tydens die aanval op Dithakong in 1823; die Kga= tla-Hwaduba-Moletlane-Tlhako-aanval op die Bakwêna ba Mo= gôpa in ongeveer 1820; en die aanval van die geallieerde Fokeng-Tlhako-Kubung-Pô op die Tlokwa en Kgatla (Kgafêla) in die tyd van Bogatswe, is voorbeelde hiervan. Vir ver= dere voorbeelde vgl. Maritz, 1965, p.58.

skap, want onder byna soortgelyke omstandighede en uit basies dieselfde materiaal het Moshoeshoe gedurende die tyd verskeie stamme omvorm tot 'n nasie.

By die Batswana het die stam egter die basiese groepering gebly. Oor die wesensaard van hierdie verskynsel (stam) lewer die lite= ratuur 'n betreklik noukeurige beeld wat nie volledig hier her= haal hoef te word nie. Dit is genoegsaam om daarop te wys dat dit 'n territoriale gemeenskap is wat oor gesentraliseerde ge= sag, administratiewe apparaat en regsplegende struktuur beskik; saamgestel is uit verskillende *dikgôrô*; 'n ope eenheid is waar= binne daar sosiale differensiasie op grond van etniese faktore kan bestaan; onder gesag van 'n stamhoof staan in wie alle ge= sag saamgetrek is en aan wie lojaliteit verskuldig is; die strukture wat binne die stam bestaan, veeldoelig is en dat die bekleding van statusrolle oorwegend askriptief van aard is.[262]

In teenstelling met die ideaal-tipiese stelling van Hoernlé dat 'n stam oorwegend "a body of kinsmen" is, "all believing in their descent from a common far-off ancestor",[263] blyk dit eg= ter by nadere beskouing dat 'n stam die gevolg is van fissie en

---

262. Vir omskrywings en definisies vgl. Fortes & Evans-Pritchard (Eds.). *African Political Systems*. O.U.P. 1940 (1958), p.18. Cohen, R. Traditional Society in Africa. *In:* Pa= den, J.N. & E. Soja (Eds.). *The African Experience*. (Vol. 1.) Heinemann. London. 1970, p.57-59. Lestrade, G.P. Some notes on the political organisation of the Be= chwana. *S.A.J. Sci.* Dec. 1928, p.428-429. Language, F.J. Die verkryging en verlies van lidmaatskap tot die stam by die Tlhaping. *African Studies*. 2, 3 (1943), p.77. Schapera, *oq. cit.*, 1952 (1962), p.10.

263. A.W. Hoernlé by Schapera, I. (Ed.). 1937 (1956), p.68.

en fusie; gevolglik uit elemente van heterogene oorsprong kan bestaan;[264] eerder berus op die bewoning van 'n gemeenskaplike grondgebied as verwantskap en byeengehou word deur lojaliteit en/of dwang. As sodanig is 'n stam dus ook 'n komplekse *pro=ses*[265] wat kan bestaan uit -

(a) 'n etniese eenheid wat hom manifesteer in 'n staat in welke geval dit 'n volkstaat in die kleine is;

(b) 'n "etniese verskeidenheid" wat politiek saamgesnoer is on=der leiding van een van die segmente, lojaal aan die leier van die kernsegment is en dus 'n nasie in die kleine is;

(c) 'n "etniese verskeidenheid" wat deur dwang en die uitoefe=ning van regulerende magte deur middel van die politieke raam=werk byeen gehou word. In hierdie geval verteenwoordig dit dan 'n ordening wat imperiaal van aard is.[266]

Uit die etno-historie van die Tswana word dit baie duidelik dat stamme ontstaan het deur fissie waarna die geledere versterk word deur die fusie van elemente uit ander stamme. Dit is ewe

---

264. Vgl. Schapera, 1952, p.20. Holleman, F.D. *Het Bantoe-Grondenrecht in de Unie van Zuid Afrika en omgeving.* Am=sterdam. 1949, p.24. Language, F.J. 1943, p.77. Bothma, C.V. Die verwantskapsbasis van die politieke struktuur van die Bantšhabeleng van Mothôpông (Sekhukhuneland). D. Phil.-proefskrif. U.P. 1957, p.37-38. Feddema, *op. cit.*, p.10.

265. Cohen by Paden & Soja, *op. cit.*, p.59-60.

266. Schapera skryf (1953, p.37) dat daar binne sommige Tswana=stamme *malata* van Sarwa-, Kgalagadi-, Koba- en Pedi-oor=sprong is. Hierdie elemente moes spesiale belasting betaal en "if oppressed ... they had no access to the tribal courts, and they lacked many other civil rights, including participation in the political assemblies". Dit is kenmer=ke van 'n imperiale orde.

opvallend dat fissie-bewegings altyd gestaan het onder leiding van 'n lid van die regerende linie. "Often enough the breach was due to a dispute about succession to the Chieftainship; alternatively, some close relative of the ruling chief influenced by either ambition or a sense of injury, would break away from his rule and move with a following to some other locality. Here they would set up an independent tribe under the Chieftainship of their leader, by whose name they generally come to be known."[267]

Verskeie faktore het die proses van fissie begunstig. Eerstens het die bestaan van 'n *kgôrô* hiertoe bygedra. Omdat 'n *kgôrô* 'n replika van die stam op kleiner skaal is en die graad van interafhanklikheid tussen die samestellende *dikgôrô* binne 'n stam laag is, kon 'n *kgôrô* wegbreek en 'n kern vir 'n nuwe stam vorm of hom by 'n ander stam aanheg.[268] Tweedens het onbesette gebied ook die proses begunstig, omdat 'n wegbrekende groep, as dit eers 'n eie gebied verkry het, spoedig 'n aanhegtingspunt vir elemente uit ander stamme geword het. Samehangend hiermee het die Blanke opvatting oor grondbesit - dat dit gekoop en verkoop kan word - in latere jare ook die fissieproses begunstig.[269] Hiermee is die geleentheid daargestel vir 'n ontevrede groep om grond elders te koop, daar te gaan woon en mettertyd die gesag van die stam te ontken. Laastens het ook politieke

---

267. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.11. Vgl. ook Feddema, *op. cit.*, p.10.

268. Legassick, *op. cit.*, p.107. 'n Vlugtige blik op die name van die verskillende *dikgôrô/makgotla* waaruit Tswanastamme saamgestel is, toon die omvang van die verskynsel aan.

269. Die Bapô, Bakwêna ba Mogôpa, Batlhalerwa en enkele Bahurutshestamme is voorbeelde hiervan.

grense wat deur die Blanke daargestel is, stamme verdeel en uiteindelik gelei tot die ontstaan van nuwe stamme.[270]

Histories gesien kom dit egter voor asof fissie as dominante proses aan die einde van die agtiende - begin van die negentiende eeu vervang is deur fusie.[271] Die rede hiervoor is stellig te vind in die relatiewe en toenemende gebrek aan onbesette gebied as gevolg van die intensiteit van die fissieproses wat in die voorafgaande tydperk plaasgevind het. In hierdie verband kan verwys word na die herintegrasie van die Barôlông boo Ratshidi van Tawana en Matseka;[272] Kgatla-Kgafêla onder Kgotlamaswe, Kgamanyane, Tshomankane en Letsebe;. Kwêna van Baanami en Jokoba, en Ngwato onder Macheng, Kgamane, Mphoeng en Sekgoma-Kgama.[273] Die Barôlông boo Rapulana en Mare-a-Phogole kan ook as voorbeelde dien. Dit val egter op dat, soos wat fissie plaasgevind het onder leiding van figure uit die regerende linie, so is ook fusiebewegings gelei deur bloubloediges - hetsy terug na die stam waaruit weggebreek is, hetsy na 'n ander stam om daar aangeheg en geïnkorporeer te word.

Die toename van die aantal stamme verhoog noodwendig die moontlikheid van interstamlike konflik en dié konflik, gepaard met die lewensonsekerheid wat deel daarvan is, het skynbaar ook fusie bevorder. En dan wel op twee wyses, naamlik dat die oorwinnende stam dié deel van die oorwonne stam wat nie kon ontvlug nie, dikwels onderwerp en inlyf, terwyl die elemente wat wel kon ontvlug veelal aangeheg raak by 'n ander goedgesinde stam. In

---

270. Bv. die Barôlông boo Rapulana en Kgatla-Kgafêla.

271. Legassick, *op. cit.*, p.107.

272. Molema, *op. cit.*, (1966), p.10.

273. Vgl. Schapera, *op. cit.*, (1952), p.15.

hierdie verband kan verwys word na die Malebye-, Mobodisa-, Rokologadi- en Bodidiwyk van die Bakgatla van Botswana en die Sikwa- en Madibanawyk van die Malete van Botswana.[274]

Dan moes ook die feit van 'n gemeenskaplike vyand stimulerend op die fusieproses inwerk. So het verskeie Barôlôngstamme skuiling gaan soek by die boo Seleka van Thaba Nchu in die tyd van Mzilikazi terwyl die Bakwêna (van Botswana) en Bangwaketse in dieselfde tyd na die Bamangwato gevlug het en die Bahurutshe by die Barôlông gaan skuil het.[275] Mackenzie se verwysing na 'n *tswaragana moswang* waartydens verskeie stamme hulle onder proteksie van die Bamangwato geplaas het,[276] lê in lyn hiermee, asook die samewerking wat daar te Mahikeng bestaan het tussen die Barôlông boo Ratshidi en verskeie Bahurutshestamme téén die Blanke gemeenskap wat die Marico-omgewing beset het.[277] Die beleid van die Blanke gesaghebber ten opsigte van die erkenning van stamhoofde op stamgrond het ook fissie bekamp en as gevolg hiervan was sommige groepe wat reeds weggebreek het verplig om òf terug te keer na die moedergroep òf hulleself te heg aan 'n bestaande stam onder 'n erkende stamhoof.

Die wyse waarop fusie plaasvind, hang natuurlik saam met die onderlinge verhouding tussen die betrokke etnieë. Sou die verhouding tussen stamme simmetries wees, bestaan daar algemeen geldende "internasionale" reëls, kodes en norme wat geldend is vir

---

274. Vgl. Schapera, *op. cit.*, 1956 (1963), p.21.

275. *Id.*, *op. cit.*, (1952), p.22.

276. Mackenzie, J. *Ten Years North of the Orange River.* London. 1871, p.393.

277. Gronum, C.F. Boer en Bantoe op die Wesgrens. M.S. Inst. vir Afrikanistiek. P.U. vir C.H.O., pp.3, 9, 61, 81-83.

interstamlike verhoudinge[278] en was fusie normaalweg beperk tot die assimilasie van indiwidue wat van een stam na 'n ander beweeg het. Indien aanvaar, word so 'n indiwidu of gesin geïnkorporeer in 'n *kgôrô* en word 'n volle lid daarvan, maar laer in rang as die oorspronklike lede.[279] Hierdie tipe interstamlike migrasie was skynbaar algemene praktyk en daarin moet ook gesoek word na een van die redes vir die breër binding wat daar binne die verskillende Batswanastamme bestaan. Hierdeur het 'n redelike mate van kultuurstandaardisasie plaasgevind en is dit voortgesit.

Die verhouding tussen stamme kan egter ook asimmetries wees soos die Batlhalerwa en Bakgatla ba ga Kgafêla; Barokologadi en Bakgatla ba ga Kgafêla; Batlokwa en Bakwêna (van Botswana); Batsatsing en Barôlông en verskeie andere. Sulke onderworpe etnieë was belastingpligtig ten opsigte van die heersende stam. Sommige van hierdie onderworpe groepe het later hulle soewereiniteit herwin, maar andere is deur die heersende stam verdeel, onder gesag van kern-*dikgôrô* geplaas en mettertyd geassimileer.[280a] Sosiale assimilasie moes egter voorafgegaan word deur die verwerwing van burgerskap van die stam - 'n kwalifikasie wat baie spoediger verkry is deur Tswana as nie-Tswana, soos byvoorbeeld Kgalagadi, Sarwa, Mpukushu en Subia.[280b]

---

278. Vir 'n uiteensetting in hierdie verband, vgl. Numelin, R. *Intertribal Relations in Central and South Africa.* Centraltrykeriet. Helsingfors. Helsinki. 1963, p.9 *et seq.*

279. Schapera, I. *A Handbook of Tswana Law and Custom.* O.U.P. 1938, p.119.

280a. Language, *op. cit.*, (1943), p.81.

280b. Schapera, *op. cit.*, (1938), p.121. Vgl. ook Chapman, J. *Travels in the Interior of Africa (1849-1863).* Balkema. Cape Town. 1971, p.62-63; 71.

Waar die vreemde groep hom uit eie keuse by 'n bestaande stam voeg, kon hulle ingesluit word by bestaande *dikgôrô*, 'n bestaande *kgôrô*, of kon hulle 'n eie woongebied toegeken en hulle leier as *kgosana* erken word, wat dan vir die bestuur van sy groep verantwoording verskuldig was aan die stamhoof. So 'n groep geniet dan direkte verteenwoordiging op die *lekgotla (la dikgosana)* maar geniet die status van *badintlha*, want *"fa tlou e tlola noka ke tloutswana"*.[281] Lojaliteit teenoor die stam en stamhoof, uitvoering van instruksies uit die hoofstat, betaling van belasting, ens. is belangrike voorwaardes vir ewentuele beskouing as integrale deel van die stam. Deur die *bogwêra* en *bojale* wat oor alle *dikgôro* heensny, kongruensie in waardes, vriendskap en huweliksluiting, vind die finale inkorporasie dan plaas. Indien so 'n groep nie afsonderlik erken word nie maar opgeneem word binne die *bakgosing* (stamhoofskgôrô), word hulle ook finaal geïnkorporeer as gevolg van die bogenoemde prosesse.

Burgerskap as voorvereiste vir fusie kon op verskillende wyses verkry word. Die belangrikste voorwaardes hieraan verbonde is die aanvaarding van die gesag van die stamhoof, inwoning en die bereidheid van die kerngroep om die immigrante as burgers te aanvaar. Die inkorporasievermoë van die stam is dus groot maar ook nie perkeloos nie. Daar bestaan meganismes waardeur immigrantegroepe verhinder word om die bewind van die stam oor te neem. Hierdie meganismes is geleë in die regte en pligte van vreemdelinge *vis-a-vis* die kerngroep. So bestaan daar verskillende kategorieë burgerskap wat inhoudelik verskil en hiërargies georden is,[282] byvoorbeeld *dikgosana* (adellikes); *batlhan=*

281. Schapera, *op.cit.*, (1938), p.120. "As (die) olifant die rivier oorsteek is hy 'n olifantjie." Dan is hulle dus "mense van die kant" in teenstelling met "hulle van die middel".

282. *Ibid.*, p.27.

*ka; bafaladi* en *malata*. In terme van status, regte, pligte en voorregte vorm hierdie kategorieë wesentlik konsentriese sirkels. Daar is by die Tswana "... zelfstandige onderdelen, waarvan er één, de kern, en meesal strichtergroep, de *heersende groep* is en tevens de spil waarop de andere aansluiten om te=zamen daarmee de eenheid te vormen"[283]. Finalitêr is dit die magies-religieuse kragte van die stamhoof as kernpunt waarin die politieke ordening ingebed is wat hierdie "regering deur die minderheid" sanksioneer en in staat stel om vreemde elemen=te in die stam te versmelt sonder om die bewind te verloor. Hierdie gesagsbeginsel is ook die rede waarom fissie en fusie gelei is deur persone uit die regerende linie.

Hoewel fusie dus aangetoon kan word by die Batswana, het dié proses bestaan uit die inkorporasie van etnieë en elemente van etnieë by 'n bestaande etnos as kern. In dié proses het die in=stitusies van *kgôrô*, burgerskap, *bogwêra*, *bojale* en die huwelik 'n baie belangrike rol gespeel. Geen voorbeeld kon gevind word waar twee of meer stamme *as gelykes* in mekaar opgegaan het nie. Ook is die instituering van onderlinge samewerking in die vorm van 'n betreklik permanente konsosiatiewe struktuur blykbaar on=bekend aan die politieke kultuur van die Tswana.

Laastens moet tog gewys word op 'n interessante analogie in die proses van inkorporasie. Indien eerstens aanvaar word dat die gesin die oerbron van samewerking is, kring die samewerking breër uit sodat 'n aantal *masika* versmelt word binne 'n *kgôrô*. Die feit van 'n *kgôrô* impliseer dus dat die verskillende *masika* deur omstandighede gedwing is om in breër verband te versmelt. Die *kgôrô* as sosiopolitieke eenheid skep dus reeds 'n analogie

---

283. Holleman, *op. cit.*, p.26.

vir die fusie van 'n aantal *dikgôrô* in 'n nog breër eenheid, naamlik die stam *(morafe)*. Nadat die stam as vrug van politieke ewolusie ontstaan het, word dit deel van die politieke kultuur en is die onderskikking van *kgôrô*-gesag aan stamgesag logiese politieke praktyk. Dus bestaan daar wel 'n duidelike analogie vir die fusie van stamme in 'n nasie. En tog is dié analogie nooit deurgetrek nie.

Daarom immers bestaan daar 'n sewentigtal stamme in Bophuthatswana, elk met sy eie geskiedenis, grondgebied, nasionale simbole en gevolglik eie identiteit. Maar hierdie stamme sou wel beïnvloed word ten gunste van fusie as gevolg van die bevoogding deur etnieë van ander oorsprong.

## HOOFSTUK V

## DIE BATSWANA: ONDERWERPING EN BEHEERSING, 1826 - 1910

Teen die begin van die negentiende eeu was die Batswanastamme reeds versprei in die gebied noord van die Vaalrivier, wes van die huidige Groblersdal-omgewing en oos van Kuruman-Taung. Die noordelike stamme was toe reeds gevestig in die huidige Botswana.[1] Tydens die *Difaqane*-tydperk wat ingelui is as gevolg van die opkoms van 'n nuwe staat in Natal,[2] het die Batswanastamme verder verstrooi geraak. As gevolg van hierdie verstrooiing het alle stamme nie gelyktydig onder vreemde gesag gekom nie. Chronologies gesien was dit die stamme van Sentraal-, Wes- en Noordwes-Transvaal wat eerste onder vreemde gesag gekom het. Daarna volg die stam en stamsplinters wat gedurende die *Difaqane*-tydperk uitgewyk het na die gebied suid van die Vaalrivier. Die stamme van die latere Brits-Betsjoeanaland en Betsjoeanaland Protektoraat is die laaste groep Tswana wat hulle gesagsoorspronklikheid sou verloor. Die onderwerpende eenhede was die Amandebele (Matebele) van Mzilikazi, die Afrikaner en die Brit.

Dié onderwerping is oorwegend bekend maar moet hier verhaal word.

---

1. Vgl. Lye, W. F. The distribution of the Sotho people's after Difaqane. *In:* Thompson, L. (Ed.), *op. cit.*, p. 192.

2. Vgl. Omer-Cooper, J. Aspects of political change in the nineteenth century Mfecane. *Ibid.*, p. 207.

## 1. Die Matebele

### 1.1 Vestiging van Matebelegesag

Dit is bekend dat Mzilikazi as hoof van 'n Khumalosplinter in 1822 uit die opkomende imperium van Tsjaka oor die lewering van oorlogsbuit weggebreek het.[3] Na tydelike skuiling te eTubeni waar ook botsings met *izimpi* van Tsjaka plaasvind, word Trans=vaal binnegetrek.[4] Aan die Olifantsrivier word die hoofkraal ekuPumuleni aangelê, waarvandaan strooptogte op naburige stamme onderneem is. In 1824 word 'n Matebele-aanval op die Bapedi in die Steelpoortvallei egter suksesvol deur laasgenoemde afge=slaan.[5] Hiervandaan word verkenningswerk tot so ver as die Limpoporivier gedoen[6] en moes Mzilikazi ook berig ontvang het van die Tswanagebied.

In die herfs van 1825 - ander bronne sê 1826[7] - verlaat die Khumalo met 'n Sotho-substratum ekuPumuleni en trek weswaarts tot in die omgewing van die huidige Pretoria, waar tydelike ge=vestig word. Gedurende die somer van 1825-1826 volg dan aan=

---

3. Bryant, A. *Olden Times in Zululand and Natal*. Longmans, Green & Co. London. 1929, p.421. Krige, E. J. *The Social system of the Zulus*. Shuter & Shooter. Pietermaritzburg. 1936 (1957), p.12.W. F. Lye (The Ndebele Kingdom South of the Limpopo. *J.A.H.*, X, 1 (1969), p.88) stel die datum eg=ter as laat in 1823.

4. Summers, R. & C. W. Pagden. *The Warriors*. Books of Africa. Cape Town. 1970, p. 59. Becker, *op. cit.*, p.36 *et seq.*

5. Becker, *op. cit.*, p.59-60. Lye (1969), p.89.

6. Becker, *op. cit.*, p.73.

7. Summers & Pagden, *op. cit.*, p.60.

valle op Tswanastamme in die Pretoria-Brits-Rustenburg-omgewing wat op daardie stadium nog besig was om te herstel van 'n ver=strooiing wat in 1823-1824 veroorsaak is deur die Bapedi.[8] Hier word die Bakgatla, Bakwêna, Bafokeng, Bahwaduba en andere gedeeltelik verstrooi en gedeeltelik onderwerp. Gedurende die=selfde tydperk (1826) sluit groepe verwante Ndwandwe-krygers uit die suide by Mzilikazi aan en versterk sõ die Ngunikern te midde van die vinnig groeiende Sotho-Tswana-substratum.[9] In 1827 wreek 'n Matebele-gevegseenheid wat gestuur is om die Shonagebied te verken, hulle op die Bapedi[10] en voer talle Bape=di as slawe na Mzilikazi. Gedurende dieselfde jaar word die Batlhaping van Mankurwane in die omgewing van Taung aangeval.[11] Tswana- en Pedikrygsgevangenes onder toesig van Matebele-toesig=houers bou gedurende hierdie tyd die drie permanente krale van die Matebele aan die Apiesrivier, naamlik Endinaneni, Ekungwini (beide militêre krale) en Emhlahlandlela. Te Ekungwini ontvang Mizilikazi in 1827 besoek van Schoon en McLuckie, twee handelaar=jagters,[12] terwyl ook Moffat hier besoek aflê in 1829.[13]

Met hierdie drie krale as kragpunte is die onderwerping van die inheemse Batswana deur die immigrantegroep voortgesit soos wat tussendeur uit die vorige hoofstuk geblyk het.

---

8. Coertze, R. D. *Op. cit.*, p.40.
9. Summers & Pagden, *op. cit.*, p.59. Lye (1969), p. 89.
10. Huyser, J. D. Die Naturelle-politiek van die Z.A.R., 1838-1877. D.Phil.-proefskrif. U.P. 1936, p. 25.
11. Arbousset & Dumas, *op. cit.*, p. 186.
12. Becker, *op. cit.*, p.102 *et seq.*
13. Wallis, J.P.R. (Ed.) *The Matebele Journals of Robert Moffat.* Chatto & Windus. London. 1945.

In 1828, terwyl 'n aanval deur die Matebele gedoen word op die Bangwaketse, val 'n kommando bestaande uit Korannas, Bergenaars, Bataung en Barôlông onder Jan Bloem die Matebele-gebied binne en roof 'n groot hoeveelheid vee.[14] Twee jaar hierna (1830) word die Shona aangeval deur 'n Matebelemag bestaande uit sowat 3 000 krygers.[15] Terwyl dié aanval suid van die Matôppoheuwels plaasvind, beleef die Matebele 'n aanval deur 'n *izimpi* van Dingane onder Ndlela en Nbozo.[16] Die Matebelemag wat inderhaas gemonster kon word teen die Zulumag, word verslaan en vee word weggevoer.[17] Hoewel seergemaak, was die Matebele geensins deur die aanval geknak nie, want in 1831 word, in afwesigheid van die beste Matebelekrygers wat 'n strooptog op die Bamangwato gaan uitvoer het,[18] 'n gewapende Griekwabende van Barend Barends en onder leiding van Gert Hooyman wat vee kom roof het, op drie na, uitgemoor.[19] In dieselfde jaar waag 'n *izimpi* wat blykbaar op die spoor van die suidwaarts-vlugtende Bafokengstamhoof, Noge, was, 'n aanval op Moshoeshoe se Thaba Bosiu.[20] In die lente van 1831 volg 'n tweede Zulu-aanval op die Matebele, maar dié aanval eindig skynbaar onbeslis.[21]

---

14. Lye, *op. cit.*, (1969), p. 91.
15. Summer & Pagden, *op. cit.*, p. 60.
16. Coertze, R. D. *Op. cit.*, p. 44. Lye (1969) stel die jaartal op 1832 met erkenning dat sekere bronne wys na 1830.
17. Summer & Pagden, *op. cit.*, p.60. Becker, *op. cit.*, p. 136. Coertze, R. D. *Op. cit.*, p. 44.
18. Becker, *op. cit.*, p. 142-143.
19. *Ibid.*, p. 144. Kirby, *op. cit.*, p. 115 en 382.
20. Coertze, R. D. *Op. cit.*, p. 44. Becker, *op. cit.*, p. 140. Kirby (ed.), p. 115.
21. Becker, *op. cit.*, p. 152.

Waarskynlik was dit die wete dat Dingane sy woongebied ontdek en van sy rykdom kennis geneem het wat Mzilikazi laat besluit het om sy woonplek weswaarts te verskuif. Dit gebeur in 1832 toe hy drie nuwe krale aanlê in die gebied oorspronklik deur die Bahurutshe bewoon (Marico) en wat in 1823 deur die Bataung van Moletsane geplunder is. Dié gebied was op daardie stadium reeds deur die Matebele "opgeruim". Mosega wat herbou is deur die Matebele[22] en geleë was te Buffelshoek naby die huidige Zendelingspos, is as suidelikste woonpunt en hoofstat aanvaar. Die tweede was Mezeg aan die voet van Enzelsberg terwyl Egabeni (Kapain) aan die voet van Silkaatskop die derde en noordelikste kraal was.[23] Laasgenoemde sou ook die setel wees van die *Igaba-izimpi*.[24] Versprei tussen hierdie drie hoofkrale was daar talle kleineres. Vanuit Mosega is die suidgrens bewaak deur Mkalipi; Sibekhu moes vanuit Egabeni die noordgrens dek, terwyl Marapi vanuit die ou Hurutshe-hoofstad, Tshwenyane, die oos-flank moes patrolleer. Kampu was oënskynlik verantwoordelik vir die noord-westelike grens vanuit sy kraal vyftig kilometer noord van Tswenyane.[25]

In hierdie nuwe gebied is die gesag van die Matebele gekonsolideer en gestabiliseer en is dit verder uitgebrei.[26] Talle ekspedisies met die oog op onderwerping van Tswanastamme, belasting-

22. Vgl. Kirby (ed.), *op. cit.*, Vol. II, p. 11.
23. Coertze, R. D. *Op. cit.*, p.44. Gronum *(op. cit.,)* spreek egter van Kopanyeng in plaas van Egabeni/Kapain.
24. Summers & Pagden, *op. cit.*, p.61.
25. Becker, *op. cit.*, p. 156-157.
26. In 1834 het daar ongeveer 25 spioene van Mzilikazi so ver as by die Koranna van Jan Kaptein te Boetsap opgedaag. (Kirby, *op. cit.*, Vol. I, p. 321.)

invordering en bestraffing van stamme wat nie ywerig genoeg was in die betaling van belastings nie, is hiervandaan onderneem. Hier is Mzilikazi ook besoek deur verskeie Blanke geselskappe[27] en jaggroepe, terwyl 'n tweede strooptog van Jan Bloem in 1834 beleef word deur die Matebele in die nuwe woongebied.[28a]

Dit blyk uit die literatuur dat Mzilikazi in 'n bietjie meer as 'n dekade een van die grootste Swart state in Suider-Afrika opgebou het. Rondom die oorspronklike Khumalo-kern van 200-300 krygers, vroue en kinders[28b] - nie duisende krygers soos Hole beweer nie[29] - het die Matebele-koninkryk in 1829 na raming reeds 60 000 - 80 000 mense omvat.[30] Die sterkte van die weer=mag is in 1827 gestel op tussen 4 000 en 5 000 krygers;[31] in 1835 op oor die 5 000,[32] terwyl tussen 5 000 en 6 000 aangedui word vir 1836.[33] Met hierdie mag is 'n gebied van ± 50 000 vierkante kilometer,[34] dit wil sê die gebied soos begrens deur die Vaalrivier, Molopo, Pedi aan die oostekant en semi-woestyn=

---

27. Bv. Smith in 1834, Moffat in 1835 en Harris in 1836.
28a. Lye, *op. cit.*, (1969), p. 94.
28b. Vgl. *ibid.*, p. 96. Brown, R. The external relations of the Ndebele Kingdom in the pre-partition era. *In:* Thompson, L. (Ed.), *op. cit.*, p. 261.
29. Hole, H. M. *The passing of the Black Kings*. Allan. London. 1932, p. 13.
30. Brown, *op. cit.*, p. 261.
31. Becker, *op. cit.*, p. 103.
32. Summers & Pagden, *op. cit.*, p. 167.
33. Hole, *op. cit.*, p. 52. Becker, *op. cit.*, p. 167.
34. Vgl. Lye, *op. cit.*, (1969), p. 96. Thomson (by Wilson, M. & L. Thompson. *The Oxford History of South Africa*. O.U.P., 1969, Vol. I, p. 404) verwys na 48 000 vierkante kilometer.

dele aan die westekant, onderwerp en beheer oor die oorspronklike inwoners daarvan uitgeoefen. Dié hele gebied is blykbaar egter nie intensief beheer nie. Die intensiteit vàn beheer sou voorgestel kon word deur drie konsentriese sirkels: Die hartland óf kerngebied onder intensiewe Matebele-beheer en wat bewoon is deur Matebele en politiek-geïnkorporeerdes; tweedens 'n periferie van onderworpe Batswana onder gesag van Matebele-hoofde; derdens 'n buitekring van Batswana onder hulle tradisionele hoofde, dog met aanvaarding van die opperhoofskap van Mzilikazi en gevolglik die verpligting tot belasting en lewering van krygers vir die *izimpi*, en laastens 'n penumbra van Batswana en ander stamme wat teoreties onafhanklik was, maar van wie die Matebele van tyd tot tyd "belasting" opgeëis het.[35] Dit is stellig dan ook in laasgenoemde sin wat Summers en Pagden se stelling, naamlik "their weapons ruled what are now the Transvaal and Orange Free State with absolute power"[36] verstaan moet word. Nogtans kan aanvaar word dat die rykste en digsbevolkste Tswanagebiede onder beheer van die Matebele was. Hoeveel Batswana daar binne die Matebelestaat was, kan nie vasgestel word nie. Ons kan egter wel 'n rowwe beeld hiervan kry as in aanmerking geneem word dat ten spyte van die feit dat baie Tswana-onderdane in Transvaal agtergebly het in 1837,[37] en die wat wel saamgevlug het na bo sou assimileer, die verhouding

---

35. Vgl. Kirby (ed.), *op. cit.*, Wallis (ed.), *op. cit.*, Omer-Cooper, *op. cit.* Arbousset & Dumas, *op. cit.*, p.186-187. Lye, *op. cit.*, (1969).

36. *Op. cit.*, p. 61. Die getuienis van sekere Voortrekkerbronne (Z.A.R. SS 131/65) is enigsins oordrewe.

37. Vgl. Hughes, A. J. P. *Kin, Caste and Nation among the Rhodesian Ndebele.* Manchester University Press. 1956, p. 54.

tussen Batswana (Sotho) en Matebele in 1934 nogtans 5:3 was.[38]

Gesag oor die Batswana is met militêre geweld verkry. Tswana=stamme binne die toekomstige Matebelehartland is veelal sonder waarskuwing aangeval, die oues en kleiner kinders om die lewe gebring, terwyl jong manne en jong vroue weggevoer is vir in=lywing in Matebeleregimente en as vroue vir oorlogsveterane. Oor die wyse van gesagsverkryíng in die periferie lig Moffat die sluier as hy skryf: "When any town or towns, like the Gebeonites of old, sued for his (Mz.) friendship and protection, he promptly acceded, immediately sent consuls with the profes=sed object of assuring them of Mos. friendship and defending them and their prosperity, but in reality to represent their sovereign and be spies on all their transactions. The result was that the warriors of the town were soon called to unite with those of their new ally and very likely on their first re=turn from the capture of cattle they would seize those of their unconscious assistents on the pretence that they would be safer under the care of Mzilikazi. From thence would commence the vassalage of the whole body whom Mos. endeavoured as soon as possible to amalgamate with his own people."[39]

## 1.2 Uitvoering van Matebelegesag

'n Rekonstruksie van die politieke struktuur van die Matebele=koninkryk kan nie vandag meer met akkuraatheid gemaak word nie. Die bronne hiervoor is, soos opgemerk deur Kuper, Hughes en Van Velsen " ... lamentably vague about the social organisation

---

38. *Ibid.*, p.58.

39. Wallis. *op. cit.*, Vol. I, p. 10-11.

of the Ndebele in the days of the Kings."[40] Die ruwe buitelyne en die plek van die Batswana daarin kan egter wel in breë terme gestel word.

In teenstelling met Tsjaka se koninkryk waarin die hoogs gesentraliseerde weermag 'n staat binne 'n staat was, was die weermag by die Matebele die staat.[41] Aan die spits hiervan was Mzilikazi, die bron van gesag en aan wie alle grond, vee en mense behoort het. Direk onder hom en uit die geledere van die adellike Khumalo, het gestaan die *Abenumzana* wat ook raadgewers van Mzilikazi was. Die hoofde van die leër het blykbaar gelyke of meer mag as die *Abenumzana* gehad en het bekend gestaan as *Izinduna*,[42] wat later *Izinduna 'Nkulu* sou word. In 1835 is drie hiervan geïdentifiseer, naamlik Kalipi, Kabalonta en Mncombate.[43] Ander mindere *izinduna* was in bevel van die verskeie militêr-administratiewe distrikte binne die "provinsies" onder beheer van *Izinduna 'Nkulu*. Dan kom dit ook voor asof Mzilikazi inspekteurs gehad het wat voorrade in die verskillende distrikte nagegaan en aan hom verslag gelewer het.[44] Mzilikazi se vroue wat in elke hoofkraal aangetref kon word en wat voordurend inligting aan hom oorgedra het, het hom stellig ook in staat gestel om kontrole oor ondergeskiktes uit te oefen.

---

40. *The Shona and Ndebele of Southern Rhodesia.* Ethnographic Survey of Africa, International Afr. Inst. London. 1955, p. 63.

41. Omer-Cooper, *op. cit.*, p. 218.

42. Vgl. Lye, *op. cit.*, (1969), p. 98. Smith skryf (Kirby, *op. cit.*, (II), 79): "Calepi is a *tuna* but he has ... more power and greater command than many *munzan*..."

43. Kirby, *op. cit.*, (II), p. 138. Becker,(*op. cit.*, p. 155-156) verskil egter hiervan.

44. Vgl. *ibid.*, p.146.

Omdat die militêre struktuur dominant was, was die *izinduna* as bevelhebbers van die verskeie *izimpi* ook burgerlike ad=ministrateurs. Onder hulle gesag was oorlogsveterane (*amadoda*) wat reeds getroud was, die vreeslose jong krygers (*amajaha* - Kirby verwys na hulle as "Machacha" -) wat afsonderlik gewoon het, en ook die jeugdiges wat die vee opgepas het.[45] Soos by die Swazi het hierdie militêre struktuur oor die staatsbevolk=ing gesny en het 'n sterk integrerende krag daarvan uitgegaan.

Alhoewel die grootste hoeveelheid krygers gehuisves is in die omgewing van die hoofstad, was daar ook groot getalle van hulle gestasioneer by die agt tot tien militêre poste aan die noorde=like, oostelike en suidelike flanke.[46]

Tussen hierdie poste is Tswana in groepe gevestig wat dan moes omsien na die veetroppe.[47] 'n Ander bron wys egter ook daarop dat "... in regions vulnerable to attacks by marauding armies he placed the Bechuana and other alien members of his tribe."[48]

Na die onderwerping van die Batswana het daar 'n baie duidelike etniese stratifikasie in die Matebelekoninkryk bestaan. Die boonste laag is gevorm deur die Khumalo en ander Nguni-elemente uit die suide wat die gesaghebbers was en bekend gestaan het as *Abezansi*. Hierdie groep het die aristokrasie gevorm en daaruit het die *Abenumzana* en *Izinduna* na vore gekom - stellig ook die

---

45. Vgl. Lye, *op. cit.*(1969), p. 99.

46. *Ibid.*, p. 100.

47. Verskeie van hierdie Batswanagroepe is deur die ekspedisie van Smith aangetref. So skryf hy (Kirby, *op. cit.*, (II), p. 168): "Kama, one of the Baquan chiefs was in charge of a post of cattle belonging to Masalacatzie."

48. Becker, *op. cit.*, p. 147.

*Abalisa*, dit wil sê die junior offisiere. Die onderworpe Sotho-Tswana het 'n duidelike substratum gevorm en bekend gestaan as *Amaholi* - 'n groep met die sosiale konnotasie van slawe/arbeiders/minderwaardiges.[49] Alhoewel die verhouding tussen *Abezansi* en *Amaholi* nie baie duidelik is nie en die getuienis soms weersprekend is, kan die volgende punte egter wel gestel word ten opsigte van Mzilikazi se Tswanabeleid.

(a) Ten einde sy *izimpi* te versterk is jong Tswanamans (*masogana*) geïnkorporeer in die gevegseenhede. Jong Tswanavroue is blykbaar aan die *Amadoda* uitgegee as vroue wie se kinders later *Abenhla* sou wees. Ook is daar op die kinders van *Amaholi* beslag gelê. Só is Smith in 1835 meegedeel deur Batswana dat die Matebele hulle kinders wegneem en medisyne ingee sodat hulle hulle (Tswana) ouers vergeet.[50] Elders deel hy mee: "Last year the Matebele collected all the young boys of the poor Caffers in this direction and carried them off and formed a new post for them."[51]

(b) Alhoewel die Tswanamans as krygers geïnkorporeer is in die *izimpi*, het hulle blykbaar ook hier 'n substratum uitgemaak en gestaan onder *Abalisa* en *Izinduna* uit die *Abezansi*.[52] Maar hier was skynbaar ook uitsonderings, want ons verneem dat Marapi ('n Motswana) gevorder het tot bevelhebber van die magte te Tswenyane met die rang

---

49. Vgl. Kuper, Hughes & Van Velsen, *op. cit.*, p. 72 *et seq.* Dit is egter interessant dat die Sotho-Tswana, ná vestiging in Rhodesië, *Abenhla* word en die Shona *Amaholi*.

50. Kirby, *op. cit.*, (II), p. 171.

51. *Ibid.*, p. 177.

52. Lye, *op. cit.*(1969), p. 99.

van *induna*.[53]

(c) Benewens die krygers en vroue van die *Amadoda*, is sommige Tswana wel toegelaat of verplig om ook in Matebelekrale te woon, terwyl andere òf onder hulle tradisionele hoofde òf onder *Zansi*-superintendente in belang van die Matebele gearbei het, hoofsaaklik as veewagters of as "clients of individual Nguni." Smith skryf die Batswana "... appear to be in two classes ... those who reside among the conquerors in the same kraals who are more esteemed, better treated and have more food. The others generally live apart in small kraals."[54] Laasgenoemde groep leef in die grootste armoede.

(d) Soos Stalin met ander nasionaliteite in die U.S.S.R., was dit blykbaar ook deel van Mzilikazi se beleid om Batswana te verskuif uit hulle oorspronklike woongebied. Die Smith-ekspedisie het verskeie groepe Batswana teëgekom wat onder militêre begeleide besig was om te trek.[55]

(e) Die mate van onderdrukking wat die Batswana aan die hand van die Matebele moes deurmaak, is verbysterend. Soos reeds gestel is kinders van hulle ouers weggeneem. Batswa= na is verbied om handel te dryf[56] en waar dit wel gebeur het, is die handelsartikels deur die Matebele gekonfis= keer.[57] Talle Bahurutshemans is van hulle gesinne ver=

---

53. Becker, *op. cit.*, p. 155. Vgl. ook Thompson by Wilson & Thompson, *op. cit.*, (I), p. 405.

54. Kirby, *op. cit.*, (II), p. 146.

55. *Ibid.*, pp. 126, 143, 161.

56. *Ibid.*, pp. 43, 382.

57. *Ibid.*, p. 42.

wyder[58] en Batswana "... are ordered about like dogs and if they wish any peace or favour they are necessitated to supplicate young Matabeli in a most humiliating manner."[59]

(f) "Belasting" is ingevorder by stamme buite die hartland. So word verneem dat die Bakwêna van die latere Botswana in 1833 aangeval is, omdat hulle nie belasting betaal nie[60] en die Barôlông te Khunwana in 1832 aangeval is, omdat hulle twee gesante van Mzilikazi wat belasting ingevorder het, vermoor het.[61] Ook die Bapedi het gevolg gegee aan Mzilikazi se eis om graan.[62]

(g) Oor huweliksluiting tussen Matebele en Batswana is daar geen betroubare gegewens nie. Tswanavroue is wel geneem deur *amadoda*, omdat die Matebele as 'n groep krygers nie as groep oor genoeg vroue beskik het nie. Die kinders van hierdie Tswanavroue het blykbaar 'n laer status as hulle vaders gehad. Ons weet ook dat ondertrouing en buite-egtelike verhoudings tussen teenoorgestelde geslagte uit die verskillende strata later verbode was.[63] Dit kan egter as feit aanvaar word dat 'n huwelik tussen 'n *Zansi*vrou en Tswana *(Holi)*-man nie kon plaasvind nie.

---

58. *Ibid.*, (I), p. 69.
59. *Ibid.*, (II), p. 138.
60. *Ibid.*, (I), p. 350.
61. Lye, *op. cit.*, (1969), p. 93.
62. Arbousset & Dumas, *op.cit.*, p. 186.
63. Kuper, Hughes & Van Velsen, *op. cit.*, p. 74.

Om hierdie stelsel in stand te kan hou en in te skerp is natuurlik vryelik van geweld gebruik gemaak. Met geweld is die diversiteit byeen gehou, terwyl geselekteerde Batswana-elemente versmelt is met die Matebele. Terselfdertyd is ook die dominasie en sosiale differensiasie wat die bedeling gekenmerk het, in stand gehou. Die militêre organisasie was dus instrumenteel in die opbou en byeenhou van die Matebeleryk sowel as die handhawing van die posisie van die *Zansi* binne die ryk. Die *izimpi* was die eenhede van sosiopolitieke betekenis en nie die *dikgôrô/makgotla* soos by die Batswana nie. Onder die omstandighede verkry die setels van die regimente dus sommige kenmerke en funksies van substaatkundige eenhede in die pre-*difaqane* tydperk.[64] En alhoewel die regimente dan feitlik territoriale segmente van die "nasie" word, is die kragsverdelende fissie oënskynlik verhoed, omdat die *izinduna* nie oor die charismagewende koninklike bloed beskik het nie. Sonder sy militêre organisasie sou Mzilikazi dus ook nie bekend geword het as *Umdabuli we Sizwe* (maker van die nasie) nie.

Oor die houding van die Batswana ten opsigte van Matebelebeleid is die inligting ewe gebrekkig. Uit hoofde van die Batswana se aanwending van die *le* - *ma* prefikse in plaas van *mo* - *ba* in verwysings na die Matebele, kan wel 'n groot sosiale afstand afgelees word.[65] Ook is dit bekend dat verskeie Tswanagroepe probeer het om Matebelegesag te ontvlug. Sulke groepe Batswana is normaalweg agternagesit, talle is om die lewe gebring en die res is teruggedwing na die Matebelegebied. Verder is dit opgeteken dat onderworpe Batswana probeer het om Griekwas en Korannas te oorreed om die Matebele aan te val. Die Griekwamag van

---

64. Omer - Cooper, *op. cit.*, p. 221.
65. Vir Moffat se naskrywing van die Batswana se woordgebruik, vgl. Wallis, *op. cit.*, (I), p. 20.

1831 sou dan ook, benewens Griekwas, bestaan het uit Barôlông, Bataung "... and almost every other Bechuana tribe."[66]

In die lig van die Batswana se onderworpenheid aan die Matebele is dit goed te begryp dat hulle bereid sou wees om hulp aan die intrekkende Afrikaner te verleen téén die gemeenskaplike vyand, naamlik die Matebele. Trouens, Livingstone, anti-Afrikaner soos hy was, het dit nodig gevind om te skryf dat die Boere "... were actually welcomed as rescuers when they ejected Umzilikazi."[67]

## 1.3 Beëindiging van Matebelegesag

Matebele-aanvalle op Blanke jagpartye en trekgroepe in 1836 was die direkte oorsaak van sy verdrywing uit Transvaal.[68] Uit weerwraak teen die aanvalle en in 'n poging om geroofde vee terug te haal, vind die eerste aanval van die Afrikaner soos bygestaan deur Batswana, in Januarie 1837 plaas.[69] Die Barô=lôngstamhoof, Matlhaba, en ses van sy stamgenote het as pad=

---

66. Becker, *op. cit.*, p. 142.

67. Aangehaal deur Agar-Hamilton, J.A.I. *The Native Policy of the Voortrekkers*. Maskew Miller. Cape Town. 1928. p. 132.

68. Drie aanvalle is aangeteken vir 1836, naamlik dié op die jaggroep van Stephanus Erasmus, die Liebenbergs en te Vegkop.

69. Summers & Pagden (*op. cit.*, p. 64) beweer dat die taakmag bestaan het uit 125 boere en oor die 100 Griekwa en Ba=sotho. Lye (1969, p. 95) verwys na 107 Boere, 40 Griekwa en 60 Barôlông. Feddema (*op.cit.*, p.9) maak gewag van Griek=wa, Barôlông, Bahurutshe en Bangwaketse wat die Boere byge=staan het. Die verwysing na Tswanavoetsoldate as deel van die ekspedisie kan aanvaar word. Dit kom egter voor of die Tswana se aandeel beperk was tot die hantering van die vee wat buitgemaak is. (Vgl. Thompson by Wilson & Thompson, *op. cit.*, (I), p. 411).

wysers vir die ekspedisie opgetree.[70] Ten tye van die aanval was 'n taakmag van die Matebele op pad na die Batlhaping van Mahura en dus afwesig.[71] In die winter van 1837 vind daar 'n derde aanval deur magte van Dingane op die Matebele plaas, terwyl Potgieter en Uys in November 1837 weer optrek teen die Matebele. Met die Negedaagse Slag word die Matebele dan uit Transvaal verdryf. Hierna vestig Mzilikazi hom in die huidige Rhodesië waar hy die Shona onderwerp. Daarmee word die gesag van die Matebele oor die Batswana dus beëindig. Na vestiging in Rhodesië en onderwerping van die Shona word die Batswana wat deur die Matebele meegeneem is, verhoog tot die status van *Abenhla* in die nuwe drie-laag stratifikasie.

Oor die effek van Matebelebeheer oor die Batswana kan geen guns=tige kommentaar gelewer word nie. Duisende Batswana is deur die Matebele om die lewe gebring; stamme is verstrooi en in die vlugproses het baie omgekom. Na die verdrywing van Mzili=kazi was die Batswana ontwrig en verarm en het talle stambrok=ke begin terugkeer na hulle voormalige woongebiede wat nou eg=ter onder die gesag van die Blanke Afrikaner gekom het.

## 2. Die Afrikaner

Die agtiende eeu was by uitstek die vormingstydperk van die Afrikaner as etniese eenheid[72] en wel uit diverse Blanke elemen=te wat tot 'n eenvormige interpretasie van die omgewing geraak het. Die eise van die nuwe land, aanpassing by die nuwe milieu

---

70. Z.A.R. SS 139/1871.

71. Z.A.R. 131/65.

72. Vgl. van der Walt, A.J.H. Die ontwikkeling van Boerebestuurs=instellinge. *In:* Van der Walt, Wiid, & Geyer (reds.) *Ge=skiedenis van Suid-Afrika.* Nas. Boekh. 1955, Vol.II, p.70 en Wiid, J.A. *Wording van die Afrikaner. Ibid.*, p. 609.

en 'n toenemende bewussyn van lotsverbondenheid, lei dan tot die ontstaan van 'n nuwe sentripetaliteit onder verskeie Blanke elemente in die Kaapkolonie. Soos alle nuwe etniese eenhede ontstaan die Afrikaner ook binne 'n grondgebied wat behoort aan 'n ander etniese eenheid en wie se beleidsrigtings skerp in botsing kom met die konsepsies van die Afrikaner ten opsigte van orde, reg en geregtigheid. Veral ten opsigte van interetniese verhoudinge het die Britse beleidsrigting wat uiteindelik saamtrek in Ordonnansie 50 van 1828,[73] direk in botsing gestaan met die gevoelspatrone wat reeds binne die Afrikaner bestaan het as vrug van die ervaring van twee generasies op die onrustige Kaapse oosgrens.[74] Die reaksie van die Afrikaner op hierdie filantropies-geïnspireerde beleid wat eerder op idealisme as realisme berus het, naamlik om die vreemde gesag te ontkom deur dieper die binneland in te beweeg is dus goed te begryp. Dit is ook veelseggend dat die eerste artikel van die eerste Voortrekker-"grondwet" van 1837 ("Nege Artikels") sou eis dat "een ieder ... zal moeten afwyken van allen den sendelings genootschap van Engeland."[75]

Die gevoelspatrone geldend vir die verhouding tussen Afrikaner en Bantoe was dus reeds in die Kaapkolonie gevorm en sou praktiese beslag kry in die Voortrekkerstate wat in die binneland

---

73. Vir die Ordonnansie, vgl. Eybers, G.W. *Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910*. Routledge. London. 1918, p. 26.

74. Bosman, I. D. Die beleid van die Voortrekkers en van die Boere-Republieke. *In:* Van der Walt, Wiid & Geyer, *op.cit.*, (II), p. 439.

75. Aangehaal deur Van der Walt, *op. cit.*, p.72. Vgl. Ook Gordon, C. T. Aspects of Colour Attitudes and Public Policy in Kruger's Republic. *In:* Kirkwood, K. *African Affairs*. O.U.P. 1969, p. 92 *et seq.*

sou ontstaan. Hierdie patrone het 'n beleidsintensie van differensiasie bevat en nie dominasie nie, alhoewel dominasie op 'n latere tydstip en as gevolg van die omstandighede waarin die Afrikaner gewerp is, ontstaan het. Dat dominasie van Bantoe voortgevloei het uit die strewe tot handhawing van Afrikaner=identiteit en nie deel van die Afrikanerintensie was nie, kan bewys word uit die verhouding wat gehandhaaf is deur Afrikaner=leiers met onafhanklike Bantoevorste enersyds, en andersyds uit die volgehoue weiering van die Afrikanerbewind in Transvaal gedurende die laaste kwart van die vorige eeu om volle burgerregte toe te staan aan (Blanke) "uitlanders".[76a]

Die noordwaarts-bewegende Afrikaner op soek na 'n vaderland, kom dan in die huidige O.V.S. in kontak met Batswanastamme wat deur Mzilikazi uit hulle oorspronklike woongebiede in Transvaal gedryf is. Hier verkry die Afrikaner grondgebied van die Barô=lông boo Seleka deur ruil[76b] en van die Bataung deur aankoop.[77] Na die verdrywing van Mzilikazi word die gebied voorheen deur hom beset as Afrikanergebied beskou terwyl die Afrikaner ook grondgebied in Natal verkry uit hoofde van 'n ooreenkoms met Dingane.[78] As gevolg van hierdie verwikkelinge differensieer die noordelike Afrikaner tot drie geografies-afsonderlike groepe maar bly onderling verbind in kulturele, politieke en religieuse

---

76a. Vgl. Botha, P.R. *Die Staatkundige Ontwikkeling van die S.A. Republiek onder Krüger en Leyds*. Univ. van Amsterdam. Smuts & Zeitlinger. 1925, p. 611 *et seq*.

76b. Huyser, *op. cit.*, p. 27.

77. Bosman, *op. cit.*, p. 440.

78. Eybers, *op. cit.*, p. 148.

verband. Van hierdie drie groepe is dit in besonder die Winburg- en Potchefstroom-segment wat in 'n bepaalde verhouding met die Batswana te staan kom. Hulle getalle word, ná die Britse anneksasie van Natal in 1843, aangevul deur Afrikaners vanuit Natal, sodat die O.V.S. en Transvaal die kragpunte van die Afrikaner vorm. Die verhouding tussen die Afrikaner en die Batswana is dus uit dié twee gebiede af te lees.

## 2.1 Die vestiging en uitvoering van Afrikanergesag: 1837-1902

### 2.1.1 Transvaal

Soos reeds aangedui, word die gebied wat vroeër deur Mzilikazi beset is tot Voortrekkergebied verklaar. Dié gebied was grootliks ontvolk[79] en is vanaf 1838 deur die Afrikaner "Emigranten" beset. Oor die aard van die besetting skryf Potgieter soos volg aan Sir Harry Smith in 1848: "... en heeft hen (die Matebele) alzoo overwonnen en allen dier landstreeken waarvan hÿ hem heeft meester gemaakt in bezit genomen voor alle onze opofferen dien wij hebt moeten lyden door zij onwettig aanval. En toen wij de Vaalrivier zijn doorgetrokken hebt ik met alle dier stammen in derzelve boven gemeld gronden weezend vreeden tractaat door hunne eygene begeerten gewillighyed beslooten, en heefte zey onder myne beschermen genoomen om alle vyandelikheden en aanvallen die gedeuriege het toneel was van vernieleng, af te weeren, waardoor zij allen nu weer zeer stil en rustig leven in een Staat van voorspoed waar wy sy aangetroffen heeft in een seer armoedige staat van ellenden door de geduurne aanvallen op hun door ander roofzugtige stammen dien nu vreze; en

---

79. Vgl. Lekhela, S.M.M. An historical survey of Native land settlement in South Africa from 1902 to the passing of the Natives' Trust and Land Act of 1936. M.A.-verh. Univ. van S.A. 1955, p. 37-38.

dit zyn nu de naamen der opperhooften dien de vreede heeft aan=genoemen, namentlyk Maslubie, Jawana ... (?) Mabala, Mannagoota, Zevanja, Mazoem, Zamiel, Maklapee, Pielana, Magoetoe, Mamegoetu, Maselon, Goupae, Zambok, Molokoe, Makoepaan, Mappelae, Zebedeela ... Makwastie, Maleuw, Mapog ... En zy zullen tragten zoo voord te gaan door den hulps des Heeren."[80]

Ongepubliseerde materiaal uit die Transvaalse Argief kan ter stawing van bostaande getuienis aangehaal word. So verklaar 'n burger in 1871 voor 'n vrederegter dat ná die Blanke nederset=ting aan Mooirivier "... is toen Matjavi in persoon met een klompje volk by ons gekomen ... vragende aan de oude Heer Pot=gieter of hy hen ook een plekje zal geven om te woonen, hy heeft vernomen van de uitgevlugte kaffers, die van Silkaats weggevlugt waren, dat Silkaats nu weg was. Potgieter zeide ja, als je ge=trouw blyft aan my wet ... Matjavi zeide Potgieter moest hem de wet bekend maken. Heer Potgieter zeide, dat de wet is, dat eenige kaffer geene vuurwapenen, noch paarden hebben zal ... Matjavi was tevreden."[81] Elders word dit gestel dat ná die ver=drywing van Mzilikazi "... zijn de kleine kaffer kapiteins - Magali, Magata en Ramtlkape - van Moselikatse aan wien zij onder=horig waren, weggelopen en zij by ons komen bescherming zoeken tegen Moselikatse met belofte van onderwerping aan de wetten der Emigranten."[82]

Op voorwaarde van onderwerping aan Afrikanergesag en wetgewing verkry, "Rantikwan, Malook, Maleew, Sjambok, Mamagali, Choupa,

---

80. *Voortrekker Argiefstukke*. Staatsdrukker. Pretoria. 1937, p. 318. Die meeste van hierdie name verwys na tydgenootlike Tswana-stamhoofde hoewel die spelwyse vreemd voorkom.

81. Z.A.R. SS 139/107.

82. Z.A.R. SS 131/65. Vgl. ook Huyser, *op. cit.*, p. 40.

September, Ramakok, Mabaal, Managota en Ceylon" woonplek in Transvaal.[83] In 1839 word grondgebied aan die Molopo vir Mont=shiwa afgebaken, terwyl Sechele in 1844 van "achter het Dorsch=land waarheen hy van Silkaats gevlucht was" en deur "die Vaal=pens" (Bakgalagadi) aan die lewe gehou is, terugkeer en vrede en woonplek by Potgieter kom vra.[84] Aan Lentswe en "Matolioe" is woonplek aangewys in die omtrek van Schoonspruit in 1851,[85] terwyl die Kommissieraad ook drie kommandante na Mahura en ander stamhoofde gestuur het om " ... vreedes tractaten te maken en ... hunne wonings naar goedvinden van de afgezanten te bepalen."[86]

In die lig van die beskikbare feite kan die volgende stellings oor die aanvanklike gesagsverhouding tussen die Afrikaner en Batswana van Transvaal gemaak word. Eerstens: Die Afrikaner het die grondgebied wat deur Mzilikazi in Transvaal beset is, deur verowering verkry.[87] Hierin het die Batswana 'n ondersteunende rol gespeel, omdat die Afrikaner as verlosser van die Batswana uit die hand van Mzilikazi ervaar is. Tweedens was die gebied, na die verdrywing van Mzilikazi, haas onbeset en het die aan=wesige en terugtrekkende stamme Afrikanergesag oor die gebied deur traktaat erken en daarmee ook hulle ondergeskiktheid aan die Blanke bewind erken.[88] Derdens is grondgebiede afgebaken

---

83. *Loc. cit.*

84. Z.A.R. SS 139/102;-/107.

85. *Transvaalse Argiefstukke. 1850-1853.* Cape Times, Cape Town (vir Staatsdrukker), 1949, p. 132-133.

86. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke.* (Vol. II), V.R.N. Cape Times, 1950, p. 137.

87. Vgl. Huyser, *op. cit.*, p. 34.

88. Vgl. Molema, *op. cit.*, (1966), p. 39.

waarbinne die verskillende stamme sou woon. Vierdens het hier= die stamme feitlik as outonome eenhede binne hulle eie gebiede bestaan en het daar 'n minimum inmenging van Blanke kant in stamsake plaasgevind.[89] Vyfdens was daar, in die lig van die Afrikaner se strewe tot handhawing van sy identiteit en sy reeds gevormde opvattings oor bevolkingsverhoudinge, nie sprake van sosiopolitieke gelykstelling tussen Afrikaner en Batswana *binne dieselfde staat* nie. Laastens is daarop te wys dat daar aanvanklik slegs een struktuur bestaan het vir burgerlike ad= ministrasie, naamlik die militêre struktuur en dat die skake= ling tussen die Tswanastamme en Blanke owerheid ter handhawing van die gesagsverhouding deur hierdie struktuur sou moes plaas= vind.

Die oorspronklike onderdanigheid aan Afrikanergesag deur die Batswana het egter mettertyd omgesit in 'n uitdagende houding.[90] Ten opsigte van verskeie stamme kan pogings tot gesagsafwerping aangetoon word. Enkele hoofredes kan hiervoor aangedui word, naamlik die versterking van Tswanagetalle, verkryging van vuur= wapens, aanhitsing en toenemende druk op bronne enersyds en kragsverbrokkeling aan Blanke kant andersyds.

Solank die Afrikaner gekonsentreerd gewoon het en sy militêre mag gemobiliseerd was, kon die gesagsverhouding gehandhaaf word. Hierdie vereiste konsentrasie en mobilisasie was egter nie te rym met die aard van die ekonomiese bedrywighede wat 'n bestaan in die nuwe land van die burger vereis het nie. Veeboerdery, jag, akkerbou en ivoorhandel het dan ook daartoe gelei dat die

89. Agar-Hamilton merk o.m. op dat die stamhoofde "at first were recognized as independent princes ..." (*op. cit.*, p. 87).

90. *Ibid.*, p. 54.

Afrikaner in 'n kort tydperk oor die nuwe land versprei het met sametrekkings in Rustenburg, Pretoria, Marico en Heidelberg as= ook op sekere punte in Noord- en Noord-oos-Transvaal. Soos be= kend was die burger nie altyd bereid om sy boerdery, plaas en gesin te verlaat om krygsdiens te verrig nie. Die gevolg hier= van was dat daar geen parate apparaat was om Blanke gesag en besluite op die Batswana af te dwing nie. Die reaksie van die burgers op die oproep van die Landdros om krygsdiens te verrig was normaalweg uiters teleurstellend en dit wil voorkom asof sommige stamme hiervan bewus geword het en dit geïnterpreteer het as 'n onvermoë om gesag (oor hulle) te handhaaf. Terself= dertyd is die getalsterkte van die stamme natuurlik aangevul deur Batswana wat van buite die grense die nuwe vredesgebied betrek het. Dié toeloop het weldra 'n hoë druk op bronne binne die aangeduide stamgebiede geplaas en ontevredenheid veroorsaak. Gepaard hiermee het 'n sendeling soos Livingstone wat vanaf 1845 onder die Bakwêna van Sechele gearbei het, die standpunt gehuldig dat Afrikanergesag afgewerp moes word, want "resis= tance to such tyrants and murderers (die Boere) is, I think, obedience to God."[91] Daar is verder ook bewyse aan te haal dat sy sendingstasie 'n verspreidingspunt vir vuurwapens en ammuni= sie na die omringende Tswanastamme geword het.[92]

Dit sou a-histories wees as sommige Tswanastamme nie onder hier= die omstandighede sou probeer om Blanke gesag te misken of af te werp nie. Dit is gevolglik ook goed te verstaan dat daar deur die burgers vanoor die hele Transvaal beroepe op die Volks= raad gedoen is vir beskerming teen opstandige Bantoestamme. Dikwels moes opnuut laer getrek word deur die burgers van 'n be=

---

91. Aangehaal deur Feddema, *op. cit.*, p. 35.

92. *Ibid.*, p. 62 (voetnoot 15). Agar-Hamilton, *op. cit.*, p.207-209.

paalde gebied; is Blankes verhinder om hulle plase te bewerk[93], en moes sekere Blankes in Oos-Transvaal 30 beeste aan 'n Bantoe=stamhoof betaal alvorens hulle weer hulle plase kon betrek.[94] Met die Blankes in die omgewing van Tswanastamme was dit nie veel beter gesteld nie. Chapman rapporteer dat die Blankes in die Marico-omgewing in 1851 laer moes trek.[95] Op 6 November 1852 skryf hy: "All the boers are still in laager, they had been in laager a long time. They dare not venture on their farms for fear of Secheli..."[96] Gronum maak ook gewag van tal=le aanvalle op Blanke plase in die Marico-Mafeking-gebied deur Batswana; verskeie laers wat getrek moes word en 'n aantal forte wat gebou moes word as skanse teen Tswana-aanvalle.[97] Elders lees ons dat kommandante Stander en Scholtz op 4 Junie 1851 soos volg geskryf het aan kommandant-generaal Pretorius: "Ik ben verpleg om morgen met witten en swarten uit te trek om aldaar aan de Malepo te trachten om hen (Mahura) tegenstand te doen. Volgens rapporten hebt hij reets 33 Baroesies (Bahurutshe) ver=moord ... wij vrezen Zegel (Sechele) dat hy ook met de gelegen=heid zal opstaan."[98] Op 14 Junie 1851 laat kommandant-generaal Enslin aan die landdros van Potchefstroom weet: "... want Sege=

---

93. Vgl. Munnik, G. G. *Kronieke van Noordelike Transvaal.* S.A. Boekwinkel. Pretoria. Ongedateerd, p. 39 *et seq.*

94. Fourie, H. C. M. *Op. cit.*, p. 41.

95. Chapman, J. *Travels in the Interior of Africa.* Balkema. Cape Town. 1971. Vol. I, p. 26.

96. *Ibid.*, p. 84.

97. Gronum, C. F. *Boer en Bantoe op die Wesgrens.* M.S. 1971, p. 11 *et seq.*

98. *Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853.* Staatsdrukker. Pre=toria. 1949, p. 92-93.

lie (Sechele) heeft den Kaffers daar by hen allen laaten roepen tot welk eiynden dat mog wees niets als oorlog; zoo zeg ik u Ed. aan om de menschen op te roepen zoo gou als mogelyk kan."[99]

Binne tien jaar na die intrek in Transvaal het die verhouding tussen die Afrikaner en Batswana tot so 'n mate verander dat die Blanke-bewind verplig was om sy verhoudingsbeleid te hersien. Die oorspronklike kwasi-soesereiniteit waarin die stamme geleef het, het aanleiding gegee tot lewensbedreiging van die Blanke en pogings tot 'n onverwerping van die gesagsverhouding tussen Afrikaner en Tswana. Intensiewer beheer deur die Afrikaner oor die Batswana sou logies uit hierdie situasie, gekenmerk deur opbouende interetniese druk, voortvloei. Ten einde Afrikaner-bestaan veilig te stel is die vryheid van Batswana ingeperk en is die oorspronklike beleid van territoriale segregasie en "geen vuurwapens en perde" uitgebrei om ook voorsiening te maak vir beheer oor beweging van Batswana, arbeidsvoorsiening, plakkery, 'n inboekstelsel en belasting. Binne dertig jaar het die bondgenootskapsverhouding (teen Mzilikazi) só verander dat die Kommandant-generaal in 'n kommentaar op die "Kafferwet" van 1866 dit nodig gevind het om op te merk" "Wij kunnen hen (die Bantoe) niet anders beskouwen dan van harte vyanden der Blanken. Indien wij onze vyanden zelf helpen gereed maken om in de kans te komen ons te overwinnen is het beter om ons land aan hen af te geven en weg te gaan."[100]

So sit die aanvanklike differensiasie dan om in progressiewe gesagsvestiging oor steeds meer terreine van die Tswanalewe en dus dominasie van die Batswana deur die Afrikaner.

---

99. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*. Vol. II, (V.R.N.), *op. cit.*, p. 219.

100. Z.A.R. SS 139/396.

Die Bantoe*beleid* van die Afrikaner kan, ook sover dit beleids=ontwikkeling tot 1910 betref, gedefinieer word as differensiële inkorporasie binne dieselfde staat. Nòg 'n beleidsuitspraak nòg 'n wetgewende maatreël waarin gehandel word oor politieke mikpunte vir die Bantoe kon opgespoor word. Daar is egter 'n baie duidelike uitspraak oor wat dit nie moes wees nie, naamlik egalitariese inkorporasie binne dieselfde staat.[101] Sosiale skeiding en territoriale skeiding het ten nouste saamgehang met bogenoemde beleidspunt. Terselfdertyd is egter aanvaar dat die Bantoe "dienstbaar" aan die Afrikaner moes wees en gevolglik ont=staan daar 'n ekonomiese simbiose te midde van die skeidings=oogmerke. Daarmee kry die verhouding tussen Batswana en Afri=kaner 'n ambivalente karakter en moes daar noodwendig 'n beheer=stelsel ontstaan wat sosiale en territoriale skeiding voortsit maar ook ekonomiese verstrengeling toelaat.

'n Verskeidenheid maatreëls ter nastrewing van dié oogmerke en handhawing van orde het gevolglik verskyn. Blankes is belet om Bantoekrale binne te gaan en Bantoe sou nie toegelaat word om naby dorpsgronde te woon nie.[102] In 1849 is 'n verbod geplaas om "door de limieten ... (te) gaan zonder order van den comman=dants om oorlog te voeren ofte vee op dier wyze in te brengen."[103] Stamhoofde moes arbeiders aan veldkornette voorsien en ook, in=dien benodig, hulptroepe teen opstandige stamme.[104] In 1864 is verskeie bestaande praktyke asook enkele nuwe gedagtes vervat in

---

101. Vgl. art. 31 van die Grondwet van die Z.A.R., 1858. (Ey=bers, *op. cit.*, p. 368).

102. Vgl. artt. 6, 28 en 29 van die "Drie en Dertig Artikels". (Eybers, *op. cit.*, p. 349-356).

103. *V.R.N. 1844-1850.* Dl. I, p. 100.

104. "Instructie voor de Veld Kornetten." (Eybers, *op. cit.*, p. 413 *et seq.*

Ordonnansie 2 van däärdie jaar, naamlik "Ordonnantie ter voor=koming van landloopery, dievery en ander ongeregeldheden der Kaffers, ter bescherming van personen, eigendommen en bezittin=gen, ter beter regering en bestiering der Kafferstammen en den daarstelling van eene belasting op de Kaffers en ander Kleur=lingen."[105] Dié ordonnansie is omvangryk gewysig in 1866 met die oog op doeltreffender kontrole en het uitgeloop op 'n pas=stelsel, getalsbeperking op plase en dorpsgronde, arbeidsvoor=siening, belasting en beperkings op die besit van wapens deur Bantoe.[106]

Reeds voor 1870 was die beleidsgrondslag gelê. Wat later sou volg, was 'n uitbouing van die reeds vermelde punte. So is die lokasiestelsel in 1871 opgeknap en is 'n lokasiekommissie inge=stel in 1881 wat sorg sou dra vir die opmeting en afbakening van lokasies en op naam waarvan gronde deur Bantoe aangekoop, geregistreer sou word. Plakkery is in 1887 en weer in 1895 be=aandag,[107] terwyl die passtelsel in 1872, 1876 en 1896 opnuut onder die oog geneem is.[108] Enkele ander beleidspunte wat reeds aanvaarde pryktyk was, is beliggaam in Wet no. 3 van 1876 en gekonsolideer deur wet no. 4 van 1885 waardeur onder meer erken=ning verleen is aan stamhoofde en Bantoereg.

Die *struktuur* vir gesagsuitvoering wat aanvanklik gebaseer is op die krygsorganisasie in die buitedistrikte van die Kaapkolo=

---

105. *V.R.N.* Dl.V, 1864-1866.

106. *Ibid.*, p. 423.

107. Van der Walt, Wiid & Geyer, *op. cit.*, p. 454-455.

108. Resp. deur Wette 3/1872; 3/1876 en 31/1896.

nie gedurende die Hollandse tyd,[109] naamlik wyksveldkornette en distrikskommandante onder leiding van 'n hoofkommandant en 'n krygsraad, sou ook ontwikkeling moes ondergaan - veral nadat dit duidelik geword het dat intensiewer beheer oor die Bantoe= stamme uitgeoefen sou moes word indien die vredestoestand ge= handhaaf wou word. 'n Burgermag kon wel as taakmag optree maar kon uiteraard nie beantwoord aan die eise van Bantoe-administra= sie nie. Nietemin sou die Kommandant-generaal - die vier poste geskep in 1851 is in 1858 gekonsolideer tot een - sy opdrag van 1852, naamlik "Alle Kaffers verrigtingen en kwettien te behartig ... buiten crimineele zaken"[110] behou tot aan die begin van die laaste kwart van die vorige eeu. Hierdie taak het die kommandant-generaal, wat sedert 1858 ook sitting sou hê op die Uitvoerende Raad, uitgevoer met behulp van distrikskom= mandante wat op hulle beurt gesag gevoer het oor veldkornette onder wie die verskillende stamme ingedeel is.[111]

Alhoewel die militêre struktuur dus Bantoesake behartig tot in 1877,[112] was die behoefte aan 'n afsonderlike struktuur uit= sluitlik vir Bantoesake reeds vroeër merkbaar. Nie alleen het die gebrek aan so 'n struktuur aanleiding gegee tot wrywing tus= sen die landdros en kommandant as dit by Bantoesake kom nie,[113] maar ook skryf ses burgers uit Krugerspos in 1849 soos volg aan

109. Van der Walt by van der Walt, Wiid en Geyer, *op. cit.*, p. 76.

110. *S. A. Argiefstukke.* Vol. II (V.R.N.), p. 280.

111. Vir die indeling van verskeie Tswanastamme onder veldkor= nette, vgl. *ibid.*, p. 57-58.

112. Dit wil sê tot en met die anneksasie van Transvaal deur Brittanje.

113. Die Kgamayane-geval is 'n voorbeeld hiervan. Vgl. ook Z.A.R. SS 139/396.

die Volksraad: "Wy verzoeken dus aan de Ed. Raad om er in te voorzien dat hier een man aangesteld word die over de Kaffers gesteld is, waar de Kaffers hunne beklagte by kan doen en ook om rust en goede order te bewaaren zoo aan de een als aan de andere zyde."[114]

Die aanstelling van Albasini in 1859 oor die Bantoe van Groot Spelonke met die opdrag "een noukeurig oog" oor hulle te hou en telkens ondersoek te doen "naar het aantal, de verrigtingen en de meening dier Kaffers"[115] en sy aanstelling in 1864 as Superintendent van Bantoe in Zoutpansberg, moet stellig as voorloper van die latere kommissarisstelsel beskou word. 'n Verdere aanstelling van dieselfde kategorie amptenaar volg in die sewentigerjare toe instruksies deur Wet no. 5 van 1875 uit=gevaardig word vir die Kommissaris te Lichtenburg: Hy sal die regeringsagent wees ten opsigte van Bantoe in die omgewing van Lichtenburg en die suid-westelike grense met jurisdiksie gelyk=staande aan dié van 'n landdros.[116]

Deur wet no. 3 van 1876 word oënskynlik weggebreek van die aan=vanklike stelsel van militêre beheer oor Bantoe binne die Z.A.R. en word voorsiening gemaak vir die daarstelling van 'n afsonder=like beheerstruktuur ten opsigte van Bantoe. Eerstens sou die owerheid lokasies aanwys. Tweedens sou "... over ieder zooda=nige localiteit ... door de Regering worden aangesteld de door hen erkende of gekozen Kapitein, onder behoorlike instructiën, met een billyk salaris ..."[117] Ten opsigte van sodanige loka=

---

114. *S.A. Argiefstukke*. Dl.I. (V.R.N.), 1844-1850, p. 287.
115. Huyser, *op. cit.*, p. 121.
116. Jeppe & Kotze, *Locale Wetten der Z.A.R.* 1849-1885.
117. *Ibid.*, p. 129.

sies sal derdens ook amptenare met die benaming van onderkom=missarisse aangestel word. Hierdie amptenare sou, benewens 'n vrederegtersfunksie, belastinginvordering en die uitvoering van wette, dit ook as taak hê om deur raad, onderrig en voor=beeld, die stamhoof te "winnen voor beschawing en trouw aan den staat."[118] Terselfdertyd sou naturellekommissarisse, wat die=selfde funksies sou uitvoer as die voormalige superintendente van Bantoestamme (bv. Albasini), aangestel word vir die dis=trikte waar groot getalle Bantoe woonagtig is.[119]

Dié afsonderlike struktuur word deurgetrek tot sentrale vlak deur Goewermentskennisgewing 569 van 7 Maart 1877 waardeur voor=gestelde wysigings aan die Grondwet bekend gemaak is, naamlik (art. 9) dat die Staatspresident die bestuur van die land in verskillende departemente verdeel met 'n sekretaris van staat aan die hoof van elke departement; en "10. Deze zelfstandige departementen zijn: ... Zaken der Naturellen ..."[120]

Vyf weke na verskyning van hierdie goewermentskennisgewing en voordat die Afrikanerbewind sy voorgestelde afsonderlike depar=tement van Naturellesake in werking kon stel, word Transvaal tot Britse grondgebied verklaar en word dié stelsel deur die

---

118. Huyser, *op. cit.*, p. 128.
119. *Ibid.*, p. 129.
120. Jeppe en Kotze, *op. cit.*, p. 679 *et seq.*

Britse bewind in Transvaal geïmplimenteer.[121]

Deur 'n proklamasie van 1879 word die Sekretaris van Naturelle=sake opgeneem in die Uitvoerende Raad. Na die Konvensie van Pretoria word die Kommandant-generaal ook aangewys as Superin=tendent van Naturellen en word die pos dus tweeledig. Hierdie toestand bly onveranderd tot in 1884 toe besluit is om die poste weer te skei en die Superintendent van Naturellenzaken *ex offi=cio*-lid van die Uitvoerende Raad te maak. Dié toestand sou geld tot in 1897 vanaf welke jaar dié funksionaris nie meer lid van die Uitvoerende Raad sou wees nie, maar wel verslae aan die Uitvoerende Raad moes voorlê.

Uit 'n bestuursoogpunt gesien is ook vlugtig kennis te neem van Wet 4 van 1885, wat klaarblyklik gebaseer is op Ordonnansie no. 11 van 1881 en dus beskou kan word as bevattende die administra=tiewe nalatenskap van die Britse interim-bewind aan Afrikaner-Transvaal. Terselfdertyd is dit egter ook so dat Ordonnansie no. 11 van 1881 'n voortsetting was van die koers aangedui deur Wet no. 3 van 1876 waarna reeds verwys is. Deur Wet no. 4 van 1885 is erken dat die tyd nog nie aangebreek het om die Bantoe=bevolking aan die algemene wette van die Republiek te onderwerp nie[122] en word, benewens 'n afsonderlike bestuurstruktuur, ook

---

121. In die lig van hierdie feite is Brookes se stelling *(The History of Native Policy in South Africa.* Nasionale Pers, 1924, p. 124) dat die instelling van 'n spesiale departe=ment van Naturellesake een van die eerste stappe van die Britse bewind was en dat dit "an entirely admirable de=parture" van bestaande beleid was, dus onwaar. Ook Marais (The Nature of European Control. *In:* Schapera, I. (Ed.), 1937 (1956), p. 350) dwaal in sy stellings in bogenoemde verband - veral as hy opmerk dat die Z.A.R. eers in 1885 'n administrasiestelsel vir Bantoe in landelike gebiede ingestel het.

122. Brand, *op. cit.*, p. 198.

erkenning verleen aan Bantoereg in soverre dit nie in stryd is met die algemene beginsels van beskawing nie.[123] Verder word die Staatspresident verklaar tot "Opperste Opperhoofd" van Bantoe met die regte en magte van 'n opperhoof, insluitend proklamasiebevoegdheid,[124] en is hy bevoegd om kommissarisse oor Bantoe in sekere geregverdigde distrikte aan te stel. Ooreenkomstig die oorspronklike Shepstone-plan[125a] is ook voor=siening gemaak vir die instelling van verskeie kommissarisskap=pe, elk omvattende 'n aantal landdrosdistrikte. Waar dit nie kon gebeur nie, sou die Landdros *ex officio* Naturellekommissa=ris wees.[125b] Stamhoofde kon aangestel word deur die owerheid en hulle sou alle siviele sake tussen stamlede kon verhoor.

Vanaf die datum van kontak tussen Afrikaner en Batswana tot die tweede onderwerping van Transvaal aan Brittanje met die eeu=wisseling, het die staat geen formele *onderwys* aan die Batswana gebied nie. Die skoolonderwys wat daar wel aangebied is, is aangebied deur verskillende sendingliggame, besonderlik die Hermannsburgse Sending wat vanaf 1857 onder die Batswana begin arbei het. Wat die aard van hierdie vroeë sosialiseringsaanbod was, is moeilik te bepaal. Dit kon egter aanvaar word dat die aanbod wat van die Blanke individu en die owerheidstrukture uitgegaan het 'n ontwrigtende invloed op die Batswana se tra=disionele kultuurpatroon moes hê, beginnende by die uiterlike vorm. Die aanbod in politieke verband sou noodwendig 'n weer=

---

123. Art. 2. *Bogadi*-verbintenisse is egter beskou as in stryd met die beginsels van beskawing en is nie erken nie. *(Ibid.*, p. 198). Hierdie nie-erkenning is bindend gemaak op die howe deur wet no. 3/1897.

124. *Ibid.*, p. 198-199.

125a. Vgl. Vorster, J.A. Die Engelse administrasie van Transvaal gedurende die eerste anneksasie-tydperk (1877-1881). M.A.-verhandeling. U.P. 1951, p. 18.

125b. Art. 3.

kaatsing wees van die bestaande politieke orde, naamlik aan=vaarding van en onderskikking aan die bestaande Blanke gesag.

Die onderwerping van die Afrikaner deur die Brit aan die begin van die huidige eeu het geen wesentlike verandering aan òf die beleid òf die struktuur vir gesagsuitvoering teweeg gebring nie. Die Britse Sekretaris van Kolonies was, onder druk van belange=groepe in Brittanje, wel begerig om die stemreg uit te brei na Bantoe in Transvaal en die O.V.S. op dieselfde grondslag as in die Kaapkolonie, maar die Hoëkommissaris het hierteen gewaar=sku.[126] Op aandrang van Hertzog en Smuts is artikel 8 van die vredesooreenkoms dan ook só geformuleer dat daar oor Bantoe=stemreg besluit sou word ná die verkryging van selfregering.[127] Ook die South African Native Affairs Commission (1903-1905) het sy bydrae gelewer in hierdie verband deur daarop te wys dat gekwalifiseerde stemreg op dieselfde kieserslys "... may pro=ceed upon race lines ... and a conflict would then arise fatal to the good relations ... between white and black in this coun=try."[128] Die Afrikanerstandpunt van territoriale segregasie is wesentlik ook deur dié kommissie onderskryf met die aanbeveling dat "... purchases by Natives should in future be limited to certain areas to be defined by legislative enactment."[129] Die houding van die Hoëkommissaris oor die erkenning van stamhoofde was ook in lyn met die Afrikanerstandpunt want in 1901 skryf hy

---

126. Vgl. van Tonder, J.J. Die Naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse partypolitiek voor unifikasie. M.A.-verhande=ling. P.U. vir C.H.O. 1969, p. 25 en Gunning, *op.cit.*, p. 139.

127. *Ibid.*, p. 27.

128. *Report*. 1905, p. 94, par. 436.

129. *Ibid.*, p. 35, par. 193.

aan Chamberlain: "... native institutions should not unneces= sarily interfered with; ... their existing system of communal tenure and tribal government and their traditional customs ... should be respected ..."[130] Laastens kan verwys word na die standpunt van die eerste Britse Kommissaris van Bantoesake in Transvaal oor die aard van die stelsel van voogbestuurder soos ontwerp deur die Afrikaner. Sir Godfrey Lagden skryf: "It is easy to pull down an established order, but unwise to do so unless some appropriate substitute is ready. There are no short cuts in Native Affairs and no remedies to be found in immature legislation."[131]

Die gevolg hiervan was dat die differensiële inkorporasie van die Bantoe in politieke verband, voortgesit is; die grondbeleid van die (voormalige) Z.A.R. nie wesentlik aangetas is nie; dat benamings van ampte verander en funksies van sekere amptenare (naturellekommissarisse en onderkommissarisse) verander is (deur Ordonnansie no. 3 van 1902); dat die paswette verlig is ten opsigte van ontwikkelde Bantoe; en dat die erkenning van stamhoofde voortgesit is (deur Wet no. 20 van 1902).[132] Die wysigings wat aangebring is in beleid en struktuur was dus van geringe aard.

Hierbo is gepoog om 'n nadere aanduiding te gee van die wyse waarop die Batswana onderwerp is aan Afrikanergesag en hoe die beleid en beheerstrukture gaandeweg ontplooi het. Een feit moet hierin onderstreep word, naamlik dat die Afrikaner deur

---

130. Gunning, *op. cit.*, p. 105.

131. *Ibid.*, p. 5.

132. *Ibid.*, p 106.

die eise van sy eie voortbestaan en die handhawing van orde binne daardie grondgebied wat hy as sy regmatige beskou het, gedwing was om die kwasi-soesereiniteit waarin die Tswanastamme aanvanklik geleef het te beëindig en hulle onder intensiewer beheer te bring. So illustreer Transvaal ook dié waarheid dat 'n situasie van etniese stratifikasie soms onafwendbaar is - al bestaan daar geen imperiale motiewe nie.

Vanuit die huidige perspektief gesien, tref dit egter dat geen duidelike sosiopolitieke ideaal vir die Batswana deur die Afrikanerbeleid gestel is nie. Andersyds is dit ook so dat daar op daardie tydstip in die wêreldgeskiedenis nog geen vraagteken oor die onderwerping en beheersing van etniese eenhede deur 'n ander gehang het nie. Maar ten spyte van die gebrek aan 'n duidelike mikpunt het daar tog 'n politieke aanbod van die Afrikaner na die Batswana uitgegaan in dié sin dat die Afrikaner 'n politieke bedeling geskep het en 'n besondere plek in daardie bedeling aan hulle toegeken het. Nou ontstaan die vraag of daar reeds voor 1910 aanduibare reaksies van Tswanakant was ten opsigte van die plek wat deur die Afrikaner aan die Batswana binne die stelsel toegeken is.

Sosio-kultureel gesien is daar tekens dat die Batswana die Afrikaner as verwysingsraamwerk aanvaar het. Feddema se opmerking in hierdie verband is besonder interessant, naamlik "... hoe groter de druk en de verachting van de zyde der Boeren werd gevoeld, des te meer de baTswana de European als een positiewe referentiegroep gingen beschouwen."[133a] Hoe paradoksaal dit ookal mag klink, spruit hierdie strewe tot kulturele assimilasie blykbaar uit 'n negatiewe politiek-intensionele verwysingsver-

---

133a. *Op. cit.*, p. 90.

band: Alleen deur die kultuur van die heerser te bemeester kan hy uiteindelik politiek geneutraliseer word.

Verskeie bronne dui dan ook daarop dat sekere Tswanastamme hulp verleen het aan die Britse magte teen die Afrikaner tydens die Anglo-Boere-oorlog.[133b] Haccius het dit aangeteken dat die Batswana die Boere "... verabscheuen als fremde Eindringlinge."[134] Dat die Afrikanernederlaag aan die hand van die Brit dus verwelkom is - soos dié van Mzilikazi aan die hand van die Afrikaner - en dat die Brit dáárna deur die Batswana as identifikasieraamwerk geneem sou word, kan aanvaar word. Maar ook Britse beheer het, wat die Batswana betref, uitgeloop op 'n negatiewe verskil tussen verwagting en werklikheid - 'n feit wat afgelees kan word uit die getuienis van Batswana voor die South African Native Affairs Commission.[135] Hierdie disillusie lei dan tot die groei van die Ethiopiese beweging - 'n voorloper van die latere A.N.C. - ook onder die Batswana omdat dié beweging "gegen die Weissen auftraten".[137] In 1906 is daar dan ook in minstens een Tswanastam openlik gepraat oor "die Befreiung von dem Joch der Weissen"[138] en ontvang 'n Duitse sendeling 'n brief wat lui: "Wir sind es müde Euch Weissen Menschen: Ihr habt uns genug geplagt. Wir werden uns einen Moruti von unserer Art suchen."[139]

Reeds voor 1910 bestaan daar dus reeds 'n sterk rasisties-ge-

---

133b. Vgl. Gronum, *op. cit.*, p. 87 *et seq*. Feddema, *op.cit.*,p.33.

134. Feddema, *op. cit.*, p. 90.

135. S.A.N.A.C. *Minutes of Evidence*, pp.651; 715-718.

136. Gunning, *op. cit.*, p. 141-142.

137. Feddema, *op. cit.*, p. 92.

138. *Loc. cit.*

139. *Loc. cit.*

oriënteerde bewussyn by die Batswana as antwoord op Blanke be= heer. 'n Gemeenskaplike vyand, wat 'n belangrike funksie as nasievormer kan speel, is dus aanwesig. Gebiedskonsolidasie, kulturele vernuwing, geleenthede en 'n struktuur vir samewerking het egter nog ontbreek asook die vermoë om die Anti-Blanke bewus= syn te omskep tot 'n positiewe vertrekpunt in die proses van nasionale konsolidasie oor stamvlak heen.

2.1.2 Die Oranje Vrystaat.

Hoofsaaklik om twee redes is die O.V.S. van geringer betekenis. Eerstens kom daar vandag slegs een stam - die Barôlông boo Sele= ka - in die gebied voor, en tweedens was die kontak tussen die Afrikaner van Transvaal en die O.V.S. só deurlopend dat die een feitlik 'n afskaduwing van die ander was. Trouens, in 1860 was dieselfde persoon (M. W. Pretorius) selfs president van albei die Afrikanerrepublieke.[140] Brookes skryf dan ook: "The Winburg area, for example, neither in its primitive days, nor as the Orange Rivier Sovereignty, nor after 1854 as the Orange Free State, furnishes us with any suggestions of real value in the formation of a South African native policy ... not because its policy is bad, but because it has no policy and needs none. So far as it has a policy, it follows the traditional policy first laid down in the Republic of Natal."[141] Daarby was die toneel in die O.V.S. tot en met die anneksasie van Basotholand in 1868, oorheers deur wrywing en konflik tussen Afrikaner en Basotho met die Britse owerheid in die Kaap as onsekere toe= skouer.

Benewens die Bantoe op Blanke plase het dit eers op 'n betrek=

---

140. Krüger, D.W. Britse Kolonies en Boererepublieke. *In:* Van der Walt, Wiid & Geyer, *op.cit.*, (I), p. 363.
141. *Op. cit.*, p. 119 - 120.

like laat stadium vir die Vrystaatse owerheid nodig geword om groter sametrekkings Bantoe in Bantoegebied te beheer. So was die enigste twee Tswana-areas in die O.V.S., naamlik die Lephoi-Pellisier-gronde waar die Batlhaping woonagtig was en die Morôkawyk waar die Barôlông boo Seleka gesetel was, prakties onafhanklike gebiede tot in onderskeidelik 1860 en 1884. Sover dit die Suid-Sotho-elemente betref, is beheer vanaf 1866 uitge= oefen oor die reservaat wat in 1866 toegeken is aan Molapo en sy volgelinge tussen die Caledon- en Patisonirivier. Die ge= bied is geplaas onder gesag van 'n kommandant met die bevoegd= hede van 'n landdros en was verantwoording verskuldig aan die President en Uitvoerende Raad.[142] In 1870 word dié reservaat egter Britse grondgebied[143] waarna slegs Witsieshoek,[144] toege= ken aan stamhoofde Mopeli en Mota in 1867, onder Blanke beheer was en wel op dieselfde wyse as die Molapo-reservaat. Die Selibareservaat kom eers in 1885 tot stand in 'n poging om die toenemende aantal grondlose Bantoe van 'n afsonderlike woonplek te voorsien.[145]

Soos in die vorige hoofstuk vermeld is, was Lephoi - ander praat

---

142. Bosman, I.D. Die beleid van die Voortrekkers en van die Boere-Republieke. *In:* Van der Walt, Wiid & Geyer, *op.cit.*, (II), p. 470-471.

143. *Ibid.*, p. 471.

144. Vir die vestiging van Witsie (Oetsi) in die Hoek en sy verdrywing in 1856 oor veediefstal, vgl. Van Aswegen,H.J. Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902. Proefskrif. U.O.V.S. 1969, p. 67 en Schüler, *op. cit.*, p. 89-90. H. Rodgers *(Native Administration in the Union of S.A.* Govt. Printer. Preto= ria. 1949, p. 102) verwys egter daarna dat die reservaat in ± 1850 aan Oetsi toegeken is en dat hy in 1864 verdryf is.

145. Lekhela, *op. cit.*, p. 45. Rodgers, *op.cit.*, p. 102 - 103.

van Lepui[146] - 'n *rrangwane* van Mothibi en leier van 'n groep Batlhaping wat in 1829-1830 wegbreek van Mothibi en suidwaarts padgee. Hierdie groep Batlhaping raak dan onder beskerming van die Franse sendeling, Pellisier, gevestig in die Bethulie-omgewing. Hier staan Lephoi dan as onafhanklike "Opperhoof" ten opsigte van die Blanke bewind wat later in die Vrystaat tot stand kom.[147] Hoewel ingesluit deur die grondgebied van die Blanke bewind, was die Lephoi-gronde, soos die Morokawyk, nie deel daarvan nie. As gevolg van twis tussen Lephoi en Pellisier oor die verkoop van die Thlaping-grond aan Blankes, word die gronde op versoek van beide partye deur die Blanke bewind geannekseer in ongeveer 1860 waarna die Bantoe in die gebied onder die nominale gesag van die landdros van Bethulie kom.[148] Die verdere verkoop van grond deur die Batlhaping aan Blankes het daartoe gelei dat die grootste gedeelte van die Batlhaping in die vroeë sestigerjare na Basotholand trek, terwyl die res verstrooi raak op Blanke plase in die omgewing. Só verdwyn die Batlhaping dan as stam of stamdeel van die toneel.

Soos bekend is 'n vredesverdrag in 1836 tussen Potgieter as hoofkommandant van die intrekkende Afrikaner en Moroka as stamhoof van die Barôlông boo Seleka gesluit.[149] Moroka is dan ook as onafhanklike stamhoof deur opeenvolgende Blanke bewinde in die O.V.S. beskou en behandel.[150] Tot en met 1884 was die toe-

---

146. Van Aswegen, *op. cit.*, p. 153.

147. *Loc. cit.*

148. *Ibid.*, pp. 153-171.

149. *Voortrekker Argiefstukke.* 1937, p. 30.

150. Van Aswegen, *op. cit.*, p. 233 *et seq.*

stand dus een van *imperium in imperio.* Normale diplomatieke verkeer het tussen Moroka en die Blanke owerheid plaasgevind en deur traktaat in 1865 is wedersydse hulp in tye van oorlog be= loof en is ooreengekom oor die uitlewering van misdadigers en die opspoor van verlore vee en perde.[151] In 1883 is 'n verdere vriendskapsverdrag onderteken deur Brand en Sepinare (opvolger van Moroka) waarin onder meer voorsiening gemaak is vir vrye persoonlike en handelsverkeer tussen die Blankes van die O.V.S. en dié wat hulleself in die Barôlônggebied bevind het. Bantoe wat die grens wou oorgaan, moes egter 'n pas hê.

Alhoewel die Barôlônggebied in 1883 nog onafhanklike gebied was, het die verhouding tussen die Blanke staat en Bantoestaat dus reeds 'n asimmetriese karakter gehad. Dit was egter eers 'n jaar later en as gevolg van omstandighede wat ontstaan het na die dood van Moroka in 1880 dat die Barôlông 'n onderworpe groep word en die Barôlônggebied onder Blanke beheer kom.

Soos aangedui het Sepinare vir Moroka opgevolg as hoof van die Barôlông. Samuel het egter ook sterk aanspraak op die stamhoof-skap gemaak en twee faksies het binne die Barôlông ontstaan. Die hulp van Brand is deur Sepinare ingeroep om as arbiter op te tree, maar hy was slegs bereid om dié rol te vervul indien ook Samuel dit sou verkies, want vir Brand was die hele aange= leentheid 'n interne saak vir die Barôlông om op te los. Brand moes egter ook inligting gehad het oor sinistêre planne van Samuel, want hy skryf terselfdertyd aan laasgenoemde die bete= kenisvolle woorde: "I sincerely hope you will not do what you say. For the Free State cannot stand by quietly and see all the mischief that must result if you go and shoot ... each other,

---

151. *Ibid.*, p. 240-241.

and endanger the life and property and the peace of the white people."[152]

Die partye sou Brand se uitspraak aanvaar. Nadat hy ondersoek ingestel het, besluit president Brand ten gunste van Sepinare waarop laasgenoemde die besittings van Samuel en elf ander Barôlông, wat ondersteuners van Samuel was, verbeurd verklaar en hulle uit die stamgebied verban.

Hierna volg die ooreenkoms van 1883 tussen Brand en Sepinare. Op 10 Julie 1884 is Sepinare deur Samuel en sy ondersteuners en met medewerking van sekere Blanke inwoners van die O.V.S. vermoor. Hierna ontstaan daar onrus en onluste in die Barôlônggebied wat daartoe lei dat die gebied op 12 Julie 1884 deur die Blanke owerheid geannekseer word tot deel van die O.V.S. Die beweegrede tot die anneksasie is af te lees uit die anneksasieproklamasie, naamlik "And whereas, for the preservation of law, order, peace and safety it is necessary to immediately establish a proper Government there; And whereas this can best be done by annexing to the Orange Free State ..."[153]

Aangesien groot dele van die oorspronklike Barôlônggebied oor die jare heen in die hande van Blanke individue gekom het en die druk op die oorblywende gebied reeds baie hoog was in 1884, het die Blanke owerheid reeds met die anneksasie van die gebied die onderneming aan die Barôlông gegee dat genoegsame gronde in die vorm van reservate aan hulle gegee sal word. Die belofte is bevestig deur 'n proklamasie op 29 Julie 1884.[154] 'n Kommissie

---

152. *Ibid.*, p. 254.

153. Vgl. Schüler, *op. cit.*, p. 91.

154. Van Aswegen, *op. cit.*, *p. 443.*

om die vraagstuk van Barôlônggebied te ondersoek is dan ook aangestel. Die kommissie was van mening dat, benewens die gronde in die onmiddellike omgewing van die stasie te Thaba Nchu, 'n verdere vier reservate van ongeveer 8 000 morg elk, aangewys moes word vir die Barôlông. Hiervan het voorlopig niks gekom nie. Na twee jaar se ondersoek is daar finaal oor die grondkwessie besluit: Vyf afsonderlike reservate, vormende twee groot eenhede, is afgesonder in die onmiddellike omgewing van Thaba Nchu. In 1886 is die Barôlông daarheen verskuif.

Na anneksasie van die Barôlônggebied is 'n landdros vir dié distrik (Moroka) aangestel en kon ook "andere ambtenaren als de Staatspresident noodig zal oordelen om de wetten en het gezag van den Oranjevrystaat in gemelden district uit te oefenen en te handhaven," aangestel word.[155] Die bestuur van die reservate was blykbaar direk, want geen bekragtiging is van owerheidsweë verleen aan die aanstelling van Robert Tawana Moroka, die opvolger van Sepinare nie.[156] Verder val dit ook op dat die kommandante-stelsel nie in die gebied toegepas is nie en dat ook die *Magna Carta* van die reservaatstelsel in die O.V.S., naamlik Ordonnansie no. 3 van 1866, nie van toepassing gemaak is nie. Volgens die rekord is geen Bantoebestuursliggame erken of geskep vir administratiewe doeleindes nie, slegs 'n stel regulasies ter reëling van arbeidsverhoudinge kon opgespoor word.[157]

Die onderwerping van die Afrikaner in die O.V.S. aan Britse gesag het geen wesentlike verandering aan beleid of struktuur teweeggebring nie. Sover bekend was die belangrikste verwik=

---

155. Ord. No. 40 van 1884 (O.V.S.). Art. 2, *V.R.N.*, 1884.
156. Schüler, *op. cit.*, p. 63.
157. Van Aswegen, *op. cit.*, p. 447.

keling tussen 1900 en 1910 geleë in die benoeming van die goe=werneur as opperhoof van alle Bantoe in die gebied en die voor=siening tot instelling van reserwerade vir die Bantoegebied deur Ordonnansie no. 6 van 1907.[158]

Só verloor die Batswana in die O.V.S. dan ook húlle gesagsoor=spronklikheid. En alhoewel daar in dié gebied vanweë beperkte Bantoegetalle slegs enkele reservate bestaan het en daar geen gespesialiseerde struktuur vir Bantoebeheer ontwikkel het nie, het die beleid van die O.V.S. sterk ooreengekom met dié van Transvaal. Die inkorporasie van Bantoe was op differensiële grondslag; beheer is oor beweging van Bantoe uitgeoefen; belas=tings is gehef en Bantoe kon vir krygsdiens opgeroep word. Soos in Transvaal word ook hier tevergeefs gesoek na 'n beleidsuit=spraak oor die politieke toekoms van die Bantoe. Dit sou egter nie assimilasie, hetsy universeel of selektief, wees nie.

Die aard van die sosialiseringsaanbod in politieke verband sou dus ook feitlik gelykluidend wees met die van die Afrikaner in Transvaal. Alhoewel die aard van die kontak tussen die Afrika=ner en die Batswana in die O.V.S. enigsins verskil het van Transvaal, het die inwerking wat die Basotho-oorloë op die Blanke Vrystater gehad het, stellig ook sy uitwerking gehad op die vorming van die politieke verhoudings- en gedragspatroon tussen Afrikaner en Batswana. Onder sulke omstandighede kry 'n etniese verhouding veelal 'n rassewaarde en -betekenis - veral in die lig van die Afrikaner se ervarings aan die Kaapse oos=grens.

---

158. Orange River Colony. *Ordinances, 1907.* Govt. Printers. Bloemfontein, p. 9.

## 3. Die Brit.

### 3.1 Die vestiging en uitvoering van Britse gesag oor (Brits-) Betsjoeanaland.

Met die vestiging van Afrikanergesag in Transvaal en die O.V.S. was die Britse gesag reeds goed gevestig in die Kaapkolonie. Trouens, die feit van Britse gesag in die Kaap was 'n direkte oorsaak vir die stigting van Afrikanerstate in die binneland met die gevolglike vestiging van Afrikanergesag oor die Batswana. Na die manifestasie van die Afrikaner in sy eie state in die binneland was daar egter 'n aantal Tswanastamme noordwes van die O.V.S. en wes van Transvaal wat nie onder effektiewe Blanke gesag gestaan het nie. Hier word verwys na die gebiede later bekend as Griekwaland-Wes, Brits-Betsjoeanaland en die Betsjoe=analandse Protektoraat. Die Tswanastamme wat hier ter sprake is, was die verskillende Barôlông-, Batlhaping- en die Batlha=rostamme, benewens Griekwa, Koranna- en Kgalagadi-elemente. Die aktiwiteite en onderlinge verhouding tussen Batlhaping, Barôlông, Koranna, Afrikaner en Brit sou dan ook lei tot die anneksasie van die gebied en onderwerping van die inheemse een=hede aan Britse gesag.

Met die vestiging van Afrikanergesag in Transvaal is die wes=grens nie duidelik afgebaken nie, terwyl ook die Sandrivierkon=vensie nie vaste grense daargestel het nie.[159] Aan die ander kant is dit egter ook so dat die Blanke bewind van Transvaal

---

159. Vgl. Lord Hailey. *Native Administration in the British African Territories*. Part. V. H.M.S.O. 1953, p. 189.

grondgebiede afgebaken het vir Montshiwa van die Barôlông,[160] Mahura van die Batlhaping[161] asook ander stamhoofde in die omgewing (dit wil sê die Mafeking- en Taungomgewing)[162] en dat die stamhoofde aan die Molopo in 1852 erken het dat die grond waarop hulle woon aan Mzilikazi behoort het, nou aan die Blanke "emigrante" behoort en die stamme dit nou bewoon deur die grasie van die Blanke "emigrante".[163] Verder is Moffat in 1858 meegedeel dat hy die toestemming van die Transvaalse bewind moes verkry om die "binneland" te kon ingaan.[164] Hierdie feite toon dat die wesgrens oorspronklik heelwat verder gelê het as vandag. Op 29 April 1868 is die wesgrens van Transvaal dan ook omskryf as vanaf die westelike punt van die Ngamimeer, "... met een regte lijn tot aan het Noordepunt van Langeberg, en met dit gebergte tot aan de lijn tusschen de Republiek en de gronden behoorende aan Mahura, Gazibon en Jantje, insluitende de gronden, geproclameerd, door de Republiek, by Proclamatie van 1858."[165]

Daarmee is die gronde van die Barôlông en Batlhaping dus ingesluit by Transvaal; trouens, was dit van die begin af as ingeslote beskou maar duidelik omskryf as ingeslote in 1868. Ten spyte van hulle ingeslotenheid was hierdie stamme op die wesgrens egter prakties outonoom tot in 1870 toe die Z.A.R., van=

---

160. Z.A.R. SS 139/102 - 107. *Transvaalse Argiefstukke, op.cit.*, p. 156. Molema, *op. cit.*, (1966), p. 36.
161. *S.A. Argiefstukke*. Vol. II. (V.R.N.), p. 137.
162. Vgl. Leyds, W.J. *Het insluiten van de Boeren Republieken*. Dl. I. De Lange. Amsterstam. 1914, p. 101.
163. Molema, *op. cit.*, (1966), p. 39.
164. Mackenzie, J. *Austral Africa*. (Herdr. Negro Univ. Press. 1969. Vol. I, p. 47). Sillery, A. *John Mackenzie of Bechu=analand*. Balkema. Kaapstad. 1971, p. 23.
165. Opgeneem deur Leyds, *op. cit.*, pp. 295 - 296.

weë swakheid, nie die grens soos beskryf in 1868 kon handhaaf teen die protes wat van Britse kant daarteen opgegaan het nie.[166]

Vanweë die feit dat hierdie stamme prakties outonoom was, is veel onrus deur hulle in die westelike grensstrook van Trans=vaal en die Vrystaatse middelveld veroorsaak. In hierdie ver=band is reeds kennis geneem van die aanval wat in 1851 deur die Batlhaping van Mahura uitgevoer is op die Bahurutshe. Elders is vermeld dat gewapende bendes van Gasebonwe Blankes in die Vrystaat beroof het.[167] Teen 1858 het die Batlhaping van Mahu=ra en Gasebonwe ook begin moor en plunder in die Vrystaatse middelveld.[168] Ook in Transvaal moor en plunder Gasebonwe en voer in dieselfde tyd ook twee Blanke vroue weg.[169] In Julie 1858 word 'n Tlhapingbende deur 'n Vrystaatse kommando deur die Vaalrivier gejaag, terwyl 'n gekombineerde mag van die Vrystaat en Transvaal in Augustus 1858 met Mahura slaags raak. Ook Gase=bonwe word aangeval.[170] Tydens dié skermutselinge (Augustus 1858) sneuwel talle Batlhaping, waaronder vyf bloubloediges, naamlik Gasebonwe, Phohuitsile (Gasebonwe se oudste seun), Sakoe (broer van Mahura), 'n broer van Motlhabani (Maïdi - Tlhaping) en 'n seun van Mahura.[171] 'n Boete van 2 000 groot=

---

166. *Ibid.*, p. 101.

167. Van Aswegen, *op. cit.*, p. 138.

168. *Ibid.*, p. 141. Sillery, *op. cit.*, p. 23.

169. Leyds, *op. cit.*, p. 102.

170. Van Aswegen, *op. cit.*, p. 142. Mackenzie, *op. cit.*, p. 45-46.

171. Kaapse Argief, G.H. 22/9, p. 210. Vgl. ook Language, *op. cit.* (1942), p. 127. Breutz (*Taung and Herbert*, p.17) stel dit dat Gasebonwe ageer het vir Phohuitsile, seun van Phetlhu. Dié Gasebonwe waarna verderaan verwys word, is Botlhasitse Gasebonwe, seun van Gasebonwe.

vee word Mahura opgelê en hy word gemaan om voortaan gehoorsaam te wees aan die Transvaalse Republiek.[172] Vrede word hierna opnuut gesluit tussen die Z.A.R. en Mahura. In 'n brief aan Sir George Grey oor die gebeure identifiseer Ashton, 'n sendeling van die L.M.S. te Kuruman, die Batlhaping as die party wat die blaam moet dra en voeg by: "I should say that the Bechuanas are neither so far civilised nor christianized as to feel any great moral obligation to adhere to the articles of peace."[173]

Die Lichtenburg-Marico-Mafekinggebied was egter nog veel onrustiger en dié toestand het feitlik onafgebroke geduur vanaf die laat veertigerjare tot in 1884. Die oorsaak van hierdie onrus was van velerlei aard. Molema as Morôlông meen dat die Blanke (Afrikaner) die skuldige party is omdat sy grondsug hom Barôlônggebied laat betrek het.[174] Terselfdertyd erken hy egter dat Blankes se vee deur Batswana gesteel is as "confiscation, reprisal and/or indemnification."[175] Die Gronum-stukke vertel egter 'n ander verhaal: Talle Boereplase in die streek is deur Batswana (veral Barôlông van Montshiwa of sy bondgenootlike Bahurutshe) aangeval; Blankes is vermoor en vee is geroof; grense gestel tussen stamgebiede en Blanke gebied deur die Blanke owerheid is totaal geminag - soos die verbod op die besit van

---

172. Leyds, *op. cit.*, p. 103. Hier moet in gedagte gehou word dat hoewel nominaal, die Batlhaping onder Afrikanergesag was ingevolge die vredestraktate en toesegging van grondgebiede.

173. Kaapse Argief, G H 22/9, p. 210.

174. Molema, *op. cit.*, p. 43.

175. *Loc. cit.*

vuurwapens en arbeidsbelasting.[176] Verder het dit gebeur dat stamme onderling in botsings gewikkel raak en Blanke plase in dié proses geplunder word.[177]

Reeds in 1852 het dit nodig geword om teen Mosielele se Bakgat=la op te tree oor veediefstal. Mosielele se weiering om die geroofde vee terug te gee lei tot 'n aanval op die Kgatla-Manaana in Augustus 1852. Mosielele ontvlug egter inhegtenis=name en gaan skuil by die Bakwêna van Sechele. Sechele op sy beurt weier om Mosielele uit te lewer en laat weet aan komman=dant Scholtz dat hy Mosielele ingesluk het en dat wie vir Mosielele wil hê, laasgenoemde "uit sy maag" moes uithaal.[178] Alhoewel Scholtz en Sechele se weergawe van die gebeure ver=skil,[179] blyk dit dat Scholtz 'n groot mate van geduld aan die dag gelê het om bloedvergieting te voorkom.[180] Sechele laat weet egter aan Scholtz dat hy nie vrede wil hê nie, versterk=ings van ander stamme gekry het, kanonne het, dat die Boere=kommando "in die pot" is en dat hy Maandag (30 Augustus 1852) die deksel sal opsit en dat hy bereid is om aan die Boerekom=mando ammunisie te leen indien hulle nie genoeg het nie.[181] Onder dié omstandighede word Sechele se stat aangeval. Die stam vlug die nag van 30 Augustus noordwaarts en in Oktober 1852 vertel Sechele sy weergawe van die gebeure aan Chapman by

---

176. Gronum, C. F. *op. cit.*, p. 21 *et seq.*
177. Vgl. Leyds, *op. cit.*, p. 123.
178. Molema, *op. cit.*, p. 44. Chapman, *op. cit.*, p. 82.
179. Vgl. Chapman, *op. cit.*, p. 81-82. *S. A. Argiefstukke*, Vol. 2 (V.R.N.), p. 364.
180. Molema, *op. cit.*, p. 44.
181. *S.A. Argiefstukke*. Dl. II, (V.R.N.), (1851-1853), p. 364.

sy toenmalige woonplek, Shokwane. Montshiwa se weiering om twintig hulptroepe vir gebruik teen Sechele te voorsien, sy weiering daarna om Scholtz te woord te staan asook die roof van beeste deur die Barôlông in streke tot so ver as Magaliesburg en Rustenburg, lei in September 1852 tot 'n aanval op die Barôlông van Montshiwa wat, uit vrees vir weerwraak, versit het van Lotlhakane via Setlagole na Mosita. In hierdie botsing, die laaste waaraan kommandant-generaal Andries Pretorius deelgeneem het, val ook die jong Hurutshestamhoof, Lentswe. In Oktober 1853 word opnuut vrede met Montshiwa gesluit en die grenslyne van sy gebied herbevestig.[182]

Nieteenstaande grensvasstelling en vredesooreenkomste sou die wesgrens onrustig bly. Om verskeie redes sou die onrus ook toeneem gedurende die laat sewentigerjare.

Die ontdekking van diamante in die omgewing van die huidige Kimberley en die botsende aansprake op die gebied lei dan tot die omstrede Keate-uitspraak as gevolg waarvan Griekwaland-Wes deur Goewerneur Barkley geannekseer word. Hierdeur word die gebied wat aangedui is as dié van Waterboer, in 1871 'n Britse kroonkolonie. By dié gebied is egter ongeveer 70 plase van 6 000 akker elk en wat behoort het aan die Batlhaping, ingesluit.[183] Gevolglik word die grootste persentasie van stamhoof Jantje se volgelinge Britse onderdane. Ook die Gasebonwe-groep verloor hiermee deel van hulle grondgebied. Vyf jaar na hierdie anneksasie word reservate met 'n oppervlakte van 527 vk. myl in die gebied vir die Batlhaping afgebaken, maar dit word in 1898 met sowat die helfte verklein, hoofsaaklik as gevolg van

182. Molema, *op. cit.*, p. 50.

183. Mackenzie, *op. cit.*, p. 49.

die emigrasie van Batswana wat voorgevloei het uit die 1878-op=stand wat in die gebied plaasvind.

Die effek van Britse gesag, gepaard met die verlies van groot dele van hulle gebied, lei in 1878 tot 'n wydverspreide opstand by die Batlhaping teen Britse gesag in Griekwaland-Wes Han=delende op 'n gerug dat die Britse gesag in die Kaapkolonie deur die Xhosa afgewerp is, val die Batlhaping talle Blankes in die gebied aan asook die sendingstasie te Motitong.[184] Die opstand word deur 'n taakmag onder aanvoering van Warren en bestaande uit troepe, polisie en vrywilligers, onderdruk. Op 15 Oktober 1880 word Griekwaland-Wes dan ingelyf by die Kaapkolonie deur proklamasie ingevolge die *Griqualand West Annexation Act, 1877.*[185] Daarmee word die Kaapse wetgewing van toepassing ge=maak op die Batswana binne die gebied.

Die gebied tussen die huidige Transvaal en Griekwaland-Wes en suid van die Molopo het ook toenemende onrustig geword. Stamme het verder versplinter, roofbendes het ontstaan en Britse mili=têre drosters en onsuksesvolle myners het dié gebied vanuit Griekwaland-wes binnegekom as "adviseurs", "ondernemers", "agente", handelaars en spekulante. So word daar onder aan=voering van kaptein Bethell, 'n verwant van Warren wat as ad=viseur en agent deur Brittanje by Montshiwa aangestel word, 'n 'n weerstand teen die Blankes van Transvaal georganiseer.[186] Verskeie stamme in die Molopo-gebied word hierby betrek, van vuurwapens voorsien en militêr gereed gemaak. In 1881 word die

184. Sillery, *op. cit.*, p. 46.

185. Eybers, *op. cit.*, p. 66.

186. Vgl. Gronum, *op. cit.*, p. 34 *et seq.* Molema, *op. cit.*, p. 104.

Afrikaner-gesinde Moshwette aangeval deur die Brits-gesinde Montshiwa en 60 Blankes van Britse herkoms.[187] In November 1881 trek die Batlhaping van Mankurwana op teen die Koranna van Massouw. Oor wie aanleiding gegee het, verskil die bronne: Leyds beweer Mankurwana, Mackenzie beweer Massouw.[188] Aan albei kante is daar Blanke vrywilligers op belofte van plase as oorlogsbuit. Intussen is ook Scotty Smith wat "er zich op (beroemt) 750 paarden te hebben gestolen" met die bystand van "een groote bende Zoeloes en koloniale kaffers die hij heeft afgericht om onder hun te werken"[189] besonder bedrywig in die gebied. Gronum kan onder die omstandighede as korrek aanvaar word as hy meedeel dat Bantoe by tye gewapend en in perdekommando's op Blanke plase rondgery het om te roof, te plunder en te provokeer.[190]

Gebonde aan die Pretoria-konvensie-grenslyn en die bepaling dat die Britse Resident in Pretoria die medium vir kontak en kommunikasie tussen Transvaal en die Bantoestamme buite sy grense sou wees,[191] was die Afrikaner feitlik magteloos om iets aan die onhoudbare situasie te doen. Gevolglik skryf die Transvaalse Staatsekretaris in 1882 soos volg aan die Britse Resident: "Een van deze twee zaken moet gebeuren, of Z. Ed. Gestr. moet namens Harer Majesteits Gouvernement dadelijk tusschenbeide treden en de vrede tusschen de nu vechtende inboorlingen be-

---

187. Leyds, *op. cit.*, p. 109.

188. *Ibid.*, p. 66. Mackenzie, *op. cit.*, p. 50 *et seq.*

189. Leyds, *op. cit.*, p. 116.

190. *Op. cit.*, p. 32 *et seq.*

191. Eybers, *op. cit.*, p. 460.

werken, desnoods met geweld, of H.M. Gouvernement moet aan dezen Staat toestaan, de vrede te bewerken ..."[192]

Soos bekend doen Brittanje niks daadwerkliks om orde in die gebied te herstel nie; loop die stryd tussen Mankurwana en Massouw uit op die ontstaan van Stellaland (1882) en dié tussen Moshwette en Montshiwa op die stigting van Goosen (1882); word John Mackenzie aangestel as adjunk-kommissaris vir Betsjoeanaland en sluit hy verdrae met verskeie stamhoofde waarin Britse proteksie aanvaar word, maar word hy as gevolg van sy onhandige hantering van die situasie, drie maande daarna afgedank en opgevolg deur Rhodes. In die laaste konfrontasie tussen die Goseniete en die Montshiwa-alliansie (Julie 1884) sneuwel Bethell aan die hand van Daniël van Vuuren en word die Mafeking-alliansie uiteengejaag.[193] Op 27 Januarie 1885 word Britse gesag oor die gebied wat ter sprake is, afgekondig,[194] en word Sir Charles Warren met 'n taakmag van 5 000 man gestuur om die gebied tot orde te bring. Op 30 September 1885 word die gebied suid van die Molopo en Ramatlabamaspruit geannekseer as Britse gebied onder die benaming Brits-Betsjoeanaland. Die suidelike deel word dus 'n Britse kroonkolonie, terwyl die noordelike deel (vanaf die Molopo tot die 22ste breedtegraad) 'n Britse protektoraat sou wees.

Daarmee is die onderwerping van die Batswana voltooi; of liewer, is die nominale gesag van die Afrikaner oor die Batswana in die gebied en die soesereiniteit van die stamme in die gebied ver=

---

192. Leyds, *op. cit.*, p. 123.

193. Gronum, *op.cit.*, p. 34 *et seq*. Molema, *op.cit.*,p.139-140.

194. Hailey, 1953, p. 92. Vgl. ook Sillery, A. *The Bechuana= land Protectorate*. O.U.P. London. 1952. p.51 *et seq*.

dring deur Britse gesag en Tswana-onderworpenheid. Die Anglo-Amerikaanse literatuur regverdig die anneksasie van dié Tswana=gebied normaalweg as sou dit daarop bereken gewees het om te verhoed dat die Afrikaner die grondgebied van die Batswana ver=vreem. In hierdie redenasie word verskeie belangrike faktore buite rekening gelaat. Eerstens toon die argiefstukke dat woon=gebiede vir die meeste stamme in die gebied deur die Transvaalse bewind afgebaken is. Daaruit verstaan ons dat *deel* van die ge=bied wat as Afrikanergebied beskou is, aan dié stamme toegesê is op voorwaarde van nominale onderskikking aan Afrikanergesag, dit wil sê soesereiniteit. Montshiwa het immers self sy onder=geskiktheid erken. In dié lig gesien, kry sy optrede die kleur van 'n rebellie en dié van Brittanje, naakte aggressie. Twee=dens lewer die Gronumstukke 'n oormaat van getuienis dat die wesgrensstrook nie in wese verskil het van die Kaapse Oosgrens nie. Dáár het dit uitgeloop op progressiewe anneksasie in naam van vrede en orde - hier durf die Afrikaner dit nie doen nie, omdat hy dan "Tswanagebied" sou roof. Derdens voer Leyds aan dat Mankurwana, Massouw, Gasibonwe en Montshiwa proteksie deur Transvaal versoek het[195] maar dat Brittanje nie sodanige protek=sie wou toelaat nie. Vierdens wys verskeie bronne daarop dat Brittanje 'n alliansie tussen Pretoria en Angra Pequena gevrees het waardeur die "weg na die noorde" geblokkeer sou wees en dat dit "an end to British development in South Africa" sou bete=ken.[196] Die feit dat Duitsland in 1886 ongevraagd gewaarsku is dat Betsjoeanaland nou onder Britse proteksie geplaas is,[197]

---

195. *Op. cit.*, p.131, 133, 206-207. Molema (*op.cit.*(1966) p. 149-150) verwys ook na die Montshiwa-versoek maar ontken die egtheid van die dokument.

196. Hailey, *op.cit.*(1953), p. 191.

197. Hailey, Lord. *South Africa and the High Commission Terri=tories*. O.U.P. London. 1963, p. 6-8.

hou ook in dat "beskerming" van die Tswana teen die Afrikaner 'n rookskerm was vir ander motiewe.

Vir ons doeleindes is dit egter onnodig om na die leuenaar te soek. Dit word aanvaar dat die gebied geannekseer is deur Brit=tanje. Deur goewermentskennisgewing van 1 Oktober 1885 is be=kendgemaak dat die Kaapse Goewerneur op 29 September 1885 deur die Britse staatshoof aangestel is as goewerneur van Brits-Betsjoeanaland.[198] Op dieselfde datum is aangekondig dat die Goewerneur 'n administrateur en hoofmagistraat (Sir Sydney Ship=pard) vir Brits-Betsjoeanaland aangestel het en dat dié persoon ook adjunk-kommissaris van die Protektoraat sou wees.[199] Ter=selfdertyd is 'n kommissie wat grond-aangeleenthede in die ge=bied moes ondersoek, aangestel en is die gebied in drie distrik=te verdeel met 'n magistraat in bevel van elke distrik. Voor=skrifte vir die administrasie van die gebied is uitgereik deur Proklamasie no. 2 van 1885 (B.B.).

Die kommissie wat die *grondkwessie* sou ondersoek,het onder voor=sitterskap van Sir Sydney Shippard gestaan en daaraan is opge=dra om onder meer genoegsame grondgebied wat as reservate vir die stamme sou dien, af te baken en om die aansprake van Blankes op grond in die gebied te ondersoek.[200] Gronde wat buite die lokasies val en waarop Blanke aansprake nie gehandhaaf word nie, sou kroongrond wees wat gebruik kon word vir Blanke okkupasie. Die oogmerk met die ondersoek was tweeledig, naamlik "Native

---

198. *Cape of Good Hope Govt. Gazette*. No. 6,654. dd. 7 Oct.1885. Proclamation no. 1 (BB).

199. *Loc. cit.*

200. *British Bechuanaland. Report of the Commissioners appoin=ted to determine land claims and to effect a land settle=ment in British Bechuanaland.* London. 1886. (C-4889), p. 3.

protection combined with European expansion."[201] Die kommissie het sy verslag op 5 Junie 1886 aan die Goewerneur voorgelê en die afsondering van die volgende gebiede as reservate aanbeveel in -

(a) die Batlhaping en Batlharo-area:[202]

(i) Taung-reserwe (± 690 vk. myl).
(ii) Kaukwe en Vrouwfontein (± 9½ vk. myl).
(iii) Vlakfontein en Metsi Matsi (± 19 vk. myl).
(iv) Tlharing (± 9½ vk. myl).
(v) Smouswane en Ngunga (± 9½ vk. myl).
(vi) "Koning en Klein Koning" (± 19½ vk. myl).
(vii) Manyeding (± 45 vk. myl).
(viii) Bothetheletsa (± 48 vk. myl).
(ix) Thakong en Motiton (± 100 vk. myl).
(x) Laer Kuruman (± 225 vk. myl).

(b) die Barôlông-area:[203]

(i) Molopo (660 vk. myl).
(ii) Setlagole (350 vk. myl).
(iii) Ganyesa (110 vk. myl).
(iv) Morokweng (360 vk. myl).
(v) Soloh'skraal (± 10 vk. myl).
(vi) Mosita (± 15 vk. myl).
(vii) Logageng (± 10 vk. myl).
(viii) Kgokgole (± 20 vk. myl).

---

201. *Ibid.*, p. 4.

202. *Ibid.*, pp. 32-33. Die afmetings soos dit in die verslag voorkom, word hierby gegee.

203. *Ibid.*, p. 68.

Die reservate onder (a) hierbo het in die Taung-Vryburg-Kuruman-area verspreid gelê. Die kommissie wou graag 'n aaneengeslote blok toeken, maar omdat die bevolking in verspreide sametrek=kings voorgekom het en verskuiwings as ongewens beskou is, is dit verspreid toegeken. Die gronde wat hiermee afgesonder is, het 'n gemiddelde bevolkingsverspreiding van 27,8 akker per per=soon verteenwoordig,[204] sou behoort aan die Kroon[205] en kommu=naal benut word. Die gebiede wat onder (b) hierbo afgesonder is het 'n bevolkingsverspreiding van 41,4 akker per persoon verteenwoordig. Die kommissie merk dan ook op: "... we have reserved ... more land than is actually required by them."[206] - 'n feit wat ook deur 'n getuie voor die interkoloniale kom=missie (1903-1905) herhaal is.[207] Ten spyte hiervan is verdere reservate tussen 1885 en 1895 afgebaken[208] sodat daar in 1895 'n totaal van 37 opgemete en een onopgemete reservaat met 'n totale oppervlakte van 1,4 miljoen morg in die gebied bestaan het.[209]

As gevolg van hierdie grondopsystelling ontstaan daar dus reeds 'n gefragmenteerde opset in Brits-Betsjoeanaland ten opsigte van grondtoekenning aan Batswana.

---

204. *Ibid.*, p. 30.

205. Op 31 Januarie 1895 bevestig die hoëkommissaris aan die administrateur: "... no inalienable right is to be gran=ted ... for these reserves, while it is to be clearly un=derstood that the right to coal and all other minerals is to be reserved." (Kaapse Argief, B.C.C. 7 (K)).

206. *Op. cit.*, p. 68.

207. *S.A.N.A.C. Minutes of Evidence* (IV), p. 255.

208. Kaapse Argief B.C.C. 7, f. 57. Sosio-ekonomiese Kommissie (Tomlinson-kommissie), Vol. 4, p. 22.

209. *British Bechuanaland. Correspondence relative to the Trans=fer of British Bechuanaland to the Cape Colony.* London. 1896. (C.7932), p. 28.

Sover dit die *bestuur* van die gebied betref, sou die magistrate van die drie distrikte ondergeskik wees aan die administrateur. Deur Proklamasie 3 van 1885 (BB) is die jurisdiksiegebiede van die magistrate aangedui as die Tlhapinggebied (met setel te Taung); Rôlônggebied (met setel te Mafeking) en die distrik Stellaland (met setel te Vryburg).[210] Dié distrikte is later vermeerder tot vyf.[211] Vir elke distrik is 'n hof ingestel met voorsiening vir appél na die hoofmagistraat (administrateur).[212] In die administrasie van die reservate sou die Inspekteur van Bantoereservate - 'n pos wat aanbeveel is deur die grondkommissie van 1885[213] - 'n belangrike rol speel. Stamhoofde is erken as gesagshebbers oor hulle stamme en wye bevoegdhede is ingevolge Proklamasie 2 van 1885 (BB) in hulle hande gelaat. Só sou stamhoofde oorspronklike en eksklusiewe jurisdiksie hê in alle siviele sake tussen Bantoe van hulle eie stamme.[214] Ook sou hulle jurisdiksie ooreenkomstig Bantoereg in kriminele sake hê, met uitsluiting van moord, towery, verkragting en diefstal van ander stamme.[215] Huwelike ooreenkomstig Bantoereg is erken.[216] Van besondere belang is die aksent wat geplaas is op stamverband. Die bevoegdhede van stamhoofde is beperk tot "hulle eie stamme". Die beginsel van persoonlike in plaas van territoriale jurisdiksie spruit stellig ook voort uit dié uitgangspunt van die grondkommissie: "As the jurisdiction of Native Chiefs ... is almost invariably tribal and not territorial, we have purposely refrained

---

210. *Govt. Gazette* 6,654, 1885.

211. Hailey, *op. cit.*, (1953), p. 193.

212. Proklamasie 2 (BB), art. 1 & 2.

213. *Op. cit.*, p. 12, par. 44.

214. *Op. cit.*, art. 32. Vgl. ook die getuienis van Montshiwa voor S.A.N.A.C. *(op.cit.*, p. 258).

215. *Ibid.*, art. 32.

216. *Ibid.*, art. 42.

from defining any boundaries between tribes or sections of a tribe."[217]

Dus kry ons die indruk dat die vestiging van Britse gesag die gesag van stamhoofde nie ingrypend aangetas het nie. Die ingrypendste verandering wat deur die nuwe gesagsverhouding teweeggebring is, is die reservering van sekere strafsake vir die Britse owerheid; dat nuwe intrekkers onder die aandag van die magistraat gebring moes word; dat enige Bantoe wat Brits-Betsjoeanaland wou binnekom of verlaat, in besit moes wees van 'n pas, uitgereik deur 'n bevoegde persoon en dat 'n verbod geplaas is op gedwonge deelname aan die *bogwêra* en *bojale*. Die beleid was ingestem op slegs daardie mate van inmenging wat as noodsaaklik beskou is vir die handhawing van orde. Geen intensiewe administrasie wou bekostig word nie, en ontwikkeling was op daardie stadium nog nie deel van die koloniale leksikon nie. Die imperiale beleid is dan ook soos volg gestel aan die Kaapse Eerste Minister: "The Policy of the Imperial Government in its logical effect may be said to aim at the establishment of a seperate and semi-independent black state, the executive functions of government being for practical purposes vested in Native Chiefs with European officers acting as advisors. The Imperial Government by its policy seeks to maintain and perpetuate the power tribal and otherwise of the Chief ..."[218]

Hierdie beleid sou egter spoedig gewysig word na inlywing van Brits-Betsjoeanaland by die Kaapkolonie op 11 November 1895.[219]

---

217. *Op. cit.*, p. 30.

218. *Memorandum on the Administration of Native Affairs in British Bechuanaland. (Confidential)*. B224.1000. June, 908, p. 1.

219. Deur Wet no. 41 van 1895 (K).

Reeds met die anneksasie van Brits-Betsjoeanaland was die imperiale regering van mening dat die gebied by die Kaapkolonie ingelyf moes word.[220] Anneksasie tot Kroonkolonie was dus 'n tussentydse noodsprong ter bevordering van Britse invloed, maar die basiese standpunt was dié van gebiedsintegrasie in Suid-Afrika. Trouens, in 1910 het die Hoëkommissaris 'n aantal stamhoofde van die Betsjoeanalandse Protektoraat meegedeel dat ook dié protektoraat noodwendig een of ander tyd by die Unie van Suid-Afrika ingelyf sou word.[221]

'n Petisie aan die Goewerneur onderteken deur 327 Blankes van Brits-Betsjoeanaland waarin gevra word om die inlywing van Brits-Betsjoeanaland by die Kaapkolonie,[222] het dus in die imperiale kraam gepas. Op dieselfde tydstip, en na aanleiding van hierdie petisie, petisioneer Montshiwa en Mankurwana egter teen inlywing.[223] Deur die Montshiwa-petisie word dit gestel dat inlywing die Batswana sou ruïneer en lei tot onreg "through the direct, if not indirect, influence of the majority of the Cape Parliament who will frame laws against the welfare of the Natives in this country. Instead of remaining in the present Native reserves we may be forced into locations. Instead of administering our Native laws as is now done according to our Native customs, we shall find ourselves under restrictions which will be made law and which we shall not be able to understand. We shall be without our leaders by having no voice in the fra=

---

220. Hailey, *op. cit.*, (1953), p. 192.

221. Hailey, *op. cit.*, (1963), p. 31.

222. *British Bechuanaland (Crown Colony). Correspondence Relative to the Transfer of British Bechuanaland to the Cape Colony*. London. 1896. (C.7932), p. 2.

223. *Ibid.*, p. 5.

ming of any laws."[224]

Die petisie van Mankurwana was feitlik gelykluidend.[225] Beide petisies bevat die tipiese reaksie van 'n minderheidsgroep wat nie in 'n te hegte politieke verband met 'n meerderheidsgroep betrokke wil raak nie.

Die Barôlông-petisie is gesteun deur die Wesleyaanse Sendinggenootskap.[226]

As gevolg van hierdie verwikkeling laat weet die Sekretaris van Kolonies aan die Kaapse owerheid dat inlywing by die Kaapkolonie alleen sal kan geskied op versekering dat die bestaande reëlings ten opsigte van Bantoereservate en ander regte van Bantoe op grond, verbod op drank aan Bantoe, erkenning van Bantoereg en jurisdiksie van stamhoofde, gehandhaaf sal word.[227] Hiertoe het die Kaapse owerheid ingestem maar 'n agterdeur probeer oophou deur by te voeg dat geen nuwe wetgewing ten opsigte van die gespesifiseerde sake afgekondig sou word nie "without previously ascertaining the views of Her Majesty's Government and giving them full consideration."[228] Montshiwa was egter slegs bereid om sy petisie terug te trek op voorwaarde dat (1) reservate onvervreembaar sou wees, behalwe waar die Koningin toestemming daartoe sou gee; (2) die jurisdiksie van stamhoofde onder Proklamasie 2 van 1885 onaangetas bly; (3) die verbod op sterk

---

224. *Loc. cit.*
225. *Ibid.*, p. 6.
226. *Ibid.*, p. 8.
227. *Ibid.*, p. 8-10.
228. *Ibid.*, p. 12.

drank aan Bantoe gehandhaaf word; (4) sy pensioen (stipendium) nie geaffekteer word nie; (5) die magistraatsetel op Mafeking sou bly; en (6) die Glen Grey Wet, 1894, nie in Brits-Betsjoeanaland toegepas sal word nie, behalwe met goedkeuring van die Koningin.[229]

Aan dié eise is voldoen deur artikels *sestien, sewentien* en *sesen-twintig* van Wet no. 41 van 1895.

Met die inlywing van Brits-Betsjoeanaland by die Kaapkolonie moes die politieke profiel van die gebied weer 'n verandering ondergaan. Die imperiale doelstelling van "a separate and semi-independent black state" word nou omgeswaai na die politieke filosofie geldig vir die Kaapkolonie, naamlik selektiewe politieke integrasie, dit wil sê individuele inkorporasie op die basis van Blanke kultuur en beskawing. Ten opsigte van Brits-Betsjoeanaland het dit beteken dat die kiesreg uitgebrei word tot Brits-Betsjoeanaland op die voorwaardes geldend in die Kaapkolonie; dat dié gebied vir die doeleindes van politieke verteenwoordiging in twee kiesafdelings verdeel word vir die verkiesing van lede van die Wetgewende Vergadering, terwyl die gebied ook een lid kon aanwys vir die Wetgewende Raad van die Kaapkolonie; dat die gebied ingesluit word by die jurisdiksiegebied van die Hoë Hof van Griekwaland-Wes; Afdelingsrade in die gebied ingestel word, en dat die amptenare van die gebied in hulle poste aanbly en amptenare van die Kaapse regering word.[230]

Ook is die Bantoe in die gebied voortaan onder beheer van die Kaapse Departement van Naturellesake. En tussen die beleid toe=

229. *Ibid.*, p. 20-21.

230. Artt. 3, 4 en 5 van Wet no. 41 van 1895.

gepas deur dié departement en die imperiale regering het daar gapende verskille bestaan. So word dit dan ook in die memorandum waarna reeds verwys is, gestel dat "... the policy pursued by the Imperial Government in dealing with the Natives of Bechuanaland ... is for the most part diametrically opposed to the policy initiated by Sir George Grey in 1858 and since consistently carried out and developed by this (Kaapse) Government."[231] Teenoor die imperiale beleid waardeur erkenning gegee is aan en besonder groot magte gelaat is in die hande van stamhoofde soos blyk uit Proklamasie no. 2 van 1885, was die Grey-beleid ingestem op 'n afbraak van die tradisionele ordening in naam van beskawing. Grey het in 1856 immers geskryf: "The best hope ... for the future, is that of adopting the Kafir system of polity into our own. That is ... attempting to make every chief of importance look to the Government for his remuneration."[232] Die tradisionele inkomstebronne van die stamhoof moes dus gekeer word in die skatkis van die voog waaruit 'n salaris dan aan die stamhoof betaal moes word. Daarmee sou 'n houvas op die stamhoof verkry word.

Dié beleid is deur die Kaapse bewind verder gevoer: "... the colonial Government uses the chief to break down his own power, making it at first subsidiary to and in gradual process entirely subordinate to a well ordered system of administrative government."[233] Om hierdie oogmerke te bereik is ook ondersteunende metodes elders toegepas, soos individuele grondbesit, die instelling van verkose rade ingevolge die Glen Grey Wet, 1894 en

---

231. *Op. cit.*, p. 1.

232. *Loc. cit.*

233. *Loc. cit.*

die aanstelling van hoofmanne oor lokasies, want "The headman deals directly with the Magistrate and in time helps to break down the power of the Chief."[234] En dan is dit ook duidelik te verstaan dat die hoofmanne waarna hier verwys word nie tradisionele hoofmanne sou wees nie. Die opsteller van die memo skryf immers: "Those who are called Headman in Bechuanaland but have not in most cases been officially recognized in that position are counsellors to the Chiefs."[235] Vir die Kaapse owerheid was 'n hoofman klaarblyklik 'n persoon wat deur die owerheid aangestel is oor 'n lokasie. Of so 'n hoofman enige tradisionele status het, was blykbaar irrelevant; trouens, dit wil voorkom asof so 'n persoon nie enige tradisionele status moes hê nie. In die lig van die beleidsoogmerke kan dit egter verstaan word dat enigiets wat na tradisie sou ruik, as ongewens beskou sou word deur die Kaapse Departement van Naturellesake.

Hoe onbevredigend die toestand ookal in Brits-Betsjoeanaland vir die Kaapse regering was, hoe botsend die administratiewe praktyk wat hier gevolg is ookal met die beleid soos toegepas in die Ciskei en elders was, veranderings kon, in die lig van die onderneming wat aan Brittanje gegee en beliggaam is in die inlywingswetgewing, nie onmiddellik aangebring word nie. Dit beteken dat stamhoofgesag nie direk aangetas kon word nie en dat 'n toepassing van die Glen Grey Wet ook nie in die gebied kon plaasvind nie. As gevolg van hierdie opset is die stamhoofskap en stamstrukture enigsins beskerm teen uitdruklike miskenning of verwerping deur die Blanke voog. Ontwrigting sou egter nie uitbly nie. In 1896 vind die Langebergrebellie plaas as gevolg waarvan die stamstrukture van die Batlhaping en Batlharo erg

234. *Ibid.*, p. 4.
235. *Loc. cit.*

ontwrig is; stamhoofde verban of weggevlug het, en verskeie reservate wat vir die Batlhaping en Batlharo opsy gestel is, vir Blanke okkupasie en besit oopgestel is.

Onder hierdie omstandighede en in die hierdie administratiewe klimaat, word die gebied dan deel van die Unie in 1910.

Die vraag na die eerste reaksies van die Batswana op Britse ge= sag kan nie behoorlik beantwoord word nie. Tog kan uit die 1878-opstand en 1896-rebellie 'n weerstand teen Britse gesag afgelees word. Ook ander insidente en houdings dui op 'n weer= stand en toon aan dat die implikasies van "proteksie" en inly= wing nie ten volle deur die Batswana begryp is nie. So teken Mankurwana protes aan by die Hoëkommissaris oor boetes wat sy stamlede opgelê is en oor inhegtenisnames wat plaasgevind het na aanleiding van die wegsteek van besmette persone tydens 'n pokkie-epidemie.[236] Ook meld die magistraat van Mafeking in 1907 dat die polisie nie veel hulp ontvang van stamhoofde met die arrestasie van misdadigers nie; trouens, "in some cases it is believed they actually helped them to escape ... Strong ob= jection has been taken to the arrest of Natives by the police without prior consultation of the Chiefs."[237] Die volgende voorval uit Taung in 1907 illustreer die weiering om die nuwe gesagsverhouding ten volle te aanvaar egter stellig die beste. 'n Paar Basotho het te Manthe begin ploeg voordat die stamhoof, Kgantlhapane, sy toestemming daartoe gegee het. Die Basotho is 'n boete opgelê deur die stamhoof en is meegedeel dat die stam= hoof die lande sal oes. Die saak is opgeneem deur die Inspek= teur van Reservate en hy rapporteer sy onderhoud met stamhoof

236. B.C.C. 8, brief no. 226.

237. *Memo*, *op. cit.*, p. 9.

Kgantlhapane soos volg:

"Inspector: "Do you think these people will allow you to reap their lands?"

Kgantlhapane: "It is my land and I can do as I like."

Inspector: "Don't you think there will be a row?"

Kgantlhapane: "They dare not raise their hand."

Inspector: "Do you for one moment think that the Government would allow you to do it."

Kgantlhapane: "I have said before it is my land and no one has a right to interfere."[238]

## 4. Samevattend

Sō verloor die verskillende Tswanastamme in Transvaal, die O.V.S. en Brits-Betsjoeanaland dan hulle gesagsoorspronklikheid en word ingeskakel binne 'n nuwe politieke orde. En omdat daar voor 1910 nog geen vraagteken gehang het oor die besit van kolonies en die onderwerping en beheersing van minder-ontwikkelde etnieë nie, was die doelgerigte ontwikkeling van onderworpe etnieë tot nasieverband nog 'n saak vir die toekoms. Gevolglik vind ons voor 1910 geen beleid wat bewustelik poog om nasievormend ten opsigte van die Batswana op te tree nie. Die toestaan van gekwalifiseerde stemreg aan die Tswana in die Kaapkolonie (Brits-Betsjoeanaland) het weliswaar 'n nasievormingsformule beliggaam, maar daar kan met reg twyfel uitgespreek word of dit as sodanig bedoel was. Veel eerder was dit enersyds 'n

---

238. B.C.C. 8.

frontgewel en fasade vir liberale konsumpsie[239] en andersyds 'n meganisme ter bekamping van Afrikanerinvloed in die Kaap=kolonie[240] as 'n eerlike poging tot en resep vir nasionale integrasie. Daarby moet steeds in gedagte gehou word dat die Kaapkolonie as 'n Britse *kolonie* 'n magtige bondgenoot en bron van sekuriteit in die vorm van Brittanje gehad het op wie die (Britse) Blanke van die Kaap hom kon beroep op beskerming in=dien sy voortbestaan bedreig sou word. Die Afrikanerstate in die binneland hierteenoor was in terme van bevolkingsgetal èn middele èn bondgenote te swak vir politieke avonture en 'n opportunistiese Bantoebeleid waardeur Afrikaneridentiteit op die spel geplaas kon word.

Wat ookal die motivering vir die onderskeie beleidsrigtings, Suid-Afrika betree die nuwe bedeling (Unie) met die Batswana verspreid in drie van die vier samestellende gebiede. Tussen die gebiede, besonderlik Transvaal en die Vrystaat enersyds en die Kaapkolonie andersyds, bestaan daar dan 'n groot verskil in oogmerke met betrekking tot die politieke toekoms van die Batswana en gevolglik ook in die stelsels van voogbestuur. Sir Godfrey Lagden se woorde, geskryf in 1908, het ook die Batswana dus goed gepas. Hy skryf: "... although the native

---

239. Die verhoging van stemregvereistes in 1892 kan hier genoem word. Verder illustreer ook Merriman se standpunt dié opportunistiese houding, naamlik dat dit "a safety valve (is) and for generations it would not be a danger to Eu=ropean political supremacy." (Vgl. Krüger, D.W. *The Age of the Generals*. Dagbreek. Johannesburg. 1961, p. 40).

240. Vgl. Scholtz, G. D. Die ontstaan en wese van die Suid-Afrikaanse Rassepatroon. *Tydskrif vir Rasse-aangeleent=hede*. 9,4 (1958), p. 13.

races are closely allied in character and language, they are suffering at our hands from a bewildering variety of forms of administration."[241]

241. South African Native Races Committee. *The South African Natives*. 1908. (Herd. Negro Univ. Press. New York. 1969, p. 114).

## HOOFSTUK VI

## VOOGBESTUUR EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE FORMULE VIR NASIEVORMING

Omdat die heersende sowel as beheersde elemente binne 'n etnies-gestratifieerde sisteem uit mensegemeenskappe bestaan wat bepaalde intensies ten opsigte van mekaar het, is die verhouding nooit staties nie maar voortdurend veranderend;[1] trouens, die verhouding is eerder 'n "proses" as 'n "toestand". Verder is die verhouding eensydig gepositiveer. Slegs die intensie van die heersende eenheid vind weerklank in die reëls (wetgewing) waardeur die aggregaat georden word. Dit is so, omdat die verhouding gekenmerk word deur die botsing van belange en intensies tussen die twee partye en dit gevolglik slegs logies is dat die maghebbende etnos eerstens in sy beste belang sal optree. Daarom ook behoort dit tot die verantwoordelikheid van die voog om te besluit oor die politieke toekoms van die bevoogde. Uiters selde is 'n oplossing van die situasie moontlik deur die erkenning en vergestalting van die politieke intensies van beide partye, omdat dié intensies normaalweg in botsing met mekaar staan. Gevolglik word so 'n etnies-gestratifieerde situasie normaalweg gekenmerk deur 'n mindere of meerdere mate van paternalisme. Suid-Afrika sou geen uitsondering wees nie, en die Blanke gesaghebber sou gevolglik ook ná 1910 besluit oor die aard en inhoud van die aanbod vir nasievorming aan die Batswana.

Uit hoofde van die bepalings van artikel *honderd sewe-en-veer=*

---

1. Labuschagne, J.M.T. *Op. cit.*, p.76.

*tig* van die *Zuid-Afrika Wet, 1909*, word die bevoegdheid wat gesetel het in die goewerneurs van die samestellende gebiede ten opsigte van beheer oor Bantoe, nou gestel in die hande van die goewerneur-generaal-in-rade. Daarmee word Bantoebeleid en -administrasie die verantwoordelikheid van die sentrale gesag, welke liggaam in sy beleidsformulering en wetgewing ten opsigte van die Bantoe aanvanklik nie onderskeid sou maak op grond van etniese verskille wat daar binne die Bantoe bestaan nie. Polietiek sowel as administratief word die Batswana dus as 'n ongeïdentifiseerde onderdeel van die Bantoe beskou en behandel tot en met 1959 toe erkenning daaraan verleen is as afsonderlike etniese eenheid. Gevolglik moet die aard en ontwikkeling van Blanke voogbestuur ten opsigte van die Bantoe as groep hier gestel word. In die volgende hoofstukke sal die toepassing van die stelsel op die Batswana bespreek word, omdat dit wesentlik die nasievormingsaanbod van die voog aan die bevoogde Batswana uitmaak. Die mate van oorvleueling wat tussen hierdie en volgende hoofstukke voorkom, is dus onvermydelik.

## 1. Politieke bedeling

As gevolg van die uiteenlopende beleidsrigtings tussen die suidelike en noordelike provinsies ten opsigte van die toekomstige politieke bestemming van die Bantoe, word die welbekende kompromis in 1909 aanvaar met die gevolglike handhawing van die *status quo*. Deur artikel *vyf-en-dertig* gelees met artikel *honderd twee-en-vyftig* van die *Zuid-Afrika Wet, 1909*, word die stemreg van die Bantoekieser in die Kaapkolonie gehandhaaf en verskans terwyl artikel *ses-en-dertig* ook aan die Bantoekiesers van die Kaapkolonie die kiesreg ten opsigte van die uniale parlement toesê. Die stemreg van die Bantoekieser in die Kaapkolonie/-provinsie word dus verskans en uitgebrei sonder dat daar

egter 'n verskanste verbod op die uitbreiding van dáárdie reg (kiesreg) na die Bantoe binne die twee noordelike gebiede voor= kom. Andersyds is die politieke regte van die Bantoe in die Kaap egter wel beperk deur die bepaling dat slegs persone van Europese afkoms (Blankes) voortaan verkies kan word tot die parlement. Verder moes vier van die agt benoemde senatore be= noem word op grond van hulle kennis van die behoeftes en die wense van "kleurlingrasse" van Suid-Afrika.[2]

Hierdie reëlings bly onveranderd tot in 1936.

Soos welbekend huiwer die politieke aanbod aan die Bantoe in die periode 1910-1936 tussen die pole van differensiasie en identiteit, oftewel afsonderlikheid en assimilasie/inkorporasie. Hierdie huiwering is veral toe te skryf aan die voortgesette kragmeting tussen die Suidelike en Noordelike standpunte.[3] Die pogings van die segregasionistiese Hertzog sou na die bewinds= verandering van 1924, en besonderlik vanaf 1926, lei tot 'n intensivering van die politieke stryd rondom die Bantoestemreg op die gemeenskaplike kieserslys. Vir Hertzog het dié gege= wendheid die gevaar ingehou dat die Blanke uit Suid-Afrika ge= druk kon word deur die getalsterkere Bantoe. Vanweë die ver= skansing van die Bantoestemreg kon daar egter weinig aan die saak gedoen word. Eers na die uitbreiding van die stemreg aan Blanke vroue in 1930, die afskaffing van eiendomskwalifikasies vir Blankes in die Kaapprovinsie en Natal in 1931, die neerdruk=

---

2. Art. 24 (ii).

3. Vir die standpunte van Botha en Hertzog in 1912-1913, vgl. Krüger, D.W. *South African Parties and Policies, 1910-1960.* Human & Rousseau. Kaapstad. 1960, p.361-362 en 378.

kende verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie (1930-1932)[4] en die koalisie met Smuts in 1933, slaag Hertzog in sy poging om sy oogmerke met die Bantoestemreg soos vervat in die *Naturelleverteenwoordigingswet, 1936* (12/1936), te bereik. Hiermee word die Bantoekiesers dan van die gemeenskaplike kieserslys verwyder en verkry die bevoegdheid om per aparte kieserslys drie volksraadslede (wat Blankes moes wees) te kies. Terselfdertyd word die Bantoe in die Unie as geheel in die posisie gestel om op indirekte wyse vier Blanke senatore te kies wat, tesame met die drie verkose volksraadslede en vier benoemde senatore, na Bantoebelange sou omsien. Derdens word 'n oorwegend-verkose Bantoeraad, die Naturelle-verteenwoordigende Raad, in die lewe geroep. Dié raad moes in noue voeling met die wetgewende liggame wees en aandag gee aan alle sake wat van belang is vir Bantoe.

Die beginsel van *afsonderlike* verteenwoordiging vir Bantoe in die parlement wat deur dié maatreël daargestel is, kenter dus die gedagte van politieke assimilasie in uniale verband en swaai dit na 'n suiwerder vorm van differensiële politieke inkorporasie. Dit is egter nie sonder ironie nie dat Hertzog in sy pogings om bloedvermenging tussen Blank en Bantoe en dominasie van Blank deur Bantoe af te weer,[5] enkele aanbevelings van Milner se Lagden-kommissie vergestalt het, naamlik "... no Native (should) vote in the election of any member or candidate for whom a European has the right to vote", en verder "... there should be created an electoral district or districts in which

4. Unie van Suid-Afrika. *Verslag van die Ekonomiese Naturellekommissie.* Staatsdrukker. Pretoria. 1932. U.G. 22, 32.
5. Vir Hertzog se motivering, vgl. D.W. Krüger, *op. cit.*, p.385.

Native electors only shall vote for the election of a member or members to represent them in the legislature and that there should be separate voters' lists and separate candidates for Natives only"[6].

Segregasie op 'n rassegrondslag het dus die politieke beleid van die dag geword. Die neiging tot politieke assimilasie van die Bantoe was aan die afneem, maar ook was niemand bereid om op daardie stadium die alternatiewe lyn tot die punt van staats=vorming vir die Bantoe as afsonderlike groep deur te trek nie. Die Smuts-bewind (1939-1948) het wel wetgewing in lyn met die segregasiebeleid aanvaar maar dit nie op politieke terrein uit=gebou nie. Trouens, in 1942 het Smuts reeds laat blyk dat die segregasiebeleid betreklik vrugteloos was en dat "... the high expectation that we entertained of that policy has been sadly disappointed"[7].

Hierdie gedagtegang is deur die Fagan-kommissie onderskryf.[8] Veral in die lig van die toestand dat meer as die helfte van die Bantoe op daardie stadium (1948) in die Blanke gebiede was; die Bantoegebiede nie in staat was om 'n bestaan aan die Bantoe te bied nie en dat trekarbeid nie meer die oplossing vir ar=beidslewering gebied het nie, is "... die idee van totale se=gregasie heeltemal onuitvoerbaar"[9]. Die kommissie voorsien ook geen ander moontlikheid as die aanvaarding van Blank en Bantoe as permanente "onderdele van een groot masjien", nie. Na die

---

6. S.A.N.A.C. *Report*, p.97, par.446 1(a) en (c) resp.
7. Hailey, *op. cit.*, (1957), p.162.
8. Unie van S.A. *Verslag van die Naturellewettekommissie. 1946-1948.* Staatsdrukker. Pretoria. 1948. U.G. 28/1948.
9. *Ibid.*, par. 28.

insig van die kommissie moes die bestaan van die eenheid in onderlinge gebondenheid aanvaar word. Deur wetgewing en administratiewe praktyk moes 'n mate van skeiding tussen Blank en Bantoe teweeggebring word en daar moes masjinerie vir oorlegpleging in sake van gemeenskaplike belang voorsien word.[10] Hiermee word dus verwys na 'n eenheidstaat onder Blanke beheer gekenmerk deur rassedifferensiasie, of parallellisme[11] as 'n vorm van pluralisme.

Hiermee loop die beleid van segregasie, wat sy toepassing op die politieke terrein betref, dus op die sand. Die redes hiervoor word aangedui as liggend in die ekonomiese dinamika: die "stoot" van die oorbesette Bantoegebiede en die "trek" van die arbeidshonger Blankegebied maak politieke segregasie onmoontlik. As leier van die opposisie het genl. Smuts dan ook op 16 Augustus 1948 na drie probleemaspekte verwys waardeur die uitvoering van die segregasiebeleid onmoontlik gemaak sou word, naamlik die gebrek aan genoegsame grondgebied vir die Bantoe en die onwilligheid van Blankes om meer grond aan die Bantoe af te staan; as daar (mededingende) nywerhede in Bantoegebied tot stand sou kom "what is going to happen ... to white industrial South Africa?"; en die onmoontlikheid vir die Blanke industrie en ekonomiese stelsel om sonder Swart arbeiders klaar te kom.[12] Segregasie was dus nie alleen 'n onmoontlike beleid nie maar ook 'n beleid "... which would be a deadly blow struck at the future

---

10. *Ibid.*, par. 30.

11. Vgl. ook A. van Schalkwyk. Beleidsrigtings t.o.v. die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika. *In:* SABRA. *Die Naturellevraagstuk.* 1950, p.18-19.

12. Krüger, *op. cit.*, (1960), p.412-413.

of White South Africa"[13].

Die teenkant van die saak, naamlik dat die feit van 'n permanente Bantoemeerderheid in Blankegebied noodwendig moes lei tot onhoudbare aansprake, eise en verwagtings van 'n sosiopolitieke aard en dus 'n reëler politieke gevaar vir die Blanke sou vorm, is oënskynlik nie besef nie. Hierop sou die Afrikanergefundeerde (Herenigde) Nasionale Party egter die aksent plaas.

Soos bekend neem die (Herenigde) Nasionale Party met sy slagkreet "Red Blank Suid-Afrika" dan ook die landsbestuur in 1948 oor. Die beleid van dié party sou "apartheid" wees. Tot dié beleid was die party reeds enige jare verbind. Reeds in 1943 is dié beleid, wat wesentlik berus op die segregasiebeleid, deur Nasionale Partyleiers gestel en aangevul deur kerklike, akademiese en kultureel-maatskaplike publikasies en kongresse vanuit Afrikanergeledere.[14] Tydens dié party se Uniale Kongres in September 1945 is dit dan ook as amptelike beleid van die party aanvaar. Voor die 1948-verkiesing is dié beleid breër uitgewerk deur die Sauerkomitee en is 'n opsomming daarvan as verkiesingsdokument in 1947 gepubliseer.[15]

Die beleid van die Nasionale Party soos gestel in die dokument bou voort op die koers aangedui deur Hertzog vanaf 1925 en raak die formule vir nasievorming in Suid-Afrika gevolglik aan sy kern. Daarom verdien dié dokument meer as slegs vermelding.

---

13. *Loc. cit.*

14. Coetzee, J.H. Bantoeadministrasie en -beleid sedert 1948. M.S., 1967.

15. Nasionale Party van Suid-Afrika. *Nasionale Party se Kleur=beleid.* 1947. Vir 'n vertaling hiervan, vgl. Krüger, *op. cit.,* (1960), p.402 *et seq.*

Hierin word dit gestel dat daar (net?) twee moontlikhede bestaan sover dit Nie-Blanke beleid betref: gelykstelling binne dieselfde staatstruktuur, welke beleid "op die duur nasionale selfmoord vir die Blanke ras sal beteken", teenoor apartheid wat beoog "die handhawing en beskerming van die Blanke bevolking van ons land as 'n suiwer Blanke ras", en "die handhawing en beskerming van die inheemse rassegroepe as aparte volksgemeenskappe met moontlikhede om in eie gebiede te ontwikkel tot selfversorgende volkseenhede en die aankweking van nasionale trots, selfrespek en wedersydse agting by die verskillende rasse van die land". Elke ras (sic) sou gelei word om te ontwikkel "ooreenkomstig eie volksaard, aanleg en roeping". Gevolglik word die sametrekking van die vernaamste "etniese groepe en sub-groepe" in hulle onderskeie gebiede, "waar elke groep sal kan ontwikkel tot selfversorgende eenheid", beoog. Die Bantoegebiede moet dan ook "die ware vaderland van die naturel word". Dié gebiede moes herwin word; 'n groter verskeidenheid ekonomiese bedrywighede moes daar tot stand gebring word; onderwysinrigtings moes dáár in plaas van in "stedelike lokasies" ingerig word; en "prestige en aansien" moes op alle terreine aan die "reserwes" gegee word.

Sover dit die bestuur van die gebiede betref, is 'n stelsel "min of meer op die grondslag van die Bunga-stelsel, waarby die naturellehoofde volledig ingeskakel word en wat tegelyk geleentheid bied aan die ontwikkelde naturel om hom vir volksdiens in te span", in vooruitsig gestel. Sulke rade sou vir "elke reserwe" in die lewe geroep word en sou kon ontwikkel "tot aparte sentrale rade vir die verskillende etniese groepe en sub-groepe". Hierdie rade sou aanvanklik onder leiding van Blanke amptenare staan, beperkte wetgewende en administratiewe magte kry namate verantwoordelikheid aan die dag gelê word om hulle=

self te bestuur in hulle eie gebiede,[16] maar "altyd onder toe=sig van die Staat as voog". As teenkant van hierdie politieke en administratiewe groeipunte wat in Bantoegebiede geskep sou word, sou die verteenwoordiging van Bantoe in Provinsiale Rade en die Volksraad afgeskaf word en sou die deur Bantoe-verkose senatore nie kon stem in sake rakende die verandering van poli=tieke regte van Bantoe nie.

Ten opsigte van Bantoe in Blanke stedelike gebiede is die be=leid ewe vasberade: "Die naturel in ons stedelike gebiede moet beskou word as 'n besoeker wat nooit op enige politieke regte of gelyke maatskaplike regte ... kan aanspraak maak nie." Ver=der moes ontstamming "bevries" word; instromingsbeheer na Blan=ke stedelike gebiede behoorlik toegepas en uitstroming na Ban=toegebiede bewerkstellig word.

Die taak waaraan die nuwe bewind hiermee verbind was en waar=voor hy 'n mandaat van die kiesers verkry het, was omvangryk en die omstandighede ongunstig. Die infiltrasie van Bantoe op die verskillende Blanke lewensterreine moes eers gestuit en dan om=gekeer word. Gevolglik kon die Malan-bewind, benewens die aan=vaarding van wetgewing ter uitskakeling van wrywingsvlakke, niks radikaals bewerkstellig direk na bewindsoorname nie. Trouens, dr. Malan het in 1950 toegegee dat totale territoriale segrega=sie onder die heersende omstandighede waarin die ekonomiese

---

16. Reeds in 1925 het genl. Hertzog hom soos volg uitgelaat (G.D. Scholtz. *Die Naturellebeleid van die Nasionale Party.* 1959, p.11): "Binne die naturellegebied behoort die natu=rel sig tuis te voel ... Dit is my doel dat sover as die naturel daartoe bekwaam is, hy self na die vereiste van die beskawing die reëls sal neerlê waarvolgens hy binne sy ge=bied hom sal moet skik ... Dog nie alleen, wil ek dat hy sy eie wetgewer sal wees binne sy eie volkshuishouding nie, maar hy moet daar ook sy eie administrasie voer deur middel van eie naturellekragte."

struktuur van die land op Bantoe-arbeid gebaseer was, nie praktiese politiek was nie.[17] Dit is ook besef dat beperkende wetgewing alleen geen oplossing sou bied nie: alternatiewe bestaansruimte sou geskep moes word indien die oogmerk van politieke ontstrengeling moes slaag. Dit sou vereis dat die potensiaal van die Bantoegebiede behoorlik ondersoek moes word en dat 'n omvattende ontwikkelingsplan waardeur 'n ekonomiese suigkrag in die gebiede geskep kon word en die mensemateriaal in sosio-ekonomiese opsig ontwikkel kon word, opgestel word. Om dié ondersoek te doen is die Tomlinson-kommissie in 1950 aangestel wie se verslag en aanbevelings[18] grootliks aanvaar is en feitlik 'n bloudruk sou vorm vir beleidsbeplanning en -toepassing.[19]

Die oogmerk van politieke ontstrengeling het twee verdere verbonde sake ingesluit, naamlik die verdere trek van die Bantoe uit Blanke politiek enersyds en die opbou van politieke liggame in die Bantoegebiede andersyds. In sy strewe om die eersgenoemde oogmerk te bereik het die regerende party hom vasgeloop in die verskanste artikels van die grondwet wat alleen gewysig kon word deur 'n twee-derde meerderheid by 'n gesamentlike sitting van albei huise van die parlement. Met sy skrale meerderheid in die vroeë vyftigs was die Nasionale Party aanvanklik magteloos en kon die eerste oogmerk eers bereik word in 1959 ná al=

---

17. Hailey, *op. cit.*, (1957), p.163.

18. Vgl. Union of S.A. *Summary of the Report of the Commission for the socio-economic development of the Bantu Areas within the Union of S.A.* Govt. Printer. Pretoria. 1955. U.G. 61/55.

19. Union of S.A. Dept. of Information. *The Sequel to the Tomlinson Commission Report.* 1957.

lerlei politieke maneuwers en deur die aanvaarding van die *Wet op Bantoe-owerhede, 1951, Senaatwet, 1955, Wet tot wysiging van die Zuid-Afrika Wet, 1956, Wysigingswet op Afsonderlike Verteen=woordiging van Kiesers, 1956,* en *die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959.*

Met die oog op die opbou van politieke, administratiewe en regs=plegende liggame en strukture in die Bantoegebiede het die be=wind voor die keuse gestaan om òf voort te gaan met die erfla=tings van die Smuts-bewind in gewysigde vorms òf om opnuut Ban=toeliggame te erken of te vorm. Hoewel daar oënskynlik nie helderheid bestaan het oor presies watter vorm en inhoud aan dié liggame gegee moes word nie, was dit duidelik dat die Ver=teenwoordigende Naturelleraad, in lewe geroep deur die 1936-wet=gewing en wat wou konkurreer met die parlement, afgeskaf sou moes word. Dié raad het dan ook sedert 1945 net op papier be=staan[20] en geen vertroue geniet nie; trouens, omdat dit geen lewende kontak met die owerheid gehad het nie, het Bantoe daar=na verwys as 'n "toy telephone".[21] Tweedens, en ten spyte van lofwaardige woorde aan hulle adres,[22] het die raadstelsel wat deur die *Glen Grey Wet, 1894,* in die lewe geroep is en na die noordelike gebiede uitgebrei is deur die *Naturellen Zaken Wet, 1920,* geen bevrediging gebied nie. In teenstelling tot die aard van hulle funksies het die rade, soos die Adviserende Ban=toekomitees in stedelike Bantoewoonbuurtes veelal ontaard in

---

20. Hailey, *op. cit.,* (1957), p.162.

21. Horrel, M. *Action, reaction and counter-action.* S.A.I.R.R. 1971, p.15.

22. South African Native Races Committee, *op. cit.,* p.110 *et seq.* Van Lille, A.J. *The Native Council System.* De Bussy. Pretoria. 1938.

forums vir ontvlambare politieke toesprake.[23] Onder die omstan= dighede is senior amptenare van die destydse Departement van Naturellesake versoek om gedagtes voor te lê oor hoe die beleid soos gestel in die praktyk ingeklee kon word.[24]

'n Memorandum getitel "Memorandum on the extension of selfgo= vernment amongst the Native People", opgestel deur die Hoofet= noloog van die Departement van Naturellesake in 1949, was oën= skynlik rigtinggewend in dié verband. Hierin is dit gestel dat dit wyse beleid sou wees "to build on the existing institutions and leave it to the Natives themselves whether they wish in course of time to adopt European methods or not"[25]. Onder "existing institutions" is verstaan die tradisionele gesagsinstellings van die Bantoegroepe, naamlik stamhoofde, hoofmanne, stamrade en stamhowe. Dié voorstel is gemaak deur 'n belese persoon wat kennis gedra het van kontemporêre bestuursmetodes in koloniale gebiede in Afrika en die stelsel soos voorgestel sou dan ook, soos die geval was in byvoorbeeld die Britse Kolonies in Wes-Afrika, rus op drie bene, naamlik 'n stamhoof-in-rade, stamhof en stamtesourie.

Hierdie gedagtes het beslag gekry in die *Wet op Bantoe-owerhe= de, 1951*, waardeur voorsiening gemaak is vir die instelling van stam-, gemeenskaps-,[26] streeks- en gebiedsowerhede; die af= skaffing van die bestaande plaaslike en algemene rade en die

---

24. Coetzee, C.J. Aspekte van die toepassing van die Wet op Bantoe-owerhede op die Bafokengstam van die Rustenburgse distrik. M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1972, p.63.

25. *Ibid.*, p.222.

26. Soos gewysig deur die Wysingswet op Bantoewetgewing, 1964. (42/64).

afskaffing van die Verteenwoordigende Naturelleraad. Deur dié maatreël is voorsiening gemaak vir 'n hiërargie van Bantoe-owerhede wat aansluiting sou vind by die tradisionele politieke kultuur van die onderskeie Bantoegroepe en waaraan algaande groter bevoegdhede opgedra sou word in die bestuur van hulle onderskeie bevolkings in die Bantoegebiede.[27]

Op die basis wat hiermee gelê is, is voortgebou deur die *Wet op die bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959* - 'n maatreël wat as van gewigtige betekenis vir die patroon van nasievorming beskou moet word. Reeds voor die bespreking van die maatreël in die parlement het die destydse Eerste Minister aangedui dat daar gewerk moet word in die rigting van totale politieke skeiding[28] en is hy in sy denke oor die toekomstige bedeling gelei deur die Britse Gemenebes waarin die samestellende eenhede nie verteenwoordiging in die moederlandse parlement geniet nie maar waardeur die lede tog wel noue skakeling geniet en wesentlik 'n belangegemeenskap uitmaak.[29] Tydens die bespreking van die maatreël is daarop gewys dat die reg tot selfbeskikking die opvallendste kenmerk van kontemporêre Afrika is; dat die bestaande bedeling geen bevredigende resep vir òf die Blanke òf die Bantoegroepe bevat nie; dat die verteenwoordiging van Bantoe in die parlement verwagtings van groter deelname aan Blanke politieke instellings aan die lewe hou, en dat selfbestuur vir die onderskeie Bantoegroepe die enigste logiese weg is.[30] Ge-

---

27. *Debatte van die Volksraad.* Dl. 76, kol. 10000, 1951.

28. Vgl. Krüger, *op. cit.*, (1960), p.436-439.

29. *Loc. cit.*

30. *Ibid.*, p.441 *et seq.*

volglik word die verkose verteenwoordiging van Bantoe in die Blanke parlement deur dié maatreël afgeskaf en word die politieke selfstandigheid van die Bantoegroepe, waarvan daar agt erken word, in vooruitsig gestel. Dit is gevisualiseer dat hierdie eenhede "... as hulle die vermoeë toon om mettertyd tot die peil te ontwikkel, uiteindelik 'n Suid-Afrikaanse Gemenebes met Blank Suid-Afrika as voog en kern, sal vorm"[31]. Kommissarisse-generaal sou aangestel word om voortaan as politieke tussengangers tussen die onderskeie Bantoe-eenhede en Blanke oppergesag op te tree. Terselfdertyd is voorsiening gemaak vir die koppeling van volksgenote in Blanke stedelike gebiede aan gebiedsowerhede deur middel van gebiedsowerheidsverteenwoordigers in Blankegebiede.

Hiermee is die politieke ontvoogding van die verskillende Bantoegroepe binne hulle eie gebiede ingelui. Die jaar 1959 moet dus aangemerk word as die waterskeiding sover dit die formule vir nasievorming betref. Hiermee is die tendens van politieke inkorporasie/assimilasie van die Bantoe by die Blanke en wat gekenter is in 1936, formeel beëindig. In plaas daarvan is die politieke ontvoogding van die Bantoe, soos in 'n konvensionele koloniale verhouding, aanvaar. Uit dié beleid kom die volgende vier riglyne dus skerp na vore, naamlik dat die politieke ontwikkelingsproses van die Bantoe -

(a) slegs in die onderskeie Bantoegebiede moes setel;
(b) moes plaasvind vanaf die tradisionele bestuursinstellings van die Bantoegroepe as basis en aanvangspunt waarop en waaruit dan gemoderniseer sal word;

---

31. Unie van S.A. *Memorandum ter verduideliking van die agter= grond en doelstellings van die wetsontwerp op Bevordering van Bantoeselfbestuur.* 1959, p.6.

(c) moes geskied met inagneming van die feit van etniese ver=skeidenheid ten spyte van rasse-eendersheid; en

(d) moes lei tot die vorming van selfbesturende Bantoestate wat in losser verband met die Blanke staat geskakel kan wees.

Gedurende die vroeë sestigerjare is verdere beslag aan die pa=troon gegee en is, indien nie uitdruklik nie dan wel implisiet, aangedui dat die verskillende Bantoegroepe op weg is na onaf=hanklike status. So het dr. Verwoerd, na uittrede van Suid-Afrika uit die Statebond en onder toenemende druk van die V.V.O., op 10 April 1961 verwys na die onredelike aanvalle van reeds on=afhanklike Swart state op Suid-Afrika, en opgemerk: "... dit (apartheid) is 'n beleid wat presies doen wat daardie aanvallen=de lande van Afrika vir hulleself begeer het"[32]. Verder het hy dit gestel dat die verskillende Bantoegroepe sal kan ontwikkel tot "aparte Bantoestate", en bygevoeg: "Dit is 'n vorm van ver=brokkeling wat ons nie graag sou wou gehad het as dit binne ons beheer was om soiets te vermy nie ... daardeur kan die Blanke (egter) sy vryheid uit ... koop en die reg om die heerskappy te behou oor wat sy landgebied is."[33]

Die promulgering van die Transkeise grondwet in 1963, waardeur die masjinerie geskep word vir die eerste selfbesturende Bantoe-staat binne die R.S.A., is dan die eerste vrug van die ontvoog=dingsbeleid. In terme van die verklaarde beleid sou dit 'n tussenstap wees tot die status van onafhanklikheid vir die Transkei.[34]

---

32. *Debatte van die Volksraad.* 1961. Dl. 107, kol. 4260.

33. *Ibid.,* kol. 4277.

34. *South African Digest.* 14 May, 1965.

Ten opsigte van die ander Bantoetuislande is die instelling van wetgewende vergaderings enigsins vertraag en is prioriteit verleen aan die opbou van administratiewe strukture op volkseenheidsgrondslag.[35] Hierdie strukture sou, ooreenkomstig beleid, teen 'n tempo so snel moontlik gelokaliseer word. Dit op sy beurt het gelei tot die heromskrywing van distriksgrense, sodat tuislandse distrikte uit slegs Bantoegebied sou bestaan. 'n Wysiging van die *Landdroshowe Wet, 1944* deur artikel *twee* van die *Wysigingswet op Landdroshowe, 1970*, het dit moontlik gemaak om distrikte wat uit meer as een nie-aaneenliggende gebied bestaan, in te stel - 'n reëling wat genoodsaak was deur die gefragmenteerdheid van die grondgebied van feitlik alle tuislande.

Die vraagstuk van Bantoe in Blanke stedelike gebiede het gedurende die sestigerjare ook sterker op die voorgrond begin tree en sou gedurende die vroeë sewentigerjare 'n prominente plek in die Suid-Afrikaanse politieke denke inneem. En alhoewel daar toenemend verwys is na "die stedelike Bantoe" wat die implikasie laat dat dit as 'n afsonderlike groep beskou word, het die politieke formule geen sodanige plek aan dié groep toegeken nie. Nasionale Party-beleid het voortgegaan - hoewel met tanende vasberadenheid? - om hulle te beskou as "tydelike besoekers" of "gasarbeiders" wat in die Blanke (stedelike) gebiede kan wees solank hulle tot diens van die Blanke gemeenskap is - dus soos die Blankes wat hulle in Bantoegebied bevind. Hoewel enigsins rigied, is geredeneer dat Bantoe in Blankegebied lede is van volksgroepe vir wie politieke tuistes en kragpunte in hulle eie tuislande opgebou word en dat ook die volksgenote buite die

---

35. Hierdie veranderinge is deur verskeie proklamasies teweeggebring.

tuislande hulle politieke regte dáár moes beoefen. Deur die *Wet op die bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959* en *Wet op Stedelike Bantoerade, 1961*, is dan ook voorsiening gemaak vir 'n skakelingsnetwerk tussen tuislandse gesagsliggame en volksgenote in Blanke stedelike gebiede.[36] Dié beleidsfaset is verder beklemtoon deur die *Wet op Bantoeburgerskap, 1970*, waardeur 'n afsonderlike burgerskap vir elke gebiedsowerheidsgebied ingestel word en waarin dit gestel word dat elke Bantoe in die R.S.A. wat nie 'n burger van 'n selfregerende Bantoegebied is nie, 'n burger van een of ander gebiedsowerheidsgebied is en die stemreg in dáárdie gebied uitoefen. Daarmee is die politieke koppeling formeel en amptelik gedoen.

In antwoord op versoeke van verskeie tuislandleiers dat selfregering op die Transkei-patroon ook aan hulle gebiede toegestaan word, het die Eerste Minister in 1970 aangedui dat die Republikeinse regering bereid is om samesprekings met tuislandowerhede te voer oor volle selfbeskikking.[37] Met die oog hierop is die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971*, aanvaar. Hierdie was 'n oorkoepelende en magtigende maatreël waarvan die bepalings deur proklamasie op die verskillende Bantoevolksgroepe toegepas kon word en het dus die noodsaaklikheid om 'n grondwet vir elke eenheid deur die parlement te loods onnodig gemaak. Terselfdertyd is die Republikeinse grondwet gewysig[38] ten einde

---

36. Vir besonderhede vgl. Maritz, *op. cit.*, (1965). Coertze, R.D. Stad en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-administrasie - Volkekundig. Referaat gelewer voor Sestiende Jaarkongres van IANA te Durban. 1969.

37. *Die Transvaler*. 16 September 1970.

38. Deur die *Wysigingswet op die Grondwet, 1971*. (Wet Nr.1 van 1971.)

voorsiening te maak vir die erkenning van een of meer Bantoe-tale as amptelike tale binne selfregerende Bantoegebiede in die R.S.A.

Die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971*, sou in twee fases toegepas word. Eerstens sou 'n gebiedsowerheid op versoek en sonder enige verandering in samestelling, deur proklamasie omgeskakel word tot 'n wetgewende vergadering. Sodra die omskakeling plaasgevind het, verkry die owerheid die bevoegdheid om wetgewing oor 'n wye reeks onderwerpe[39] daar te stel vir die gebied ten opsigte waarvan dit ingestel is. Ook sou die Bantoe-owerheid (Wetgewende Vergadering) met die vooraf verkreë toestemming van die Staatspresident voorsiening kon maak vir die toepassing van sulke wetgewing op sy burgers wat in Blankegebied aanwesig is.[40] Wetgewing van die owerheid moes egter deur die Staatspresident goedgekeur word.

Die tweede fase sou intree nadat 'n nuwe grondwet vir die gebied opgestel en aanvaar is waarin voorsiening gemaak is vir ook verkose lede, verkies deur die burgers van die owerheid wat binne sowel as buite die gebied woonagtig is. In hierdie fase word die gebied dan tot selfregerende gebied verklaar en verkry die Wetgewende Vergadering dan groter bevoegdhede as waaroor dit tot op daardie stadium beskik het. So sou die Wetgewende Vergadering van 'n selfregerende gebied byvoorbeeld bevoegd wees om Republikeinse wetgewing wat van toepassing is op sake waaroor die Wetgewende Vergadering wetgewing kan uitvaardig, te herroep of te wysig en sodanige herroeping of wysiging sal dan

39. Soos omskryf in Bylaag 1 van die Wet.

40. Art. 3.

van toepassing wees binne die gebied van die betrokke Wetgewende Vergadering, maar ook op burgers van dáárdie Wetgewende Vergadering wat buite die gebied, maar binne die R.S.A. is. Andersyds sou Republikeinse wetgewing oor hierdie sake, op enkele uitsonderings na, nie van toepassing in die gebied van 'n selfregerende gebied of op burgers van so 'n gebied binne die R.S.A., wees nie.

In die volgende hoofstuk word die toepassing van die formule hierbo aangedui, op die Batswana, bespreek.

Uit die voorafgaande is 'n duidelike politieke ontknopingslyn tussen die Blanke en verskillende Bantoegroepe te bespeur. Trouens, die tydstip waarop die politieke naelstring tussen die R.S.A. en die wordende Bantoestate deurgesny sal word, is aangedui as liggende in die nabye toekoms. In dié plan, wat as 'n vrug van die Afrikaner se politieke ideologie beskou moet word en stellig ook 'n projeksie op die Bantoe is van sý strewe, soos beleef onder Britse oorheersing, is gepoog om erkenning te gee aan die aanvaarde emosionele kragte wat verskuil lê in etniese identiteit en nasionalisme binne die onderskeie Bantoegroepe. Hierin is ook duidelik af te lees dié besef dat die sogenaamde *rasseprobleem* slegs opgelos sal kan word indien die probleem van verskeie volke met 'n verlede gekenmerk deur onderlinge botsing en wantroue, opgelos word. En die enigste weg hiertoe, is geredeneer, is te vind in die verdeling van die land in verskeie staatsgebiede. Noodwendig is die formule ook gemotiveer deur die strewe tot handhawing van Afrikaneridentiteit. Trouens, sedert 1910 draai die politiek van die Afrikaner om twee sake: volksverwesenliking teenoor assimilasie in die Britse volk en kultuur, en afsonderlike volksbestaan teenoor (eventuele) politieke onderhorigheid aan die getalsterkere

Bantoevolke.

Met die politieke onafhanklikwording van die onderskeie Bantoetuislande sal die politieke ontstrengeling *formeel* bewerkstellig wees. Dit beteken egter geensins dat dit ook *substantief* gedoen is nie. Dít sou alleen bewerkstellig wees wanneer die onderskeie politieke eenhede oor middelpuntsoekende kragte beskik waardeur die strewe tot indringing by die Blanke geneutraliseer word. En hiervoor moet daar lewensvatbare staatsgebiede bestaan waarbinne daar bestaansgeleenthede vir die burgers van die state is en ook moet die inhoud van die politieke sosialisering waaraan die Bantoegroepe onderworpe is, die politieke ideaal van die voog vir die bevoogdes voorstu. Indien hierdie aspekte nie die politieke formule ondersteun en sin daaraan verleen nie, loop dit gevaar om tot 'n formalistiese politieke toestand in Suid-Afrika te lei en kan nasievorming volgens die aangeduide formule bevraagteken word.

Gevolglik moet daar na die ontwikkeling van die formule ten opsigte van enkele ander determinante vir nasievorming gekyk word.

## 2. Grondgebied

In 'n vorige hoofstuk is reeds kennis geneem van die historiese omstandighede waaronder die Tswanagebiede in die vorm van lokasies en reserwes ontstaan het, asook die feit dat dit uit nie-aaneenliggende gebiede bestaan het. Soos bekend het daar in al vier die provinsies Bantoegebiede ontstaan voor 1910. Ten opsigte van dié gebiede, en dus die beginsel van opsystelling van grond vir uitsluitlike gebruik deur Bantoe, het die Lagden-kommissie aanbeveel dat: "... the lands dedicated and set apart, as locations, reserves or otherwise, should be defined, delimited and reserved for the Natives by legislative enactment",

en "This should be done with a view to finality in the provi=sion of land for the Native population and that thereafter no more land should be reserved for Native occupation."[41] Hier=die aanbeveling sou beslag kry in wetgewing van 1913 en 1936.

Die verskillende Bantoereservate en -lokasies sou vanaf 1910 berus by die goewerneur-generaal-in-rade. Dié gebiede was op daardie stadium egter reeds só beset dat die verskynsel van Bantoesametrekkings buite daardie opsygestelde gebiede toene=mend voorgekom het. Die besettingspatroon het so onhoudbaar geword dat die Gekose Komitee oor Naturellesake in 1910 aanbe=veel het dat behoorlike beheer oor hierdie besetting van Blanke grond deur Bantoe uitgevoer moes word. Dié aanbeveling het ge=lei tot 'n wetsontwerp in 1911 met die doel "to regulate the residence of Natives on certain portions of the Union and to prohibit the unauthorized settlement of Natives on any land"[42]. Die wetsontwerp het veral die belange van talle Blankes wat gronde aan Bantoe verhuur het, aangetas en het so 'n grootskaal=se protes ontlok dat dit nie deurgevoer kon word nie. In 1912 kom die wetsontwerp weer ter sprake maar word eers in omvatten=der vorm in 1913 aanvaar as die *Naturellen Grond Wet, 1913.* (27/1913). Hierdeur word die bestaande lokasies en reservate, asook grond wat deur Bantoe aangekoop is (in totaal 10 422 935 morg)[43] dan ook in 1913 en ooreenkomstig die aanbevelings van

41. S.A.N.A.C. *Report*, p.39.
42. Aangehaal deur P. van Biljon. *Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika.* 1947, p.437-438.
43. Gegewens verstrek deur die minister van Naturellesake in 1911 gee 'n totaal van 10 843 000 morg (vgl. Krüger, *op. cit.*, (1960), p.368). In 1936 is dit egter gestel op die syfer hierbo genoem. (Union of S.A. House of Assembly. *Debates.* 1936. Vol. 26, kol. 2747.) Vgl. ook van Biljon, *op. cit.*, p.459 en Hellmann, E. *Handbook on Race Relations.* 1949, p.172.

die Lagden-kommissie verskans vir die Bantoe. Terselfdertyd is 'n beperking geplaas op die verkryging van grond deur Bantoe buite hierdie gelyste gebiede. En alhoewel die destydse minister van Naturellesake nie in staat was "... quite to understand what that (segregasie) meant,"[44] is die gedagte van territoriale segregasie hierdeur oorgedra op die Unie, dog sonder die minste gedagte aan die voorsiening van afsonderlike grondgebied as basis vir *totale* skeiding tussen Blank en Bantoe. Vir die betrokke minister was die oogmerk van die wet maar net "that the bulk of the two races, the European and the Native, should live in the main in separate areas - that was, that they should occupy and acquire land in separate areas"[45].

Altans, dit was die bedoeling. Deur die bepaling van artikel 8(2) van Wet nr.27 van 1913 en die uitspraak van die Appèlhof in 1917, naamlik dat artikels *een* en *vyf* van dié wet nie op die Kaapprovinsie van toepassing is nie, kon Bantoe in dié provinsie dus grond na willekeur tot en met 1936 aankoop en het die wet dus geen effek gehad nie.[46]

Die 1913-maatreël is van Bantoekant veroordeel[47] maar het die steun van segregasionistiese Hertzog geniet. Na sy mening was die grond wat hiermee afgesonder is egter nie voldoende nie; meer grond moes opsy gestel word waarbinne Bantoe hulle eie bestuursapparaat moes kon inrig. Ook was dit die amptelike stand-

---

44. Tweede lesing. (Vgl. Krüger, *op. cit.*, (1960), p.364.)
45. *Loc. cit.*
46. Olivier, N.J.J. Die ontwikkeling van die Naturellebeleid in die Unie van Suid-Afrika. *In:* Van der Walt, Wiid & Geyer, *op. cit.*, p.486.
47. Vgl. Karis, T. & G. Carter. *From Protest to Challenge.* Vol. 1. Hoover Institution. Stanford. 1972, p.82 *et seq.*

punt dat dié wet slegs 'n interim-maatreël was en dat die kwes= sie van meer grond behoorlik onder oë geneem sal word nadat die verslag van die kommissie wat ingevolge artikel *twee* van dié wet aangestel moes word om die saak te ondersoek, ter hand is.

Die Beaumont-kommissie lewer in 1916 verslag en die aanbeveling van die kommissie, naamlik dat 'n bykomende 8 365 744 morg vir Bantoe gereserveer word, is geïnkorporeer in die *Naturellen Za= ken Administratie Wetsontwerp* van 1917. Besware van Blanke- en Bantoekant teen die klousules handelende oor grond,[48] laat dit egter skipbreuk ly. Die grondaspek word verwys na 'n gekose komitee wat dit uiteindelik laat in die hande van vyf plaaslike komitees wat die saak opnuut ondersoek en aanbeveel dat 7 521 223 morg, versprei oor die verskillende provinsies, vir Bantoe-okkupasie oopgestel word.[49] Ook hierdie aanbeveling is afgewys deur die parlement. In 1922 besluit die regering egter om die probleem administratief te verlig deur die goedkeuring van die Goewerneur-generaal aan te beveel vir grondaankope deur Bantoe binne dáárdie gebiede wat deur die plaaslike komitees vir oopstelling aanbeveel is.[50]

Tot en met 1936 vind dus slegs geringer verwikkelinge op die terrein van grondverdeling tussen Blank en Bantoe plaas.

Stygende Bantoegetalle in die afgesonderde gebiede enersyds, gebrek aan voorsiening van genoegsame grond andersyds, gepaard met swak en onwetenskaplike, kultuurverankerde landboupraktyke het twee verbandhoudende praktyke tot gevolg gehad. Eerstens

---

48. Union of S.A. House of Assembly. *Debates*. Vol. 26, 1936, kol. 2747-2748.
49. *Ibid.*, kol. 2748.
50. *Loc. cit.*

'n toenemende trek na Blankegebiede en tweedens 'n progressiewe vermindering van die dravermoeë van die gegewe grondgebied as gevolg van oorbeweiding, erosie en die vernietiging van plantegroei. Die onvermoë van die gebiede om hulle bevolkings te dra is gevolglik sterk deur die Ekonomiese Naturellekommissie in 1932 beklemtoon. Die kommissie vind die oorsaak van die uitputting van die gebiede in die "sosiale stelsel wat teen alle vooruitgang is", en beveel, benewens landbouhervormings, ook aan dat meer grond aan die Bantoe verskaf word.[51]

Onder die omstandighede word die *Suid-Afrikaanse Naturelletrust en -grond Wet, 1936* (18/1936) aanvaar. Hierdeur word die Suid-Afrikaanse Naturelletrust (S.A.N.T.), 'n liggaam met regspersoonlikheid wat die materiële en geestelike welvaart van die Bantoe moes bevorder en waarvan die Goewerneur-generaal trustee sou wees met die bevoegdheid om sy magte te delegeer aan die minister van Naturellesake handelende op advies van die Bantoesakekommissie, belas met die verantwoordelikheid om grond wat vir Bantoe opsy gestel is in bewaring te hou en teen vervreemding te vrywaar. Verder word 'n bykomende 7¼ miljoen morg met 'n kwota vir elke provinsie, tot "Oopgestelde Gebied" verklaar en dus geoormerk vir aankoop deur Bantoe, Bantoestamme en die S.A.N.T., laasgenoemde met fondse deur die parlement bewillig en dus vir toevoeging tot die gebiede wat in 1913 gelys is. Van die 7¼ miljoen morg was 1½ miljoen morg kroongrond wat onmiddellik oorgedra kon word aan die S.A.N.T. Die res, 5¾ miljoen morg, was egter in Blanke besit wat aangekoop moes word alvorens dit deur Bantoe beset kon word.

---

51. *Op. cit.*, p.33, par. 192.

Die instelling van die S.A.N.T. is allerweë verwelkom en sy doelstellings is onderskryf.[52]

Uit die aanloop tot die 1936-wetgewing is dit duidelik dat die moontlike konsolidasie van die Bantoegebiede reeds as faktor gegeld het. Nie alleen sou die bykomende grond (oopgestelde gebied) aanliggend aan gelyste gebied verkry moes word nie, maar artikels 13(1) en (2) sou ook voorsiening maak vir die onteiening van Blanke grond binne oopgestelde gebiede en Bantoegrond buite afgesonderde en oopgestelde gebiede. Dit beteken dat "witkolle" verswart word en "swartkolle" verwit word. Hierdie ruilskema was noodsaaklik, want die Bantoegebiede was so versnipper dat die Fagan-kommissie dit nodig gevind het om op te merk: "Om enigsins 'n indruk van die verspreidheid daarvan te kry, moet 'n mens maar net kyk na die bylaes tot Wet 27 van 1913 en Wet 18 van 1936; die blote vermelding en beskrywing van die 'geskeduleerde gebiede' ... beslaan 13 bladsye en dié van die 'oopgestelde gebiede' ... beslaan 23 bladsye"[53].

Met die bykomstige 7¼ miljoen morg oopgestel, is die totale oppervlakte wat eventueel tot beskikking van Bantoe sou wees vermeerder tot 19,6 miljoen morg.[54] Benewens die aankoop van die oopgestelde 5¾ miljoen morg in privaat Blanke hande, moes alle kragte ook ingewerp word om die gebiede wat reeds deur Bantoe beset is, te herwin en die dravermoë daarvan te verhoog. Bevre=

52. Vgl. Continuation Committee of National Conference on the Native Bills. *The Native Trust and Land Bill: Some constructive criticisms.* Cape Town. 1936, p.3.

53. *Op. cit.*, p.14.

54. Vir die redes vir die verskil tussen 17,6 en 19,6 miljoen morg, vgl. Verslag van die Sosio-ekonomiese Kommissie... Vol. 4, p.37-44.

digende vordering ten opsigte van sowel herwinning/verbetering en aankoop is egter in die wiele gery deur Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. In 1945 was slegs 5 000 morg gestabiliseer,[55] terwyl aankope van grond gedurende die oorlogsjare gestaak is,[56] sodat daar in 1950 nog 3 miljoen morg kwotagrond uitstaande was.[57]

Die feitlike stilstand in die Bantoegebiede wat betref vergroting en ontwikkeling gedurende 1939-1945 enersyds, en die geweldige nywerheidsontwikkeling gedurende dieselfde tydperk in die Blanke stedelike gebiede andersyds,[58] het noodwendig gelei tot 'n ongekende verskuiwing van Swart werkers na Blanke stedelike gebiede met die Blanke platteland as skokbreker en springplank.[59] Die klaarblyklike gevolg van hierdie toestand was 'n verkleining en rasionalisering van territoriale segregasie tot stedelike Bantoewoonbuurtes ingevolge die *Naturelle Stadsgebiede (Konsolidasie) Wet, 1945*. Vir die bewind van die dag was die toepassing van "klein" segregasie natuurlik veel makliker as "groot" segregasie; daardeur kon die Swart arbeider op die

---

55. *Summary of the Report of the Socio-economic Commission ...* 1955, p.76. Vgl. ook Rodgers, *op. cit.*, p.156.

56. *Verslag van die Naturellewette Kommissie* (Fagan-kommissie), p.14.

57. Olivier, N.J.J. *Op. cit.*, p.489.

58. Vgl. Leistner, G.M.E. Non-whites in the South African Economy. *In:* Rhoodie, N. (Ed.). *South African Dialogue.* McGraw-Hill. Johannesburg. 1972, p.257. Horrel, M. *Non-European policies in the Union and the measure of their success.* S.A.I.R.R. Johannesburg. 1954, p.5-7.

59. Fagan-verslag, *op. cit.*, p.8. Vgl. ook Hellmann, *op. cit.*, (1949), p.234.

drumpel van die Blanke nywerheid gehou word, kon ekonomiese "wette" ongestoord hulle gang gaan en kon tog 'n mate van skei= ding op "mikro"-vlak bewerkstellig word - oor die kort termyn in elk geval. Maar hierdeur is 'n agterstand in die vergroting, konsolidasie en ontwikkeling van die Bantoegebiede "geskep" wat later uiters mceilik ingehaal sou kon word.

Die Nasionale Party met sy beleidsdoelstelling om die klem op= nuut te plaas op die Bantoegebiede as "ware vaderlande" van die onderskeie Bantoegroepe, erf dus 'n situasie met 'n teenoorge= stelde groeirigting as wat begeer word deur die bewind. Om uit= voering aan die verklaarde beleid te gee sou vereis dat grond= gebied teen 'n vinniger tempo voorsien word; konsolidasie van die gebiede ingelyks groter aksent ontvang, en ook kragtiger pogings aangewend word om die dravermoë van die gebiede deur landbouhervormings en nywerheidsontwikkeling ső te verhoog dat dit in staat sal wees om die eie bevolkingsaanwas te akkommo= deer en mettertyd ook 'n suigkrag ten opsigte van die reeds uit= geweke bevolking te kan uitoefen. Sou hierdie sake nie bewerk= stellig kon word nie, bly die psigologiese voorvereistes vir 'n ware vaderland onbeantwoord. Kon dit nie gedoen word nie, sou die gebiede inderdaad "langafstand lokasies ... van ons stede= like gebiede word"[60].

Hoewel die bereiking van die beleidsdoelstelling 'n vinnige tempo vereis het, was daar werklikhede wat 'n stadige tempo af= gedwing het. Konsolidasie in die sin van swartkolopruiming was afhanklik van aankope van Blanke grond deur die S.A.N.T. binne oopgestelde gebiede en kon dus nie vinniger geskied as wat ver= goedende grond daargestel word nie. Intussen het stemme reeds

60. Olivier, N.J.J. 'n Positiewe Naturellebeleid. *In:* SABRA. *op. cit.*, (1950), p.74.

in die veertigerjare begin opgaan teen die volledige uitvoering van die beoogde aankope soos in 1936 in vooruitsig gestel omdat "naturelle die gronde wat reeds in hulle besit is, tot so 'n skreiende mate verniel het, dat dit krimineel sou wees om nog verdere gronde aan hulle vernielsug bloot te stel; en dat dit immers onsinnig sou wees om gronde wat op die oomblik produk=tief en tot voordele van die hele bevolking deur Blankes bewerk word, in die hande van onproduktiewe naturelle te stel"[61].

Die effek van hierdie remmende faktore is af te lees uit die verslae van die Departement van Naturellesake uit die vroeë vyftigerjare. Vanuit die huidige perspektief gesien kon verba=send min bereik word. In 1951-52 is 45 300 morg aangekoop teen 'n bedrag van £265 900;[62] in 1952-53 was dit 80 000 morg teen £620 400[63] en in 1953-54 'n totaal van 38 042 morg teen £464 928[64]. Op aankope deur Bantoe kon daar nie gereken word nie, omdat daar vanuit daardie oord tot en met 1954, dit wil sê oor 'n periode van 18 jaar, slegs 366 852 morg - dus 22 000 morg per jaar - aangekoop is.[65] Sover dit herwinning betref, kon slegs ten opsigte van trustgrond op sukses aanspraak gemaak word. Landbouhervormingsmaatreëls kon nie afgedwing word op

---

61. *Ibid.*, p.71.

62. Unie van S.A. *Verslag van die Departement van Naturelle=sake vir die jaar 1951-52.* Staatsdrukker. Pretoria. 1955, p.29.

63. Unie van S.A. *Verslag van die Departement van Naturelle=sake vir die jaar 1952-53.* Staatsdrukker. Pretoria. 1955, p.40.

64. Unie van S.A. *Verslag van die Departement van Naturelle=sake vir die jaar 1953-54.* Staatsdrukker. Pretoria. 1956, p.12.

65. *Loc. cit.*

grond in besit van Bantoestamme of -groepe of -individue nie en uiteraard was dié groepe baie wantrouig om dié maatreëls te aanvaar.[66]

Die verskyning van die Tomlinson-verslag in 1954 en die daaruit voortvloeiende geprogrammeerde ontwikkeling vir die Bantoegebiede sou egter momentum verleen aan vergroting, konsolidasie en herwinning. Met die tertafellegging van die verslag in die Volksraad is die volgende beleidspunte duidelik gestel deur die destydse Minister van Naturellesake, dr. Verwoerd:

(a) Herwinning van die Bantoegebiede met die oog op die verhoging van die drakrag daarvan het toenemende aandag ontvang sedert 1948 en wel in terme van sowel projekte as fondse. Ook word die Bantoe self nou deelagtig gemaak in die herwinning en ontwikkeling van die gebiede.

(b) Die oplossing moet nie, soos gedurende die Hertzog-tydperk, gesoek word in landelike vestiging en dus 'n (verdere) vergroting van die gebiede nie maar in 'n differensiasie van beroepsmoontlikhede, dit wil sê ekonomiese diversifikasie.

(c) Konsolidasie van die gebiede word in beginsel aanvaar en kan verkry word deur die ruil van Bantoegrond in Blankegebied vir Blanke grond aanliggend aan Bantoegebied. Grense kan egter nie nou (1956) getrek word waardeur verdere Blanke grond geïmpliseer word soos beoog deur die kommissie nie. "Future governments may have reason to return to such theories. At the present moment this is not a practical issue."[67]

Oor die bestemming van die Bantoegebiede is daar in 1956 alleen

---

66. Vgl. *Sequel to the Tomlinson Commission Report*, p.11.

67. *Ibid.*, p.7. Vgl. ook p.10-14.

vae uitspraak gegee. Met die duideliker aanduiding van die politieke koers in 1959, naamlik die vorming van selfbesturende Bantoestate, kom dus ook 'n bepaling oor regte en verpligtinge ten opsigte van grond en word aangedui dat die regte en verpligtinge wat by die trustee van die S.A.N.T. berus, aan gebiedsowerhede oorgedra kan word om sodoende aan die Bantoegemeenskappe beheer en bestuursbevoegdhede te gee oor landsdele wat hulle onderskeie gebiede uitmaak.[68] Gedurende die sestigerjare is daar dan ook oorgegaan tot die toewysing van trustgrond aan die verskillende stam- en gemeenskapsowerhede. Die eiendomsreg van die gronde sou uiteindelik oorgaan van die S.A.N.T. na die verskillende wetgewende vergaderings.[69]

Te oordeel aan die vyfjaarplanne vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede wat vanaf 1961 geïmplementeer is; die fondse beskikbaar gestel vir tuislandontwikkeling en -konsolidasie,[70] en die voorskrifte opgestel deur die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling met die oog op landbouhervormings[71] en

---

68. *Memorandum ter verduideliking van die Wetsontwerp op die bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959*, p.7.

69. Vgl. art. 7 van die *Wet op die bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959*, en art. 36 van die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971*.

70. Die uitvoering van die eerste vyfjaarplan (1961-1965) sou 'n bedrag van R214 miljoen behels. Die tweede vyfjaarplan (1966-1970), R490 miljoen. In 1962 is gerapporteer (*S.A. Digest*, 4/10/1962) dat 180 000 morg gedurende die vorige jaar aangekoop is.

71. Vgl. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Algemene Omsendbriewe nrs. 44/1954; 26/1957; 21/1955; 23/1965; 28/1958 en 34/1958.

swartkolopruimings,[72] is heelwat intensiewer aandag sedert die sestigerjare gegee aan die oogmerk om die Bantoegebiede tot vaderlande/tuislande te maak. Die tempo waarteen grondpryse sedert 1960 gestyg het, het egter veroorsaak dat die tempo waarteen kwotagrond aangekoop is wel hoër was as in die verlede maar nie as 'n radikale verandering op die vorige patroon aangemerk kan word nie.[73] Terselfdertyd het ook die koste verbonde aan die daarstelling van vervangende geriewe (geboue, water, ens.) en verskuiwings in die algemeen, geweldig gestyg. Om die situasie enigsins te waardeer kan daarop gewys word dat tweederdes van die kwotagrond reeds in 1973 teen 'n koste van ± R120 miljoen aangekoop is en dat, indien die oorblywende eenderde teen die 1973-pryse aangekoop sou word, dit nagenoeg R300 miljoen sal kos. Hoe stadiger die tempo dus hoe meer sou dit kos om uitvoering aan die beleidsoogmerk te gee.

Ten spyte van enigsins kragtiger pogings in bogenoemde verband en ten spyte van die feit dat die formule vir politieke ontwikkeling die trek van toekomstige grense tussen die wordende Bantoestate en Blankestaat dringender gemaak het, het konsolidasievoorstelle vir die onderskeie gebiede agterweë gebly. In Augustus 1962 het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die 1956-standpunt herhaal dat die vasstelling van finale grense vir die Bantoegebiede "in hierdie stadium" onprakties, feitlik onuitvoerbaar en nie in belang van goeie rasseverhou=

---

72. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Identiese Diensbriewe, D 45/5 van 10/2/1962 en 14/4/1965.

73. Vgl. bv. Rep. van S.A. *Verslag van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling vir die tydperk 1 Januarie 1969 - 31 Desember 1969.* Staatsdrukker. Pretoria. 1971.

dinge en die beste beplanning is nie.[74] Agter geslote deure is daar egter aandag aan die saak gegee, want in 1967 het die adjunk-minister verwys na "waar die grense van die Ciskei gaan wees"[75].

Grense en konsolidasie het gedurende die laat sestigerjare sterker op die voorgrond getree en ook die term partisie (van die land) het in omloop begin raak. Daar is geredeneer dat finale grense sekuriteit en bestendigheid sou bring en beplanning in politieke, ekonomiese en maatskaplike opsig sou begunstig. SABRA het sy 1967-kongres ook aan die saak gewy[76] waartydens swaar aksent geplaas is op die noodsaaklikheid van konsolidasie ten einde die staatkundige ideologie op die fisiese bodem te kon uitspel. Gedurende die kongres is die owerheid se standpunt gestel oor konsolidasie: Konsolidasie van die tuislande in een-blok-per-volksgroep sou 'n ideale toedrag van sake wees, maar die praktiese uitvoering daarvan is vir die huidige "hoogs onrealisties en sekerlik ook onprakties"[77]. Daar is geredeneer dat die aksent op "volk" val en dat talle "volke" vandag bestaan in gebiede wat nie aaneengeslote is nie. Hoe onlogies ookal, is dit gestel dat die "volk" en sy ontwikkeling primêr en die strewe na 'n aaneengeslote tuisland sekondêr is.[78] Gevolglik word die trek van "finale grense" verklaar tot 'n on-

---

74. *Die Transvaler.* 2 Augustus 1962.

75. *Die Beeld.* 5 Maart 1967.

76. S.A.B.R.A. *Triomf.* Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede. Nr. 3. Pretoria. 1967.

77. Vgl. Froneman, G.F. van L. Vordering wat reeds gemaak is met konsolidasie, en 'n toekomsblik. *Ibid.,* p.69.

78. *Loc. cit.*

praktiese en onrealistiese gedagte.[79] Ook by 'n latere geleentheid en na aanleiding van mosies dat prioriteit gegee moet word aan grondaankope vir konsolidasiedoeleindes en permanente grense vasgestel moes word, het die Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling weer die standpunt gestel dat dit "'n langsame proses is"[80]. Volgehoue aandag aan die saak deur die pers en uit akademiese kringe het in 1971 die antwoord ontlok dan die owerheid begin het met die omvattende taak om konsolidasieplanne vir die verskillende Bantoetuislande op te stel.[81]

Gedurende 1972 is konsolidasievoorstelle ten opsigte van die verskillende tuislande, met uitsondering van die Suid-Sothogebied, gepubliseer. Die Bantoesakekommissie sou dié planne met belanghebbende Blanke- en Bantoeliggame bespreek. Hierna sou planne wat as "finaal" beskou sou word, opgestel word.

Tydens die talle debatte wat in 1972 en 1973 gevoer en verklarings wat oor die saak uitgereik is na aanleiding van grondeise deur tuislandleiers, is dit van regeringskant duidelik gestel dat[82] -

(a) die 1936-wetgewing die enigste basis vir konsolidasie is en dat geen grond bo en behalwe die beloofde 7¼ miljoen morg (6,2 miljoen ha) toegevoeg sal word tot die Bantoegebiede nie;

---

79. *Ibid.*, p.70.

80. *Daily News*. 4 September, 1969.

81. *Die Vaderland*. 19 November 1971.

82. Vgl. Coetzee, C.J. Die Konsolidasie van die Bantoetuislande en die eise om grondgebied. *Woord en Daad*. Aug. 1973, p.14 *et seq.* en Raubenheimer, A.J. Die Konsolidasie van die Bantoetuislande. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*. 24, 2 (1973), p.55 *et seq.*

(b) die grense soos voorgestel in die konsolidasieplanne "finaal" is en dat die owerheid nie sal swig voor eise en dreigemente van tuislande nie;
(c) versoeke van tuislandregerings om onafhanklikheid wat voorwaardelik gekoppel is aan groter grondgebied, nie toegestaan sal word nie;
(d) die argumente om meer grond wat gebaseer is op historiese aansprake, bevolkingsdruk en die feit dat die Bantoe die Blanke land help opbou het, nie opgaan nie, omdat dit respektiewelik berus op 'n verkeerde vertolking van die geskiedenis; grondgebied nêrens ter wêreld op grond van bevolkingsgetalle verdeel is nie, en hoër bevolkingsdruk gevolglik nie aanspraak bied op die grondgebied van state met laer druk nie. Bowendien het die arbeider sy loon vir sy arbeid ontvang;
(e) die verligting van bevolkingsdruk en bereiking van 'n hoër lewenstandaard gesoek moet word in 'n doeltreffender benutting van die beskikbare grond, nywerheids- en stedelike ontwikkeling en nie in groter grondgebied nie; en
(f) die beskikbaarheid van fondse en die kwotaverdelings belemmerend inwerk op konsolidasie, maar dat die konsolidasie van die gebiede nogtans so gou moontlik afgehandel sal word. Met die oog op finale afronding word vyf persent van die kwota van elke provinsie voorlopig agterweë gehou.

Die weerstand van die Blanke om verdere dele van wat hy as sy vaderland en bron van sy bestaansekuriteit ervaar aan die Bantoe af te staan is verstaanbaar - soos die Bantoeregerings se eise om meer grond en hulle verwerping van die 1936-wetgewing as basis vir konsolidasie. Vir beide kante is daar veel te sê. Die kernvraag is egter nie of die grondgebiede soos in vooruitsig gestel "groot genoeg" is nie, maar wel of die gebiede 'n uitvoering van die politieke formule moontlik maak, met ander

woorde of dit, alle faktore in ag genome, wel as basisse kan dien vir die ontstaan en bestaan van afsonderlike nasies wat tot volke moet groei. Indien konsolidasie van die onderskeie gebiede tot enkele blokke onmoontlik is, sal die ideaal nie bereik kan word nie, omdat 'n pre-volk wat in verskeie gebiede versprei is, nog nooit tot 'n enkele volk geword het nie. Indien ons egter aanvaar dat konsolidasie tot 'n enkele blok per volksgroep wel moontlik sou wees, bly daar nog die vraag na bestaansgeleenthede binne die gebiede.

Hiermee word die ekonomiese faset van die nasievormingsformule aangeraak.

3. Ekonomiese terrein

Die beperkte ekonomiese vermoë van die Bantoegebiede enersyds, en suigkrag van die Blankegebied se mynbou, landbou, vervaardigingsbedrywe en stedelike ontwikkeling andersyds, moes noodwendig lei tot 'n afwenteling van Bantoe-mannekrag op die Blankegebied. As gevolg hiervan raak die Bantoe gevestig binne Blankegebied waar hulle die ekonomiese komplement van die Blanke binne dieselfde ekonomiese stelsel uitmaak. Soos in gestratifieerde situasies elders ter wêreld, sou die heersende eenheid ook hier die hoëre range binne die ekonomiese stelsel beklee, terwyl die onderworpe groep beperk is tot die laere arbeidsvorme. Die ontstaan van 'n gediversifieerde ekonomiese lewe in Suid-Afrika lei dan tot die toenemende ekonomiese interafhanklikheid tussen Blank en Bantoe maar dan in 'n asimmetriese verhouding binne dieselfde stelsel. Gevolglik word die verhoudingspatroon tussen Blank en Bantoe gekenmerk deur 'n diepgaande ambivalensie: sosiale skeiding én ekonomiese integrasie. Onder die omstandighede is die aanwesigheid van 'n kleurslagboom in die nywerheidswetgewing goed te verklaar.

Die wetgewing waardeur na 1910 in nywerheidsverband gedifferensieer is, was 'n spontane gevolg van die interaksie tussen Blank en Swart op die sosiale terrein. Dit spruit voort uit die superieure ekonomiese posisie van die Blanke wat verkry is uit hoofde van sy voorsprong in beskawing en kultuur. Na unifikasie word die histories-gegroeide patroon soos vasgelê in die Heer en Diensbode-wette dan voortgesit en manifesteer die differensiasiekultuur in die *Mijnen en Bedrijven Wet, 1911* (gewysig deur die *Mijnen en Bedrijven Wysigingswet, 1926*) - 'n maatreël wat "'n verklaring van beginsel" was[83] en volgens Hoernlé slegs beslag gegee het aan die bestaande praktyk[84] om Bantoe uit sekere (hoëre) beroepe te weer. Hoewel die toepassing van die wet mettertyd blykbaar steeds meer formalisties geraak het, het latere wysigings die reserverings eerder verskans as verslap.[85] Stakings deur Bantoe is by implikasie deur die *Naturellen Arbeid Regelings Wet, 1911*[86] verbied; Bantoe is uitgesluit van lidmaatskap aan vakbonde deur die *Nywerheidsversoeningswet, 1924*, soos gewysig, en die posisie van die Blanke werker is verder verskans deur die toevoeging in 1956 van die omstrede artikel 77 bekend as die "werkreserveringsklousule"[87]; en Bantoe is substantief verhinder om as vakleerlinge te regis-

---

83. Ekonomiese Naturelle Kommissie (1930-32), p.110, par. 698.

84. Hoernlé, R.F.A. *South African Native Policy and the Liberal Spirit.* Univ. of Cape Town. 1939, p.24.

85. Vgl. Grobbelaar, J.H. Race Relations and the South African Economy. *In:* Rhoodie (Ed.), *op. cit.*, p.298.

86. Vgl. S. van der Horst. Labour. *In:* Hellman (Ed.), *op. cit.*, p.146. Horrel, M. *Legislation and Race Relations.* S.A.I.R.R. 1971, p.8.

87. Grobbelaar, *op. cit.*, p.299.

treer uit hoofde van die werking van die *Vakleerling Wet, 1922,*[88] soos gewysig deur Wet nr.37 van 1944. Die "Beskaafde" arbeidsbeleid van 1924 en *Loonwet, 1925,* asook verskeie ander wette uit die periode voor 1948, toon dieselfde tendens,[89] naamlik beskerming, verskansing en bevoorregting van die Blanke binne die ekonomiese stelsel.

Die Nasionale Party-bewind van 1948 met sy aksentplasing op Bantoetuislande en sy ideaal van totale segregasie en sy ver=klaarde standpunt dat die Bantoe in Blankegebied as 'n tydelike werker beskou moet word wat nie die belange van die Blanke wer=ker mag bedreig nie, erf dus 'n ekonomiese stelsel wat gebou is op Bantoe-arbeid, dog met talle beperkings op die vordering van Bantoe binne die stelsel. Dit was duidelik dat die feit van ekonomiese geïntegreerdheid ernstige gevolge van 'n sosiopoli=tieke aard vir die Blankes sou hê, maar aan die ander kant kon niks radikaals gedoen word om die situasie te beëindig sonder dat die landsekonomie ernstig benadeel word nie. Ontstrenge=ling op ekonomiese vlak sou met groot omsigtigheid hanteer moes word en sou eers kon plaasvind nadat alternatiewe bestaansruim=te en -geleenthede elders vir Bantoe geskep is en daar gevorder is met meganisasie en outomatisasie in Blankegebied.

Met die oog op die bereiking van beleidsoogmerke sou 'n tweele=dige beleid geïmplementeer word. Enersyds sou die skeidingsbe=ginsel in die verkoop van arbeid gehandhaaf word sonder om die ekonomie te skaad, en andersyds moes drastiese stappe geneem word om die Bantoegebiede sō te ontwikkel dat daar genoegsame

---

88. Hoernlé, *op. cit.*, p.24-25.

89. *Ibid.*, p.23. Van der Horst, *op. cit.*, p.144 *et seq.*

arbeidsgeleenthede binne dié gebiede ontstaan, sodat die aanwas van die Bantoe in die tuislande van bestaansgeleenthede voorsien kan word en dié gebiede ook mettertyd 'n suigkrag kan uitoefen ten opsigte van die Bantoe reeds buite die gebiede met die oog op maksimale vestiging in eie gebiede.

Ten opsigte van die beskerming van Blanke werkers teen mededinging van Bantoe is voortgegaan in die gees van die *Naturellen Arbeid Regelings Wet* van 1911, soos gewysig, waardeur die belange van die Blanke werker voorop gestel is. Terselfdertyd is die Bantoewerker, hoewel sy vordering beperk is om die Blanke te beskerm, ook beskerm teen uitbuiting deur die werkgewer. Die beskaafde arbeidsbeleid van 1924 is ook herbevestig ten opsigte van die staatsdiens en spoorweë.

Onderwysfasiliteite, industrialisasie en groter arbeidservaring aan die kant van die Bantoe het die neiging laat ontstaan om Bantoewerknemers in beroepe van 'n halfgeskoolde en geskoolde aard aan te stel as gevolg waarvan arbeidsvelde wat tradisioneel deur Blankes, Kleurlinge en Indiërs beset is, geneig het na verswarting. Hierdeur het 'n potensieel-gevaarlike situasie ontstaan waarin vakunies 'n gewigtige rol kon speel. Om te verhoed dat Bantoe-arbeid aangewend word deur vakunies met die oog op die bereiking van politieke ideale, is verskeie maatreëls aanvaar waardeur Bantoe uitgesluit word as lede van geregistreerde vakunies en is afsonderlike masjinerie vir die beslegting van (Bantoe-) arbeidsgeskille daargestel. Arbeidsreservering is ingevoer; beperkings is op die oorblywende veelrassige vakunies geplaas; owerheidsmagte om stakings te voorkom is uitgebrei en prosedures in verband met arbeidsreservering is meer vaartbelyn gemaak. Aanvullend hiertoe is die instroming van Bantoe na Blanke stedelike gebiede verder beperk en

word Bantoe wat nie aan die vereiste van dienslewering voldoen nie, hervestig in die verskillende tuislande.

Dit is allerweë erken dat daar talle beperkinge ten opsigte van Bantoe in Blankegebied bestaan. Oor die lang termyn gesien sou so 'n situasie nie in stand gehou kon word nie en ook oor die kort termyn is dit alleen regverdigbaar indien alternatiewe geleenthede vir Bantoe bestaan of geskep word. Die rede vir die behoud van die arbeidswetgewing - en in 1972 is dit duidelik deur die Minister van Arbeid gestel dat die owerheid nie van die wetgewing sal afwyk nie[90] - is geleë in die aard van die politieke formule in terme waarvan 'n nywerheidslewe in die Bantoegebiede vir die Bantoe in vooruitsig gestel word en waar dié beperkings nie van toepassing sal wees nie.

Daarmee is die tweede aspek, naamlik die skep van ekonomiese geleenthede in die onderskeie tuislande aangeraak. In die verband moes die bewind die feit erken dat die gebiede onderontwikkeld was en by verre nie in staat was om hulle *de facto*-bevolkings te dra en die aanwas van dié bevolkings te huisves nie - laat staan nog die reeds uitgeweke elemente terugneem. Administratiewe maatreëls sou die instroming na Blankegebied nie kon keer nie. Aangesien die ekonomiese motief die aanwesigheid van die Bantoe in Blankegebied verklaar, moes ekonomiese kragte ook aangewend word om dié wat nog in die Bantoegebiede is, daar te hou en die reeds uitgewekenes sover moontlik terug te suig. Met die oog hierop moes die ekonomiese ontwikkeling van die gebiede daadwerklik aangepak word. Gevolglik lê die aksent van die Tomlinson-verslag dan ook op die ekonomiese ontwikkelingsmoontlikhede van die Bantoegebiede en word ook 'n bloudruk vir

---

90. Rep. van S.A. *Debatte van die Volksraad.* 1972, kol. 6655.

ontwikkeling voorgelê.

Soos bekend, bevind die Tomlinson-kommissie dat alle Bantoe wat in 1951 in die gebiede aanwesig is, nie as boerendes 'n bestaan daar kan maak nie[91] en deur die mynbou, bosbou, sekondêre en tersiêre sektore (wat nog ontwikkel moes word) geakkommodeer sal moet word. Om slegs die Bantoe wat in 1951 in die Bantoegebiede was, daar te hou, sou eis dat die oorskot landbouers, plus hulle aanwas, van werksgeleenthede in nywerhede in en om die Bantoegebiede voorsien word. Die vestiging van 'n boereklas sou ook net uitgevoer kon word indien die Bantoe wat nie opgeneem kon word in die landbou nie, gevestig word in plattelandse woonbuurtes, dorpe en stede in die Bantoegebied om daar as grensnywerheidswerkers, interne nywerheidswerkers en trekarbeiders 'n bestaan te maak. 'n Sentrale plek word dus in die plan aan sekondêre bedrywe toegeken:[92] enersyds sou dit arbeidsgeleenthede moes voorsien, en andersyds sou dit as stimulant dien vir die ontwikkeling van die tersiêre sektor.

Sekondêre nywerheidsvestiging kon geskied in en om die Bantoegebiede, sodat die nywerheid dus na die arbeid gebring word. Daarmee sou die probleme wat voortspruit uit die konsentrasie van nywerhede in slegs vier punte van die land, verlig word en sou ekonomiese aktiwiteite oor Suid-Afrika as geheel eweredigerversprei word. Grensnywerhede sou 'n belangrike rol in dié nywerheidsdesentralisasie speel; as springplank dien vir nywerheidsvestiging in die tuisland; ook die bestedingsvermoë van die tuislande vergroot en dus die ontwikkeling van die ter-

---

91. *Summary of the Report ...,* p.114.

92. *Ibid.,* p.131.

siêre sektor stimuleer. Nywerheidsvestiging in die tuislande sou, tot tyd en wyl Bantoe-ondernemers in genoegsame getalle na vore tree, onderneem word deur 'n ontwikkelingskorporasie wat as agent vir Blanke inisiatief kon optree en raadgewend, opleidend en kapitaalvoorsienend aan Bantoe werksaam kon wees. Omdat Blanke belegging op 'n direkte grondslag in die Bantoegebiede sou kon lei tot "roomafskeppery" en die vorming van "wit lokasies", is dit aanvanklik verbied.

Saamgevat trek die ontwikkelingsplan saam in die volgende punte:
(a) Stabilisering van die landbou en uitbreiding in mynbou en bosbou.
(b) Nywerheidsvestiging in en om die tuislande waardeur die Bantoe wat as gevolg van die stabilisering van landbou nie kan boer nie, 'n bestaan kan maak as nywerheidswerker.
(c) Die stigting van dorpe en stede in die tuislande waarbinne nywerheidswerkers in gesinsverband gehuisves kan word en waarbinne die tersiêre sektor kan ontwikkel.
(d) Die onderneming van nywerheidsaktiwiteite deur 'n ontwikkelingskorporasie met 'n aanvangskapitaal voorsien deur die staat.
(e) Dat die ontwikkeling van die gebiede in samewerking met en sover moontlik deur die Bantoe onderneem moes word.
(f) Dat met die ontwikkeling van die gebiede in die oog gehou word dat dit dele van die Unie is en as sodanig ontwikkel moet word.

Met die verskyning van die verslag in 1954 was verskeie aanbevelings van die kommissie reeds in praktiese toepassing. Hieronder kan gereken word die kwessie van landboubeplanning en dorpstigting, terwyl dr. Verwoerd op 5 Desember 1950 as nuwe minister van Naturellesake reeds verwys het na die wenslikheid

van grensnywerhede naby Bantoedorpe en stede in Bantoegebiede ten einde aan die arbeidsbehoeftes van die Bantoe in die tuislande te kan voorsien.[93]

Ten opsigte van landbouhervormings is die aanvanklike oogmerke soos vervat in Proklamasie nr. 31 van 1939, vervang deur Proklamasie 116 van 1949 en aangevul deur verskeie omsendbriewe. Proklamasie 116 van 1949 is uiteindelik herroep deur Proklamasie 1014 van 1965[94] (*Proklamasie op Verbeteringsgebiede*) waardeur landboukundige hervormings voorgeskryf word. Benewens hierdie voorskrifte om landbouproduksie te verhoog deur grondherwinning, fisiese ontwikkeling, beplanning, watervoorsiening, veeverbetering, kredietverskaffing ens., is heelwat meer aksent sedert die sestigerjare geplaas op mense-ontwikkeling deur voorligting omdat besef is dat die grootste struikelblok in die weg na hoër produksie geleë is in waardes wat veranker is in die religieuse, sosiale en maatskaplike lewe en wat baie stadig verander.[95] Bantoevoorligters is aangestel en landbouskole is gestig met die oog op die oorkoming van hierdie probleme. In 1970 is aangekondig dat 'n landboukomitee onder die Bantoesakekommissie in vooruitsig gestel word.

Ook is stappe gedoen om ontwikkeling ten opsigte van mynbou en bosbou te versnel. 'n Ooreenkoms is aangegaan deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling met die Departement van Bosbou, welke Departement bosbou-ontwikkeling in die

---

93. Pelzer, A.N. *Verwoerd aan die Woord.* A.P.B. 1963, p.23.

94. *Staatskoerant Nr. 1175,* 9 Julie 1965.

95. Vir 'n bespreking hiervan vgl. A.O. Jackson. Traditional land tenure, social structure and the effects of change. SARCCUS. 1969. Afgerol.

tuislande vir die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sou behartig.[96] In 1969 is die Bantoe-mynboukorporasie gestig met die oog op die ontwikkeling van die mynboupotensiaal van die tuislande. Soos die geval met die Bantoebeleggingskorporasie en die Xhosa-ontwikkelingskorporasie sou ook die S.A.N.T. die enigste aandeelhouer van die Bantoemynboukorporasie wees.[97]

Hoe wetenskaplik en sistematies die landboukundige beplanning ookal mag wees, die akkommodasievermoë van dié sektor bly beperk. Trouens, die gedagte is reeds geopper dat 'n behoorlike eksploitasie van die landboupotensiaal sal vereis dat minder eerder as meer Bantoe daarby betrokke is.[98]

Gevolglik moes na industrialisasie gekyk word met die oog op die voorsiening van arbeidsgeleenthede. Nywerheidsontwikkeling in en om die tuislande kon die hele poging dan ook laat slaag of misluk. Nou is dit ook so dat nywerheidsdesentralisasie in die land as geheel steeds noodsaakliker geword het en dat dié eis goed ingepas het by die eis van nywerheidsvestiging in en om die tuislande. Die prioriteit is egter toegeken aan nywerheidsdesentralisasie, terwyl die verskaffing van arbeidsgeleenthede aan die tuislande 'n "addisionele baie belangrike oorwe-

---

96. Botha, M.C. Staatsmasjinerie vir die bevordering van tuislandontwikkeling. *In:* SABRA. *Tuislandontwikkeling - 'n program vir die sewentigerjare*. 1970, p.9.

97. Rhoodie, N.J. *et al. Tuislande: Die rol van die korporasies*. Chris van Rensburg-Publikasies. Johannesburg. (1973), p.71.

98. Lombard, J.A. Die Staatkundige en administratiewe beginsels van tuislandontwikkeling. *In:* SABRA. *Tuislandontwikkeling - 'n program vir die sewentigerjare*. 1970, p.16.

ging"[99] vir desentralisasie na grensgebiede was.

In 1954 is aangedui dat op een uitsondering na, geen stappe nog gedoen is om die vestiging van grensnywerhede aan te moedig nie.[100] In die laat vyftigerjare het grensnywerhede egter aksent begin ontvang en is die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (N.O.K.), gestig in 1940 om nywerheidsontwikkeling in die land as geheel te bevorder, aangewend om behulpsaam te wees met die ontwikkeling in grensnywerheidsgebiede. In 1960 is 'n nuwe liggaam, die Permanente Komitee vir Nywerheidsvestiging, in die lewe geroep vir die koördinasie van nywerheidsdesentralisasie na grensgebiede. Op die komitee, wat in 1972 vervang is deur die Desentralisasieraad, was verskeie belanghebbende departemente en instansies verteenwoordig. Ten einde nywerhede enersyds te trek en andersyds te dwing na grensgebiede, is aanloklike konsessies op grensnywerhede van toepassing gemaak, en aangevul in 1964, 1968, 1970 en 1971, terwyl 'n beperking op die verdere indiensneming van Bantoe-arbeid in metropolitaanse gebiede geplaas is deur die *Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967*. Verder sou die owerheid die basiese infrastruktuur in grensnywerheidsgebiede voorsien en sou grensnywerhede verdere voordele geniet soos lenings, skenkings, rabatte en voorkeur op staatstenders.[101] Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sou die stigting en beheer

---

99. Du Plessis, M.A. Grensgebied- en tuislandontwikkeling. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*. 22, 3 (1971), p.98.

100. Horrel, M. *Op. cit.*, (1954), p.19.

101. Vir die voordele, vgl. J.J.S. Weidemann. Kort aantekeninge oor die beleid van Nywerheidsdesentralisasie en die Witskrif van die regering in die verband. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*. 23, 1 (1972), p.9.

van Bantoedorpe in die tuislande, waar die grensnywerheidswerkers sou woon, behartig. Verskeie grensnywerheidsgebiede, gekies op grond van hoë Bantoebevolkingsdruk enersyds en gunstige ontwikkelingsfaktore andersyds, is aangedui.

Met die oog op die ekonomiese ontwikkeling van, insluitende nywerheidsvestiging in, die tuislande is die Bantoebeleggingskorporasie in 1959 tot stand gebring deur Wet nr. 34 van 1959. Die korporasie sou 'n regspersoon wees; 'n raad van (Blanke) direkteure hê wat aangestel sou word deur die minister (van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling); vanaf 1961 vir die doeleindes van grondbesit in die Bantoegebiede, 'n "Naturel" wees;[102] vanaf 1961 besighede wat aan Nie-Bantoe in die Bantoegebiede behoort, kon oorneem en self ook besighede of nywerhede in die Bantoegebiede kon oprig. Dus sou die korporasie, ooreenkomstig die regeringsbesluite na aanleiding van die Tomlinson-verslag en benewens ander staatsdepartemente, as agent optree in die vestiging en ontwikkeling van 'n nywerheidslewe in die Bantoegebiede. Blanke kapitaal kon by die korporasie belê word teen 'n vasgestelde rentekoers en dit sou dan deur die korporasie aan Bantoe uitgeleen word ter bevordering van nywerheidsontwikkeling. Tegniese hulp, advies en opleiding aan Bantoe sou ook deur die korporasie voorsien word. Dus sou die korporasie nie 'n suiwer finansiële instelling wees nie maar sou ook 'n opvoedingsinstrument in ekonomiese verband wees.

Ooreenkomstig die breë uitgangspunt van ontwikkeling op 'n volkseenheidsgrondslag vir die onderskeie Bantoegroepe, stel die *Wet op Ontwikkelingskorporasies vir Bantoetuislande, 1965* 'n ontwikkelingskorporasie vir elke Bantoevolksgroep in voor-

---

102. Deur Prokl. 75 van 1961.

uitsig. Ingevolge hiervan het die Xhosa-ontwikkelingskorporasie (X.O.K.) dan ook in 1965 tot stand gekom met die oog op die ekonomiese ontwikkeling van die Cis- en Transkei. Die aksent op ekonomiese ontwikkeling van die tuislande is verder verstewig deur die *Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoetuislande, 1968,* waardeur die wetgewing van 1959 en 1965 vervang word en voorsiening gemaak word vir die voortbestaan van die B.B.K. en X.O.K.; die stigting van korporasies ten opsigte van enige sake-onderneming in die tuislande, en die stigting van korporasies vir die beplanning en uitvoering van ekonomiese ontwikkelingsprojekte onder koördinasie van die B.B.K. as finansiële instrument van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust.

'n Noemenswaardige verwikkeling is die aksentverskuiwing wat daar gedurende die sestigerjare ten opsigte van die agentskapsbeginsel plaasgevind het. Die rede hiervoor is stellig geleë in die stadige ontwikkeling wat plaasgevind het onder die B.B.K. as alleenagent. So byvoorbeeld is in die 1967-jaarverslag van die Korporasie gerapporteer dat slegs drie persent van die R3,1 miljoen wat sedert sy stigting deur die Korporasie aan Bantoe geleen is, aangewend is in die vervaardigingsbedryf.[103] Om dié probleem te probeer ondervang, is goedkeuring in 1967 aan die B.B.K. verleen om self as ondernemer op te tree in die tuislande. 'n Jaar of wat later is aangekondig dat Blanke ondernemers voortaan toegelaat sal word om nywerhede in Bantoegebiede te stig onderworpe aan enkele voorwaardes neergelê in 'n kontrak wat gesluit word met die B.B.K. Ten einde nyweraars na die tuislande te lok is konsessies toegestaan ten opsigte van die nywerheidsgroeipunte in die tuislande en wat in 1968/69 aange-

---

103. *News/Check.* 14 June, 1968, p.5.

kondig is.[104] Blankes sou verder vir vasgestelde periodes as kontrakteurs vir die onderneming van ontwikkelingsprojekte in die tuislande aangestel kon word; 'n stelsel vir Bantoevak= leerlingskap met sertifikate slegs geldig vir tuislande is voor= berei, terwyl die *Nywerheidsversoeningswet* en *Loonwet* nie in die tuislande van krag sou wees nie.[105]

Ső sit die aanvanklike gedagte van dr. Verwoerd om Blanke nywe= raars uit die Bantoegebiede te weer, omdat dit sou lei tot room= afskeppery en "wit lokasies", mettertyd om tot aktiewe pogings om die Blanke nyweraar na die gebiede te lok - klaarblyklik om= dat besef is dat die wins van die nyweraar nie opweeg teen die voordele wat sy aanwesigheid vir die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede inhou nie.

Die groter aksentlegging op die ekonomiese ontwikkelingsdimensie in die tuislande vanaf die laat sestigerjare het noodwendig daartoe gelei dat meer aktiwiteite in dié veld uitgevoer sou word deur 'n groeiende aantal liggame en instansies. Met die oog op die koördinasie van advieslewering aan die owerheid ten opsigte van die ekonomiese ontwikkeling van tuislande, is in 1970 daartoe oorgegaan om die Bantoesakekommissie uit te brei deur die inleweroeping van 'n Ekonomiese Komitee onder die kom= missie met die voorsitter van die komitee as lid van die kommis=

---

104. Reynders, H.J.J. Die Werkverskaffingspotensiaal in die Tuislande met besondere verwysing na Nywerheidsdesentra= lisasie. *In:* SABRA, *op. cit.*, (1970), p.74. R.S.A. *Witskrif oor die verslag van die Interdepartementele Komi= tee insake Desentralisering van Nywerhede.* 1972, p.15 *et seq.*

105. *Ibid.*, p.5. Horrel, M. *Op. cit.*, (1971), p.52.

sie.[106] Dié komitee sou bygestaan word deur die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling (BENBO) - 'n navorsings- en beplanningsflank wat onder die B.B.K. ontstaan het. Die Ekonomiese Komitee sou verantwoordelik wees vir die lewering van strategie-advies ten opsigte van nywerheidsvestiging en -desentralisasie; Bantoebehuising en dorpsvestiging; arbeidskanalisering; passasiers- en goederevervoer en tuislandaktivering in die algemeen.[107]

Verder is daartoe oorgegaan om sekere universiteite te betrek met die oog op die opstel van planne vir die fisiese ontwikkeling van die gebiede; is daar in die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling 'n departementele komitee ter koördinasie van beplanningsnavorsing (K.I.N.O.B.) in 1973 gestig; het daar koördinerende en beraadslagende komitees op volksowerheidsvlak vir die verskillende tuislande tot stand gekom, welke liggame sou dien as skakelpunte vir liggame van buite en ook beplanning en ontwikkeling op volkseenheidsvlak sou koördineer.[108] Ten opsigte van dorpsontwikkeling in die tuislande sou die nuutgestigte Bantoesake-administrasierade[109] as agente van die sentrale owerheid optree.

Die onderstaande diagram (tabel 11) dui aan dat daar met die


106. Sedertdien het ook 'n landboukomitee tot stand gekom onder die kommissie.

107. Vgl. Botha, M.C. *Op. cit.*, p.10-11.

108. *Ibid.*, p.12.

109. Ingestel ingevolge die *Wet op Administrasie van Bantoesake, 1971* (Wet Nr. 45 van 1971).

**Tabel 11: Organisasieskema vir beleidsvorming en uitvoering van die program van Bantoe-ontwikkeling (1972)**



oog op die realisering van die breë mikpunt van ekonomiese aktivering van die tuislande op 'n sewetal "strategiese dimensies" gekonsentreer word, naamlik:

(a) Nywerheidsdesentralisasie deur die N.O.K., B.B.K.-direk, B.B.K.-geïnspireerd en Bantoemynboukorporasie.

(b) Nywerheidsvestiging en dorpsontwikkeling in die tuislande in welke verband dit wenslik geag word om 'n paar groot groeipunte te skep in plaas van talle kleineres.

(c) Kanalisering van arbeid.

(d) Opleiding van Bantoe in verskillende beroepe en bedrywe.

(e) Aanlê van vervoerfasiliteite vanaf woonpunte in die tuislande na arbeidsgeleenthede buite die tuislande.

(f) Bestedingsprogrammering.

(g) Die aktivering van tuislandse owerhede met die oog op die uitvoering van ontwikkelingsbeplanning.

Hoe kursories ookal is hiermee gepoog om die aard van die ekonomiese verhouding tussen die voog en bevoogde Bantoegroepe enigsins nader te beskou en dan wel soos wat dit ontwikkel het vanaf 1910. Hieruit kom die dilemma van die Blanke ook na vore: Die Bantoe is ingesuig in die Blanke ekonomiese stelsel waarin hy 'n sekondêre plek beklee maar 'n belangrike rol speel in die bevordering van Blanke ekonomiese sekuriteit en die verhoging van Blanke lewenspeil. Maar deur die fisiese aanwesigheid van groot getalle Bantoe in die Blankegebied en die toenemende sosiopolitieke aansprake van Bantoe in dié gebied, word die Bantoe toenemend beleef as 'n bedreiger van Blanke identiteit en sekuriteit. Hieruit ontstaan dan die ambivalensie in die houding van die Blanke wat, benewens die beskerming van die Blanke se arbeidsbelange, uitloop op die doelbewuste skepping van alternatiewe ekonomiese geleenthede vir Bantoe in gebiede wat as "hulle eie" aangedui word. Hiermee wil 'n twee-fase-oogmerk

bereik word, naamlik (a) die voorsiening van bestaansgeleenthede aan die natuurlike aanwas van die Bantoe woonagtig in die tuislande, en (b) die maksimale hervestiging van die Bantoe wat reeds buite die gebiede is in die tuislande. Laasgenoemde oogmerk is op hierdie tydstip egter eerder van teoretiese as praktiese betekenis.

4. Sosialisering

Dit is logies dat die heersende etnos die sosialiseringsmedia tot sy beskikking sal aanwend om die vir hom nastrewenswaardige sosiale orde te bevorder. Terselfdertyd is die inhoud van die sosialiseringsprogram 'n determinant vir die bereiking van dié beoogde orde. Indien die sosiopolitieke doelstelling van die heerser ten opsigte van die beheersde dié is van inkorporasie, dan sal die media aangewend word om die onderworpene te sosialiseer in die kulturele ordening van die heerser.[110] Indien, hierteenoor, differensiasie of "eiesoortige ontwikkeling" die oogmerk is, kan aanvaar word dat die media ook aangewend sal word om tradisionele of gegewe kulture te erken en te ontwikkel of uit te bou ter voorbereiding van die toekoms wat voorsien en beplan word. Geen sosialiseringsisteem binne 'n etnies-gestratifieerde situasie kan "neutraal" wees nie. Een van bogenoemde vertrekpunte móét aanvaar word.

Die media waardeur gesosialiseer word, sluit 'n veelheid van middele in, byvoorbeeld die onderwysstelsel, pers, radio, die amptenaar wat in daaglikse kontak met bevoogdes is, die film, die werkgewer, enige voor- en inligtingsdiens, saamtrekke, vertonings, skoue, ens. Hieronder beperk ons ons egter tot die

---

110. Die Franse koloniale beleid bied 'n goeie voorbeeld in hierdie verband. (Vgl. Hailey, *op. cit.*, (1957), p.1224 *et seq.*)

onderwys, met korter opmerkings oor inligting, die radio, die pers en die buro's vir taal en kultuur.

## 4.1 Onderwys

Eerstens die organisatoriese aspek.

Soos in Wes-Europa en later in Afrika is onderwys aanvanklik beskou as 'n funksie van kerkliggame.[111] Sendingskole wat ingestel was op evangelisasie met die vaardighede van lees, skryf en rekenkunde as neweprodukte, ontstaan gevolglik in 1799 in die Kaapprovinsie; 1835 in Natal; 1823 in die O.V.S. en in 1842 in Transvaal.[112] Dié skole het mettertyd staatsondersteuning begin ontvang in die vorm van subsidies as gevolg waarvan die Staat ook 'n mate van kontrole oor onderwys verkry.[113] Met unifikasie het Bantoe-onderwys 'n suiwer provinsiale saak gebly, en alhowel die beleid dat die Staat se onderwysfunksie sover strek as subsidiëring van sendingskole, blykbaar tot in 1925 geld, het die Staat reeds voor 1925 skole vir die onderrig van Bantoe gestig.[114] In terme van die destydse beleid (1910-1923) bly die beheer oor en finansiering van onderwys vir die Bantoe 'n verantwoordelikheid van die provinsiale owerhede en

---

111. *Ibid.*, p.1133.

112. Hellmann, E. (Ed.). *Op. cit.*, p.350-353. Unie van S.A. *Verslag van die Interdepartementele Komitee oor Naturelle Onderwys*, 1935-1936. (Welsh-verslag.) UG 29. 1936, p.23.

113. Nutt, P. Bantu Education. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*. Jan. 1955, p.26. Vir die toestand in Transvaal, vgl. S.A.N.A.C. *Minutes ...*, p.601 *et seq.* en South African Native Races Committee, *op. cit.*, p.138 *et seq.*

114. Nutt, *op. cit.*, p.26. Unie van S.A. *Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie, 1949-1951.* (Eiselen-kommissie.) Staatsdrukker. Pretoria. 1951, p.36.

is dit "afgeskei van alle verband met die algemene Naturellepolitiek van die land"[115]. Vanaf 1923, ingevolge die *Vierde Ekstensiewet op Finansiële Verhoudings*, het die finansiële verantwoordelikheid vir die verdere ontwikkeling en uitbreiding van onderwys oorgegaan na die Unieregering, terwyl die provinsies die beheer behou het. Die *Naturelle Belasting en -ontwikkelings Wet, 1925*, waardeur 'n Bantoe-ontwikkelingsfonds in die lewe geroep word en waaruit Bantoe-onderwys voortaan gedeeltelik gefinansier sou word, raak oorwegend die finansiering van Bantoe-onderwys en nie die bepaling van beleid nie. Vanaf 1926 tot 1945 staan beleidsbepaling, met uitsondering van finansieringsbeleid, dus nog onder provinsiale beheer. Vanaf 1946 en wel ingevolge die *Naturelle-onderwys Finansierings Wet, 1945*, word Bantoe-onderwys gesamentlik beheer deur die provinsiale administrasies en Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap soos bygestaan deur die Unie-Adviesraad. Hierna (1953-1958) word Bantoe-onderwys die verantwoordelikheid van die destydse Departement van Naturellesake tot in 1958 met die totstandkoming van die Departement van Bantoe-onderwys. Vanaf 1963 (in die geval van die Transkei), en vanaf 1968 (in die geval van die meeste ander owerhede) is 'n groter aantal funksies wat deur dié departement uitgevoer is, gedesentraliseer na gebiedsowerhede. Hierdie oordrag van bevoegdhede aan die verskillende tuislandowerhede word voortgesit.

Uit dié organisatoriese inkleding kan reeds die gevolgtrekking gemaak word dat daar tot betreklik laat geen eenvormige Bantoe-onderwysbeleid toegepas is nie. Die Grey-invloed en oogmerke het daartoe gelei dat onderwys in die Kaapkolonie aangewend

---

115. Ekonomiese Naturelle Kommissie, *op. cit.*, p.94.

moes word om tradisionele waardes en strukture af te breek en, volgens Rhodes, ingestem was "to produce a nation of preachers and editors"[116] - 'n opset in skrille kontras met dié in Natal met sy Shepstone-invloed.[117] Die gapende verskille tussen die Engelse en Duitse sendingliggame en dié tussen die integrasio=nistiese Suide en segregasionistiese Noorde ten opsigte van die toekomstige plek en rol van die Bantoe, lei dan inderdaad tot 'n gebrek aan eenvormigheid ten opsigte van Bantoe-onderwys: "... there was no definite policy, no uniformity in planning, and no co-ordination with the other aspects of development"[118].

Met die oog op beleidsontwikkeling kan vlugtig gekyk word na riglyne neergelê deur verskeie kommissies wat aandag aan die vraagstuk gegee het. Hier word verwys na die Lagden-kommissie (1903-1905); South African Native Races Committee (1908), Eko=nomiese Naturellekommissie (1930-1932), Welsh-kommissie (1936) en Eiselen-kommissie (1949-1951).

Na die aanhoor van talle getuies beveel die Lagden-kommissie aan dat staatshulp aan sendingskole voortgesit word; aksent ook op industriële (tegniese) opleiding geplaas word; 'n sen=trale inrigting vir hoër onderwys met die oog op die opleiding van onderwysers tot stand gebring word; Bantoe wat opleiding ondergaan 'n finansiële bydrae tot die skole maak, en dat on=

---

116. Hailey, *op. cit.*, (1957), p.1143.

117. Vgl. Duminy, P.A. (Ed.). *Trends and Challenges in the Education of the South African Bantu*. Fort Hare Univ. Press. 1967, p.4.

118. Nutt, *op. cit.*, p.28. Vgl. ook Saayman, R.B. Native Education. *In:* S.A.I.R.R. *Some Aspects of the Native Question*. Johannesburg. 1933.

derrig in higiëne asook "moral and religious instruction" aangebied word. Sover dit die medium van onderrig betref, is die kommissie van mening dat "it would be well to allow the Native Language to take the place of English as a medium of instruction"[119].

Die aanbeveling ten opsigte van 'n sentrale inrigting vir hoër onderwys sou in 1916 realiseer met die oprigting van Fort Hare.[120]

Drie jaar na die verskyning van die Lagden-verslag skryf die South African Native Races Committee dat sendelinge veel in terme van onderwys verrig het, maar dat die onderwys "generally has been too bookish". Vir dié komitee is dit ook duidelik "that the education required by Natives is not in all respects identical with that needed by Europeans. The moral standards and new ideas which is the object of the native schools to inculcate have to be grafted on to the stock of tribal tradition and sentiment; and the character of the instruction to be given in these schools must also to some extent be determined by the probable future position of the scholars."[121] Gevolglik voldoen die onderwysstelsel waarin prakties dieselfde kursusse vir Blanke en Bantoekinders voorgeskryf word, nòg in terme van metode nòg in terme van inhoud aan die behoeftes van Bantoekinders. Sover dit die medium van onderrig aangaan, word die gedagtegang van die Lagden-kommissie gesteun en word Junod met instemming aangehaal: "They (Bantoetale) are the best inheri-

---

119. S.A.N.A.C. *Report*, p.72 *et seq*.

120. Welsh-verslag, p.18. Hailey, *op. cit.*, (1957), p.1141.

121. S.A.N.R.C., *op. cit.*, p.137.

tance which their forefathers have left to the Natives ... when he speaks his vernacular, the Zulu, the Thonga, is a man. When he speaks a European language, he is too often a caricature. Why therefore, is the study of those languages so much abandoned, if not entirely overlooked, in most of the South African Schools?"[122]

Tot welke mate die beleidmakers die geaksentueerde punte, naamlik aanpassing by die gegewe geesteswaardes en behoeftes enersyds en toekomstige plek en rol van Bantoe andersyds, in ag geneem het, is nie duidelik nie. Die vermoede bestaan egter dat dit verontagsaam is, want in die Kaapprovinsie is tot en met 1920 geen verskil gemaak in leerplanne vir Blankes en Nie-Blankes nie en is geen aksent op moedertaalonderrig geplaas nie.[123] In die O.V.S. was daar in 1924 feitlik soveel leerplanne as wat daar skole was.[124] In Transvaal is wel vanaf 1907 gepoog om die "moontlikhede, behoeftes en aspirasie" van die Bantoe in aanmerking te neem,[125] maar ook hieruit het weinig gerealiseer. Feitlik oral is swaar aksent geplaas op Engels en Rekenkunde, terwyl die moedertaal en ander vakke soos Afrikaans en Bybelstudie erg verwaarloos is.[126] Hierdie onbevredigende toestand waarin geeneen van die aangeduide aksente tot hulle reg gekom het nie en wat gekenmerk is deur 'n vaagheid van doelstelling, het oorwegend gespruit uit die gebrek aan 'n heldere sosiopo-

---

122. *Ibid.*, p.181.

123. Welsh-verslag, p.15.

124. Hellmann (Ed.), *op. cit.*, p.354.

125. Welsh-verslag, p.27.

126. *Ibid.*, p.33.

litieke mikpunt by die owerheid ten opsigte van die verhoudingsvraagstuk. Verder het die verwagtings wat die Bantoe van die onderwysstelsel gekoester het, naamlik as dië middel waardeur ontsnap kon word aan die verlede en aanvaarbaarheid vir die heersende gemeenskap verwerf kon word, ook 'n bydrae tot die toestand gelewer. Dus word die onderwysstelsel ook 'n veld waarin die intensies van heerser en onderworpene in botsing kom oor die toekomstige plek van die Bantoe binne die sosiale stelsel en dus die formule vir nasievorming. Die Amerikaans-geskoolde Z.K. Matthews het dië probleem reeds in 1933 gestel in dië woorde: "... what he (die Blanke) wants the Bantu to become and what the latter ... likes to become may differ, and the Bantu viewpoint may be the correct one."[127]

Die Ekonomiese Naturellekommissie neem Bantoe-onderwys vervolgens onder die oog en bevind dat die opset onbevredigend en ondoeltreffend is. Die Blanke se onderwys word aan die Bantoe gebied en daardeur word persone geskool vir beroepe wat beset is deur "Europeane"[128]. Die Blanke se onderwys sonder geleenthede binne die Blanke se omgewing wek frustrasie. Die (ekonomiese) omgewing waarbinne die Bantoe die vrug op sy skoling kon geniet, is nog afwesig. Dus is die onderwys gerig op 'n orde wat buite bereik van die Bantoe is.[129]

Hiermee is die dilemma van onderwys vir 'n onderworpe gemeenskap binne 'n stelsel gekenmerk deur politieke differensiasie

---

127. Matthews, Z.K. The educational needs of the Bantu. *In:* S.A.I.R.R. *Some Aspects* ... 1933, p.143.

128. *Op. cit.*, p.96-97.

129. *Ibid.*, p.99-100. Vgl. ook Kuschke, H. Native Education. *In:* S.A.I.R.R., *op. cit.*, (1933), p.149 *et seq.*

en ekonomiese verbondenheid aangeraak. Deur Blanke onderwys aan die Bantoe te bied word die Bantoe gemobiliseer en word verwagtings gewek wat nie realiseerbaar is nie, omdat 'n realisering daarvan gevestigde Blanke belange sou aantas. Tweedens vind hierdie tipe onderwys nie organiese aansluiting by die tradisionele waardesisteme van die Bantoe nie en is ook nie opvoedend-werksaam vir die Bantoegemeenskap nie. Veel eerder is dit vervreemdend van aard en skep dit twee wêrelde waartussen die indiwidu wentel: Die wêreld gevorm deur die heersende waardes binne die gemeenskap en die wêreld aangebied deur die Westerse onderrig en wat geïnterpreteer word as die sleutel tot prestige, status en bestaansgeleenthede - maar wat die indiwidu "ontevrede maak met alles wat in sy eie agtergrond lê"[130].

Die aanstelling van die Welsh-komitee in 1935 om ondersoek in te stel na die doel van Bantoe-onderwys is dus goed te begryp. Benewens grondige besware teen die struktuur waardeur onderwys beheer word, word ook bevind dat daar 'n "onsekerheid van doel" bestaan, omdat daar nie duidelikheid bestaan oor die vraag of die Bantoe so spoedig moontlik vereuropees moet word of 'langs eie lyne' moet ontwikkel nie"[131]. Die *laissez faire*-houding van die verlede word toegeskryf aan die feit dat "ons nie so seker (is) omtrent wat ons nasionale beleid werklik is nie"[132]. Die Komitee kan hom nie vereenselwig met die standpunt van die Ekonomiese Naturellekommissie nie omdat, na die oordeel van die komitee, onderwys nie slegs die maatskaplike orde behoort te

---

130. Ekonomiese Naturellekommissie. *Op. cit.*, p.99.

131. *Op. cit.*, p.93, par. 455.

132. *Ibid.*, p.93, par. 456.

volg nie maar leiding daaraan behoort te gee.[133] Vir die komi= tee is die maatskaplike stelsel van die Bantoe besig om te ver= ander; is die Bantoe besig om te vereuropees en "moet die on= derwys aan hierdie proses rigting gee en dit ... beheer"[134]. Onderwys behoort "maatskaplik gewens" en "vir die gemeenskap bevredigend" te wees, en wat dit is, sou afhang van die posisie wat die Bantoe in die sosiopolitieke struktuur van Suid-Afrika moet beklee.

Hoewel die Welsh-komitee dus 'n redelik duidelike standpunt stel, stuit dit ook teen die dilemma hierbo genoem, naamlik: wat is die sosiopolitieke doelstelling waarvoor die onderwys as sosialiseringsmiddel aangewend moet word?

Alhoewel enkele aanbevelings van die komitee ten opsigte van die organisatoriese inkleding van Bantoe-onderwys in 1945 toe= gepas word, het die komitee geen duidelike effek op beleid ge= had nie. Tussen 1936 en 1948 is veel gedebatteer oor die plek en rol van die Bantoe in die Suid-Afrikaanse samelewing en oor Bantoe-onderwys, dog sonder enige praktiese gevolg bo en behal= we die periferale wysigings van 1945.

Met die bewindsoorname en verklaarde doelstelling van afsonder= likheid op etniese basis in 1948, kon egter verwikkelinge op die terrein van Bantoe-onderwys verwag word. Een van die eers= te projekte waaraan aandag gegee word, was dan ook Bantoe-on= derwys. Met die oog hierop is die Eiselen-kommissie in Janua= rie 1949 benoem met die taak om beginsels en doelstellings te formuleer van onderwys "vir naturelle as 'n selfstandige ras,

---

133. *Ibid.*, p.95, par. 463.

134. *Ibid.*, p.96, par. 465.

waarin daar rekening gehou word met sy verlede en hede, sy ras=eie, sy besondere eienskappe en aanleg en sy behoeftes ..."[135].

Soos die Welsh-komitee bevind ook die Eiselen-kommissie dat daar 'n vaagheid in die doelstellings van Bantoe-onderwys be=staan wat gewyt kan word aan die afwesigheid van heldere sosio=politieke mikpunte ten opsigte van die verhoudingsvraagstuk. Verder was die Ekonomiese Naturellekommissie te behep met "so=siale onderwys" en het die Welsh-komitee klaskamer-onderrig oorbeklemtoon. Gevolglik toon die toenmalige praktyk talle ge=breke wat soos volg saamgevat kan word:[136]

(a) Masjinerie om onderwys te koördineer en te administreer het talle gebreke wat 'n nadelige uitwerking op Bantoe-onderwys het;

(b) Bantoe-onderwys vorm nie 'n integrale deel van 'n breër sosio-ekonomiese ontwikkelingsplan nie;

(c) Bantoe-onderwys besit geen organiese karakter nie, is nie beplan nie en is verdeel in 'n verbysterende aantal uiteenlo=pende werksaamhede;

(d) Bantoe-onderwys word behartig deur die owerheid sonder die aktiewe deelname van die Bantoe as volk - op plaaslike of breër grondslag;

(e) Die finansiering van Bantoe-onderwys geskied op so 'n wyse dat dit haas geen opvoedkundige invloed op die Bantoegemeenskap het nie en beplanning haas onmoontlik maak.

In aansluiting by punt (b) hierbo kan ook die volgende gevolg=like punt gevoeg word, naamlik dat die leerplan en leerpraktyk

---

135. Eiselen-verslag, P.7, par. 1.

136. *Ibid.*, p.135, par. 752.

met sy verontagsaming van die segregasiebeleid "... nie voorbereiding vir diens binne die Bantoegemeenskap (kon) aanbied nie. Deur eenvoudig blindweg leerlinge op Europese lees geskoei te produseer, is die ydele verwagting geskep dat hulle in weerwil van die genoemde landsbeleid tog binne die Blanke gemeenskap poste sou kon vul. Dit is wat bedoel word met die ongesonde skepping van witboordjie-ideale en die veroorsaking van wydverspreide frustrasie onder die geleerde Naturelle."[137]

Vir die kommissie behoort Bantoe-onderwys -

(a) uit die standpunt van die Bantoegemeenskap, ingestem te wees op die ontwikkeling van 'n moderne vooruitstrewende kultuur met sosiale instellings wat met mekaar in harmonie sal wees; en

(b) uit die standpunt van die indiwidu, as doel moet hê die ontwikkeling van karakter en die verstandelike aanleg van die kind en sy toerusting vir sy toekomstige werk en omgewing.

Met die oog op die realisering van hierdie twee basiese - en veelseggende! - oogmerke, word verskeie aanbevelings gemaak waarvan slegs die volgende beklemtoon word, naamlik (a) dat die voorgestelde hervormings ten opsigte van Bantoe-onderwys deel moes vorm van 'n omvattende plan vir Bantoe-ontwikkeling wat Bantoetuislandsentries moes wees;[138] (b) dat *Bantoe*-onderwys noodsaaklik is en dat die praktyk "rekening moes hou met die feit dat hy te doen het met 'n Bantoekind ... opgevoed en gevorm in 'n Bantoekultuur, toegerus met die kennis van 'n Bantoe-

---

137. Unie van Suid-Afrika. *Bantoe-onderwys: Beleidsbepaling vir die onmiddellike toekoms.* Staatsdrukker. Pretoria. 1954 (1959), p.7.

138. Eiselen-verslag, p.139, par. 782.

taal en deurdring van waardes, belange en gedragspatrone wat hy aan die knie van 'n Bantoemoeder geleer het"[139]; (c) dat die aktiewe deelname van die Bantoe vereis word in die opvoedkundige masjinerie, plaaslike regering en in die bestuur van skole "sodat hierdie instellings tot hulle volle sosiale betekenis uitgebou kan word"[140]; en (d) dat, met die oog op die uitskakeling van die bestaande gebrek aan koördinasie en beplanning, die beheer en administrasie van Bantoe-onderwys oorgeplaas word na die sentrale vlak en wel na 'n departement van Bantoe-onderwys binne "'n staatsafdeling Bantoesake"[141].

Uit die redenering en aanbevelings van die kommissie spreek dit baie duidelik dat 'n onderwysstelsel andersoortig as die vir die Blankes, deur die andersoortige gegewenhede en behoeftes vereis word; verder, soos ook opgemerk deur Bavinck, dat dit geensins die bedoeling is om die Bantoe teë te hou in sy nastrewing van vooruitgang nie en hom ook nie wil inforseer in reeds-ontgroeide verbande nie.[142] Tog is die uitgangspunt *volks*onderwys met 'n eie vorm, inhoud en karakter. 'n Implikasie van die aanbevelings, veral die ten opsigte van die moedertaal en betrokkenheid van die plaaslike gemeenskap, gee 'n etniese karakter aan die onderwys en wys heen na 'n aanvaarding van die C.N.O.-beginsel.[143] Laastens word, deur die aanbeveling dat onderwys 'n

---

139. *Ibid.*, p.138, par. 773.

140. *Ibid.*, p.139, par. 140 en 789.

141. *Ibid.*, p.142, par. 803-806; p.144, par. 826 *et seq.*

142. Bavinck, J.H. Het probleem van het Bantoe-onderwys. *Koers*, XXI, 2 (1953), p.92.

143. Coetzee, J.H. Die Wet op Bantoe-onderwys. *Koers*, XXI, 4 (1954), p.176.

faset van 'n veel omvattender Bantoetuislandsentriese ontwikkelingsplan moet wees, gepoog om die dilemma van vorige kommissies te oorkom, aangesien sodanige ontwikkeling beroepsmoontlikhede vir die geskooldes sou daarstel. Onderwys word dus gesien as krag wat ingespan moet word ter opheffing van die Bantoetuislande en wel vanaf die *gegewe peil;* die fokus moes val op gegewe behoeftes van die Bantoegemeenskappe en nië op die behoeftes van die Blanke gemeenskap waarop die Blanke onderwysstelsel gefokus is nie.

In die verbygaan kan daarop gewys word dat die standpunte van die kommissie egter ook hewige kritiek sou ontlok - vanuit Bantoegeledere, verskeie kerkliggame, sekere Blanke organisasies en 'n deel van die pers.[144] Dië kritiek was egter eerder gemotiveer deur politieke oogmerke as opvoedkundige beginsels. Dit is dan ook nie sonder ironie nie dat juis die uitgangspunte en aanbevelings van die Eiselen-kommissie wat so gekritiseer is, in latere jare, wetend en onwetend, deur verskillende gesaghebbende liggame en persone, insluitende die Addis Abeba-konferensie oor onderwysontwikkeling in Afrika (1961), onderskryf is as die enigste wat 'n bevredigende resultaat sal lewer.[145] So stel die verslag van die Addis Abeba-konferensie dit dat die geërfde stelsels "Based as they are on a non-African background, they allow no room for the African child's intelligence, powers of observation and creative imagination to develop freely, nor do they help him to find his bearings in the world."[146]

---

144. Vgl. Horrel, M. *A Decade of Bantu Education.* S.A.I.R.R. Johannesburg. 1964. Hailey, *op. cit.,* (1957), p.1151-1152.

145. Vgl. Duminy, P. (Ed.). *Op. cit.,* p.19-20.

146. UNESCO. *Conference of African States on the Development of Education in Africa.* Addis Abeba. 1961, p.38.

Die kritiek ten spyt word die aanbevelings van die kommissie vergestalt in die *Wet op Bantoe-onderwys, 1953*. Hierdeur kom Bantoe-onderwys onder sentrale beheer; word 'n eenvormige onderwysbeleid, wat in ooreenstemming is met die breë landsbeleid, ingevoer; word onderwys met ander Bantoegerigte dienste gekoördineer en kom dit onder beheer van die minister van Naturellesake binne die Departement van Naturellesake; word voorsiening gemaak vir Bantoegemeenskapskole (ter vervanging van sendingskole), staatsbantoeskole en staatsondersteunde Bantoeskole en vir die finansiering hiervan; word voorsiening gemaak vir die uitbreiding van staatsbeheer oor privaat Bantoeskole, en word die aktiewe deelname van die ouergemeenskap in die beheer en bestuur van skole moontlik gemaak.

Hiermee is die Bantoe-onderwysbeleid, wat gemik is op beskawingsvooruitgang deur *kultuurvernuwing* in plaas van kultuurverplasing, vasgelê. Volgens die gedagtegang van Lekhela[147] beteken dit die nasionalisering van onderwys waardeur die *ad hoc*- en tentatiewe karakter afgeskud word. Ook onderwys word dus hiermee opgeroep om as krag te dien in die proses van nasievorming vanuit die gegewe kulturele werklikhede van elke Bantoegemeenskap. Indien hierin geslaag sou kon word, moes dit momentum verleen aan die oogmerk van ontstrengeling soos nagestreef deur die politieke beleid.

In sy verslag onderskryf die Tomlinson-kommissie die aanbevelings van die Eiselen-kommissie soos vergestalt vir die wet.[148]

---

147. Lekhela, E.P. *Tendencies in the History of Bantu Education in South Africa*. Univ. van die Noorde. 1972, p.19.

148. *Summary of the Report ...*, p.166.

Enkele wysigings ten opsigte van die beheerstruktuur;[149] die instelling van 'n Bantoe-adviesraad vir Bantoe-onderwys[150] met 'n sub-komitee vir elke etniese groep; die vereiste dat moedertaalonderrig gedurende die eerste agt skooljare aangebied word;[151] uitbreiding van die tegniese woordeskat van Bantoetale asook die "modernisering" van die tale,[152] en die stigting van tegniese en handelskole asook onderwysersopleidingskolleges,[153] het die stelsel enigsins afgerond. In 1968 word die organisasie van Bantoe-onderwys dan in twee kategorieë verdeel: Tuislandse onderwys onder die tuislandse owerhede en Bantoe-onderwys in die Blankegebied onder direkte toesig van die Departement van Bantoe-onderwys.[154]

Slegs op twee verdere fasette van Bantoe-onderwys word kortliks gewys, naamlik die opleiding van die seuns van kapteins en hoofmanne, en op universitêre onderwys.

Onderwys spesifiek vir die opleiding van Bantoestamhoofde het in Suid-Afrika, soos elders in Afrika,[155] ook aandag ontvang. Dit dateer reeds uit die sewentigerjare van die vorige eeu met

---

149. Prokl. 254/1958 en Goewermentskennisgewing 1816/1958.

150. Goewermentskennisgewing 895/1963.

151. Van Zyl, H.J. Bantu Education. *In:* Rhoodie, N.J. (Ed.). *Op. cit.,* p.503.

152. *Loc. cit.*

153. *Ibid.,* p.508. Van Dyk, J.H. Whiter Bantu Education? *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede,* 17, 1 (1966), p.5.

154. Behr, A.L. & R.G. Macmillan. *Education in South Africa.* Van Schaik. Pretoria. 1971, p.400.

155. Hailey, *op. cit.,* (1957), p.1187 *et seq.*

die oprigting van die "Kafferkollege" by Zonnebloem, Kaap=stad.[156] Hierna is 'n skool vir dié doel in 1918 by Nongoma in Zoeloeland deur die Departement van Naturellesake opgerig. Kursusse in landbou, Naturellereg en -administrasie is hier aangebied. As gevolg van finansiële probleme is dit egter teen die einde van 1934 gesluit.

Nòg die Welsh-komitee nòg die Eiselen-kommissie het spesiale skole vir die seuns van kapteins en hoofmanne aanbeveel. Die Eiselen-kommissie het egter die opleiding van stamhoofde as baie belangrik beskou en aanbeveel dat spesiale kursusse vir hulle gereël word.[157] Dié gedagte is deur die Tomsinson-kom=missie ondersteun.[158]

Die groter aksent wat sedert 1951 geplaas is op die tradisione=le bestuursinstellings van die Bantoegroepe as aanvangspunt vir politieke ontwikkeling, het die peil van geskooldheid van die stamhoofde skerp op die voorgrond gebring. In die veranderde en veranderende omstandighede was leierskap wat slegs op askrip=tiewe kriteria berus nie meer voldoende nie. Gevolglik is op=nuut aandag aan die saak gegee. Die kursusse wat vir kapteins en hoofmanne deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aangebied is, is voortgesit, maar met die oog op vollediger toerusting is ook oorgegaan tot die stigting van skole vir die seuns van kapteins en hoofmanne in 1965.[159] In die skole sou spesiale sekondêre onderrig gegee word waarin ak=

---

156. Welsh-verslag, p.129, par. 621.

157. *Op. cit.*, p.163-164.

158. *Op. cit.*, (Vol. 16, Hoofstuk 43), p.24-25.

159. *Bantoe Onderwysblad*. Augustus 1969, p.20 *et seq*.

sent geplaas word op leierskap, ondernemingsgees, publieke administrasie, volkstrots, handelsvakke, Bantoe-administratiewe praktyk en elementêre beginsels van politieke en ekonomiese ontwikkeling. Dië kursusse sou op dieselfde peil wees as dië wat in gewone sekondêre skole aangebied was en ook toegang bied tot universitêre studie.

Universitêre opleiding het feitlik dieselfde weg gegaan as skoolonderwys. Soos reeds vermeld het Fort Hare in 1916 ontstaan en is in 1923 onder beheer van die Uniale Onderwysdepartement geplaas.[160] Namate die aanvraag toegeneem het, is Bantoestudente ook toegelaat om kursusse aan die onafhanklike universiteite van Kaapstad, die Witwatersrand, Universiteit van Suid-Afrika en Natal te volg, terwyl die Universiteit van Pretoria in die veertigerjare bereid was om die privaatstigting in Pretoria, *Kollege ya Bana ba Afrika*, onder sy vlerk te neem.[161] Die Eiselen-kommissie het die stigting van 'n afsonderlike universiteit vir Bantoe aanbeveel,[162] terwyl die Tomlinson-kommissie van mening was dat 'n drietal universiteitskolleges (Xhosa, Zulu en Sotho), georganiseer soos die konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika voor 1950 en aangeskakel by Fort Hare, gestig moes word onder die kollektiewe naam van die Bantoe-universiteit van Suid-Afrika.[163] Die Holloway-kommissie (1953-1954) wat ondersoek moes instel na die praktiese uitvoerbaarheid van afsonderlike opleiding vir

---

160. Ingevolge die *Hoëronderwyswet, 1923.*

161. Rautenbach, C.H. Geskeie Universitêre Ontwikkeling - Imperatief van die Geskiedenis-in-Wording. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede,* 16, 1 (1965), p.33.

162. *Op. cit.,* p.158, par. 959.

163. Verslag van die ..., Vol. 16, Hoofstuk 43, p.37.

Nie-Blankes aan universiteite het, hoofsaaklik om finansiële redes, die stigting van nuwe universiteite vir Nie-Blankes teengestaan.[164]

Hierna volg 'n tydperk van hewige debat oor die beoogde deur= trek van die segregasiebeginsel tot universitêre vlak soos be= kend gemaak deur die *Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteits= opleiding, 1957.*[165] Van Afrikanerkant gesien was die gedagte soos vervat in die wet 'n logiese stap,[166] maar vir andere was dit 'n onhoudbare vooruitsig.[167] Onder die omstandighede word die wetsontwerp voorlopig teruggetrek. Nadat 'n gekose komitee en kommissie van ondersoek die saak onder oë geneem het, word die *Wetsontwerp op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959*, aanvaar, waardeur die aanvanklike oogmerke grotendeels bereik word. Voorsiening het nou bestaan vir die instelling van on= der meer Bantoe-universiteitskolleges deur die Minister van Bantoe-onderwys en die finansiering daarvan deur die Bantoe-onderwysrekening. Elke kollege sou 'n (Blanke) Raad en (Bantoe) Adviserende Raad hê, asook 'n (Blanke) Senaat en (Bantoe) Advi= serende Senaat. Hierdie adviserende liggame moes egter metter= tyd die uitvoerende gesag verkry. In dieselfde jaar word ook die Universiteitskollege van Fort Hare onder beheer van die Minister van Bantoe-onderwys geplaas.

Ná hierdie voorbereidende werk word twee Bantoe-universiteits=

---

164. Horrel, M. *Bantu Education to 1968.* S.A.I.R.R. 1968, p.15-16.

165. *Loc. cit.* Committee on Science and Freedom. *Apartheid and the World's Universities.* Manchester. England. 1958.

166. Vgl. du Plessis, L.J. The Case in favour of Apartheid. *In: Ibid.*, p.38.

167. Horrel, *op. cit.*, (1968), p.16-17.

kolleges gestig: die Universiteitskollege van die Noorde wat as fokus sou dien vir die Basotho, Vhavenda en Matshangana en die Universiteitskollege van Zululand wat sou omsien na die behoeftes vir hoër opleiding van die Zulu en Swazi. Fort Hare sou Xhosa-gerig wees. By nabaat gesien sou ook hierdie koers wat ingeslaan is met universitêre onderwys en wat so hewiglik bestry is, die seën van Afrika kry en wel tydens die Tananarive-konferensie van 1962.[168]

Met die onafhanklikwording en toesegging van volle universiteitstatus aan die kolleges[169] is die lyn van segregasie op universiteitsvlak deurgetrek. Dit sou egter alleen 'n logiese voortsetting van die beleid wees om toe te sien dat elke Bantoe-eenheid sy eie universiteit kry wat as fokuspunt vir kulturele ontplooiing sal dien.[170] Indien die tekens reg gelees word, wil ons die afleiding maak dat 'n eie universiteit hoog op die prioriteitslys van die verskillende eenhede is. Die redes daarvoor is te vind in die prestige-waarde van 'n eie universiteit. Maar ook dan gaan dit om *nasionale* prestige.

Oor die meriete van die onderwysbeleid waarvan die moeisame ontwikkelingsgang hierbo kortliks aangedui is, word nie nou verder geoordeel nie. Slegs word daarop gewys dat die beleid

---

168. Vgl. Rautenbach, *op. cit.*, p.35.

169. Vgl. die *Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969*, en Prokl. 40 van 1969; *Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969*, soos gewysig deur wet nr. 20 van 1972; en *Wet op die Universiteit van Zululand, 1972*, soos gewysig deur wet nr. 20 van 1972. Vgl. ook *Bantoe-onderwysblad*, Desember 1970.

170. Vir die problematiek hiervan, vgl. J.H. Coetzee. *Kultuurstruktuur van die universiteit en ons Blankes se roeping t.o.v. die Bantoe-universiteit*. Univ. van Zululand. 1972, p.7 *et seq*.

ten opsigte van onderwys vir die Bantoe oor die gang van jare weggeswaai is van sy aanvanklike ingesteldheid op 'n diening van die Blanke samelewing na 'n Bantoegerigtheid en bepaaldelik 'n etniese gerigtheid. Daarmee moes dit ook nie meer gemotiveer wees deur die siening dat dit die voorvereiste vir en sleutel tot opname binne die Blanke gemeenskap vorm nie, maar dat dit gesien en ervaar moet word as potente krag vir die opheffing en weerbaarmaking van die *eie* volksgemeenskap. Dus is onderwys omvorm van 'n medium vir sosialisering tot assimilasie na 'n medium vir sosialisering tot nasievorming op etniese grondslag.

Daarmee het die Blanke owerheid die weg aangedui en die raam=werk geskep. Die Blanke owerheid kan egter nie die taak van tradisiehandhawing, kultuurbou en -suiwering vir die Bantoe onderneem nie. Die vraag bly dus of die motivering om die aan=geduide weg te bewandel, aanwesig is en of die adolessente ma=nifestasies van die volksbesef die Bantoegroepe van die aange=duide koers gaan afdwing. Dié vraag sal eers na 'n verdere tydsverloop beantwoord kan word.

## 4.2 Ander media

### 4.2.1 Die pers

Deur die onderwys word die Bantoe gemobiliseer vir die geskrewe woord soos aangebied in die vorm van die koerant, tydskrif en boek. Gevolglik moet aanvaar word dat die pers 'n toenemende rol in die proses van sosialisering sou speel namate die lees=vaardigheid van die Bantoe toegeneem het. En in hierdie ver=band is daarop te let dat, na raming van die Tomlinson-kommis=sie, die hele Bantoebevolking leesvaardig sou wees binne 20

jaar vanaf 1953, d.w.s. in 1973.[171] Dië toestand is wel nie bereik nie, maar die persentasie wat oopgestel is vir mobilisasie deur die geskrewe woord is aansienlik. In 1953 was daar dan ook reeds 30 koerante en agt tydskrifte wat gerig was op 'n Bantoeleserskring.[172]

Onder hierdie omstandighede vereis die pers, en besonderlik die Bantoegerigte pers, 'n nadere beskouing dog sonder om volledig op die ontwikkeling van die pers in Suid-Afrika in te gaan. Die oogmerk hiermee is dan ook slegs om enersyds die verhouding tussen owerheid en pers vlugtig te stel en andersyds 'n indruk te probeer kry tot welke mate die owerheidstandpunt ten opsigte van die formule vir nasievorming deur die pers na die Bantoelesers-publiek verklank word.

Ten opsigte van eersgenoemde aspek is dit so dat, indien die publikasies van die Departement van Inligting en wat gerig is op die Bantoe buite rekening gelaat word, die Staat self geen aanbod deur die pers aan die Bantoe maak nie. Die Owerheid stel slegs perke aan joernalistieke ekstremisme. En hierdie perke wat gestel word, is van so 'n aard dat daar geen beletsel bestaan teen die bestryding van Owerheidsbeleid deur die pers nie. Trouens, uit 'n historiese oogpunt gesien, het dië mate van perssensuur wat daar wel tot stand gekom het, ontstaan ter bekamping van kommunistiese propaganda enersyds en ter reëling van vreedsame naasbestaan in bevolkingsverband andersyds.[173]

---

171. Verslag van die ..., Vol. 16, Hoofstuk 44, p.16.

172. *Ibid.*, p.19.

173. Vir die redes vir asook die aard van die beperkende maatreëls, vgl. G.J. Pienaar. Perssensuur en Staatsveiligheid. Proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1968, p.130-180.

En dan is dit ook goed te begryp dat "vreedsame naasbestaan" geensins impliseer dat die pers veronderstel is om die ower= heidsbeleid te steun nie. Die sensuurstelsel bied meer as ge= noegsame ruimte om "integrasie en assimilasie" onverbloemd te propageer en die afsonderlikheidsgedagte teen te staan.

Wat die tweede aspek betref, dateer die eerste Bantoenuusblad in Suid-Afrika uit die 1870-tigs met die verskyning van *Isigi= dini Samaxosa* waarvan John Tengu Jabavu die eerste redakteur was.[174] In 1884 begin Jabavu sy eie koerant met die naam *Imvo Sebantsundu*, terwyl *Ilanga lase Natal* in 1906 die lig sien. In 1914 het vyf Bantoetalige nuusblaaie gereeld verskyn: *Imvo; Ilanga; Izwi la Bantu; Ikwezi la Afrika* en *Abantu Batho*. Hiervan het slegs twee, naamlik *Imvo* en *Ilanga*, voortbestaan.

Die vorming van die Blank-besitte en -beheerde Bantu Press in 1931 het momentum aan die Bantoe-gerigte pers in Suid-Afrika gegee. Bantu Press slaag dan ook daarin om bestaande Bantoe= nuusblaaie oor te neem en begin in 1932 met die uitgawe van *The Bantu World* in Engels, Isixhosa, Isizulu, Sesotho en Setswa= na.[175] Teen 1946 het Bantu Press elf van die veertien Bantoe-weekblaaie van Suider-Afrika beheer. *The Bantu World* het van= af 8 Januarie 1962 slegs in Engels en as *The World* verskyn met die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied as fokusarea. In 1972 bestaan daar reeds 40 Bantoenuusblaaie, -tydskrifte en -joernale in Suid-Afrika met 'n lesertal van ongeveer twee mil= joen.[176]

---

174. Ainslie, R. *The Press in Africa*. Victor Gollancz Ltd. London. 1966, p.47. Engelbrecht, J.C.R. *Die Pers as Massakommunikasiemedium*. R.G.N. Pretoria. 1972, p.45.
175. Ainslie, *op. cit.*, p.51.
176. Vgl. Engelbrecht, *op. cit.*, p.55.

Sover dit die Bantoe-gerigte pers betref, is dit gevolglik so dat dit alleen Bantoe is in terme van lesers, joernalistieke personeel en oriëntasie maar nie in terme van besit en beheer nie. Dit is Blanke persgroepe wat die Bantoekoerante en -tydskrifte beheer en aan wie dit behoort. So byvoorbeeld behoort die wydgelese *World, Ilanga* en *Weekend World* aan die Argus-groep; *Imvo Zabantsundu* en *Bona* aan die Afrikaanse Pers (1962) Bpk; *Post, Drum* en *Home Post* aan mnr. Jim Bailey.[177] Uit hoofde van die eienaarskap en beheer, gelees met die feit dat die *World/Ilanga*-kompleks sowel as *Post/Drum*-kompleks direkte en indirekte skakels het met mynbou-, nywerheids- en sterk finansiële belangegroepe, kan die aard van die beriggewing en kommentaar van dié blaaie vermoed word. Hoedanig die invloed daarvan is, kan afgelees word uit die onderstaande sirkulasiesyfers vir 1962 en 1968,[178] naamlik:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Imvo* | (Weekblad) | (Afrikaanse Pers) | (1962) | 240 000 |
| | | | (1968) | 182 000 |
| *Ilanga* | (Weekblad) | (Argus) | (1962) | 300 000 |
| | | | (1968) | 191 000 |
| *The World* | (Dagblad) | (Argus) | (1962) | 80 000 |
| | | | (1968) | 376 000 |
| *Post* | (Naweekblad) | (Bailey) | (1962) | 235 000 |
| | | | (1968) | 1 158 000 |
| *Bona* | (Tydskrif) | (Afrikaanse Pers) | (1962) | ? |
| | | | (1968) | 779 000 |

177. St. Leger, F.Y. The African Press in South Africa. *Communications in Africa.* (1), 1972. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa.* 1970. Vol. 2, p.153.

178. *Standard Encyclopaedia of S.A.,* p.152-153 en Engelbrecht, *op. cit.,* p.51-55.

Benewens bovermelde koerante en tydskrifte lees duisende Bantoe ook die "Blanke" dagblaaie - en dan ook oorwegend die Engelsta= lige dagblaaie soos die onderstaande syfers dan ook getuig:[179]

*Dagblaaie:*

| | |
|---|---|
| Engelstalige blaaie ...................... | 430 000 |
| Afrikaanse blaaie ....................... | 22 000 |

*Sondag- en weekblaaie:*

| | |
|---|---|
| Engelstalige blaaie ...................... | 524 000 |
| Afrikaanse blaaie ....................... | 66 000 |

*Tydskrifte:*

| | |
|---|---|
| Engelstalige tydskrifte .................. | 495 000 |
| Afrikaanstalige tydskrifte ............... | 211 000 |

In 1973 het die S.A. National Readership Survey die volgende ge= gewens verstrek:[180]

- 25 persent van die lesers van Engelstalige dagblaaie is Bantoe;
- 1,4 persent van die lesers van Afrikaanse dagblaaie is Bantoe;
- 16 persent van die lesers van Engelstalige weekblaaie is Bantoe,

en - ± 2 persent van die lesers van Afrikaanse weekblaaie is Bantoe.

Die syfers hierbo aangehaal, kry betekenis as in aanmerking ge= neem word dat die Engelstalige pers die opposisiepartye steun en gevolglik in wissellende graad negatief ingestel is op die volkerebeleid van die Owerheid. Trouens, sover dit die Engels= talige pers betref, kan die stelling van die Tomlinson-kommis=

---

179. *Ibid.*, p.55.

180. *Die Vaderland.* 7 Maart 1973.

sie, naamlik dat die koerante en tydskrifte wat gerig is op 'n Bantoeleserskring "ingestel is op integrasie en assimilasie", in 1973 met eweveel geldigheid herhaal word. Met joernalistie= ke mag en krag word owerheidsbeleid teengestaan - soms tot 'n punt weinig anders as die aanblasing van rassehaat en waarin die Afrikaner die rol van paaiboelie en onderdrukker toegesê word. Opskrifte soos: "Ovambo Fair Story" en "Are Bantustans real, Mr. Botha?", is geensins ongewoon nie.[181] Daarmee word oënskynlik terselfdertyd gepoog om die Bantoe tot bondgenoot te maak teen die Afrikaner.

Die publikasies wat deur die Staat geproduseer word en gerig is op die Bantoeleser word onder 4.2.3 hieronder aangedui.

4.2.2 Die radio

Die radio is, soos reeds gestel, 'n potensieel-kragtige sosia= liseringsmedium - afhangend hoe en deur wie dit beheer word en hoeveel luisteraars daar is. In die geval van Suid-Afrika is die radio egter nie 'n instrument vir die propagering van ower= heidsbeleid nie, maar gaan uit van drie oogmerke, naamlik om in te lig, op te voed en te vermaak. Daarby moet die radio ook as mondstuk en reflektor dien. Wât die beleid is wat gevolg word ten opsigte van inligting, opvoeding en vermaak, word bepaal deur die Raad van die S.A.U.K. na aanleiding van navorsing oor program-prioriteite, luistergewoontes, ens. Uit die aard van die programme wil dit egter voorkom asof die radio aangewend word om nie alleen gebeure van die hede bekend te stel en op te voed vir die toekoms nie, maar om ook in die opvoedingsproses waardering aan te kweek vir dit wat eie is aan die verskillende

---

181. St. Leger, *op. cit.*, p.23.

kultuurverbande en as basis en vertrekpunt moet dien vir verde=re kultuurgroei. Daar bestaan ruimte vir 'n wye spektrum stand=punte. Nuus, gebeure, *pro* of *contra* owerheidsbeleid, word uit=gesaai - omdat die radio ook reflektor wil wees. Daarby word besef dat die leserspubliek die inligting en voorligting van die radio sal toets aan die koerant en dat belangrike gebeure ten ongunste van owerheidsbeleid en wat deur die radio verswyg word, 'n wantroue in en vooroordeel jeens die radio sal skep. Verder is dit ook so dat die S.A.U.K. jaarliks verslag moet lewer aan die minister van Nasionale Opvoeding en dat dié ver=slag deur die minister ter tafel gelê moet word in die Parle=ment. Dus bestaan daar geen ruimte vir die openlike propage=ring van die beleid van 'n bepaalde politieke party nie.

Dié benadering sou noodwendig ook geld vir Radio Bantu as part en deel van die S.A.U.K.

Namate 'n nuusdiens vir Bantoe as noodsaaklik ingesien is en daar ook besef is dat die radio 'n belangrike rol kan speel in die bevordering van begrip tussen Blank en Bantoe, het die S.A.U.K. in samewerking met die Departement van Naturellesake in 1940 begin om 'n nuusdiens deur middel van telefoonlyne na die grootste sentra in Blanke gebiede waar groot getalle Bantoe aanwesig is, aan te bied.[182] Aanvanklik is slegs drie tale, naamlik Zulu, "Sotho" en Xhosa gebruik, afhangend welke taal in 'n bepaalde streek gepraat word. In 1942 is begin met proefon=dervindelike uitsendings vir Bantoe; het die Departement van Naturellesake feitlik uitsluitlik die nuus wat uitgesaai is, voorsien en is Bantoeraadgewers wat behulpsaam sou wees met die

---

182. S.A.U.K. Geskiedenis van (die) S.A.U.K. se Radio Uitsen=dings vir die Bantoe. (Uittreksels uit die Korporasie se Jaarverslae), 1940-1960. Afgerol, p.1.

vermaaklikheidskant, aangestel.

In 1944 voorsien die Departement van Naturellesake nog steeds die nuus, terwyl die S.A.U.K. die vermaaklikheidskant reël. Praatjies van 'n opvoedkundige aard begin ook op die toneel kom, terwyl die eerste drama in Zulu in 1944 uitgesaai word. Reeds in 1945 is 'n rediffusiediens as tussentydse oplossing beoog. Vanaf 1946 word toere na landelike Bantoegebiede onderneem met die oog op die opname van tradisionele liedere vir programdoeleindes. Gedurende 1949 is 'n Bantoe-nuusdiens, sportpraatjies, aktualiteitsprogramme en ook opvoerings en dramas met 'n opvoedkundige strekking (byvoorbeeld bestryding van gronderosie en die euwels wat die plattelandse Bantoe in die stad bedreig) aangebied. Vanaf hierdie tydstip word ook in die moedertaal van die Tswana, Shangaan en Venda, uitgesaai. In 1952 word 'n rediffusiediens in Orlando ingestel met die tweeledige oogmerk van opvoeding en ontspanning. Dié diens word in 1953 uitgebrei na Jabavu. Reeds vanaf 1952 word daar Sondagoggende gewyde dienste uitgesaai wat gelei word deur sendelinge en Bantoe-evangeliste. In 1953 kry die rediffusiediens nagenoeg 28 250 luisteraars by en skryf die S.A.U.K.: "Die keuse van die materiaal moet ook by die luisteraar 'n trots op sy eie kultuur laat ontwikkel. Programme oor die musiek van die Bantoe, sy letterkunde, hoorspele wat deur hulle beste skrywers vir die radio geskryf is, en stamvermake soos raaisels, stories vir kinders, het beantwoord aan dié doel."[183]

In 1954 word spesiale opvoedkundige programme vir die jeug ingevoer. Dié programme sou aanpas by die leerplanne wat in skole gevolg word. In die rediffusiediens word tien uit die vyftien

---

183. *Ibid.*, p.7.

uur waarop uitgesaai word deur Bantoemateriaal gevul. In 1960 word daar reeds in vyf Bantoetale uitgesaai en word vyftien nuusbulletins per dag aangebied. Die nuusdiens en programdienste is op 'n streeksgrondslag aangepak wat beteken dat afsonderlike nuusorganisasies om die "vier hooftaalgroepe te bedien met inagneming van hulle taal- en groepsbelange"[184] daargestel is. Op daardie stadium het die diens reeds 'n Bantoekorrespondentekorps van 200.

1962 is 'n besondere jaar, aangesien F.M.-dienste vir die Xhosa, Suid-Sotho, Noord-Sotho en Tswana ingestel word. In dié jaar word daar daagliks 51½ uur in dié vyf tale uitgesaai vir 'n gehoor wat geskat word op 880 000 volwasse Bantoe en is daar reeds 123 Bantoeprogrampersoneellede in diens waaronder 44 omroepers.[185] In September 1973 beslaan die weeklikse uitsaai-ure van Radio Bantu se sewe dienste 'n totaal van 618 uur en 40 minute in 'n normale week, of gemiddeld 88 uur en 20 minute per dag.

Met die oog op taalstandaardisasie is taalkomitees in die lewe geroep en is sitting verkry in die taalkomiteevergaderings van die Departement van Bantoe-onderwys. In 1964 is 'n skoolradiodiens ingestel nadat die Departement van Bantoe-onderwys opvangtoestelle aan skole voorsien het. Na raming het die program waarin onderrig gegee is in die betrokke Bantoetaal, twee landstale, sosiale en natuurwetenskappe, 'n luisteraarstal van 100 000 in 1964. In 1966 word 1 700 skole op dié wyse bereik waardeur 5 240 onderwysers en 257 000 kinders gehelp word, terwyl 700 000 skoolkinders in 1972 na hierdie programme geluister

184. *Ibid.*, p.16.

185. *Ibid.*, p.24-25.

het. Sedert die sestigerjare het die aantal stelle toegeneem, sodat Radio Bantu in 1972 'n geraamde luisteraarstal van 3,2 miljoen het.[186] In 1974 het 4 781 000 volwasse Bantoe na die Radio geluister. Hiervan het 4 679 000 (98%) op Radio Bantu ingeskakel.[187]

Sover dit die programme betref, het tuislandgebeure noodwendig aan aksent gewen. Die sittings van gebiedsowerhede is gedek sedert dié liggame ingestel is en noodwendig het die verkryging van meerdere magte deur dié owerhede, en daarmee saam, die uit=latings van die opkomende politieke elite, nuusberigte en nuus=agtergrond uit dié oord belangriker gemaak. Gevolglik het die radio die luisteraarspubliek betreklik goed ingelig oor tuis=landse gebeure en het dit ook 'n belangrike rol gespeel in die uitbouing van kultuur en taal. Verder is gepoog om misverstan=de oor en wanvoorstellings van owerheidsbeleid reg te stel en kon optredes wat 'n konflikpotensiaal het deur die radio in die regte perspektief gestel word.

4.2.3 Inligting

Die funksie om die Bantoe in te lig oor doelstellings, mikpunte, ens. het direk na 1910 weinig uitdruklike aandag ontvang. Oën=skynlik is aanvaar dat die amptenare wat aan die hoof van die distriksadministrasie gestaan het (magistrate, naturellekommis=sarisse en landboupersoneel) dié funksie moes vervul. Omdat hierdie amptenare egter steeds meer en meer kantoorwerkers ge=

---

186. M.R.A. *A Study of Bantu Radio listening in the Republic of South Africa.* 1972. p.v.

187. M.R.A. *Radio Bantu: Hoogtepunte uit die luisteropname vir 1974*, p.18.

word het en hulle persoonlike kontak met Bantoe afgeneem het, het daar 'n gaping in die kanaal van kommunikasie tussen die owerheid en die Bantoebevolking ontstaan. Die eerste poging om hierdie gaping te vul vind plaas gedurende die Tweede Wêreld=oorlog met die stigting van 'n publisiteitsafdeling in die De=partement van Naturellesake. Dié afdeling was aanvanklik inge=skakel onder die Direkteur van Bantoelandbou, maar het later die verantwoordelikheid van 'n skakelbeampte geword.[188] In sy jaar=verslag vir 1951-52 het die Sekretaris van Naturellesake die in=stelling van 'n inligtingsdiens vir dié departement as "uiters dringend" bestempel[189] en gevolglik word hierdie publisiteits=afdeling in 1952 omvorm tot 'n inligtingsafdeling wat belas word met voorligting aan Bantoe; skakeling met die pers ten behoewe van die Departement van Naturellesake; hulp aan die Departement van Buitelandse Sake; Blanke inligting en die organisasie van biblioteekdienste, asook die druk en verspreiding van departe=mentele publikasies waaronder die departementele maandblad *BANTOE/BANTU*. Met die instelling van die inligtingsdiens het die verantwoordelike minister (dr. Verwoerd) hom soos volg uit=gelaat oor die funksie van dié diens: "Aan die een kant is dit nodig vanweë die verregaande propaganda teen die beleid van hierdie regering ... (dat) daar inligting sal gaan oor wat Blan=ke Suid-Afrika werklik wil ... maar omgekeerd ... is (dit) nodig dat inligting verkry word van die Naturel se opvattings wat moet

---

188. Verslag van die Sosio-ekonomiese Kommissie ... Hoofstuk 44, p.4.

189. Unie van S.A. *Verslag van die Departement van Naturelle=sake, 1951-52*. Staatsdrukker. Pretoria. 1955, p.5.

kom na die Departement toe."[190]

'n Tweeledige werking is dus vir dié diens voorsien: Inligting van die Bantoe oor owerheidsdoelstellings en die inligting van die owerheid oor die reaksie en oogmerke van die Bantoe. Met die oog op die uitvoering van die inligtingsfunksie ten opsigte van die Bantoe is veral van drie media gebruik gemaak, naamlik die geskrewe woord in die vorm van tydskrif en pamflet, die film en persoonlike kontak. Hierdie media sou natuurlik owerheidsbeleid getrou oorkaats na die Bantoe.

Op 1 Desember 1961 is die skepping van 'n Departement van Inligting aangekondig.[191] Dié departement is opgebou uit die destydsbestaande Inligtingsdiens van die Departement van Buitelandse Sake en die inligtingsafdelings van die departemente van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Kleurlingsake en Indiërsake.[192] Met die oog op binnelandse inligting is 'n netwerk oor die hele R.S.A. en Suidwes-Afrika opgebou wat in 1969 uit 173 skakelposte bestaan waarvan 80 deur Bantoe beman is.[193] Hierdie persone werk dan deur 'n groot aantal skakelpersone binne die plaaslike gemeenskappe waardeur nie alleen inligting oorgedra en die bereiking van owerheidsoogmerke bevorder word nie, maar ook strominge onder die bevolking verklank word na die departement, en dus die sentrale owerheid.

---

190. Zimmermann, M.U. Inligting as 'n hulpmiddel vir die administrasie van Bantoe-owerhede. *In:* Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Konferensie van tuislanddepartementshoofde, 28-31 Julie 1969. Afgerol. (1969), p.2.

191. Deur Goewermentskennisgewing Nr. 1107 van 1961.

192. Jeppe, *op. cit.*, p.65.

193. Zimmermann, *op. cit.*, p.4.

Sover dit die geskrewe woord betref, is die meer Blank-gerigte tydskrif *BANTOE/BANTU* en die *Bantoe-onderwysblad* - laasgenoemde namens die Departement van Bantoe-onderwys - gedruk en versprei. Verder is die direk Bantoegerigte blaaie (*Inkqubela/Intuthuko/Tswelopele/Mbvela-Phanda/Ehumo Komeho*) deur die departement gedruk en versprei. Die oplaag van dié blaaie het gestyg van 'n aanvanklike 35 000 na 194 000 per maand in 1969.[194] Hierbenewens word daar in 1969 twee Bantoekoerantjies, naamlik *Ikhwezi* en *Izindaba* in, onderskeidelik die Transkei en Natal versprei.

Met die oog op filmvertonings is elk van die 24 streekskantore van die departement toegerus met mobiele filmvertoningseenhede sodat ook afgeleë gemeenskappe bereik kan word met films oor nuusgebeure, ontwikkelingsprojekte, ens. Na raming is sowat 2½ tot 2¾ miljoen persone in 1969 deur hierdie medium bereik.[195]

Persoonlike kontak as derde metode is ook hoog aangeslaan. Voorligtingstoere is deur amptenare onderneem waartydens kontak gemaak word met leidende persoonlikhede binne elke gemeenskap. Deur opvolgwerk word gepoog om 'n vertrouensverhouding te kweek wat nie alleen bevorderlik sou wees vir die regstel van wanindrukke en die verspreiding van inligting nie maar ook vir die opvang van griewe en knelpunte wat dan op hoë vlak reggestel kon word.

Omdat inligting 'n owerheidsfunksie is, lê dit voor die hand dat die beleid van die Owerheid deur die Departement van Inligting, en wel met alle media tot sy beskikking, gepropageer sou word.

---

194. *Ibid.*, p.5.

195. *Ibid.*, p.6.

4.2.4 Die buro's vir taal en kultuur

Die ontwikkeling van die kultuurvorme van die verskeie Bantoe-etniese groepe is tot en met 1969 op verskeie punte en deur verskeie liggame aangeraak, soos deur die stellings tot dusver getuig. Met die oog op die ontwikkeling van elke eenheid op die wortel van eie kultuur, het 'n punt waaruit die ontwikkeling oor die breë kultuurfront beheer en gekoördineer kon word, noodsaaklik geword en gevolglik kom 'n direktoraat vir kulturele ontwikkeling in 1969 binne die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling tot stand. In die uitvoering van sy werksaamhede sou die Direkteur van Kulturele Ontwikkeling bygestaan word deur 'n kultuurorganiseerder vir elke volkseenheid. Dié poste (organiseerders) sou geskep word op die diensstaat van die Departement van Onderwys en Kultuur van elke gebiedsowerheid.[196]

Ten opsigte van die oogmerke met die inkleding van die taak van kulturele ontwikkeling is die volgende riglyne in 1969 deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gegee.[197]

(a) Die taak van kulturele bewusmaking van die verskeie Bantoevolke is van die uiterste belang en dié taak moet in sy volle omvang gesien word, naamlik as behelsende die historiese, die tradisies uit die stamlewe sowel as ander kultuureiendomlike aspekte soos taal, kunsvorme, handwerk, beeldende vorme, musiek en sang, letterkunde en maatskaplike aangeleenthede soos jeugbewegings, vryetydsbesteding, ensovoorts.

---

196. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Lêer F. 53/39, folio 16.

197. *Ibid.*, folio 22.

(b) Die gedagte van 'n algemene akademie vir elke afsonderlike volksgroep, aangeskakel by die eie owerheid, met kultuurorganiseerders of voorligters uit die volksgroep, moes verder gevoer word. Hierdie akademies moes dan bevrug en gehelp word onder leiding van die departemente van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys.

(c) Met die oog op beter aansluiting by Bantoeskole binne sowel as buite die onderskeie tuislande moes die pos van Direkteur van Kulturele Ontwikkeling oorgaan na die Departement van Bantoe-onderwys, dog met noue skakeling na die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

(d) 'n Vaste interdepartementele kulturele skakelkomitee moes tot stand gebring word met die oog op hegte samewerking en koördinasie tussen die verskillende staatsinstansies wat by die bewusmakingstaak betrokke kan wees. Benewens die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys, moes ook die Departement van Inligting, Radio Bantu en IANA op dié komitee sitting neem.

(e) Die kostes verbonde aan die werksaamhede van die onderskeie kultuurorganiseerders op gebiedsowerheidsvlak sou deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling via die Suid-Afrikaanse Bantoetrust gedra word.

Nog in 1969 is die plan van stapel gestuur. Die pos van direkteur van kulturele ontwikkeling is oorgeplaas na die Departement van Bantoe-onderwys waar dit bekend geword het as die Inspekteur van Kultuursake. 'n Skakelkomitee onder voorsitterskap van die Inspekteur van Kultuursake het tot stand gekom en kultuurorganiseerders is aangestel. Die gevolg hiervan was die stigting van 'n Buro vir taal en kultuur vir elke volkseenheid. So 'n buro

sou bestaan uit ongeveer 50 stigterslede met 'n dagbestuur van nege lede. Voorts sou takke van die verskillende buro's gestig word binne sowel as buite die verskillende tuislande en wel op plekke waar daar 'n sametrekking van volksgenote is.

Vanaf 1970 het takke van die verskillende buro's tot stand gekom waardeur die oogmerk soos hierbo gestel, nagestreef word. Daarmee ontstaan daar dan kulturele fokuspunte binne sowel as buite die verskillende tuislande waardeur invloede ter stimulering van nasionale waardes en etniese persoonlikheid uitgaan. Indien die poging lewensvatbaar sou wees, moes dit verskeie bewegings van 'n volksaard tot stand bring en ook dien as stimulant vir die ontwikkeling van die letterkunde van die onderskeie tale, omdat Bantoeskrywers dan nie net meer die skool as mark voor die oog hoef te hê nie.

Dit is dus gevisualiseer dat die buro's vir taal en kultuur 'n belangrike sosialiseringsrol in kulturele verband sou speel in die proses van nasievorming by die verskillende Bantoevolksgroepe.

5. Samevattend

Indien die ontwikkelingslyne wat hierbo aangedui is met die vorige hoofstuk gelees word, laat dit die gevolgtrekking ontstaan dat differensiasie op die politieke terrein, segregasie ten opsigte van grondgebied, nasionale onderwys en "diskriminasie" ten opsigte van die ekonomiese geleenthede binne Blanke gebied, oorwegend spruit uit 'n histories-gegroeide lewenspatroon en gedeeltelik voortvloei uit die imperatief van Blanke bestaansveiligheid en -sekuriteit. Hierdie differensiasiekultuur sou ook ten opsigte van ander terreine aangetoon kon word. In dié verband kan verwys word na bevolkingsklassifikasie wat feitlik

die sluitsteen van die verhoudingsbeleid is en wat vanaf 1911 voortdurend onder die aandag gekom het met die oog op wysiging en die toestop van skuiwergate. Tweedens is daar die verbod op huwelike oor die kleurgrens wat so 'n onbevraagtekenbare praktyk was dat dit eers in 1927 as nodig beskou is om geslagsverkeer tussen Blank en Bantoe deur wetgewing te verbied. Die *Ontug Wet* van daardie jaar is dan ook die voorloper van die Wet op *Verbod van Gemengde Huwelike, 1949*. Dan sou ook verwys kon word na re= sidensiële segregasie in terme van die *Groepsgebiedwet, 1950*, soos telkens gewysig; maatreëls ter skeiding van rasse in ver= maaklikheidsplekke; in sport; ontspanningsgeriewe; openbare vervoer en ook, onder sekere omstandighede, in eredienste.

Die wil tot identiteitshandhawing wat so duidelik af te lees is in die geskiedenis van die Afrikaner, moes noodwendig na 1948 sterker na vore tree en lei tot wetgewing en administratiewe praktyk waarin die differensiasiekultuur vasgelê is. Dat die nasievormingsformule vir die Bantoe dus sou bestaan uit die vor= ming van afsonderlike state op etniese grondslag binne eie grondgebiede is, in die lig van die geskiedenis van die Afrika= ner, goed te verstaan. Daardeur probeer hy nie alleen sy voort= bestaan verseker nie, maar daarin is ook geleë 'n projeksie van sý histories-ervaarde oogmerke en strewes óp die Bantoegroepe. Die Afrikaner het immers die verydeling wat gepaard gaan met onderworpenheid aan eie lyf ervaar. Ook weet hy hoe allesom= vattend en oorweldigend die strewe tot vergestalting van sy volkskap in 'n eie staat waarin die eie kultuurwaardes onbelem= merd gehandhaaf kan word, vir hóm was. Hy aanvaar dan dat daar 'n soortgelyke strewe by die verskillende Bantoegroepe bestaan en dat die aangebode formule hierdie strewes behoort te bevre= dig.

'n Vlugtige blik op die gegewenhede van Suid-Afrika toon egter aan dat die formule vir politieke ontstrengeling hom moes vas= loop teen die gewigtige struikelblok van onderlinge ekonomiese gebondenheid - 'n gebondenheid wat die uitvoering van *totale* skeiding tot onmoontlikheid maak.

Normaalweg word aanvaar dat 'n onafhanklike staat uit vier ele= mente bestaan, naamlik grondgebied, bevolking, owerheid en soe= wereiniteit. Aangesien die feit van 'n bevolking die aanwesig= heid van bestaansgeleenthede binne die staatsgebied veronder= stel, kan dit kwalik anders as dat bestaansgeleenthede stilswy= end as vyfde element aanvaar word. En juis op hierdie punt tree die probleem na vore. Enersyds is die verhouding tussen Bantoe= burgers en tuislandse bestaansgeleenthede oënskynlik só ongun= stig dat die grootste persentasie 'n bestaan buite die gebiede soek, en andersyds is die Blanke staat só afhanklik van hierdie Bantoewerkers en sy ekonomiese stelsel tot so 'n mate op Swart arbeid gebou dat die nywerheidslewe feitlik tot stil= stand sal kom as dié werkers opeens onttrek word. Dus is geo-politieke grense en ekonomiese grense in Suid-Afrika nie saam= vallend nie en bestaan daar gevolglik 'n intense ekonomiese ver= bondenheid tussen die Blanke staat enersyds en wordende Bantoe= state andersyds. En hierdie feit moes wel deeglik in die nasie= vormingsformule verreken word.

Die aard van die ekonomiese verbondenheid tussen die R.S.A. en die Bantoestate-in-wording verskil van die aard van die ekono= miese verbondenheid tussen die R.S.A. en ander state ter wêreld. Hierdie feit van *intense* ekonomiese verbondenheid veroorsaak dan ook dat die oorspronklike langtermyn-oogmerk van totale segre= gasie - dit wil sê ook op ekonomiese terrein - sedert die vyf= tigerjare steeds minder gehoor is. In die plek daarvan het 'n

ander aksent gekom, naamlik *politieke onafhanklikheid gepaard met ekonomiese interafhanklikheid.*[198] Volgens informante moet dié formule dan so begryp word dat die ekonomiese verbondenheid as sentrale feit aanvaar word in die proses van ekonomiese beplanning vir Suid-Afrika. Hieruit volg dit dat die ekonomiese beplanning van die tuislande as nasionale eenhede so behoort te geskied dat die onderlinge verbondenheid tussen dié eenhede en die R.S.A. daarin verreken is. Anders gestel: Politieke beplanning neem die tuisland as uitgangspunt én fokus, terwyl die ekonomiese beplanning die huidige R.S.A. (insluitende die tuislande) as uitgangspunt en fokus neem. Kortom: Aandag moet gegee word aan beplanning vir ekonomiese interafhanklikheid én politieke onafhanklikheid, 'n multi-nasionale ekonomiese stelsel en nasionale politieke sisteme.[199]

"Hierdeur", so lui een argument wat aangehoor is, "kan die ekonomiese faktor aangewend word om ekstreme vorme van nasionalisme te neutraliseer." Oor hierdie denklyn word in die laaste hoofstuk kommentaar gelewer. Alvorens dit gedoen word, word die toepassing van die formule vir nasievorming (soos hierbo aangedui) op die Batswana en die antwoord van die Batswana daarop van nader beskou.

---

198. Union of S.A. Dept. of Information. *Live and let live.* Fact Paper 91. 1961, p.14.

199. In 'n koerantartikel (*Hoofstad,* 26/12/74) het die Hoof van Beplanning van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling soos volg geskryf: "Op die vervaardigingterrein kan weer gedink word ... of Blank Suid-Afrika moet poog om in alle opsigte selfonderhoudend te wees en of daar gepoog moet word om maksimale onderlinge afhanklikheid te bewerkstellig ten einde die ekonomiese faktor die geleentheid te gee om ... uiterse vorme van nasionalisme te neutraliseer."

## HOOFSTUK VII

## VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING: DIE AANBOD AAN DIE BATSWANA

Op hierdie stadium is dit wenslik om dit wat reeds gestel is saam te vat ten einde beter perspektief te kry op wat hieronder gestel word. Tot dusver is -

(a) aan die hand van beskikbare literatuur groter helderheid probeer kry oor die begrippe volk en nasie en is bevind dat dit aanduidend is van twee fases binne dieselfde vergroeiingsproses en verskillende grade van organiese volkomenheid verteenwoordig;

(b) in aansluiting by (a) hierbo, probeer om 'n aantal faktore wat óf voorvereistes is vir óf bevorderend inwerk op die vorm= ing van nasies te identifiseer; hier is geredeneer dat die voorvereistes en bevorderingsfaktore groepeerbaar is onder die vier breë vereistes van grondgebied, staatsvorming, bestaans= geleenthede en sosialisering;

(c) met die oog op beter begrip vir die aard en struktuur van die materiaal, 'n oorsig probeer aanbied van die herkoms en verspreiding van die Bantoe-gemeenskappe wat hulle vandag in Bophuthatswana bevind; ook is aanmerkings gemaak oor die pro= sesse van fissie en fusie soos wat dit by die Batswana voorge= kom het en waardeur nuwe stamme ontstaan het; hier is ook enkele aspekte van die Batswana se politieke tradisie en -kultuur aan= geraak;

(d) die wyse van gesagsvestiging oor en beheer van die Batswana deur die Matebele, Afrikaner en Brit gestel, asook die wyse van politieke akkommodasie van die Batswana deur die verskillende heersende etnieë;

(e) die ontwikkeling van voogsbeleid ten opsigte van die Ban= toe in Suid-Afrika vanaf 1910 tot in 1973 kortliks geskets met

verwysing na die reeds aangeduide velde van politieke ontwikkeling, grondgebied, bestaansgeleenthede en sosialisering.

Die toepassing van die nasievormingsformule binne die vier aangeduide geledinge op die Tswana as een van die Bantoevolksgroepe van Suid-Afrika, word nou ter hand geneem. Dit kom dus neer op 'n oorweging van die politieke aanbod van die Afrikaner[1] aan die Tswana soos wat dit uitdrukking vind ten opsigte van die vier aangeduide velde. In 'n volgende hoofstuk word dan aandag gegee aan die antwoord van die Tswana op hierdie aanbod, waaruit ook die intensie van die Tswana ten opsigte van die aangebode formule na vore behoort te kom.

## 1. Grondgebied

In die oorweging van grondgebied vir die Batswana moet een feit duidelik voor oë gesien word: Verklaarde beleid eis dat die grondgebied sodanig moet wees dat dit as basis kan dien vir die inrigting en funksionering van 'n staat wat bestaansveiligheid aan sy burgers kan bied en waarbinne die etnies-gefragmenteerde gegewenheid omvorm kan word tot 'n nasie op weg na volkskap - met al die psigiese en materiële voorvereistes wat hierdie prosesse veronderstel. Sover dit grondgebied as 'n voorvereiste betref, moet twee verbonde aspekte dus aandag ontvang, nl. die *voorsiening* van grond en, veral in die lig van die gegewenheid van etniese gefragmenteerdheid by die Batswana wat hom gemanifesteer het in geo-politieke gefragmenteerdheid, die *konsolidasie* van Tswanagebied.

1. Die fokus val op die kontemporêre aanbod, d.w.s. die tydperk nà 1948. Soos bekend het die Afrikaner-gefundeerde Nasionale Party die landsbestuur in 1948 oorgeneem.

In 'n poging om vas te stel tot welke mate Blanke voogbestuur voldoen het aan hierdie twee mikpunte, moet van 'n gegewe historiese vertrekpunt, 'n *"baseline"*, gewerk word. Hierdie vertrekpunt moet iewers tussen 1837 en 1973 lê, dit wil sê gedurende die tyd waarin alle grond binne die staat in die laaste plek aan die Blanke voog behoort. Die uiteenlopendheid van beleidsrigtings ten opsigte van die Tswana voor unifikasie noodsaak die aanvaarding van 1910 as vertrekpunt. Die aanvaarding van 1910 as vertrekpunt impliseer egter nie dat gebeure ná 1910 beskou word as losstaande van dié vóór 1910 nie. In 1910 word immers vertrek van 'n basis wat deur die gebeure van voor 1910 daargestel is—histories, geografies en sosiopolities.

## 1.1 Grondvoorsiening

Hierbo (hoofstuk V) is aangetoon dat sekere grondgebiede in Transvaal en Noordwes-Kaapland vanaf die middel van die vorige eeu deur die voog aan Tswana-stamme toegewys is. In Transvaal is hierdie toegewese gronde uitgebrei deur 'n bakenkommissie en later die lokasiekommissie. Die ligging en omvang van grondgebied in Transvaal in besit van Batswana teen 1904 kan opgemerk word uit 'n kaart wat in dáárdie jaar deur die Departement van Naturellesake opgestel en deur Van Biljon[2] gepubliseer is. In Noordwes-Kaapland het die Langebergrebellie tot gevolg gehad dat sekere reservate wat vir Batswana opsygestel is, gedeproklameer is, maar die verslag van die Shippard-kommissie[3] bied tog 'n redelik goeie beeld van grondtoewysing in daardie streek tot en met 1910. Die verloop van sake ten opsigte van grond

---

2. Van Biljon, *op. cit.*, teenoor p.432.

3. C. - 4889.

vir die Batswana in die Oranje Vrystaat is ook geskets en daar is aangetoon dat slegs twee klein Tswanareservate oorgebly het uit 'n oorspronklike groot grondgebied.

In 1910 word hierdie gronde wat van owerheidsweë aan die Bat=swana beskikbaar gestel is dan onder die Goewerneur-generaal in trust geplaas en dus teen vervreemding gevrywaar. Uit die oog=punt van die destydse segregasie-benadering was hierdie gebiede egter ontoereikend en stappe moes geneem word om 'n geografiese basis vir die realisering van die segregasiegedagte daar te stel. En ook ten opsigte van die Batswana vorm die *Naturellen Grond Wet, 1913*, 'n baie belangrike beginpunt in hierdie verband.

'n Poging om die grondgebied wat in 1913 deur Batswana bewoon is te bepaal, lewer egter verskeie probleme op. Eerstens is nie alle grond wat in 1913 aan Batswana behoort het of deur hulle bewoon is, gelys nie.[4] Tweedens is daar op daardie sta=dium nie onderskeid gemaak tussen etniese groepe nie en gevolg=lik is geen spesifieke Tswana-area aangedui nie. Om dus enig=sins tot 'n syfer te probeer kom moet vanuit ons huidige kennis van die Tswanawoongebiede asook die woongebiede van daardie nie-Tswana wat vandag deel van Bophuthatswana vorm, die 1913-situa=sie gepeil word. Derdens word die oppervlakte van gebiede wat in 1913 in Noordwes-Kaapland opsygestel is nie aangedui in die skedule van Wet No. 27 van 1913 nie. 'n Vergelyking van die

4. Ten opsigte van die Unie as geheel bevind Van Biljon *(op cit.*, p.444) dat die Bantoe in 1916 'n oppervlakte van 12 166 523 morg in die vorm van reserwes, lokasies en plase besit, ter=wyl 'n verdere 538 343 morg sendingsgronde, 942 280 morg kroongrond en ongeveer 4,1 miljoen morg Blanke plase geokku=peer is. Soos bekend is slegs 10 422 935 morg in 1913 gelys.

verslae van die Beaumont-kommissie[5] en Plaaslike Komitee vir Wes-Transvaal[6] sou die probleem kon oplos, maar omdat die streeksindeling wat deur die twee bronne gemaak is, verskillend is en daar ook op enkele ander punte verskillende syfers verstrek word,[7] kan moeilik betroubare syfers verkry word. Vierdens loop die syfers soos verstrek deur genoemde twee bronne en vanweë die bewoningspatroon, ineen vir die Tswana, Noord-Sotho en Ndebele in die ou Pretoria en Waterberg-distrik sodat geen akkurate lyn tussen dié groepe getrek kan word nie.

Nieteenstaande hierdie belemmerende faktore kan tog 'n redelike beeld van die grondgebied wat deur Batswana bewoon en in 1913 gelys is, verkry word uit die onderstaande syfers. Dié syfers word vergelykenderwys aangebied uit die verslae van die twee genoemde grondkommissies en die skedule van die genoemde wet. 'n Kaart ter aanduiding van die gebiede soos in 1913 gelys, verskyn in Bylaag D. Die verskil in streeksindeling kom in die onderstaande tabelle na vore.

---

5. Unie van S.A. *Rapport van de Naturellen Grond Kommissie.* Kaapstad. 1916. U.G.19-'16.

6. Unie van S.A. *Rapport van het Naturellen Grond Kommissie, Westelike Transvaal.* Kaapstad. 1918. U.G.23-'18.

7. Vgl. bv. die oppervlaktes aangebied vir streke 3 -5 (Kaapprovinsie) en 10 - 12 (Transvaal).

Tabel 12: Gelyste Gebiede, 1913[8]

| *Streek* | *Distrik* | *Beaumontkommissie* | *Plaaslike Komitee* |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Kaapprovinsie | | |
| 1 | Mafeking[9] | 238 945 | 238 945 |
| 2 | Mafeking[10] | 82 533 | 82 533 |
| 3 | Vryburg | 20 730[11] | --- --- |
| 3 | Vryburg | --- --- | 217 923[12] |
| 4 | Vryburg | 26 960 | --- --- |
| 4 | Vryburg | --- --- | 75 623[13] |
| 5 | Vryburg/Vryburg & Kuruman | 75 623 | 210 146 |
| 6 | Kuruman & Vryburg/ Kuruman | 210 146 | 12 480[14] |
| 7 | Kuruman | 72 189 | 72 189 |
| 8 | Vryburg & Barkley-Wes | 222 118 | 222 118 |
| 9 | Hay/Vryburg | 13 840 | 11 957[15] |
| 10 | Hay | 15 111 | |
| 11 | Herbert | 32 732 | |
| | Gelyste gebiede nie vermeld[16] | 219 010 | 86 023 |
| | Subtotaal | 1 229 937 | 1 229 937 |

8. Die onderstaande syfers verteenwoordig morge.
9. Moloporeserwe.
10. Setlagolereserwe.
11. Bevattende slegs Heuningsvleyreserwe.
12. Insluitende Morokweng, Heuningvley, Madibeng, Gapitia, Magonat, Dinopeng en gebiede in Beaumont-streek no. 4.
13. Dieselfde as Beaumont-streek no. 5.
14. Konongreserwe.
15. Takwanengreserwe.
16. Die volgende gebiede is gelys maar om verskeie redes nie deur die Kommissie en Komitee in berekening gebring nie:

| *Kommissie (1916)* | | *Komitee (1918)* | |
|---|---|---|---|
| Mosita | 4 720 | Mosita | 4 720 |
| Morokweng | 160 003 | Madiakgama | 6 000 |
| Madibeng | 10 230 | Klein Chwaien | 7 620 |
| Madiakgama | 6 000 | Groenwater | 13 840 |
| Klein Chwaien | 7 620 | Skeynfontein | 15 111 |
| Takwaneng | 11 957 | Schmidtsdrift | 32 732 |
| Kono(ng) | 12 480 | Smouswane ± | 3 000 |
| Smouswane ± | 3 000 | Kaukwe ± | 3 000 |
| Kaukwe ± | 3 000 | | |
| | 219 010 | | 86 023 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1.2 | O.V.S. | | |
| 7 | Seliba | 17 658 | 17 658 |
| 10 | Thaba Nchu | 6 631 | 6 631 |
| | Subtotaal | 24 289 | 24 289 |
| 1.1.3 | Transvaal | | |
| 8 | Marico | 136 212 | 136 212 |
| 9 | Marico & Rusten=burg | 98 862 | 98 862 |
| 10 | Lichtenburg | 57 120 | 57 120[17] |
| 11 | " | 10 261 | 10 261[18] |
| 12 | " | 4 632 | 4 632[19] |
| 13 | Marico & Rusten=burg | 8 983 | 8 983[20] |
| 14 | Rustenburg | 62 764 | 62 764[21] |
| 15 | Rustenburg | 25 334 | 25 334[22] |
| 16 | Pretoria | 41 140 | 44 920[23] |
| 17 | Pretoria & Water=berg | 24 103[24] | 24 103[24] |
| | Gelyste gebiede nie vermeld | 17 232[25] | 13 452[25] |
| | Subtotaal | 486 643 | 486 643 |
| | Groot totaal | 1 740 869 | 1 740 869 |

17-20. Omdat die Plaaslike Komitee vir Westelike Transvaal geen syfers aanbied vir streke 10-13 nie, is dié syfers ge=neem uit die Bylaag tot Wet 27/1913.

21. U.G. 23-'18, p.9.

22. *Loc. cit.*

23. Streke 16 en 17 is deur die Komitee vir Oostelike Transvaal ondersoek en dié komitee (U.G. 31-'18) bied geen syfers aan nie. Die syfer hierbo is verkry uit die Bylaag tot Wet 27/1913, synde die totaal vir die Makapans-, Zwartboois-, Mamogalies-, Sjamboks- en Moamislokasie. Dit verskil met 3 780 morg van die Beaumontsyfer - presies die grootte van Sjamboksiokasie. Die afleiding word dan gemaak dat die Beau=montkommissie nie Sjambokslokasie in ag geneem het nie, en dat dié oppervlakte dus by die Beaumontsyfer getel moet word.

24. Dié syfer is verkry uit die Bylaag tot Wet 27/1913 en ver=teenwoordig (na ons mening) die oppervlakte van Gelyste Ge=biede wat deur Batswana bewoon is in die Groblersdal-omgewing.

25. Die volgende Gelyste Gebiede is nie in berekening gebring nie:

| *Beaumontkommissie* | | *Plaaslike Komitee* | |
|---|---|---|---|
| Sjambokslokasie | 3 780 | Monnakgotlaslokasie | 5 404 |
| Monnakgotlaslokasie | 5 404 | Ratsegaislokasie | 4 945 |
| Ratsegaislokasie | 4 945 | Selonslokasie | 3 103 |
| Selonslokasie | 3 103 | | |
| | 17 232 | | 13 452 |

Dus bevind ons dat daar in 1913 sowat 1,74 miljoen morg wat be= woon is deur stamme wat vandag binne Bophuthatswana aangetref word, gelys en dus verskans is. Hierdie bevinding verskil aan= merklik van dié van Jeppe.[26] Hy bevind, op sterkte van die ver= slag van die Komitee vir Westelike Transvaal, dat 1,39 miljoen morg gelys is binne Tswanagebied. Soos reeds vermeld het dié komitee egter verskeie Gelyste Gebiede buite rekening gelaat, terwyl ander dele wat deur Batswana bewoon is binne die veld van ondersoek van die Komitee vir Oos-Transvaal geval het en dus nie deur die Komitee vir Westelike Transvaal in ag geneem is nie.

Omdat die 1913-maatreël bloot tussentyds was en slegs gepoog het om 'n basis vir verdere grondtoewysing aan die Bantoe daar te stel, is die Beaumontkommissie in 1913 aangestel om onder= soek in te stel na en te rapporteer oor:

"(a) Welke streken binnen de Unie ... terzyde dienen gezet te worden als streken waarin Naturellen geen grond of belangen in grond zullen mogen verwerven of huren;

"(b) Welken streken binnen de Unie ... dienen terzyde gezet te worden als streken waarin andere personen dan Naturellen geen grond of belangen in grond zullen mogen verwerven of huren".[27]

Op 8 September 1913 het die kommissie sy eerste vergadering ge= hou en daarna verskeie gebiede, waaronder die Tswana-area, be= soek met die oog op die aanduiding van gebiede wat vir toekoms= tige besit deur Bantoe geoormerk moes word. In sy oorwegings het die kommissie veral twee uitgangspunte voor oë gehou, nl. -

---

26. *Op. cit.*, p.27.

27. U.G. 19-'16, p.1.

(a) die minimum versteuring van bestaande grense van gebiede geokkupeer deur Blank en Bantoe; en

(b) om eerder groter streke/blokke te skep as kleiner geïso= leerde streke.

Die beginsel van konsolidasie is dus reeds hier aanwesig. Uit die aanbevelings van die kommissie is dit ook duidelik dat ge= poog is om toevoegings tot bestaande groter blokke só te maak dat losliggende kleiner eenhede daarby ingesluit word. Bykom= stig hiertoe is sekere swakgeleë Gelyste Gebiede in Blanke streke ingedeel en wat dus eventueel tot Blanke besit moes oor= gaan.

In terme van vergroting is die volgende toevoegings tot en uit= snyding van Gelyste Gebiede binne die latere Bophuthatswana aan= beveel. (Vgl. kaart te Bylaag E.)

Tabel 13: Aanbevole toevoegings, 1916.

| *Streek* | *Toevoeging aanbeveel* | *Totale grootte* |
|---|---|---|
| 1.1.4 Kaapprovinsie | | |
| Streek no. 1 | 485 150 | 724 095 |
| Streek no. 2 | 12 286 | 94 819 |
| Streek no. 3 | --- --- | 20 730 |
| Streek no. 4 | --- --- | 26 960 |
| Streek no. 5 | 9 050 | 84 673 |
| Streek no. 6 | 477 310 | 687 457 |
| Streek no. 7 | 3 850 | 76 039 |
| Streek no. 8 | 109 577 | 331 695 |
| Streek no. 9 | 13 840 | 13 840 |
| Streek no. 10 | 15 111 | 15 111 |
| Streek no. 11 | 32 732 | 32 732 |
| | | 2 108 151 |
| Minus Gelyste Gebiede in Blanke streke inge= deel wat tot Blanke besit moes oorgaan ... | | 59 007 |
| Subtotaal | | 2 049 144 |

1.1.5 Transvaal.

| | | |
|---|---|---|
| Streek no. 8 | 92 162 | 228 375 |
| Streek no. 9 | 473 057 | 571 920 |
| Streek no. 10 | 107 966 | 165 086 |
| Streek no. 11 | 737 | 10 999 |
| Streek no. 12 | 8 602 | 13 234 |
| Streek no. 13 | 5 | 8 988 |
| Streek no. 14 | 4 581 | 67 346 |
| Streek no. 15 | 9 451 | 34 785 |
| Streek no. 16 | 222 047 | 263 187 |
| Gedeelte streek no. 17 | 244 537[28] | 277 110[28] |
| | | 1 641 030 |
| Minus Gelyste Gebied in Blanke streke ingedeel wat tot Blanke besit moes oorgaan (Monnakgotlas-, Ratsegais-, Selons-, Ramakokslokasie) | | 18 024 |
| Subtotaal | | 1 623 006 |

1.1.6 O.V.S.

| | | |
|---|---|---|
| Streke 7 - 20 (Thaba Nchu) | 90 463 | 114 754 |
| Totale grootte aanbeveel | | 3 786 904 |

In Mei 1916 is die voorstelle van die kommissie, waarby bovermelde oppervlaktes ten opsigte van die Tswanagebied geïnkorporeer is, voorgelê. Die voorstelle is vervat in die *Naturellen Zaken Administratie Wetsontwerp, 1917*, wat in Januarie 1917

28. Hierdie syfer het betrekking op die Groblersdal-omgewing en sluit ook grond ten opsigte van nie-Tswana in. Presiese bepaling van grond wat uitsluitlik deur Batswana besit sou word, was nie moontlik nie. Die "totale grootte" (3,78 miljoen morg) sal dus enigsins kleiner wees - na skatting sowat 3,5 - 3,6 miljoen morg.

gepubliseer is en bedoel was "... de tydelike maatregel van 1913 te herroepen en het resultaat van de arbeid van de Naturellen Grond Kommissie en de toekomstige Naturelle houding(sic) van de Regering behelzende".[29] Die wetsontwerp het egter soveel kritiek ontlok dat dit nā die Tweede Lesing verwys is na die Gekose Komitee op Naturellesake en op aanbeveling waarvan die verskillende Plaaslike Komitees benoem is om die aanbevelings van die kommissie *in loco* te ondersoek. En nieteenstaande die Appelhofuitspraak van 1917 dat die *Naturellen Grond Wet, 1913* nie van toepassing is op die Kaapprovinsie nie, moes die komitees wat aanbevelings ten opsigte van grond in dié provinsie sou maak, optree asof die wet wel toepaslik is.[30]

In die getuienis wat voor die Plaaslike Komitee vir Westelike Transvaal afgelê is, is van Blanke sowel as Tswanakant beswaar gemaak teen die toewysings soos aanbeveel deur die Beaumontkommissie en beliggaam in die wetsontwerp. Vir die Blankes was die voorgestelde toevoegings tot die Gelyste Gebied te groot - en vir die Batswana was dit te klein. Enkele algemene argumente wat van Blanke kant geopper is, kan opsommend weergegee word.

(a) Die streke soos aanbeveel is te groot. In die Mafeking-omgewing sou die bestaande Bantoegebied "3 of 4 maal groter zÿn dan door de Naturellen benodigd".[31] Die Bantoe toon geen belangstelling in die koop van grond nie en sekere bestaande Bantoestreke behoort onteien en aan Blankes beskikbaar gestel te word. Daarby is die sametrekking van Bantoe in sulke gebiede tot las van die Blanke,want die Bantoe "zÿn grote dieven".[32]

---

29. U.G. 23-'18, p.3.

30. *Loc. cit.*

31. *Ibid.*, p.45.

32. *Ibid.*, p.26.

(b) Blanke plase ingesluit in die voorgestelde toevoegings word reeds vir baie jare deur Blankes bewoon; maak die "beste grond" in die distrik uit en sal deur die Bantoe verwaarloos word, want "... de geschiedenis leert ... dat de naturel niet kan en niet wil doen als de Blanke".[33]

(c) Die Bantoe moet "... met het oog op de toekomst van het land, niet zo dicht aan elkaar ... zÿn," en daarom sou, "met het oog op de politieke gevaar" verskeie "kleine lokaties beter aan het doel ... beantwoorden dan grotere streken".[34]

(d) 'n Spoorlyn word beplan wat deur die voorgestelde streek by Marico sal gaan en "... die plaatsen dan van onschatbare waarde zullen worden".[35]

(e) Verskeie van die plase in die voorgestelde streke bied be= staansgeleenthede aan Blanke bywoners wat, indien die gronde na die Bantoe oorgaan, van hulle bestaan beroof sou word.

Hierdie argumente getuig duidelik van die nastrewing van eie be= lange maar bevat ook die gekondenseerde ervaring wat voortge= vloei het uit die feit van dekades se saamleef in dieselfde land.

Van die kant van sendelinge en Batswana wat voor die Komitee ge= tuienis gelewer het, is egter die ander kant van die saak ge= hoor, nl:

(a) Bantoe verlaat die reserwes juis omdat die gebiede te klein is en nie aan die behoeftes kan voldoen nie. Ook die beesbe= volking in Marico sou vanaf 1912 tot 1917 met sowat 20 000 ver=

33. *Ibid.*, p.17.
34. *Ibid.*, p. 11 - 13.
35. *Ibid.*, p.11.

minder het. Bantoe verlaat die reserwes en huur weiding by Blankes.[36]

(b) Die 23 plase aanbeveel vir toevoeging in die Marico-omgewing is dus "uitermate onvoldoende". Gevolglik het stamhoofde in dié gebied 'n memorandum opgestel waarin die toevoeging van 96 aangeduide plase versoek is. Dit sou, na hulle oordeel, "redelik kunnen worden genoemd", want daar kan kwalik van die Bantoe, wat twee-derdes van die bevolking van dié distrik uitmaak, verwag word om tevrede te wees met 'n vyfde van die grond in die distrik.[37]

(c) In die Rustenburg-omgewing was dit Pilane wat dieselfde standpunt gestel het: "Wÿ eisen niet dat ons het gebruik van de grond onzer voorvaderen, zoals die bestond voordat het Blanke Goewerment werd gevestigd, worde afgestaan, maar wÿ vragen om voldoende ruimte om in te leven met voldoende water".[38]

(d) Dan is daar ook geprotesteer teen die nie-insluiting van sekere Gelyste Gebiede(wat deur die kommissie binne Blanke gebied ingedeel is) by die voorgestelde streke.

(e) Teenstand ten opsigte van die beleid van segregasie is ook uitgespreek. Bantoe wou grond koop waar hulle dit goedvind en wou nie voorgesê word waar om te koop nie. Terselfdertyd is egter ook opgemerk: "... wÿ hebben onze eigene nationaliteit en wensen niet met anderen te vermengen".[39]

---

36. *Ibid.*, p. 14-15.
37. *Ibid.*, p.48.
38. *Ibid.*, p.50.
39. *Ibid.*, p.22.

(f) Vanuit Mahikeng is 'n sespunt-memorandum - "primo" tot "sexto"- voorgelê bevattende besware teen die konsepwet, met ook die volgende besware teen die voorgestelde grondreëling:

(i) Die aanbevole toevoeging is bykans 100 myl vanaf die ver= naamste Barolông-"steden" geleë en "gekozen ... klaarblyklik wegens hare ongeschicktheid".

(ii) Die voorgestelde reëling sal die Bantoe wat tans gevestig is in die Blanke streek na die reserwes dryf, daar 'n oorbeset= ting veroorsaak en 'n "vuilnisbelt" daarvan maak.[40]

Nadat hierdie botsende standpunte aangehoor is, word die volgen= de toevoegings tot die Gelyste Gebiede aanbeveel, terwyl ook sekere Gelyste Gebiede by Blanke gebied ingedeel is. (Vgl. By= laag F).

Tabel 14: Aanbevole toevoegings, 1918.

| *Streek* | *Toevoeging* | *Totale grootte* |
|---|---|---|
| 1.1.7 Kaapprovinsie | | |
| Streek 1 | 46 264 | 285 209 |
| Streek 2 | -- --- | 82 533 |
| Streek 3[41] | 450 747 | 668 671 |
| Streek 4[42] | 9 050 | 26 960 |
| Streek 5[43] | 455 311 | 665 457 |

40. *Ibid.*, p.46.
41. Hierdie streek sluit Beaumontstreke 3 en 4 in en oorvleuel met streek 1 van genoemde kommissie.
42. Dieselfde as Beaumontstreek 5.
43. Dieselfde as Beaumontstreek 6.

| | | |
|---|---|---|
| Streek 6[44] | --- --- | 12 480 |
| Streek 7 | 3 850 | 76 039 |
| Streek 8 | 109 577 | 331 695 |
| Streek 9[45] | --- --- | 11 957 |
| Streek 10 | --- --- | 13 840 |
| Streek 11 [46] | --- --- | 15 111 |
| Streek 12 | --- --- | 32 732 |
| | | 2 222 684 |
| Minus Gelyste Cebiede in Blanke streke ingedeel (Mosita-, Madiagáma-, Klein Chyain-, Kaukwe- en Smouswanereserwe) | | 24 340 |
| Totaal vir Kaapse Batswana | | 2 198 344 |

1.1.8 O.V.S.

| | | |
|---|---|---|
| Streek 7 | 3 000 | 20 660 |
| Streek 8-20[47] | 8 782/76 061 | 15 413/ 82 692 |
| Totaal vir O.V.S.- Batswana | | 36 073/103 352 |

1.1.9 Transvaal.

| | | |
|---|---|---|
| Streek 8 | 92 162 | 228 375 |
| Streek 9 | 465 100 | 563 963 |
| Streek 10 | 107 966 | 165 086 |
| Streek 11 | 737 | 10 999 |
| Streek 12 | 8 602 | 13 234 |
| Streek 13 | 5 | 8 988 |
| Streek 14 | 13 101 | 75 866 |

44. Kono(ng)reserwe.

45. Takwanengreserwe.

46. Ten opsigte van hierdie streke (Beaumontstreke 9, 10 en 11) word die aanbevelings van die Beaumontkommissie ondersteun. (U.G. 23-'18, p.2).

47. Union of South Africa. *Report of the Orange Free State Local Natives Land Committee*. Cape Town. 1918. U.G. 22-'18, p.5. Alternatiewe aanbevelings is gemaak.

| | | |
|---|---|---|
| Streek 15 | 13 372 | 38 706 |
| Streek 16[48] | 57 784 | 314 416 |
| Streek 17[49] | 20 579 | 233 598 |
| | | 1 653 231 |
| Plus aanbevole gebiede in die Potchef= stroomse distrik (streke 18, 19 en 20) | | 44 758 |
| | | 1 697 989 |
| Minus Gelyste Gebiede ingedeel in Blanke streke (Ratsegais- en Selonslokasie) | | 8 048 |
| Totaal vir Transvaalse Batswana | | 1 689 941 |
| Progressiewe Totaal | | 3 924 358/ |
| | | 3 991 637 |

Soos reeds aangedui, is die syfer waartoe hier geraak is groter as die werklike oppervlakte wat deur Batswana bewoon sou word as die aanbevelings van die plaaslike komitees goedgekeur sou word. Die hoofrede hiervoor is geleë in die feit dat die Tswana, Ndebele en Noord-Sotho in die Groblersdal-omgewing ineen loop en identifisering van slegs die Tswanagebied nie moontlik was nie. Tweedens is aanvaar dat die Plaaslike Komitee vir Weste= like Transvaal die Beaumontaanbevelings ten opsigte van Kaapse streke 9, 10 en 11 onderskryf. Die Komitee verklaar immers dat waar dit nie 'n aanbeveling maak ten opsigte van een of ander streek nie, dit die Beaumont-aanbeveling aanvaar.[50] Indien die berekenings hierbo korrek is, behels die aanbevelings van die plaaslike komitees dus 137 000 of 204 000 morg meer as wat deur

48. U.G. 31-1918, p.33.

49. Dié syfers sluit ook 'n onbekende gedeelte nie-Tswanagebied in. (U.G. 31-1918, p.32).

50. U.G. 23-'18, p.2.

die Beaumontkommissie vir die Batswana aanbeveel is - terwyl ander bronne meedeel dat die plaaslike komitees oor die land as geheel sowat 840 000 morg minder as die Beaumontkommissie aanbeveel het.[51]

In die aanbevelings van die plaaslike komitees is die Batswana dus relatief bevoordeel en die voorgestelde toevoegings sou, indien goedgekeur, daarop neerkom dat 'n gesin gemiddeld die volgende oppervlakte binne die verskillende streke tot beskikking sou hê. Kaap: Streek 1 - 115 morg; streek 2 - 70 morg; streek 3 - 195 morg; streek 5 - 235 morg; streek 8 - 47 morg. Transvaal: Streek 8 - 70 morg; streek 9 - 52 morg.

Soos bekend het die aanbevelings van die plaaslike komitees geen onmiddellike gevolg gehad nie en wel vanweë teenstand deur belanghebbende Blankes sowel as Bantoe. In die Kaapprovinsie kon Bantoe dus voortgaan om grond te koop en te huur waar hulle dit kon bekom. Vir Transvaal is die volgende tussentydse beleid neergelê:

(a) Indien Bantoe grond wou koop of huur wat binne 'n streek soos aanbeveel deur die Beaumontkommissie val, en die kooprys of huur is as redelik beskou, is die Goewerneur-generaal versoek om die transaksie goed te keur.

(b) Indien die grond geleë is binne 'n streek aanbeveel deur die Kommissie of Komitee (maar nie beide nie), kon die transaksie voorgelê word vir goedkeuring. Ontbering in geval van weiering was die bepalende faktor.[52]

---

51. Van Biljon, *op. cit.*, p.448. Union of S.A. House of Assembly. *Debates*. 1936. Vol. 26, kol. 2748.

52. Van Biljon, *op. cit.*, p.449.

In 1922 is die vraagstuk van grondvoorsiening weer onder oë geneem en is die grondgebied aanbeveel deur die plaaslike komitees "oopgestel" vir koop of huur deur Bantoe. Die goedkeuring van die Goewerneur-generaal was 'n blote formaliteit. In 1924 word die *Moroka Wyk Grond Verlichtings Wet*, (28/1924), aanvaar waardeur artikels *elf* tot *sestien* van Hoofstuk XXXIV van die Wetboek van die O.V.S. herroep word en Barôlong gevolglik toegelaat word om grond binne die distrik Thaba Nchu van enige ander Bantoe te koop. Die *Wet op Verdere Vrystelling en Verkryging van Bantoegrond, 1927* (34/1927) brei die Gelyste Gebied te Taung uit met drie plase, terwyl Transvaalse streek no. 15 (Bakwêna ba Mogôpagebied, Britsdistrik) gewysig word deur die deproklamering van 14 684 morg Gelyste Gebied en toevoeging van 20 468 morg tot die stamgebied in ruil vir die gedeproklameerde gebied. In 1931 word die Gelyste Gebiede in Gordonia-distrik uitgebrei deur die toevoeging van twee verdere reservate, nl. Khuis en Bogogobe (16 995 morg) ingevolge die *Bantoegrond Reëlings Wet, 1931* (36/1931), terwyl Wet no. 27 van 1935 voorsiening maak vir die ruil van 'n deel van die Taungreserwe op 'n *quid pro quo*-basis met die oog op die vestiging van 'n Blanke besproeiingskema.

Tot en met 1936 het dit gegaan om pogings ter afbakening van bykomstige grondgebied wat deur Bantoe verkry kon word. In 1936 word dié reëling in Wet no. 18 van 1936 vasgelê dat die Bantoegebiede met 7,25 miljoen morg vergroot sal word en dat die S.A.B.T., met geld wat vir dié doel deur die parlement bewillig sal word, dié Oopgestelde Gebiede ten behoewe van die Bantoe sal aankoop. Bantoestamme en indiwidue sou natuurlik ook grond binne die Oopgestelde Gebiede kon aankoop.

Omdat geen groottes in die bylae tot Wet no. 18 van 1936 aangedui word nie, is dit nie onmiddellik duidelik welke aandeel die

Batswana uit die 7,25 miljoen morg sou kry nie. Uit die kaart by Bylaag G waarop die Oopgestelde Gebiede soos oorspronklik omskryf[53] ten opsigte van die Batswana aangedui is, blyk dit egter dat dit grootliks ooreenstem met die aanbevelings van die plaaslike komitees[54] en kan die oppervlakte oopgestel en wat tot beskikking van die Batswana sou wees, aanvaar word as ± 1,8 miljoen morg. Hiervan was sowat 125 000 morg kroongrond wat onmiddellik op die S.A.B.T. kon oorgaan, terwyl die res - 1,6/1,7 miljoen morg - in die hande van Blanke indiwidue en maatskappye was wat deur aankoop verkry moes word.

Stygende grondpryse enersyds en gebrek aan middele aan die kant van Bantoe andersyds het daartoe gelei dat 'n baie klein persentasie van alle grondaankope deur Batswana gedoen is. Ten einde die Bantoe in hierdie verband behulpsaam te wees, is beslis dat die S.A.B.T. lenings aan Bantoe kon toestaan vir die aankoop van grond binne Oopgestelde Gebiede. Voorkeur is egter verleen aan stamme wat reeds onder hoë bevolkingsdruk verkeer; groepe Bantoe wat grond aanliggend aan hulle stamgebied wil koop en indiwidue wat grond aanliggend aan hulle stamgebied wou koop.[55] Hoeveel Tswana van hierdie geleentheid gebruik gemaak het, kon nie vasgestel word nie. Na mededeling van amptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling word egter 'n geringe aantal aansoeke om lenings vir grondaankope van Tswanaburgers ontvang. Dit is dan ook gerapporteer

---

53. Omdat grond aangekoop kan word *in* en *aanliggend aan* Oopgestelde Gebiede (art. 2(2)) het die oorspronklike grense sedertdien verander en sal die gebiede soos aangedui dus enigsins verskil van die huidige.

54. Vgl. ook Jeppe, *op. cit.*, p.28.

55. Unie van S.A. Dept. van Naturellesake. Algemene Omsendbrief no. 41 van 1953.

dat tussen 1936 en 1966 slegs sowat 11,5 persent van alle aan=kope in die Tswanagebied deur Bantoe gedoen is.[56] Dus bly die S.A.B.T. as orgaan van die Blanke voog by uitstek die liggaam wat grondaankope ten behoewe van die Tswana behartig. Dié liggaam het dan ook vanaf 1936 tot 1967 reeds 1 130 908 morg vir die Tswana aangekoop teen 'n koste van R16 956 070.[57] Teen 1974 was die bedrag bestee aan grondaankope oor die land as geheel sowat R116 miljoen.[58]

Dit is goed te begryp dat die uitvoering van die politieke be=leid groter aksent op grondvoorsiening sou plaas. Waar daar tussen 1936 en 1962 sowat 38 000 morg jaarliks in die Tswana=area aangekoop is, het die syfer gestyg tot 81 487 ha (95 177 morg) in 1970. Aan die begin van die sewentigerjare het die tempo van aankope egter weer afgeneem in afwagting van die goedkeuring van die konsolidasievoorstelle wat in 1972 be=kend gemaak is maar eers in 1975 aan die parlement voorgelê kon word. Amptenare was egter van mening dat aankope na goedkeuring van die konsolidasieplanne vinniger sou geskied, omdat meer fondse as in die verlede dan vir die doel beskikbaar gestel sou word.

Volgens gegewens wat in 1973 van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verkry is, word die volgende beeld van grondbesit en -oppervlakte in Bophuthatswana, verkry.

---

56. Jeppe, *op. cit.*, p.29.

57. *Ibid.*, p.33.

58. *Die Transvaler*, 26 Augustus 1974.

Tabel 15: Grondbesit in Bophuthatswana, 1973. (Ha.)

(a) *Bantoebesit:*

(i) *Voor 1936*[59]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 513 819 | |
| Kaap | ................ | 25 552 | |
| O.V.S. | ................ | 25 614 | 564 985 |

(ii) *Na 1936 (kwota).*[60]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 128 853 | |
| Kaap | ................ | 10 332 | |
| O.V.S. | ................ | 1 993 | 141 178 |

(iii) *Na 1936 (nie-kwota).*[61]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 18 619 | |
| Kaap | ................ | 4 443 | |
| O.V.S. | ................ | 723 | 23 785 |

(b) *Trust berus:*

(i) *Kwota:*[62]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 49 180 | |
| Kaap | ................ | 75 519 | |
| O.V.S. | ................ | -- --- | 124 699 |

---

59. Grond in besit van Bantoe op 31/8/1936.

60. Aankope deur Bantoe in Oopgestelde Gebied na 1936.

61. Aankope deur Bantoe in Gelyste Gebiede sedert 1936.

62. Kroongrond oopgestel in 1936.

(ii) *Nie-kwota.*[63]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 139 800 | |
| Kaap | ................ | 1 387 889 | |
| O.V.S. | ................ | 20 725 | 1 548 414 |

(c) *Trust verkry:*

(i) *Kwota.*[64]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 647 536 | |
| Kaap | ................ | 466 969 | |
| O.V.S. | ................ | 53 972 | 1 168 477 |

(ii) *Nie-kwota.*[65]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | ................ | 7 342 | |
| Kaap | ................ | 194 911 | |
| O.V.S. | ................ | 11 527 | 213 780 |
| | | | 3 785 318 |

Volgens mededeling van amptenare gemoeid met grondaankope sal Bophuthatswana 'n relatief klein deel van die nog uitstaande kwota vir Transvaal ontvang. Daar is meegedeel dat 'n vergelykende beraming gemaak is en dat bevind is dat die Batswana indien getalle, bevolkingsdigtheid en gebiedspotensiaal in ag geneem word, veel "meer" grond as die ander eenhede in Transvaal het en daarom 'n kleiner deel van die oorblywende kwota behoort te kry. Verder word ongeveer 100 000 ha. van die Transvaalse kwota voorlopig agterweë gehou met die oog op "finale"

---

63. Gelyste Gebied wat nie deel van die kwota uitmaak nie.
64. Aankope deur die S.A.B.T. in Oopgestelde Gebiede sedert 1936.
65. Aankope deur die S.A.B.T. in Gelyste Gebiede nà 1936.

afronding en regstelling van grense. Tensy die *Suid-Afrikaan=se Bantoetrust en -grond Wet, 1936* deur die parlement gewysig word of nuwe wetgewing om verdere voorsiening van grond aan Bantoe te magtig, aanvaar word, sal die uiteindelike oppervlak=te van Bophuthatswana dus nie veel groter wees as die opper=vlakte hierbo aangedui nie.

Binne sekere Blanke kringe - noodwendig ook binne Bantoe-gele=dere - bestaan daar egter 'n toenemende gevoel dat die voor=siening van 1936 onvoldoende is en dat meer grond die prys is wat die Blanke vir die uitvoering van die beleid van afsonder=like ontwikkeling moet betaal.[66] Verder word daarop gewys dat die 1936-voorsiening bedoel was vir die behoeftes van 1936 en nie dié van 1973 nie.[67] Terselfdertyd word daarop gewys dat die voorsiening van genoegsame grond aan die Bantoe die toets=steen vir die geloofwaardigheid van die Blanke se beleid van afsonderlike ontwikkeling is.[68]

1.2 Konsolidasie

In die lig van die voorafgaande is die huidige territoriale gebrokenheid van Bophuthatswana goed te begryp. Eerstens moes die feit van etniese verbrokkeling (fissie) en die stam as grootste staatkundige verband lei tot geo-politieke verspreid=heid. Tweedens het die bewind van Mzilikazi talle Tswanastamme uit hulle tradisionele woongebied gedryf en daarmee ook verdere momentum gegee aan stamverspreiding en verdere verbrokkeling. Derdens het die Blanke bewinde in die Kaap en Transvaal reser=

---

66. Vgl. *Woord en Daad*. Augustus 1973. *Die Transvaler*. 5 Sept. 1974.

67. Vgl. *The Friend*. 31 July, 1973. *The Star*. 26 January, 1973; 28 March, 1973.

68. *The Star*. 28 March, 1973.

vate wat versprei was oor feitlik die hele gebiede, toegeken. Vierdens het Batswana in die Kaapprovinsie en Transvaal grond deur aankoop in verskillende areas verkry. Gevolglik kom dit so dat die Tswanagebiede versprei is vanaf Groblersdal in Transvaal via die noordelike deel van die Kaapprovinsie tot by Thaba Nchu in die O.V.S. Dit behels 'n aantal groter blokke met verskeie kleineres en swak geleë gebiede tussenin. Daarby wissel die afstand tussen die groter blokke vanaf 32 na 100 km. "Geen maatskaplike bande en geen politieke struktuur," het die Tomlinson-kommissie geskryf, "kan gehandhaaf word indien die bodemfaktor in sigself meebring dat disintegrasie plaasvind nie."[69] Hierdie verspreidheid van gebied sou, indien dit nie 'n verdere etnies-psigiese verspreidheid meebring nie, dan nogtans 'n samegroeiing (fusie) belemmer. Dit is immers logies dat geografiese afstand aanleiding gee tot belange-afstand en gevolglik afstand in terme van lojaliteite. Omgekeerd is dit juis afstand in terme van lojaliteit (primordiale afstand) wat lei tot geografiese afstand. Met die oog op nasievorming sou dit dus logies wees om geografiese afstand te verminder ten einde belange-afstand te verklein waardeur afstand in lojaliteit eventueel uitgeskakel kan word.

Geografiese konsolidasie hou in dat die gebiede fisies aaneen gesluit word. Dit behels 'n tweeledige proses, nl. die aaneensluiting van daardie gebiede wat aaneensluitbaar is en die totnietmaking van dáárdie gebiede wat nie aansluitbaar is nie. Aaneensluiting impliseer "witkolopruiming" en totnietmaking impliseer "swartkolopruiming". Idealitêr behoort dié proses so te verloop dat die progressiewe konsolidasie van die Bantoegebied ook aanleiding behoort te gee tot die progressiewe konsolidasie van die Blankegebied. Indien die proses nie vanuit

69. Verslag van die ... Vol. 16, hoofstuk 46, p. 11.

beide hoeke benader en beplan word nie, kan dit daartoe lei dat die konsolidasie van Bantoegebiede mag lei tot die verbrokkeling van Blankegebied en relatiewe isolering van Blanke gemeenskappe. Om so 'n toestand te voorkom moet daar klaarblyklik eerstens grense bepaal word en tweedens wit- en swartkolle opgeruim word.

### 1.2.1 Grensbepaling

Die twee uitgangspunte van die Beaumontkommissie met die oog op die bepaling van grense tussen Blanke en Bantoegebiede, naamlik die minimum versteuring van bestaande grense en die skepping van groter blokke Bantoegrond in plaas van kleiner geïsoleerde blokke, toon dat die kommissie die oogmerk van konsolidasie probeer nastreef het maar dan op 'n baie beperkte skaal. In die lig van die feitelike toestand kon ook nie van hierdie sagte geneesheer verwag word om die wonde te heel nie. Die getuienis wat voor die plaaslike komitees afgelê is, getuig egter ook daarvan dat selfs hierdie huiwerige poging protes van Blanke kant ontlok het. So 'n aaneensluiting sou 'n "politieke gevaar" inhou; die "beste grond" vervreem - en stellig ook die beskikbaarheid van arbeid uiters nadelig beïnvloed. Hierdie argumente sou oor die gang van jare deur Blankes herhaal word sonder verlies aan geldigheid. Ook van Bantoekant was daar ewe geldige redes: historiese en emosionele verbondenheid aan die grond waarop hulle woon en waarop die voorvaders begrawe is - en die aanvaarding dat hulle deur die Blanke gekul sal word en uiteindelik sonder grond of met swakker grond gelaat sal word.

Met uitsondering van die Vryburg-Mafeking-streek en die Hammanskraalgebied, is die aanbevelings van die Beaumontkommissie en plaaslike komitee ten opsigte van die identifikasie van witkolle

met die oog op die vorming van groter Tswanablokke, grootliks ooreenstemmend. Die grense bepaal deur die *Bantoetrust en Grond Wet, 1936* hou dan ook 'n mate van konsolidasie van Tswanagebied in maar lei terselfdertyd tot die verbrokkeling van Blanke gebied wat met korridors aanmekaar gehou word. So= ver dit die vorming van goeie grense betref, het die 1936-maatreël dus slegs 'n marginale effek op die onbevredigende toestand wat in die loop van die geskiedenis ontstaan het.

Terselfdertyd is dié versigtige houding egter ook goed te be= gryp. Met 'n beleid wat gemik was op segregasie van Blank en Bantoe binne 'n eenheidstaat onder Blanke beheer, was konsoli= dasie van Bantoe en Blanke grondgebied nie 'n dwingende faktor nie. Die oorgang vanaf segregasie na afsonderlike ontwikkeling met sy implikasies van selfbestuur en die skepping van soewe= reine en onafhanklike state binne eie territoria sou egter ak= sente tot so 'n mate verskuif dat konsolidasie 'n wesentlike faktor vir vreedsame naasbestaan geword het. Gaandeweg is dan ook besef dat goeie grense goeie buurskap kweek en dat swak grense vyandskap bevorder.

Nasieskap vir die Tswana sou kwalik bevorder kon word binne die gegewe geografiese gebrokenheid. Die Tomlinson-kommissie as voorloper vir beleidsontplooiing het dan ook reeds verwys na "die verlammende uitwerking" wat die snipperpatroon op "self= werksame besture" in die Bantoegebied sou hê en dat konsolida= sie 'n noodsaaklikheid is as die Bantoe self administratiewe verantwoordelikheid moet aanvaar.[70] Dié stellings is *a fortiori* van toepassing op state-in-wording op weg na onafhank= like status.

70. Verslag van die ... Vol. 16, hoofstuk 46, p.16.

Wat dus gevra is, is die bepaling van behoorlike grense, sodat ook die Tswana 'n enkele "hartland" of "histories-logiese kern=gebied" sou hê. Met die oog hierop word die huidige Botswana as kerngebied vir die Tswana deur die kommissie voorgestel en word geredeneer dat "... hoewel die Unie en Betsjoeanaland tans onder aparte staatsgesag staan," die Tswana van die Unie "in die toekoms kwalik anders gesien en behandel kan word as deel van die moedergebied, Betsjoeanaland."[71] Die politieke grens is dus as kunsmatig beskou en in die voorstelle word die Unie se Tswanagebied op 'n betreklike radikale wyse aan Botswana gekonsolideer.[72]

Uit die oogpunt van nasievorming beskou, is daar veel vir dié plan te sê - al is Botswana vandag uit 'n demografiese en stel=lig ook ekonomiese gesigspunt gesien eerder 'n hinterland as kerngebied vir die Batswana. Die voorstel van die kommissie was egter te ingrypend om ernstig oorweeg te word deur Blanke poli=tici en is, na aanvanklike druk om dit nie te publiseer nie, deur die Owerheid verwerp. Die onafhanklikwording van Botswana in 1966 het die beoogde aaneensluiting betreklik verskraal maar nog nie tot onmoontlikheid gemaak nie. Kaptein Mangope het immers in 1973 aangedui dat 'n federasie met Botswana tot Bo=phuthatswana se voordeel sal wees - maar nadat Bophuthatswana gekonsolideer is.[73]

Met die Tomlinson-plan (konsolidasie van Tswanagebiede aan die huidige Botswana) verwerp, het die Owerheid weliswaar geen ver=beeldingryke stappe gedoen ter daarstelling van behoorlike grense en konsolidasie van Tswanagebied in die vyftiger en ses=

71. *Ibid.*, p.17.
72. *Summary of the Report ...*, krt. no. 63.
73. *The Star*. 10/9/73.

tigerjare nie. Blanke plase binne Oopgestelde Gebiede is wel aangekoop en swartkolle opgeruim, maar die tempo waarteen die geografiese basis vir die wordende Tswanastaat daargestel is, het duidelik 'n veel stadiger pas gevolg as die proses van poli= tieke ontwikkeling.

Die sewentigerjare sou egter die dekade vir konsolidasie wees. Op hoë vlak is die konsolidasie van die Tswanagebiede onder oë geneem en op 20 Desember 1972 is 'n voorgestelde konsolidasie= plan, gebaseer op die 1936-wetgewing, gepubliseer.[74] Met dié plan - Bylaag H - wat nie as finaal beskou moes word nie maar eerder bedoel is om as basis vir bespreking te dien, is gepoog om die bestaande negentien gebiede waaruit Bophuthatswana saam= gestel is, saam te voeg tot 'n minimum van drie en 'n maksimum van ses gebiede.

Gedurende Februarie 1973 is dié plan deur die Bantoesakekommis= sie met Blanke belanghebbende groepe bespreek en is ook memo= randa waarin alternatiewe voorstelle gemaak is, in ontvangs ge= neem. Na mededeling van amptenare ná aan die kommissie en wat ook met die raadpleging te make gehad het, het dié plan veel kritiek ontlok. Basies dieselfde besware wat in 1917 voor die plaaslike komitees gelê is, is in 1973 herhaal, nl:

(a) Die Blanke gebiede voorgestel vir toevoeging tot Tswana= gebied bevat "die beste grond in die land met die hoogste pro= duksievermoë".

(b) Die betrokke streek het "reeds meer as sy deel Blanke grond aan die Bantoe afgestaan".

---

74. *Die Transvaler.* 20/12/72.

(c) Die Tswanagebied soos voorgestel, het 'n gemeenskaplike grenslyn met Botswana wat daartoe kan lei dat dit later deel van Botswana word. Dit sou politiek en militêr gevaarlik wees.

(d) Bantoe beskik reeds oor "baie grond met 'n hoë landbou= potensiaal". Hierteenoor word landbougrond in Blankegebied uiters skaars; word alles reeds bewerk of is die prys daarvan sodanig dat dit "onverkrygbaar is" en die vraag laat ontstaan "waarheen nou?".

(e) Indien die voorstelle geïmplimenteer word, sou dit daartoe lei dat Blanke gemeenskappe "verbreek" word en dat talle Blanke boere deur 'n Bantoegebied sal moet gaan om hulle (ander) plase te bereik. Die plan impliseer dus 'n versnippering van Blanke gebied en kan Blanke sametrekkingspunte geleidelik laat dood= bloei.

Klaarblyklik was daar egter oor een saak eenstemmigheid: Daar moes nou "klaar" gekonsolideer word sodat "die Swart bekruip" - die voortdurende trustaankope aan bestaande Bantoe- of Trust= gebiede - nou 'n einde kon kry.

Sover vasgestel kon word, is hierdie plan wel aan die Bophu= thatswana-regering bekendgemaak,[75] maar dit is nooit in die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana bespreek nie en ook geen inligting wat daarop dui dat dit vooraf met die Tswanaka= binet bespreek is, kon bekom word nie.

Terwyl die Bantoesakekommissie die plan met Blanke belangheb= bendes bespreek het, het die Wes-Transvaalse Streeksontwikkelings vereniging met 'n alternatiewe konsolidasieplan - Bylaag I -

75. Rep. van S.A. Bophuthatswana-regering. *Debatte ... 1973.* Vol. 11, p.422.

vorendag gekom. Dié plan wat reeds in Januarie 1973 opgestel is en ook die steun van die Wes-Transvaalse Bantoesake-administrasieraad geniet het, sou egter eers in Julie 1973 in die pers aangekondig word. Soos wat opgemerk word, het dié plan 'n konsolidasie van Bophuthatswana in een blok aan Botswana en insluitende die dorp Mafeking, voorgestel. Na raming sou die plan R240 miljoen kos om te implementeer en is gebaseer op 'n "omruil" van dieselfde grondtipes tussen Bophuthatswana en die Blankegebied.

Dié plan is deur lede van die Wes-Transvaalse Streeksontwikkel=ingsvereniging bespreek met die Adjunk-minister van Bantoe-ontwikkeling wat, volgens informante, dit aanvanklik beskou het as "te radikaal" maar later wel meriete daarin gesien het. Ver=volgens is dit voorgelê aan en bespreek met die Bantoesake=kommissie, welke liggaam dit, volgens informante, ook gesteun het. Die plan is ook gesteun deur senior amptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wat ge=moeid is met die konsolidasieproses. Slegs een probleem van tegniese aard is voorsien, naamlik dat daar met die opstel van die plan nie ag geslaan is op die provinsiale kwotas nie en die plan dus in botsing met die 1936-wetgewing is. Terselfdertyd is dit egter koel ontvang binne sekere politieke kringe - be=sonderlik deur politici wie se kiesafdelings ongunstig geraak sou word indien die plan aanvaar sou word. Vir hulle het dit neergekom op die politiek-ondoenbare, omdat so 'n groot aantal Bantoe en Blankes daardeur geraak sou word, terwyl die insluit=ing van Mafeking dit verder politiek-onaantreklik gemaak het. Die Afrikaanse pers was in die algemeen van oordeel dat die plan "oorweging verdien",[76] terwyl ander informante die beswaar

---

76. *Die Vaderland.* 18/7/73.

dat Mafeking kwalik verswart kan word as ongeldig verwerp het en gewys het op die analogie van Umtata.

Op 27 Maart 1973 is die plan *as 'n voorstel* deur die Adjunk-minister van Bantoe-ontwikkeling met die kabinet van Bophuthat=swana bespreek,[77] wat dit die volgende dag aan die Wetgewende Vergadering voorgelê het. Dié vergadering het negatief daarop gereageer en hulle eie konsolidasiekomitee aangewys om konsoli=dasievoorstelle te maak wat deurgestuur sou word na die Repub=likeinse owerheid[78] en wat kon dien as basis vir oorlegpleging.[79] Op 4 April 1973 het dié komitee verslag gelewer[80] en is hulle voorstelle deur die Wetgewende Vergadering aanvaar. Op 10 Arpil is die voorstel in die pers aangekondig[81] en is ook aangekondig dat dit "oorweging" deur die Blanke owerheid "geniet". 'n Dag later is dit egter van owerheidsweë gestel dat dit nie moontlik sal wees om die plan te aanvaar nie, aangesien dit die voorsien=ing van die 1936-wetgewing oorskry.[82]

Ondertussen het Blanke politici wat gekant was teen die eenblok=plan allerlei politieke maneuvers bewerkstellig as gevolg waar=van dit tydens 'n vergadering van Blanke belanghebbendes in April 1973 afgekeur is. Die voorstanders daarvan het egter op=nuut steun gemobiliseer en 'n verdere vergadering van Blanke belanghebbendes het in Julie 1973 te Pretoria plaasgevind. Hiertydens is dit van owerheidsweë gestel dat daar reeds op 'n ander konsolidasieplan vir Bophuthatswana besluit is en dat

---

77. Rep. van S.A. Bophuthatswana Regering. *Debatte ...1973*, p.418.
78. *Ibid.*, p.451.
79. *Ibid.*, p.651.
80. *Ibid.*, p.595 *et seq.*
81. *Die Vaderland.* 10/4/1973.
82. *Die Transvaler.* 11/4/73.

verdere beraadslaging oor die eenblokplan dus nodeloos is.

Die "ander plan" waarna hierbo verwys is, is blykbaar reeds in Maart 1973 deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling opgestel. Dit het bestaan in 'n wysiging van die plan soos gepubliseer in Desember 1972 (Bylaag H) en wat daarna deur die Bantoesakekommissie met belanghebbendes bespreek sou word. Die wysiging is aangebring na aanleiding van memoranda voorgelê en standpunte gestel deur Blanke belangegroepe, terwyl, na mededeling van amptenare, ook die Tswanakabinet hieroor ge= raadpleeg is. Welke vorm dié raadpleging aangeneem het, is nie duidelik nie, maar dit het blykbaar neergekom op 'n bekend= making van die gewysigde plan aan die kabinet. Dié plan (Bylaag J) is op 25 Mei 1973 as "finaal" bekendgemaak deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.[83] Inge= volge daarvan sal Bophuthatswana verminder word van 19 na ses dele; sal Mafeking voortgaan om 'n Blanke dorp te wees; sal 352 000 ha bestaande Tswanagrond verwit en 605 000 ha Blanke grond verswart word en sal 120 000 Tswana verskuif word. Dié plan soos goedgekeur deur die Gekose Komitee en Republikeinse kabinet moes egter deur wetgewing bekragtig word. Met die oog op die uitvoering daarvan is ingrypende stappe in terme van fondse sowel as masjinerie in vooruitsig gestel.[84] Ook is aan= gekondig dat die deur vir groter konsolidasie nie gesluit is nie.[85] Hiermee is skynbaar bedoel dat verdere konsolidasie kan (sal?) plaasvind, maar dat dit slegs bewerkstellig sal kan word deur die ruil van Tswanagrond vir Blankegrond met die oog op die daarstelling van beter grense tussen Bophuthatswana en die

---

83. *The Star*. 25/5/73. *Die Vaderland*. 25/5/73.

84. *Die Transvaler*. 14/9/1973.

85. *Die Vaderland*. 18/7/1973.

Blankegebied. Die 1936-wetgewing sou dus nog die basis vir grensvasstelling wees: geen verdere Blanke grond sou, met die oog op beter grense, aan die Tswana afgestaan word nie.

Dat die besluit oor die konsolidasie van Bophuthatswana as "finaal" aangedien is, is in die lig van die feit dat die politiek 'n onverbiddelike spel is, goed te begryp. In die lig egter van die feite dat die 1936-wetgewing wesentlik die behoeftes van 1913-weerkaats; toekomstige grondruilings sal inhou dat groot hoeveelhede mense met goedkeuring van *twee* selfstandige partye verskuif sal moet word en gevolglik in die gegewe omstandighede kwalik as uitvoerbaar beskou kan word en die grense tussen die R.S.A. en Bophuthatswana volgens die "finale" plan minstens een-derde langer is as wat dit kan wees indien die gebied tot een blok gekonsolideer sou word, kan die finaliteit van die jongste besluit bevraagteken word. In dié verband skryf *Woord en Daad* dan ook soos volg in 'n hoofartikel: "Nogtans kan ons nie begryp waarom ... *volkome* konsolidasie nie teweeggebring kan word nie. Honderd verspreide landsdele of ses, is slegs 'n graadverskil in verbrokkeldheid ...", en verder: "Die noodsaak van volkome konsolidasie ... is o.i. só dringend dat ... 'n ander prosedure nodig ... is om daardie doel te bereik. Die uitgangspunt is een van geleidelike maar progressiewe *totale* konsolidasie: elke tuisland moet uiteindelik uit één aaneengeslote stuk bestaan".[86] Met die oog hierop doen die blad dan aan die hand dat daar nou reeds oor die finale grense en grootte van die tuisland(e) ooreengekom behoort te word sonder dat die oordrag onmiddellik hoef te geskied. Die Direkteur van die Afrika-Instituut het in dieselfde trant geredeneer en daarop gewys dat daar tans in die tweede van drie fases met betrekking tot konsolidasie verkeer word: die huidige

86. Julie 1973.

(1936)-fase moes nou afgehandel word "met die duidelike ver=standhouding dat dit nie die end van die proses is nie".[87] Die derde fase waaraan Wit sowel as Swart deel moes hê, moes daar=na aangepak word.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Blanke gesaghebber reeds sedert 1913 besig is met die vorming van grense ten opsig=te van die Tswana. Sedert 1913 is grenslyne verlê en ons aan=vaar dat die huidige planne nog deel van dieselfde proses is. Dus word ook aanvaar dat verskeie Blanke gebiede, veral dié vormende sommige van die huidige korridors, in die toekoms ge=ïdentifiseer mag word as witkolle en dat sekere van die huidige Tswanablokke, of dele daarvan, geïdentifiseer mag word as swart=kolle.

### 1.2.2 Swartkolopruiming

Tot dusver het die verandering van grense die identifikasie en opruiming van swart- en witkolle geïmpliseer. En ook hiermee is die Blanke owerheid sedert 1913 besig. So het die Beaumont=kommissie daardie Gelyste Gebiede wat nie binne die verskillende streke aaneen gesluit kon word nie, op enkele uitsonderings na, by Blanke streke ingedeel en was dit dus *de facto* swartkolle wat uiteindelik sou moes oorgaan tot Blanke besit. Talle plase in besit van Bantoe en wat nie in 1913 gelys is nie, het met die verdeling soos voorgestel in Blanke streke geval en was dus ook *de facto* swartkolle. Die plaaslike komitee vir Westelike Transvaal het blykbaar 'n middeweg probeer soek en vier Gelyste Gebiede wat deur die Beaumontkommissie as swartkolle geïdenti=fiseer is - Takwaneng, Konong, Monnakgotlaslokasie en Ramakoks=lokasie - aanbeveel as Bantoestreke. Daarmee is permanensie aan

87. *Die Transvaler*. 23/5/1973.

sekere swakgeleë Bantoegebiede gegee en konsolidasie vertraag. Die komitee het egter ook nog twee verdere swartkolle in Transvaal geskep en vergroot deur hulle aanbeveling dat twee blokke grond in die destydse Potchefstroomse distrik tot Bantoestreke verklaar word en Monnakgotlaslokasie vergroot word.

Die aksentverskuiwing vanaf segregasie na afsonderlike ontwikkeling het daartoe gelei dat swartkolopruiming, ten einde gestalte aan tuislande te gee, veel groter klem vanaf 1948 sou ontvang.

Onder opruiming van swartkolle word verstaan die opheffing van die eiendomsreg van Bantoe op grond geleë in Blanke gebied. Twee tipes swartkolle kan dus bestaan, naamlik grondgebied in besit van Bantoe buite Oopgestelde of Gelyste Gebiede en swakgeleë Gelyste of Oopgestelde Gebied waarvan die S.A.B.T. die eienaar is. Voordat 'n swartkol geleë binne 'n Gelyste of Oopgestelde Gebied opgeruim kan word, moet dit gedeproklameer word en vergoedende grond binne of aanliggend aan 'n Oopgestelde Gebied verkry wees.

Die opruiming van swartkolle is volledig behandel deur Identiese Diensbrief no. 14 van 1965, uitgereik deur die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Dit kom daarop neer dat die eiendomsreg van die grond vormende 'n swartkol eerstens vasgestel word; vergoedende grond aan of binne 'n Oopgestelde Gebied, waar die bewoners van die swartkol etnies sal inpas, verkry word; die bewoners van die swartkol dieselfde besitsvoorwaardes as dié geldend vir die swartkol, in die vergoedende gebied verkry; genoegsame water beskikbaar is op vergoedende grond; vervangende skool- en ander geriewe voorsien word gelykstaande aan die geriewe op die swartkol en uitbetaling ten opsigte van verbeterings geskied; swartkolle aan Blankes verkoop

**Tabel 16: Swartkolle reeds opgeruim in 1972.**

(a) Nie-gelyste gebied.

| Distrik: | Swartkol | Grootte | Aantal persone | Verskuif na | Datum |
|---|---|---|---|---|---|
| Brits | Elandsfontein 440 JQ | 482 ha. | 807 | Buffelsdoorns 237 JQ | 1961 |
| " | Snymansdrift 413 JQ | 366 ha. | 412 | Waaikraal 396 JQ | 1959 |
| " | Tweerivier 197 JQ | 436 ha. | 999 | Zandfontein 124 JQ | 1969 |
| " | Vogelfontein 191 JQ | 992 ha. | 1 620 | Zandfontein " | 1969 |
| Bronkhorstspruit | Klipspruit 245 JR | 40 ha. | 55 | Allemansdrift 162 JQ | 1963 |
| " | Tweefontein 220 JR | 321 ha. | ? | ? | 1959 |
| " | Van Dykspruit 431 JR | 137 ha. | ? | Allemansdrift 162 JR | 1965 |
| Klerksdorp | Wildebeespan 442 JP | 811 ha. | 90 | Wildebeesfontein 274 JQ | 1963 |
| Marico | Braklaagte 90 JP | 2 700 ha. | 2 250 | ? | 1966 |
| " | Leeuwfontein 61 JP | 2 387 ha. | 2 150 | ? | 1965 |
| | Koppieskraal 73 JP | 464 ha. | 650 | Brakkuil 48 JP | 1961 |
| Pretoria | Boekenhoutkloof 129 JR | 2 277 ha. | 3 936 | Stinkwater 97 JR<br>Boekenhoutfontein 26/JR | 1964/6 |
| | Wallmansthal 278 JR | 3 842 ha. | 65 000 | Bantoedorpe in Hammans=<br>kraalgebied | 1964/70 |
| Rustenburg | Bulhoek | 1 012 ha. | ? | Zwartbank 121 JQ | ? |
| | Haakdoornbult 542 KQ | 1 272 ha. | 180 | Pylkop 26 JQ | 1948/61 |
| | Middelkraal 466 JQ | 36 ha. | ? | ? | 1948/60 |
| | Rooikoppies 297 JQ | 34 ha. | ? | ? | 1959/60 |
| | Schilpadnest 385 KQ | 1 884 ha. | 1 500 | Varkensvlei 403 KQ | 1963 |
| | Vaalkop | 76 ha. | ? | Zwartbank 121 JQ | 1948/59 |
| | Kafferskraal (905) | 768 ha. | 792 | Vrischgewaagd 181 JP | 1961 |
| | Vlakfontein 207 JP | 102 ha. | ? | ? | 1948/59 |
| Ventersdorp | Klipgat 18 IQ | 872 ha. | 110 | Uitkyk 22 JP | 1966 |
| | Elandsfontein | | | Roodebloem | ? |

(b) Gelyste gebied.

| Distrik | Swartkol | Grootte | Verskuif na | Datum |
|---|---|---|---|---|
| Rustenburg | Selonslokasie | 1 682 ha. | Koedoesrand | |
| | Ratsegaislokasie | 4 237 ha. | Taaiboschbult | |
| | Mabalaneslokasie | ± 711 ha. | Lemoenplaats en omgewing | 1971 |
| Ventersdorp | Monnakgotlaslokasie | 4 631 ha. | | |
| Mafeking | Mositareserwe | 4 045 ha. | Moloporeserwe (Trust) | |
| Vryburg | Madiakgamareserwe | 5 142 ha. | ? | |
| | Klein Chwaien | 6 530 ha. | ? | |
| Kuruman | Smouswanereserwe | ±2 828 ha. | Ellendale en omgewing | 1951 |
| | Konongreserwe | 10 695 ha. | Thamoache en omgewing | 1960 |
| Taung | Kaukwereserwe | 2 871 ha. | Baviaanskloof en omgewing | 1959 |
| Kuruman | Khuisreserwe | 16 283 ha. | Kurumanblok (Trust) | 1968 |
| Kimberley | Schmidtsdrift | 30 852 ha. | Manyeding | 1968 |
| Postmasburg | Groenwater | 11 855 ha. | Kurumanblok | 1965 |
| | Skeyfontein | 12 950 ha. | Kurumarblok | 1965 |

kan word of aan die Staat oorgedra moet word; bepaalde prose= dures gevolg moet word by onteiening; vervoer na vergoedende grond voorsien word en versorging tydens en na verskuiwing moet plaasvind.

Uit die bostaande tabel (16) blyk dit dat die grootste aantal swartkolle wat reeds na Tswanagebied opgeruim is, in Transvaal was, bestaan het uit grond wat nie in 1913 gelys is nie en pri= vaat besit is. (Vir sover syfers beskikbaar was, word ook 'n aanduiding gegee van die aantal siele betrokke by die verskui= wings).

In weerwil van die onmenslikheid wat 'n sekere deel van die pers aan swartkolopruiming toeskryf, kon ons nie tot soortgelyke in= sigte kom nie. Die beleid is een van oorreding en nie van dwang nie - behalwe ten opsigte van diegene wat teen die besluit van hulle eie stam of gemeenskap wil gaan. Amptenare wat reeds jare met die opruiming van swartkolle te make het, het dit ook uitdruklik gestel dat die bewoners van swartkolle in die meer= derheid gevalle sonder noemenswaardige protes die verskuiwing aanvaar, omdat hulle in die reël groter grondgebied verkry as wat hulle gehad het. Slegs vier probleme word, volgens hierdie amptenare, ondervind, naamlik:

(a) Privaatgrond behoort normaalweg aan 'n groot aantal eien= aars. Die grond is by die afsterwe van die vorige eienaar selde of ooit dokumentêr aan die erfgename oorgedra.

(b) Plakkery op privaatgrond kom op groot skaal voor en dit is soms moeilik om te bepaal wie plakker en wie mede-eienaar is.

(c) Die vind van geskikte vergoedende grond.

(d) Die voorsiening van dienste en vervangende geriewe by die

punt van vestiging.

Ná die desentralisasie van gesag in 1968 na die Tswanagebiedsowerheid, is blykbaar verwag dat Mafeking die inisiatief moes neem in die opruiming van die oorblywende swartkolle bewoon deur Batswana. Met die oog hierop het die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling 'n volledige uiteensetting oor die oorblywende swartkolle aan die Hoofdirekteur van die Tswanaregeringsdiens gegee.[88] Dié besonderhede is vervat in die onderstaande tabel (17).

Om twee redes het daar egter weinig gebeur tot en met 1973. Eerstens het, volgens mededeling, die Tswanakabinet besluit dat hy geen aandeel wil hê in die opruiming van swartkolle nie, omdat dit mense ontwrig, onpupulêr sou wees en dus nie bevorderlik vir die kandidatuur van 'n Tswanapolitikus sou wees nie. Daarmee is die taak teruggewerp na die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Laasgenoemde liggaam het op sy beurt dit dienstig geag om die opruimings soos voorgestel te vertraag in afwagting van die finalisering van die konsolidasievoorstelle deur die Parlement in 1975. Gevolglik is slegs enkele swartkolle gedurende dié tydperk opgeruim.

By 'n bespreking van swartkolle bewoon deur Batswana, bly daar die kwelvraag oor die status van Thaba Nchu - 'n *de facto* swakgeleë gebied, en 'n gebied waarna die Voorsitter van die Bophuthatswana Konsolidasiekomitee verwys het as Bophuthatswana se "Caprivi".[89] Uit gesprekke met amptenare is dit duidelik dat verskeie faktore die moontlike deproklamering van Thaba Nchu en

---

88. D 188/1665/31, gedateer 14 Desember 1970.

89. *Debatte ... 1973*, p.632.

**Tabel 17: Swartkolle nog opgeruim te word na Bophuthatswana, 1970.**

| Distrik | Swartkol | Grootte (ha) | Verskuif na |
|---|---|---|---|
| Taung | Mayengreserwe | 11 329 | Vaalboschhoek-omgewing, Taung |
| Vryburg | Takwanengreserwe | 10 247 | Bendell-Glenorra-omgewing, Kuruman |
| Kuruman | Gatlhose & Maremane | 61 987 | Crayfield-Shipton-omgewing, Kuruman |
| Lichtenburg | Biesjesvallei (ged.) | 157 | Poslin-plase en Marico-omgewing |
| | Rietfontein 54 IP | 423 | De Hoop |
| | Rooijantjiesfontein 89 IP | 5 058 | Deelpan, Delareyville |
| | Geluk 235 IP | 163 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Koppieskraal 87 IP | 1 645 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Rhenosterdoorns 88 IP | 2 828 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Rietkuil 53 IP | 1 158 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Sterkfontein 155 IP | 1 357 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Wildfontein 201 IP | 143 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Omega 156 IP | 1 838 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Vogelstruisknop 65 IP | 2 326 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Putfontein 62 IP | 3 277 | Roslin-plase, Mafeking |
| Ventersdorp | Boshoek 144 IP | 676 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Thorn 143 IP | 190 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Wayland | 17 | Deelpan-area, Delareyville |
| | Welgevonden<br>Goedgevonden (Trust)<br>Nagel | 6 790 | Vestiging na eie keuse in verskillende stamgebiede en Trust |
| | Kwaggaslaagte 121 IP | 3 003 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Dunbar 119 IP | 291 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Houtkop 152 IP | 2 571 | Roslin-plase, Mafeking |
| | Hartbeeslaagte<br>Swartkop | 7 866 | Vlakfontein-Palmietfontein-omgewing |
| | Doornkop | 3 513 | Mahobieskraal |
| Koster | Syferfontein 496 JP | 73 | Deelpan-area |
| | Rietfontein 464 JP | 185 | Deelpan-area |
| | Kafferskraal 403 JP | 3 944 | Roslin-plase, Marico-omgewing |
| Brits | Boschfontein | 1 072 | (Nog geen duidelikheid oor alternatiewe vestigingsgebiede nie.) |
| | Mogaleslokasie | 4 649 | " |
| | Uitvalgrond | 96 | " |

die verskuiwing van die bewoners na die Barôlôngarea in Lichtenburg-Mafeking, bemoeilik. Eerstens is daar die geweldige koste verbonde aan (1) die verkryging van vergoedende grond, (2) vergoeding vir verbeterings en ongerief, en (3) vervangende geriewe en dienste. Tweedens moet in aanmerking geneem word dat 'n sterk Suid-Sotho-element oor die jare in die gebied gevestig geraak het waardeur die etniese inpassing van die bevolking by verwante groepe in Bophuthatswana uiters moeilik geword het. Derdens het Tswanapolitici die bewoners van die gebied meegedeel dat die gebied nie 'n swartkol is nie en verskuiwing nie sal plaasvind nie.[90] Vierdens word Thaba Nchu deur die Batswana gesien as "monument" van die goeie verhouding wat daar tussen stamhoof Moroka en die Afrikanerleiers gedurende die vorige eeu bestaan het[91] en dat die Blanke owerheid, as dit sy erns is om verhoudinge te bevorder, eerder die Blanke dorp (Thaba Nchu) sal verswart as die swart gebied sal verwit. Die historiese verbondenheid van die bewoners van die gebied, gelees met hulle arbeidslewering in die O.V.S., verswaar die moontlike verskuiwing verder.

Die teenkant is natuurlik ook gewigtig. Eerstens sal Bophuthatswana nie gekonsolideer kan word sonder dat Thaba Nchu opgeruim word nie. Tweedens is dit wel moontlik om vergoedende grond vir Thaba Nchu uit die kwota vir die Kaap en/of Transvaal te verkry en kan die oppervlakte van Thaba Nchu dan gevoeg word by die Suid-Sotho-gebied (Qwa-Qwa), in die O.V.S. wat onder die huidige omstandighede nie betekenisvol uitgebrei kan word nie omdat die kwota vir die O.V.S. feitlik volgekoop is.

---

90. *Ibid*, p.433.

91. *Ibid*, p.444.

Volgens die jongste konsolidasieplan vir Bophuthatswana is Thaba Nchu nie 'n swartkol nie en daarby is aangekondig dat die gebied met 7 000 ha vergroot gaan word.[92] Dië (voorlopige?) besluit is in ooreenstemming met die houding van die Tswana=kabinet,[93] maar te oordeel aan roeringe ten opsigte van 'n Suid-Sotho-tuisland kan die finaliteit van die besluit bevraag=teken word.

## 1.3 Samevatting

Vir die bestaan van 'n volk en 'n nasie is die feit van 'n eie grondgebied van die uiterste belang. Voogsbeleid wat op nasie=vorming binne die bevoogde ingestem is, moet dus ook voorsiening maak vir die bestaan van 'n afsonderlik aanduibare grondgebied waarbinne bevoogde eenhede tot nasieskap kan kom. In hierdie verband kan die volgende samevattende punte ten opsigte van die voogsaanbod aan die Tswana gemaak word:

(a) Vanweë die etniese gefragmenteerdheid binne die Batswana enersyds en gebiedsbesetting deur die Blanke andersyds, het die Tswanastamme in 'n gefragmenteerde grondgebied gevestig geraak.

(b) In 1913 is wetlike beslag aan hierdie geografiese gefrag=menteerdheid gegee en is, vanweë die verbod op die verkryging van eiendomsreg op grond buite die Gelyste Gebiede deur Bantoe en binne daardie gebiede deur Blankes, verdere fragmentasie voorkom maar terselfdertyd konsolidasie verhinder.

(c) Sedert 1913 is gepoog om groter grondgebied vir die Bat=

---

92. *Die Transvaler.* 21/9/73.

93. *Die Vaderland.* 10/4/73.

swana daar te stel en om die gegewe gebiede te konsolideer. Omdat grondgebied egter 'n primêre bron van sekuriteit is en die afstaan van grondgebied aan die Tswana deur die Blanke be= leef is as 'n wegkalwing van sekuriteit, het die voorsiening van grond baie stadiger geskied as die behoefte daaraan. Dit, gelees met die arbeidsbehoeftes van die Blanke, het gelei tot 'n uitstroming van Batswana uit hierdie gebiede na die Blanke= gebied.

(d) In 1936 word verdere grondgebied vir die Tswana oopgestel en word die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, 'n liggaam wat sou om= sien na die behoeftes van die Bantoe, in lewe geroep.

(e) Vanweë die gebrek aan middele is relatief min grond deur Tswana aangekoop en was dit by uitstek die Blanke wat deur mid= del van die S.A.B.T. grond vir bewoning deur, en eventuele oor= drag aan Tswana, aangekoop het.

(f) Omdat historiese omstandighede en gebeure 'n patroon van geografiese ongekonsolideerdheid van Tswana- sowel as Blankege= bied veroorsaak het en dit as benadelend vir beleidsuitvoering beskou is, is verskeie voorstelle vir konsolidasie reeds gemaak. Omdat verskeie Blanke streke deur die voorstelle geïmpliseer is en Blanke teenstand ontlok het, het die proses van konsolidasie baie stadig gevorder.

(g) Omdat grondgebied so 'n wesentlike faktor in die bestaan van mensegemeenskappe is, is dit logies dat die belanghebbende partye alles in die stryd sal werp om soveel moontlik grondge= bied te bekom of te behou. Daarom het die Blanke owerheid deur= gaans die standpunt gestel dat die verpligting van die Blanke ten opsigte van grondvoorsiening aan die Bantoe as nagekom be= skou sal word nadat die oppervlaktes bepaal in die 1936-wetge=

wing aan die Bantoe oorgedra is. Dit sou ook geld vir doel= eindes van konsolidasie. Konsolidasie kon hierna bewerkstellig word deur die ruil van grond tussen Blankes en Batswana.

(h) Van owerheidsweë word aanvaar dat die grondgebied van die Tswana 'n basis bied vir nasievorming, maar binne sekere Blanke kringe is reeds geredeneer dat die voorsienings van die 1936-wetgewing onvoldoende is vir die uitvoering van die afsonder= likheidsbeleid en dat die 1936-wetgewing dus nie as finale basis vir grondvoorsiening en -konsolidasie kan dien nie.[94]

## 2. Staatsvorming

### 2.1 1910 - 1959: Differensiële inkorporasie

Die verskil in beleidsoogmerke van Transvaal en die O.V.S. ener= syds en die Kaapkolonie andersyds ten opsigte van die bevoogde Bantoe, veroorsaak reeds voor 1910 'n verskil in die formule vir die staatkundige ontwikkeling van die Batswana. Die aanvaar= ding van die *status quo* in 1909 kontinueer hierdie verskil binne die Unie tot en met 1936. Ná 1936 is die formule van staatkun= dige ontwikkeling (die politieke aanbod) in beginsel dieselfde vir alle Batswana naamlik differensiële inkorporasie binne die Unie as eenheidstaat onder Blanke beheer, maar dan ook nie as Batswana nie maar as 'n ongeïdentifiseerde onderdeel van die Bantoebevolking as geheel. Hierdie globale (rasse-) benadering sou ook geld ten opsigte van die administratiewe en regsplegende strukture. Oor die aard en inhoud van die aanbod wat geld tot in die laat vyftigerjare, hoef daar nie volledig gehandel te word nie. Die onderstaande samevattings ten opsigte van poli=

---

94. *Die Transvaler*, 5/9/74. *Woord en Daad*. September 1974.

tieke verteenwoordiging, administratiewe ontwikkeling en regs=pleging, word dan ook slegs as agtergrond vir die na-1948 se aanbod aan die Tswana, gestel.

2.1.1 Politieke verteenwoordiging

Die Tswana in die Kaapprovinsie wat voldoen het aan die beska=wingstoets soos aanvanklik gestel in die *Cape of Good Hope Con=stitution Ordinance, 1853* en aangevul deur die *Franchise and Ballot Act, 1892*, het tot en met 1936 op dieselfde kieserslys as Blankes gestem. Ingevolge die *Naturelleverteenwoordigings=wet, 1936* word hulle egter van die gemeenskaplike kieserslys verwyder en kry die bevoegdheid om tesame met ander Bantoe in die Kaap (uitgesonderd die Transkei) hulle stemme in slegs een kiesgebied uit te bring met die oog op die verkiesing van een Blanke senator. Dié verkiesing sou geskied deur 'n kieskollege bestaande uit die verskeie stemeenhede binne die kiesgebied. Die Tswana in Transvaal en die O.V.S. verkry in 1936 ook die be=voegdheid om tesame met die ander Bantoegroepe in die gebiede en op dieselfde wyse ook een Blanke senator aan te wys.[95] Wat die Volksraad en Kaapse Provinsiale Raad betref, het die Tswana in die Kaap hulle stemme binne slegs een kieskring uitgebring vir een verkose lid van die Volksraad[96] en tesame met ander Bantoe deelgeneem aan die verkiesing van een lid van die Pro=vinsiale Raad.[97] Die Tswana in Transvaal en die O.V.S. het geen verkose verteenwoordiging in die Volksraad en provinsiale rade geniet nie.

Dus geniet die Batswana tussen 1910 en 1959 uiters beperkte ver=teenwoordiging volgens die Westerse demokratiese stelsel. Die

95. Unie van S.A. *Wette van die ... 1936. Naturelleverteenwoor=digingewet, 1936* (12/36), artt. 2-4.
96. Jeppe, *op. cit.*, p.232.
97. Unie van S.A. *Wette van die ... 1936. Naturelleverteenwoor=digingewet, 1936* (12/36), artt. 6-18.

invloed van die Naturelle Verteenwoordigende Raad, ingestel in 1936 en ten opsigte waarvan die Tswana hulle stemme kon uitbring, was, juis omdat dit bloot adviserend was, so gering dat dit feit=lik net van akademiese belang was. Die effektiewe beheer van die Blanke oor die kanale vir rekrutering tot die reëlmakende liggame van die land het daarvoor gesorg dat die politieke gesag in Blanke hande sou bly. 'n Radikale verbreding van politieke verteenwoordiging vir die Bantoe binne die parlement en uitein=delike oorgawe van die regeergesag aan dié groep sou dan ook a-histories en anti-empiries wees. Dus is hierdie aanbod nie alleen niksbeduidend nie maar het dit ook verwagtings by die Bantoe geskep sonder dat die Blanke bereid was en sou wees om die aangeduide weg konsekwent en enduit te loop.

## 2.1.2 Administratiewe ontwikkeling

Soos elders gestel, is die Batswana in al drie gebiede deelagtig gemaak aan die administratiewe strukture van die voog. Die struktuurkoppeling het plaasgevind op distriksvlak waar die stam=hoof of hoofman 'n administratiewe funksionaris onder die gesag van die magistraat of Naturellekommissaris geword het en sekere administratiewe en jurisdiese funksies aan hom toevertrou is. In 1910 is hierdie substrukture dan saamgetrek onder die Uniale departement van Naturellesake - waarvan die bestaan reeds heen=wys na differensiasie van Blanke en Bantoe op administratiewe vlak. Die plek en rol van stamhoofde en hoofmanne binne die administratiewe stelsel is nader omlyn deur die *Bantoe-administra=sie Wet, 1927,* proklamasies daarkragtens uitgevaardig en ver=skeie omsendskrywes uitgereik deur die Departement van Naturelle=sake. In hierdie verband tref dit dat stamhoofde om redes van administratiewe doelmatigheid erken moes word.

Waar daar in Transvaal en die O.V.S. aanvanklik geen raadstel= sels in landelike Bantoegebiede ingestel is nie, het die *Native Reserves Ordinance, 1907* en die *Naturellen Zaken Wet, 1920* wel sodanige ontwikkeling ten opsigte van die O.V.S. en Transvaal, respektiewelik, ingelui. Die reserwerade was gedeeltelik ver= kose en gedeeltelik benoem tot in 1940[98] toe dit oorwegend ver= kose liggame geword het, terwyl die wetgewing van 1920 oorwegend verkose plaaslike rade, waaruit 'n algemene raad op streeksgrond= slag verkies sou word, voorsien het. Albei maatreëls het uitge= gaan van 'n geografiese (i.p.v. etniese) grondslag en het weinig rekening gehou met die politieke kultuur van die Tswana. Dit is stellig hierom dat die stelsel so skoorvoetend ontwikkel het en daar in Transvaal, 28 jaar na die aanname van die wet, slegs vier plaaslike rade in Tswanagebied bestaan het, nl.

(a) Plaaslike Raad van Mafeking;
(b) Plaaslike Raad van Moilwa Reserwe;
(c) Plaaslike Raad van Rustenburg; en
(d) Plaaslike Raad van Taung.[99]

Geen algemene raad het in 1948 nog binne Tswanagebied bestaan nie.[100] Ten opsigte van Blanke stedelike gebiede het die *Natu= rellen Stadsgebieden Wet, 1923* aanleiding gegee tot die bestaan van adviserende rade binne dié gebiede. Die oorwegend-verkose rade is gekontinueer deur die *Naturelle Stadsgebiede (Konsolida= sie) Wet, 1945*, en het, soos hulle plattelandse teenhangers,

---

98. Proklamasie No. 164 van 1940 het die verkose element vermeer= der.

99. Ingestel deur proklamasies no. 211/1927; 134/1929; 134/1940 en 25/1940.

100. Hier is in gedagte te hou dat die wetgewing vir die inlewe= roeping daarvan toe reeds 28 jaar bestaan het.

weinig invloed uitgeoefen. Veel eerder het dit 'n platvorm ge=bied aan seepkis-politici wat onrealistiese beloftes aan kiesers gemaak het en onredelike eise aan plaaslike owerhede gestel het. Die reaksie van die Bantoebevolking op hierdie aanbod van inter=etniese adviserende komitees kan ook waargeneem word uit die besonder lae stempersentasies tydens verkiesing van die komi=tees.

### 2.1.3 Regsordening

Die regsplegende bedeling waarin die Batswana na 1910 geleef het, sou logies neerkom op 'n voortsetting van die pre-uniale bede=lings wat ingehou het dat die heersende Blanke regstelsel en algemene wetgewing geldend sou wees, tensy die wetgewer ander voorsiening uitdruklik vir die Bantoe sou maak ter vervanging van die geldende Gemenereg.[101] In die gegewe situasie met die gegewe kultuurverskille en gevolglik regsnorme, impliseer die toestand geen erkenning van Bantoereg nie maar bied dit slegs 'n beperkte geleentheid tot die erkenning van daardie elemente van die Bantoereg wat nie uitdruklik verbied is nie. Onder die om=standighede bied die *Bantoe-administrasie Wet, 1927* enigsins ruimer geleentheid vir die erkenning van Bantoereg, maar omdat dit aan die oordeel van die (Blanke) voorsittende beampte met sy ander kultuuragtergrond oorgelaat word om te besluit of 'n regs=beginsel in botsing is met die staatsgedragslyn of natuurlike regverdigheid, word die geleentheid geskep vir miskenning. Die bepaling van art. 11(1) van die wet, naamlik dat die *bogadi*-gebruik nie in stryd is met die aangeduide beginsels nie, is dus die betekenisvolste erkenning van Bantoereg deur dié wet.

---

101. Vgl. Brand, *op. cit.*, p. 203-204.

Afgesien van die erkenning van Bantoereg is ook die afsonder=like struktuur wat in 1927 vir die doeleindes van regspleging daargestel word, dog sonder om afbreuk te doen aan die reg van toegang deur Bantoe tot die gewone howe van die land, van gewig=tige betekenis. Statutêre erkenning word gegee aan die howe van kapteins en hoofmanne wat deur die Staatspresident (destyds die Goewerneur-generaal) erken of benoem is en deur die minister met regsmag beklee is. Appèl teen beslissings van hierdie howe sou aangeteken word by die hof van die Bantoesakekommissaris, waar=vandaan geappelleer kon word na die Bantoe-Appèlhof en uiteinde=lik na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika. Hierbenewens is ook Bantoe-egskeidingshowe in die lewe geroep wat konkurrente regsbevoegdheid met die Hooggeregshof sou hê.

Die ontstaan van hierdie howe, asook die gedeeltelike erkenning van Bantoereg, moet herlei word na die wydgevoelde behoefte aan 'n regsplegende bedeling wat met groter begrip die regsadministra=sie van die Bantoe sou kon waarneem. In die lig van die omstan=dighede was dit dus eerder die gevolg van praktiese noodsaak as ideologiese beheptheid.

In die lig van bostaande opmerkings moet die afleiding gemaak word dat die politieke aanbod aan die Tswana bestaan het uit dif=ferensiële inkorporasie binne die Blank-gedomineerde staat. Terselfdertyd egter, is die minimum toegewings aan die Tswana=kultuurbesit ten opsigte van die drie aangeduide velde gemaak, en het die toegewings wat wel gemaak is, gespruit uit die impera=tief van orde en het klaarblyklik nie voortgevloei uit ideolo=giese oorwegings nie. Verder het die aanbod geen erkenning van die Tswana as afsonderlike kultuurgroep bevat nie - nie met die oog op politieke verteenwoordiging nie en ook nie in administra=tiewe of judisiële opsig nie.

Die historiese omstandighede waaronder die verhouding tussen Blank en Bantoe in Suid-Afrika gegroei het; die ongelyke getal=lebedeling; die feit van ekonomiese simbiose, en die Britse nalatenskap in terme van politieke formules aan Suid-Afrika wat via die Suide die Unie van Suid-Afrika binnegewaai het, is en=kele faktore wat die aard van hierdie aanbod bepaal het. En die aanbod sou met mindere wysigings voortbestaan tot in die vyftigerjare waarna dit, indien gemeet aan die gang van gebeure in die politieke veld tot op däärdie tydstip, vinnig van inhoud verander het en oorgeloop het in staatkundige ontvoogding op etniese grondslag binne eie gebied.

## 2.2 1951 - 1968: Politiek-administratiewe struktuurskepping en -verandering[102a]

Oor die aard van die beleidsverandering wat in 1948 ingetree het, is reeds in die vorige hoofstuk gehandel. Ook is daarop gewys dat die na-1948-se beleid met betrekking tot staatkundige ont=wikkeling vir die Bantoe 'n paar riglyne op die voorgrond ge=stoot het, naamlik.

(a) dat sodanige ontwikkeling op 'n etniese grondslag moes ge=skied;

(b) in die Bantoegebied gesetel moes wees;

(c) die tradisionele bestuursinstellings van die verskillende etniese groepe as aanvangspunt moes neem; en

(d) moes lei tot die ontstaan van selfbesturende state.

---

102a. Hieronder word ruimskoots gebruik gemaak van skrywer se by=drae getiteld: Konstitusionele Ontwikkeling. *In:* Moolman, J. H. en G. M. E. Leistner (Reds.) *Bophuthatswana: Hulp=bronne en Ontwikkeling*. Afrika-Instituut. Pretoria. 1974.

Dit het geimpliseer dat ook 'n Tswanastaat tot stand moes kom.

### 2.2.1 Tuislandse strukture

Met die oog op die daarstelling van 'n sentrale gesagsliggaam vir die Tswana moes daar noodwendig 'n onderbou van plaaslike bestuursliggame erken of geskep word vir die uitvoering van plaaslike bestuursfunksies en om as basisse te kon dien vir ver= teenwoordiging na die sentrale liggaam. Gevolglik word die plaaslike rade wat binne Tswanagebied bestaan het, stelselmatig ontbind en kom daar 'n struktuur tot stand bestaande uit stam= owerhede, streeksowerhede en met as sentrale liggaam en proto-Tswanaparlement, 'n Tswanagebiedsowerheid. Die verandering ge= skied ingevolge die *Wet op Bantoe-owerhede, 1951.*

In ooreenstemming met die beleidspunt dat gebou moet word op die tradisionele gesagsinstellings,word die tradisionele *lekgotla,* dit wil sê die stamhoof-in-rade, dan erken as 'n stamower= heid.[102b] En alhoewel aanvanklik voorsiening gemaak is vir die benoeming van enkele persone deur die Bantoesakekommissaris as bykomstige raadsmanne van die stamowerheid,[103] is daar met dié voorsiening weggedoen en is 'n stamowerheid deur die *Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1964* omskryf as 'n bestaande vorm van Bantoestamregering.[104] Die inisiatief word gelaat in die hande van die stamhoof om "met die instemming van die erken= de raadsmanne van die owerheid" een of meer ander persone as

102b. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Dept. van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling. Algemene Omsendbrief no. 6 van 1965.

103. UNIE VAN SUID-AFRIKA. *Algemene Regulasies vir Bantoe= stamowerhede.* (Gk. 939 van 1953). *Staatskoerant,* 18 Mei 1953. Staatsdrukker. Pretoria. 1953.

104. Art. 77.

raadsmanne aan te stel.[105] Om terminologiese verwarring te voorkom moes daar dan ook na 'n stamowerheid verwys word as *pusô ya morafe*.[106] So 'n owerheid word dan deur die Staatspre= sident ingestel nadat die minister die betrokke stam geraad= pleeg het oor hoe die stamowerheid saamgestel moet word, wat die naam daarvan moet wees en oor die gebied waaroor dit gesag voer.

Deur die toepassing van die wet (wat nie sonder verskeie strui= kelblokke plaasgevind het nie),[107] kom 'n sewentigtal stamower= hede tot stand in Tswanagebied en word die amptelike-erkende gesagsliggame van die verskillende Tswanastamme. Die name van dié owerhede verskyn hieronder. Met die oog op identifisering en lokalisering is dieselfde syfers wat in hoofstuk IV aange= wend is, ook hier aangewend. Onderstaande lys van stamowerhede moet dus gelees word saam met die kaart by Bylaag C.

Omdat alle Tswana in die Bantoegebied nie binne stamme woon en onder kapteins of hoofmanne staan nie (eienaars van privaatgrond en ook talle gemeenskappe wat Trustgrond bewoon), kan stamower= hede nie ten opsigte van alle Tswanasametrekkings ingestel word nie. Om gemeenskappe wat nie stamme is nie in die stelsel te betrek is oorgegaan tot die instelling van gemeenskapsowerhede

---

105. UNIE VAN SUID-AFRIKA. *Algemene Regulasies vir Bantoe= stamowerhede*. (Gk. 939 van 1953), soos gewysig deur Rep. van S.A. *Wysiging van die Algemene Regulasies vir Bantoe= stamowerhede* ... (Gk. 527 van 1965). *Staatskoerant*, 15 April 1965. Staatsdrukker. Pretoria. 1965.

106. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Dept. van Bantoe-administra= sie en -ontwikkeling. Algemene Omsendbrief no. 6 van 1965.

107. Vgl. Maritz, *op. cit.*, (1965), p.121 *et seq.* en C. J. Coetzee, *op. cit.*, (1972), p. 163 *et seq.*

(waarna verwys is as *pusô ya baagisani)*[108] ten opsigte van sulke gemeenskappe.[109] So 'n owerheid kon dan ingestel word ten opsigte van 'n Bantoegebied gesamentlik bewoon deur 'n stam en 'n gemeenskap, twee of meer stamme of gemeenskappe, ens. In teenstelling met 'n stamowerheid is 'n gemeenskapsowerheid, ingestel ten opsigte van 'n gemeenskap, 'n verkose liggaam met 'n ampstydperk van drie jaar. (Die gemeenskapsowerhede wat reeds binne die Tswanagebied ingestel is, is ook opgeneem in die onderstaande tabel en word, soos stamowerhede, gelokaliseer deur 'n syfer op die kaart by Bylaag C.)

As hoeksteen van die stelsel is stam- en gemeenskapsowerhede primêr beskou as administratiewe eenhede vir plaaslike aange= leenthede omdat daar 'n bevredigende verband tussen bevolking en owerheid bestaan. Hiermee word dan aansluiting gesoek by die Tswana se politieke kultuur.

Met die oog op voldoening aan die integrasie- en ontwikkelings= dimensie is voorsiening gemaak vir die instelling van 'n streeks= owerheid ten opsigte van die gebiede van twee of meer stam- en/of gemeenskapsowerhede.[110] Hierdie liggaam wat in wese 'n federasie van stam-/gemeenskapsowerhede is, word saamgestel uit die stamhoofde van die saamstellende stamowerhede *(ex officio)* en soveel raadsmanne van elke stamowerheid/gemeenskapsowerheid as wat dienstig geag word, plus enkele lede benoem deur die

---

108. Algemene Omsendbrief no. 6 van 1965.

109. UNIE VAN SUID-AFRIKA. *Wet op Bantoe-owerhede, 1951.* Art. 2 (1) (a)(ii) soos gewysig deur Rep. van S.A. *Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1968.*

110. UNIE VAN SUID-AFRIKA. *Wet op Bantoe-owerhede, 1951.* Art. 2(1)(b).

Bantoesakekommissaris.[111] Binne die Tswanagebied sou stamowerhede gelyklik verteenwoordig word op streeksowerhede ten spyte van die verskil in grootte tussen stamme. Die stamhoof met die hoogste rang in die streeksowerheid sou voorsitter daarvan wees met die bevoegdheid om 'n verteenwoordiger te benoem wat namens hom die funksies van die voorsitter sou uitvoer.

Dan is dit ook op te merk dat die funksies van stam-/gemeenskaps- en streeksowerhede komplementêr sou wees en dat 'n streeksowerheid nie gesag oor sy samestellende laere owerhede sou voer nie. Aan streeksowerhede is 'n reeks funksies opgedra wat neerkom op die bevordering van die geestelike en materiële welsyn van die gemeenskap en vir take wat wyer as stamgrense gaan. Gevolglik het streeksowerhede toenemend funksies uitgevoer wat aanvanklik deur die S.A.B.T. uitgevoer is en wel met fondse verkry van die S.A.B.T.[112]

Omdat die Tswana, in teenstelling met die Zulu of Suid-Sotho, geen breër integrasie as binne stamverband geken het nie, is 'n streeksowerheid waarin verskeie stamme saamgetrek word, 'n skepping van die Blanke owerheid. Dit het geen prototipe by die Tswana nie.

Die sentrale liggaam wat mettertyd sou ontwikkel in die wetgewende vergadering van Bophuthatswana en waarby alle Tswanastreeksowerhede ingeskakel word, was die Tswanagebiedsowerheid. Met die oog op inskakeling by die Tswanagebiedsowerheid, wat

---

111. UNIE VAN SUID-AFRIKA. *Algemene Regulasies vir Bantoestreeksowerhede*. (Gk. 1178 van 1957). *Staatskoerant*. Staatsdrukker. Pretoria. 1957.

112. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Algemene Omsendbrief no. 17 van 1962.

deur Goewermentskennisgewing no. 585 van 1961 in lewe geroep is, sou elke streeksowerheid twee tot vyf lede benoem wat sitting in die gebiedsowerheid sou neem. Die voorsitters van die same=stellende streeksowerhede sou ampshalwe lede van die gebieds=owerheid wees en dan sou, afhangend van die grootte van die streeksowerheid, nog lede deur elke streeksowerheid aangewys word as gebiedsowerheidslede. Die verkose voorsitter en onder=voorsitter van dié owerheid moes kapteins wees. Die ampstyd=perk van lede sou na vyf jaar verstryk.

Die gebiedsowerheid sou ook 'n uitvoerende komitee hê, bestaande uit die voorsitter en onder-voorsitter plus die voorsitters van die samestellende streeksowerhede. Die uitvoerende komitee het ook verskeie sub-komitees benoem wat aanbevelings aan die gebiedsowerheid kon maak oor verskillende aangeleenthede soos inskakeling van stedelinge, onderwys, finansies, ens. Die uitvoerende komitee sou twee-maandeliks vergader, terwyl die volle gebiedsowerheid eenkeer per jaar sou vergader om mosies te oorweeg.

Die Tswanagebiedsowerheid het in 1961 te Potchefstroom ontstaan met as eerste voorsitter kaptein T. R. Pilane, stamhoof van die Bakgatla ba ga Kgafêla van Saulspoort, Pilanesberg. As onder=voorsitter is aangewys kaptein L. M. Mangope, stamhoof van die Bahurutshe boo Manyane van Motswedi, Zeerust. Ten tye van in=stelling het die gebiedsowerheid agt streeksowerhede omvat wat later vermeerder het tot dertien. Die gebiedsowerheid, sy same=stellende streeksowerhede en die stam-/gemeenskapsowerhede waar=uit die streeksowerhede saamgestel is, is dan soos hieronder aangedui. (Ou distriksbenaminge word gebruik).

a. *Tswanagebiedsowerheid.* Ingestel deur Gk. 585 van 1961.

1. *Ditsobotlastreekowerheid,* Lichtenburg-distrik. (Gk. 432/1963 soos gewysig deur Gk.1587/1964).

(a) Bafokeng ba ga Motlalastamowerheid. (59) (Gk. 107/1959)
(b) Kopanogemeenskapsowerheid. (78) (Gk. 1987/1962, gewysig deur Gk. 2071/1967)
(c) Molete Bakolobengstamowerheid. (75) (Gk. 610/1961)
(d) Batloungstamowerheid. (70) (Gk. 1408/1962 en 3091/1969)
(e) Tau Rapulanestamowerheid. (9) (Gk. 657/1961)
(f) Ratlou Barôlôngstamowerheid. (5) (Gk. 1586/1964 en 279/1968)

2. *Huhudi Bechwanastreeksowerheid,* Vryburg-distrik. (Gk. 351/1961)

(a) Tlou le Taustamowerheid. (1)
(b) Morokwengstamowerheid. (4)
(c) Motitonstamowerheid. (24)
(d) Batlhapingstamowerheid. (21 en 22)
(e) Batlharostamowerheid. (34)

(Gk. 579/1957, soos gewysig deur Gk. 171/1958, 428/1961)

3. *Odistreeksowerheid,* Brits-Pretoria-Rustenburg-distrik. (Gk. 555/1971).

(a) Bakgatla ba Mmakaustamowerheid. (38) (Gk. 842/1960)
(b) Sechaba-sa-Bataungstamowerheid. (72) (Gk. 1015/1961)
(c) Bapô ba Mogalestamowerheid. (66) (Gk. 1659/1968)
(d) Bakwêna ba Mogôpastamowerheid. (50) (Gk. 605/1970)

4. *Madikwestreeksowerheid,* Rustenburg-distrik. (Gk. 1111/ 1967 en gewysig deur Gk. 824/1969).

(a) Bahurutshestamowerheid. (32) (Gk. 268/1957; 1656/1963)
(b) Batlokwa ba ga Bogatsustamowerheid. (48) (Gk.1677/1965)

(c) Bakwêna ba Modimosana ba Mathlakustamowerheid. (55) (Gk. 77/1967)

(d) Bakwêna ba Modimosana ba Mmataustamowerheid. (54) (Gk. 161/1967)

(e) Baphiringstamowerheid. (15) (Gk. 1529/1963)

(f) Bahurutshe boo Mokgatlhastamowerheid. (80) (Gk. 1836/1963)

(g) Batlokwa ba Kgosistamowerheid. (47) (Gk. 1277/1953)

(h) Barokologadistamowerheid. (74) (Gk. 618/1958)

(i) Amahlubistamowerheid. (76) (Gk. 1279/1953)

(j) Batlokwa ba Sedumedistamowerheid. (46) (Gk. 76/1955)

(k) Bakwêna ba Modimosana ba Maakastamowerheid. (53) (Gk. 1342/1967)

(l) Manamêlastamowerheid. (52) (Gk. 2091/1960)

5. *Pilanesbergstreeksowerheid,* Pilanesberg. (Gk. 1780/1958; 1443/1959; 1562/1962; 1043/1965; 824/1969).

(a) Batlhalerwastamowerheid. (73) (Gk. 1278/1953)

(b) Baphalanestamowerheid. (56) (Gk. 1280/1953; 2457/1954)

(c) Batlhako ba Leêmanastamowerheid. (69) (Gk. 1281/1953)

(d) Bakgatla ba ga Kgafêlastamowerheid. (37) (Gk. 1276/1953; 1929/1956)

(e) Bapô No. 2-stamowerheid. (67) (Gk. 1933/1956)

(f) Kameelboomgemeenskapsowerheid. (81) (Gk. 1484/1958; 373/1968)

(g) Batlhakostamowerheid. (68) (Gk. 681/1959)

(h) Bataung ba Maubanestamowerheid. (45) (Gk. 180/1962)

(i) Bakubung ba Ratheostamowerheid. (13) (Gk. 1678/1967)

6. *Barôlôngstreeksowerheid,* Mafeking-distrik. (Gk. 609/1961; 1032/1961; 1343/1967)

(a) Tshidi-Barôlôngstamowerheid. (7) (Gk. 860/1958; 1090/1964; 3086/1969)

(b) Tshidi-Molefe-Barôlôngstamowerheid. (12) (Gk. 1879/1957; 3088/1969)

(c) Motsewakhumostamowerheid. (3) (Gk. 982/1957; 3087/1969)

(d) Barôlông boo Ratlou boo Maribastamowerheid. (2) (Gk. 191/1959; 3133/1969)

(e) Barôlông boo Rapulanastamowerheid. (10) (Gk. 1031/1961)

(f) Masibi-Batlharostamowerheid. (35) (Gk. 1090/1964; 882/1969)

(g) Barôlông boo Ratloustamowerheid. (6) (Gk. 1385/1965)

7. *Bakgatla-Ndebelestreeksowerheid*, Hammanskraal-gebied. (Gk. 23/1969; 825/1969).

(a) Amandebelestamowerheid (62) (Gk. 788/1957; 98/1966)

(b) Bakgatla ba Mosetlhastamowerheid. (36) (Gk. 788/1957; 98/1966)

(c) Bakgatla ba Motshastamowerheid. (40) (Gk. 333/1959; 1621/1965; 1021/1966)

(d) Bahuadubastamowerheid. (61) (Gk. 953/1958; 1621/1965; 2021/1966)

(e) Bakgatla ba Mphe Bathostamowerheid. (44) (Gk. 868/1959)

(f) Bakgatla ba Mmakaustamowerheid. (39) (Gk. 1727/1958)

(g) Mfatlhastamowerheid. (65) (Gk. 1381/1959; 1357/1964)

(h) Vuka-u-Zenzelastamowerheid. (82) (Gk. 1339/1962)

(i) Litho-Ndebele-Ndzundzastamowerheid. (63) (Gk. 2084/1966)

(j) Modimollegemeenskapsowerheid. (83) (Gk. 61/1966)

(k) Thaba ya Bathogemeenskapsowerheid. (84) (Gk. 69/1966)

(l) Ba Moreteletsagemeenskapsowerheid. (85) (Gk. 2019/1966)

(m) Barôlôngstamowerheid. (11) (Gk. 220/1957; 644/1965)

(n) Bakgatla ba Motshastamowerheid. (42)(Gk. 1743/1965; 2020/1966)

(o) Winterveldgemeenskapsowerheid. (86) (Gk. 817/1967; 1452/1968)

(p) Bakgatla ba Seabestamowerheid. (43) (Gk. 1954/1967)

(q) Amandebele-aba-ga-Manalastamowerheid. (64) (Gk. 1467/1967)

8. *Bahurutshestreeksowerheid,* Marico. (Gk. 335/1959).

(a) Bahurutshe ba ga Lentswestamowerheid. (31) (Gk. 412/1954; 568/68)

(b) Gopanestamowerheid. (30) (Gk. 790/1957; 569/1968)

(c) Motswedistamowerheid. (27) (Gk. 790/1957; 569/1968)

(d) Ba ga Malete ba ga Mokgobjwastamowerheid. (71) (Gk. 1587/1958; 370/1968)

(e) Bahurutshe ba ga Supingstamowerheid. (28) (Gk.1587/1958; 370/1968)

(f) Bahurutshe ba ga Moilwastamowerheid. (29) (Gk.1591/1958; 372/1968)

9. *Taungstreeksowerheid,* Taung. (Gk. 376/1958; 1592/1958).

(a) Baphuduhutswanastamowerheid. (20) (Gk. 444/1957)

(b) Ba ga Maïdistamowerheid. (25) (Gk. 444/1957)

(c) Majeakgôrôstamowerheid. (18) (Gk. 317/1958)

(d) Mamutlastamowerheid. (87) (Gk. 868/1958)

10. *Seokama Dichabastreeksowerheid,* Kuruman-distrik. (Gk. 358/1958).

(a) Batlhapingstamowerheid. (17) (Gk. 1932/1956)

(b) Ba ga Motlwarestamowerheid. (33) (Gk. 806/1955)

11. *Bafokengstamowerheid.* (58), Rustenburg-distrik. Ingestel deur Goewermentskennisgewing no. 1525/1966 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing no. 156/1968. Die stam=owerheid is beklee met die magte, pligte en bevoegdhede van 'n streeksowerheid deur Gk. 320 en 321 van 1966.

12. *Barôlôngstamowerheid.* (8), Thaba Nchu. Ingestel deur Gk. 1275 van 1953 en beklee met die magte, pligte en bevoegd=hede van 'n streeksowerheid deur Proklamasie 136 van 1953.

13. *Batlhapingstamowerheid.* (23), Herbert. Ingestel deur Gk. 314 van 1957 en beklee met die magte, pligte en bevoegd=hede van 'n streeksowerheid deur Proklamasie 245 van 1957.

Hierdie owerhede is ingestel ten opsigte van gebiede wat as deel van die Tswanatuisland beskou is. Omdat verskeie stamme en ge=meenskappe egter op swakgeleë Bantoegebiede (swartkolle) woon=agtig is/was, is van owerheidsweë besluit om, in afwagting van hulle verskuiwing, ook ten opsigte van hûlle owerhede te erken en in te stel. Gevolglik kom die -

(a) Bakwêna ba Lotshanestamowerheid (57), Ventersdorp-distrik;
(b) Bechwanastamowerheid (88), Skeynfontein, Postmasburg; en
(c) Bachwenengstamowerheid (89), Groenwater, Postmasburg,

tot stand deur, respektiewelik, Gk. no's 946/1958 en 1968/1956.

Volgens inligting wat in 1972 bekom is, is daar nog enkele stam=me ten opsigte waarvan daar nie stamowerhede ingestel is nie, terwyl die owerhede hierbo aangedui met die nommers 78 tot 89 ôf stamowerhede ingestel onder hoofmanne is ôf stamowerhede is

wat gemeenskapsowerhede behoort te wees ôf gemeenskapsowerhede is.

Die administratiewe struktuur waardeur die Blanke oppergesag beheer oor die Batswana uitgeoefen het (Hoofbantoesakekommis=sarisse en Bantoesakekommissarisse) is nie deur die opbou van die Bantoe-owerhedestruktuur geraak nie en bly onveranderd tot in 1968. So ook die struktuur vir regspleging.

Soos reeds aangedui, sou "volgens Bantoereg en -gebruik" swaar aksent in hierdie Bantoe-owerhedestruktuur geniet. En alhoewel die indruk kan ontstaan dat al die lede van die gebiedsowerheid gevolglik stamhoofde sou wees, was dit nie die geval nie. Jeppe wys dan ook daarop dat die gebiedsowerheid in 1969 uit 29 kapteins, 7 hoofmanne en 23 "gewone" lede bestaan het.[113] Al die kapteins was dus nie lede van die owerheid nie. Trouens, afgesien van die twaalf kapteins wat aanvanklik *ex-officio*-lede van die owerheid was, is slegs 35% van die oorblywende aantal kapteins deur streeksowerhede aangewys as lede van die gebieds=owerheid.[114] In terme van die konstitusie was daar egter geen algemene verkiesing nie en kon 'n persoon slegs lid word van die gebiedsowerheid indien hy lid was van 'n stam-/gemeenskaps- of streeksowerheid. Die struktuur soos aanvanklik daargestel, het dus geen direkte verteenwoordiging gebied aan Batswana woonagtig buite die tuisland of in Bantoedorpe in die tuisland nie - behalwe insoverre hierdie Batswana hulleself nog ver=eenselwig het met die stamverband en die stamowerheid as ver=teenwoordiger van hulle belange beskou het. En dit kon met sekerheid aanvaar word dat hierdie Batswana toenemend vervreem

113. *Op. cit.*, p.235.

114. *Loc. cit.*

sou raak van die stamverband en dus die aanvaarding van 'n stam=owerheid as bevoegde verteenwoordiger toenemend sou bevraagteken.

Ten opsigte van die bestuur en verteenwoordiging van Bantoedorpe in die Tswanagebied het die regulasies afgekondig onder Proklamasie R293 van 1962 die instelling van dorpsrade in vooruitsig gestel.[115] Ondertussen sou dit bestuur word deur superintendente onder beheer van Bantoesakekommissarisse. Tevergeefs word daar egter in die proklamasie gesoek na die patroon waar=volgens die dorpsbewoners en hulle bestuur (dorpsraad) ingeskakel sou word by die Bantoe-owerhedestruktuur [116] nieteenstaande die onomwonde stelling dat die bestuur van die dorpe "ingeskakel (sal) word onder die Bantoe-owerhedestelsel".[117] Die naaste wat daar op dáárdie tydstip aan inskakeling gekom is, is die voorsiening gemaak deur regulasie 2(1) van Hoofstuk *Agt*: 'n Kaptein in wie se regsgebied so 'n dorp aangelê is, kan 'n verteenwoordiger op so 'n dorpsraad benoem om die kaptein (nie die stamowerheid nie) te verteenwoordig. Die kaptein kan dus verteenwoordig word op die dorpsraad sonder dat die dorpsraad verteenwoordig word op die stam- en dus streeksowerheid. Onder daardie omstandighede is die gedagte van Henning geldig, naam=lik "Dit (dorpsrade) sal, ... uiteindelik plaaslike owerhede word wat in 'n besondere gebied of land aan geen bowestruktuur gebonde is nie. Die enigste ... aan wie ... verantwoording verskuldig sal wees, is aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling".[118] Omdat dit egter in terme van beleid

---

115. Republiek van S.A. Prokl. R 293/1962. Hoofstuk 8.
116. Vgl. ook Jeppe, *op. cit.*, p.221 en Henning, *op. cit.*, p.273.
117. Henning, *op. cit.*, p.269.
118. *Ibid.*, p.273.

onhoudbaar sou wees, sou 'n patroon van inskakeling gevind moes word.

### 2.2.2 Skakelstrukture

Alhoewel daar tot en met 1968 geen pogings tot inskakeling van die Tswana op Blanke plase by die tuislande owerheidstruktuur plaasgevind het nie, is daar reeds in 1959 voorsiening gemaak vir politieke skakeling tussen die Blanke oppergesag en tuis= landse owerheidstruktuur enersyds, en vir administratiewe ska= keling tussen die tuislandse gebiedsowerheid en die Tswana in Blanke stedelike gebiede andersyds. Sover dit die eerste aspek betref, word, met die beëindiging van verkose politieke verteen= woordiging vir Bantoe in die Blanke parlement, 'n politieke skakel ook tussen die Tswana en die Blanke oppergesag voorsien in die vorm van 'n kommissaris-generaal. Hierdie politieke funksionaris sou dit as taak hê om leiding aan die Tswana te gee in onder meer die proses van staatkundige opbou en terself= dertyd die Blanke oppergesag te adviseer oor die wense en be= hoeftes van die Tswana. In terme van beleid sou dié pos metter= tyd moes oorgaan in die van hoëkommissaris of ambassadeur van die Republikeinse regering by die Tswanastaat. Sover dit die tweede aspek (wat reeds volledig elders beskryf is),[119] aanbe= tref, word net daarop gewys dat -

(a) daar reeds vanaf die vroeë sestigerjare van owerheidsweë erkenning verleen is aan die verteenwoordigers wat deur Tswanastamhoofde benoem is by hulle volgelinge in Blanke stedelike gebiede;

---

119. Maritz, 1965, p.186 *et seq*. Vgl. ook Mentz, J.C.N. Die Stedelike Bantoeraad van Welkom. M.A.-verhandeling. P. U. vir C.H.O. 1970, p.38 *et seq*.

(b) die gekose komponent van Stedelike Bantoerade, ingestel ingevolge die *Wet op Stedelike Bantoerade, 1961*, saamge= stel moes word uit hierdie kapteinsverteenwoordigers. Daardeur is gepoog om 'n sterker kontak tussen stedeling en tuisland te skep wat ook vir politieke en administra= tiewe doeleindes aangewend sou kon word deur die gebieds= owerheidsverteenwoordiger;

(c) 'n Gebiedsowerheidsverteenwoordiger, wat die tuislandse owerheid by die Tswana in die Blanke stedelike gebiede sou verteenwoordig en omgekeerd, deur die gebiedsower= heid aangestel sou word ingevolge die *Wet op die bevor= dering van Bantoeselfbestuur, 1959*, en

(d) die gebiedsowerheidsverteenwoordiger 'n raad sou saam= stel om hom by te staan in sy funksies van verteenwoor= diging en advieslewering. Soos oorspronklik gevisuali= seer sou hierdie raad saamgestel word uit die erkende verteenwoordigers van Tswanastamhoofde in Blanke stede= like gebiede.

Omdat talle Tswana reeds vir geslagte in Blanke stedelike ge= biede woonagtig is en nie meer kapteinsgesag en stamverband aan die lyf ervaar het nie, het hulle ontstam geraak sonder om eg= ter (noodwendig) gedenasionaliseerd/gedeëtniseerd te raak. Ge= volglik het pogings om 'n skakelnetwerk tussen die Tswanage= biedsowerheid en Tswana in Blanke stedelike gebiede op die sluitsteen van kapteinsverteenwoordigers te bou, betreklik vrug= teloos geblyk te wees. Dit was dan ook eers nadat die klem vanaf die *stam* na die Tswana-*volksgroep* as basis vir die beoogde skakelorganisasie verskuif is en die probleem vanuit die Blanke stedelike gebied benader is, dat daarin geslaag is om 'n oor= koepelende skakelorganisasie op te bou. Dié organisasie -

waarna deur Batswana verwys is as "Urban Tswana National Unit" - was uiteraard stedelik-gebaseerd en het bestaan uit Batswana wat *uit die oogpunt van die stedelike gebied* as leiersfigure beskou is. Hierdie "Urban Tswana National Unit" is in kontak met die Uitvoerende Komitee van die Gebiedsowerheid gebring in die vroeë sestigerjare en daar is besluit dat die stedelike organisasie skakel- en organisasiewerk vir die gebiedsowerheid ten opsigte van die Tswana in stedelike gebiede sou doen. Met die oog hierop is Tswanastreekskomitees gevorm, welke liggame die Tswana in die P.W.V.-gebied tot 'n redelike hoogte georga= niseer en steun vir skakeling met die gebiedsowerheid gemobili= seer het. Terselfdertyd het die "Tswana Urban National Unit" self Tswanaleiersfigure op die voorgrond gestoot waaruit die Gebiedsowerheid 'n keuse kon maak met die oog op aanstelling as gebiedsowerheidsverteenwoordiger.

Só ontstaan daar dan 'n skakelorganisasie en word mnr. S. S. Modise in 1965 aangestel as Tswana-gebiedsowerheidsverteenwoor= diger binne die gebiede van die stedelike-plaaslike besture in die Witwatersrand-Pretoria-Klerksdorpkompleks.[120a] Hy sou dit dan ook as taak hê om 'n omvattende organisasie op te bou waar= deur die Batswana in Blanke stedelike gebiede enersyds gekoppel kon word aan die Tswanagebiedsowerheid en hulle belange as Tswana buite die tuisland andersyds gedien kon word. Die vorm= ing van Tswanarade binne die verskillende stedelike Bantoewoon= buurtes is as logiese onderbou vir so 'n organisasie gesien en hiermee het die verteenwoordiger, vir wie 'n kantoor 'n Tembisa ingerig is, hom dan ook sedert sy aanstelling in 1965 tot in 1968 besig gehou.

---

120a Goewermentskennisgewing no. 1425 van 1965.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die periode 1951-1968 gekenmerk is deur struktuurskepping en -verandering. Die verdere staatkundige ontwikkeling van die Tswana sou dus bestaan uit die verdere uitbouing van hierdie strukture en die verdere positivering daarvan. Dit is verder opmerklik dat die politieke kultuur van die Tswana die uitgangspunt en rigsnoer in die proses van struktuurskepping was en dat aanpassing slegs gemaak is in daardie opsigte waar die tradisionele politieke kultuur nie kon voldoen aan die eise van die integrasiedimensie nie.

Die voormalig-gefragmenteerde stamsamelewings word dus saamgetrek in 'n integrerende gebiedsowerheidsverband, terwyl die Tswana buite die tuisland aan die gebiedsowerheid geskakel is deur middel van 'n raadsisteem onder gesag van die Gebiedsowerheidsverteenwoordiger. Terselfdertyd kan in die gebiedsowerheidsverteenwoordiger enersyds, en kommissaris-generaal andersyds, reeds die eerste ruwe kanale vir toekomstige interstaatlike verkeer tussen die Blanke staat en Tswanastaat gewaar word. Die taak vir die onmiddellike toekoms sou dus ook lê in, benewens verdere struktuurbou, die integrasie van die Tswana wat reeds buite stamverband geleef het, binne die verband van die gebiedsowerheid.

Op die keper beskou, sou die gebiedsowerheid dus 'n tweeledige rol speel. Uit die oogpunt van die Blanke owerheid was die Tswanagebiedsowerheid "uitsluitlik 'n adviserende en raadplegende liggaam vir die sentrale regering se bewind van die Westelike Gebiede",[120b] maar terselfdertyd het dit vir die Tswana gedien as 'n struktuur waardeur 'n greep op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel verkry kon word ter bevordering van eie politieke oogmerke. En alhoewel die gebiedsowerheid sedert sy in-

---

120b. Jeppe, *op. cit.,* p.233.

stelling in 1961 tot 1968 geen noemenswaardige struktuurveran= dering ondergaan het nie, sou dit nie onbepaald so bly nie.

### 2.3 1968-1971: Verdere hervorming en -belyning.

#### 2.3.1 Politieke en administratiewe strukture.

Reeds tydens die eerste sitting van die Gebiedsowerheid in 1961 het dit geblyk dat sekere lede hulle visiere begin instel het op selfregering vir die Batswana. So het kaptein Pilane as voor= sitter van die owerheid verklaar: "Watter volk is daar vandag wat homself nie wil handhaaf nie? Is daar so 'n volk? Ons is 'n volk met eie trots; sal dit dan verbasend wees as ons sal vra dat ons selfbestuur kry? As ons nie vra nie dan is ons nie 'n volk nie, dan is ons nie lewendig nie, dan is ons dood."[120c] Kaptein Mangope het as ondervoorsitter egter gemaan tot tydsaam= heid: "As 'n mens 'n lang reis onderneem en jy wil veilig uit= kom, moet jy stadig oor die pad gaan. As 'n mens jou te veel haas dan word jy langs die pad moeg en word flou. Ons vra ons af, het ons die ondervinding en krag om onsself waarlik te be= stuur of moet ons nog eers leer om onsself te bestuur?"[120d]

Die kwessie van selfbestuur is by latere geleenthede weer te berde gebring en gedurende die 1964-sitting is 'n mosie deur kaptein Motlhabani by die Gebiedsowerheid ingedien waarin om on= middellike selfregering vir die Tswana gevra is.[121] Die mosie

---

120c. Tswana Gebiedsowerheid. *Notule van die sitting van 1961 ...*, p.15.

120d. *Ibid.*, p.16.

121. Tswana Territorial Authority. *Proceedings incorporating Reports of Select Committees at the session of 1965 ...* (1966), p.51.

is later teruggetrek, blykbaar as gevolg van druk deur Blanke amptenare.[122] Daarmee was die bal egter aan die rol gesit en het daar 'n duidelike stroming in die gebiedsowerheid gekom vir "selfregering so gou moontlik". Die sterkste figure in dié stroming was kapteins Pilane en Motlhabani. In 1965 is gevolg=lik weer 'n mosie ingedien deur raadslid Moshumi van Thaba Nchu waarin om selfregering gevra is[123] en op 14 September 1965 is 'n versoek deur die Uitvoerende Komitee aan die Kommissaris-generaal gerig om 'n onderhoud vir die Uitvoerende Komitee met die Minister te reël oor, onder meer, die kwessie van selfrege=ring vir die Tswana.[124] Die onderhoud is gereël vir 20 November 1965, dit wil sê ná die 1965-sitting wat in Oktober 1965 plaas=gevind het. Op versoek van die Minister en in die lig van die komende onderhoud is die mosie gevolglik nie gedurende die 1965-sitting bespreek nie maar is 'n mosie, ingedien deur kap=tein K. Molete, aanvaar dat 'n spesiale sitting van die gebieds=owerheid gehou word om die saak te bespreek en wel binne 'n maand na die ontmoeting tussen die Uitvoerende Komitee en die Minister.[125]

Tydens die ontmoeting is die standpunt deur die Minister her=haal[126] dat die Tswana die eersvolgende groep sou wees wat self=

---

122. *Ibid.*, p.50-51.

123. *Ibid.*, p.8.

124. Tswana Territorial Authority. Lêer 1/3/4.

125. Tswana Territorial Authority; *Proceedings ... 1965*,p.51-52.

126. Dit het uit die onderhoud geblyk dat 'n belangrike rol in die vraag na selfregering gespeel is deur 'n berig in die *Financial Gazette* van 11 September 1964 en *Transvaler* van 15 Oktober 1965. Volgens dié berigte het die Minister aan=gedui dat die Tswana die volgende volksgroep is om selfre=gering te verkry.

regering op die Transkeipatroon sou kry.[127] Aandag is egter gevestig op probleme wat noodwendig 'n vertragende effek op die verlening van selfregering sou hê, naamlik gebrek aan geboue en opgeleide Tswana-personeel, die ongekonsolideerdheid van die Tswanagebied en watertekort te Mafeking. Dié verduideliking is deur die Uitvoerende Komitee aanvaar, dog die latente onge= duld is voelbaar in die volgende beeldspraak van kaptein Motlhabani aan die Minister tydens die onderhoud: "Now my plea to you, our father is that ... you shall give us what we need before we become so anxious that we seduce the girl".[128]

Geen spesiale sitting het gevolglik gedurende 1965 plaasgevind om oor selfregering te beraadslaag nie, omdat die gegewe werk= likhede sodanig beraadslaging deur die gebiedsowerheid voor= barig sou maak.

Met sy verwelkomingstoespraak tydens die sesde sitting in 1966 het kaptein Pilane egter weer die saak aangeroer en hom tot die Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gerig met: "... even if there may be others of your advisors feeling that the Tswana are not yet ready (vir selfregering), we feel that we are losing time, sir."[129] Die Adjunk-minister het hier= op weer gewys op probleme wat nog oorbrug moet word, maar ook

---

127. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Minutes of the Executive Committee meeting held at Mafeking on the 20 November 1965 ... Lêer F56/6.

128. *Ibid.*, p.6.

129. Tswana Territorial Authority. *Proceedings ... 1966*. Mafe= king (1967), p.17.

aangedui dat die Tswana voorberei word vir 'n stadium van self= regering en dat "binnekort met u verdere oorleg gepleeg (sal) word in verband met hierdie aangeleenthede."[130] Die ondervoor= sitter, kaptein L. M. Mangope, wat die Adjunk-minister bedank het, het egter 'n ander standpunt gestel: Selfregering is "nie speletjies nie" - dit "is 'n gewig wat 'n man se rug kan breek."[131]

As gevolg van hierdie botsende standpunt tussen kapteins Pilane en Mangope oor selfregering in 1966 het daar 'n polarisering in die gebiedsowerheid begin wat ses jaar daarna uitgeloop het op die stigting van die twee hoofpolitieke partye van Bophu= thatswana in 1972. Hoe groot die verdeeldheid oor selfregering in 1966 was, kan afgelees word uit dié woorde van kaptein Motlhabani aan die adres van kaptein Mangope: "I have just been wondering whether it is not provided for that this council, if we do not have confidence in you, we can sy Mr. Chairman, 'vacate your seat'".[132]

Die spesiale sitting van die gebiedsowerheid wat volgens die 1965-mosie binne 'n maand na die ontmoeting tussen die Minister en Uitvoerende Komitee moes plaasvind, het gevolglik eers op 21 en 22 Maart 1967 te Mafeking plaasgevind. Hiertydens is 'n bloudruk vir wat later bekend sou word as administratiewe de= sentralisasie vir die Tswana, deur die gebiedsowerheid bespreek en is die Uitvoerende Komitee gemagtig om verder met die De= partement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling te onder=

---

130. *Ibid.*, p.20.
131. *Ibid.*, p.21.
132. *Ibid.*, p.64.

handel en die gebiedsowerheidskonstitusie te wysig met die oog op die implementering van die desentralisasieplan.

Dít is die bewegingslyn wat in die gebiedsowerheid plaasgevind het. Gelyktydig hiermee het ook betekenisvolle verwikkelinge in die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling plaasgevind.

Die probleem rondom die uitbouing van die Bantoe-owerhedestruk= tuur in die verskillende tuislande het so in omvang toegeneem dat 'n Bantoe-owerhedekomitee reeds in die vroeë sestigerjare in die departement tot stand gekom het onder voorsitterskap van die toenmalige adjunk-sekretaris (Bantoegebiede). Dié komitee (later bekend as die Liebenberg-komitee) het verskeie sake oor= weeg en verskeie *ad hoc*-verslae uitgebring wat rigtinggewend was vir Bantoe-owerhede en dikwels die vorm van omsendskrywes aangeneem het. Met die aanvaarding van die portefeulje deur minister M. C. Botha is 'n samespreking tussen senior amptenare van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling asook Bantoe-onderwys gereël met die opdrag om oorweging te gee aan wyses waarvolgens Bantoe-owerhede "geaktiveer" kon word. Ook moes oorweging ge= skenk word aan die strukturele veranderings wat nodig sou wees om die tuislandse owerhede in staat te stel om self sekere funk= sies uit te voer wat tot op daardie tydstip deur bogenoemde twee departemente uitgevoer is. Memoranda is voorgelê en hier= uit het die komitee uiteindelik 'n raamwerk vir 'n nuwe bede= ling daargestel wat deur die Minister goedgekeur is. Dié grondplan sou aan gebiedsowerhede voorgelê word as basis vir bespreking en kon ook aangepas word by plaaslike omstandighede. Dit is dan ook hierdie grondplan wat in beginsel deur die Tswana= gebiedsowerheid in 1967 aanvaar is.

Volgens opdrag van die gebiedsowerheid is samesprekings gevoer deur die Uitvoerende Komitee met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wat gelei het tot die uitvaardiging van twee proklamasies in 1968, naamlik R140 en R141, albei ingevolge artikel sewentien van die *Wet op Bantoe-owerhede, 1951*, gelees met artikel *vyf-en-twintig* van die *Bantoe-administrasie Wet, 1927*. Eersgenoemde proklamasie stel die Algemene Regulasies vir stam-, gemeenskaps- en streeksowerhede buite werking in die Tswanagebied, herroep die regulasies vir die Tswanagebiedsowerheid en wysig die grondwet van die gebiedsowerheid.[133] Proklamasie R141 van 1968 kondig dan nuwe regulasies vir Tswanastam-, gemeenskaps-, en streekowerhede sowel as vir die Tswanagebiedsowerheid af.

Die veranderings deur dié maatreëls teweeggebring, het die volgende behels:

(a) Die lede van die gebiedsowerheid kies uit die geledere van die kapteins 'n voorsitter en onder-voorsitter wat onderskeidelik die funksies van speaker en adjunk-speaker sal vervul.

(b) Die Uitvoerende Komitee bestaande uit die voorsitters van die samestellende streeksowerhede word vervang deur 'n verkose Uitvoerende Raad, verkies deur die gebiedsowerheid en bestaande uit 'n hoofraadslid (wat 'n kaptein moet wees en voorsitter van die Uitvoerende Raad is) en vyf raadslede (waarvan minstens twee kapteins moet wees) met 'n ampstermyn van vyf jaar.

---

133. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. *Staatskoerant*. 12 Junie 1968. Kaapstad, Staatsdrukker, 1968.

(c) Vir die gebiedsowerheid word die volgende departemente ingestel, elk onder 'n lid van die Uitvoerende Raad en met 'n Blanke direkteur as rekenpligtige beampte: Owerheidsake en Finansies, Gemeenskapsake, Werke, Onderwys en Kultuur, Landbou en Justisie. Die Hoof=raadslid is hoof van die Departement Owerheidsake en Finansies en hy wys die departemente toe aan die Uitvoerende Raadslede. 'n Hoofdirekteur is rekenplig=tige beampte vir die Departement Owerheidsake en Finan=sies en dien ook as koördinator en skakel vir die ver=skillende departemente na die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in Pretoria.

(d) Stamowerhede - steeds saamgestel op die tradisionele askriptiewe grondslag, dog met geleentheid vir koöp=tasie van nie-tradisionele raadsmanne - en gemeenskaps=owerhede word behou as basis vir verteenwoordiging na hoër liggame en behou ook hulle outonomie sover dit stamadministrasie en regsadministrasie vir die stamge=bied en bestedings van fondse uit eie bronne aangaan.

(e) Werksaamhede voorheen verrig deur beamptes van die Blanke Administrasie in stamgebiede word voortaan ver=rig deur beamptes van die Tswanagebiedsowerheid in konsultasie met stam-/gemeenskapsowerhede.

(f) Werknemers van stam-, gemeenskaps-, en streeksowerhede word werknemers van die Tswanagebiedsowerheid, maar word deur dié owerheid toegewys aan die laer owerhede.

(g) In teenstelling met sommige ander gebiedsowerhede waar stam-/gemeenskapsowerhede direk verteenwoordig is op die gebiedsowerheid volgens die beginsel "een stam een stem", bly Tswanastreeksowerhede voortbestaan as

liggame vir verteenwoordiging van stam-/gemeenskapsowerhede op die gebiedsowerheid. Verder dien streeksowerhede as adviesliggame van die gebiedsowerheid vir streeksontwikkeling en ook vir die samevatting van stam- en gemeenskapsowerheidsbegrotings maar verloor hulle uitvoerende funksies. Dié funksies word oorgedra na die verskillende departemente van die gebiedsowerheid. Só word die voormalige tweelaagstelsel van plaaslike bestuur omvorm tot 'n eenlaagstelsel en is die plaaslike owerhede (stam-/gemeenskapsowerhede) direk verantwoording verskuldig aan die onderskeie departemente van die gebiedsowerheid.

(h) Met die inwerkingtreding van die bedeling verval die pos van hoofbantoesakekommissaris vir tuislandse gebiede. Tuislandse Bantoesakekommissariskantore word distrikskantore van die gebiedsowerheid en Bantoesakekommissarisse, voortaan bekend as magistrate, word distriksbeamptes van die gebiedsowerheid.

(i) Vanweë die tekort aan opgeleide Tswanapersoneel vir die gebiedsowerheidsdiens word Blanke personeel aan die gebiedsowerheid gesekondeer. Ook word Tswanapersoneel van die Departemente Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onderwys oorgeplaas na die Tswanastaatsdiens (gebiedsowerheidsdiens).[134] So vinnig moontlik, dog met behoud van doeltreffendheid, word die poste beklee deur Blankes in die Tswanagebiedsowerheidsdiens van onder gevul met Tswana-amptenare.

---

134. Tswana Territorial Authority. *Proceedings ... 1966*, p.80.

(h) Die plek en rol van die kommissaris-generaal bly on=veranderd. Verdere sake waarvoor wel voorsiening ge=maak is in die regulasies is tale, eedaflegging, gekose komitees, 'n reglement van orde, ens.[135]

(i) Die veranderings teweeggebring deur (h) hierbo, ge=lees met die bepalings van proklamasie R211 van 1969 (waardeur proklamasie R293 van 1962 gewysig word), kom die bestuur van Bantoedorpe in die tuisland onder be=heer van die gebiedsowerheid en verkry laasgenoemde liggaam ook die bevoegdheid om een of meer lede (dog nie meer as die helfte nie) van die Bantoedorpsraad aan te wys.[136]

Uit bostaande blyk dit dat die 1968-hervormings grootliks ad=ministratief van aard was en gemik is op die daarstelling van 'n Tswana-administratiewe struktuur wat dan gekoppel word aan die gebiedsowerheid. In politieke opsig was daar weinig verandering - behalwe dat 'n prototipe van kabinetsregering af te lees is in die hersaamgestelde Uitvoerende Raad. Die wetgewende be=voegdheid van die gebiedsowerheid is onveranderd gelaat. Klaar=blyklik is veranderings in hierdie verband nie deur die Blanke owerheid as nodig beskou nie, omdat die gebiedsowerheid in terme van die *Wet op Bantoe-owerhede, 1951*, soos gewysig deur die *Wet op die bevordering van Bantoeselfbestuur, 1959* wel "maatreëls"

---

135. Benewens genoemde proklamasies, vgl. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Inligting. *A Statement of Government Policy in regard to the transfer of governmental and ad=ministrative powers to the Bantu National Units in the Republic of South Africa,* (1967).

136. Rep. of S.A. Prokl.no. R211/1969, art. 8(1)(2). *Staatskoe=rant,* 8 Augustus 1969.

kon uitvaardig oor 'n wye spektrum van onderwerpe - 'n bevoegdheid wat nooit gebruik is nie.[137]

Hierdie konstitusionele veranderings in administratiewe verband waardeur die Tswana 'n fase betree het wat deur die Transkei oorgeslaan is, het op 9 Desember 1968 in werking getree met die beëdiging van die hersaamgestelde gebiedsowerheid. Tot voorsitter is verkies kaptein J. G. Serobatse en tot onder-voorsitter kaptein E. Lentswe. Tot hoofraadslid is kaptein L. M. Mangope verkies. As kandidate vir die res van die Uitvoerende Raad is agt kapteins en ses gewone raadslede genomineer. Nadat kaptein T. R. Pilane, voormalige voorsitter van die gebiedsowerheid, hom ná die tweede stemming onttrek het, is die onderstaande persone verkies en is die beheer oor die departemente soos teenoor hulle name aangedui aan hulle toegewys deur die hoofraadslid. Die Uitvoerende Raad was dan vanaf 1968 soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofraadslid | : | Kapt. L. M. Mangope (Owerheidsake en Finansies) |
| Raadslede | : | Kapt. H. Maseloane (Gemeenskapsake) |
| | | Kapt. S. G. Ntuane (Landbou) |
| | | Mnr. M. Setlogelo (Onderwys) |
| | | Kapt. J. B. Tôtô (Justisie) |
| | | Mnr. D. P. Kgotleng (Werke).[138] |

Volgens bevinding van Jeppe is hierdie persone wel "gedeeltelik verkies op grond van persoonlike bekwaamheid en ontwikkelingspeil".[139]

---

137. Art. 7(2). Vgl. ook Rep. van S.A. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Lêer F56/6. Memo ged. 30 April 1965: "Selfbestuur vir die Tswana".

138. Hersaamgestelde Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge van die 1968 - Algemene Sessie.* Mafeking. (1969), p. 33-34.

139. Jeppe, W. J. O. *Op. cit.,* p.239.

Uit onderhoude wat skrywer in 1970 met lede van die Uitvoerende Raad en gebiedsowerheid gevoer het, het dit geblyk dat die ver= wagtings wat van die nuwe bedeling gekoester is, ietwat oorspan= ne was. 'n Lid het daarop gewys dat hulle "administratiewe selfbestuur" gekry het, maar dat hulle ook "politieke magte" verwag het. 'n Verdere klagte was dat sommige Blanke amptenare binne die gebiedsowerheidsdiens "nog steeds hoofbantoesakekom= missarisse en Bantoesakekomissarisse is". Noodwendig moes dié fase aanpassingsprobleme bring. Gebiedsowerheidslede - en be= sonderlik lede van die Uitvoerende Raad - moes vertroud gemaak word met die fynere werking van 'n staatsadministrasie; nuwe "kanale" moes aanvaar word; onderskeid tussen politieke en administratiewe sake, en die behandeling van elk, moes aangeleer word; Blanke amptenare moes aanpas by hulle nuwe rol as "voor= ligters" van Tswanapolitici en hulle daarvan weerhou om self politieke besluite te neem. Lokalisering sou ook probleme lewer, omdat dit volgens Tswana-informante te stadig geskied het en Blanke amptenare veelal, uit oorwegings van doeltreffendheid, die rem wou aandraai.

Met die oorgang van tuislandse Bantoesakekommissariskantore na die Tswanagebiedsowerheid, gelees met die beleidspunt dat die administratiewe struktuur vertswana moet word, is die kwessie van die distriksgrense skerp op die voorgrond gestoot. Hierby moes ook ter sprake kom die probleem van stamme of stamkomplekse wat deur 'n distriks- of provinsiale grens in twee gesny word. Om dié probleme te ondervang, moes distriksgrense heromskryf en Tswanadistrikte, wat saamvallend moes wees met streeksowerheids= gebiede, afgebaken word. Dit is gedoen ingevolge artikel *twee* van die *Landdroshowe Wet, 1944* soos gewysig deur artikel *twee* van die *Wysigingswet op Landdroshowe, 1970*, in terme waarvan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oor die be=

voegdheid beskik om distrikte in te stel en die grense van elke distrik, *wat uit verskillende nie-aangrensende gebiede kan be=staan*, te omskryf, die naam daarvan te bepaal en 'n hof daarvoor in te stel.

Hierdeur het Tswanadistrikte, omvattende die gebiede van streeks=owerhede (dus slegs Bantoegebiede), tot stand gekom. Sō word die volgende distrikte - vgl. Bylaag K - dan ingestel, naamlik Ganyesa (Vryburg); Tlhaping-Tlharo (Kuruman); Molopo (Mafeking); Ditsobotla (Lichtenburg); Taung (Taung); Thaba Nchu (Thaba Nchu); Lehurutshe (Marico); Madikwe, Mankwe, Bafokeng (Rustenburg en Pilanesberg); Odi (Brits) en Moretele (Hammanskraal). Tot tyd en wyl die konsolidasievoorstelle ten opsigte van die Tswanage=biede realiseer of distriksgrense verander word, bestaan die distrikte Ganyesa, Molopo, Lehurutshe, Odi en Moretele elk uit twee nié-aanliggende dele. Binne die distrikte sou dan distriks=kantore, waar dit nog nie bestaan nie, opgerig word en beman word deur amptenare van die gebiedsowerheid.

Alhoewel die vraag na 'n hoofstad vir die Tswana, waar ook die gebiedsowerheid sou kon setel, reeds vanaf die vroeë sestiger=jare aandag ontvang het, het die ontwikkeling van 1968 die pro=bleem geaksentueer. Met die instelling van die gebiedsower=heidsdiens in 1968 is die Imperiale Reserwe, waar die Britse administrasie van die huidige Botswana gesetel was, verkry en is die gebiedsowerheidsdiens in geboue op dié terrein gehuisves. Reeds voor 1968 is voorgestel dat 'n hoofstad by Mafeking as setel vir die Tswana ontwikkel moes word, maar dit is afgewys omdat die Blanke dorp die ontwikkeling van 'n Bantoestad sou strem, terwyl ook 'n watertekort as negatiewe faktor gegeld het.[140] Mafeking, Saulspoort, Taung en Heystekrand is deur 'n

140. Rep. van S.A. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkel=ling. Lêer F56/6, folio 107 en L 197/3/2, folio 31.

komitee van deskundiges as vestigingsgebied vir 'n hoofsetel oorweeg, en getoets aan infrastruktuur, beskikbare grond, water en sentraliteit (ten opsigte van bevolkingsverspreiding), het slegs Heystekrand gekwalifiseer.[141] Die Uitvoerende Raad het die voorgestelde plek in Maart 1971 besoek nadat die verslag aan hulle voorgelê is en tydens die 1971-sitting van die gebiedsowerheid het die Uitvoerende Raad aanbeveel dat die gebiedsowerheid sy goedkeuring heg aan Heystekrand as terrein waarop 'n hoofstad en geboue vir die regeringsetel van die Tswana opgerig kan word. Dit is eenparig goedgekeur[142] en beplanning sou kort daarna 'n aanvang neem.

2.3.2 Regsordening

Ook ten opsigte van regspleging is hervormings in 1967 in vooruitsig gestel. Dié hervormings sou sentreer om die skepping van 'n regsplegende struktuur wat in verband sou staan met die ontwikkelende politiek-administratiewe struktuur hierbo aangedui, en het gespruit uit 'n studie wat oor die saak onderneem is deur twee professore gedurende die tydperk 1963-1967. Omdat die verslag van hierdie twee geleerdes as vertroulik behandel word en dus nie toeganklik is nie, kan geen besonderhede oor die aanbevelings daarin vervat, verstrek word nie. Dit kan terselfdertyd egter aanvaar word dat die voorgestelde hervormings soos bekendgemaak in die beleidsverklaring deur die minister in 1967,[143] wesentlik die aanbevelings van dié komitee is. Volgens

---

141. Rep. van S.A. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Lêer R204/8, folio 40.

142. Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge van die Derde Sessie ... 1971.* (1972), p. 480-482.

143. Rep. of S.A. Dept. of Information. *A Statement of Government Policy in regard to the transfer of governmental and administrative powers to the Bantu National Units in the Republic of South Africa.* (1961).

die verklaring word 'n struktuur, bestaande uit stam-, gemeenskaps- en streekshowe (saamvallend met stamowerheids-, gemeenskapsowerheids- en streeksowerheidsgebiede) en met appél na 'n gebiedshof/volkseenheidshof in vooruitsig gestel. Die jurisdiksie van stamhowe sou uitgebrei word en gemeenskapshowe, streekshowe en 'n gebiedshof sou ingestel word onder gekwalifiseerde judisiële beamptes bygestaan deur assesore. Streekshowe sou magistraatshowe vervang, terwyl die gebiedshof vervangende hof vir die Bantoe-Appél- en Egskeidingshof ten opsigte van gedinge tussen Tswana sou wees.[144]

Alvorens hervormings in hierdie (regsplegende) verband egter aangebring kon word, moes Tswanareg allereers opgeteken wees. En in hierdie verband is dit so dat 'n Tswanaregskomitee, verteenwoordigend van die verskillende stamgroepe (Barôlông, Bahurutshe, Bakwêna, ens.) reeds in 1963 deur die gebiedsowerheid in lewe geroep is. Hierdie komitee sou advies lewer aan die departementele etnoloog wat gemoeid is met die Tswana en wat dan die optekening van die reg in sy verskillende geledinge (konstitusionele reg, huweliksreg, erfreg, ens.) sou onderneem.

Nadat hierdie komitee reeds vir 'n tydperk suksesvol werksaam was, het die projek egter tot stilstand gekom omdat sommige senior amptenare van mening was dat sodanige optekening waargeneem moes word deur 'n persoon wat geskool is in die regte en nie 'n etnoloog nie. Verder is, volgens informante, geredeneer, dat 'n Motswana wat geskool is in die regte dit behoort te doen en dat so 'n persoon aangewys sou word nadat die gebiedsowerheid "geaktiveer" is, dit wil sê nadat groter bestuursmagte daaraan oorgedra is. Die "aktivering" het in 1968 plaasgevind soos

---

144. *Ibid.*

hierbo aangedui en 'n Motswana is kort daarna aangewys om die taak te onderneem maar sonder enige sukses. Vervolgens is 'n vraelys "oor wat die Blanke dink Bantoereg is", opgestel deur 'n amptenaar van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en is 'n Motswana daarmee die veld ingestuur. Na mededeling van die Sekretaris van Justisie van Bophuthatswana in Februarie 1973, het dié persoon op daardie tydstip (1973)nog niks te rapporteer gehad oor die optekening van Tswanastamreg met die oog op die uiteindelike daarstelling van 'n eenvormige Tswanareg nie. Nieteenstaande die belangstelling van die gebiedsowerheid en Wetgewende Vergadering in die saak, en nieteenstaande die feit dat dit as voorvereiste vir die hervorming van die regsplegende struktuur gesien is, het daar van owerheidsweë geen bydrae gekom nie. Die belangrikste bydraes ten opsigte van Tswanareg bly dus die werke van indiwiduele navorsers soos Schapera, Riekert, Coertze en andere.

Aan die begin van 1973 was die voorgestelde struktuur nog nie in werking gestel nie - klaarblyklik omdat daar nog geen bevredigende vordering gemaak is met die optekening van Tswanareg nie. Die enigste ontwikkeling op die terrein van regspleging, was die oorweging wat in 1973 gegee sou word aan die moontlikheid om die ruimer regsmag wat kapteins in Brits-Betsjoeanaland geniet ingevolge artikel *een-en-twintig* van die *Bantoe-administrasiewet, 1927*, uit te brei na die res van Bophuthatswana. En ook hierdie gedagte het nie werklikheid geword nie.

2.3.3 Burgerskap

Die bedeling wat in 1968 ingetree het, het egter geen verandering in die politieke verhouding tussen die gebiedsowerheid en die Batswana binne Blanke gebiede teweeggebring nie. Om ook

hierdie Batswana - soos dié binne die tuisland - politiek te inkorporeer in die Tswanastaat, sou alle Tswanaburgers ingevolge die *Wet op Bantoeburgerskap, 1970* (Wet No. 26 van 1970) die stemreg binne die Tswanagebied moes uitoefen,[145] terwyl 'n stel Tswanaburgerskap-regulasies deur Proklamasie R1864 van 1971 afgekondig is. Burgerskap sou bepaal word deur geboorte, domisilie, taal of vereenselwiging.[146] Aan elke Bantoepersoon wat hiervolgens 'n burger van die Tswanagebiedsowerheidsgebied is, sou dan 'n Tswanaburgerskapsertifikaat uitgereik word deur die gebiedsowerheid of die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling as agent van die gebiedsowerheid. Die vorm van die sertifikaat is voorgeskryf deur Proklamasie R1864 van 1971.

Daarmee is die politieke koppeling formeel gedoen. Die wyse waarop Tswanaburgers buite die tuisland politieke regte (stemreg) in die tuisland sou beoefen, sou egter nog 'n probleem bly. Omdat die samestellingswyse van die gebiedsowerheid ingevolge Proklamasie R141 van 1968 egter geen ruimte gelaat het vir verkose lede los van en buite stam- en gemeenskapsowerhede om nie, en omdat stamowerhede nie verkies word nie, kon daar dus geen politieke regte in die sin van stemreg deur stedelinge in die tuisland uitgeoefen word nie. En sou daar wel voorsiening gemaak word vir verkose lede, kon dié probleem nog staan: Moet stedelike kiesafdelings afgebaken word, of moet stedelinge, soos in die geval van die Transkei, stem in tuislandse kiesafdelings?

2.3.4. Skakeling tussen stad en tuisland

Benewens die inskakeling van Batswana in Blankegebiede onder die

---

145. Art. 2(2) en 2(3).

146. Art. 3.

gebiedsowerheid deur middel van die *Wet op Bantoeburgerskap*, het ook die administratiewe skakelnetwerk tussen die gebieds=owerheid en Batswana buite die tuisland sedert 1968 verdere ont=wikkeling ondergaan.

Eerstens het die gebiedsowerheidsverteenwoordiger hom sedert sy aanstelling besig gehou met die vorming van Tswanawoonbuurtrade binne die gebied ten opsigte waarvan hy aangestel is, sodat daar in Januarie 1973 reeds 24 Tswanawoonbuurtrade binne dié ge=bied bestaan het.[147] Dié rade sou omsien na Tswanabelange op plaaslike vlak; dien as kanaal vir griewe via die gebiedsower=heidsverteenwoordiger na Mafeking en vir die bekendmaking van sake van belang vir die Tswana en afkomstig van Mafeking. Tweedens moes hierdie rade, wat op 'n enigsins arbitrêre wyse deur die gebiedsowerheidsverteenwoordiger op die been gebring is, vanaf 20 Julie 1972 saamgestel of hersaamgestel word "by wyse van verkiesing op 'n openbare vergadering van Tswanaburgers (van die betrokke woongebied) onder voorsitterskap van die Volksdeputaat (Gebiedsowerheidsverteenwoordiger) of sy gevol=magtigde".[148] Derdens is wetswysigings aangebring in 1970 waardeur die benoeming van een of meer assistente vir 'n ge=biedsowerheidsverteenwoordiger moontlik gemaak is.[149] 'n Assis=

---

147. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Bantoesake=kommissaris, Johannesburg. N9/27/1. In Maart 1973 is ver=klaar dat "'n bykomende 44 rade in die afgelope jaar" inge=stel is. *(Debatte van die Bophuthatswanase Wetgewende Ver=gadering, 1973*, p.29.)

148. Tswana Regeringsdiens. Kantoor van die Stedelike Verteen=woordiger. Omsendbrief 8/72, dd. 8 Desember 1972.

149. Deur die *Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1971*.

tent vir die Tswanagebiedsowerheidsverteenwoordiger is dan ook deur die Tswanagebiedsowerheid benoem vir die Vrystaatse Goud=velde en Noordwes-Kaapland. Terselfdertyd is die area ten op=sigte waarvan die gebiedsowerheidsverteenwoordiger aangestel is, heromskryf as geldend ten opsigte van alle gebiede (in die R.S.A.) waar persone woonagtig is wat ingevolge die bepalings van die *Wet op Bantoeburgerskap, 1970* burgers van die Tswana=owerheid is.[150]

Namate hierdie Tswanawoonbuurtrade saamgestel is en begin funk=sioneer het, het daar 'n mate van verwarring ontstaan oor veral drie punte, naamlik:

(a) Waar pas kapteinsverteenwoordigers in dié bedeling?

(b) Wat is die aard van die verhouding tussen die Tswanawoon=buurtraad en die plaaslike stedelike Bantoeraad?

(c) Hoe word funksies tussen die twee liggame (Tswanawoonbuurt=raad en stedelike Bantoeraad) verdeel?

Omdat dit mettertyd duidelik geword het dat kapteinsverteenwoor=digers, soos erken deur Goewermentskennisgewing 231 van 1962 en uit die geledere waarvan die gekose element van stedelike Bantoe=rade gevorm sou word, nie die skakelfunksie sou kon uitvoer nie, is die erkenning van kapteinsverteenwoordigers teruggetrek.[151] Deur die *Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1970* is die *Wet op Stedelike Bantoerade, 1961* gewysig, sodat kapteinsverteenwoor=digers voortaan nie meer 'n vereiste sou wees vir die instelling

---

150. Tswana Gebiedsowerheid. Lêer 6/3/4 ged. 23/8/71. (Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, F54/23/9 dd. 23/6/71).

151. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, F54/23/2 gedateer 6 Oktober 1970.

van stedelike Bantoerade nie. Daarmee is kapteinsverteenwoordigers dus weer wat dit oorspronklik was, naamlik 'n huishoudelike saak van en vir die stam. Volgens informante sou hierdie stap geen nadelige inwerking op die skakelapparaat hê nie. Trouens, dit is verwelkom, omdat die kapteinsverteenwoordigers buitendien nie die vertroue van die ontwikkelde Batswana in stedelike gebiede geniet het nie; die Tswanawoonbuurtraad wel sou toesien dat 'n bevoegde Motswana tot die stedelike Bantoeraad verkies word, en die moontlikheid van wrywing tussen die verkose Motswana en gekose Motswana op die stedelike Bantoeraad daarmee uitgeskakel is.

Punte (b) en (c) hierbo is in 1969 deur die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling onder behandeling geneem in 'n skrywe aan die verskillende Hoofbantoesakekommissarisse.[152] Hierdie brief stel die taak van die Tswanarade enersyds en die verdeling van funksies tussen dië rade en die stedelike Bantoerade andersyds, duideliker as enige ander dokument wat opgespoor kon word. Gevolglik word die belangrikste punte daarin hieronder weergegee. Dit lui dan:

"Sulke verteenwoordigers (Gebiedsowerheidsverteenwoordigers) sal rade in stedelike gebiede mag hê. ... Deur middel van sulke rade en met behulp van klerke wat die tuislandregerings beskikbaar sal stel, sal daar volksorganisasies onder die verteenwoordigers opgebou word wat primêr gemoeid is met die skakeling van hulle volksgenote in die stede met die tuislande op die geestelike, kulturele, maatskaplike en politieke vlak". Hierdie verteen=

---

152. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, F54/23/2, gedateer 10 Februarie 1969. Die brief bevat uittreksels van 'n ministeriële toespraak.

woordigers sal hulle onder andere besig hou met sake soos die volgende:

(a) Arbitrasiehowe vir besleging van geskille;

(b) arbeidsprobleme van hulle volksgenote;

(c) hulp aan diegene wat in die tuislande gevestig wil word en veral die entrepreneursklas;

(d) die identifikasie van persone sover dit hulle volksverband betref;

(e) onderwys en kulturele aangeleenthede;

(f) probleme in verband met materiële belange in die tuisland.

Dit word pertinent gestel dat Bantoepersone in die Blanke gebiede die onderdane van die onderskeie tuislandregerings is en derhalwe sou sulke Bantoepersone onderhewig wees aan die gesag van die tuislandverteenwoordiger. Voorts word daarop gewys dat advieskomitees en stedelike Bantoerade 'n rat in die administrasie van stedelike plaaslike bestuur oor munisipale sake is. Daarom moes sulke rade hulle voortaan slegs besig hou met dáárdie munisipale bestuursaangeleenthede ten opsigte van hulle woonbuurte wat aan hulle opgedra is. Die reg wat sekere persone op sulke rade in die verlede vir hulle toegeëien het om hulle te bemoei met die wel en weë van die breëre Bantoepubliek en om hulle met politieke aangeleenthede in te laat, is dus verkeerd. Hulle funksies is munisipaal-administratief en nie algemeen polities nie. Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling wou nie 'n verwarring oor funksies en pligte tussen die volkseenheidsrade en die stedelike Bantoerade (advieskomitees) sien ontwikkel nie, omdat dit aanleiding kan gee tot botsing en

gevolglik verwarring by die Bantoepubliek. Stedelike Bantoerade moes gevolglik nie die funksies wat aan hulle opgedra is, oorskry nie. Aan die ander kant moes distriksbeamptes in samewerking met die gebiedsowerheidsverteenwoordiger sorg dra dat volkseen=heidsrade hulle beperk tot sake van nie-munisipale-administra=tiewe aard en wat hulle "volksgenote" raak.

Benewens die funksies en pligte wat sulke gebiedsowerheidsverteen=woordigers en hulle rade op die maatskaplik/kultureel/politieke vlak binne volkseenheidsverband mag vervul, is ook die volgende aspekte geïdentifiseer waarmee sulke volkseenheidsinstansies ge=moeid behoort te wees:

2.3.4.1 Regsbevoegdheid (Arbitrasiehowe)

Artikel 5(2) van Wet 46/1959 stel siviele en kriminele juris=diksie aan 'n gebiedsowerheidsverteenwoordiger in die vooruitsig. Dit is dan beoog om hofstelsels vir die stedelike Bantoe op volkseenheidsgrondslag in te stel, gesentreer om hulle rade soos bepaal in artikel 5(2) van Wet No. 46/1959. Voorlopig sou egter geen wetlike regsmag in hierdie verband verleen word nie en howe sou dus funksioneer op 'n arbitrasie-basis. Dit sou die taak van verteenwoordigers en hulle rade wees om sulke arbitrasiehowe in te stel en te organiseer in alle stedelike Bantoewoonbuurtes waar die getal lede van die betrokke volkseenheid dit regverdig. In hierdie verband moes Bantoesakekommissarisse, stedelike plaaslike besture, stedelike Bantoerade en adviserende komitees alle hulp aan verteenwoordigers en hulle rade verleen. Bantoe=sakekommissarisse moes ook toesien dat hierdie voorgestelde arbitrasiehowe op die regte noot van stapel gestuur word.

2.3.4.2 Arbeidsaangeleenthede

Verteenwoordigers moes aandag aan die arbeidsake van hulle volks=

genote gee en hulle adviseer ten opsigte van die wettige kanale waardeur werksgeleenthede bekom kon word en moes voorligting verskaf in verband met werksplasing. Ook kon volksgenote probleme wat hulle in hulle werksomstandighede ondervind met hulle gebiedsowerheidsverteenwoordiger bespreek. In sekere stedelike sentra word hulpsentrums ingestel en 'n verteenwoordiger sou ook hier van nut vir sy mense kon wees. Die verteenwoordiger sal egter geen jurisdiksie hê sover dit die toepassing van wetgewing en regulasies betref nie. Hier is byvoorbeeld gedink aan gevalle wat voortspruit uit loonvasstellings, nywerheidsooreenkomste en die werking van die *Wet op Bantoe-arbeid (Beslegting van geskille)*, No. 48/1959.

2.3.4.3 Hervestiging in tuislande

Verteenwoordigers en hulle rade moes hulp en advies verleen aan diegene wat hulle in tuislande wil vestig maar nie die prosedure en kanale ken nie. Veral die entepreneursklas en oues van dae sou hier van belang wees. Beamptes moes egter nie daartoe aanleiding gee dat 'n foutiewe indruk by die Bantoepubliek posvat, naamlik dat dit die verteenwoordigers en hulle rade se primêre plig is om hulle mense na die tuislande te forseer nie.

2.3.4.4 Identifikasie en bewysboeke

Verteenwoordigers moes betrek word by die identifikasie van persone met betrekking tot volkseenheidsverband. 'n Sertifikaat onder die hand van die verteenwoordiger sou voldoende wees vir herklassifikasie van volkseenheid, dit wil sê burgerskapverandering.

2.3.4.5 Onderwysaangeleenthede

Verteenwoordigers en hulle rade moes direk gemoeid raak met onderwysaspekte soos skoolkomitees, skoolrade, jeugbewegings en

vakansiekampe of jeugsaamtrekke in tuislande.

2.3.4.6 Tuislandbelange

Probleme wat ondervind word in verband met materiële belange in die tuisland, kon deur sulke persone by die verteenwoordiger aanhangig gemaak word.

Aldus die omsendskrywe.

Die patroon waarvolgens Tswanaburgers wat op Blanke plase woon en werk ingeskakel word onder die Tswana-owerheid, het tot en met 1973 geen besondere aandag geniet nie.

## 2.4 1971 - : Selfregering

Soos reeds hierbo vermeld, was die hervormings van 1968 vir sommige lede van die gebiedsowerheid teleurstellend, omdat hulle groter magte verwag het. Uit die gepubliseerde materiaal blyk dit dan ook duidelik dat daar veral sedert 1970 sterker aangedring is op groter magte vir die gebiedsowerheid. So het kaptein T. R. Pilane in 1970 'n mosie ingedien waarin om selfregering in 1973 vir die Tswana gevra is.[153] Klaarblyklik om die inisiatief te behou, het die hoofraadslid, kaptein Mangope, 'n amendement ingedien dat die vergadering "nou" magtiging aan die Uitvoerende Raad gee om met die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling te onderhandel oor selfregering "so gou moontlik" en bygevoeg: "We do not say it should be in 1973. Even if it were to be in 1971, if the time is ripe, let it be so."[154] Ook in korrespondensie met die Kommissaris-gene=

153. Tswana Gebiedsowerheid. *Verrigtinge van die Tweede Sessie ... 1970*. Mafeking. (1970), p. 110.

154. *Ibid.*, p.112.

raal en tydens 'n onderhoud in 1970 met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is groter magte vir die owerheid versoek.

Ten einde gevolg aan hierdie versoeke te kan gee, is die bepalings van die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971* deur proklamasie R87 van 1971, R130, R131 en R150 van 1972 op die Tswana toegepas, waardeur dié eenheid 'n verdere fase van staatkundige ontwikkeling betree en waardeur hulle op dieselfde vlak as die Transkei (1972) gebring word. Die aanloop tot en inhoud van hierdie fase was soos volg:

Tydens die 1971-sitting het die gebiedsowerheid 'n mosie van die hoofraadslid, kaptein Mangope, aanvaar dat die gebiedsowerheid as eerste stap ingevolge artikel *een* van die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971,* omgeskakel word tot 'n Wetgewende Vergadering.[155] Tweedens dat die gebiedsowerheid 'n konstitusionele komitee benoem om in te gaan op die kwessie van 'n naam vir die Tswanatuisland, 'n vlag en die daarstelling van 'n konsepgrondwet met die oog op oorskakeling na die status van selfregerende gebied binne die Republiek soos voorgehou deur Hoofstuk II van die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971.*[156]

Deur Proklamasie R87 van 1971 is die Tswanagebiedsowerheid vanaf 1 Mei 1971 vervang deur 'n Wetgewende Vergadering, dog sonder enige verandering in terme van samestelling. Die Tswanagebiedsowerheid staan dus vanaf 1 Mei 1971 bekend as die Tswana Wetgewende Vergadering. Hierdie naamsverandering bring egter ook 'n

---

155. Tswana Gebiedsowerheid. *Verrigtinge ... 1971.* (1972), p. 196-200.

156. *Ibid.,* p.176-201; 220-221.

statusverandering mee, aangesien dié liggaam onmiddellik die be=voegdheid kry om ingevolge artikel *drie* van die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971*, wetgewing oor 'n wye reeks onderwerpe[157] daar te stel vir die gebied ten opsigte waarvan dit ingestel is. Ook sou, met die vooraf-verkreë toestemming van die Staatspre=sident, voorsiening gemaak kon word vir die toepassing van sulke wetgewing op Tswanaburgers wat in Blanke gebiede aanwesig is.[158] Verder bestaan daar voorsiening vir die instelling van (verdere) departemente;[159] skepping van 'n inkomstefonds vir die ower=heid;[160] oordrag van laste en bates van die gebiedsowerheid op die Wetgewende Vergadering;[161] instelling van 'n regeringsdiens=kommissie[162] en ander bevoegdhede. Sake soos wapens en ammuni=sie, militêre bedrywighede, buitelandse betrekkinge, valuta, posterye en enkele ander onderwerpe is, soos in die geval van die Transkei, (voorlopig) gereserveer vir die Blanke owerheid.[163] Die goedkeuring van die Staatspresident sou egter nog nodig wees vir wetgewing van die owerheid.[164]

Alvorens die status van Selfregerende Gebied ingevolge Hoofstuk II van die Wet aan die Tswanagebied toegesê sou kon word, moes 'n nuwe grondwet egter daargestel en deur die Tswana-owerheid aanvaar word. Dié grondwet sou dan ook voorsiening moes maak vir 'n aantal verkose lede, verkies deur die Tswanaburgers binne sowel as buite die Tswanagebied. Afgesien van die feit dat hierdie voorsiening 'n logiese stap in die proses van demokra=tisering sou behels, sou dit ook die geleentheid aan die reeds

---

157. Soos omskryf in Bylae 1 van die wet.

158 - 162. Resp. art. 3, 5, 6, 13 en 16.

163 - 164. Resp. art. 4 en 3 (2).

ontstamde of sosiaal-gemobiliseerde Tswana bied om politiek be=trokke te raak in die Tswanastaat-in-wording. "By die verkies=ing van hierdie verteenwoordigers," het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling dan ook in die Senaat ver=klaar, "kry die burgers ... 'n aandeel in die politieke stelsel van hulle volk en van hulle tuisland, al woon daardie burgers ook ver buite daardie tuisland op boereplase ... of in dorpe of in stede ..."[165]

Soos reeds vermeld, is 'n reseskomitee gedurende 1971 aangewys om in oorleg met die Blanke owerheid 'n konsepgrondwet op te stel. Die komitee van sewentien lede, bestaande uit die Uit=voerende Raad plus elf lede aangewys deur die Uitvoerende Raad, het in 1972 die konsep-grondwet aan die Wetgewende Vergadering voorgelê asook aanbevelings gemaak oor 'n naam vir die Tswana=gebied en 'n eie vlag. Die naam *Bophuthatswana* is aanvaar.[166] Ook is 'n besluit geneem oor die ontwerp van 'n vlag vir Bophu=thatswana.[167] Ook die konsep-grondwet is met enkele wysigings aanvaar, alhoewel daar skerp meningsverskil oor sekere punte was.[168] Gevolglik is 'n mosie aanvaar dat die Staatspresident versoek word om Bophuthatswana tot selfregerende gebied te ver=klaar en "dat die Bophuthatswanagebied regeer word ingevolge die grondwet wat so pas aanvaar is ..."[169]

Gevolg is aan die versoek gegee deur Proklamasie R131 van 1972,

---

165. Republiek van Suid-Afrika. Die Senaat van die Rep. van S.A. *Debatte.* No. 6, 1971. Kol. 1275. Kaapstad. Staats=drukker, 1971.

166. Republiek van Suid-Afrika. Bophuthatswana Regering. *Debatte ... 1971.* (1972), p. 49-50.

167 - 169. Resp. *ibid.*, p.553-560; 53-164; 169.

uitgevaardig ingevolge die *Grondwet van die Bantoetuislande, 1971* en die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961.* Hierdeur word die gebied van die Tswana Wetgewende Vergadering, omskryf deur Proklamasie R87 van 1971, tot selfregerende gebied verklaar vanaf Julie 1972 onder die naam Bophuthatswana.[170] Die status van selfregerende gebied bring groter bevoegdhede mee, waaronder die volgende:

(a) Bophuthatswana verkry sy eie nasionale simbole soos 'n vlag en 'n volkslied.[171]

(b) Wetgewende bevoegdheid oor die aangeleenthede genoem in die Eerste Bylaag van die *Grondwet van die Bantoe=tuislande, 1971*, en waarna reeds verwys is, word behou en die verdere bevoegdheid word verkry om ook wette van die Parlement wat op dié sake betrekking het (genoem in Bylaag 1) en van toepassing is in Bophuthatswana of op burgers van die Bophuthatswana buite Bophuthatswana te wysig of te herroep. Andersyds is wette van die Parle=ment oor dié aangeleenthede, op enkele uitsonderings na, nie van toepassing in Bophuthatswana nie.

(c) 'n Hoërhof kan vir Bophuthatswana ingestel word ter ver=vanging van 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, asook die Bantoe-appèl- en -egskeidingshof.[172]

(d) Die oordrag van grond en ander eiendom van die Blan=

---

170. Republiek van Suid-Afrika. *Staatskoerant.* 26 Mei 1972. Staatsdrukker. Pretoria.

171. Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, art. 27 en 28.

172. *Ibid.*, Art. 34 en 36.

ke owerheid aan die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana.[173]

Benewens hierdie bevoegdhede, en met die oog op die uitoefening daarvan, bepaal Proklamasie R131 van 1972 verder dat -

(e) die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana saamgestel word uit -

(i) 48 lede aangewys deur die samestellende streeksowerhede; en

(ii) 24 lede verkies binne die twaalf distrikte van Bophuthatswana wat tot kiesafdelings verklaar word en waarin elke Tswanaburger wat in so 'n kiesafdeling mag stem, soveel stemme het as wat daar lede is wat vir die kiesafdeling verkies moet word.[174]

(f) 'n Kabinet, bestaande uit 'n hoofminister (wat 'n kaptein moet wees) en vyf ander ministers (waarvan nie meer as drie kapteins is nie), daargestel word. Die hoofminister word verkies deur die lede van die Wetgewende Vergadering. Hy wys die kabinetslede aan, ken die beheer oor die departemente toe en kan ook departemente herorganiseer.[175]

(g) 'n voorsitter en onder-voorsitter verkies word deur die Wetgewende Vergadering en dat hulle hulle ampte verloor indien hulle hul setels verloor of uit die amp onthef

---

173. *Ibid.* Art. 34 en 36.

174. Republiek van Suid-Afrika. *Staatskoerant.* 26 Mei 1972. Staatsdrukker. Pretoria.

175. *Ibid.* Art. 13-24 .

word.[176]

(h) Kapteins hulle status behou en in stam- en seremoniële aangeleenthede in hulle stamgebiede voorrang bo minis= ters geniet;[177] en

(i) Setswana erken word as bykomende amptelike taal in Bophuthatswana.[178]

Alhoewel sy samestelling nie op 1 Julie 1972 verander is nie, kry die Tswana Wetgewende Vergadering dus vanaf daardie datum groter bevoegdhede en staan bekend as die Bophuthatswana Wetge= wende Vergadering; word die hoofraadslid bekend as hoofminister, en word lede van die Uitvoerende Raad bekend as kabinetslede met die betiteling van minister.

Met die oog op die aanwysing van die 24 verkose lede is omvat= tende voorskrifte afgekondig deur Proklamasie R150 van 1972. Voorts is die Wetgewende Vergadering ontbind met ingang van 4 Oktober 1972 - die dag waarop die verkiesing gehou moes word.[179] Die kabinet sou egter funksioneer tot 1 November 1972. Gelyktydig met hierdie afkondiging is bepaal dat die aanwysing van die 48 lede van die Wetgewende Vergadering deur en vanuit die streeksowerhede moes geskied voor of op 14 Julie 1972[180]. en dat nominasiehowe op 2 Augustus 1972 sou sit om nominasies te

---

176. *Ibid.* Art. 25-28.

177. *Ibid.* Art. 29.

178. *Ibid.* Art. 31.

179. Rep. van S.A. Proklamasie No. 163 van 1972. *Staatskoerant*, 7 Julie 1972. Staatsdrukker. Pretoria.

180. *Ibid.*

ontvang van kandidate vir verkiesing in die twaalf kiesafdelings van Bophuthatswana.[181] (Die vroeë aanwysing van die 48 lede was klaarblyklik daarop gemik om aan lede van streeksowerhede wat nie aangewys word nie, die geleentheid te bied om as kandi= date met die oog op die verkiesing van die 24 verkose lede ge= nomineer te kon word.)

Met die oog op die aanwysing van die 48 lede deur streeksower= hede is bepaal dat dié owerhede die volgende aantal lede kan aanwys:[182] Pilanesbergstreeksowerheid (4); Bakgatla-Ndebele= streeksowerheid (4); Bahurutshestreeksowerheid (4); Huhudi-Bechwanastreeksowerheid (4); Taungstreeksowerheid (4); Barô= lôngstreeksowerheid (4); Ditsobotlastreeksowerheid (4); Madikwe= streeksowerheid (4); Odistreeksowerheid (4); Seokama-Dichaba-streeksowerheid (2); Batlhapingstamowerheid (2); Barôlôngstam= owerheid (3); en Bafokengstamowerheid (3). Verder is voorge= skryf dat dié lede sover doenlik kapteins en hoofmanne moes wees.[183] Slegs as daar minder kapteins en hoofmanne op die be= trokke streeksowerheid sitting het as wat aangewys mag word, kan die verskil uit gewone lede aangewys word. Met die oog op die verkiesing van die 24 verkose lede is die twaalf distrikte van Bophuthatswana tot kiesafdelings verklaar.[184]

In elk van hierdie kiesafdelings moes twee persone verkies word tot die Wetgewende Vergadering. Tswanakiesers moes stem in die

---

181. Rep. van S.A. Goewermentskennisgewing 1197 van 1972. *Staats= koerant*, 7 Julie 1972. Staatsdrukker. Pretoria.

182. Republiek van S.A. Proklamasie R131 van 1972. Art. 3 (2). *Staatskoerant*, 26 Mei 1972. Staatsdrukker. Pretoria.

183. - 184. Resp. *ibid.*, Art. 3 (2) (i), (ii) en 4.

kiesafdeling waarin hy/sy gedomisilieer is, of indien nie, gebore is, of indien ook nie, in 'n kiesafdeling van sy/haar keuse.[185] Klaarblyklik uit oorwegings van tyd en koste is daar nie kieserslyste opgestel nie maar 'n registrasiestempel in die bewysboek van voornemende kiesers aangebring.[186] Met die oog op die bekendmaking van die verkiesing in Blanke stedelike gebiede is vergaderings gereël deur die stedelike verteenwoordiger en sy assistent. Hierdie vergaderings is toegespreek deur lede van die Tswanakabinet.[187] Na die stigting van politieke partye het ook hulle organiseerders vergaderings gereël wat deur leiersfigure van die betrokke partye toegespreek is.

Omdat die verkiesing oorspronklik as partyloos gevisualiseer is, is vergaderings gehou en deur lede van die kabinet toegespreek. Hiertydens is ook besluit op kandidate wat benoem sou word met die oog op verkiesing en is reëlings getref vir die betaling van deposito's van hierdie kandidate op nominasiedag. Enkele dae voor en enkele dae nadat kandidate genomineer moes word, het daar twee politieke partye ontstaan wat aan die verkiesing sou deelneem, terwyl 'n derde party toe reeds bestaan het. Daar was ook enkele onafhanklike kandidate wat hulle later met een of ander van hierdie partye sou identifiseer. Die partye was die *Tswana National Party (T.N.P.)*, *Seoposengwe Party (S.P.)* en *Bophuthatswana National Party (B.N.P.)* onder leiding van, respektiewelik, mevr. Rose Modise, kaptein T. R. Pilane en

---

185. *Ibid.*, Art. 5 (2).

186. Bophuthatswana Regeringsdiens. Dept. van Binnelandse Sake. Lêer 4/10. Omsendskrywes gedateer 10/8/72 en 23/8/72.

187. Bophuthatswana Regeringsdiens. Kantoor van die Stedelike Verteenwoordiger. Omsendbrief no. 6/72 ged. 3/8/72.

kaptein L. M. Mangope. Omdat die 48 lede wat deur die streeksowerhede aangewys moes word reeds aangewys was met die ontstaan van die politieke partye; die T.N.P. 'n stedelike basis het en dus nie 'n belang by benoemings deur streeksowerhede sou hê nie, en die setels van kapteins en hoofmanne oorwegend op *ex officio*-setels neergekom het, het die party-politieke stryd gefokus op die 24 kiesafdelings. En ook in hierdie verband kan alleen in 'n gekwalifiseerde sin van partypolitiek gepraat word omdat, volgens informante, "baie kandidate gesê het wat húlle dink en dan gesê het dit is die beleid van die party."[188]

Die name van die kandidate vir die verskillende setels is gepubliseer in die *Bophuthatswana Amptelike Koerant* van 1 September 1972. Hieruit het dit reeds geblyk dat die kiesafdelings Tlhaping-Tlharo, Lehurutshe, Ganyesa en Bafokeng onbestrede was.

By alle stemburo's het 4 Oktober - stemdag - ordelik verloop. Kiesers in Bophuthatswana het groter belangstelling getoon as dié daarbuite en stempersentasies van hoër as 45 persent is vir eersgenoemde kategorie gerapporteer.[189] Die stempersentasie vir Pretoria is gestel op 15 persent,[190] terwyl 'n informant wat die stemburo's in Soweto besoek het, oormatig pessimisties opgemerk het dat hy "twyfel of vyf persent gestem het". Die redes vir die swak belangstelling in Blanke stedelike gebiede

---

188. Dat daar inderdaad onduidelikheid by kiesers bestaan het oor die beleid van die partye word ook hieronder aangetoon.

189. Breytenbach, W. J. Eerste verkiesing in Bophuthatswana. *Bulletin*. Afrika-Instituut. Pretoria, Dl. XII, No. 9, 1972, p.392. Dit is egter nie duidelik of by hierdie berekenings in aanmerking geneem is dat elke kieser twee stemme gehad het nie. Indien nie, moet die persentasies halveer word.

190. *Loc. cit.*

is vererlei. So het Tswana-informante in Soweto daarop gewys dat die tydsverloop tussen die datum van afkondiging en hou van die verkiesing "te kort" was; dat daar "baie min organisasie was" en mense "nie mooi geweet het van die verkiesing nie."; dat baie nie geweet het waaroor dit gaan nie en gevolglik ook vir kandidate van 'n party wat hulle nie bedoel het om te steun nie, gestem het; dat mense bang was om te registreer as kiesers omdat hulle dan moontlik "tuisland-toe" gestuur sou word, en alternatiewelik, dat die stempel in die bewysboek sou inhou dat afstand gedoen word van reeds verkreë regte ingevolge artikel *tien* van die *Stadsgebiede (Konsolidasie) Wet, 1945.* Andersyds is aangevoer dat die stempersentasies vir Moretele en Odi hoog moes gewees het, omdat die oorwig van die bevolking wat binne dié kiesafdelings woonagtig is, nie Tswana is nie wat die stempel in die bewysboek beskou het as verlenende permanensie in dié gesogte gebiede vlakby die werksgeleenthede van Pretoria - met gesubsidiëerde vervoer daarheen.

Ongeveer twee weke na die verkiesing is die uitslag bekend gemaak.[191] 'n Samevatting van die hoeveelheid stemme uitgebring in die verskillende bestrede kiesafdelings verskyn hieronder (tabel 17). Verder het dit geblyk dat daar een kaptein en een hoofman onder die verkose lede is; dat die vier onbestrede kiesafdelings aan die B.N.P. behoort; Mankwe en Odi deur Seoposengwe verower is; die ander bestrede kiesafdelings deur B.N.P.-kandidate verower is, en dat, benewens kaptein Pilane, drie van die oorblywende 47 lede aangewys deur die streeksowerhede hulle steun aan Seoposengwe toegesê het. Geeneen van die T.N.P. se

---

191. Bophuthatswana-Regering. Dept. van Binnelandse Sake. Gk. no. 5 van 1972. *Amptelike koerant,* 19 Oktober 1972.

twee kandidate het die paal gehaal nie.

Tabel 17: Bophuthatswana - verkiesing: Stemme uitgebring[192]

| Kiesafdeling | Blanke Gebied | Bedorwe | Bophuthatswana | Bedorwe | Ander Tuislande | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Moretele | 10 162 | 47 | 44 276 | 261 | 6 | 54 444 |
| Odi | 18 966 | 109 | 62 913 | 387 | 16 | 81 895 |
| Madikwe | 11 620 | 118 | 24 391 | 82 | 4 | 36 015 |
| Mankwe | 16 697 | 69 | 26 812 | 241 | 6 | 43 515 |
| Ditsobotla | 46 027 | 94 | 31 970 | 182 | 6 | 78 003 |
| Molopo | 17 375 | 81 | 25 999 | 56 | 4 | 43 378 |
| Taung | 22 818 | 168 | 37 192 | 415 | 4 | 60 014 |
| Thaba Nchu | 12 857 | 102 | 14 854 | 281 | 18 | 27 729 |
| Bafokeng | Onbestrede | | | | | |
| Ganyesa | Onbestrede | | | | | |
| Lehurutshe | Onbestrede | | | | | |
| Tlhaping/ Tlharo | Onbestrede | | | | | |
| TOTALE | 156 522 | 788 | 268 407 | 1 905 | 64 | 424 993 |

Indien die raming dat daar ongeveer 800 000 Tswanakiesers binne en buite Bophuthatswana tydens die verkiesing was, korrek is,[193] daar in vier kiesafdelings nie gestem is nie en elke kieser twee stemme gehad het, dan was die stempersentasie rofweg 37. Dit het verder geblyk dat Seoposengwe groter steun uit stedelike gebiede binne en buite Bophuthatswana ontvang het as die

192. Gegewens verkry van die Departement van Binnelandse Sake, Bophuthatswana Regeringsdiens. Vgl. ook *Die Transvaler*, 18/10/1972.

193. Breytenbach, W. J. *Op. cit.*, p.388.

B.N.P.[194]

Die B.N.P. egter, wat die steun van by verre die grootste aan=tal stamhoofde geniet, het die grootste steun uit die stamge=biede ontvang - uitgesonderd die gebiede van däärdie stam=hoofde wat hulle steun aan Seoposengwe toegesê het. Dat die stamhoof 'n uiters gewigtige faktor hierin was, moet aanvaar word. So dui inligting daarop dat sommige stamhoofde (en hulle rade) die ongewenste party verhoed of belemmer het om verga=derings in die stamgebied te hou. Verder is aan kiesers deur stamhoofde voorgeskryf vir wie om te stem - met die subtiele dreigement: "Ek is die hen wat die wurms vir julle uitkrap." En trou aan die Tswanaspreuk: *Kgosi ga e ganediwe* ('n stam=hoof (se woord) word nie geweier nie), het die kiesers in die stamgebiede blykbaar gehoorsaam.

Die relatiewe sterkte van die partye is ook gereflekteer in die verkiesing van die hoofminister van Bophuthatswana tydens 'n spesiale sitting van die Wetgewende Vergadering op 30 Oktober 1972. Kaptein Mangope is verkies met 60 stemme teenoor die agt stemme wat kaptein Pilane, die enigste ander kandidaat, getrek het. Twee stembriewe was bedorwe. Tot voorsitter van die Wetgewende Vergadering is verkies lid W. A. Maqondose en tot ondervoorsitter kaptein E. R. Lentswe. Op 1 November 1972 het die Hoofminister sy kabinet soos volg saamgestel:[195]

Hoofminister: Kaptein L. M. Mangope (Owerheidsake en Finansies);
Ministers: Kaptein H. Maseloane (Binnelandse Sake);
Kaptein V. R. T. Makapan (Justisie);
Kaptein J. B. Tôtô (Werke);

194. *Ibid.*, p.392.
195. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Inligting. *Bantu.* Dl. XX, no. 1, 1973, p. 6-7.

Mnr. T. M. Molatlhwa (Landbou); en
Mnr. M. Setlogelo (Onderwys).

Op 1 November is die kabinet beëdig en op 2 November 1972 is die eerste sitting van die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering na die eerste algemene verkiesing amptelik deur die Staatspresident van die Republiek geopen.

Alhoewel daar reeds in 1973 spanninge in die kabinet ontwikkel het, sou dit egter onveranderd bly tot aan die begin van 1975. Ook die konstitusionele opset sou in dié tydperk geen veranderings ondergaan nie.

## 2.5 Samevatting

Uit die voogsaanbod ten opsigte van staatsvorming aan die Tswana, kom die volgende hooftrekke na vore:

(a) Die politieke formule soos aangebied aan die Bantoe het nå 1910 gehuiwer tussen identiteit en differensiasie en het in die vyftigerjare oorgeslaan van differensiële inkorporasie binne dieselfde eenheidstaat onder Blanke beheer na politieke fragmentasie op etniese grondslag binne afsonderlike grondgebiede. Die implikasie hiervan was die vorming van 'n staat ook vir die Tswana as afsonderlike etniese groep.

(b) In die vorming van die Tswanastaat is die tradisionele bestuursinstellings van die Tswana as uitgangspunt geneem en is daar, sover moontlik, ooreenkomstig die politieke kultuur van die Tswana dog met gebruikmaking van Westerse konsepte en metodes, 'n staatstruktuur gevorm waardeur die voormalige polisentriese politieke

opset ingeskakel is onder 'n unitêre struktuur wat uitmond in 'n enkele nasionale gesagsliggaam.

(c) Die metode van inskakeling is eerder konsosiatief as universalisties van aard. Omdat stam- en gemeenskaps=owerhede direkte verteenwoordiging geniet op streeks=owerhede en die meerderheid lede deur dié liggame aan=gewys word na die nasionale liggaam, het laasgenoemde liggaam 'n ontmoetingsveld en gemeenskaplike domein vir 'n groot aantal stamme geword.

(d) In administratiewe opsig het daar tot 'n groot hoogte 'n strukturele ontkoppeling plaasgevind tussen voog en bevoogde; het daar 'n funksionele spesialisasie binne die gebiedsowerheid ontstaan as gevolg van die instel=ling van verskeie departemente, en is slegs 'n aantal belangrike bevoegdhede (voorlopig) gereserveer vir die voog. Verskeie van hierdie bevoegdhede word deur die voog via die Tswanaregeringsdiens en in oorleg met die Tswana-owerheid uitgeoefen.

(e) Gepaard met die progressiewe vermeerdering van magte aan die Tswana-owerheid, is ook voorsiening gemaak vir 'n verkose element ten einde ook verteenwoordiging te verleen aan die reeds ontstamde en sosiaal-gemobili=seerde Tswana binne sowel as buite die tuisland, dit wil sê in Blanke gebied.

(f) Tswanareg het in die landshowe min erkenning geniet en regspleging is oor die gang van jare tot 'n groot hoog=te geneem uit die hande van die tradisionele figure en instansies. Planne om 'n regsplegende struktuur waarin Tswanareg die geldende reg sal wees, daar te stel,

verkeer in 1973 nog in 'n bloudrukstadium.

(g) Die regskeppende organe binne Bophuthatswana is in 1973 reeds ten volle vertswana en teen 'n tempo so snel moontlik, dog met behoud van doeltreffendheid, word ook die administratiewe en jurisdiese strukture gelokaliseer.

(h) Benewens die politieke koppeling van Batswana wat buite Bophuthatswana woonagtig is deur middel van Tswanaburgerskap aan Bophuthatswana, is ook 'n ad=ministratiewe skakelingsnetwerk tussen die Tswana-ower=heid en die Batswana in Blanke stedelike gebiede voorsien.

Hiermee is reeds aandag gegee aan twee wesentlike determinante van nasievorming, naamlik die beskikbaarheid van grondgebied en die inrigting van 'n nasionale staat. Twee verdere deter=minante moet dus nou aandag ontvang, naamlik sosialisering en bestaansgeleenthede.

HOOFSTUK VIII

# VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING: DIE AANBOD AAN DIE BATSWANA (vervolg)

## 3. Sosialisering.

Die sosialiseringsaanbod van die Blanke aan die Batswana dateer reeds uit die eerste dekade van die negentiende eeu met die vestiging van sendelinge in die Kuruman- en Taungomgewing. Met die inbeweeg van die Afrikaner in Transvaal en sy verspreiding oor die binneland, verbreed die skaal waarop kontak en beïn= vloeding plaasvind. Afrikanergesag in die O.V.S. en Britse ge= sag in Brits-Betsjoeanaland oefen, via amptenare, krygsliede, handelaars en allerlei "agente", ook 'n belangrike sosialise= ringsinvloed op die Batswana binne dié gebiede uit. Namate sendingaktiwiteite toeneem, staatstrukture meer gespesialiseerd raak, 'n groter mate van owerheidsinmenging in naam van orde en beskawing in stambestuur plaasvind, die "binneland" intensiewer beset word deur Blankes, kommunikasienetwerke die voormalig-afgeslote gebiede oopstel, dorpe en stede ontstaan, ekonomiese faktore die Bantoebevolking laat beweeg na die nywerheidsentra en 'n groeiende persentasie Batswana oopgestel is vir mobilisa= sie deur die pers en radio, het ook die sosialiseringskrag wat vanuit die Blanke samelewing op die Batswana uitgeoefen is, toe= geneem. Soos in die vorige hoofstuk word die aandag beperk net tot enkele geledinge van die sosialiseringsaanbod, naamlik die onderwys, Buro vir taal en kultuur, inligting, pers en radio. En wat laasgenoemde twee media betref gaan die belangstelling daarin slegs sover as wat dit aangewend word om owerheidsbeleid uit te dra.

3.1 Onderwys.

3.1.1 Die Sendingtydperk: 1813 - 1910

Die veelbewoë en mikpuntlose weg wat Bantoe-onderwys gegaan het vanaf 1910 tot 1953 is af te lees uit 'n vorige hoofstuk en hoef nie hier volledig herhaal te word nie. Die aksent word hieronder dan ook geplaas op die periode na 1953 toe ook die onderwysstelsel aangewend moes word in die proses van nasionale ontwikkeling op die basis van etniese verskeidenheid. Volledigheidshalwe moet die historiese vertrekpunt van Tswana-onderwys egter ook oorsigtelike aandag ontvang. En in laasgenoemde verband is dit baie bemoedigend dat 'n drietal Tswana-opvoedkundiges (proff. Lekhela, Kgware en dr. E. S. Moloto) in 1972 'n werkie laat verskyn het oor die ontwikkeling van onderwys in die gebied wat bekend geword het as Bophuthatswana. Die verskyning van die werkie - waarvan ruim hieronder gebruik gemaak word - is so beplan dat dit saamgeval het met die opening van die hersaamgestelde Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana op 2 November 1972.

Reeds in 1813 is 'n onsuksesvolle poging aangewend deur die London Missionary Society (L.M.S.) om 'n sendingstasie te Taung aan te lê. In 1817 stig dié genootskap 'n sendingstasie te Dithakong, maar dit is wesentlik eers na die aankoms van Moffat te Kuruman dat evangelisasie en onderwys onder die Batlharo en Batlhaping plaasgevind het. Vanuit Kuruman sprei die L.M.S. sy invloed na Mobotsa in 1843 en daarvandaan na die Bakwêna van Sechele in 1846. Ondertussen is ook te Dinokana 'n sendingstasie aangelê maar moes in 1852 weer gesluit word nadat die sendelinge aanvalle op die Blanke bewind van Transvaal gedoen het. Die gevolglike verbod op L.M.S.-aktiwiteite in Transvaal het daartoe gelei dat dié liggaam die Noord-Kaap intensiewer versorg het en ook

uitgebrei het na die huidige Botswana en Rhodesië. Reeds voor 1910 bestaan daar dan ook reeds 17 sendingskole onder beheer van die L.M.S. waarin elementêre onderrig gegee word binne die huidige Bophuthatswana.[1] Hierbenewens is ook die Tierkloof=instituut - wat 'n opvolger was van die Moffatinstituut te Kuru=man - in 1904 by Vryburg tot stand gebring. Hierdie inrigting het die opleiding van evangeliste, onderwysers en onderwyseresse as taak gehad, maar ook is hier begin met die opleiding van Batswana in verskillende ambagte. Daarmee is Tierkloof dan ook die voorloper van die Boitseanape-opleidingskool te Mafeking.[2]

Broadbent en Hodgson begin in 1882 as sendelinge van die Wesle=yan Missionary Society (W.M.S.) onder die Barôlông boo Seleka in die Makwassie-omgewing arbei. In 1826 kom 'n sendingskool tot stand by Platberg, maar kort daarna versit dié sendelinge tesame met die Barôlông na Thaba Nchu waar die proses van evan=gelisasie en onderwys voortgesit is. Verskeie skole is in Thaba Nchu deur die W.M.S. opgerig en dié liggaam het ook sy aktiwiteite uitgebrei na Mahikeng, Vryburg, Khunwana, Makapan=stad, Magaliesberg en Uitkyk.[3a] Soos die L.M.S. het ook die W.M.S. 'n drukpers verkry en is daar voor 1910 reeds evangeli=sasie- en onderwysmateriaal gedruk vir die aksie onder die Batswana.[3b]

---

1. E. P. Lekhela, *et al. A Survey of the Development of Educa=tion among the Batswana of Bophuthatswana.* Mafeking Mail. 1972, p.16.

2. Vorster, T. Boitseanape Trade and Training School. *In: Ibid.*, p.39.

3a. *Ibid.*, p.17.

3b. Vir besonderhede vgl. P. J. Schutte. Sendingdrukperse in Suid-Afrika (1800-1875). D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1969, p.247 *et seq.*

In 1831 het ook die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap die sendingveld onder die Batswana betree met die vestiging van Rolland en L'Emue by die Bahurutshe te Mosega. Pellisier sluit in 1832 by die twee aan, maar die aksie loop dood vanweë die optrede van Mzilikazi. Die sendelinge vlug weswaarts en stig 'n sendingstasie te Motitong, naby Vryburg, waar vir 'n tydperk evangelisasie gedoen en onderwys gebied word aan die Barôlông boo Ratlou.

Die Berlynse Sendinggenootskap stig sy eerste sendingstasie in 1834 te Bethanië in die O.V.S. en arbei onder die Koranna en 'n aantal Barôlông wat die gebied betrek het. In 1845 word 'n tweede punt gestig te Pniël, waarvandaan ook die Batlhaping bearbei word. Mettertyd vertak die aksie en kom verdere sending- en onderwyspunte tot stand in die O.V.S. en die Noord-Kaap. Te Majeakgoro, Daniëlskuil, Gong-Gong en Schmidtsdrift kom sendingskole tot stand, terwyl 'n Onderwysers-opleidingsentrum te Pniël gestig is.[4]

In 1836 vestig drie sendelinge van die Amerikaanse Raad van Kommissarisse vir Buitelandse Sending, naamlik Lindley, Wilson en Venables hulle te Zendelings Pos by Mosega. Mzilikazi verbied egter sy onderdane om na hierdie sendelinge te luister. Nogtans bestaan die sendingpunt tot in 1837 met die verdrywing van Mzilikazi waarna die sendelinge versit na Zululand. In 1839 vestig twee sendelinge van die Church Missionary Society hulle te Mosega maar verlaat die punt 'n jaar later en keer terug na Engeland. Laasgenoemde liggaam het egter vanaf 1865 weer sendingpunte in Transvaal begin stig vanuit Thaba Nchu waar sending en onderwys tesame met die Wesleyan Missionary Society onder die

---

4. Lekhela, *op. cit.*, p.19.

Barôlông verrig is.

Na die verbod op die London Missionary Society om sending onder die Bantoe in Transvaal te doen, nooi die Transvaalse bewind die Duitse Hermannsburgse Sendinggenootskap om sendelinge na Trans=vaal te stuur. In 1857 kom die eerste Hermannsburgse sendelinge in Transvaal aan. Ten spyte van aanvanklike terugslae sou hier=die sendelinge, met Behrens as rigtinggewer, geweldige invloed uitoefen ten opsigte van evangelisasie en onderwys van die Batswana in die Rustenburg-Maricogebied.[5] In dié gebied is ver=skeie skole deur die sendelinge gebou. Ook het Behrens reeds so vroeg as 1874 'n opleidingskool vir Tswana-onderwysers te Bethanië (in die gebied van die Bakwêna ba Môgôpa) gestig. Dit is ook van belang dat Behrens in 1891 die eerste twee Tswana-onderwyseresse oplei.[6]

Voordat die Duitse sendelinge egter nog in Transvaal aangekom het, het die N.G.-sending reeds onder die Kgatla-Kgafêla van Pilanesberg begin arbei. Vanaf 1850 arbei Gonin hier en met sy dood in 1911 is die aksie ten opsigte van Woordverkondiging en onderwys reeds aanmerklik uitgebrei.

Hoeveel onderwysinrigtings daar teen die einde van die Anglo-Boere-oorlog in die huidige Bophuthatswana bestaan het, is nie duidelik nie, maar dit het stellig op tussen 50 en 100 te staan gekom. In Transvaal was skoolonderwys geheel en al te danke aan die sendingliggame, terwyl die politieke owerhede in die O.V.S. en Brits-Betsjoeanaland blykbaar wel vóór hierdie tydperk staats=

---

5. Vir besonderhede vgl. Feddema, *op. cit.*, p.41 *et seq.*

6. *Ibid.*, p.50.

fondse bewillig het vir die daarstelling van onderwysfasiliteite vir die Bantoe binne dié gebiede. So lees ons dat die owerhede in die O.V.S. vanaf die sewentigerjare van die vorige eeu fondse vir Bantoe-onderwys beskikbaar gestel het[7] en dat die Hoëkommissaris in 1895 die bedrag van £60-0-0 goedgekeur het sodat die Administrateur van Brits-Betsjoeanaland drie plaasskole op 'n pond-vir-pond-grondslag te Morokweng kon laat oprig.[8] Of daar voor 1872 staatsfondse gebruik is vir Bantoe-onderwys in die huidige Bophuthatswana, is nie duidelik nie, alhoewel dié beginsel reeds vanaf 1841 vir die Kaapkolonie geld.[9]

Dit is goed te begryp dat die aanvanklike sendingonderwys gekenmerk sou wees deur 'n verskil in doel, omvang, metode en klasindeling. En as dit verskil het van sendeling na sendeling - wat wel die geval was - dan was die verskil tussen die onderskeie sendinggenootskappe nog meer opvallend. In alle gevalle was kerk en skool egter onlosmaaklik aan mekaar verbonde en was die skoolonderrig wesentlik gemik op en 'n neweproduk van evangelisasie. Ten spyte hiervan het dié opset egter ook die begin van sekulêre onderwys beteken en het onderwys op verskeie punte voor 1904 reeds 'n doel op sigself geword.

Vanuit hierdie toenemende aantal sendingstasies is daar dan nuwe sosiale kragte binne die Tswanastamme ingedra; word hervormings

---

7. Socio-economic Commission. *Summary of the Report of the ... Op. cit.*, p.23. Horrel, M. *African Education: Some Origins, and Development until 1953.* S.A.I.R.R. Johannesburg. 1963, p.25.

8. Kaapse Argief. B.C.C. 7.

9. Horrel, *op. cit.* (1963), p.4.

ten opsigte van landbou en veeteelt, huweliksgebruike, geboorte- en begrafnispraktyke, woonwyse, religieuse, maatskaplike en politieke waardes en houdings, aangebring. Dit moes lei tot die ontstaan van spanning binne en die ontwrigting van die tradi= sionele orde, omdat die sosiale waardes waarop die tradisionele orde gebou is, deur die nuwe invloede weggekalwe en bevraagte= ken is. Terselfdertyd het die onderwys gedurende hierdie pe= riode, soos in die daaropvolgende periode, geen duidelike sosio= politieke ideaal wat bestaanbaar was saam met die breër Suid-Afrikaanse sosiopolitieke ordening nagestreef nie - ook omdat so 'n ideaal nie van staatsweë gestel is nie.

3.1.2 Standaardisering en uitbreiding: 1910 - 1953

Die gang van Bantoe-onderwys gedurende hierdie periode is in hoofstuk VI aangedui.[10] Daartydens het die Staat 'n aktiewer rol in die onderwys van die Tswanakind begin speel. Maar omdat on= derwys tot betreklik laat in hierdie fase as 'n provinsiale aan= geleentheid beskou is; daar 'n gebrek aan 'n eenvormige Bantoe-onderwysbeleid was en die beleid wat wel gevolg is uit voeling met die gegewe sosiopolitieke situasie was, was hierdie tydperk, gesien uit die oogpunt van beleidsontplooiing, 'n tydperk van onsekerheid.

Staatsubsidie vir Bantoe-onderwys in die voormalige Brits-Betsjoeanaland het die effek gehad dat die Sendingliggame wat reeds in die gebied werksaam was, hulle onderwysaktiwiteite ge= weldig uitgebrei het. Daarby het ook die Rooms-Katolieke Kerk die terrein betree en skole te Taung en Platberg gevestig met sowat twaalf buiteposte waar ook onderrig gegee is. In feitlik alle gebiede waar groot Batswana-sametrekkings was, het skole ontstaan. Die sowat 39 sendingskole wat in 1915 in Brits-

10. Hoofstuk VI, 4.1

Betsjoeanaland bestaan het, het in 1920 vermeerder tot 80 en het in 1946 op 152 te staan gekom.[11] Die aanstelling van hoof= inspekteurs en kringinspekteurs deur die provinsiale owerhede was dus 'n uiters nodige stap en het dan ook groter eenvormig= heid gebring en terselfdertyd die kwaliteit van Tswana-onderwys verbeter.

Terselfdertyd het daar ook 'n diversifikasie in die onderwys ge= kom. Op goedgeleë punte in Brits-Betsjoeanaland is sekondêre, hoër- en onderwysersopleidingskole opgerig en bestaandes uitge= brei. Daarby het ook skole vir onderrig in handel en ambagte tot stand gekom in die gebied terwyl daar ook oorweging gegee is aan die omvorming van die Tierkloofinstituut tot 'n Univer= siteit. Omdat dit egter swak geleë was, is die plan laat vaar.[12]

In die O.V.S. was die daarstelling van fasiliteite minder aan= skoulik as in Brits-Betsjoeanaland, hoofsaaklik omdat Bantoe-onderwys tot in 1923 as integrale deel van Blanke onderwys behandel is. Gebrek aan genoegsame fondse was 'n verdere knel= punt en het daartoe gelei dat die Moroka Nywerheidskool wat in 1904 te Thaba Nchu gestig is deur die Staat, in 1927 gesluit is. Die geboue is vir 'n paar jaar ongebruik gelaat voordat dit aan= gewend is ter huisvesting van die nuut gevormde Moroka Hoër-Primêre Skool. Dié skool gaan in 1934 op in die Moroka-insti= tuut - 'n inrigting waarin voorsiening gemaak is vir sekondêre en hoërskoolonderrig asook onderrig in nywerheidsvakke en onder= wysersopleiding. Hierbenewens het daar ook 'n aantal primêre skole waarvan die boukoste gesubsidieer is deur die Staat, op

---

11. Lekhela *et.al.*, *op. cit.*, p.21.

12. *Ibid.*, p.22.

verskeie ander punte in Thaba Nchu tot stand gekom. In die daarstelling van hierdie fasiliteite het Swart aandrang en on=dernemingsgees 'n belangrike rol gespeel, maar sonder staats=hulp sou dit nie daargestel en onderhou kon word nie.

Na 1910 is ook die onderwysaktiwiteite van die ses sendinglig=game wat in Transvaal werksaam was, uitgebrei. Hiervan was drie (die Hermannsburgse en Hannoverse aksie en die N.G.-aksie) min of meer gekonsentreerd op dele van die huidige Bophuthatswana (Rustenburg-Marico, Ventersdorp en Saulspoort) terwyl die andere hulle fokus gestel het op die Witwatersrand-Pretoriagebied en dáár fasiliteite daargestel het waarvan ook Batswana gebruik gemaak het.

Die sosialiseringsinvloed wat van hierdie liggame uitgegaan het, kan afgelei word uit die omvang van hulle aktiwiteite. En in dié verband kan vermeld word dat die Hermannsburgse aksie teen 1950 oor 37 hoofstasies beskik het met 204 substasies. By alle hoofstasies en talle substasies was daar onderwysgeriewe. Die Hannoverse aksie het verskeie skole te Bodenstein en Ventersdorp opgerig. Die N.G.-sendingaksie het gelei tot verskeie skole te Saulspoort; 'n kerkskool te Moroka vir die opleiding van Woordverkondigers en ook die Emmerentia Geldenhuys Hoërskool naby Warmbad. Die Wesleyaanse Sending het primêre, sekondêre en hoërskole, asook evangeliste- en onderwysersopleidingskole aan die Witwatersrand en Pretoria opgerig, met ook 'n onderwysers=opleidingskool te Potchefstroom. Die Church Missionary Society het soortgelyke inrigtings in Johannesburg daargestel waarvan Batswana ook gebruik gemaak het.

Soos hierbo opgemerk het subsidiëring deur die staat ook kontro=le oor die leerplanne van die skole teweeggebring - al was dit dan op 'n provinsiale basis. Die aanstelling van inspekteurs,

standaardisering van onderwysersopleiding en - veral - toenemende owerheidsinisiatief in die vorming van gemeenskapskole en die finansiering van dié skole, het dié tendens in die onderwys van die Bantoe onderstreep: Bantoe-onderwys word stelselmatig geneem uit die hande van die sendingliggame en oorgedra aan die sentrale regering, welke liggaam die betrokke Bantoegemeenskap nouer by die onderwys van hulle jeugdiges sou betrek as wat die sendingliggaam gedoen het. Die Eiselen-kommissie het dan ook in sy aanbevelings hierdie tendens deurgetrek tot die punt van nasionale onderwys - ook vir die Batswana.

### 3.1.3 Nasionale onderwys: 1953 --

#### 3.1.3.1 Organisasie, beheer en bywoning

Soos in hoofstuk VI aangedui, gaan die beheer oor Bantoe-onderwys (dus ook skole wat deur Batswana bygewoon word) in 1954 na die Departement van Naturellesake en wel ingevolge wet no. 47 van 1953. (Sendingliggame wat verkies het om beheer oor hulle skole te behou, sou voortaan geen subsidie van die Staat ontvang nie). Met die oog op beleidsuitvoering kom 'n direktoraat vir Bantoe-onderwys binne dié departement tot stand en word die land verdeel in (aanvanklik) ses streke met 'n direkteur aan die hoof van elke streek. Elke streek word op sy beurt verdeel in 'n aantal inspeksiekringe met 'n Blanke inspekteur, bygestaan deur Bantoe-opsieners, aan die hoof van elke kring. Vanaf 1955 word Blanke inspekteurs bygestaan deur Bantoe subinspekteurs wat op hulle beurt bygestaan word deur opsieners. Hierdie opset geld tot in 1958 toe die Bantoe-onderwysafdeling 'n volwaardige departement word onder 'n eie minister en met 'n aantal vaste komitees vir die hantering van gespesialiseerde onderwysaangeleenthede. Mettertyd sou hierdie departement uitbrei in

terme van funksie sowel as struktuur en het daar komitees soos die Bantoetaalraad met 'n komitee vir elke Bantoetaal; Departementele Eksamenraad met 14 subkomitees en verskeie vakkomitees; boekekomitee met verskeie subkomitees; kapteinseunskoolkomitee, ens.[13] tot stand gekom. 'n Verdere noemenswaardigheid is die Bantoe-onderwys-adviesraad wat in 1964 tot stand gekom het en wat later sou beskik oor 'n subkomitee vir elke etniese groep. Hierdie subkomitees sou, via die Raad, die onderwysbelange van elke Bantoevolksgroep bevorder.

Met die gesagsdesentralisasie na tuislande in 1968-69 word beheer oor Tswanaskole in Bophuthatswana oorgedra aan die gebiedsowerheid, welke liggaam deur middel van sy nuutgestigte Departement van Onderwys en Kultuur beheer oor die onderwysinrigtings sou uitoefen; verantwoordelikheid aanvaar vir die konstruksie en onderhoud van skoolgeboue; voorsiening van ameublement, boeke en ander hulpmiddele; salarisse van onderwysers en toesig oor skole en koshuise. Terselfdertyd word sekere professionele en administratiewe dienste in belang van onderwysstandaard egter gereserveer vir die Departement van Bantoe-onderwys. Dit sluit sake in soos die bepaling van *curricula* en *sillabi* vir primêre, na-primêre, onderwysersopleidings- en vakskole; eksaminering vir Std. VI, Junior Sertifikaat, Senior Sertifikaat, Onderwyssertifikaat en Ambagsertifikaat en diplomas. Om die ouergemeenskap nouer te betrek by die onderwysstelsel is skoolrade, skoolkomitees en ouer-advieskomitees in lewe geroep wat geheel en al uit die betrokke Bantoegemeenskap getrek word.

Sedert 1954 bestaan daar ook vir Batswana verskeie tipes skole,

---

13. Lubbe, A. N. P. *Bantu Education in the Republic of South Africa, 1971.* Erudita Publications. Johannesburg. 1971, p.9.

naamlik:

(a) *Staatskole* onder direkte beheer van die sentrale owerheid wat ten volle gesubsidieer word. Binne hierdie skole word ook gebruik gemaak van Blanke onderwysers. Dit sluit inrigtings soos Onderwysersopleidingskole, Ambagskole ens., in. Staatskole in die tuislande word later bekend as *gebiedskole*.

(b) *Gemeenskapskole* waaronder by verre die grootste aantal inrigtings geklassifiseer word en voorkom in Bantoegebiede en stedelike Bantoewoonbuurtes in Blanke gebied. Hierdie skole is in die verlede gesubsidieer deur onderskeidelik, die sentrale owerheid en betrokke stedelike plaaslike bestuur ten opsigte van geboue en toerusting. Sedert 1972 is die Bantoe-administrasierade egter verantwoordelik vir geboue in Blanke gebied en die tuislandse regering vir dié in die tuisland. Die salarisse van die personeel van skole in die Blanke gebied word ten volle gesubsidieer deur die Departement van Bantoe-onderwys, terwyl die tuislandse regering die salarisse van onderwysers in gemeenskapskole in die tuislande betaal. Ten opsigte van elkeen van hierdie skole in die Blanke gebied en tuisland bestaan daar 'n skoolkomitee waarvan vyf lede verkies word deur die ouergemeenskap en vier lede benoem word deur die kringinspekteur na oorlegpleging met die betrokke plaaslike owerheid. Hierdie skoolkomitees is werksaam ten opsigte van interne skoolbestuur en die finansies van die skool, terwyl dit ook advies gee aan die hoëre instansies (skoolraad) oor die aanstelling van onderwysers by die betrokke skool.

(c) *Plaasskole* wat geleë is op Blanke plase en waar onderrig aan die kinders van Bantoewerkers van die omgewing gebied word. Dié skole kry subsidie van die sentrale owerheid en staan onder beheer van 'n bestuurder - 'n persoon wat die eienaar van

die plaas is of 'n persoon deur hom genomineer. Uiteraard is hierdie inrigtings beperk tot die Blanke platteland.

(d) *Myn- en fabriekskole* wat geleë is op die eiendom van 'n myn of fabriek vir die kinders van Bantoewerknemers. Dit is gesubsidieerd en staan onder beheer van 'n skcolbestuurder aan=gewys deur die eienaar.

(e) *Hospitaalskole* wat gestig is deur hospitale en soort=gelyke inrigtings, bied primêre onderwys aan Bantoekinders wat mediese behandeling ontvang en vir minstens drie maande geïso=leer moet word. Dié skole geniet staatsondersteuning — soos die spesiale skole vir kreupeles, doofstommes, ens.

(f) *Privaatskole* wat geen subsidie van die Staat ontvang nie. Hierdie skole staan normaalweg onder beheer van kerklig=game wat verkies het om hulle skole nie op 1 Augustus 1954 aan die Staat oor te dra nie. Hierdie skole moet nogtans geregis=treer word by die Departement van Bantoe-onderwys en moet, in=dien hulle hulle leerlinge in staat wil stel om die departemen=tele eksamens af te lê, die voorgeskrewe leerplanne volg. Dié skole word ook deur departementele inspekteurs geïnspekteer.

Tot en met 1968 sou skoolrade 'n belangrike uitvoerende rol speel ten opsigte van Bantoe-gemeenskapskole binne Bantoe- so=wel as Blankegebied. Skoolraadsgebiede het normaalweg saamge=val met Bantoesakekommissarisdistrikte (in die tuisland) en mu=nisipale gebiede (in Blanke gebied) en skoolrade is saamgestel uit die lede van die samestellende skoolkomitees binne die be=trokke skoolraadsgebied. Ná die konstitusionele veranderings van 1968 en die gevolglike totstandkoming van 'n Departement van Onderwys en Kultuur in Bophuthatswana in 1969, is skoolrade binne Bophuthatswana egter afgeskaf, maar is in dieselfde jaar

(1969) heringestel, as *adviserende* liggame vir die Departement van Onderwys en Kultuur op distriksvlak. Skoolraadskantore word dan kringkantore van dié departement. Dus ondergaan skool=rade basies dieselfde verandering as wat streeksowerhede ge=durende dieselfde tyd ondergaan.[14]

Alhoewel die leerplanne wat gevolg word dieselfde is, word daar sedert 1969 uit die oogpunt van beheer dus onderskeid gemaak tussen skole in:

(a) Bophuthatswana wat die verantwoordelikheid van die tuislandse Departement van Onderwys is; en

(b) die Blankegebied wat onder die direkte beheer van die Departement van Bantoe-onderwys resorteer.

3.1.3.1.1 Bophuthatswana

Die Departement van Onderwys van Bophuthatswana bestaan in 1973 basies uit drie komponente: 'n professionele komponent, ad=ministratiewe komponent en 'n inspektoraat. Die drie komponente skakel in onder die Sekretaris van Onderwys wat verantwoording verskuldig is aan die Minister van Onderwys van Bophuthatswana.

Die *professionele komponent* bestaan in 1973 uit:

2 (Blanke) Professionele Assistente.
1 Onderwysbeplanner (Tswana).
1 Assistent-onderwysbeplanner (Tswana)
1 Hoofvertaler (Tswana).
1 Assistent-vertaler (Tswana).

---

14. Vir besonderhede vgl. Jeppe, *op. cit.,* p.210-213.

1 Vakinspektrise (Tswana); en

9 (Tswana) organiseerders van spesiale vakke, te wete:

Huisvlyt (2); Landbou (1); Kunsvlyt (1); Godsdiens-onderrig (1); Sielkundige dienste (1); Musiek (1); Kultuurorganiseer=der (1); Sportorganiseerder (1).[15]

Slegs drie van hierdie 16 poste is in 1973 dus deur Blankes be=klee. Die kwalifikasies van Bantoe wat die orige 14 poste be=klee, wissel van matriek plus 'n professionele diploma tot 'n doktorsgraad.

Die *administratiewe* komponent bestaan uit vier poste van Administratiewe Beampte en hoër (wat in 1973 nog deur Blankes beklee word) en 115 klerklike poste wat deur Bantoe beklee word.

Vir *inspeksiedoeleindes* is Bophuthatswana verdeel in 13 in=speksiekringe met 'n Tswana-inspekteur bygestaan deur twee assis=tent-inspekteurs verantwoordelik vir elke kring. Dié inspeksie=kringe is: Ditshobotla, Ga-Rankuwa, Jericho, Kuruman, Mabopane, Mafeking, Makapanstad, Mankwe, Taung, Temba, Thaba Nchu, Tlhabane en Welbedacht. Binne elk van hierdie inspeksiekringe bestaan daar 'n skoolraad wat minstens eenmaal per kwartaal ver=gader om onderwysaangeleenthede binne die betrokke kring te bespreek.

In 1973 is die volgende statistiek verskaf ten opsigte van onderwysinstellings onder beheer van die Departement van Onder=wys van Bophuthatswana.

---

15. Bophuthatswana Regering. Jaarverslag van die Dept. van Onderwys, 1973. Afgerol.

3.1.3.1.1.1 *Primêre skole*

| | | |
|---|---|---|
| Aantal skole | ............... | 657 |
| Aantal onderwysers | ......... | 4 497 |
| Aantal leerlinge | ............ | 283 154 |

Met uitsondering van 'n paar private (kerk) primêre skole, is hierdie skole almal gemeenskapskole. Die groeikoers van die leerlingtal is sowat 12½ persent per jaar. Setswana is, behalwe die onderstaande uitsonderings, die voertaal in primêre skole. Die uitsonderings is in 1973 soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (1) | Mabopane-kring: | Sepedi as medium | - 1 skool. |
| | | Isizulu as medium | - 2 skole. |
| | | Xitsonga as medium | - 1 skool. |
| (2) | Ga Rankuwa-kring: | Isizulu as medium | - 1 skool. |
| | | Xitsonga as medium | - 1 skool. |
| (3) | Temba-kring: | Isizulu as medium | - 3 skole. |
| | | Sepedi as medium | - 2 skole. |
| (4) | Thaba Nchu-kring: | Sesotho (Suid-Sotho) as medium | - 1 skool. |

Swat 26 persent van die onderwysers wat in 1973 onderrig in primêre skole gee, is professioneel ongekwalifiseerd. Om die peil van onderrig te verhoog is egter gereeld kort kursusse vir onderwysers aangebied in 'n groot verskeidenheid vakke.

3.1.3.1.1.2 *Junior en Senior Sekondêre skole, 1973*

| | | |
|---|---|---|
| Aantal skole | ............... | 68 |
| Aantal onderwysers | .......... | 584 |
| Aantal leerlinge | ............ | 22 109 |

| | | |
|---|---|---|
| Aantal Junior Sertifikaatkandidate | ...... | 4 811 |
| Aantal Senior Sertifikaatkandidate | ...... | 621 |

Binne alle na-primêre skole word Afrikaans en Engels as onder=rigmedium gebruik, terwyl Setswana as vak aangebied word. Uit die totaal van 584 onderwysers is 113 gegradueerd en 45 pro=fessioneel ongekwalifiseerd.

3.1.3.1.1.3 *Ambagskole*

In Bophuthatswana bestaan daar slegs twee ambagskole, naamlik Boitseanape en Moroka. Een huishoudskool kan hierby gereken word. In 1973 het 390 seuns onderrig in een of ander ambag ont=vang in hierdie skole, terwyl 162 meisies in Bophuthatswana onderrig ontvang het in huisbestuur, kleremakery, of as assis=tente vir voorskoolse inrigtings.

3.1.3.1.1.4 *Tegniese onderwys*

In 1973 bestaan daar nog geen skool vir tegniese onderwys wat deur die owerheid daargestel is nie.

3.1.3.1.1.5 *Ad-hoc opleiding aan fabriekswerkers*

Slegs een sentrum waar indiensopleiding aan voornemende fa=briekswerkers gebied word, bestaan in 1973. Dié sentrum is te Babelegi naby Pretoria.

3.1.3.1.1.6 *Kapteinseunskole*

Slegs een sentrum (Pinagare) bestaan vir hierdie doel. In 1973 het 103 seuns van kapteins en hoofmanne[16] hier onderrig ontvang.

16. Dept. van Bantoe-onderwys. *Jaarverslag.* 1973. RP. 75/1974, p.199.

3.1.3.1.1.7 *Onderwysersopleiding (1973)*

| | | |
|---|---|---|
| Aantal inrigtings | ............ | 5 |
| Aantal kandidate | ............ | 1 742 |

3.1.3.1.1.8 *Universitêre onderrig*

Bophuthatswana beskik in 1973 nog oor geen eie universiteit nie en studente uit Bophuthatswana maak gebruik van die bestaande Bantoe-universiteite, besonderlik die Universiteit van die Noorde. Só was daar in 1973 'n totaal van 142 studente uit Bophuthatswana aan die Universiteit van die Noorde; 19 aan Fort Hare en ses aan die Universiteit van Zululand.[17]

Sover dit die uitbreiding in onderwysfasiliteite betref, val dit op dat daar gedurende 1973 drie Laer Primêre Gemeenskapskole; 19 Primêr-Gekombineerde gemeenskapskole; sewe Junior Sekondêre gemeenskapskole en vyf Senior Sekondêre gemeenskapskole geregistreer is. Die geboue — wat 272 klaskamers behels — is opgerig deur stamowerhede en skoolrade met 'n subsidie op 'n rand-vir-randbasis verkry van die Departement van Onderwys van Bophuthatswana.

Binne Bophuthatswana het daar in 1973 reeds 30 koshuise bestaan vir na-primêre leerlinge en het 6 584 kinders van koshuise gebruik gemaak. Hoeveel van hierdie kosgangers uit Bophuthatswana self en hoeveel uit Blankegebied afkomstig is, word nie gesê nie. Ons het egter vasgestel dat daar in 15 hoër- en onderwysersopleidingskole met 'n inskrywing van 7 242 in 1974 'n totaal van 3 949 kosgangers was waarvan 1 976 — 50,03 persent — uit Blanke stedelike gebiede afkomstig was. Terselfdertyd was

17. *Ibid.,* p.129.

daar in twee opleidingskole met 'n inskrywing van 1 074 'n to= taal van 953 kosgangers waarvan 565 — 59,2 persent — uit Blan= ke stedelike gebiede. 'n Enkele koshuis in Mahikeng waar na= vraag gedoen is, het 250 kosgangers van elders gehad en wel van plekke sover as Kaapstad. Dit wil dus voorkom asof leerlinge/ studente van buite Bophuthatswana heelwat meer as die gereser= veerde ruimte van 10 persent in sekondêre en opleidingskole in Bophuthatswana in 1973/74 beset het. Losiesgeld het in 1973 op R22-00 per kwartaal beloop en te oordeel aan die feit dat die aanvraag vir losies in koshuise die beskikbare fasiliteite te bowe gaan, word die losiesgeld nie as onredelik beskou nie. Trouens, 'n sekere patroon het hom al ontvou om losies in 'n koshuis te bekom. Eerstens word privaatlosies by verwante of kennisse of deur kontakte verkry en vind inskrywing by die be= trokke skool plaas. Sodra daar dan ruimte in die koshuis be= skikbaar kom, word dit deur hierdie loseerders opgeneem. Aan= kope vir die koshuise verbonde aan gebiedskole geskied deur die tuislandse regering. Die beheer van 'n koshuis verbonde aan 'n gebiedskool word behartig deur die skoolhoof en die koshuis-superintendent met die bystand van 'n ouer-advieskomitee.

Nieteenstaande die indruk van groei wat uit die voorgaande ge= kry word, kan die Departement van Onderwys nie voorsien in die aanvraag vir onderwysgeriewe nie. In sy jaarverslag vir 1973 wys dié departement dan ook daarop dat afgesien van die tekort aan geboue, daar gedurende die jaar slegs 100 onderwysposte ge= skep kon word, terwyl daar 'n behoefte aan minstens 600 poste was. Die probleem is dus tweërlei: gebrek aan fondse en ge= brek aan gekwalifiseerde onderwysers. Sover dit die eerste as= pek — fondse — betref, is dit opvallend dat die onderwysbe= groting vir 1972/73 'n bedrag van R5 660 500 beloop het uit 'n totale begroting van R16 245 650 - dus meer as een-derde van

die totale staatsuitgawe[18] en feitlik dubbel die bedrag wat geïn sou word uit algemene belasting.[19] Hierdie relatief hoë uitgawe aan onderwys word egter in beter perspektief geplaas as in aanmerking geneem word dat die uitgawe neerkom op skaars R20 *per capita*. Verder is dit ook so dat die regering van Bophuthatswana slegs in 'n seleksie van nasionale behoeftes voorsien (dit wil sê dáárdie sake waarvoor dit bevoegd is om wetgewing uit te vaardig), terwyl die Departement van Onderwys in alle onderwysbehoeftes moet voorsien. Nader beskou het die onderwysbegroting vir 1973 soos volg vertoon:[20]

Tabel 17: Onderwysbegroting, 1973

| | |
|---|---|
| Salarisse, lone en toelaes ........... | R0 748 500 |
| Verblyf en vervoerkoste ........... | R0 47 000 |
| Drukwerk, skryfbehoeftes, ens. ........... | R0 8 700 |
| Diverse uitgawes ........... | R0 149 100 |
| Voorrade en dienste: gebiedskole en koshuise | R0 320 100 |
| Subsidie aan gemeenskapskole ........... | R4 362 000 |
| Beurse en lenings ........... | R0 025 000 |
| Opleiding van nywerheidswerkers ......... | R0 000 100 |
| TOTAAL | R5 660 500 |

Die onderstaande twee tabelle vat die onderwysposisie soos in 1972 in Bophuthatswana, saam.

18. Rep. van S.A. Tswana Wetgewende Vergadering. *Begroting ... vir die jaar wat op 31 Maart 1973 eindig*. Mafeking Mail. 1972, p.1.

19. *Ibid.*, p.68.

20. *Ibid.*, p.46.

Tabel 18: Inskrywing, 1972[21]

| *Tipe skool* | *Inskrywing* |
|---|---|
| Primêre onderwys (Gr.1-Std.6) | 267 275 |
| Sekondêre onderwys (Vorm 1-V) | 18 886 |
| Onderwysersopleiding | |
| Primêre Kursus | 1 587 |
| Junior Sekondêr | 119 |
| Ambag-instrukteur | 15 |
| Huishoudkunde (Spesiaal) | 14 |
| Ambagte: | |
| Leerwerk en stoffering | 24 |
| Loodgietery en metaalwerk | 35 |
| Beton-, steen- en pleisterwerk | 56 |
| Algemene werktuigkunde | 17 |
| Paneelkloppery | 27 |
| Motorwerktuigkunde | 17 |
| Skrynwerk | 38 |
| Kleremakery | 142 |
| Huisbestuur | 14 |
| Totaal | 288 266 |

21. Republic of South Africa. *Report of the Department of Education.* Bophuthatswana. 1972, p.29.

Tabel 19: Aantal skole en onderwysers (volgens nasionaliteit), wat werksaam is in hierdie skole in 1972.

| | Gemeen= skap= skole | Staat= skole | Kerk= skole | Privaat= skole |
|---|---|---|---|---|
| *Aantal skole:* | 662 | 19 | 23 | 1 |
| *Aantal onderwysers:* | | | | |
| Tswana | 4 001 | 112 | 64 | 5 |
| S.Sotho | 49 | 6 | -- | -- |
| N.Sotho | 195 | 15 | 2 | -- |
| Xhosa | 131 | 7 | -- | -- |
| Venda | 40 | 1 | -- | -- |
| Zulu | 63 | 5 | -- | -- |
| Swazi | 12 | -- | -- | -- |
| Blank | -- | 101 | 5 | -- |
| Totaal onderwysers | 4 331 | 247 | 71 | 5 |

3.1.3.1.2 Blankegebied

Die desentralisasie van gesag na die tuislandse owerhede ten op= sigte van onderwysbeheer het nie die organisatoriese opset gel= dend binne Blankegebied aangetas nie. Die Streekdirekteur sou verantwoordelik bly vir die toesig oor, organisasie en bevor= dering van Bantoe-onderwys binne die bepaalde streek. Hierin word hy bygestaan deur 'n Blanke kringinspekteur wat die reg= streekse verteenwoordiger van die streekdirekteur en indirekte verteenwoordiger van die Departement van Bantoe-onderwys binne die kring is. Op sy beurt word die kringinspekteur bygestaan deur Bantoe-assistent-inspekteurs. Die ouergemeenskap word

betrek in skoolkomitees (per skool) en skoolrade (per aantal skole binne dieselfde munisipale gebied). Waar daar slegs een gemeenskapskool binne 'n munisipale gebied bestaan, kan 'n komi= teeraad ten opsigte daarvan ingestel word wat inhou dat die skoolkomitee beklee word met die magte en bevoegdhede van 'n skoolraad. Sodra 'n verdere skool (en dus skoolkomitee) in die gebied tot stand kom, verval die komiteeraad en word 'n skool= raad saamgestel uit die twee skoolkomitees. Die skoolkomitee bestaan uit vyf verkose Bantoelede en vier Bantoelede benoem deur die kringinspekteur. Skoolrade bestaan ook uit nege lede — vyf verkies uit die verkose lede van skoolkomitees en vier benoem deur die kringinspekteur. Al wat dus wesentlik gebeur het in 1969 was dat tuislandse gebiede uit die bestaande streke gesny is en dat dit 'n herindeling van streke en inspeksiekringe tot gevolg gehad het. In die plek van die vyf streke wat voor= heen oor die land bestaan het — Noord-Transvaal, Suid-Trans= vaal, O.V.S., Natal, Transkei en Ciskei — kom daar na 1969 vier streke tot stand, naamlik een per provinsie maar nie nood= wendig saamvallend daarmee nie.

Alhoewel daar 'n voorkoms van Batswana binne al die provinsies is, was daar volgens die 1962-jaarverslag van die Departement van Bantoe-onderwys[22] geen skool buite die Noord-Transvaalse, Suid-Transvaalse en O.V.S.-streke wat Setswana as voertaal ge= bruik het nie. Dus is die onderwys wat in die Blankegebied aan Tswanakinders gebied word feitlik beperk tot hierdie drie streke en kan vlugtig na die verdere indeling daarvan en leerlingtal gekyk word om 'n oorsigtelike beeld van Tswana-onderwys in die Blankegebied te kry.

---

22. Dept. van Bantoe-onderwys. *Jaarverslag vir die Kalender= jaar 1962.* R.P. 37/1964, p.25.

Vanaf 1969 resorteer die onderrig van Batswana in Blankegebied binne drie streke, naamlik Transvaal, O.V.S. en die Kaapse streek, met elke streek verdeel in die volgende inspeksie=kringe:[23]

3.1.3.1.2.1 *Transvaal*

Boksburg-noord; Boksburg-oos; (Ermelo); Johannesburg-suid; Johannesburg-wes; Johannesburg-noord; Johannesburg-oos; Krugers=dorp-oos; Krugersdorp-suid; Lichtenburg; Middelburg; Potchef=stroom; Pretoria-oos; Pretoria-wes; Rand-sentraal; Vereeniging-oos; Vereeniging-wes; Warmbad; (Witrivier).

3.1.3.1.2.2 *O.V.S.*

Bethlehem; Bothaville; Bloemfontein-noord; Bloemfontein-suid; Bloemfontein-wes; Heilbron; Kroonstad; Welkom.

3.1.3.1.2.3 *Kaap*

Slegs een kring is van belang, naamlik die Kimberley-kring waar=binne alle staatsbeheerde skole binne Blankegebied in die Noord-Kaap ressorteer.

Voortvloeiend uit die beleidspunt dat onderrig tot op standerd ses-vlak in die moedertaal behoort te geskied, het die verskyn=sel van etniese skole, wat vanaf 1956 op primêre vlak ingestel kon word,[24] veld gewen in Blankegebied. Departementele beleid

23. Lubbe, *op. cit.*, p.4 *et seq.* Binne die kringe in hakies aangedui is daar geen Tswanamedium-skole nie.

24. Horrel, M. *A Decade of Bantu Education.* S.A.I.R.R. Johan=nesburg. 1964, p.48.

lê dan ook neer dat indien daar binne 'n woongebied 'n genoegsame aantal leerlinge aanwesig is wat tot 'n etniese groep behoort vir wie daar geen afsonderlike skool bestaan waarin hulle onderrig deur die moedertaal ontvang nie, dan kan die ouers behorende tot dié groep aansoek doen om die daarstelling van 'n primêre skool waarin die moedertaal as taalmedium sal geld. Sulke aansoek word, afhangend van die aantal leerlinge en die vermoë van die plaaslike owerheid (tans die Bantoesake-administrasieraad) om die nodige geboue te voorsien, geredelik goedgekeur deur die Departement van Bantoe-onderwys. Alhoewel daar geen verpligting op ouers rus om hulle kinders na 'n etniese skool wat vir dié groep daargestel is te stuur nie, word so 'n "eie skool" deurgaans beskou as 'n simbool van nasionale vooruitgang.[25] Daarby is dit redelik logies dat die kind die leerstof makliker sal bemeester indien dit deur sy moedertaal aan hom gebied word.

Die verskynsel van etniese skole het mettertyd gelei tot die vorming van etniese skoolrade en dus die bestaan van meer as een skoolraad binne dieselfde munisipale gebied. Dit hou dus in dat byvoorbeeld die Tswanamediumskole in 'n gegewe gebied gegroepeer kan word onder 'n Tswanaskoolraad, en dat ook 'n Xhosaskoolraad en Zuluskoolraad ingestel kan word vir dieselfde gebied indien daar meer as een Xhosa- en Zulumediumskool in dieselfde gebied bestaan. Indien daar slegs een Xhosa- of Zulumediumskool in die betrokke gebied bestaan, kan die skoolkomitees onvorm word tot komiteerade en dus ook funksioneer as skoolrade. In die lig van die bestaande inter-etniese kompetisie binne Blanke stedelike

---

25. Dit is betekenisvol dat die Batswana, wat 'n minderheidsgroep in Sharpeville is, besluit het om die toegestane Tswana Primêre Skool te verdoop van *Boitsoso* ("Om jouself te laat opstaan") na *Ofentse* ("Jy het gewen").

gebiede; die klag van minderheidsgroepe dat skoolrade gedomineer word deur "vreemdes" en dat dié skoolrade dan teen minderheidsgroepe "diskrimineer" as dit by die aanstelling van onderwysers kom,[26] is dié stap goed te verstaan. Daarmee vind daar dus ook 'n etniesering op die beheervlak plaas en kry elke etniese groep beheer oor die skole waarin "sy" kinders opgevoed word.

Voortspruitend uit 'n aanbeveling van 'n departementele komitee wat in 1959 ondersoek ingestel het na die oorname van koshuise deur die Staat, naamlik dat alle skole met koshuise daaraan verbonde in Bantoegebiede geleë behoort te wees,[27] is geen verdere koshuise vir leerlinge in Blankegebiede opgerig nie. Koshuise word wel in die tuisland opgerig waarheen talle Tswanakinders uit Blanke gebiede dan ook gaan met die oog op verdere opleiding. Tweedens is aanbeveel dat, soos die geval met skole, ook koshuise onder beheer van die Bantoegemeenskap moes kom.

Statistiek ten opsigte van Tswana-onderwys in Blankegebiede is nie baie noukeurig nie, omdat alle Tswanakinders nie in Setswana-mediumskole is nie; "vermenging" tussen Tswana en nie-Tswana op die sekondêre vlak plaasvind omdat die taalmedium op dié vlak Afrikaans en Engels is, en ander inrigtings (bv. ambagskole) ook vir alle etniese groepe toeganklik is. Die onderstaande statis-

---

26. In Pretoria het die Batswana gekla dat die Noord-Sotho (Bapedi) die skoolraad domineer en Bapedi-onderwysers aanstel wat dan "van ons kinders Bapedi wil maak", terwyl die Batswana in die Vereeniginggebied die Suid-Sotho as sondebok beskou in dieselfde verband.

27. Vgl. Van der Mescht, A. J. B. Bantoe-onderwys sedert die Wet op Bantoe-onderwys, 1953. M.Ed.-verhandeling. U.S. 1965, p.128.

tiek moet dan ook in hierdie lig gelees word. Nogtans bied dit 'n rowwe beeld van die onderwysposisie ten opsigte van die Batswana in Blanke gebied. (Die posisie in Bophuthatswana word in hakies aangedui).

Tabel 20: Aantal Setswanamedium Primêre skole, 1973[28]

| *Klassifikasie* | *Tvl.* | *O.V.S.* | *Kaap* | *Totaal* | *(Boph.)* |
|---|---|---|---|---|---|
| Laer-Primêr: | 230 | 24 | 35 | 289: | (160) |
| Hoër-Primêr: | 60 | 3 | 7 | 70: | ( 74) |
| Gekombineerd: | 273 | 53 | 37 | 363: | (399) |
| | | | Groottotale | 722: | (633) |

Tabel 21: Aantal sekondêre skole wat Setswana as vak aanbied, 1973[29]

| *Tvl.* | *O.V.S.* | *Kaap* | *Totaal* | *(Boph.)* |
|---|---|---|---|---|
| 24 | 1 | 4 | 29 : | (72) |

Tabel 22: Inskrywing van Batswana in Blankegebied, 1973[30]

| *Klassifikasie* | *Tvl.* | *O.V.S.* | *Kaap* | *Totaal* | *(Boph.)* |
|---|---|---|---|---|---|
| Primêr | 118 189 | 28 167 | 20 143 | 166 499: | (288 827)[31] |
| Sekondêr | 7 821 | 1 506 | 1 036 | 10 363: | ( 22 346) |
| Onderwysers opleiding | 27 | 12 | --- | 39: | ( 2 140) |
| Tegniese opleiding | 47 | --- | --- | 47: | --- |
| Ambagsopleiding | 85 | --- | --- | 85: | ( 471) |
| Teologiese opleiding | 5 | --- | --- | 5: | ( ? ) |
| Aandskole | 406 | 165 | --- | 571: | ( 35) |
| Spesiale skole | | | | --: | ( 541) |
| | | Groottotaal(e) | | 177 609: | (314 360) |

28. Dept. van Bantoe-onderwys. *Jaarverslag 1973.*, p.142.
29. *Ibid.*, p.143.
30. *Ibid.*, p.185.
31. Hierdie syfer sluit 78 000 nie-Setswanasprekendes in.

Indien die statistiek hierbo aangehaal naasteby korrek is, dan lê die swaartepunt van Tswana-onderwys in Bophuthatswana.[32] Die syfers skep, volgens Batswana-informante, egter 'n skewe beeld wat toegeskryf moet word aan die feit dat die voorsiening van onderwysdienste in Blankegebied vir die Tswana (in teenstelling met ander Bantoegroepe) in die verlede agterweë gebly het.
Ter voorbeeld is daarop gewys dat daar vanaf Krugersdorp tot Christiana slegs vier sekondêre skole en geen matriekskool bestaan nie. Die sensussyfers van 1970, naamlik dat daar 600 000 Batswana in Bophuthatswana en 1,1 miljoen in Blankegebied is, gee verdere gronde om te vermoed dat die swaartepunt van Tswana-onderwys andersom moet lê as wat die syfers hierbo te kenne gee. (Tabel 31 hieronder wys verder dat daar in 1970 'n oorwig van ongeveer 27 000 Tswanakinders in die ouderdomsgroep 10-14 jaar in Blankegebied was en daar dus in Blankegebied ook meer op skool behoort te wees.)

Sover dit universitêre onderwys aanbetref, het daar in 1973 'n totaal van 167 studente uit Bophuthatswana aan die drie Bantoe-universiteite studeer terwyl daar gedurende dieselfde jaar 'n totaal van 324 Setswanasprekendes aan die drie universiteite was. As in ag geneem word dat die 167 uit Bophuthatswana ook Zulu, Xhosa en Suid-Sotho insluit en dat die 324 Setswana-sprekendes ook Setswanasprekendes van buite die Blankegebied én Bophuthatswana insluit, is die verhouding tussen Tswana uit

32. Volgens raming van Breutz (Tswana occupations in relation to traditional economy, population and education, 1973) is die moontlike aantal kinders wat in 1970 op skool was in Bophuthatswana, ongeveer 296 000, terwyl Batswanakinders op skool in Blankegebied deur hom gestel word op 220 000. Ook hiervolgens sou die oorwig in Bophuthatswana lê.

Blankegebied en uit Bophuthatswana stellig gelyk. In die lig van die sensussyfers kom ook dít as eienaardig voor.

Laastens is dit interessant om daarop te let dat die persenta=sie Bantoebevolking op skool - en hierdie syfers weerspieël stellig ook die toestand ten opsigte van die Tswana - tussen 1935 en 1973 gestyg het vanaf 5,18 na 19,86.[33]

Die rol wat die onderwys in die bereiking van 'n sosiopolitieke doelwit speel, word egter nie eerstens en uitsluitlik deur ge=talle bepaal nie maar deur die inhoud van dit wat aan die kind gebied word binne en by die skool. Oor die houding, gesindheid en invloed wat van die onderwyser uitgaan na die kind, het die owerheid slegs gedeeltelike beheer. Oor die leerplan het die Owerheid egter volle beheer en daarom 'n vlugtige blik daarna.

3.1.3.2 Leerplanne

Alhoewel die Departement van Bantoe-onderwys leerplanne voorskryf wat in die Tswanaskole gevolg moet word, word die aard van die kernleerplanne bepaal deur die Gemeenskaplike Matrikulasie Raad (G.M.R.). Gevolglik bestaan daar geen verskil tussen die leer=planne gevolg binne Bophuthatswana en ten opsigte van Tswana binne Blankegebied nie. Vanweë die verskil in milieu, gelees met die feit dat daar in die onderwys beweeg moet word vanaf die bekende na die onbekende, sal daar egter 'n verskil in die leerstof tussen Bophuthatswana en Blankegebied bestaan. So by=voorbeeld is die rol van die superintendent van 'n stedelike Bantoewoonbuurt totaal irrelevant vir die kind in 'n afgeleë stamgebied, terwyl die kaptein en sy raadsmanne kwalik tot le=wende werklikheid gemaak kan word vir die kind in Soweto. Nie=

33. *Ibid.*, p.121.

teenstaande hierdie verskille in milieu, is dit egter sedert 1954 verklaarde beleid dat die onderwys 'n bydrae moet lewer tot (ook) Tswanakultuurbou en die verstewiging van die Tswanavolks=karakter. Dit sou vereis dat daar genoegsame plek bestaan vir en positiewe aandag en waardering gegee word aan aspekte soos taal, geskiedenis, tradisionele maatskaplike ordening, tradi=sionele kuns, sang en voordrag, ens.[34]

Tot welke mate hierdie beleidsdoelwit opgevang is in die leer=planne, en tot welke mate dit 'n effek kan hê op die bevolking, kan bepaal word deur 'n verwysing na die leerplanne. En dan be=sonderlik na die leerplanne vir die primêre kursus, omdat, ener=syds die grootste mate van differensiasie tussen Tswana en Blanke onderrig op hierdie (aanvangs-)punt verwag kan word en andersyds, omdat daar 'n geweldige getalsvermindering in leer=linge plaasvind vanaf std. VI na vorm I., dit wil sê van pri=mêre na sekondêre onderrig.

Die primêre kursus vir Bantoeskole bestaan uit twee fases, naam=lik Laer-Primêr (graad I tot en met std. II) en Hoër-Primêr (std. III tot en met std. VI). Toelating tot 'n staatsonder=steunde primêre skool kan verkry word op 'n ouderdom van tussen 7 en 13 jaar. Volgens die *Sillabus vir die Laer-Primêre Skool=kursus*[35] soos voorgeskryf deur die Departement van Bantoe-onder=wys, streef die kursus 'n viertal oogmerke na, naamlik:

---

34. Vgl. Van Zyl, H. J. Onderwys in die tuisland en bevordering van kultuur en die volkseie. *In:* Konferensie van Tuisland=departementshoofde ... 1969.

35. Dept. van Bantoe-onderwys, 1967. Staatsdrukker. Pretoria. 1967-1968, p.ii.

(a) *fisieke ontwikkeling* (gesonde liggaam, handvaardigheid, waarnemingsvermoë, waardering vir praktiese werk);

(b) *maatskaplike ontwikkeling* (persoonlike gedrag en lewenshouding; begrip van die gemeenskap en die plek van die in= diwidu daarin);

(c) *verstandelike ontwikkeling* (lees, skryf, spel en re= ken, kennis van amptelike tale, ens.); en

(d) *geestelike ontwikkeling* (afrigting in die beginsels en uitlewing van die Christelike leer).

Die leerling moet dus kennis en vaardighede opdoen wat vir hom= self sowel as vir sy gemeenskap tot voordeel is. Ook moet hy "voorberei word om op 'n later stadium 'n lewensbestaan te maak; hiervoor sal hy nie slegs 'n grondige kennis van sy moedertaal nodig hê nie, maar hy sal ook instaat moet wees om albei ampte= like tale te praat en te verstaan, om te reken en om gesond= heidsreëls te ken en toe te pas, en om hom ooreenkomstig die fundamentele beginsels van die Christelike leer te gedra".[36] Gevolglik word die volgende vakke aangebied en is die relatiewe gewig van die vakke in terme van tyd (per week) en punte soos volg.[37]

---

36. *Loc. cit.*

37. *Ibid.*, p.ii-iii. Tyd dui tyd per week aan.

Tabel 23: Relatiewe gewig van vakke in terme van tyd

*Laer Primêre skole*

| *Vak* | *Tyd:Gr.I & II* | *Tyd:Std.I & II.* | *Punte:Std. II.* |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 125 min. | 270 min. | 100 |
| Engels | 125 min. | 270 min. | 100 |
| Huistaal | 185 min. | 210 min. | 100 |
| Rekenkunde | 165 min. | 210 min. | 100 |
| Godsdiensonderwys | 100 min. | 125 min. | 50 |
| Omgewingsleer | --- | 90 min. | 50 |
| Gesondheidsleer | 60 min. | 125 min. | 50 |
| Skrif | 75 min. | 90 min. | 50 |
| Kuns en Kunsvlyt | --- | 60 min. | 50 |
| Tuinbou | --- | 60 min. | 50 |

In terme van tyd sowel as punte is daar dus vier belangriker vakke waarvan die moedertaal slegs een is. Afrikaans en Engels, wat vanaf standerd I en II die meeste tyd ontvang, sosialiseer die kind vir 'n orde waarin kommunikasie deur hierdie tale as van wesentlike belang beskou word. 'n Vooraanstaande Tswana-onderwysman het dan ook daarop gewys dat Tswanakinders voorberei moet word "vir die Blanke mark omdat ons (Batswana se) ekonomiese stelsel nog nie so ontwikkel is dat ons aan ons jeug werkgeleenthede kan verskaf nie."

Afgesien van die moedertaal, omgewingsleer, musiek, kuns en kunsvlyt, is die vakke "universeel." En dan moet kuns en kunsvlyt ook nie geïnterpreteer word as 'n vak waarin onderrig gegee word in tradisionele kunsvorme nie, alhoewel daar wel ruimte vir die beoefening daarvan bestaan. Omgewingsleer is eintlik, benewens die studie van die huistaal, die enigste vak wat die leerling sosiaal aan 'n gegewe gemeenskap kan anker en hom dus in staat kan stel om 'n historiese interpretasie van sy omgewing

te maak. Daarin (Omgewingsleer) is dan ook vervat 'n kombina= sie van Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurstudie.[38] Een van die doelstellings van die vak is daarin geleë om "by die leer= ling die besef tuis te bring dat hy lid is van 'n bepaalde ge= meenskap en dat hy deur verskillende bande gebind is aan bepaal= de groepe mense in daardie gemeenskap soos hulle byvoorbeeld verteenwoordig is in *sy* huis, *sy* skool, *sy* kerk, *sy* woonbuurt en *sy* stam".[39]

Op Hoër-Primêre vlak (std. III-VI) word Omgewingsleer vervang met Sosiale Studie, bestaande uit Aardrykskunde, Geskiedenis en Burgerkunde.[40]

In die Afdeling Aardrykskunde word op std. III-vlak aandag ge= gee aan die betrokke provinsie, klimaatstreke en bevolking; Menslike Geografie; Fisiese Geografie en praktiese werk wat in verband staan met voorafgaande. Die Geskiedenis-afdeling val uiteen in Geskiedenis en Sosiale Lewe (van die betrokke stam/ volksgroep) en Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Burgerkunde moet die kind voorlig oor die "beginsels en tradisies wat in hierdie land deur sowel die Bantoe as ander bevolkingsgroepe aanvaar word".

In std. IV brei die fokus van Aardrykskunde uit na "Ons Land" Suid-Afrika: sy klimaat, voorkoms, produkte, vervoer en kommuni= kasie, plant- en dierelewe, verspreiding van sy bevolking en sy

---

38. *Ibid.*, p.40

39. *Loc. cit.*

40. Rep. van S.A. Dept. van Bantoe-onderwys. *Sillabus vir die Hoër Primêre Skoolkursus*. (Hersien 1967). Staatsdrukker. Pretoria. 1967-68, p.57 *et seq.*

skoonheid. In die Geskiedenis-afdeling verval die geskiedenis van die eie stam/etniese groep en word slegs aandag gegee aan Suid-Afrikaanse geskiedenis en Algemene Geskiedenis (bv. ver= voer, bou van paaie en brûe, uitvinding van die stoomenjin en petrolenjin). Burgerkunde gee aandag aan die verbondenheid van die kind aan sy "volk" deur geboorte, huwelik, taal, totem, ouderdomsgroepe, ens.; die rol van figure soos die stamhoof, hoofman, polisieman, predikant, "lokasiesuperintendent", ens. Ook word aandag gegee aan stam-organisasie en -regering; stede= like Bantoerade en adviserende komitees (in stedelike gebiede).

Hierna word die fokus jaar na jaar uitgebrei. Vanaf vorm I is Afrikaans en Engels die media van onderrig[42] en word Setswana bloot as vak aangebied. Omdat dieselfde eksamen afgelê word vir die matrikulasie of skooleindsertifikaat deur Blank en Ban= toe in Suid-Afrika, is die leerplanne wat gevolg word in Tswanaskole en voorgeskryf word deur die G.M.R., prakties dieselfde as dié gevolg in Blanke skole.

Sover dit moedertaalonderrig betref, moet daar kennis geneem word van 'n probleem wat binne Bophuthatswana ondervind word deur die owerheid en wat direk voortvloei uit die etniese same= stelling van die bevolking. Vanweë die sterk nie-Tswana-ele= ment wat aanwesig is in Moretele en Odi en die aandrang van Ndebele, Pedi en Zulu dat hulle kinders in die moedertaal onder=

---

41. *Ibid.*, p.60.

42. Reeds by verskeie geleenthede is daar mosies by die Tswana= gebiedsowerheid ingedien dat daar op 'n vroeër stadium met die amptelike tale as onderrigmedia begin word. Gedurende 1974 is deur die Dept. van Bantoe-onderwys besluit dat die skooltydperk (graad een tot matriek) verminder word van 13 na 12 jaar en het die regering van Bophuthatswana besluit dat onderrig deur medium van Engels gegee word vanaf std. V. *(Debattte ... 1973*. p.187).

rig moet ontvang, het die Tswana-owerheid die saak by verskeie geleenthede onder bespreking geneem en besluit dat daar slegs een onderrigmedium, naamlik Setswana binne Bophuthatswana moes wees.[43] Dreigemente van bloedstorting deur die regering van Lebowa en 'n beleidsbeslissing deur die Departement van Bantoe-onderwys in 1972 het egter daartoe gelei dat die Tswana-owerheid gedwing is om die bestaan van nie-Tswanaskole binne Tswanagebied te aanvaar. (Dit is egter duidelik dat hierdie reëling, wat die Tswana-owerheid betref, slegs van tydelike aard sal wees).

Ten opsigte van buitemuurse aktiwiteite is daar by alle primêre skole voorsiening gemaak vir die beoefening van sport en interskoolse kompetisies vind gereeld plaas. In hoër-primêre skole vind daar, benewens sport (veral atletiek, sokker en netbal), ook koorsang-kompetisies tussen skole plaas. Dan kom daar op hierdie vlak ook jeugbewegings op die toneel. Die belangrikste hiervan is die Boy Scouts, Girl Guides, Wayfarers en Sunbeams. Dieselfde uniforms wat deur die Blanke kinders wat aan hierdie bewegings behoort, gedra word, word ook deur die Tswanakinders gedra en die aktiwiteite van die bewegings stem ook ooreen.

Op na-primêre vlak verbreed die spektrum van sportaktiwiteite en kom ook tennis, sagtebal en skaak by, terwyl daar ook debatsverenigings en C.S.V.-takke by die meeste skole bestaan. Na mededeling van informante is daar ook vroeg in 1973 'n poging aangewend om aan die hoërskole in Bophuthatswana 'n jeugflank van die regerende Bophuthatswana Nasionale Party tot stand te bring. Met die oog hierop het daar dan ook 'n saamtrek van verskeie hoërskole in 1972 op Mafeking plaasgevind. "Omdat",

---

43. Vgl. *Debatte ... 1970.* pp.69-71. *Debatte ... 1972*, pp. 443-463.

in die woorde van een Motswana-informant, "die studente blykbaar nie altyd geneig het tot die beleid van die regerende party nie, is die Onderwyswet van Bophuthatswana in 1974 gewysig om politieke aktiwiteite onder hoërskoolleerlinge aan bande te lê."

Na aanleiding van die bostaande oorsig oor die toepassing van die onderwysaanbod op die Tswana, is daar, uit die oogpunt van volks- en nasievorming, enkele punte wat aksent verdien. In hierdie verband word die volgende genoem:

(a) Uit die oogpunt van sosiale mobilisering as voorvereiste vir nasievorming is massa-onderwys van baie groot belang. In hierdie verband val dit op dat daar in 1970 reeds sowat 70 persent Tswanakinders op skool was in Bophuthatswana en 90-98 persent in Blanke stedelike gebiede.[44] Alhoewel skoolplig nog nie in 1972 oorweeg kon word nie,[45] behoort dit egter in die nabye toekoms ingestel te kan word.

(b) Tweedens tref dit dat daar, ten spyte van die groot potensiaal vir en behoefte aan tegniese onderrig, 'n relatiewe gebrek aan fasiliteite vir en belangstelling in dié rigting bestaan.

(c) Derdens val dit op dat die ouergemeenskap sedert 1954 baie nouer betrek word by die liggame wat 'n beheerfunksie oor onderwysinstellings uitoefen. Uit die oogpunt van beheer, is daar dus beweeg in die rigting van "volks"-onderwys.

---

44. Breutz, *op. cit.*, (1973), p.12.

45. Vgl. *Debatte van die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering.* 1972, p.575.

(d) Vierdens het daar ook ten opsigte van leerplaninhoud verskuiwings plaasgevind. Die leerplanne vir primêre skole en dan besonderlik vakke soos Omgewingsleer en Sosiale Studies, probeer om die Tswanakind deur middel van die skool bewus te maak van die uniekheid van die Tswanakultuur, kultuurtrots aan te wakker en poog om 'n bydrae te lewer tot die uitbouing van die eie kultuur. En in hierdie verband is dit ook goed te ver= staan dat die leerplanne nie verlede-gerig is en poog om argaïse kultuurinstellings en -vorme te aanvaar as vertrekpunt in die proses van gebalanseerde kultuurvernuwing en -groei nie.

(e) Vyfdens word dit duidelik dat daar van owerheidsweë 'n demper geplaas word op die uitbreiding van sekondêre onderrig= fasiliteite in Blankegebied vir - onder meer - die Batswana. In die Tswana-tuisland word dan ook voorsiening gemaak vir leer= linge uit Blankegebied. Omdat die fasiliteite in die tuisland egter nie in die aanvraag kan voorsien nie - in 1971 het tus= sen 4 000 en 5 000 leerlinge uit Blankegebied aansoek gedoen om toegelaat te word tot tuislandse sekondêre en opleidingskole - moet duisende aansoekers uit die tuisland sowel as Blankege= bied weggewys word. Dit laat die vraag ontstaan of die sentrale owerheid nie 'n groter rol moet speel in die daarstelling van Senior Sekondêre en Opleidingskole in die tuisland nie.

(f) Laastens is dit duidelik dat, nieteenstaande die ower= heidstandpunt van "elke volk in sy eie land", die Tswana-ower= heid deur die Blanke voog gedwing is tot (voorlopige?) aanvaar= ding van nie-Tswanaskole binne Tswanagebied. Hierdie toestand (wat voortvloei uit die bevolkingsamestelling van Moretele en Odi en dit op sy beurt voortgevloei het uit enersyds die ver= skuiwing van die etnies-gemengde Lady Selborne en verskeie swart= kolle na Bantoedorpe in die distrikte en andersyds die arbeids=

geleenthede van Brits, Rosslyn en Pretoria), stel dus die geleenthede daar vir die nie-Tswana-bevolkingselemente om hulleself binne die gebied van 'n ander "moondheid", en wel ook deur middel van eie skole, voort te sit. Die proses van sosialisering deur middel van die onderwys vir 'n Tswananasieskap kry hiermee 'n verdere probleem-dimensie omdat minderheidsgroepe normaalweg hardnekkig enige pogings tot assimilasie by die meerderheidsgroep teenstaan. Die bestaan van eie skole wat kan dien as dinamo's vir teenstand teen assimilasie, mag dus die fusieproses vertraag.

### 3.2 Die Buro vir Tswanataal en -kultuur

Die Buro vir Tswanataal en -kultuur funksioneer sedert stigting in 1970 binne die Departement van Onderwys van Bophuthatswana en word via die Sekretaris van Onderwys gekoppel aan die Departement van Bantoe-onderwys. Laasgenoemde departement se Inspekteur van Kultuursake vervul dan 'n koördinerende funksie ten opsigte van die Buro vir Tswanataal en -kultuur en tree ook in om hulp te verleen in geval probleme deur die Tswana-kultuurorganiseerder in Blankegebied ondervind word. In die lig van die feit dat Bantoe-onderwys in Blankegebied onder direkte beheer van die Departement van Bantoe-onderwys staan en die Tswana-kultuurorganiseerder uit die aard van sy werksaamhede ook noue skakeling met Tswanaskole en die Tswanajeug in Blankegebied moet hê, is hierdie skakeling met die Inspekteur van Kultuursake goed te verstaan.

#### 3.2.1 Organisasie[46]

46. Sover dit die organisasie en daarstelling van die Buro betref, is besonderhede ontleen aan die grondwet van die Buro waarvan 'n kopie in 1971 verkry is van die Inspekteur van Kultuursake.

Die Buro is deel van die Departement van Onderwys van Bophu= thatswana. Soos elders opgemerk,staan die Buro egter onder beheer van 40 *stigterslede* (almal vooraanstaande Batswana) waar= deur en waaruit (aanvanklik) 'n hoofbestuur van nege lede ge= kies word. Benewens hierdie stigterslede kan enige Motswana wat minstens 21 jaar oud is, std. VIII geslaag het en aansoek doen om lidmaatskap, 'n *gewone lid* van die Buro word. 'n Alge= mene vergadering van lede, bestaande uit die hoofbestuur, ander stigterslede en twee verteenwoordigers van elke tak/werksge= meenskap, vind eenmaal per jaar plaas waartydens voorsitters van subkomitees verslag moet lewer oor die werksaamhede van hulle komitees en ook die hoofbestuur hersaamgestel word. Dit val op dat die voorsitter en ondersitter van die hoofbestuur stigterslede moet wees en dat die afgevaardigdes van werksge= meenskappe/takke kan deelneem aan besprekings maar nie stemge= regtig is nie.

Die kultuurorganiseerder is die hoofsekretaris van die Buro en tree ook op as sekretaris van die hoofbestuur. Ook is hy die uitvoerende beampte van die Buro en is dus ook verantwoordelik vir die stigting van werksgemeenskappe of takke binne Bophu= thatswana sowel as op/by sulke punte buite Bophuthatswana waar daar 'n sametrekking van Batswana is. Dit is die oogmerk om binne elke stamgebied in Bophuthatswana en binne alle stedelike Bantoewoonbuurte waar Batswana aanwesig is, sulke werksgemeen= skappe/takke te hê wat dan onder beheer sal wees van 'n takbe= stuur bestaande uit 'n voorsitter, vise-voorsitter, sekretaris en twee addisionele lede. Volgens mededeling maak die kultuur= organiseerder ook gebruik van die hulp van die volksdeputaat in Blanke stedelike gebiede, omdat laasgenoemde die persone en omstandighede in Blanke gebied beter ken.

Met die oog op die bereiking van die doelstellings van die Buro, kan die hoofbestuur subkomitees benoem.

Verder bestaan daar 'n noue skakeling tussen die Buro en Sentrale Taalkomitee, waarop die kultuurorganiseerder die Buro verteenwoordig, asook Radio Bantu (Tswanadiens) waar die kultuurorganiseerder behulpsaam kan wees met programme. Jaarlikse ledegeld beloop R4,00 vir stigterslede en R1,00 vir gewone lede.

3.2.2 Doelstellings

Die algemene doelstelling van die Buro is soos volg geformuleer: "Die Buro sal hom ten doel stel om die Tswanavolk bewus te maak van alle waardevolle elemente in sy tradisionele kultuur, om waardering daarvoor by die volk te wek en aldus mee te werk tot die uitbouing van eie nasionale waardes en volkskarakter." Met die oog op die bereiking van hierdie algemene doelstelling, bestaan daar die volgende besondere doelstellings:

(a) Die ontwikkeling van die Tswanataal en -letterkunde.

(b) Die optekening van die geskiedenis van die Tswana en "die besondere posisie van bepaalde gemeenskappe."

(c) Die bevordering van musiek en sang, tradisioneel en modern.

(d) Die bevordering van egte Tswana-beeldhou- en -skilderkuns.

(e) Die bevordering van Tswana-tuisnywerhede soos pottebakkery, kralewerk, vlegwerk, houtsneewerk, ens.

(f) Die beskrywing van tradisionele geregte en publikasie van resepte.

(g) Die bevordering van Tswana-voordrag- en -verhoogkuns.

(h) Huldiging van volksleiers en viering van nasionale dae.

(i) Studie van bepaalde aspekte van die Tswanakultuur.

Die ses kabinetslede van Bophuthatswana, die Kommissaris-gene= raal van die Tswana en die Sekretaris van Bantoe-onderwys sou as beskermhere vir die Buro optree en soos hieronder aangetoon word, funksioneer die Buro goed.

Uit die voorafgaande kan reeds tot die gevolgtrekking geraak word dat die Buro vir Tswanataal en -kultuur oor 'n aansienlike potensiaal tot standaardisering van Tswanakultuur, en dus be= vordering van volks- en nasieskap by die Batswana, behoort te beskik. Verder is die indruk gekry dat die lede van die Buro met wie gepraat is, baie graag sou wou sien dat die skoolgaande jeug meer Tswanabewus gemaak word; die mening huldig dat die Batswana te akkommoderend is ten opsigte van etnies-vreemdes wat van buite in Bophuthatswana gevestig raak en aanvaar dat die Batswana wel 'n unieke bydrae het om te maak tot die mosaïek van kulture wat daar binne die wêreld bestaan.

## 3.3 Inligting

In hoofstuk VI is aangedui dat die inligtingsfunksie ten opsig= te van die Bantoe eers gedurende die vyftigerjare op die voorgrond gekom het toe die oogmerk daarmee aangedui is as voorligting aan die Bantoebevolking oor owerheidsbeleid en die terugkoppe= ling van die Bantoehouding nâ die owerheid. As sodanig is hier= die funksie so oud as die eerste onderwerping van die Bantoe aan Blanke beheer. Wat egter wel nuut was, is die gespesiali=

seerde wyse van aanbieding en die gespesialiseerde struktuur wat gedurende die vyftigerjare vir die doel van inligting geskep is en wat in 1961 ingeskakel word onder die Departement van Inligting. Uit die aard van die saak is en word die inligtingsfunksie soos onderneem deur die owerheid gesien as 'n meganisme ter bevordering en uitvoering van owerheidsbeleid en daarom moet aanvaar word dat die aktiwiteite van owerheidsinligting ingestem is op die sosialisering van - onder meer - die Batswana tot aanvaarding en uitlewing van die beleid van die dag. Anders dus as die radio (wat inlig, opvoed en vermaak), die pers (waar verskillende persgroepe verskillende standpunte uitdra) en onderwys (wat tot 'n baie groot hoogte aan universele norme gebonde is) vorm owerheidsinligting 'n hulpdiens vir die uitvoering van owerheidsbeleid.

### 3.3.1 Organisasie

Gebring in verband met die Tswana is dit dan só dat die inligtingsfunksie binne dié groep aanvanklik uitgevoer is deur veldkornette, kommandante en magistrate. Later word dit dan sub-Naturellekommissarisse, Naturellekommissarisse en landboubeamptes verbonde aan die kantore van hierdie funksionarisse. Voor die Tweede Wêreldoorlog was die inligtingsfunksie in elk geval 'n ongeïdentifiseerde onderdeel van die beheerfunksie en is daar, sover vasgestel kon word, nie gebruik gemaak van die geskrewe woord om die Batswana in te lig oor owerheidsdoelstellings nie. Persoonlike kontak was die enigste metode waardeur die inligtingsfunksie gedien is.

Die vorming van die publisiteitsafdeling binne die Departement van Naturellesake in 1946, het die opset weinig verander, omdat hierdie afdeling, skraal beman soos dit was, ingestel was op die

verskaffing van inligting *oor* die Bantoe en nie gerig was *op* die Bantoe (Batswana) nie - al is daar gepoog "om kontak met Naturelle te behou".[48] Tot op die stadium dat die Publisiteits=afdeling omvorm word tot die Departementele Inligtingsdiens (1 Januarie 1953) is die distrikspersoneel van die Departement die enigste persone wat die inligtingsfunksie kon uitvoer. En dan was dit ook so dat die toename in kantoorwerk moes lei tot 'n afname in persoonlike kontak en dus 'n verskraling van in=ligtingsgeleenthede.

Een van die oogmerke van die Departementele Inligtingsdiens is soos volg gestel: "Om op die mees doeltreffende wyse die sake wat altyd verdraaid en eensydig aan die Bantoe voorgestel word in die regte lig te stel, en aan hom te toon hoe die Unie-regering steeds in die beste belange van die Bantoe optree en al so die Bantoe se vertroue, samewerking en deelname met die Regering se positiewe beleid bevorder en opbou".[49] Met die oog hierop sowel as die uitvoering van die terugkoppelingsfunksie, is gedurende die middel-vyftigerjare begin om inligtingsperso=neel binne die verskillende streke te vestig. Omdat die Inlig=tingsafdeling bestaan het binne die Departement van Naturelle=sake en die Unie verdeel is in verskillende streke onder hoof=naturellekommissarisse, was dit logies dat hierdie inligtings=poste gekoppel sou wees aan die hoofnaturellekommissarisgebiede. Dus kom tuislandse Batswana onder bestraling vanuit die kantore

---

48. Departement van Naturellesake. *Verslag van die ... vir die jaar 1951-52.* U.G. no. 37/1955. Staatsdrukker. Pretoria. 1955, p.15.

49. Departement van Naturellesake. *Verslag van die ... vir die jaar 1952-1953.* U.G. 48/1955. Staatsdrukker. Pretoria. 1955, p.17.

van hoofbantoesakekommissarisse te Pietersburg, Potchefstroom en Bloemfontein. Met uitsondering van die Potchefstroom-kantoor, het die ander kantore ook groot getalle, of 'n oorwegende aantal, nie-Tswana bearbei. Die inligtingstruktuur vir Blanke stedelike gebiede was uiteraard Bantoegerig en nie etnies-gerig nie, alhoewel die inhoud van die inligtingsaanbod etnies-georiënteerd was.

Met die vorming van die Departement van Inligting in 1961 word die inligtingsposte ontkoppel van die hoofbantoesakekommissariskantore - alhoewel die noue samewerking bly voortbestaan - en word die inligtingspersoneel dus streeksbeamptes van die Departement van Inligting. In 1962-63 het die departement reeds 14 streekskantore binne die R.S.A. gehad.[50] Drie hiervan - Potchefstroom, Bloemfontein en Pietersburg - het dele van die huidige Bophuthatswana tot beïnvloedingsveld gehad terwyl die Batswana in Blanke stedelike gebied (tesame met die ander aanwesige Bantoe binne die stedelike gebiede) ingelig moes word deur die kantore te Johannesburg, Germiston, Pretoria en Kimberley. Met verloop van tyd is verdere inligtingskantore geopen en is streke heringedeel sodat die inligtingsfunksie in Bophuthatswana in 1973 deur die volgende personeel (poste) vanuit die volgende streekkantore onderneem is:

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Mafeking: | 1 Blanke Hoofinligtingsbeampte |
| | | 1 Blanke Inligtingsbeampte |
| | | 1 Blanke Tikster |
| | | 1 Senior Bantoe-inligtingsassistent |
| | | 1 Bantoe-inligtingsassistent |

---

50. Departement van Inligting. *Jaarverslag 1962-63,* p.30.

| | | |
|---|---|---|
| (b) | Rustenburg: | 1 Blanke Senior Inligtingsbeampte |
| | | 1 Senior Bantoe-inligtingsassistent |
| | | 1 Bantoe-inligtingsassistent |
| (c) | Potchefstroom: | 1 Blanke Senior Inligtingsbeampte |
| | | 1 Blanke Inligtingsbeampte |
| | | 1 Blanke Tikster |
| | | 1 Senior Bantoe-inligtingsassistent |
| | | 1 Bantoe-inligtingsassistent |
| (d) | Bloemfontein: | 1 Blanke Senior Inligtingsbeampte |
| | | 1 Blanke Inligtingsbeampte |
| | | 1 Blanke Tikster |
| | | 1 Bantoe-inligtingsassistent |
| | | 1 Kleurling-inligtingsassistent |

(Alhoewel daar subkantore binne die O.V.S. bestaan, byvoorbeeld te Kroonstad en Ficksburg, het daar nie 'n subkantoor uitsluit= lik vir Thaba Nchu bestaan nie. Thaba Nchu is gevolglik ook bedien deur die Streekskantoor te Bloemfontein).

Alhoewel die struktuur waardeur owerheidsinligting tot en met 1973 onderneem is, nie aangetas is deur die konstitusionele ver= anderings wat tot op daardie stadium in Bophuthatswana plaasge= vind het nie, het amptenare aanvaar dat daar aanpassings sou moes kom. Hierdie aanpassings sou volgens Blanke informante egter nie neerkom op 'n onttrekking uit die tuisland nie maar op 'n aanpassing van die werksaamhede van die Republikeinse in= ligtingsfunksie by die inligtingsfunksie soos uitgevoer deur 'n in-vooruitsig-gestelde Bophuthatswana Inligtingsdiens onder be= heer van die regeringsdiens van Bophuthatswana. In dië verband is die volgende gedagtes geopper:

(a) Dit word as wenslik beskou dat 'n inligtingsdiens binne die Regeringsdiens van Bophuthatswana tot stand gebring word. Binne welke departement dit behoort te funksioneer is 'n saak waaroor die regering van Bophuthatswana moet besluit. Amptenare was egter van mening dat so 'n diens kon begin as 'n afdeling binne die departement van die Hoofminister en Finansies.

(b) Die instelling van so 'n inligtingsdiens binne die regering van Bophuthatswana impliseer nie die onttrekking van die Republikeinse inligtingsdiens uit Bophuthatswana nie. Die Departement van Inligting sou dus voortgaan om sy inlitingstaak voort te sit binne Bophuthatswana soos wat dit gedoen word binne state soos die V.S.A., Brittanje, Nederland, ens. Omgekeerd sou die Bophuthatswana-inligtingsdiens deur middel van die kantore van die "Volksdeputaat" die inligtingsfunksie ten opsigte van Tswanaburgers binne Blankegebied kon onderneem. Uiteraard sal daar noue skakeling en aanpassing moet kom tussen dié moontlike inligtingsdiens en die werksaamhede van die Departement van Inligting - ten opsigte van Bophuthatswana sowel as die Blankegebied. Aan die einde van 1973 was daar nog nie so 'n omlyning van funksies opgestel vir die inligtingsdienste nie,maar samesprekings hieroor is in vooruitsig gestel.

(c) Nadat so 'n inligtingsdiens tot stand gebring is sal die R.S.A.-inligtingsdiens hom aan alle voorligtingswerk ten behoewe van die Bophuthatswana Regering onttrek en sal dit hoofsaaklik die belange van die R.S.A. binne Bophuthatswana bevorder deur middel van kantore te Mafeking en Rustenburg.

(d) Omdat die inligtingshulpfunksie wat die Departement van Inligting in die verlede ten behoewe van Bophuthatswana vervul het met die instelling van 'n eie inligtingsdiens sal ver=

val, kan die oorplasing van Tswana-inligtingsbeamptes na die Bophuthatswana-inligtingsdiens, oorweeg word.

(e) Dit sou wenslik wees dat die beoogde Bophuthatswana-inligtingsdiens ook 'n eie voorligtingsblad uitgee. Met die oog hierop sou die redaksie van *Tswelopele*, tans (1973) ver= bonde aan die Departement van Inligting, oorgeplaas kon word na die Bophuthatswana-regeringsdiens.

Uit bostaande word die afleiding gemaak dat 'n proses waardeur die Tswana-inligtingsfunksie steeds meer en meer op die skouers van die Tswana-owerheid geplaas word, reeds besig is om plaas te vind. Die proses van sosialisering deur owerheidsinligting en wat aanvanklik onderneem is deur die Blanke owerheid en ge= rig is op die Tswana-massa, word dus die verantwoordelikheid van die inheemse owerheid. Ook in hierdie verband vind daar dus 'n normalisering van die sosialiseringsfunksie plaas.

### 3.3.2 Inhoud en omvang van aanbod

Omdat die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling verantwoordelik is vir die implementering van die afsonderlike ontwikkelingsbeleid en die Departement van Inligting 'n hulp= diens aan eersgenoemde departement lewer, word uiters noue skakeling tussen dié twee departemente op sowel hoof- as streekkantoorvlak veronderstel. Trouens, die aard van inlig= tingsprogramme word bepaal deur die projekte, doelwitte en ont= wikkelingswerke wat die Departement van Bantoe-administrasie óf beplan óf besig is om uit te voer. Laasgenoemde departement moet dus leiding aan die Departement van Inligting gee oor die aard van die behoefte sodat die Departement van Inligting die media tot sy beskikking kan aanwend om openbare mening voor te

berei of owerheidsoptrede in die "regte" perspektief te stel. Die inligtingstrukture verklank dus reeds sedert die vyftiger=jare die afsonderlike ontwikkelingsbeleid na die Batswana - en wel oor 'n baie wye veld, strekkende vanaf die implemente=ring van landbouhervormingsmaatreëls en die instelling van Bantoe-owerhede, na registrasie van kiesers, uitneem van burger=skapsertifikate en die trek van geskooldes uit Blanke gebied vir hervestiging in die tuisland.

Met die oog op die uitvoering van die inligtingsprogram word, soos alreeds opgemerk, gebruik gemaak van die tydskrif, die film en persoonlike kontak.

Sover dit die geskrewe woord betref, bestaan daar sedert die vroeë sestigerjare 'n maandblad, *Tswelopele*, wat in Setswana verskyn en waarin artikels en foto-artikels wat spesifiek op dié groep betrekking het, opgeneem word. Die verspreiding van die blad het gestyg vanaf 15 899 in 1965-66[51] na 66 900 in 1973.[52] Hierbenewens kry talle Batswana ook die maandblad *Bantu* wat sedert 1954 in Afrikaans en Engels verskyn en waarin dekking aan tuislandontwikkeling verleen word. Dié tydskrif het in 1973 'n sirkulasiesyfer van 67 600 gehad.[53] Die *Bantoe=onderwysblad* wat tienkeer per jaar in Afrikaans en Engels ver=skyn word deur die Departement Inligting gedruk en versprei namens die Departement van Bantoe-onderwys. Hoeveel Tswana-

---

51. Departement van Inligting. *Jaarverslag 1965-66*, p.24.

52. Departement van Inligting. *Verslag vir die tydperk 1 Janua=rie 1973 - 31 Desember 1973*, p.54.

53. *Loc. cit.*

onderwysers die blad gereeld ontvang, is nie duidelik nie. Die blad het in 1973 in elk geval 'n oplaag van 33 400 gehad.[54]

Sedert stigting in 1961 vervaardig die Departement van Inlig= ting ook films oor 'n wye reeks Bantoe-aktiwiteite, waaronder tuislandontwikkeling, nuusgebeure, ensovoorts. Hierdie nuus= films, bekend as die *Ditaba*-reeks word nie alleen in stedelike sentra nie maar ook in die tuisland op verskeie punte vertoon. In aansluiting hierby is ook onverpoosd gewerk aan die opstel van diaprogramme wat ook oor die bogenoemde onderwerpe handel en aan Bantoegehore vertoon is met behulp van mobiele kragop= wekkers waarvan daar minstens een by elke streekskantoor is. In stedelike komplekse binne Blankegebied is vertoonlokale van plaaslike owerhede benut vir die vertoning van voor- en inlig= tingsfilms. Geen syfers kon egter bekom word oor die aantal vertonings wat in Bophuthatswana aangebied is nie.

Laastens het persoonlike kontak 'n belangrike rol gespeel in die uitvoering van die inligtingstaak ten opsigte van die Bat= swana. Dit is goed te verstaan dat hierdie metode van inligting, veral binne daardie landelike gebiede waar persoonlike kontak die normale kommunikasiepatroon is, vrugte moes afwerp. Al= hoewel die gebied wat bedien moes word, uitgestrek is en die postestruktuur geen intensiewe inligting oor die hele gebied moontlik maak nie, was amptenare van oordeel dat veel wel be= reik is as gevolg van 'n vertrouensverhouding wat opgebou is met sleutelfigure binne die onderskeie gemeenskappe.

Dit is kortliks die rekord ten opsigte van die inligtingsfunk= sie soos onderneem deur die owerheid ter bevordering van beleids= uitvoering ten opsigte van die Batswana.

---

54. *Loc. cit.*

## 3.4 Die Pers

Afgesien van die publikasies van die Departement van Inligting waarna reeds hierbo verwys is, bestaan daar geen koerant of tydskrif wat deur die owerheid geproduseer word en gerig is op die Tswana nie. Die koerantwese is, soos reeds gestel, onafhanklik en die owerheid stel alleen perke wat deur koerante en tydskrifte eerbiedig moet word.

Sover dit die Tswana as taalgroep betref, val dit op dat daar geen koerant in Setswana binne die R.S.A. geproduseer word nie. Tweedens het die *Tswana Times* en *Mafeking Mail* so 'n beperkte sirkulasie dat dit van weinig betekenis is. Gevolglik neig die Tswanalesers na die Engelstalige koerant wat òf negatief ingestem is òf uiters krities is ten opsigte van die owerheidsaanbod aan die Batswana. Daarom kan by voorbaat aanvaar word dat die pers as sosialiseringsmedium eerder 'n negatiewe as positiewe inwerking op die beleid van die owerheid ten opsigte van nasievorming by die Batswana sou moes hê.

## 3.5 Die Radio

Die historiese ontwikkeling van die Tswanadiens van Radio Bantu is reeds aangeraak in hoofstuk VI. Dit kom kortliks daarop neer dat daar reeds vanaf 1949 ook in Setswana uitgesaai is maar dat 'n "volledige" Tswanadiens eers op 1 Junie 1962 tot stand kom met die instelling van 'n Tswana-F.M.-diens. Uitsendings was egter beperk vanaf 5:30vm. tot 10:00vm. en vanaf 5:00nm. tot 9:30nm. en het plaasgevind oor die Pretoriase, Welverdiendse en Rustenburgse sendstasies. Tussen 10:00vm. en 5:00nm. is die Suid-Sotho en Zuluprogramme oor hierdie stasies

aangebied[55] tot op 1 Maart 1974 vanaf welke datum die Tswana=diens 'n voldaagse program in Setswana aanbied en wel vanaf 05h00 tot 23h00.

Die instelling van 'n Tswana-taalafdeling op 1 Januarie 1964; die instelling van 'n Tswana-skoolradiodiens op 13 April van dieselfde jaar; die voltooiing van nuwe sendstasies te Kuruman-heuwels, Schweizer-Reneke en Thabazimbi; die spesialisasie in programme en 'n stygende ontwikkelingstempo in die tuislande, het daartoe bygedra dat die Tswanadiens ook in terme van struk=tuur uitgebrei het. In 1960 is daar begin met die opleiding van tikkers, klerke, omroepers ens. en in 1974 het die Tswana=diens reeds so uitgebrei dat dit oor die dienste beskik van 12 Tswana-omroepers; 'n S.A.U.K.-verteenwoordiger te Mafeking met 'n voltydse omroeper en verslaggewer op sy diensstaat, en 29 Tswana-nuuskorrespondente binne en buite Bophuthatswana.

Soos reeds vermeld het die verlenging van uitsaaityd en uit=breiding in struktuur gepaard gegaan met 'n differensiasie in die programme wat deur die Tswanadiens aangebied word. Die aanvanklike beperking tot nuus en sport het dan ook verbreed tot feitlik dieselfde onderwerpe as wat oor die Blanke dienste aangebied word - alhoewel dit inhoudelik daarvan verskil. Só merk ons byvoorbeeld op dat die volgende programme beplan was vir die periode September 1973 tot Augustus 1974:[56] Nuus en nuuskommentaar; op die voorgrond- en tydskrifprogramme; kleuter- en jeugprogramme; vroue-programme; sport; godsdienstige uit=

---

55. S.A.U.K. Geskiedenis van (die) S.A.U.K. se Radio-uitsend=ings vir die Bantoe: 1940-1973, p.24.

56. S.A.U.K. Johannesburg. Moederweekblad, Tswanadiens. 1973.

sendings; praatjies; vervolgverhale, dramas en kortverhale; musiekprogramme; verskeidenheids- en vermaaklikheidsprogramme; wedstrydprogramme; dokumentêre programme en klankbeelde; vasvra- en besprekingsprogramme; versoek- e- boodskapprogramme; boekbesprekings en taalrubriek; padveiligheid; skoolradioprogramme; spesiale programme; "ons het julle stemme gehoor"; ens.

'n Enigsins nadere beskouing van die programme dui daarop dat die nuus wat oor die Tswanasender uitgesaai word (nuus van internasionale en nasionale aard) uit dieselfde bronne verkry word as die wat deur die Blanke dienste gebruik word, terwyl streeknuus verkry word van Tswana-nuuskorrespondente binne en buite Bophuthatswana. Benewens verskeie nuusbulletins wat gedurende die dag uitgesaai word, is daar elke weeksaand om 19h45 'n kwartierlange voorgrondprogram, meestal met stemsnitte, en eenkeer per maand 'n halfuurlange tuisland-tydskrifprogram *"Ga bo Motho"*. Daagliks word 'n kleuter- en/of jeugprogram aangebied waarin verhaaltjies met 'n godsdienstige strekking; legendes; liedjies en prysliedere; Tswana-etiket; lesse vir Laer-Primêre leerlinge; musiek en boodskappe ens., aangebied word. Vier dae per week word programme vir vroue (resepte, voeding, higiëne, kindersiektes ens.) uitgesaai, terwyl uitsendings oor sport bykans vyf uur per week in beslag neem. Praatjies oor aktuele onderwerpe soos selfwerksaamheid, tuinbou, landbou, veeverbetering, koöperatiewe boerdery, grond-erosie, wêreldgebeure, Tswana-etiket, ens. kom daagliks oor die lug, terwyl 'n vervolgverhaal ook daagliks aangebied word. Elke tweede Donderdag word 'n halfuurlange besprekingsprogram aangebied waaraan vooraanstaande Batswana deelneem oor onderwerpe soos: "Op welke wyse kan die bande tussen die Motswana in die stad en die Tuisland verstewig word?" "'n Universiteit is 'n opvoedkundige inrigting en nie 'n politieke platform nie" "'n

Volk wat sy tradisies oorboord gooi se doodsvonnis is voltrek" "Die vrou hoort tuis" "Geleerdes is geneig om hulle taal te verwaarloos" ens.

Dit is dan duidelik dat die Tswanadiens aksent plaas op Tswana=skap en inderdaad 'n bydrae probeer lewer tot Tswanakultuurbe=wustheid, -vorming en -trots en terselfdertyd 'n uiters belang=rike rol kan en behoort te speel in die proses van voorligting, inligting en mensontwikkeling binne eie kultuurverband. Trouens, dit kan dien as anker vir die Batswana wat binne 'n vinnig veranderde milieu leef en gevolglik geneig is om, as ge=volg van die identiteitskrisis wat eie is aan die kultuurkontak=situasie, los te raak van däärdie verbande en waardes wat ba=lans en sekuriteit aan die indiwidu gee.

Tot welke mate die radio daarin slaag - of kan slaag - om sy oogmerk van inligting en opvoeding te bereik, sal uiteraard bepaal word deur die getal van sy luisteraars. En dié getal sal - omdat die radio-eienaar die *keuse* het om ook op die Blanke of ander Bantoesenders in te skakel - bepaal word deur die aantreklikheid van die programme vir die Tswana=luisteraars. Maar ook in die besluit hieroor (aantreklikheid of nie-aantreklikheid) behoort, na ons mening, die nasionale faktor 'n rol te speel en tendense in die luistergewoontes van die Batswana behoort gevolglik 'n antwoord te verskaf op hier=die aanbod oor die lug.

In die lig van die voorafgaande lyk die stelling dat die radio, uit die oogpunt van politieke sosialisering van die Batswana ten opsigte van die politieke weg aangedui deur die owerheid, eerder 'n positiewe as 'n negatiewe invloed uitoefen, geregver=dig, nie omdat die beleid van die dag gepropageer word nie, maar omdat dié dinge waarop die beleid van veelvolkige ontwik=

keling berus, 'n sentrale plek inneem in die aanbod wat oor die lug na die Batswana uitgaan.

## 3.6 Samevattend

Sedert die kontak van Blank en Tswana, het die proses van so= sialiering van die Batswana (binne die Batswana) belangrike ver= anderings ondergaan. Vanuit die Blanke kulture, wat weldra die heersende kulture word en gevolglik die nuwe bestaansvoorwaar= des voorskryf, is bewustelik en onbewustelik kragte losgelaat op die Tswanasamelewingsverbande. Aanvanklik is hierdie kontak- en beïnvloedingspunte beperk, maar namate ekonomiese kragte die bevolkingselemente nader na mekaar getrek het en die Batswana nouer betrokke geraak het in die lewensprosesse van die Blanke, het die beïnvloeding in terme van tempo sowel as omvang toege= neem.

Hierdie beïnvloeding was willekeurig en onwillekeurig - wille= keurig in die sin dat die Batswana uit eie beweging sekere ge= bruike, idees, instrumente, simbole en instellings van die Blanke oorgeneem het; onwillekeurig in dié sin dat die Blanke-owerheid en lede van die heersende Blanke gemeenskap sekere gebruike, idees, instrumente, simbole en instellings op die Batswana afgedwing of voorgeskryf het. Hierdie voorskrifte of verpligtinge deur die owerheid moes uiteraard gemik wees op die bereiking van bepaalde beleidsdoelstellings en dus 'n realise= ring van dié orde wat as gewens beskou word.

In die bespreking van die onderwysstelsel, die pers en radio is groter duidelikheid probeer verkry oor hierdie sosialiserings= media en ook die aard van die sosialiseringsprogram wat daardeur aangebied word. Daaruit het dit duidelik geword dat die onder= wysstelsel wel op primêre vlak erkenning verleen aan kulturele

diversiteit maar daarna verval in die gebaande weë van Blanke onderwys - stellig vanweë die ekonomiese werklikhede van Suid-Afrika. Die Buro vir Tswanataal en -kultuur poog om die kultuur van die Tswana uit te bou en respek en waardering daar= voor te kweek - soos die Tswanadiens van Radio Bantu. Dan het dit ook opgeval dat die radio 'n betreklike sterk tuisland= gerigtheid uitstraal, terwyl die pers in die vorm van die Bantoegerigte koerant 'n oorwegend negatiewe beeld van owerheids= beleid na die leser kaats en ingestem is op "integrasie en assimilasie". Die Departement van Inligting tree op as twee= rigting-kanaal vir die owerheid - dit poog om owerheidsbeleid uit te dra en ook knelpunte in die uitvoering van dié beleid uit te skakel.

Uit die bespreking hierbo, asook uit dié ten opsigte van vader= landsvoorsiening en staatkundige ordening, het dit egter tel= kens getref dat nasievorming by die Tswana onder die vraagteken geplaas word deur die ekonomiese faktor. Gevolglik word 'n nadere beskouing van die ekonomiese aanbod as faset van die milieu waarbinne nasievorming moet plaasvind, gegee.

## 4. Bestaansgeleenthede

In die bespreking oor beleidsontwikkeling ten opsigte van die ekonomiese terrein in hoofstuk VI, is daarop gewys dat dit uit= geloop het in enersyds 'n algemene beperking op die vordering van Bantoe in die ekonomiese struktuur van die land en ander= syds in die skepping van tuisland-gebaseerde ekonomiese sub= strukture waarbinne daar geen beperking op die vordering van Bantoe sou wees nie. Deur die ekonomiese aktivering van en die skepping van werksgeleenthede binne die tuislande sou die "oor= stoot" van Bantoe na die Blankegebied dan ook gestuit moes word.

Die ekonomiese aktivering sou dan bestaan in die hervorming en stabilisering van die landbou; uitbreiding in mynbou- en bosbou-aktiwiteite; vestiging van grensnywerhede en interne nywerhede; stigting van dorpe en stede en uitbouing van die handel- en dienstesektor. Hierdie voorgenome ekonomiese modernisasie van die tuislande is dan ook aangehaal as rede waarom daar nie meer grond tot die Bantoegebiede toegevoeg hoef te word nie.

In die toepassing van hierdie aanbod op die Batswana slaan ons geen verdere ag op die beperkings wat op Batswana - soos alle ander Bantoe - geplaas is in Blankegebied nie. Ons is slegs geïnteresseerd in die aanbod ten opsigte van die ekonomiese aktivering van Bophuthatswana met die oog op selfversorging.

En in hierdie verband het BENBO-informante daarop gewys dat Bophuthatswana gunstiger as enige ander tuisland geleë is met die oog op ekonomiese selfversorgendheid. Anders gestel: Bophuthatswana het 'n beter potensiaal as ander tuislande om selfversorgend te kan wees. Die rede hiervoor sou te vind wees in die feit dat dit geleë is binne maklike bereik van die enkele belangrikste nywerheidsametrekking in die R.S.A., naam=lik die P.W.V.-gebied. Die effek van nywerheidsdesentralisasie plus pendelaarsinkome sou dus 'n relatief gunstige beeld in die ekonomiese lewe van Bophuthatswana moes vertoon. Dus sou Bophuthatswana in 'n sekere sin as toets kon dien vir die kon=temporêre formule vir ekonomiese aktivering van die Bantoetuis=lande - met dié voorbehoud egter dat selfversorgendheid elders moeiliker op dreef gebring sal kan word.

Nou is dit egter ook so dat selfversorgendheid klaarblyklik ver=skillende ekonomiese toestande kan aandui. Vir ekonome is 'n gebied blykbaar selfversorgend indien die bewoners daarvan in staat is om 'n ekonomiese bestaan te voer, ongeag of die geleent=

hede waardeur bestaan word binne of buite die betrokke gebied aanwesig is. Uit etno-politieke oogpunt gesien beteken self=versorgendheid egter dat die bestaansgeleenthede oorwegend - byna uitsluitlik - binne die betrokke (eie) gebied (vaderland) aanwesig is. Vir ekonome kan 'n gebied (staat) dus oënskyn=lik selfversorgend wees al moet al sy burgers buite sy grense 'n bestaan ontworstel; vir etnoloë en politieke wetenskaplikes is so 'n gebied (staat) nie selfversorgend nie, omdat so 'n toestand lei tot 'n na-buite-gerigtheid; 'n verplasing van aksente en lojaliteite na buite die eie gebied en daar metter=tyd 'n identifikasie met die gebied waaruit die bestaan verkry word, ontstaan. Om selfversorgend te wees moet 'n gebied (staat) dus in staat wees om sy inwoners (burgers) uit eie bronne te kan voed en klee - normaalweg ook deur die verkoop van eie produkte aan ander gebiede. Hoewel interafhanklik (deur produk=sie en handel) kan so 'n eenheid dus nog selfversorgend wees en impliseer so 'n toestand 'n "simmetriese interafhanklikheid". Indien die meerderheid inwoners van 'n gebied egter aangewys is op arbeidsgeleenthede binne 'n naburige gebied(staat) waar=sonder die daaglikse bestaan nie moontlik sou wees nie, impli=seer dit 'n "asimmetriese interafhanklikheid" en 'n gemeenskap=like ekonomiese sisteem wat veelal die wegbereider is vir 'n gemeenskaplike politieke sisteem.

Uit die oogpunt van nasievorming van die Tswana, moet daar dan ook vanuit hierdie perspektief gesoek word na die ekonomiese substansie van die politieke formule soos toegepas in Bophutha=tswana. En om in hierdie verband tot enige sinvolle gevolgtrek=king te kom moet die aanbod van bestaansgeleenthede in verband gebring word met die behoefte aan bestaansgeleenthede en wel teen die agtergrond van die eis van selfversorgendheid. Eerstens moet die tempo van bevolkingsaanwas (waardeur die man=

nekrag-aanbod oorwegend bepaal word) afgeweeg word teen die tempo waarteen bestaansgeleenthede binne en in die onmiddellike omgewing van Bophuthatswana geskep word.

## 4.1 Die vraag na bestaansgeleenthede

Die 1970-sensusopname het vir die eerste keer 'n redelik duidelike beeld gebied ten opsigte van die verspreiding van die Tswana oor die land as geheel en van dié aantal woonagtig in Bophuthatswana teenoor dié woonagtig binne Blankegebied. Hierdie gegewens is in globale vorm weergegee in tabelle 9 en 10.[57] Die bruikbaarheid van hierdie gegewens met die oog op die bepaling van demografiese tendense, waaronder aanwas, lewer egter probleme. Eerstens is daar 'n gebrek aan 'n *betroubare* verwysingspunt (basisjaar) in die verlede omdat die 1960-sensusopname op 'n ander distriksbasis as dié van 1970 gedoen is en blykbaar ook 'n ondertelling verteenwoordig.[58] Tweedens is die 1970-getalle ook enigsins misleidend, omdat dit geen onderskeid maak tussen diegene wat in die tuisland *woon en werk* en diegene wat slegs *'n adres* in die tuisland het maar daagliks in die Blankegebied is nie. 'n Vergelyking van die 1960- en 1970-getalle sonder meer, lei gevolglik tot 'n vleiende beeld oor die demografiese effek van die ekonomiese aanbod aan Bophuthatswana maar strook

---

57. Hoofstuk IV.

58. Vgl. bv. Hattingh, P. en M. Hugo. Tendense in Bantoeverstedeliking in S.A. 1960-1970. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*. 22, 4 (1971), p.126 en Breutz, *op. cit.*, (1973). In 'n brief ontvang van die Sekretaris van Statistiek (14/2/6/3 gedateer 14/10/1972) word dit o.m. gestel dat die 1960-gegewens nie groepeerbaar is ten einde gegewens vir onderskeidelik Blanke en Bantoegebiede te bekom nie, en verder: "Dit is dus nie moontlik om die getal Tswana's wat in 1960 woonagtig was binne die Tswanagebied soos nou omlyn, te bepaal nie."

klaarblyklik nie met die werklikheid nie. Sinvolle afleidings uit 'n vergelyking van die twee stelle syfers kan gevolglik weinig verder gaan as die groottotaal Tswanasprekendes binne Suid-Afrika. Sodra gepoog word om dié binne die tuisland en dié daarbuite te vergelyk soos in 1960 en 1970, word die onbetroubaarheidspotensiaal baie hoog.

Volgens die 1970-sensus was daar in 1970 'n totaal van 1 719 368 Tswanasprekendes binne die R.S.A. aanwesig teenoor 1 148 899 in 1960.[59] In 1970 bevind 1 108 838 of 64,5 persent Tswanasprekendes hulle binne Blankegebied en die res (610 529 of 35,5 persent) binne die volgende Bantoegebiede:

Tabel 28: Verspreiding van Batswana in tuislande (1970)

| *Tuisland* : | *SS.* | *Sw.* | *Matsh.* | *N.S.* | *Venda* | *Cisk.* | *Tr.* | *Z.* | *Boph.* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stedelik : | 22 | 2 | 6 | 704 | 5 | 19 | 26 | 183 | 79 014 |
| Landelik : | 39 | 106 | 90 | 8 503 | 186 | 100 | 93 | 204 | 521 227 |
| Totaal : | 61 | 108 | 96 | 9 207 | 191 | 119 | 119 | 387 | 600 241 |

Die aantal Tswanasprekendes in Bophuthatswana tel in 1970 dus 600 241, terwyl 'n totaal van 283 912 nie-Tswanasprekende Bantoe hulle ook op daardie tydstip in Bophuthatswana bevind. Die verspreiding van Tswana en nie-Tswana in die samestellende distrikte van Bophuthatswana was in 1970 soos volg.[60]

59. Bevolkingsensus 6 Mei 1970. *Op.cit.*, p.2-3 en Buro van Statistiek. *Bevolkingsensus, 1960, No. 7 - Onderwyspeil.* Staatsdrukker. Pretoria. 1964, p.72.

60. Bevolkingsensus 1970. *op. cit.*, 'n Totaal van 3 172 nie-Bantoe is by hierdie syfers ten opsigte van nie-Tswana ingesluit.

Tabel 29: Verspreiding van Tswana en nie-Tswana in Bophuthatswana (1970)

| *Distrik* | *Totaal* | *Tswana* | *Nie-Tswana* |
|---|---|---|---|
| Bafokeng | 70 915 | 46 117 | 24 808 |
| Ditshobotla | 66 961 | 59 716 | 7 245 |
| Lehurutshe | 39 748 | 38 619 | 1 129 |
| Madikwe | 29 597 | 27 167 | 2 430 |
| Molopo | 57 319 | 50 168 | 7 151 |
| Moretele | 174 085 | 77 608 | 96 477 |
| Odi | 209 549 | 93 483 | 116 066 |
| Mankwe | 47 167 | 42 095 | 5 072 |
| Ganyesa | 22 860 | 22 563 | 297 |
| Taung | 70 927 | 64 904 | 6 023 |
| Thaba Nchu | 41 450 | 24 005 | 17 445 |
| Tlhaping | 30 055 | 28 705 | 1 350 |
| Tlharo | 26 685 | 25 091 | 1 594 |

Verhoudingsgewyse gestel is 32 persent van die totale bevolking van Bophuthatswana soos aangedui vir 1970 dus nie Tswanasprekend nie. Besonderlik in die distrikte Moretele en Odi was die Tswana in 1970 reeds oortref deur die nie-Tswana.

Tabel 30: Tswana en Nie-Tswana in Moretele en Odi (1970)

| *Kategorie* | *Moretele* | | *Odi* | |
|---|---|---|---|---|
| | *Tswana (%)* | *Nie-Tswana (%)* | *Tswana (%)* | *Nie-Tswana (%)* |
| Stedelik | 4 373 (36%) | 7 811 (64%) | 35 320 (53%) | 31 291 (47%) |
| Landelik | 73 236 (45%) | 88 686 (55%) | 58 163 (40%) | 84 775 (59%) |

Hieruit word dit reeds duidelik dat die toevloei van nie-Tswana-immigrante as 'n gewigtige faktor gereken moet word by die bepaling van die bevolkingsaanwas van Bophuthatswana. Terselfdertyd is dit egter ook 'n uiters moeilik bepaalbare faktor omdat geen

gegewens beskikbaar is oor die aantal immigrante wat die gebied binnekom en gevestig raak op privaat- of stamgrond nie. Vol= gens amptenare het daar egter sedert 1970 'n verdere sterk in= stroming van nie-Tswana na genoemde twee distrikte plaasgevind as gevolg van die ekonomiese geleenthede van die Pretoria-Ross= lyn-Britskompleks, terwyl ook die verskuiwing van nie-Tswana vanuit swakgeleë Bantoegebiede voor 1970 na hierdie twee dis= trikte geen geringe bydrae tot die aanwesigheid van nie-Tswana in die streek gelewer het nie.

Oor die koers waarteen die Batswana jaarliks aanwas bestaan daar nie eenstemmigheid nie. Van der Merwe stel die groeikoers van die Tswana in 1970 op tussen 21 en 24 per duisend[61] terwyl hy en Lombard dit in 1972 en wel nà bekendmaking van sekere sy= fers van die 1970-sensus, op 48 per duisend stel.[62] Breutz andersyds, aanvaar 'n aanwaskoers van 23 per duisend vir die Tswana[63] wat na ons mening té konserwatief is. 'n Eie bereken= ing, gegrond op 'n vergelyking van die 1960 en 1970-syfers vir alle Tswanasprekendes, gee 'n syfer van ongeveer 48 per duisend vir alle Tswana. Dit word egter aanvaar dat die blykbare onder= telling van 1960 dié syfer buitengewoon hoog maak en dat die netto-aanwas tussen 30 en 40 per duisend per jaar is.

Met die oog op die bepaling van die behoefte aan bestaansgeleent= hede is die bevolkingstruktuur (ouderdom en geslag) egter meer ophelderend as die groeikoers. En waar dit gaan om die oogmerk

---

61. Van der Merwe, P. J. *Bantoe-mannekragpotensiaal van Suid-Afrika.* Afrika-Instituut. Pretoria. 1970. p.7.

62. Lombard, J. A. en P. J. van der Merwe. Central Problems of Economic development of Bantu Homelands. *Finance and Trade Review.* X, 1(1972). Dept. van Bantoe-administrasie en -ont= wikkeling, D 12/2/4/2/4/, p.131.

63. Breutz, *op.cit.*, (1973), p.9.

van optimum vestiging in eie gebied is die plek van aanwesigheid van die Tswanabevolking ook van uiterste belang. Onderstaande tabel (31) gee 'n beeld van beide aspekte.

Tabel 31: Ouderdom, geslag en plek van aanwesigheid van die Tswana in 1970 (000e)[64]

| *Bl. Geb.* | *Boph.* | *Ouderdom* | *Boph.* | *Bl. Geb.* |
|---|---|---|---|---|
| *Manlik* | | | *Vroulik* | |
| 3,9 | 4,8 | 75+ | 8,0 | 5,4 |
| 9,8 | 9,0 | 65-74 | 12,2 | 9,8 |
| 20,0 | 10,9 | 55-64 | 16,7 | 18,6 |
| 17,3 | 6,3 | 50-54 | 10,3 | 16,0 |
| 21,5 | 7,0 | 45-49 | 10,5 | 18,9 |
| 27,6 | 7,7 | 40-44 | 12,2 | 25,9 |
| 31,8 | 7,6 | 35-39 | 12,4 | 29,3 |
| 35,3 | 9,1 | 30-34 | 14,4 | 35,2 |
| 44,9 | 9,1 | 25-29 | 17,5 | 44,3 |
| 51,9 | 13,1 | 20-24 | 22,3 | 54,2 |
| 58,5 | 31,7 | 15-19 | 36,7 | 59,0 |
| 65,6 | 51,3 | 10-14 | 51,5 | 64,5 |
| 76,2 | 56,5 | 5- 9 | 57,2 | 75,0 |
| 76,4 | 49,7 | 0- 5 | 51,3 | 77,1 |

Met hierdie syfers as basis kan 'n redelik noukeurige beeld van die mannekrag wat tot die arbeidsmark gedurende die periode 1970-1980 gaan toetree, verkry word, en dus ook van die aantal nuwe bestaansgeleenthede wat geskep sal moet word om hierdie mannekrag te akkommodeer.

---

64. *Ibid.*, p.10 en Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D 12/2/4/2/4, pp. 134-135.

Omdat die Bantoe normaalweg op 'n betreklike vroeë leeftyd tot die arbeidsmark toetree, kan verwag word dat die groep wat in 1970 binne die leeftydgroep van 10-14 jaar geval het, dit wil sê 232 000 (116 900 manlikes en 116 000 vroulikes) tussen 1971 en 1975 tot die arbeidsmark sal toetree. Die syfer vir die periode 1976-1980 is 264 900. Indien die ekonomies-onaktiewes - 62,7 persent van alle Batswana maar stellig tussen 40 en 50 persent van hierdie jeugdige groep - wat in skole is of professionele opleiding ondergaan hiervan afgetrek word, word ons gelaat met 'n syfer van tussen 116 000 en 140 000 vir die periode 1971-1975 en tussen 132 000 en 156 000 vir die periode 1976-1980.[65] Dit hou in dat daar tussen 1971 en 1980 tussen 248 000 en 296 000 Batswana tot die arbeidsmark sal toetree. Hierby moet die aanwas van die nie-Tswana in Bophuthatswana ook getel word, dit wil sê 'n verdere ± 32 persent van die gegewe syfers ten opsigte van Bophuthatswana omdat 32 persent van die bewoners van Bophuthatswana nie Batswana is nie. Dit kom neer op 'n verdere 13 000 tot 17 000 vir die periode 1971-1975 en 15 000 tot 18 000 vir die periode 1976-1980.[66] Indien Breutz as korrek aanvaar kan word in sy stelling dat 30-40 persent van die leeftydsgroep 50 tot 64 in 1970 ekonomies aktief was, beteken dit dat daar 'n mannekrag-verlies van tussen 34 950 en 46 600 en 'n wins van tussen 276 000 en 331 000 gedurende 1971-1980 gaan voorkom binne Bophuthatswana en binne die geledere van die

---

65. Hier word gebruik gemaak van die berekening van Breutz. (*Op. cit.* (1973), pp. 10-11.

66. Hier stem ons berekenings nie met dié van Breutz ooreen nie. Sy berekening van die nie-Tswana-mannekrag is gegrond op 32 persent van die *totale* Tswanasyfer, terwyl ons slegs die Tswana *in* Bophuthatswana in berekening bring vir hierdie doel. Die nie-Tswana in Bophuthatswana is immers nie 32 persent van *alle* Tswanasprekendes in die R.S.A. nie maar slegs van dié binne Bophuthatswana.

Batswana in die Blankegebied gesamentlik. Dit laat 'n netto wins van tussen 241 000 en 284 000 wat, volgens ons berekening, *'n gemiddelde van tussen 24 000 en 28 000 bestaansgeleenthede per jaar vereis vir die Tswanasprekendes binne Bophuthatswana en die Blankegebied tesame met die nie-Tswana van Bophuthatswana gedurende die tydperk 1971-1980.*

Indien die blik vernou word tot slegs Bophuthatswana met die oog op die bepaling van die vereiste aantal bestaansgeleenthede, is die syfers soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ekonomies-aktiewe Batswana (1971-75) | = | ± | 45 900 |
| Ekonomies-aktiewe nie-Tswana (1971-75) | = | ± | 15 300 |
| Ekonomies-aktiewe Batswana (1976-1980) | = | ± | 51 850 |
| Ekonomies-aktiewe nie-Tswana (1976-1980) | = | ± | 17 300 |
| | = | ± | 130 350 |
| Min: Ontruiming deur oues | = | | 15 500 |
| Behoefte 1971-1980 | = | | 114 850 |
| Behoefte per jaar oor hele tydperk (1971-1980) | = | | 11 400 |

Die eis is dus, indien die berekenings hierbo naasteby korrek is, baie duidelik, naamlik:

(a) Om die aanwas van die bevolking wat in 1970 'n adres binne Bophuthatswana gehad het hulle adres dáár te laat behou, word 'n gemiddeld van 11 400 *addisionele* bestaansgeleenthede per jaar binne en onmiddellik aan die gebied vereis oor die periode 1970-1980.

(b) Indien die aanwas van die bevolking binne Bophuthatswana verhoog word deur demografiese prosesse anders as geboorte (byvoorbeeld hervestiging vanuit die Blankegebied of toestroming

vanuit ander Bantoetuislande) sal die syfer hierbo genoem, ver= hoog moet word.

(c) Indien daar 'n terugvloei van Batswana na Bophuthatswana moet plaasvind, moet daar gedurende die betrokke periode (1971-1980) meer as 11 400 bestaansgeleenthede per jaar geskep word binne en onmiddellik aan Bophuthatswana. Indien die gebied selfversorgend moet word, moet die geleenthede toenemend *binne* die gebied tot stand gebring word.

(d) Indien slegs 11 400 (of minder) nuwe geleenthede per jaar in en aan Bophuthatswana geskep kan word, sal die aantal Batswana in Blankegebied dié binne Bophuthatswana progressief oorskadu in terme van getal, omdat daar reeds meer Batswana buite Bophu= thatswana is as daarbinne. Indien dit sou gebeur, sal die graad van selfversorgendheid van Bophuthatswana as nasionale tuiste van alle Batswana verlaag en, daarmee saam, ook die graad van psigiese binding en inbinding van alle Batswana tot nasie.

(e) Omdat die koers van die bevolkingsaanwas binne Bophuthat= swana en binne die Batswana buite Bophuthatswana so hoog is, sal enige agterstand in die voorsiening van bestaansgeleenthede wat ter aanvang ontstaan, uiters moeilik, indien dit wel moontlik is, later ingehaal kan word.

Dit is dan in die lig van hierdie eise dat die aanbod in terme van bestaansgeleenthede binne en onmiddellik aan Bophuthatswana van nader besien moet word. Uiteraard kan alleen baie oorsigte= lik hieroor gehandel word.

### 4.2 Die aanbod van bestaansgeleenthede

#### 4.2.1 Landbou

Aktiewe pogings van voogskant om die landbou-produksie van die Tswana-gebiede te verhoog, het blykbaar eers na 1910 begin en het in direkte verband gestaan met die vraagstuk van grondvoorsiening en die stygende kommer aan Blanke kant oor die toenemende aantal Bantoe wat deur ekonomiese faktore oorgestoot is na die Blankegebied. Sedert 1948 het die landbou-ontwikkeling van die latere Bophuthatswana dan ook aan aksent gewen en is dit as doelwit gestel om die landboubedryf sodanig te ontwikkel dat die Bantoeboer van 'n lewensbestaan verseker kan word en dat die tuisland sover moontlik selfversorgend sal wees ten opsigte van basiese behoeftes soos voedsel, vesel en hout. Die landboubedryf moes ook die ekonomiese vooruitgang van die tuisland bevorder deur die skepping van werksgeleenthede en die lewering van grondstowwe aan verwerkingsbedrywe wat teen 'n toenemende tempo in die tuisland moes ontstaan. Met die oog op die bereiking van hierdie doelstellings is boerderybeplanning en grondbewaring op intensiewe skaal aangepak; het die omvang van landbouvoorligting toegeneem; is verskeie metodes aangewend om gewasproduksie op droëland en besproeiingskemas te verhoog en het veselverbouing en houtproduksie daadwerklike aandag ontvang, terwyl diereproduksie, juis omdat ongeveer 88 persent van die tuisland as gevolg van ekologiese en klimaatstoestande uitsluitlik vir veeboerdery geskik is,[67] hoog op die prioriteitslys geplaas is. Terselfdertyd is, as gevolg van die inflasiespiraal enersyds en die styging in inkome van Swart werkers in Blankegebied andersyds, die inkome-norm vir Bantoeboere blykbaar hersien en verhoog na R1 500 per gesin per jaar.[68]

---

67. Rep. van S.A. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. *Verslag van die ... 1971*, p.33. Staatsdrukker. Pretoria. 1973.

68. Vgl. Molatlhwa, T.M. Agriculture in Bophuthatswana. Referaat gelewer tydens konferensie oor "Strategie vir Ontwikkeling" Universiteit van die Witwatersrand, 4-7 Desember 1974.B.B.K.-informante aanvaar ook dié bedrag as norm.

Die struktuur wat daargestel is om uitvoering aan hierdie doel=witte te gee het gaandeweg ook meer gespesialiseerd en omvang=ryk geraak. Hiertoe het die instelling van 'n (eie) Departement van Landbou binne die Tswanaregeringsdiens bygedra. Die struk=tuur het trouens so ontwikkel dat daar in 1972 reeds 'n totaal van 424 poste binne die Departement van Landbou bestaan het.[69] Die skepping van 'n landbou-afdeling binne die Bantoesakekom=missie; die toenemende aandag wat deur die B.B.K. aan landbou=projekte in Bophuthatswana oor die afgelope paar jaar (1970-1973) gegee is; die vorming van koöperatiewe landbou-eenhede en die vorming van voorligtingskomitees uit die gemeenskap, het daartoe bygedra dat die aktiveringsweb steeds meer Bantoe=boere kon bereik. Die statistiek vir 1971 toon reeds die vol=gende:

| | |
|---|---|
| Aantal Bantoevoorligters in Bophuthatswana ........ | 114 |
| Bywoning van Boeredae en (landbou) vergaderings ... | 88 925 |
| Bywoning van kortkursusse en lesings ............ | 35 457 |
| Bywoning van 11 landboutentoonstellings ........ | 2 213 |
| Besoeke aan Bantoelandbouvoorligters ........... | 16 652[70] |

Met die oog op behoorlike boerderybeplanning en die benutting van natuurlike hulpbronne in boerderyverband, is fisiografiese opnames van die samestellende streke van Bophuthatswana gemaak om die hulpbronpotensiaal van die gebied vas te stel. Opvolgend is/word fisiese beplanning gedoen om die akkerboupotensiaal en weiding ten beste te benut. Hierdie beplanning, wat in 1974

---

69. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D 12/2/4/2/4, p. 23.

70. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. *Verslag ... 1971*, p.33.

reeds oor 53 persent van die gebied gedoen,[71] het in verskeie gevalle 'n herbeplanning geïmpliseer. In die jare 1970-71 is gemiddeld 100 000 ha. per jaar beplan/herbeplan en ten opsigte van dié dele kon amptenare 'n herstel en verbetering van die veld en in sommige gevalle, 'n onmiddellike styging in produksie konstateer.

Die oogmerk met boerderybeplanning was/is uiteraard geleë in die verhoging van gewas- en diereproduksie. Sover dit gewasproduksie betref, is Bantoeboere deur middel van voorligting aangemoedig om graansoorte en cultivars wat vir verbouing in die onderskeie streke aangepas is te gebruik. As gevolg van relatief beperkte bo-grondse waterbronne, kon besproeiingskemas tot en met 1973 nog net aangelê word te Taung, Lehurutshe, Tlhaping-Tlharo en Thaba Nchu en gevolglik sou tot 'n hoë mate op droëlandakkerbou gereken moes word. En dan is dit ook ervaar dat droëlandakkerbou slegs in die Ditshobotla- en Thaba Nchu-distrikte nie so 'n hoë risiko-faktor bevat nie. Indien egter in aanmerking geneem word dat die kweek van gewasse wat vreemd is aan die tradisie 'n lang tyd neem om inslag te vind; dat die Tswanaboer glo dat hy "weet" hoe die tradisioneel-bekende gewasse gekweek moet word en dus niks verder daaroor te lere het nie, en dat sekere gewasse reeds in 'n onryp stadium gebruik word, kon 'n lae produksie verwag word. Die volgende syfers (tabel 32) bevestig dit dan ook.

---

71. Molatlhwa, *op. cit.*, p.4.

Tabel 32: Gewasproduksie in 1971[72]

(a) *Droëland:*

| | *Gewas* | | *Oppervlakte (in ha.) beplant* | *Opbrengs in kg* |
|---|---|---|---|---|
| i. | Mielies | : | 64 086 | 18 043 640 |
| ii. | Koring | : | ? | 5 500 |
| iii. | Graansorghum | : | 16 990 | 2 730 959 |
| iv. | Kafferbone | : | 1 537 | 242 454 |
| v. | Droëbone | : | 161 | 27 540 |

(b) *Besproeiing*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| i. | Koring | : | | 2 288 000 |
| ii. | Mielies | : | | 559 421 |
| iii. | Grondbone | : | | 15 614 |
| iv. | Kafferbone | : | 2 599 | 16 771 |
| v. | Aartappels | : | | 12 650 |
| vi. | Lusernhooi | : | | 2 020 000 |

Omdat ongeveer 88 persent van die gebied uitsluitlik vir veeboerdery geskik is, behoort die veebedryf die hoeksteen vir landbou-ontwikkeling in Bophuthatswana te wees. Om dié bedryf te stimuleer is verskeie stappe van owerheidsweë geneem, waaronder die daarstelling van teelstasies; aankoop van teeldiere en herverkoop daarvan op 'n subsidie-basis aan Bantoe-owerhede en koöperatiewe teelskemas; instelling van weidingsbeheer en kampstelsels; watervoorsiening; bekamping van veesiektes; vorming van koöperatiewe suiwelskemas en die reëling van veevendusies. Gedurende die vroeë sewentigerjare het die B.B.K. ook dié veld begin betree met die vorming van 'n melkboerdery in die omgewing

72. Vgl. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. *Verslag ...1971,* p.32-33 en D 12/2/4/2/4 p.187.

van Garankuwa en wat as kern wil dien vir verdere melkboerdery in Bantoebesit; loodsing van 'n vetmestingseenheid te Taung; lewendehawe-bemarkingskemas in verskeie gebiede waar die B.B.K. optree om Blanke ringe te breek deur die betaling van stukpryse in plaas van vloerpryse aan Bantoeboere en waardeur die boer dan 'n beter prys vir vee kry. Verskeie ander skemas in land= bou- sowel as veeteeltverband is in 1973 beoog.

Die volgende statistiek gee 'n rowwe beeld van diereproduksie in 1971/72:

| | | |
|---|---|---|
| Totale aantal beeste | ............. | 346 592 |
| Totale aantal skape | ............ | 263 965 |
| Totale aantal bokke | ............ | 477 731 |
| Totale aantal hoefdiere | ........... | 83 644 |

Gedurende 1971 is 206 veevendusies gehou waarop 14 595 beeste en 8 157 kleinvee verkoop is teen 'n bedrag van R900 000. Hierbe= newens is daar ongeveer 4 800 grootvee en 17 000 kleinvee deur slagters in die tuisland en deur Bantoeboere geslag. Verder het daar 11 koöperatiewe suiwelskemas in Bophuthatswana bestaan waaraan 155 Bantoeboere deelgeneem het en wat 'n bruto inkomste van R13 400 gelewer het. In dieselfde jaar is 382 goedgekeurde bulle en 270 Dorper- en Boerbokramme teen gesubsidieerde pryse aan Bantoeboere verkoop.[73]

Sover dit ander landbouprojekte betref, kan verwys word na ve= selverbouing (1500 ha in 1971 met 'n produksie van 157 metrieke ton); houtproduksie (550 ha onder nie-kommersiële plantasies

---

73. Gegewens oor B.B,K.-aktiwiteite is verkry van die B.B.K.-hoofkantoor. Vgl. verder *ibid.*, pp. 32-33.

en brandhoutpersele); en 'n visteeltstasie wat deur B.B.K.-ini= siatief by die Klipvoordam aangelê is en in 1974 'n oppervlakte van 26 ha beslaan het. Verdere uitbreiding aan die visteelt= stasie is beoog en dit word voorsien dat ongeveer 180 ha uit= eindelik onder damme kan wees en sowat 2000 kg vis per jaar kan lewer. Tussen 250 en 300 Bantoegesinne sou na raming deur die skema gedra kan word.

Hoeveel in terme van kapitaal reeds oor die jare heen deur die Blanke voog bestee is aan die landboukundige ontwikkeling van Bophuthatswana, kon nie vasgestel word nie. 'n Idee daarvan kan egter gevorm word as in ag geneem word dat die begroting van die Bophuthatswana Departement van Landbou vir 1973 R1 073 800 beloop het; die kapitale investering deur die B.B.K. in landbouprojekte in 1973 en 1974 sowat R2 miljoen bedra het, en dat die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling nog voortgaan om sekere gespesialiseerde dienste in landboukun= dige verband aan Bophuthatswana te lewer.

Nå hierdie vlugtige oorsig moet gekom word tot die wesentlike vraag, naamlik hoeveel Batswana kan ekonomies deur die landbou-sektor geakkommodeer word? Hierdie vraag impliseer 'n vooraf= gaande vraag, naamlik wat is die landboupotensiaal van Bophu= thatswana? En hierdie vraag kan moeilik met enige mate van korrektheid beantwoord word omdat die potensiaal van 'n gebied aan talle veranderlikes onderwerp is soos byvoorbeeld sosiale waardes, klimaatswisseling, tegnologiese verandering, ens. Ten spyte hiervan was senior amptenare van die Departement van Ban= toe-administrasie en -ontwikkeling egter tevrede met die onder= staande uiteensetting (tabel 33) van die landboupotensiaal van Bophuthatswana soos gegee deur Molatlhwa.[74]

74. *Op. cit.*, p.3.

Tabel 33: Landboupotensiaal: 1974-perspektief

(i) *Gewasverbouing*

| *Grond in 1973-74 onder be=werking* | *Potensieel= bewerkbare oppervte.* | *De facto-produksie (M. ton)* | *Potensiële produksie* | *Potensiële inkome* |
|---|---|---|---|---|
| 89 826 ha. | 409 242 ha | 40 837 | 386 047 | 20 403 800 |

(ii) *Diereproduksie*

| *Vee-eenhede 1973-74* | *Dravermoë* | *De facto-omset* | *Potensiële omset* | *Potensiële inkome* |
|---|---|---|---|---|
| 578 940 | 450 000 | 50 000 | 90 000 | R19 800 000 |
| Potensiële inkome uit landbou | | | | R40 203 800 |

Na raming was daar in 1974 ongeveer 856 049 Bantoe (142 675 ge=sinne) in Bophuthatswana wat geheel of gedeeltelik van die land=bou afhanklik was. Dit impliseer dat die landbousektor totaal oorbeset is aangesien dié sektor, indien R1 500 as norm vir inkome per gesin per jaar aanvaar word, slegs 26 800 landbouer=gesinne (160 800 mense) sal kan dra - en dit ook slegs as die potensiaal ten volle benut word. Anders gestel: In 1974 het ± 45 persent van die *de jure-* bevolking van Bophuthatswana ge=heel of gedeeltelik op 'n landbou-basis probeer bestaan, terwyl die landboupotensiaal in 1974 sodanig was dat slegs ongeveer 8 persent van die *de jure-* bevolking 'n leefwaardige bestaan (R1 500 per jaar) daaruit kan maak.

Die faktore wat 'n beperkende invloed op die akkommodasievermoë van die landbousektor uitoefen (stelsel van grondbesit, landbou=metodes, sosioreligieuse waardes ten opsigte van grond en vee, negatiewe waardering van die boerderybedryf, arbeidsbewussyn en

omgewingsfaktore soos klimaat, reënval en bodemgesteldheid) hoef nie hier verder beaandag te word nie. Twee feite moet eg= ter onderstreep word naamlik:

(a) Sowat 115 800 gesinne (695 250 mense) wat in 1974 'n be= staan uit die landbou probeer maak het, sal, indien die inkome-norm van R1 500 per jaar gerealiseer wil word, dié sektor moet verlaat en in 'n ander sektor geakkommodeer moet word.

(b) Nieteenstaande die belangrikheid van die landbousektor uit die oogpunt van voedselproduksie en die lewering van grond= stowwe vir verwerkingsbedrywe, het dié sektor 'n uiters beperk= te akkommodasievermoë. Trouens, ten einde dit te kan ontwikkel word 'n verplasing van bevolking uit dié sektor na ander sektore vereis. En dit is alleen logies dat hierdie oorskot landbouers, indien hulle nie in die Blankegebied gevestig moet word nie, geakkommodeer sal moet word in veral die mynbou- en die nywer= heidssektor in Bophuthatswana en op die grense daarvan.

Dus word 'n nadere beskouing van die mynbou in Bophuthatswana vereis.

4.2.2 Mynbou en bosbou

Dit word deur verskeie bronne gestel dat Bophuthatswana oor 'n verskeidenheid minerale, en dus 'n aansienlike mynboupotensiaal, beskik.[75] Dit is egter ewe waar dat hierdie potensiaal tot dus= ver swak ontgin is. Hiervoor is verskeie redes aan te dui, naamlik die feit dat Suid-Afrika ryklik bedeeld is met delfstof= afsettings naby bestaande groeipunte (in Blankegebied); daar 'n

75. Vgl. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D 12/2/4/2/4, p.217 *et seq.* *Tuislande: Die rol van die Kor= porasies*, p. 95 *et seq.*

relatief swak-ontwikkelde infrastruktuur binne Bophuthatswana bestaan, terwyl 'n gebrek aan ondernemerskap, bestuurs- en tegniese kundigheid en kapitaal aan Tswanakant ewe gewigtig is. Gevolglik is die mynbou-aktiwiteite wat in die verlede in Bophuthatswana plaasgevind het, onderneem deur Blanke maatskappye wat die grondstowwe uitgevoer het na Blankegebied met die oog op verwerking.

Met die oog op die ontwikkeling van die mynbou in - ook - Bophuthatswana, is die Bantoe-Mynboukorporasie (B.M.K.) dan in 1969 deur die Blanke owerheid daargestel. Ten opsigte van Bophuthatswana het dié korporasie navorsing oor delfstowwe begin doen en die nodige masjinerie in werking probeer stel om 'n gunstige investeringsklimaat vir private ondernemings te skep. Verder is besondere aandag gegee aan dié delfstofafsettings waarin die groter mynhuise nie belangstel nie; wat 'n kleiner kapitale uitleg en minder ingewikkelde metodes impliseer en waarvan die ontginning dus spoediger deur die Bantoe-entrepreneur oorgeneem sou kon word. In 1973 het ondersoeke na diamante en koper in Bophuthatswana nog deel gevorm van die eksplorasieprogram, terwyl eksplorasie tot en met 1971/72 aan die lig gebring het dat groot hoeveelhede sandsteen, verskeie granietsoorte en kalksteen in die gebied aanwesig is; platina in die Mankwe- en Bafokeng-distrik voorkom; nikkel in Mankwe, Bafokeng en Odi aangetref word; vanadium aanwesig is in Mankwe en Odi; koper in Bafokeng voorkom, terwyl asbes (Tlhaping-Tlharo) en mangaan (Lehurutshe) ook aanwesig is.[76]

---

76. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D 12/2/4/2/4, pp. 217-221.

As gevolg van die faktore hierbo genoem, is die ontginning van hierdie minerale binne Bophuthatswana nog in 'n aanvangstadium. Behoorlike aandag aan die benutting van hierdie potensiaal is egter reeds bepleit deur die hoofraadslid van die tuisland tydens 'n onderhoud met die minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in 1969.[77] En alhoewel die ontwikkeling in hierdie verband sedert dáárdie tydstip tot en met 1972 nie as baie kragtig bestempel kan word nie, was die toestand met betrekking tot mynbou in Bophuthatswana in 1972 nogtans soos volg:

Tabel 34: Werkende myne, 1972[78]

| *Delfstof* | *Aantal myne* | *Indiensname (Bantoe)* | *Produksie 1972 (M.Ton)* | *V.A.B. Waarde (R 000)* |
|---|---|---|---|---|
| Kalksteen | 3 | 348 | 392 183 | 2 353 |
| Ystererts | 2 | 59 | ? | ? |
| Asbes | 6 | 4 198 | 60 615 | 9 092 |
| Vloeispaat | 2 | 373 | 3 010 | 90 |
| Platina | 3 | 27 468 | ? | ? |
| Vanadium | 1 | 164 | 1 307 | 3 |
| Graniet | 6 | 492 | ? | ? |
| Chroom | 3 | 238 | 86 065 | 1 291 |
| Mangaan | 1 | 401 | 36 935 | 369 |
| Sout | 1 | 3 | ? | ? |
| Kalsiet | 1 | 14 | 456 | ? |
| Totale | 29 | 33 758 | ? | R13 198+ |

77. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. R 204/6. Notas vir samesprekings op 10 Desember 1969.

78. *Tuislande: ..., op. cit.*, p.99. Volgens D 12/2/4/2/4, p. 223 was daar in 1971/72 'n totaal van 19 myne in werking met 'n Bantoe-indiensname van 35 180.

Uit gegewens verkry van die Bantoe-Mynboukorporasie blyk dit dat indiensname egter byna verdubbel het vanaf 1972 na 1973, naamlik vanaf 33 000 na 61 023. (Die syfer vir 1971 word aan=gedui as 29 000). Geneem as 'n gemiddeld oor twee jaar (1971-73) was daar dus 'n styging van 16 000 arbeidsgeleenthede per jaar in die mynbedryf in Bophuthatswana. Hierdie gunstige beeld moet egter in die lig van twee ander feite gelees word. Eerstens dui die beskikbare gegewens daarop dat die grootste persentasie Swart mannekrag betrokke by die mynbou in Bophutha=tswana nie-Tswana is wat elders gewerf moes word, omdat die Batswana feitlik geen belangstelling in ondergrondse arbeid toon nie. Ter voorbeeld kan hier verwys word na die platina=myn binne die gebied van die Bafokeng (by Rustenburg) waar 93 persent van die mynarbeiders in 1973 nie-Tswana-trekarbeiders was.[79] Tweedens is die groei in indiensname baie onbestendig - 'n verskynsel wat goed te begryp is in die lig van stygings en dalings in die prys van grondstowwe. Grootskaalse afdanking van mynarbeiders is gevolglik ook geen ongewone verskynsel nie.

Alhoewel daar in talle statte of nedersettings in Bophuthatswana een of meer steenmakerye bestaan, is produksie eerder op 'n *ad hoc*-basis as deurlopend. 'n Bepaling van die aantal steen=makerye sowel as die aantal persone daarby betrokke, kon tot dusver nog nie gemaak word nie. Ook is dit 'n bedryf wat tot dusver oënskynlik min aandag van die ontwikkelingsagentskappe wat in Bophuthatswana optree, ontvang het.

As gevolg van klimaatsomstandighede en beperkte waterbronne is die bosboupotensiaal van Bophuthatswana uiters laag en gevolglik ook die aantal persone wat daardeur geakkommodeer kan word.

---

70. Breutz, *op. cit.*, (1973), p.18. Aan die begin van 1975 was 61 000 poste in die mynbousektor van Bophuthatswana gevul deur nie-Tswana.

### 4.2.3 Nywerheidsontwikkeling

Dit is in die verlede herhaaldelik van owerheidskant gestel dat tuislandontwikkeling met die oog op die skepping van bestaans=geleenthede gesoek moet word in nywerheidsontwikkeling en nie in die toesegging van groter grondgebied (dus landbou) nie. Gevolglik sou aanvaar kon word dat dié sektor indringende aan=dag oor die periode 1960-73 moes ontvang het van owerheidskant. Binne hierdie sektor moes immers indiensneming geskep word met die oog op die opname van diegene wat uit die landbou gestoot word sowel as die grootste persentasie van die natuurlike aanwas van die landboubevolking.

#### 4.2.3.1 Vervaardiging

##### 4.2.3.1.1 Grensnywerhede

Soos in hoofstuk VI opgemerk, het die grensnywerheidskema uitste=kend ingepas by die vereiste desentralisasiepoging en is voor=sien dat dit die effek van 'n springplank sou hê met die oog op nywerheidsvestiging in die tuislande, waaronder Bophuthatswana. Gevolglik is die volgende areas tot grensnywerheidsgebiede vir die voorsiening van arbeidsgeleenthede aan Bophuthatswana-inwo=ners verklaar: Brits, Rustenburg, Rosslyn, Mafeking, Zeerust, Lichtenburg, Thabazimbi, Delareyville, Vryburg, Kuruman en Jan Kempdorp.[80] Binne dié gebiede het die reeds vermelde konsessies dan van krag geword en is aansporingsbedrae aan nyweraars betaal met die oog op nywerheidsvestiging.

Van hierdie reeks grensnywerheidsgebiede het Rosslyn, Brits en

---

80. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D 12/2/4/2/4, krt. no. 18-W en 18-O.

en Rustenburg die meeste aandag ontvang en het tot dusver ook die lewenskragtigste geblyk te wees. En alhoewel gegewens oor besteding, nywerheidsgroei en Bantoe-indiensname ten opsigte van al hierdie genoemde grensgebiede nie bekom kon word nie en sekere statistieke wat wel verkry is nie altyd ooreenstemmend is nie, bied die onderstaande tabelle (35 en 36) wel 'n rowwe beeld van dit wat reeds deur owerheidsinisiatief in hierdie gebiede bereik kon word.

Tabel 35: Nywerheidsgroei: 1969-1973[81]

| (a) *Brits:* | *1969* | *1970* | *1971* | *1972* | *1973* |
|---|---|---|---|---|---|
| Grootte persele verkoop (ha) | -- | -- | 104,7 | 12 | 4,9 |
| Nuwe nywerhede gevestig | -- | -- | 8 | 12 | 8 |
| Waarde van goedgekeurde bouplanne (R000) | -- | 1 782 | 4 100 | 4 975 | 258 |
| (b) *Rustenburg:* | | | | | |
| Grootte persele verkoop (ha) | 10,4 | 7,2 | 1,38 | | 4,75 |
| Nuwe nywerhede | -- | -- | 1 | -- | -- |
| Waarde van goedgekeurde bouplanne (R000) | -- | -- | 150 | 51,5 | 185,7 |

81. Anon. *Desentralisasie-groeipunte, 1974.* Chris van Rensburg Publikasies. Johannesburg, 1974, pp. 95 en 359.

Tabel 36: Nywerhede in Grensgebiede naby Bophuthatswana: Aantal, werks= geleenthede en verwagte groei in 1971/72[82]

| Nywerheid | Aantal | Werksgeleenthede | Verwagte groei (1971-73) |
|---|---|---|---|
| Voedsel en Tabak | 53 | 2 863 | 180 |
| Tekstiel en leer | 15 | 1 915 | 757 |
| Hout | 14 | 653 | 238 |
| Papier | 8 | 284 | 59 |
| Chemikalië | 4 | 164 | 148 |
| Minerale | 12 | 2 969 | 538 |
| Metaal | 60 | 7 883 | 2 369 |
| Ander | 2 | 57 | 105 |
| Totaal | 168 | 16 788 | 4 394 |

82. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D12/2/4/2/4, pp. 206 - 208.

Tabel 36 hierbo verdien verdere verduideliking. Eerstens maak dit nie melding van die *toename* in nywerhede vanaf-sê-1960 nie maar gee bloot die aantal nywerhede en indiensnemingssyfers binne grensgebiede. Die aantal Bantoe wat voor die proklamering van byvoorbeeld Brits en Rustenburg tot grensnywerheidsgebiede reeds nywerheidswerkers daar was, is dus by hierdie syfers in= gesluit. So ook die nywerhede wat reeds bestaan het met prokla= mering. Tweedens sluit die indiensname-syfers ook Blankes in en sal die Bantoe-indiensname dus laer wees as wat dié syfers - dit wil sê 16 788 - aandui. Dit geld ook die verwagte groei in indiensname vir die periode 1971-1973. Trouens, volgens gege= wens verkry van BENBO was die Bantoe-indiensname in grensnywer= hede by Bophuthatswana soos op 31 Maart 1974 soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Nywerhede deur N.O.K. gehanteer .......... | 10 266 |
| (b) | Nywerhede nie deur N.O.K. gehanteer ...... | 3 080 |
| | Totaal | 13 346 |

Die bron waaruit die verwagte styging in indiensname soos aange= dui in tabel 36 verkry is, kan gekontroleer word deur gegewens bekend gemaak deur die N.O.K. vir die tydperk 1971-73. Dié kor= porasie meld dat dit oor die betrokke tydperk die volgende indiensnames bewerkstellig het in die betrokke grensnywerheids= gebiede by Bophuthatswana:[83]

| *1971/72* | *1972/73* | *1973/74* | *Totaal: 1971-73* |
|---|---|---|---|
| 1 223 | 1 153 | 1 480 | 3 856 |

Twee verskillende bronne wys dus daarop dat daar oor die tydperk

---

83. Gegewens verkry van BENBO.

1971-1973 minder as 1 500 betrekkings per jaar in grensnywer= heidsgebiede aan Bophuthatswana geskep is. Indien die totale aantal werksgeleenthede in grensgebiede soos in Maart 1974 en soos bereken deur BENBO - dus 13 346 - beskou word as die vrug van die periode 1960-1973, dan beteken dit ongeveer 'n duisend per jaar - sonder 'n skerp stygende lyn.

4.2.3.1.2 Interne nywerhede

As gevolg van die oorspronklike houding van die owerheid ten opsigte van Blanke entrepreneurskap binne Bantoegebied, was ny= werheidsvestiging in Bophuthatswana tot in die laat sestigerjare uitsluitlik in die hande van die Bantoe-ondernemer en die B.B.K. Die aanvanklike verbod op privaat Blanke inisiatief, relatiewe gebrek aan kapitaal, feitlike afwesigheid van Swart ondernemers en gebrek aan ekonomiese infrastruktuur, lei dan daartoe dat nywerheidsvestiging in Bophuthatswana eers vanaf die einde van die sestigerjare daadwerklik aangepak is. Op enkele uitsonder= ings na het die nywerheidsaktiwiteite binne Bophuthatswana tot op daardie stadium bestaan uit tuisnywerhede wat gaandeweg ge= kommersialiseerd geraak het en waarby rofweg 2 000 - 2 500 per= sone in 1972 betrokke was.[84] Die veranderde benadering ten op= sigte van nywerheidsvestiging wat uiteindelik uitloop op die stigting van nywerhede deur die B.B.K. en die afkondiging van aansporingsmaatreëls om Blanke nyweraars na Bantoegebiede te lok lui dus in werklikheid die proses van nywerheidsvestiging in Bophuthatswana in.

Die eerste nywerheidsgroeipunt wat deur die owerheid afgekondig is in Bophuthatswana, was Babalegi, sowat 50 km noord van

84. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. D 12/2/4/2/4, p.211.

Pretoria. Dié groeipunt sou deur die B.B.K. namens die Tswanagebiedsowerheid ontwikkel word en gedurende 1969-70 is begin met die aanleg. Gedurende September 1970 kon die eerste nyweraars hulle intrek neem. Die aktiwiteite wat te Babelegi onderneem is vanaf 1970-74 en die resultate wat behaal is, blyk uit tabelle 37 en 38 hieronder.

Tabel 37: Babalegi: Aantal nywerhede en indiensname soos op 15/6/1972[85]

| | |
|---|---|
| Aantal nywerhede | 36 |
| Blanke indiensname | 86 |
| Bantoe-indiensname | 2 199 |

Tabel 38: Babalegi: Nywerheidsvestiging soos op 31 Maart 1974[86]

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Ondernemings gevestig onder agentskapstelsel: | Aantal | : 57 |
| | | Bantoe-indiensname | : 5 579 |
| | | Blanke indiensname | : 192 |
| (b) | Kapitaalbesteding deur B.B.K.: | Infrastruktuur | :R 2 471 140 |
| | | Geboue | :R 6 943 198 |
| | | Lenings | :R 2 630 199 |
| | | Totaal | :R 12 044 537 |
| (c) | Privaatbeleggings (31/3/73) | | R 17 400 000 |

85. *Ibid.*, p. 210.

86. Gegewens verkry van BENBO.

Alhoewel die nywerheidsontwikkeling te Babelegi hoogstens as bemoedigend gestel kan word indien dit beskou word teen die agtergrond van die behoefte aan nywerheidsontwikkeling in Bophuthatswana, was die produksie daarvan in 1974 volgens een bron reeds hoër as dié van Botswana, Lesotho en Swaziland ge= samentlik.[87]

Sover dit Bantoe-indiensname in gedesentraliseerde nywerhede en nywerheidsondernemings van die B.B.K. betref vir die tydperk eindigende op 31 Maart 1974, word die volgende samevatting ge= gee:

Tabel 39: Bantoe-indiensname in nywerhede in en om Bophu= thatswana

| *Gedesentraliseerde nywerhede* | | *Beraamde indiens= name in grensge= biede nie deur N.O.K.* | *Indiens= name deur B.B.K.= projekte* | *Totaal* |
|---|---|---|---|---|
| *In tuis= land* | *In grens= gebiede deur N.O.K.* | | | |
| 5 579 | 10 266 | 3 080 | 359 | 19 284 |

Alhoewel dit uiters moeilik is om 'n gemiddelde syfer per jaar aan te dui, wys die N.O.K.-gegewens vir 1971-73 en die B.B.K.- gegewens vir die periode 1970-1974 dat bestaansgeleenthede teen 'n koers van sowat 2 400 per jaar deur die nywerheid in en aan Bophuthatswana geskep is sedert 1970.

4.2.4 Dorpe

Alhoewel dit ideaal sou wees om ook die ander sektore van die ekonomie, naamlik konstruksie, handel, dienste en die owerheids=

87. *To the Point*. 21/6/1974, p.48.

sektor van nader te beskou met die oog op besteding en indiensname, ontbreek dit aan betroubare gegewens. Daarby behoort 'n oorsig van die ekonomiese aktiwiteite binne (Bantoe)dorpe in Bophuthatswana gedurende die tydperk 1970-1973 'n goeie oorsig van handel en dienste te gee. Dit is immers so dat, afgesien van die nywerheidsgroeipunte, dorpe die kerns vir ontwikkeling is en die ontwikkelingstendense van die tersiêre sektor nêrens duideliker weerspieël word as juis in dorpe nie. Uitgaande van die veronderstelling dat die primêre en sekondêre bedrywe nie in staat sal wees om die vereiste arbeidsgeleenthede te verskaf nie en dat 'n stygende persentasie van die mannekrag opgeneem moet word deur die tersiêre sektor, behoort 'n snit in die ekonomiese aktiwiteite binne (Bantoe)dorpe twee sake na vore te bring, naamlik welke bedrae reeds van owerheidskant bestee is aan die stigting van dorpe en voorsiening van basiese dienste, en tweedens, wat die groeitempo van die tersiêre sektor is, met ander woorde wat die aard van die potensiaal daarvan uit die oogpunt van indiensneming is.

Oor die redes vir dorpstigting is in hoofstuk VI gehandel. Tabel 40 hieronder bied dan 'n beeld van die dorpstigingsaksie soos toegepas in Bophuthatswana. En ook hier val dit op dat, soos aangetoon deur Spies,[88] dié dorpe wat Blanke metropolitaanse gebiede bedien (bv. Mabopane, Garankuwa en Temba) die vinnigste groei getoon het. Dit blyk verder uit tabel 40 dat die meeste dorpe tussen 1960 en 1965 gestig is. In 1970 bestaan die meeste daarvan dus reeds ses jaar en in 1973 sowat nege tot tien jaar.

---

88. Spies, M. Enkele Aspekte van die proses van Dorpstigting in die Bantoetuislande van Suid-Afrika gedurende die periode 1960-1970. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede.* 24,4(1973), p.140.

**Tabel 40: Dorpstigtingsaksie in Bophuthatswana, 1960 - 1973**[90]

| Besonderhede<br>Geproklameerde Bantoedorpe | Getal wooneenhede[91] | | | | | | Bevolking | | | | Begrote owerheidsbesteding R'000 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1960 | 1965 | 1970 | 1971 | 1972 | 1973 | 1970 | 1971 | 1972 | 1973 | 1970/71 | 1971/72 | 1972/73 | 1973/74 |
| Atamelang | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Bathusitse | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 38 |
| Ga-Rankuwa | - | 2 109 | 6 878 | 8 042 | 7 760 | 8 207 | 21 057 | 46 686 | 50 742 | 64 208 | - | - | 1 680 | 1 097 |
| Itsoseng | - | 997 | 1 577 | 1 617 | 1 663 | 1 719 | 4 198 | 9 571 | 10 106 | 10 328 | - | - | 241 | 1 204 |
| Lehurutshe | - | 1 | 259 | 309 | 309 | 357 | 558 | 1 820 | 2 730 | 3 253 | - | - | 85 | 43 |
| Mabopane | - | 1 161 | 1 697 | 2 856 | 4 484 | 6 564 | 10 250 | 16 375 | 34 245 | 61 200 | 3 275[92] | 4 250[93] | 1 104 | 2 163 |
| Madikwe | - | - | 214 | 310 | 364 | 398 | 1 163 | 2 262 | 2 636 | 2 731 | - | - | 49 | 46 |
| Molehabangwe | - | - | 264 | 263 | 263 | 263 | 686 | 1 611 | 1 185 | - | - | - | - | - |
| Monnakato | - | - | 186 | 202 | 252 | 320 | 706 | 1 507 | 2 201 | 2 143 | - | - | 48 | 14 |
| Montshiwa | - | 563 | 1 112 | 1 240 | 1 298 | 1 223 | 3 001 | 5 971 | 6 144 | 6 240 | - | - | 157 | 95 |
| Monthibistat | - | 402 | 498 | 498 | 498 | 498 | 1 165 | 2 538 | 2 554 | 2 751 | - | - | 52 | 28 |
| Motuthlung | - | - | - | 401 | 1 147 | 1 155 | - | 1 361 | 3 353 | 4 650 | - | - | 663 | 547 |
| Papierstad | - | 485 | 1 361 | 1 767 | 1 813 | 1 992 | 4 361 | 9 422 | 10 645 | 12 000 | - | - | 169 | 110 |
| Selosesha | - | 377 | 790 | 792 | 880 | 932 | 1 087 | 4 392 | 5 088 | 5 463 | - | - | 85 | 99 |
| Temba | 250 | 419 | 2 263 | 2 429 | 2 225 | 2 275 | 9 400 | 19 472 | 23 320 | 16 106 | - | - | 250 | 246 |
| Tlhabane | - | 1 386 | 2 249 | 2 464 | 2 472 | 2 472 | 7 138 | 20 000 | 20 000 | 20 000 | - | - | 120 | 116 |
| Totaal | 250 | 7 900 | 19 348 | 23 190 | 25 428 | 28 375 | 65 770 | 142 988 | 174 949 | 211 073 | 5 336[94] | 6 295[95] | 4 703 | 5 846 |

90. Gegewens verkry van BENBO.

91. Kumulatiewe totaal van die aantal huise (selfbou huise ingesluit) plus woonstelle.

92. Sluit in R1 275 000 wat voorsien word uit diensteheffingsfonds.

93. Sluit R2 250 000 in wat voorsien word uit diensteheffingsfonds.

94. R2 061 000 hiervan ontoedeelbaar tussen dorpe.

95. R2 045 000 hiervan ontoedeelbaar tussen dorpe.

Tabel 41:[96] Standaardnywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese bedrywighede van Bantoedorpe soos op 30 Sept.

| Jaar en SNK. / Dorp | Jaar | Mynwese en steengroewe. | Fabriekswese. | Elektr. gas en water. | Konstruksie. | Groot en kleinhandel, verversings en akkommodasie. | Vervoer, opberging & komm. | Finansiering, vers. en besigheidsdienste. | Gem.-maatsk. en pers. dienste. | Ander bedrywighede | Totale aantal bedrywighede. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ga Rankuwa | 1970 | - | 10 | 5 | - | 31 | 3 | 1 | 76 | - | 126 |
| | 1973 | - | 8 | 4 | - | 26 | 3 | 2 | 58 | - | 101 |
| Itsoseng | 1970 | - | 3 | 4 | - | 8 | 2 | 1 | 24 | 1 | 43 |
| | 1973 | - | 3 | 3 | - | 9 | 2 | 1 | 31 | - | 49 |
| Lehurutshe | 1970 | - | 1 | 1 | - | 2 | - | - | 4 | - | 8 |
| | 1973 | - | - | 3 | - | 3 | 2 | - | 11 | - | 19 |
| Mabopane | 1970 | - | 5 | 4 | - | 15 | 2 | - | 17 | 1 | 44 |
| | 1973 | - | 1 | 7 | - | 16 | 2 | 1 | 39 | - | 66 |
| Madikwe | 1970 | - | 1 | 2 | - | 2 | 1 | - | 3 | - | 9 |
| | 1973 | - | - | 1 | - | - | 2 | - | 9 | - | 12 |
| Molehabangwe | 1970 | - | - | 2 | - | - | - | - | 2 | - | 4 |
| | 1973 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 |
| Monnakato | 1970 | - | - | 1 | - | - | 1 | - | 4 | - | 6 |
| | 1973 | - | - | 2 | - | 1 | 1 | - | 8 | - | 12 |
| Montshiwa | 1970 | - | 2 | 4 | - | 9 | - | 1 | 27 | - | 43 |
| | 1973 | - | 2 | 4 | - | 18 | 2 | 1 | 24 | - | 51 |
| Mothibistat | 1970 | - | 3 | 3 | - | 7 | 2 | - | 15 | - | 30 |
| | 1973 | - | 3 | 3 | - | 7 | 2 | 1 | 22 | - | 38 |
| Mothutlung | 1970 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 |
| | 1973 | - | - | 2 | - | 1 | 1 | - | 10 | - | 14 |
| Papierstad | 1970 | - | 2 | 2 | - | 8 | 1 | 1 | 15 | - | 29 |
| | 1973 | - | 1 | 4 | - | 8 | 2 | 1 | 27 | - | 43 |
| Selosesha | 1970 | - | 2 | 2 | - | 2 | 2 | - | 12 | - | 20 |
| | 1973 | - | 2 | 4 | - | 7 | 2 | 1 | 15 | - | 31 |
| Temba | 1970 | - | 8 | 4 | - | 15 | 3 | - | 43 | - | 73 |
| | 1973 | - | 8 | 7 | - | 13 | 2 | - | 43 | - | 73 |
| Tlhabane | 1970 | - | 5 | 5 | - | 31 | 2 | 1 | 46 | - | 90 |
| | 1973 | - | 5 | 4 | - | 27 | 2 | 2 | 42 | - | 82 |
| Totale | 1970 | - | 42 | 39 | - | 130 | 19 | 5 | 289 | 2 | 526 |
| | 1973 | - | 33 | 48 | - | 136 | 25 | 10 | 340 | - | 592 |

96. Gegewens verkry van BENBO.

Dit sou dus geredelik verwag kon word dat die groei van die handel en dienste aanvanklik gerem sou word deur faktore soos infrastruktuur en bevolking, maar dat die groei in dié sektor sou moes toeneem namate die bevolking toegeneem het. Tabel 41 toon egter aan dat dit nie ten volle gebeur het nie.

Uit tabelle 40 en 41 blyk dit dat die bevolking in dorpe in Bophuthatswana tussen 1970 en 1973 met 220 persent toegeneem het, terwyl die totale aantal ekonomiese bedrywighede binne die dorpe met slegs 12 persent toegeneem het gedurende dieselfde tydperk. Hieruit sou kortweg die gevolgtrekking gemaak kon word dat daar 'n stadige groei in die indiensnemingsyfer binne die tersiêre sektor in dorpe plaasgevind het gedurende 1970-1973. Dié ver= skynsel is klaarblyklik hoofsaaklik te wyte aan die feit van eko= nomiese lekkasie na die Blankegebied met die gevolglike gebrek aan die vermenigvuldigings-effek in die tuisland. Solank dié situasie bestaan, sou kwalik verwag kan word dat 'n steeds groter persentasie van die totale mannekrag geakkommodeer sal kan word binne die tersiêre sektor. (Terselfdertyd is dit egter ook in die oog te hou dat daar gedurende een jaar (1972) 109 nuwe handelslisensies in Bophuthatswana toegeken is en 1 154 hernu is[89] - 'n feit wat aandui dat groei wel plaasvind binne dié sektor).

---

89. Raubenheimer, A. J. Toespraak tydens opening van Wetge= wende Vergadering van Bophuthatswana, 13 Maart 1973. Afgerol.

Tabel 42: Bophuthatswana: Inkome[97]

| Jaar | Inkome verdien deur Bantoe inwoners van tuislande | | | | | Inkome van deurlopend-afwesiges | Groot Totaal | Inkome per capita | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Inkome verdien binne tuisland | Inkome verdien deur pendelaars | Subtotaal | Inkome verdien deur trekwerkers. | Totaal | | | | | |
| | a | b | a+b | c | a+b+c | d | a+b+c+d | a | a+b | a+b+c |
| | R milj. | R milj. | R milj. | R milj. | R milj. | R milj. | R milj. | R.j | R.j. | R.j. |
| 1960 | 11,8 | -- | 11,8 | 15,0 | 26,8 | 60,1 | 8[illegible],9 | 29,8 | -- | 57,8 |
| 1970 | 24,4 | 58,0 | 82,4 | 19,5 | 101,9 | 158,7 | 26[illegible],6 | 28,2 | 95,3 | 112,5 |
| 1971 | | | | | | | | | | |
| 1972 | | | | | | | | | | |
| 1973 | 38,0 | 94,5 | 132,58 | 30,9 | 163,4 | 230,1 | 39[illegible],5 | 40,2 | 140,2 | 165,2 |

97. Gegewens verkry van BENBO.

Hoedanig die ekonomiese lekkasie is, kan afgelei word uit 'n ver= gelyking van die ekonomiese groei van die Bantoedorpe soos hier= bo aangedui, met die groei in inkome van werkers van Bophuthat= swana gedurende die tydperk 1960-1973.

Tabel 42 toon aan dat die aanbod op die ekonomiese terrein gelei het tot 'n skerp styging in inkome vir Bantoe van Bophuthatswana tussen 1960 en 1973, naamlik vanaf R26 miljoen tot R163 miljoen. Dit is egter ook so dat die inkome van pendelaars en trekar= beiders 'n oorheersende bydrae tot hierdie bedrag van R163 mil= joen gelewer het. Trouens, die relatiewe bydrae van die in die tuisland-verkreë inkome (in verhouding tot die pendelaars- en trekarbeidersinkome) tot die totale inkome toon 'n dalende neiging. Dit moet dan ook in die oog gehou word dat slegs R38 miljoen uit die totale Tswana-inkome van R383 miljoen in 1973 binne Bophuthatswana verdien is. Die res is binne Blankegebied verdien. En te oordeel aan die uiters stadige groei in die ekonomiese lewe van tuislandse dorpe, is by verre die grootste persentasie van die inkome wat van buite die tuisland verkry is, weer buite die tuisland bestee. 'n Na-buite-gerigtheid is dus 'n opvallende kenmerk van die ekonomiese lewe van Bophuthatswana. Uiteraard moes hierdie ekonomiese na-buite-gerigtheid ook 'n oorheersende invloed op interne migrasie uitoefen en aanleiding gee tot die algemeen erkende neiging tot die vorming van digter konsentrasies op die grense van Bophuthatswana en die afwente= ling van mannekrag op die nabygeleë Blankedorpe, stede en nywer= heidskomplekse.

Ewe opvallend is die feit - en dit staan in noue verband met die voorafgaande - dat die Batswana oënskynlik wegskram van dié arbeidsvorme in Bophuthatswana wat groter fisiese inspanning vereis en dié geleenthede gevolglik opgeneem word deur nie-Tswana.

Hier kan verwys word na die mynbedryf en ook die konstruksie=bedryf, want volgens amptenare in die Garankuwa-Mabopane-kom=pleks sku die Batswana weg vir die boubedryf en word vakatures veral gevul deur Bapedi en Matshangana. Informante het dan ook gewys op die eienaardige verskynsel dat die Bapedi bereid is om in Bophuthatswana tipes arbeid te verrig wat hulle in hulle eie tuisland vermy en verkies om aan immigrante van elders oor te laat.

## 4.3 Samevattend

Met die oog op die uitvoering van afsonderlike ontwikkeling as politieke beleid, word die ekonomiese aktivering van Bophutha=tswana tot selfversorgende Bantoetuisland vereis. Ten einde die oogmerk van selfversorgendheid te bereik, word vereis dat daardie aantal bestaansgeleenthede wat die vestiging van die meerderheid Batswana in die eie tuisland moontlik sal maak, binne en onmiddellik aan die tuisland geskep word. Na ons be=rekening beteken dit dat daar gedurende 1970-1980 gemiddeld 11 400 bestaansgeleenthede jaarliks geskep moet word om slegs die natuurlike aanwas van die *de facto*-tuislandbevolking te kan akkommodeer. Ten einde die Batswana wat reeds buite die gebied aanwesig is na die tuisland terug te laat vloei, sal die ge=noemde syfer verhoog moet word.

Met die oog op die verhoging van die ekonomiese akkommodasiever=moë van Bophuthatswana implementeer die Blanke voog reeds vir 'n hele aantal dekades hervormings op die landbouterrein, terwyl nywerheidsontwikkeling en dorpstigting vanaf 1960 op die voor=grond gekom het. In 1974 het dit egter geblyk dat slegs sowat 15 persent van die *de facto* boerende bevolking van 856 000 op 'n inkome-peil van R1 500 per jaar deur die landbou gehuisves kan

word. Dit laat dus 'n oorskot van 695 250 wat elders 'n heen=kome sou moes vind. Die verskuiwing van hierdie bevolking uit die landbou na ander ekonomiese sektore sal egter slegs geleide=lik geskied en wel namate die aanbod van geleenthede binne die ander sektore die arbeidsaanbod binne dáárdie sektore oortref. Omdat die syfer van 11 400 vereiste addisionele arbeidsgeleent=hede per jaar verkry is na aanleiding van die bevolkingstruk=tuur en nie na aanleiding van die behoeftes van die verskillende sektore nie, oortref dit die behoeftes van die nie-landboube=volking en sluit dus ook die behoeftes van die landboubevolking daarby in. Dit is dus nie van belang in welke sektore hierdie geleenthede geskep word nie alhoewel aanvaar word dat dit buite die landbou sal wees.

Na berekening het nywerheidsontwikkeling (grens- en interne ny=werheidsontwikkeling) 'n gemiddelde van ongeveer 2 400 nuwe ge=leenthede per jaar gedurende die vroeë sewentigerjare geskep. Die mynbou het gedurende dieselfde tydperk 'n gemiddelde van onge=veer 16 000 geleenthede per jaar laat ontstaan, waarvan slegs 'n geringe persentasie deur Batswana benut word. Die toename in geleenthede binne die owerheidsektor, handel en dienste is onbekend. Ten opsigte van die staatsdiens het besetting van poste deur Blankes egter gedaal vanaf 29 persent aan die einde van 1971 na 14 persent aan die einde van 1972, terwyl daar 'n poste-toename van 77,9 persent gedurende dieselfde tydperk plaasgevind het.[98] Die feit dat 109 nuwe handelslisensies ge=durende 1972 uitgereik is, toon dat daar wel groei binne dié sektor plaasgevind het - al impliseer 'n nuwe lisensie nie noodwendig 'n nuwe handelsonderneming nie.

---

98. Raubenheimer, *op. cit.*, (1973).

Alles in ag genome blyk dit dus dat daar gedurende die vroeë sewentigerjare bykans 20 000 nuwe bestaansgeleenthede per jaar binne Bophuthatswana tot stand gekom het. Indien hierdie ge=leenthede deur die tuislandbevolking opgeneem wou word, sou daar reeds 'n verskuiwing van landbouers na ander sektore kon plaas=gevind het, terwyl daar ook ruimte sou wees vir hervestiging van Batswana uit Blankegebied. Gedurende 1972 het daar wel 'n hervestiging van 3 579 gesinne (22 336 siele) vanuit Blankege=bied (insluitend swartkolle) plaasgevind, terwyl seker ook aan=vaar kan word dat die uitvoering van landboubeplanning 'n sekere (klein) persentasie landbouers na ander sektore sou kanaliseer. Die ironie is egter dat die grootste aantal nuwe bestaansge=leenthede (verskaf deur die mynbou) beset is deur nie-Tswana, terwyl die Batswana oënskynlik verkies om as migrasiewerkers na die Blankegebied te gaan.[99]

Dit blyk dus dat daar in die periode 1970-1973 basies voldoen is aan die eis om bestaansgeleenthede in Bophuthatswana. Dit blyk egter verder dat, *as gevolg van die arbeidsvoorkeure van die ge=vestigde bevolking van Bophuthatswana,* die arbeidsaanbod die aanvraag oorskry het en die beskikbare mannekrag dus nie geak=kommodeer is binne die tuisland en in grensgebiede nie.

---

99. *Ibid.* Gedurende 1972 is 19 000 werkers vanuit Bophuthatswa=na in diens geplaas. Vermoedelik is die meeste hiervan buite die gebied in diens geplaas.

# HOOFSTUK IX

## VOOGBESTUUR EN NASIEVORMING: DIE ANTWOORD VAN DIE BATSWANA

Elders is daarop gewys dat 'n situasie van gestruktureerde et= niese stratifikasie die gevolg is van kontak, kompetisie en kon= flik tussen die etnieë wat dan die verskillende strata vorm. Verder is opgemerk dat so 'n situasie wesentlik 'n proses is wat homself op die lang duur vernietig en wel op een van twee basiese wyses, naamlik deur samegroeiing of ontstrengeling; assimilasie of differensiasie. Derdens is die mening uitge= spreek dat, alhoewel oorlegpleging tussen boweskikkende en on= derskikkendes veronderstel word, dit nogtans die prerogatief en verantwoordelikheid van die heersende eenheid is om beide die wyse waarvolgens die aggregaat georden word (beleid) en die metode waarvolgens gesagsbeëindiging moet plaasvind voor te skryf. In hierdie voorskrif is dan vervat die *nasievormings= aanbod* van die heersende eenheid aan die onderskikkende(s). Óf die formule vir nasievorming soos aangedui deur die voog eg= ter wel toepassing sal vind en gerealiseer sal word, sal mede= bepaal word deur die interpretasie van die situasie deur, en daaruit voortspruitend die intensie/houding/beleid van die onder= worpene(s) ten opsigte van die situasie enersyds en die aanbod andersyds. Want ook die onderworpene(s) is 'n mede-akteur in die konkretisering van die aanbod wat na hom uitgaan. Gevolg= lik is die reaksie van die onderworpene(s) ten opsigte van die aangebode formule terselfdertyd sy *antwoord* op die toestand soos in vooruitsig gestel deur die heersende eenheid.

Sover dit die Batswana betref, is die toepassing van die aanbod in die voorafgaande twee hoofstukke onder behandeling geneem.

Daarin is reeds sydelingse verwysings gemaak na die antwoord van die Batswana ten opsigte van die aanbod. Hieronder word volle= diger op die antwoord ingegaan. Dit sou gedoen kon word aan die hand van die vier kanale waardeur die aanbod hanteer is, maar dit is hier eerder gedoen aan die hand van die prosesse wat geïdentifiseer kon word as hebbende 'n nasievormingseffek. Hiermee word verwys na die prosesse wat in hoofstukke II en III as kenmerkend van en noodsaaklik vir nasievorming en volkswor= ding geïdentifiseer is. Dus word hieronder gepoog om vas te stel tot welke mate dáárdie voorwaardes en prosesse aan- of afwesig is binne dié bevolking wat volgens owerheidsbeleid die Tswananasie behoort te vorm.

1. Grondgebied

In die lig van die feit dat die bestaan van 'n eie grondgebied en eie staat die twee wesenskenmerke van 'n nasie is en stellig ook die twee sterkste faktore is wat 'n bevolking inbind tot nasie, moet grondgebied as 'n gewigtige faktor in die poging tot nasievorming by die Batswana beskou word. En alhoewel daar nie dogmaties geraak kan word oor die integrerende rol wat grondgebied speel nie - as die verskillende elemente vir me= kaar onaanvaarbaar is, dan speel grondgebied 'n disintegrerende rol - is dit ook so dat, soos reeds aangetoon, nasievorming nie kan plaasvind sonder die aanwesigheid van 'n geskikte grond= gebied nie. 'n Geskikte grondgebied dien dan ook, as alle ander faktore gelyk is, as basis en voorwaarde vir die verlegging van lojaliteit na die nuwe nasionale verband; die oorsnyding van ou grense; die oorbrugging van ou gapings en skep van nuwe gapings - prosesse wat eie is aan die vorming van 'n nasie.

1.1 Die Tswanastandpunt

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat grondgebied vir die Tswanastamme opsygestel is na die vestiging van Blanke gesag. En sover dit die Tswanastamme van Transvaal betref, wys die bronne ook daarop dat hierdie gebiede gretiglik en met dank aan= vaar is. Die feit dat Tswanagroepe terugbeweeg het na Trans= vaal gee ook te kenne dat dit die beste opsie vir die betrokke groepe was. Verder is aangedui dat die vredestoestand enersyds en bevolkingsdruk andersyds weldra gelei het tot die opbou van weerstand teen die institusionele sisteem (toestand van onder= worpenheid en gevolglike Blanke beheer) waarin die ongelyke ver= deling van grond 'n gewigtige faktor was. Met verloop van tyd en veral met die uitvaardiging van die *Naturellen Grond Wet, 1913* is ook van Tswanakant kragtig geprotesteer teen die voogs= aanbod ten opsigte van grondgebied.

Wat die antwoord van die Batswana op daardie tydstip (1913) was ten opsigte van die grondreëling, kom duidelik na vore in getuie= nis voor die Wes-Transvaalse Grondkomitee in 1917, en waarna reeds hierbo verwys is. Beswaar is gemaak teen wet no. 27 van 1913; teen die reëling dat grond slegs binne sekere afgesonderde streke gekoop mag word en daar is op gewys dat die afgesonderde streke te klein is. En omdat hierdie reëling geïnterpreteer is as die gevolg van die beleid van segregasie, is daar deurgaans beswaar gemaak teen "segregasie". Tydens die sitting te Rusten= burg het 'n Swart predikant dit dan ook gestel: "Ik zou voor= stellen dat de Regering het land met een rechte lijn van af de Kaap naar de Zambesi in twee gelijke delen verdeelt, en het eene gedeelte geeft aan de blanken en het andere aan de natu= rellen. Wij stemmen in dat zulks gedaan zou moeten worden in= dien Segregatie tot stand komt. Evenals de Regering haar opinie

heeft omtrent Segregatie, evenzo heb ik ook de mijne, en het zou zijn zoals ik hierboven gezegd heb".[1]

Die klag dat die gronde soos afgesonder te klein, te min, ongeskik en oorbeset is, sou dan ook voortdurend gehoor word, terwyl die beweging van mense uit dié gebiede na die Blanke landsdeel die klag sou demonstreer. Die oopstelling van bykomstige gronde in 1936 is ook van Tswanakant verwelkom, maar dit sou nie "genoeg" wees nie. En hierdie punt sou, ná die oorgang van segregasie tot afsonderlike ontwikkeling met sy ideaal van *vaderlandskepping*, met krag en klem deur die Batswana herhaal word.

Stellig omdat die proses van aankoop nog aan die gang is en "finale grense" nie voor die sewentigerjare ter sprake gekom het nie, is die grondvraagstuk nie direk te berde gebring in die Gebiedsowerheid voor die sewentigerjare nie. In 1965 is 'n mosie handelende oor die aankoop van grond deur die S.A.B.T. wel by die owerheid ingedien, maar dit is nie deur die Grondkomitee gesteun nie, omdat die komitee "tevrede is dat die Trust besig is met die aankoop van grond".[2] Gedurende dieselfde sitting is 'n mosie waarin die Blanke owerheid versoek word om die konsolidasie van die Tswanatuisland te verhaas, voorgelê, maar geen bespreking is daaroor gevoer nie.[3]

Die in vooruitsig gestelde konstitusionele ontwikkelinge wat tydens die 1971-sitting van die Gebiedsowerheid bespreek is, het slegs verwysings na die kwessie van grondgebied tot gevolg gehad. Die indruk ontstaan dan ook dat dit doelbewus omseil is in

---

1. *Op. cit.*, p.23.
2. Tswana Territorial Authority. *Proceedings* ... 1965, p.49.
3. *Ibid.*, p.9.

afwagting van 'n bekendmaking van grense deur die sentrale re=gering. Dié afleiding kan gemaak word uit die bespreking wat gevoer is na aanleiding van 'n mosie wat by die Gebiedsowerheid ingedien is en waarin gevra word dat stappe gedoen word om die grense van die Tswanagebied te bepaal.[4] Die Hoofraadslid het tydens die bespreking van die mosie daarop gewys dat een per=soon nie kan besluit oor 'n grens nie. Verder het hy gesê: "Op hierdie stadium weet ons nie of die Sentrale Regering al=reeds geslaag het om al die land aan te koop wat hy sou gekoop het vir die Tswanatuisland nie." En verder" "Voor ons nou kom by die kwessie van die grense, moet ons ons oortuig dat die land van die Tswanatuisland genoegsaam is, en ons moet in ag neem dat ons Tswanas het in stedelike gebied".[5]

Tydens die 1972-sitting en na aanleiding van 'n mosie dat Blanke dorpe soos Thaba Nchu en Taung "wat in die Bophuthatswana tuis=land geleë is" hersoneer word vir Tswanabesit, het duideliker standpunte na vore gekom[6] wat 'n jaar later sou uitloop op 'n betreklik radikale konsolidasievoorstel vir Bophuthatswana deur die Wetgewende Vergadering. Alhoewel die mosie soos voorgelê nie goedgekeur is nie omdat daar nie duidelikheid bestaan het oor grense nie, het die debat tog sekere houdings weerspieël. Dié houdings kan opsommend soos volg gestel word:

(a) Omdat daar nog nie duidelikheid oor grense bestaan nie, kan kwalik definitiewe eise gestel word. Daarby moet die Batswana "as volk" eers sy standpunt ten opsigte van grond bepaal. Met

---

4. Tswana Gebiedsowerheid. *Verrigtinge* ... 1971, pp.439-441.
5. *Ibid.*, p.440.
6. Rep. van S.A. Bophuthatswana Regering. *Debatte* ... 1972. Vol. I, pp.271-186.

die oog op die bepaling van sodanige standpunt word 'n landraad in die lewe geroep. Die landraad moet dan die sienswyse van die Batswana oordra aan die sentrale regering en homself op hoogte stel van wat die sentrale regering doen ten opsigte van Tswana=grond.

(b) Omdat die Tswana-owerheid nie oor die mag beskik om sy grondeise af te dwing nie, moet besef word dat daar uit 'n posi=sie van onmag onderhandel sal moet word. Terselfdertyd moet onthou word dat die tyd sal aanbreek dat die Batswana nie meer die reg sal hê om oor (meer) grond te onderhandel nie. Daar moet dus *nou* onderhandel word.

(c) Verdere grond, insluitende dorpe soos Thaba Nchu, Mafe=king, Swartruggens, Rustenburg en Brits, sal deur die Blanke afgestaan moet word. "As ons mense in die stedelike gebiede na ons gebied moet terugkeer, dan beteken dit dat hulle na voldoen=de grond moet terugkeer om 'n lewensbestaan te maak ... Ek weet nie waar ons kinders ... moet lewe indien die Blankes nie vir hulle gaan plek maak nie".[7a]

(d) Die Blanke regering het besluit dat die Blanke in sy eie gebied die Tswana in sý eie gebied moet woon en daarom moet die Blanke regering die uitvoering van sy beleid moontlik maak. As die Blankes dink dit is te 'n groot opoffering, moet hulle be=sef dat dit 'n noodsaaklike een is, want die beleid van afson=derlike ontwikkeling gaan misluk as daar nie aan elke volksgroep voldoende grond gegee gaan word nie.

(e) Verder sou daar, volgens die Hoofraadslid, in die Zee=rust-distrik "... grond wees wat op die huidige aan Blankes be=

---

7a. *Ibid.,* p.285.

hoort, maar die ouer mense vertel ons dat daardie grond van hulle weggeneem is ingevolge die 1913-wet. Dit was hulle grond wat hulle destyds verhuur het. Ek glo dat sodanige getuienis kan voorkom uit menige deel van die Tswanagebied".[7b]

Dit was die houding aan die begin van 1972. Kort hierna het politieke partye hulle verskyning gemaak en is daar in die mani=feste van die partye sowel as in toesprake van partyleiers ver=wys na die grondvraagstuk. Uiteraard was dit 'n saak waardeur steun gemobiliseer kon word; veral in die tuisland self, maar ook onder die Batswana in Blanke stedelike gebiede.

Die Seoposengwe Party (S.P.) se houding ten opsigte van grond is in drie punte gestel, naamlik:

(a) Die ou idee van reservate is nou vervang met die moderne konsep van *tuislande*. 'n Tuisland is 'n gekonsolideerde grond=gebied en bestaan nie, soos die toestand vandag is, uit ver=spreide stukke grond nie.

(b) Die Batswana weet vandag nog goed hoe hulle tuisland aan die begin van die negentiende eeu gelyk het (waar die gren=se daarvan was) en sou die teruggawe van hierdie gebied aan sy "regmatige eienaars" verwelkom sodat onafhanklikheid tot werk=bare konsep gemaak kan word.

(c) Enige afgrensing en konsolidasie van die Tswanatuisland kan slegs geskied ná uitdruklike konsultasie van en deelname deur die betrokke partye.[8]

---

7b. *Ibid.*, p.628.

8. Seoposengwe Party. *Manifesto* ..., p.2.

In aansluiting by (c) hierbo het die leier van die party sy standpunt tydens 'n politieke vergadering in Johannesburg duide=lik gestel: Nasionale Konvensies is reeds tradisie in Suid-Afrika en 'n nasionale konvensie waaraan alle groepe moet deel=neem, behoort belê te word met die oog op die partisie van Suid-Afrika. Die grond van Suid-Afrika is gemeenskaplike besit (van alle groepe) en daarom kan daar geen eensydige verdeling wees nie.[9] Verder: Die beleid van afsonderlike ontwikkeling word slegs aanvaar omdat dit:

(1) beloof om "ons tuisland" ("voorvaders se grond") aan die Batswana terug te gee, en (2) die belofte van soewereiniteit aan Bophuthatswana inhou.[10] Tydens die verkiesingsveldtog is hierdie standpunt oor meer grond vir en 'n konsolidasie van Bophuthatswana, herhaal, soms in skerper terminologie.

Die standpunt van die Bophuthatswana National Party (B.N.P.) ten opsigte van grond het weinig verskil van dié van Seoposeng=we. Een van die belangrikste doelstellings daarvan was "To strive for the increase and consolidation of the land given to Bophuthatswana"[11] - 'n doelstelling wat kapt. Mangope baie duidelik gestel het tydens die stigtingsvergadering van die B.N.P. Hierna het kapt. Mangope in verskeie toesprake na die grondvraagstuk verwys omdat, soos hy dit by geleentheid aan 'n Blanke gehoor gestel het: "... no Black leader has the remo=test chance of a following if he choses to ignore this issue. It is far too basic".[12]

---

9. *The World.* 21/8/1972.

10. Seoposengwe Party. *Op. cit.*, p.1.

11. Lekoko La Setshaba sa Bophuthatswana. *Constitution,* p.1.

12. Teks van toespraak voor studente te Stellenbosch op 11 Okto=ber 1972.

Vir die B.N.P. was 'n nasionale tuiste bestaande uit 'n dosyn losliggende gebiede nie aanvaarbaar nie. Konsolidasie moes ge=skied deur die insluiting van Blanke grond waardeur die tuis=land dus ook vergroot sou word. Die Blankes wat hierdeur geraak sou word, moes hulle eiendomsreg behou; trouens, hulle eiendoms=reg moes gewaarborg word. Omdat dit onder die omstandighede nie nodig sou wees om nóg grond aan te koop nie, kon die fondse wat as gevolg hiervan gespaar word, aangewend word vir die eko=nomiese ontwikkeling van Bophuthatswana.[13] Die Seoposengwe-standpunt oor 'n nasionale konvensie ter verdeling van Suid-Afrika is deur die B.N.P. verwerp "omdat ons weet welke toe=voegings tot Bophuthatswana gemaak moet word en nie die advies van ander rasse in hierdie verband nodig het nie.[14] Die Tswana-landraad sou die kwessie van grond en grense hanteer en same=sprekings met die Sentrale Regering daaroor voer.[15]

Met die voorlegging van die alternatiewe konsolidasieplan - Bylaag I - is die grondkwessie uitvoerig bespreek deur die Wet=gewende Vergadering. Daar is besluit om die plan te verwerp, omdat:[16]

(a) dit gebaseer is op die voorsienings van die 1936-wetge=wing en daardie voorsienings totaal ontoereikend vir die behoef=tes van die Tswana in 1973 is, veral in die lig van die verwik=kelinge wat sedertdien op politieke vlak ingetree het, dit wil sê na 1951;

---

13. *Ibid.*, p.13. *Die Vaderland.* 12 Oktober 1972.
14. Mededeling deur 'n Tswana-informant in 1973.
15. Rep. van S.A. Bophuthatswana Regering. *Debatte* ... 1973, p.110.
16. *Ibid.*, pp.417-451.

(b) die plan opgestel is sonder dat die Tswana geraadpleeg is;

(c) die Blanke grond wat in terme van die plan verswart moet word minder werd is as die Tswanagrond wat verwit moet word;

(d) dit die verskuiwing van so 'n groot aantal mense impliseer en soveel ongerief sal veroorsaak dat selfregering, indien konsolidasie op hierdie wyse 'n voorwaarde daarvan is, liewer agterweë gehou/teruggetrek kan word;

(e) ondernemings wat in die verlede gemaak is/sou gewees het deur die Blanke bewind ten opsigte van gebiede soos Thaba Nchu en Taung en tydens die verkiesingsveldtog aan die kiesers bevestig is, deur die voorgestelde plan tot niet gemaak word.

Met die plan aldus verwerp - 'n besluit wat volgens informante later deur sommige Tswanaleiers betreur is omdat hulle deur dié plan ontslae sou kon geraak het van die "uitlanderprobleem" in Moretele en Odi - het die Wetgewende Vergadering 'n konsolidasiekomitee aangewys om die Tswanahouding ten opsigte van en voorstelle vir konsolidasie te stel. Die komitee het op 4 April 1973 verslag gelewer en ook 'n kaart opgestel (Bylaag L) waarin die Tswanahouding ten opsigte van konsolidasie weerspieël is. Die voorstelle van die komitee is enigsins gewysig deur die Wetgewende Vergadering ter insluiting van verdere Blanke grond in die Kuruman-, Taung- en Thaba Nchu-omgewing. Die Blanke grond wat voorgestel is vir insluiting in Bophuthatswana sou, volgens die Hoofminister, die "betekenisvolle offer" wees wat die Blanke moes bring om die beleid te implementeer.[17] Oor die posisie

17. *Ibid.*, p.636.

van die Blankes wie se grond ingesluit moes word, kon egter geen eenstemmigheid verkry word nie: verskeie lede wou hê dat sodanige Blankes moes aanbly in Bophuthatswana onder die Tswana-bewind, terwyl andere van mening was dat die voorstelle juis gemik is op die verligting van bevolkingsdruk en dat, indien die Blankes sou aanbly op hulle grond, die grondposisie vir die Batswana ewe ongunstig sou bly.[18a]

Tydens die 1974-sitting het die Hoofminister slegs sekere aan=kondigings oor grond gemaak sonder dat daar enige bespreking gevoer is. Hy het dit gestel dat:[18b]

(a) hy die standpunt wil herbevestig dat die kwessie van grond 'n saak van lewe en dood vir die Batswana is;

(b) die grond wat reeds in besit van die Batswana is op 'n behoorlike wyse benut moet word en so voordelig moontlik ge=bruik moet word in belang van die Batswana. Ondertussen sal voortgegaan word met samesprekings tussen die Bophuthatswana=regering en die Sentrale Regering oor verdere grond;

(c) die Kabinet op 21 November 1973 meegedeel is deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling dat die kabi=net van die Republikeinse regering 'n besluit geneem het oor die konsolidasie van Bophuthatswana wat later bekendgemaak sal word. Wat die Batswana betref, bly die standpunt ten opsigte van konsolidasie soos gestel in 1973, egter nog geldig;

---

18a. *Ibid.*, pp.630-652. Die voorsitter van die komitee het o.m. verklaar (p.649): "... my Blanke vriend ... moet die land op 'n geleë tyd verlaat", en verder (p.650): "Ons wil die land se oppervlakte vergroot en indien hulle nog daar bly, sal daar geen vermeerdering plaasvind nie".

18b. *Debatte ... 1974*, pp.1306-1308. Vgl. ook *Hoofstad.* 14/8/73.

(d) daar verskil van mening onder die Batswana bestaan oor die kwessie van onafhanklikheid. "Sommige mense mag sê dat genoegsame grond nie 'n noodsaaklikheid is nie en dat ons onder die huidige omstandighede ook onafhanklikheid kan aanvaar. Daar is egter sommige van ons wat 'n totaal ander mening daar= omtrent nahou;"

(e) dit ontevredenheid en ongemak wek as hy merk dat Batswana in Taung sowat twee morge het om te ploeg, terwyl die Blankes langsaan elk 30 morge kan ploeg.

Twee nuwe aksente het hier na vore gekom. Eerstens die beroep om die grond wat hulle reeds het, so produktief moontlik te be= nut, en tweedens die standpunt dat Bophuthatswana moontlik nie onafhanklikheid sal aanvaar as dit nie gepaard kan gaan met 'n groter grondgebied nie.

1.2 Evaluerend

Hiermee het die hoogste gesagsliggaam van die Tswana sy ant= woord ten opsigte van die aangebode grondreëling gestel: groter grondgebied word verlang en die 1936-wetgewing kan geen basis vorm vir dié vergroting en konsolidasie nie. Deurgaans is die beleid van afsonderlike ontwikkeling aangehaal as hoofargument vir meer grond en deurgaans wil dit deurskemer dat die Batswana in Blanke stedelike gebiede as troefkaart gehou word om uit= eindelik eise af te dwing: indien meer grond nie aan die Batswana afgestaan kan word nie, sal die tuisland nie in staat wees om Batswana uit Blankegebiede te kan ontvang nie. En in aansluiting hierby, die latere standpunt dat daar weer besin sal moet word oor die kwessie van onafhanklikheid as die grond= gebied van Bophuthatswana nie vergroot kan word nie. Verder blyk dit uit die debatte sowel as uit die onderhoude dat daar 'n

gevoel van verontregting oor die grondreëling bestaan wat ener=syds wortel in "gebrek aan konsultasie", en in die getalsfaktor in verhouding tot die beskikbare ruimte van Suid-Afrika ander=syds. Omdat die toesegging van groter grondgebied gesien word as die antwoord op die probleem van bevolkingsdruk, moet dit dan ook aanvaar word dat die insluiting van Blanke grond binne Bophuthatswana beskou word as eerste stap om sulke grond uit=eindelik in Tswanahande te stel.

By die eerste aanblik kom dit dus voor asof daar 'n negatiewe waardering van die voogsaanbod bestaan. By 'n nadere beskouing en wel vanuit die oogpunt van nasievorming is egter ook posi=tiewe response te bemerk. Eerstens is daar die *aanvaarding* dat die tyd waarin grondeise gestel *kan* word *sal* verbygaan. Die politieke leiding aanvaar dus dat hulle voorsiening moet maak vir 'n grondgebied waarbinne die Tswana *as nasie* kan bestaan. Daarom immers ook die verwerping van die 1936-maatreël as basis vir konsolidasie. Die dreigement dat afsonderlike ontwikkeling sal misluk indien verdere grond nie afgestaan word nie, en dat verdere oorweging aan die kwessie van onafhanklikheid vir Bophuthatswana gegee sal moet word indien verdere grond nie ver=kry kan word nie, word dan ook aangewend as dreigement om die Blanke onder druk te plaas met die oog op die verkryging van groter grondgebied. Andersom gestel: As daar geen strewe tot nasionale konsolidasie was nie; as aanvaar is dat die Tswana moet opgaan binne die ander bevolkingsdele van die R.S.A., waar=om dan die enersyds pleitende en andersyds dreigende houding om groter grondgebied? Response ten opsigte van grensvorming en waarna hieronder verwys word hang hiermee saam en versterk hier=die voorlopige gevolgtrekking.

Ten slotte kan in hierdie verband ook verwys word na ons opname.

Die vraag is gestel of Bophuthatswana beskou word as die toekomstige tuisland/vaderland van alle Batswana en die volgende antwoorde is ontvang:

Tabel 43: Respondente wat Bophuthatswana as toekomstige tuisland van alle Batswana beskou

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| a. Stamowerhede | : | 100% | 0 | 0 |
| b. Geskoolde tuislanders | : | 68% | 5% | 26% |
| c. Stedelinge | : | 76% | 15% | 7% |

Al bestaan die geregverdigde standpunt dat die huidige Bophuthatswana nie oor genoegsame grondgebied beskik nie, glo die oorgrote meerderheid Batswana egter dat Bophuthatswana hulle huidige tuiste is of toekomstige tuisland sal wees. Enkeles stel egter die voorwaarde van konsolidasie met Botswana "omdat ons dieselfde nasie is".

## 2. Politieke Partye

### 2.1 Ontstaan

Tydens 'n onderhoud wat skrywer in 1970 met die Hoofraadslid gevoer het, het hy hom sterk uitgespreek teen die bestaan van politieke partye in Bophuthatswana. Politieke partye is gesien as volksvreemd aan die Tswana en daarby sou dit 'n verdelende effek op die bevolking uitoefen. Dit is voorgestel dat, wanneer die Tswana op die konstitusionele vlak kom dat verkiesings moes plaasvind, die Uitvoerende Raad, in oorleg met die verskillende belanghebbende groepe, kandidate sou nomineer waaruit die stemgeregtigde kiesers dan hulle keuses kon maak. Op daardie tydstip het die voormalige voorsitter van die Gebiedsowerheid, kapt.

T. R. Pilane, ook die houding ingeneem dat politieke partye on= gewens is.

Soos reeds hierbo aangedui sou dié houding egter verander. Die bepaling van die grondwetproklamasie dat 24 lede van die Wetge= wende Vergadering deur openbare stemming verkies moes word, was dan ook die direkte oorsaak vir die verpolitisering van bestaan= de verdelings en gevolglik die vorming van politieke partye in Bophuthatswana. Dus ontstaan daar drie politieke partye wat aan die verkiesing sou deelneem: die Tswana National Party, Seoposengwe Party en die Bophuthatswana National Party.

Die *Tswana National Party* (T.N.P.) sou van meet af aan 'n stede= like basis hê. Dié party het volgens informante op 28 Mei 1968 in Soweto ontstaan met die oog op die verkiesing van die lede van die Stedelike Bantoeraad van Soweto en het gedien as same= werkingsfront van drie ander stedelike bewegings, naamlik Sofa= sonke, African Foundation en die Masengafi United Front. Op die stigtingsvergadering sou die leier van die T.N.P., mevr. Rose Modise, egter ook verklaar het: "When, in the foreseeable future ... the Government of the Republic of South Africa orders a general election for a Tswana government, we hope to be right there with the right men and right attitude".[19] Dit is gevolg= lik goed te begryp dat die party kandidate sou stel en aan die verkiesing sou deelneem. Maar juis omdat dit 'n beperkte stede= like basis het - informante in Vereeniging en Pretoria het òf nie daarvan geweet nie òf wel daarvan gehoor maar dit beskou as ietwat irrelevant - het dit slegs 'n periferale invloed op die verkiesing uitgeoefen. Die twee kandidate wat deur die party genomineer is (albei vroue en wel in die kiesafdelings Taung en

---

19. Meegedeel deur 'n informant in Maart 1973.

Odi) het, soos elders opgemerk, nie die paal gehaal nie. Trouens, die leidster van die party kon slegs 5 000 stemme trek teenoor die 29 000 en 25 000 van die twee kandidate wat in die betrokke kiesafdeling verkies is.

Die twee belangrikste politieke partye binne Bophuthatswana sou gevolglik die B.N.P. en Seoposengwe wees onder leierskap van, respektiewelik, kapteins Mangope en Pilane.

Volgens erkenning van kaptein Pilane gaan die verdeling in poli= tieke kampe tussen hom en kaptein Mangope terug na 1966.[20] Reeds op daardie stadium het, soos in hoofstuk VII gestel, 'n skerp meningsverskil oor selfregering vir die Tswana na vore getree en gefokus op kapteins Pilane en Mangope. Hierdie menings= verskil het tydens die eerste sitting van die Hersaamgestelde Gebiedsowerheid in Mei 1969 duideliker na vore getree[21] en toe reeds 'n polarisering in die Gebiedsowerheid laat ontstaan. Kaptein Mangope het egter telkens standpunt teen die vorming van opponerende politieke partye ingeneem en onder meer in 1968 gesê: "A Motswana has no knowledge of a thing called an "Oppo= sition Party",[22] en in 1970: "I humbly wish to make an appeal and plead that we forget the idea of an opposition".[23] Kaptein Pilane het breedweg met kaptain Mangope saamgestem maar sy po= sisie voorbehou met 'n "op hierdie stadium". So het hy in 1970 verklaar: "At this stage ... it will not serve any pur= pose to have an opposition party".[24]

---

20. *The World.* Johannesburg. 21 Augustus 1972.
21. Jeppe, W.J.O. *Op. cit.,* p.293-294.
22. Hersaamgestelde Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge ... 1968,* p.47.
23. Tswana Gebiedsowerheid. *Verrigtinge ... 1970,* p.112.
24. *Ibid.,* p.112-113.

Alhoewel daar reeds sedert die begin van Junie 1972 roeringe in die Pilane-kamp was wat gedui het op die stigting van 'n poli= tieke party, is die saak dig gehou. Wetende dat kaptein Man= gope nie 'n politieke party sou stig nie tensy hy daartoe ge= forseer word, het die Pilane-kamp die geleentheid uitgebuit deur op Saterdag 19 Julie 1972, vier dae voor die nominasie= howe sou sit, aan te kondig dat 'n politieke party, genoem *Seoposengwe Party* (Eenheidsparty), onder die leierskap van kap= tein Pilane te Saulspoort, die tradisionele vesting van kaptein Pilane, gestig is en dat die party kandidate sou nomineer met die oog op die komende verkiesing. Na mondelinge mededeling is die stigtingsvergadering bygewoon deur verskeie Swart persoon= likhede wat in die verlede sterk figure binne die A.N.C. en P.A.C. was, asook "Xhosa's, Zulu's en Suid-Sotho's uit Johannes= burg". Dieselfde bron deel ook mee dat die vergadering die kleur en karakter gehad het van die eertydse A.N.C.-kongresse en dat, te oordeel aan die houdings wat openbaar is, die party sou beweeg op 'n pad van konfrontasie met die Blanke in Suid-Afrika.

Tydens die vergadering is politieke strategie bespreek en is besluit oor 'n aantal punte waarop gekonsentreer sou word tydens die verkiesingsveldtog.

As gevolg van hierdie verwikkelinge was kaptein Mangope klaar= blyklik geforseer om ook 'n politieke party te stig, wat dan ook gedoen is op 5 Augustus 1972 te Mafeking - drie dae nadat die nominasiehowe gesit het. Tydens die stigtingsvergadering het kaptein Mangope die stigting van die S.P. betreur omdat die Batswana nou verdeel word; daarop gewys dat "brood en botter-sake" waaroor alle Batswana eenders voel nóú die belangrikste is, maar dat die bestaan van Seoposengwe veroorsaak dat daar

geen eenheidsfront bestaan deur middel waarvan dië probleme opgelos kan word nie; dit gestel dat hy graag 'n regering deur, van en vir die bevolking begeer, maar dat die bestaan van Seoposengwe hom verhoed om die wense en behoeftes van *alle* komponente van die bevolking te kan ken en aangedui dat besluit moet word of 'n politieke party gestig moet word met die oog op die hereniging van die Batswana. Die naam *Bophuthatswana National Party* is hierop deur hom voorgestel en hy het 'n uiteensetting van die beleid wat hy meen die party behoort te volg gegee. Só kom die B.N.P. dan tot stand.

## 2.2 Beleidsrigtings

Die beleid van die twee partye is vervat in hulle onderskeie manifeste.[25] En alhoewel die beleid van die partye nie in alle opsigte ooreenkom met die standpunte van hulle leiers vóór die ontstaan van die partye nie, is die basiese verskille tussen die twee kampe in die manifeste vervat en trek hoofsaaklik saam in drie punte, naamlik die rol van die stamhoof in politieke ontwikkeling, grondverkryging en die toekomstige verhouding tussen Bophuthatswana en die ander Swart state in Suider-Afrika. Ten opsigte van onderwys en ekonomiese ontwikkeling is daar ook aksentverskille. Opsommend gestel is die verskille soos volg.

### 2.2.1 Kapteinskap

Seoposengwe verwerp die standpunt dat die kapteinstelsel noodwendig die grondslag van politieke leierskap vir Bophuthatswana moet wees. In 'n toespraak het kaptein Pilane dan ook opgemerk

---

25. Lekoko la Setshaba sa Bophuthatswana. (Bophuthatswana National Party). *Constitution*. (1972). Seoposengwe Party. *Manifesto and Constitution*. (1972).

dat "Moses geen kaptein was nie".[26] Die B.N.P. hierteenoor aanvaar die kapteinstelsel as grondslag vir politieke ontwik= keling van die gebied.[27] (Volgens bewering van kaptein Mangope is die voorstel dat twee-derdes van die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana uit kapteins moet bestaan, egter juis deur kaptein Pilane gemaak).[28]

### 2.2.2 Grond

Albei partye stel hulle ten doel om meer grond vir die Batswana te kry. Oor die metodes wat hierin aangewend moet word, is daar egter 'n verskil. Seoposengwe staan, soos reeds elders opgemerk, 'n konvensie voor waarin alle belanghebbendes ver= teenwoordig is en waardeur die Tswana se grond so gou moontlik aan hulle "teruggegee" moet word. Die B.N.P. het 'n landraad in vooruitsig gestel wat met die Blanke owerheid sou onderhan= del oor die konsolidasie, vergroting en vasstelling van grense van Bophuthatswana.[29]

### 2.2.3 Verhouding met ander state

Seoposengwe beywer hom vir eenheid en solidariteit van alle Swartes, en gevolglik, van alle Bantoestate in Suid-Afrika.[30]

---

26. *The Star*. 21/8/1972.
27. Breytenbach, W.J. Eerste verkiesing in Bophuthatswana.*Bul= letin*. Afrika-Instituut. Pretoria. Dl.XII No. 9, 1972. pp.390-392.
28. Bophuthatswana Wetgewende Vergadering. *Debatte* ... 1973, p.55.
29. *Ibid.*, p.110.
30. In 1972 het kaptein Pilane verklaar: ". .. let us not allow tribalism to divide us". En verder: "My mother is Pedi; my wife is Xhosa; our African tribes understand each other easily." (*The World*. 11/9/1972).

Dit kan 'n federale of uniale verband wees en onder 'n Swart eerste minister.[31] Dié standpunt is gelykluidend met dié van kaptein Buthelezi van KwaZulu en 'n 1973-standpunt van hoofkap= tein Matanzima, met 'n verwant van wie kaptein Pilane getroud is. Die B.N.P.-standpunt hierteenoor is dat die Batswana as afsonderlike "nasie" sal voortbestaan. Lede van ander eenhede wat in Bophuthatswana kom woon en burgerskap van Bophuthatswana aanvaar, sal deur die Tswana opgeneem word as gelykes en daar sal met ander state saamgewerk word indien sodanige samewerking in belang van Bophuthatswana is.[32]

### 2.2.4 Onderwys

Albei partye beywer hulle vir die instelling van skoolplig op primêre vlak.[33] Verder stel die B.N.P. tersiêre onderwys hoog op die prioriteitslys, terwyl Seoposengwe groter aksent plaas op volwasse onderrig.

### 2.2.5 Ekonomiese ontwikkeling

Seoposengwe staan 'n meer liberale ekonomiese beleid voor as die B.N.P. Terwyl die B.N.P. in 1972 aangedui het dat hy die Blanke owerheid se agentskapsbasis aanvaar,[34] stel Seoposengwe hom op

---

31. Bophuthatswana Wetgewende Vergadering. *Debatte ... 1973*, p.105. *The Star*. 8/8/1972. Tydens 'n onderhoud in 1974 het kapt. Pilane dit egter gestel dat hy nie ten gunste van on= afhanklikheid vir Bophuthatswana is nie, omdat die Blanke owerheid dan onder geen verpligting sal wees om Bophuthat= swana finansieel te help nie.

32. *Ibid.*, p.106. Lekoko la Setshaba sa Bophuthatswana. *Op.cit.*, art.2(b).

33. Lekoko la Setshaba sa Bophuthatswana. *Op.cit.*, p.1. Seoposengwe Party. *Op. cit.*, p.1.

34. Dr. W.J. Breytenbach van die Afrika-Instituut, Pretoria, het hierdie inligting onder ons aandag gebring. Die manifes van die B.N.P. is nie duidelik hieroor nie.

die standpunt dat die regering van Bophuthatswana die finale sê moet hê oor wie genader of toegelaat moet word om ekonomiese aktiwiteite in Bophuthatswana te onderneem en "vreemdelinge" toegelaat behoort te word totdat 'n Tswana-ontwikkelingskorpo= rasie begin funksioneer.[35]

Sover dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling betref, word die "positiewe aspekte" daarvan deur die B.N.P. aanvaar, terwyl Seoposengwe dit slegs aanvaar omdat dié beleid die belofte van onafhanklikheid en teruggawe van grond inhou. Die B.N.P. aan= vaar dit omdat dit die enigste beleid sou wees wat die Batswana in staat kan stel om volwaardig en binne die raamwerk van eie kultuur *gelykwaardig* met ander nasies te bestaan. Seoposengwe aanvaar dit eerder as basis vir politieke bedinging. Dit kan dus gestel word dat daar 'n groter mate van ideologiese aan= vaarding van die beleid by die B.N.P. en 'n groter mate van pragmatiese aanvaarding van die beleid by Seoposengwe te bespeur is.

Hoewel die beleid van die T.N.P. na mededeling tussen dié van die B.N.P. en Seoposengwe staan, leun dit sterker aan by dié van die B.N.P.

## 2.3 Organisasie en struktuur

Die B.N.P. en Seoposengwe is beide massapartye en vertoon ook breedweg dieselfde struktuur, naamlik takke op plaaslike vlak, streeksrade en 'n sentrale beleidmakende algemene raad of kon= gres wat beskik oor 'n uitvoerende raad en uitvoerende komitee, aangewys deur en uit die kongres/algemene raad. Tog val dit op dat daar ook organisatoriese en strukturele verskille tussen die

---

35. Seoposengwe Party. *Op. cit.*, p.2-3.

twee partye bestaan.

Eerstens die kwessie van lidmaatskap. Seoposengwe stel lidmaat=skap oop vir *"all Tswana people"* van sestien jaar en ouer teen betaling van 'n affiliasiefooi van 50 sent per jaar. Die B.N.P. hierteenoor stel lidmaatskap oop vir alle *burgers* van Bophu=thatswana van 18 jaar en ouer teen betaling van 'n affiliasie=fooi (20 sent) en 'n jaarlikse subskripsie van 20 sent. Affi=liasie geskied in beide gevalle deur die partytak.

'n Tweede opvallende verskil kom voor op streeksvlak. Seoposeng=we bestaan in sewentien streke, elk onder 'n eie streeksraad, saamgestel uit afvaardigings uit elke tak en onder 'n uitvoer=ende komitee. Die streke bestaan uit die twaalf distrikte van Bophuthatswana, Soweto, Oos-Rand, Wes-Rand, Vaal-kompleks en Bloemfontein - Welkom. Die B.N.P. hierteenoor bestaan net uit twaalf streke wat saamvallend is met die twaalf distrikte van Bophuthatswana. Takke binne die (Blanke) stedelike gebiede moet affilieer aan dié streke en wel " ... where the majority of the members' tribal affiliations resort or to Regions where the majority of the members had voted in the 1972 general elec=tion.[36] Benewens sy tuislandgerigte beleid is die struktuur van die B.N.P. dus ook tuisland-gebaseerd.

'n Derde verskil is te vind in die samestelling van die hoogste gesagsliggaam, naamlik die B.N.P. se Kongres en Seoposengwe se Algemene Raad. Die Algemene Raad bestaan uit die Uitvoerende Raad plus die afvaardigings van die samestellende (17) streke. (Elke streek beskik oor tien stemme.) Die kongres hierteenoor bestaan uit die lede van die Uitvoerende Raad; die leier, ad=junk-leier en sekretaris van *elke tak* en *twee partylede van elke*

---

36. Lekoko ... *Constitution.* Art.4 B (2).

*streeksowerheid* in Bophuthatswana. Die samestelling van hier=die liggaam, gelees met die bepaling dat partybeleid slegs deur 'n twee-derde meerderheidstem gewysig kan word, beveilig dus die posisie van die leierskap (en hulle beleid) in partyverband.

'n Vierde verskil is te vind in die samestelling van die Uit=voerende Raad. By Seoposengwe bestaan dit uit die Uitvoerende Komitee plus die voorsitters van die Streeksrade; by die B.N.P. bestaan dit uit die Uitvoerende Komitee (van die party) en Uitvoerende Komiteelede van al die streke plus die ministers van Bophuthatswana wat nie uit hoofde van 'n ander posisie lede van die Uitvoerende Raad is nie.

'n Laaste opvallende punt is die magte en bevoegdhede wat ge=plaas is in die hande van die leier van die B.N.P.: "The Leader of the party ... shall solely have the right to interpret and/ or proclaim party policy".[37] Tradisionele politieke kultuur slaan hier onmiskenbaar uit. Soos die stamhoof die finale gesagswoord in die stam spreek, só spreek die leier dit in die politieke party.

## 2.4 Evaluerend

Laastens moet gevra word na die houding van die Batswana ten opsigte van die wenslikheid, die aanhang en die invloed van politieke partye. In hierdie verband het die opname getoon dat, as die drie stamrade buite rekening gelaat word, 66 persent Batswana ten gunste van die bestaan van politieke partye is, 13 persent daarteen is en 21 persent nog nie die vraag vir hulleself uitgemaak het nie.

Die drie stamrade was gekant teen die bestaan van politieke partye, maar om verskillende redes. Te Motswedi (die stam van

37. *Ibid.*, Art. 4F.

kaptein Mangope) is ons meegedeel dat die bestaan van die B.N.P. geregverdig is, maar dat Seoposengwe nie behoort te bestaan nie: kaptein Pilane en Seoposengwe moes "inkom" onder die gesag van kaptein Mangope "*jaaka ene (Mangope) a tsamaile mo tlase ga tona ya Tswaraganelo (Pilane)*". Verder is verduidelik: "*Jaanong Pilane o a lla go boêla mo setulong sa gagwe.*" (En met trots): "*O se tsere o monyenyane, o ile. Ga re batle Seoposeng=we*".[38] Te Saulspoort (Kgatla-Kgafêla) was die informante baie versigtiger in die formulering van 'n rede vir teenkanting teen bestaande politieke partye, naamlik: "*Ga re ise re bone gore go jwetsweng mo ditshimong tse pedi tse*".[39a] Ofskoon dit geblyk het dat hulle die beleid van Seoposengwe steun, is lidmaatskap aan enige politieke party ontken. Die stamraad te Mahikeng het aangedui dat hulle nie ten gunste van politieke partye is nie; nie in die verskynsel geïnteresseerd is nie en ook nie weet wat die partye belowe nie. Trouens, politieke partye word as irrelevant beskou.

Ten opsigte van party-voorkeure het slegs die stamraad van die Bahurutshe hulle ten gunste van die B.N.P. uitgespreek. Die Kgatla-Kgafêla sowel as Barôlông het geskuil agter "ons weet nie". Die vraelyste wat deur die geskooldes voltooi is, gee die volgende beelde:

---

38. "Soos hy (Mangope) homself onder geskik het aan die grote (voorsitter) van die Gebiedsowerheid (Pilane). Nou "huil" Pilane om terug te keer na sy gesagsposisie (stoel). (Met trots): Hy (Mangope), die kleintjie (onder-voorsitter), het dit (gesagsposisie/"stoel") gevat, hy's weg (voor). Ons wil nie Seoposengwe hê nie.

39a."Ons het nog nie gesien wat in hierdie twee lande geplant is nie" (Ons het nog nie die beleidsresultate van die par=tye gesien nie).

Tabel 44: Party-voorkeure

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| (a) | *Tuisland:* | *B.N.P.* | *Seoposengwe* | *Weet nie* |
| | Motswedi | 1 | 2 | 7 |
| | Saulspoort | - | 2 | 5 |
| | Mahikeng | 1 | - | 8 |
| | Subtotale | 2 | 4 | 20 |
| (b) | *Stedelike gebiede* | | | |
| | Mamelodi | 1 | - | - |
| | Soweto | 11 | 7 | 4 |
| | Sharpeville | 3 | - | 1 |
| | Totale | 17 | 11 | 25 |

Die feit dat 77 persent tuislanders geen voorkeur aangedui het nie, kan die bostaande syfers ongeldig maak en moet toegeskryf word aan die vrees vir stappe wat mag volg indien onderwysers, klerke, ens. "aan die politiek deelneem." Die voorkeure soos aangedui kan egter gekorreleer word met die aantal stemme uit= gebring vir amptelike B.N.P. en Seoposengwe-kandidate, naamlik 241 712 teenoor 145 376, dit wil sê 61 persent vir die B.N.P. en 37 persent vir Seoposengwe. Ons syfers hierbo wys na 'n B.N.P.-voorkeur van 61 persent en Seoposengwe-voorkeur van 39 persent en lê dus in lyn met die voorkeure soos aangedui tydens die verkiesing. Die T.N.P. het slegs 1,5 persent van die to= tale aantal stemme getrek, en is daarom geen faktor van gewig nie.

Alhoewel die vermoede bestaan dat Seoposengwe meer steun uit Blankegebied gekry het as in die tuisland, is dit nie so nie. Beskikbare syfers toon dat voorkeure uit Blankegebied ooreenkom

met voorkeure soos hierbo aangedui, naamlik 63 persent vir die B.N.P. en 37 persent vir Seoposengwe. Wat egter wel aanvaar kan word, is dat Seoposengwe relatief groter steun uit die Blanke stedelike gebiede ontvang het as uit die Blanke landelike gebiede, terwyl die omgekeerde blykbaar die geval was met die B.N.P. Die rede hiervoor is stellig geleë in die feit dat Blanke werkgewers op die platteland, besonderlik landelike gebiede, en wat oorwegend ten gunste was van die meer gematigde B.N.P., 'n groter invloed op hulle werknemers uitgeoefen het ten opsigte van die keuse van kandidate as in stedelike gebiede. In laasgenoemde gebiede het die Engelstalige Bantoe-gerigte pers, wat meer prominensie aan Seoposengwe verleen het, weer 'n definitiewe invloed uitgeoefen. 'n Verslaggewer van die *Rand Daily Mail* het immers self as kandidaat van Seoposengwe gestaan, terwyl die beleid van die B.N.P. in botsing is met die gangbare houding en beleid van *The World.*

Sover dit die *beleid* van die twee partye aangaan, het dit duidelik geword dat daar onduidelikheid by respondente bestaan oor wat die beleid van die partye is. Indien die antwoorde wat ontvang is op die vraag: "Waarom behoort híérdie party ondersteun te word?", geklassifiseer word, lyk dit soos volg:

Tabel 44: Redes vir ondersteuning van politieke partye

| *Rede* | *B.N.P.-ondersteuners* | *Seop.-ondersteuners* |
|---|---|---|
| Dit staan eenheid van alle swartes voor | 1 | 4 |
| Dit het 'n "goeie beleid" | 1 | 2 |
| Dit staan vir vooruitgang | 4 | 1 |
| Dit stel Tswanabelange voorop | 2 | 1 |
| Die party is demokraties | - | 1 |

| *Rede* | *B.N.P.-ondersteuners* | *Seop.-ondersteuners* |
|---|---|---|
| Dit verteenwoordig (praat vir) gewone mense en nie net kapteins nie | - | 2 |
| Eerlike leierskap | - | 1 |
| Realisties in sy beloftes, eise en doelstellings | 6 | - |

Die teenkant hiervan, naamlik "wat is verkeerd met die ander party", het die volgende antwoorde ontlok:

Tabel 45: Redes vir weerhouding van steun

| | | |
|---|---|---|
| Dit het geen beleid van vooruit=gang nie | 4 | 3 |
| Dit is op stamverband en kaptein=skap ingestel | - | 4 |
| Dit bevredig nie die aspirasies van die "gewone man" nie | - | 2 |
| Dit sal Tswanabelange verwaarloos | 2 | - |
| Dit glo in geweld en konfrontasie/ dit herberg linkse elemente | 6 | - |
| Dit is kommunisties | 1 | - |
| Leierskap is korrup | - | 1 |
| Weet nie | 2 | 3 |

Die mees algemene beswaar teen Seoposengwe vanuit B.N.P.-gele=dere is dus dat dit glo in geweld en konfrontasie, linkse ele=mente herberg en "'n voortsetting van die ou A.N.C. is." Die B.N.P. hierteenoor word deur Seoposengwe-ondersteuners eerstens beswaar omdat dit stamverband en kapteinskap voorop stel en nie die aspirasies van die "gewone man" bevredig nie - 'n stand=punt wat kaptein Pilane herhaaldelik gestel het tydens sy ver=kiesingsveldtogte.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar geen eenvoudige antwoord bestaan op die vraag na die gesags- en rekruteringsbasisse van die B.N.P. en Seoposengwe nie. Hierbo is reeds verwys na die feit dat, relatief gesien, feitlik gelyke steun uit die tuisland en die Blankegebied deur die twee partye ontvang is. Tweedens en ter bevestiging hiervan, kan verwys word na lede van die B.N.P. en Seoposengwe in die Wetgewende Vergadering in 1973, naamlik:

Tabel 46: Party-steun in die Wetgewende Vergadering, 1973

| | *B.N.P.* | *Seoposengwe* |
|---|---|---|
| Benoem deur streeksowerhede | 44 | 4 |
| Verkose lede | 20 | 4 |

Die posisie van die partye sover dit steun deur stamhoofde en nie-stamhoofde betref, was soos volg:

Tabel 47: Party-steun deur verskillende kategorieë, 1973

| | *Kapteins* | *Hoofmanne* | *"Gewones"* |
|---|---|---|---|
| B.N.P. | 30 | 9 | 25 |
| Seoposengwe | 4 | - | 4 |
| Totale | 34 | 9 | 29 |

Derdens val dit op dat party-politieke lojaliteit stamgrense oorsny en ook kruissnydend is oor stamgroepgrense heen. Indien die partyverband van stamhoofde as van gewigtige belang vir die partyverband van stamme beskou kan word - en dit moet aanvaar word dat dit wel die geval is omdat die stamhoof (en sy raad) in staat is om stamlede te beïnvloed ten opsigte van partylojaliteit - word dit duidelik dat Seoposengwe as saamtrek=

punt dien vir Kgatla-Kgafêla,-Mmakau, Kwêna ba Mogôpa en Tlhaping-Maïdi.[39b] Terselfdertyd het die B.N.P. egter meer steun ontvang as Seoposengwe uit die Moretele-distrik wat die meeste Kgatla-stamme huisves, waaronder die getalsterke Kgatla-Mosetlha. Die verskynsel het selfs voorgekom dat die Kgatla-Mmakau van kaptein Motsepe Seoposengwe steun, terwyl die daaraan verwante Mmakau van kaptein Mokgoko die B.N.P. steun. Daar is wel aanduidings dat kaptein Pilane op 'n stadium probeer het (of wou probeer) om van Seoposengwe 'n front van alle Kgatla-stamme te maak, maar die poging is laat vaar, blykbaar omdat die Kgatla-stamme in Moretele wat die "uitlander-vraagstuk" aan die lyf ervaar, nie met Seoposengwe se "Swart eenheid" kon saamgaan nie.

Ofskoon die syfers ontbreek om dit te bewys, sou ons die verdeling tussen Seoposengwe en B.N.P. wou soek in 'n kombinasie van verskeie skismas: Eerstens dié tussen Pilane en Mangope as leidende figure; tweedens dié tussen middel-na-linkse elemente wat sterk aanwesig is binne die Westers-geskoolde elemente en verder behoort toe te neem indien die "Swart bewussyn" toeneem, en die middel-na-regse elemente wat sterker aanwesig is binne die laer-geskoolde strata wat tans nog die meerderheid van die bevolking omvat, en derdens dié tussen Tswana en nie-Tswana in Bophuthatswana.

Sover dit die partye in die algemeen betref is dit egter ook so dat daar binne elke party 'n wye spektrum van menings bestaan. Vanuit B.N.P.-kring is reeds verklarings uitgereik wat in lyn

---

39b. By die Tlhaping-Maïdi bestaan die situasie dat die stam en stamhoof nie dieselfde party steun nie. Die stamhoof is egter 'n benoemde deur die streeksowerheid.

is met Seoposengwe-beleid, terwyl die Seoposengwe-leiding reeds houdings ingeneem het wat presies ooreenkom met B.N.P.-beleid. Verder het informante daarop gewys dat die heftigste protes teen maatreëls wat deur die Wetgewende Vergadering geloods word, dikwels van B.N.P.-lede afkomstig is. Dus dra die partye ook hulle eie "ingeboude" opposisie in hulle mee - soos die tra= disionele owerheidsliggame in Afrika wat nie die verskynsel van politieke partye geken het nie. Dit is dan ook net logies dat tradisionele politieke kultuur sal deurwerk tot en uiting vind in die moderne bestuursvorme wat tans bestaan. In aansluiting hierby is dit ook aan te merk dat daar geen algemene waardering binne B.N.P.-geledere vir die bestaan van 'n opposieparty is nie. Gedurende die spesiale sitting aan die einde van 1974 het die Hoofminister dan ook opgemerk: "... in die Sentrale Rege= ring word toestemming verleen vir die vorming van verskeie po= litieke partye, hoewel mens nie regtig kan insien watter voor= deel dit inhou nie ..."[39c]

Uit voorgaande behoort dit egter duidelik te wees dat daar poli= tieke partye wat meeding om die regeergesag in Bophuthatswana tot stand gekom het en dat hierdie partye primêre verdelings soos stamverband oorsny asook dié tussen tuislanders en stede= linge. In laasgenoemde verband is dit veral opvallend dat daar in 'n gebied soos Soweto baie groter belangstelling in die B.N.P. en Seoposengwe bestaan het in 1972-73 as in die Soweto-gebaseerde T.N.P.

## 3. Politieke leierskap

Soos elders aangetoon, het voogbeleid die tradisionele bestuurs= vorme as aanvangspunt erken in die proses van politieke ontwik=

---

39c. Bophuthatswana Regering. *Debatte ... 3 Desember 1974*, p.67.

keling van die Batswana. Dié uitgangspunt het daartoe gelei
dat tradisionele gesagsfigure (kapteins en hoofmanne) wesentlik
die skarniere gevorm het waarop die deur van selfbestuur sou
oopswaai. Die feit dat die Wetgewende Vergadering in terme
van die grondwetproklamasie moes bestaan uit 48 lede, aange=
wys deur streeksowerhede - en dat "gewone" lede slegs aan=
gewys kon word indien daar nie genoeg kapteins en hoofmanne
was wat die vakatures kon vul nie - en 24 verkose lede, het
wel die deur tot politieke leierskap vir gewone lede geopen
maar terselfdertyd die posisie van tradisionele figure beskerm.
So ook die bepaling dat die hoofminister 'n kaptein moet wees.
Hierdie grondwet is opgestel deur die Tswana self. Omdat die
opstel en goedkeuring daarvan egter geskied het deur liggame
waarin stamhoofde 'n meerderheidstem het en stamhoofde ook ge=
ïnteresseerd is in magsbehoud en die byvoordele wat 'n mags-
of gesagsposisie meebring, kon kwalik verwag word dat voor=
siening gemaak sou word vir 'n meerderheid verkose lede.

Die resultaat van die uitgangspunte ten opsigte van politieke
leierskap vir die Tswana word dan weerspieël in die samestel=
ling van die Wetgewende Vergadering ná die verkiesing in 1972:
34 kapteins, 9 hoofmanne en 29 "gewone" lede.

Alvorens gekyk word na die vereistes aan politieke leierskap
soos gestel deur die respondente, word die houding binne die
vroeëre Gebiedsowerheid en Wetgewende Vergadering van nader be=
skou. Uiteraard sou dit gaan om die vraag wie die leiding be=
hoort te gee, kapteins of gewone lede. Dié vraagstuk is be=
spreek tydens die spesiale sitting van 1967; algemene sitting
van 1967 en eerste sitting van die Wetgewende Vergadering in
1972. In al drie gevalle het dit gegaan om die vraag wie uit=
voerende poste moes vul. Uit die besprekings blyk dit dat die

vergadering gepreokkupeerd was met die verskil tussen kapteins en nie-kapteins. Persoonlike bekwaamheid het gewig gedra, maar die meerderheid lede is meegevoer deur askriptiewe kriteria.

Tydens die spesiale sitting van 1967 moes besin word oor grond=wetlike wysigings ten einde voorsiening te maak vir, onder meer, 'n uitvoerende raad onder 'n hoofraadslid en aanwysing van 'n speaker. Oor die feit dat die hoofraadslid 'n kaptein moes wees, was daar blykbaar geen meningsverskil nie. Dit is verder betekenisvol dat dié voorstel deur 'n gewone lid gemaak is en deur 'n gewone lid gesekondeer is.[40] Wie egter lede van die uitvoerende raad moes wees (kapteins of nie-kapteins) was 'n meer problematiese vraag. Aanvanklik is deur 'n gewone lid voorgestel dat *drie* daarvan kapteins moes wees en *drie* nie-kapteins moes wees nie. Motivering: "If we can only choose from the chiefs alone, it will cause a conflict between the chiefs and the people. If ... we choose from the ordinary people only, we will be kicking our chiefs out of this house and there will be no truth in the whole thing".[41] Die voorstel het wye steun geniet, maar 'n kaptein het 'n ander aksent verlang: *minstens* drie moes kapteins wees, dit wil sê ruimte moes gelaat word dat, gegewe daar vier bekwame kapteins is, vier kapteins lede van die Uitvoerende Raad kan wees.[42] In antwoord op 'n vraag van 'n gewone lid of vier bekwame nie-kapteins nie lede kon wees nie, het die kaptein sy standpunt so gemotiveer: "...this body is supposed to serve the nation. The people most affected

---

40. Tswana Territorial Authority. *Proceedings ... 1967.* p.106.

41. *Ibid.,* p.97.

42. *Ibid.,* p.99.

by this body will be the people at the homelands and not those residing in the towns. This body cannot run its affairs on a sound footing if the basic foundation is not that of a chief ..."[43] Kritiek is deur kapteins sowel as gewone lede uitge= spreek teen die gedagte van 'n oorwig kapteins in die uitvoer= ende raad, maar daar is van die saak afgestap sonder dat enige besluit geneem is. Die nuwe regulasies sou egter voorsiening maak vir minstens drie kapteins op die Uitvoerende Raad.[44]

Vervolgens is die pos van speaker onder bespreking geneem en hier het dieselfde probleem na vore gekom. Gebrek aan begrip oor die verskil tussen die speaker en voorsitter van die Uit= voerende Raad (Hoofraadslid) aan die kant van lede het die saak verder gekompliseer. Die stamhoofde was onderling verdeeld. 'n Gewone lid het gewys op die (onwenslike) swaar aksent wat op kapteinskap geplaas word en voortgegaan: "Don't you think ... that giving the chiefs all the responsibility will create a situation between them and the people? Such a situation may divide us into two groups which ultimately or in the very near future will be up against each other ..." En verder: "The spirit is that the chiefs and non-chiefs should work together in this house ... we should try to avoid creating the impression that the Territorial Authority is only the place for chiefs or non-chiefs ..."[45] Daar is ook van dié saak afgestap sonder dat besluit is of die speaker 'n stamhoof of gewone lid moes of kan wees.[46]

---

43. *Loc. cit.*

44. Vgl. Proklamasie R141 van 1968. Bylae C, Deel V, Regulasie 11(1).

45. *Op. cit.,* p.105.

46. *Ibid.,* p.106.

Die konsep-regulasies van die Gebiedsowerheid is tydens die algemene sitting bespreek, en hier is weer botsende standpunte gestel oor die bekleding van poste op die Uitvoerende Raad. Stamhoofde sowel as gewone lede uit Hammanskraal was ten gunste van die standpunt dat die Uitvoerende Raad saamgestel moet word uit gewone lede: "The chiefs should make the laws ... and give those laws over for administration to their people (op die Uitvoerende Raad) and if the people do not administrate properly, let the chiefs then criticise them ..."[47] 'n Volgende (gewone) lid het hiermee saamgestem en verder daarop gewys dat daar 'n verskil van mening tussen stamhoofde en gewone lede is oor die vraag wie in gesagsposisies moes wees en dat hierdie "spirit of fear between chiefs and non-chiefs" nie in belang van die Batswana is nie. Gevolglik word voorgestel dat die bekwaamste lede (sonder ag op tradisionele status) tot die Uitvoerende Raad verkies moet word; nie-kapteins in 'n laerhuis moes sit en kapteins in 'n hoërhuis moes sitting neem. Hierteen was 'n invloedryke stamhoof gekant en het geredeneer: "When the chief is clothed with a leopard skin he is also given ... a stick as a sceptre ... (and) an assegai or an axe. With this axe he should chop hunger away from reaching the tribe,... chop illness away ... chop away disagreement so that it should not grip the tribe ... The method of having a house of chiefs alone is not according to Tswana tradition. The custom of the Tswana in the tribe is that there are elder people who formed the executive and the chief is also included in that council of heads. The Executive Council makes laws for the tribe. There is no law that can be made and promulgated amongst the tribe in the absence of the chief".[48] En verder: "A chief cannot be a

---

47. *Verrigtinge van die 1967 Algemene Sessie ...,* p.34.

48. *Ibid.,* p.36.

chief without working in consultation and in unity with his fathers. That is why it is necessary that on an Executive Council ... there should also be fathers who are not chiefs".[49]

Daarmee was die saak feitlik afgehandel. Stamhoofde moes die oorwig, of minstens die helfte van die ledetal uit die Uit= voerende Raad uitmaak en te oordeel aan die standpunte, sou die gees en karakter van stambestuur geprojekteer word op die Ge= biedsowerheid.

Die konstitusionele komitee van die Wetgewende Vergadering wat 'n konsepgrondwet moes opstel vir selfregerende Bophuthatswana, het belangrike veranderings voorgestel waardeur die demokrati= seringsproses in die Westerse sin van die woord, voortgestu is. Eerstens die bepaling dat 24 lede verkies word by wyse van al= gemene stemreg deur burgers bo die ouderdom van 18 jaar. In hierdie verband is dit egter ook op te merk dat 'n voorstel van 'n gewone lid dat die verkose lede vermeerder word van twee na drie per kiesafdeling, nie aanvaar is nie, omdat dit sou mee= bring dat die aantal kapteins dan oortref sou word deur die aan= tal nie-kapteins.[50] Tweedens die bepaling dat die kabinet moes bestaan uit 'n hoofminister wat 'n kaptein is en vyf ander ministers waarvan *nie meer as drie* kapteins is nie. Dit hou dus in dat, benewens die hoofminister, die ander vyf kabinets= lede gewone lede kân wees. Die beperking wat voorheen ten op= sigte van gewone lede bestaan het, word nou op stamhoofde van toepassing gemaak. Tydens die bespreking van die saak is die volgende standpunte oor politieke leierskap gestel:

---

49. *Loc. cit.*

50. Bophuthatswana Regering. *Debatte ... 1972,* p.80-81.

(a) (Deur 'n gewone verkose lid): Die tyd het aangebreek dat daar minder oor kapteins en nie-kapteins gepraat moet word en meer aksent geplaas moet word op die meriete van leiers. Die gepre-okkupeerdheid met kapteins en nie-kapteins kan net lei tot tweedrag en konfrontasie. Kapteins moet hulle "tradisionele ereplek" gegee word, maar leierskap moet oop wees vir almal, nie net vir kapteins nie.[51]

(b) (Deur 'n gewone lid): Die Wetgewende Vergadering is gegrond op die basis van Tswana-gebruik en daarom moet aanvaar word dat die stamhoofde die leiers moet bly. Die tyd is nog nie ryp vir 'n ander benadering ten opsigte van leierskap nie.[52]

(c) (Deur 'n stamhoof): (i) Die Tswanaregering is gebaseer op Tswanatradisie en regeer oor Tswanagebied. Die Tswanagebied behoort aan die kapteins en geen regering sal die gebied kan regeer sonder die steun van die kapteins nie. (ii) In die ontwikkeling van die regeringstelsel moet begin word by die bekende en aanvaarde. Kapteins maak tradisioneel wette; hy aanvaar nie wetgewing wat van buite aan hom gegee word nie. Indien hulle dus nie deelagtig kan wees in die daarstelling van wetgewing nie, kan kwalik verwag word dat hulle die uitvoering van wetgewing in hulle (eie) gebiede sal steun.[53]

(d) (Deur 'n gewone nie-verkose lid): 'n Nie-kaptein behoort nie die leier van die Batswana te wees nie. In die verlede was daar sulke leiers, maar hulle het hulle volgelinge in die steek gelaat. "Waar is die leiers van die A.N.C. ... I.C.U. ... Kommunistiese Party ... T.A.T.A. ...?" 'n Kaptein bly by

---

51. *Ibid.*, pp.123-134.

52. *Ibid.*, pp.127-128.

53. *Ibid.*, pp.135-138.

sy mense. Onder die leiding van geleerdes wat nie-kapteins is nie, is niks bereik nie.[54]

Binne die Wetgewende Vergadering bestaan daar dus verskil in mening oor wie politieke leiers behoort te wees en wat die inhoud van leierskap behoort te wees. Breedweg is daar drie standpunte te onderskei, naamlik däärdie (minderheids-)groep wat ten gunste is van moderne gesekulariseerde leierskap waarin tradisionele status 'n ondergeskikte rol speel; däärdie groep wat 'n charismatiese kwaliteit in kapteinskap lees en daarom kapteins in leiersrolle wil hê, en laastens däärdie groep wat moderne en geskoolde gewone persone wil aanwend *as funksionarisse van die stamhoofde* wat nog die finale sê moet hê. Al hierdie groepe word egter tevrede gestel deur wat elders genoem is prismatiese leiers: persone wat 'n moderne skoling geniet het maar ook aan die tradisionele askriptiewe norme voldoen en dus ewe gemaklik in beide wêrelde kan beweeg. Dit is daarom ook goed te begryp dat juis kapteins Mangope en Pilane die leiers van die twee belangrikste politieke partye in Bophuthatswana sou word.

Maar wat is die houdings en verwagtings buite die Wetgewende Vergadering?

In die vraelys wat in die tuisland versprei is, is enkele inleidende vrae gestel wat nie in die vraelys vir stedelike gebiede opgeneem is nie. Die vrae gestel aan en die antwoorde verkry van die stamowerhede (1) en geskoolde individue (2) is soos volg:

---

54. *Ibid.,* pp.141-142.

Tabel 48: Houdings ten opsigte van stamhoofskap

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | *Goed* | *Sleg* | *Weet nie* | |
| 1. Is kapteinskap goed of sleg? | (1) | 3 | - | - | |
| | (2) | 13 | 5 | - | |
| | | *Stam* | *Geboorte* | *Pretoria* | *Mafeking* |
| 2. Waar kry 'n kaptein sy gesag vandaan? | (1) | - | 2 | 1 | - |
| | (2) | 6 | 4 | 7 | 2 |
| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* | |
| 3. Is die kaptein 'n amptenaar van die Bophuthatswana-regering? | (1) | 2 | - | 1 | |
| | (2) | 18 | 2 | 2 | |
| 4. Is 'n kaptein 'n politieke leier? | (1) | 2 | 1 | - | |
| | (2) | 15 | 2 | - | |

Oor hierdie vrae en antwoorde net enkele opmerkings. Sover dit die eerste vraag aanbetref, is ons getref deur die steun wat vir kapteinskap bestaan - selfs onder die geledere van die "gesekulariseerdes". Uit onderhoude het dit dan ook geblyk dat onderskeid gemaak moet word tussen die stamhoof as regeerder/maghebber en die kapteinskap as simbool van die stam en van stamidentiteit, -tradisies, ens. Kapteinskap word deurgaans met affeksie bejeen, maar talle besware is deur die "gemoderniseerdes" ingebring teen die stamhoof as regeerder/maghebber. Die meer konserwatiewes onder hulle het voorgestel dat meer geskooldes in die stamowerheid opgeneem moes word of dat 'n adviesraad van geskooldes die stamhoof moes adviseer, terwyl die meer verligtes die stamowerheid wil vervang met 'n verkose liggaam wat die administrasie van die stam moes behartig.

Die tweede vraag toon aan dat lede van stamrade nog die gesag van die stamhoof wil herlei na geboortereg, terwyl die meer ont=wikkeldes daarna neig om hom te beskou as 'n rat in 'n ad=ministratiewe masjien wat deur die Blanke regering beheer word. Dit sluit aan by die duidelike houding weerspieël in die ant=woorde op die derde vraag. Stamowerhede het hier verduidelik dat die stamhoof outonoom is, maar dat hy ook 'n *"letsogo la mmuso"*[55] is. 'n Saak wat die geskooldes in hierdie verband teen die bors gestuit het, is die feit dat die stamhoof deel is van die reëlmakende apparaat van Bophuthatswana (Wetgewende Verga=dering) sowel as reëluitvoerende apparaat, dit wil sê ook 'n amptenaar daarvan is. Die antwoorde na aanleiding van die vier=de vraag moet dan ook in hierdie lig gesien word sover dit die geskooldes betref. Vir stamowerhede - wat tradisioneel 'n veeldoelige liggaam is - was dit oënskynlik logies dat die stamhoof reëlmaker en -uitvoerder moes wees.

Uit bostaande vier vrae blyk dit reeds dat daar verskille in politieke kultuurnorme in die tuisland bestaan. Tot welke mate hierdie verskille wesentlik is, met ander woorde, tot welke mate hierdie veranderde houdings aangedui deur die geskooldes, uitgeleef word en sal word, is nie vasgestel nie.

Die volgende twee vrae wat in beide vraelyste opgeneem is en handel oor die norme vir politieke leierskap en die bemanning van die reëlmakende liggaam (Wetgewende Vergadering), het interessante houdings, ooreenkomste en verskille opgelewer tus=sen stamowerhede, geskoolde tuislanders en stedelinge. Respon=dente moes prioriteite ten opsigte van die onderstaande krite=ria aandui wat dan deur ons gekwantifiseer is. (Aan die hoog=

---

55. "Die arm van die regering".

ste prioriteit is vyf punte toegeken en aan die laagste prio= riteit is een punt toegeken). Die vrae en antwoorde was soos volg.

Tabel 49: Norme vir politieke leierskap

| | *Stamower= hede* | *Geskoolde tuislan= ders* | *Stedelikes* |
|---|---|---|---|
| 5. 'n Politieke leier moet: | | | |
| (a) Geskoold wees | 11 | 88 | 122 |
| (b) slim wees | 8 | 60 | 96 |
| (c) van koninklike af= koms wees | 15 | 41 | 48 |
| (d) uit die stedelike gebiede kom | 3 | 30 | 60 |
| (e) uit Bophuthatswana kom | 8 | 44 | 62 |

(Omdat die aantal respondente binne die kategorieë van mekaar verskil het, moet hierdie syfers vertikaal gelees word).

Hieruit blyk dit dat die stamowerhede die hoogste prioriteit gee aan koninklike afkoms - bloed - terwyl die geskoolde tuis= landers dié faktor tweede laagste plaas. Geleerdheid weeg vir die geskooldes die swaarste - soos vir die stedelinge, terwyl die stamowerhede 'n tweedeplek daaraan toeken. Afkomstigheid uit stedelike gebiede skyn geen kwalifikasie te wees nie; trouens, selfs die stedelinge verkeer in twyfel tussen afkom= stigheid uit die stedelike gebiede en Bophuthatswana. Verskeie stedelinge het dan ook aangedui dat dit irrelevant is uit welke van die twee gebiede 'n politieke leier kom, terwyl die twee

tuislandse groepe afkomstigheid uit stedelike gebiede (teenoor Bophuthatswana) as diskwalifikasie beskou. Die prioriteits=toekenning van geskoolde tuislanders en stedelinge kom treffend ooreen, behalwe vir die twee laagste prioriteite. Die ooreen=komste en verskille tussen die groepe kom ook duidelik na vore in die antwoorde op die volgende vraag oor die samestelling van die Wetgewende Vergadering.

Tabel 50: Voorkeure ten opsigte van sitting in die Wetgewende Vergadering

6. Wie moet in die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana sitting hê?

| | *Stamower=hede* | *Geskoolde tuislan=ders* | *Stedelinge* |
|---|---|---|---|
| (a) Slegs kapteins? | 10 | 25 | 30 |
| (b) Meer kapteins as ver=kose lede? | 11 | 43 | 58 |
| (c) Meer verkose lede as kapteins? | 6 | 60 | 86 |
| (d) Slegs verkose lede? | 3 | 62 | 74 |

Hieruit blyk dit dat die prioriteite van die geskoolde tuislan=ders feitlik lynreg in botsing met dié van die stamowerhede staan en dat die stedelinge, ten spyte van die feit dat sommige van hulle nog nooit 'n kaptein ontmoet het nie, meer akkommoderend is ten opsigte van die stamhoofde as die tuislandse element. Hierdie bevinding lê in lyn met 'n opname wat deur andere ge=maak is onder die geletterdes in Bophuthatswana[56] en identifi=

56. Makoeng, J. Kreet uit die tuislande: Weg met kapteins! *Die Vaderland.* 29/8/1973.

seer terselfdertyd dié segment waaruit die Seoposengwe Party die sterkste steun vir sy beleid behoort te ontvang. In hier=die verband is dit egter interessant om te let op die priori=teitstoekenning van die verskillende stamowerhede.

Tabel 51: Voorkeure van stamowerhede ten opsigte van sitting in die Wetgewende Vergadering

| | *Motswedi* | *Saulspoort* | *Mahikeng* |
|---|---|---|---|
| (a) Slegs kapteins | 3 | 4 | 3 |
| (b) Meer kapteins as ver=kose | 4 | 3 | 4 |
| (c) Meer verkose lede as kapteins | 2 | 2 | 2 |
| (d) Slegs verkose lede | 1 | 1 | 1 |

Slegs die stamowerheid van kaptein Pilane, die leier van Seopo=sengwe, wil eerstens slegs kapteins in die Wetgewende Verga=dering hê - 'n houding lynreg in botsing met die beleid van Seoposengwe.

Uit gesprekke met geskooldes in die tuisland sowel as met ste=delinge het dit egter duidelik geword dat die afwysende houding ten opsigte van kapteins gekwalifiseer moet word. Die negatiewe houding spruit uit die beeld dat 'n stamhoof ongeletterd is, diktatoriaal is en slegs deur sy "hoë bloed" in 'n gesagsposi=sie geplaas is. En hierteen is die afwysing gerig: stamhoofde behoort, *nie slegs omdat hulle stamhoofde is nie*, lede van die Wetgewende Vergadering te wees. As stamhoofde geskoold is, "soos Maseloane, Mangope en Pilane" dan is hulle "goeie leiers wat in die Wetgewende Vergadering móét sit." Maar dan sit hulle eerstens daar omdat hulle beantwoord aan die huidige kri=teria vir leierskap en nie net omdat hulle stamhoofde is nie.

Vervolgens die vraag na die houding ten opsigte van trans-"nasionale" leierskap. Hiermee word verwys na die invloed en volgelingskap van Tswana sowel as ander Swart nie-Tswana leiers binne die Batswana. Uiteraard staan hierdie verskynsel in noue verband met die "Swart bewussyn"-fenomeen.

Op die vraag oor wie die Batswana as hulle toekomstige politieke leier behoort te beskou, is die volgende antwoorde ontvang.

Tabel 52: Voorkeure ten opsigte van politieke leiers

| | *Pilane* | *Mangope* | *Pres.Khama* | *Buthe=lezi* | *Matan=zima* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Stamme: | | | | | | |
| (i) Kgatla=kgafêla | -- | -- | -- | -- | X | -- |
| (ii) Bahurut=she | -- | X | -- | -- | -- | -- |
| (iii) Barôlông | -- | -- | X | -- | -- | -- |
| (b) Geskoolde tuislan=ders | 3 | 6 | 4 | 4 | 1 | 3 |
| (c) Stedelinge | 9 | 14 | 5 | 4 | 1 | 1 |
| Totale | 12 | X+20 | X+9 | 8 | X+2 | 4 |
| Persentasie (-X) | 21% | 36% | 16% | 14% | 3% | 7% |

Die eerste opvallende punt uit hierdie gegewens is die feit dat slegs een stamowerheid - die van kaptein Mangope self - een van die huidige leiers in Bophuthatswana (Mangope) sien as toe=komstige Tswanaleier. Hulle sê hy is ontwikkelingsgerig en "werk baie goed". Kaptein Pilane se stamowerheid kyk na hoof=

kaptein Matanzima omdat hy "baie ervare" is, terwyl die Barô=lông vir President Khama verkies "because in the old days we all belonged to Khama's people". Sover dit die geskoolde tuis=landers betref, word geen besondere verwagtings van kaptein Mangope gekoester nie, terwyl beide Khama en Buthelezi meer be=lofte inhou as kaptein Pilane. (Gelees met 'n opmerking elders, kom dit dus voor asof Seoposengwe se *beleid* gesteun word, maar nie juis sy *leier* nie). Wat egter verrassend is, is die rela=tief hoë profiel van kaptein Mangope onder dieselfde groep. President Khama wek meer belangstelling as kaptein Buthelezi, terwyl verskeie informante meegedeel het dat hulle graag na kap=tein Mangope sou wou opsien, maar dat hulle onverkwiklike per=soonlike ervarings met hom gehad het.[57]

Die redes waarom kapteins Pilane en Mangope as hebbende 'n guns=tige beeld beskou word, kom ooreen met die redes vir steun aan die B.N.P. en Seoposengwe, terwyl verskeie informante aangedui het dat Buthelezi en Matanzima by voorbaat uitgesluit is, omdat hulle nie-Tswana is en "die meerderheid Batswana hulle nooit sal aanvaar nie". President Khama wek verwagtings omdat hy "ervare is in die politiek"; hy tot "dieselfde nasie as ons behoort en ons onder hom behoort saam te smelt"; hy goed ge=skoold is, gematigd is en "nie te veel praat nie". Kaptein Buthelezi word gesteun omdat hy "veg vir die vryheid van die Swartes"; "Swartes wil saamsmelt"; "eenheid van alle Suid-Afrikaners wil hê"; "geleerd is", "veelrassigheid propageer", en sy politieke sienings "populêr" is.

---

57. "Hy stoot ons weg; ignoreer ons en bejeën ons met wantroue." Sommiges wou die rede hiervoor soek in die feit dat dié stamhoof in 1957 ernstig aangerand en sy huis afgebrand is deur 'n groep A.N.C.-lede vanuit Johannesburg.

Na aanleiding van die bostaande kan twee punte ten opsigte van politieke leierskap onderstreep word. Eerstens word daar, selfs binne stamowerhede, oor stamgrense gekyk in die soeke na politieke leierskap. Die geskooldes slaan deurgaans eerste ag op die meriete (volgens moderne kriteria) van die leier en beskou stamverband as betreklik irrelevant. Tweedens blyk dit egter dat daar ook grense bestaan in die soeke na leierskap en dat hierdie grense oorwegend saamvallend is met die breëre etniese grense - soos getuig word deur die feit dat 56 persent fokus op òf Pilane òf Mangope en 'n verdere 18 persent fokus op President Khama, wat wel buite die staatkundige grens val, maar nog binne die etniese (Tswana) grens is. Trouens, slegs 17 persent geskoolde tuislanders en stedelinge koester verwagtings ten opsigte van leiers buite die etniese grens maar binne die rasgrens.

Sover dit nasievorming betref, wys die empiriese situasie binne die Batswana na ons mening na die volgende toestande, tendense en houdings ten opsigte van politieke leierskap.

(a) Ofskoon die leiersfigure (Mangope, Pilane, Maseloane), stamhoofde is, is hulle nie leiers net omdat hulle stamhoofde is nie. Hulle is ewe tuis in die nie-tradisionele veld en juis, omdat hulle aan beide stelle vereistes beantwoord is hulle in staat om steun binne die geledere van sowel die tradisionele as gesekulariseerdes te mobiliseer.

(b) In die uitlewing van hulle leiersrolle word egter van hierdie figure verwag om vir "beide gehore te speel". Hierdie eis plaas die leier dikwels in dilemmas en gee aanleiding daartoe dat gefokus word op politieke teikens wat vir beide segmente (tradisioneles en modernes) van belang is, terwyl onderlinge

twispunte sover moontlik vermy word. Die situasie leen hom dus tot dubbelpratery en die identifikasie van die Blanke as vyand met die oog op werwing van persoonlike steun.

(c) Leiersfigure is ingestem op die diening van die popu= listiese norm. Die leier pretendeer dat hyself op die agter= grond is en die belange van "die volk" eerste gestel word. In toesprake word voortdurend gebruik gemaak van die affektiewe "my people" waardeur ook die nabyheid van die leier aan sy vol= gelinge uitgedruk word.

(d) As gevolg van die toestand gestel hy (b) hierbo, staan die leierskap voor die probleem van tempo en metode in die proses van politieke ontwikkeling. Die gesekulariseerde segment ver= eis 'n vinniger tempo van verandering in welke proses gesagspo= sisies moet oorgaan in die hande van die bekwaamstes - sonder ag op tradisionele status. Die tradisionele element is tans egter nog in 'n magsposisie en daar is tekens dat hulle nie son= der slag of stoot daarvan afstand sal doen nie. Om 'n konfron= tasie te vermy probeer die leierskap blykbaar 'n koalisie vorm tussen die tradisioneelgesindes onder die verligtes en verlig= tes onder die tradisionaliste. Hiervoor dien die prismatiese leiers as kern. Die bestaan van politieke partye onder leiding (bestuur) van stamhoofde én nie-stamhoofde enersyds en ander= syds die opname van nie-stamhoofde in die kabinet, illustreer hierdie punt.

(e) Sedert die instelling van die Tswanagebiedsowerheid in 1961 het daar reeds belangrike aksentverskuiwings ten opsigte van leierskap in dié owerheid plaasgevind. Selfs binne die geledere van die tradisionele element speel sekulêre maatstawwe by die aanwysing van rolbekleërs 'n belangriker rol as in die

verlede. Hierdie feit, gelees met die koalisies waarna by (d) verwys is, kan leierskap stabiliseer, en gevolglik, nasionale integrasie bevorder. Indien die veranderingsproses egter oor=verhit raak (te vinnig swaai in die guns van die moderne elite) af afkoel (in die guns van tradisionaliste) kan 'n insakking en retrogressie in die reeds verkreë mate van eenheid verwag word.

(f) Laastens word die punt beklemtoon dat politieke leier=skap oor stamgrense strek, maar die breëre etniese grens klaar=blyklik 'n kontoer vir leierskap vorm. Indien die politieke leiding binne die Batswana sy fokus dáárop instel, behoort, ge=gewe dat ander faktore gelyk is, nasieskap vir die Batswana ge=lykmatig te groei.

## 4. Burokrasie

### 4.1 Aard en rol

Anders as in die Transkei is die instelling van 'n wetgewende vergadering in Bophuthatswana voorafgegaan deur die totstand=brenging van 'n administratiewe struktuur op nasionale vlak. Hierdie struktuur, bestaande uit ses departemente, het aanvank=lik onder tweeledige beheer gestaan. Dit sou die apparaat wees deur middel waarvan besluite van die Uitvoerende Raad van die Gebiedsowerheid uitgevoer word, maar terselfdertyd sou dit aan=gewend word as uitvoerende struktuur vir besluite van die De=partement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ten opsigte van die Tswanagebied en wel betreffende dáárdie sake waaroor die Gebiedsowerheid nog nie besluitnemingsbevoegdheid gehad het nie. Onder die omstandighede is dit goed te begryp dat dié struktuur, waarna vanuit Mafeking verwys is as die "Tswanastaatsdiens",

vanuit Pretoria beskou is as "'n hulpinstelling" - waarby die Gebiedsowerheid en Uitvoerende Raad inbegrepe sou wees. Met die verkryging van selfbestuur sou daar, as gevolg van die groter bevoegdhede van die Wetgewende Vergadering, uiteraard aksent= verskuiwings plaasvind, maar in wese moes die Tswanastaatsdiens in 1974 nog as reëluitvoerder vir ook die Departement van Ban= toe-administrasie en -ontwikkeling optree ten opsigte van se= kere sake. Sodanige reëluitvoering geskied noodwendig in oor= leg met die Tswanakabinet en die toestand sal stellig voortduur totdat Bophuthatswana 'n onafhanklike staat word en die gesags= verhouding tussen Pretoria en Mafeking (Heystekrand?) deurgesny word.

Hierdie toestand word geskets om aan te toon dat die administra= tiewe verbintenis tussen Pretoria en Mafeking nog bestaan, hoe= wel in verskraalde vorm. Dié feit, gepaard met die feit dat die top-administratiewe poste in die Tswanastaatsdiens nog beklee word deur gesekondeerde Blanke amptenare; die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling nog hulp verleen in by= voorbeeld die opleiding van Tswana-amptenare en ook nog 'n rol speel in verskeie komitees, benewens die lewering van enkele gespesialiseerde dienste, veroorsaak dat die burokrasie in Bophuthatswana tans nog nie die profiel vertoon wat dit waar= skynlik sal aanneem ná onafhanklikheid en ná die verdwyning van die Blanke amptenary nie. Omdat hierdie administratiewe koppe= ling en die aanwesigheid van die Blanke amptenary tans nog dien as skokbreker en bekamper van sekere tendense, is dit vir die waarnemer moeilik om reeds op hierdie stadium 'n akkurate beeld van die burokrasie te teken waarin die ware (inheemse) antwoord op die aanbod helder na vore kom.

In hierdie lig moet die onderstaande dan ook gesien en beoordeel

word.

Omdat die reeds lank-bestaande administratiewe struktuur vir Tswana=beheer in 1968 van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ontkoppel is, ingeskakel is onder die Gebiedsower=heid en dié reëlmakende en reëluitvoerende apparaat gekoppel word aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, beteken dit dat Bophuthatswana in dieselfde bootjie is as alle ander na-koloniale state: Dit erf 'n sterk ontwikkelde burokra=sie wat 'n geweldige bate maar terselfdertyd 'n belemmering is, omdat dit geneig is om groei in die nie-burokratiese sfeer van die politiek te inhibeer.

Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat die burokrasie van Bophuthatswana 'n kragtige integrerende rol kan speel ten opsig=te van alle komponente van die bevolking en dus as belangrike nasievormingsfaktor aangemerk behoort te word. Dit is goed ontwikkeld; gesentraliseerd en feitlik die enigste struktuur wat die hele staatsgebied redelik intensief bestryk. Tweedens het die voog die tradisionele parogiale strukture in die stam=gebiede (stamowerhede) vir administratiewe doeleindes by die nasionale struktuur ingeskakel. Waar dié plaaslike strukture nie (meer?) bestaan nie, is vir landelike gebiede gemeenskaps=owerhede ingestel en vir die nuut-ontstaande dorpe is/word dorpsrade ingestel wat ook binne die breër struktuur ingeskakel is en word. Verder is daar ook reeds aan die Batswana in Blan=ke stedelike gebiede aandag gegee, maar omdat dié gebiede buite die nasionale gebied val, kan die nasionale struktuur hier al=leen 'n periferale rol speel. Nietemin is daar binne dié ge=biede reeds Tswanarade ingestel wat inskakel onder 'n verteen=woordiger van die tuislandse gesagstruktuur. Gevolglik word hierdie struktuur wat binne Blankegebied opereer as 'n verleng=

stuk van die tuislandse burokrasie beskou.

Tweedens is dit ook so dat die burokrasie in Bophuthatswana die enigste struktuur is wat die regeerfunksie op nasionale vlak kan uitvoer. Dit verskaf stabiliteit en kontinuïteit binne die gebied en kan, as omstandighede dit vereis en juis vanweë die feit dat dit sterk ontwikkeld is, die bestuur van die gebied behartig in afwesigheid van 'n reëlmakende instelling (wetgewende vergadering) op nasionale vlak. 'n Belangrike rede vir hierdie bevoegdheid is natuurlik geleë in die feit van die nog bestaande administratiewe verbondenheid met die R.S.A. Verder kan ook aanvaar word dat die burokrasie in 1974 nog by verre die belangrikste rol in die implementering van ontwikkelingsprogramme en -projekte in die tuisland speel. In hierdie verband kan gedink word aan sake soos landboukundige ontwikkeling (voorligtingsdienste, veeverbetering, oesproduksie, koöperasievorming, subsidiëring ens.), dorpstigting, fisiese infrastruktuurbou (paaie, brûe), onderwysbeheer, ens. Trouens, in enige gebied gekenmerk deur 'n relatiewe afwesigheid van 'n ondernemende middelklas en partikuliere inisiatief lê die ontwikkelingstaak feitlik uitsluitlik op die skouers van die burokrasie. Dat die burokrasie van Bophuthatswana in die uitvoering van die ontwikkelingstaak oorwegend as "agent" vir die sentrale regering optree en sy fondse dan ook daarvandaan ontvang, doen geen afbreuk aan die feit dat dit 'n ontwikkelingsrol speel nie.

Ten nouste met die ontwikkelingsrol, hang saam die opleidingsrol wat dit binne Bophuthatswana vervul. En in hierdie verband is daar onderskeid te maak tussen die velde van (a) personeelopleiding en (b) die totale opleidingsveld, dit wil sê die opleiding van amptenare enersyds en die "opleiding" van die gemeenskap andersyds met die oog op nasionale vooruitgang.

Sover dit personeelopleiding aanbetref, is dit so dat daar tot en met 1974 nog betreklik min uitdruklike aandag gegee is aan die indiensopleiding van Tswana-amptenare. Die hoofrede hier=voor is geleë in die feit dat die pos van (Blanke) opleidings=beampte sedert 1972 vakant was en dat die Tswana opleidings=beampte en een klerk, wat die hele opleidingsafdeling in 1974 uitgemaak het, nie die veld bevredigend kon dek nie. Na mede=deling van die Sekretaris van die Regeringsdienskommissie, onder wie die opleidingsafdeling inskakel, is kursusse vir op=leidingsbeamptes en toesighouers egter beplan wat in medewerking met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aangebied sou word. Op laer vlak is daar egter wel kursusse aangebied. So is verneem dat kursusse met die oog op inlywing van nuwelinge, vir arbeidsbeamptes en vir stamklerke aangebied is en dat 48 amptenare dit gedurende 1972 deurloop het. Voorts het die opleidingsafdeling in oorleg met die sentrale beurse=komitee in 1972 'n totaal van 46 beurse aan Tswanakandidate toe=geken[59] vir verdere studie aan die verskillende Bantoe-univer=siteite, Universiteit van Suid-Afrika, Mmadikoti en Polokwane Tegniese Kolleges. In 1973 is 72 beurse toegeken.

Alhoewel die behoefte vir opleiding ooglopend die vermoë van die opleidingsfasiliteite oorskry, is dit egter ook opvallend dat daar binne die burokrasie wel voorsiening gemaak is vir die op=leiding van lae-, middel- en selfs hoëvlakamptenare.

Die tweede veld hierbo aangedui lê veel breër as die eerste. Nader aangedui kom dit neer op die opleiding van owerheidsinstel=lings (stam-, streeks- en gemeenskapsowerhede en enige rade wat

---

59. Beurse word toegeken vir studie in die volgende rigtings: B.Comm., B.Admin., B.Iuris, B.A., B.A.(S.W.), Staatsdiens=eksamen in die Regte, Diploma in Ingenieurswese, Siviele In=genieurswese, Opmeting en Elektriese Ingenieurswese.

reeds bestaan); gemeenskapsleiers soos kabinetslede, voorsit= ters, en sekretarisse van die verskillende owerhede wat binne en vir die Tswanagemeenskap bestaan; gewone lede van die gemeen= skap wat elk op sy bepaalde terrein 'n bydrae tot landsontwik= keling kan lewer en ook die werker wat 'n spesifieke ambag be= oefen of kan beoefen. Dit uitvoering van hierdie opleidings= taak - waaraan die owerheid nog net periferaal geraak het - sal belangrike resultate lewer. Eerstens sal dit lei tot 'n eweredige verspreiding van bestuursvernuf, 'n groter mate van gedeelde verantwoordelikheid, en behoort dit die veld voor te berei vir die uitbreiding van die verantwoordelikhede van plaaslike owerhede sodat hulle uiteindelik die funksies wat nor= maalweg deur plaaslike owerhede uitgevoer word, maar tans nog deur die "sentrale owerheid" verrig word, kan oorneem. So 'n aktivering van laere owerhede kan alleen 'n heilsame invloed op interowerheidskommunikasie uitoefen en daarmee 'n meer organiese verhouding tussen sentrale en plaaslike bestuur, en dus nasie= vorming, uitoefen. In ekonomiese opsig kan breër opleiding lei tot nywerheidsontwikkeling; 'n verhoogde persoonlike inkome; vinniger groei in tersiêre en kwa-tersiêre nywerhede; meer arbeidsgeleenthede, 'n hoër nasionale inkome en gevolglik 'n uitbreiding in die lewering van noodsaaklike dienste deur die owerheid aan die gemeenskap. Finansieel behoort dit te lei tot mindere afhanklikheid van owerheidshulp in die vorm van toelaes, pensioene en ander sosiale hulpskemas wat in 1974 sowat 60 per= sent van die begroting van Bophuthatswana se Departement van Binnelandse Sake uitgemaak het. In maatskaplike opsig het in= formante verwys na die bekamping van siektes en 'n groter mate van selfversorgenheid ten opsigte van welsyn as resultate van opleiding op breë grondslag. "Hierdeur", is ons meegedeel, "behoort die kloof tussen die nasionale regering, die gemeenskap, en tradisionele plaaslike owerhede vernou te kan word tot die

punt van gemeenskaplike aanvaarding".

Daar is reeds daarna verwys dat hierdie tweede breër veld nog net periferaal aangeraak is. Die houding in regeringskringe in Bophuthatswana is dat die taak uiters dringend en omvangryk is, maar dat die eerste prioriteit geleë is in personeelopleiding omdat hulle, as ontwikkelingsdraers, onontbeerlik is vir die uitvoering van die breër ontwikkelingstaak.

Vierdens is die proses van lokalisering van die burokrasie van Bophuthatswana reeds 'n geruime tyd aan die gang. As gevolg van die knelpunte in die personeelopleidingsverband vorder die proses egter stadiger as wat sommige informante dit graag sou wou hê. Dit is veral lede van die kabinet wat, om verstaan= bare redes, graag 'n sneller lokalisering wil sien maar terself= dertyd nie bereid is om doeltreffendheid op te offer ter wille van vinniger lokalisering nie. Nogtans het Bophuthatswana-amptenare aan die begin van 1973 meegedeel dat geen Blanke son= der toepaslike ondervinding voortaan in diens geneem word nie. Inligting wat tydens onderhoude bekom is sowel as uit Hansards van die Wetgewende Vergadering, toon dat daar wel vordering gemaak word ten opsigte van lokalisering.

In 1969 het die Gebiedsowerheidsdiens tot stand gekom met 968 poste - onderwysers uitgesluit - waarvan 27 persent (254) beset is deur Blanke amptenare. Teen die einde van 1970 was ongeveer 25 persent poste (250) deur Blankes beset. Gedurende 1972 is die poste op die vaste diensstaat vermeerder met 77,9 persent (tydelikes is omskep tot permanentes en nuwes is geskep) as gevolg waarvan die besetting van poste deur Blankes gedaal het na 14,4 persent.[60] In Januarie 1973 is meegedeel dat die

---

60. *Debatte ... 1973,* p.30.

regeringsdiens oor 1 614 permanente poste beskik en dat die be= setting deur Blankes gedaal het na 11,4 persent terwyl die ver= swarting gestyg het met tussen 15 en 20 persent. In 1974 is aangekondig dat die totale diensstaat met 26 persent uitgebrei is, terwyl die besetting van poste deur Blankes met 2 persent verminder is.[61] Dit beteken dat die vaste diensstaat in 1974 uit sowat 2 034 poste bestaan het, waarvan sowat 180 deur Blan= kes beklee word.[62] Hierbenewens het die owerheid in 1973 tus= sen 5 000 en 10 000 arbeiders in diens gehad. Die oorname van gesondheidsdienste en vorming van 'n eie inligtingsafdeling sou uiteraard lei tot 'n vermeerdering van poste vir Batswana.

Dié lokalisering geskied egter ook nie sonder probleme nie. Hierna word hieronder verwys.

Laastens word daarop gewys dat die burokrasie ook reeds rade en kommissies in die lewe geroep het met die oog op die lewering van gespesialiseerde dienste. In hierdie verband word gedink aan die voorgestelde Landraad wat die Tswanastandpunt ten opsig= te van grond sou bepaal en onderhandelings sou voer oor die konsolidasievraagstuk. Tweedens funksioneer die Regeringsdiens= kommissie reeds enkele jare en dit het reeds 'n belangrike by= drae gelewer ter voorsiening van amptenare vir die uitvoering van owerheidsbesluite. Gedurende 1973 het die tuislandregering sy eie drankwet aangeneem en in terme daarvan het 'n Drankraad tot stand gekom vir Bophuthatswana. Voorts is, met die oog

---

61. *Debatte ... 1974*, p.42.

62. Dit is interessant om daarop te let dat die staatsdiens van Botswana in 1968 'n totaal van 2 282 plaaslike ampte= nare gehad het en 704 nie-inheemse amptenare waaronder 438 Blankes - in verhouding baie ongunstiger as in Bophuthatswa= na. (Vgl. Jeppe, W.J.O. Die opleiding van amptenare met die oog op mannekragmobilisasie. Ongepubliseerde referaat ge= lewer by die Universiteit van die Noorde, April 1971, p.7).

op die oorname van gesondheidsdienste, voorsiening gemaak vir die bestaan van 'n Gesondheidsraad vir elke hospitaaldistrik. Stellig bestaan daar reeds verdere rade en kommissies, maar hierdie bogenoemde voorbeelde toon dat daar wel 'n responsiewe houding ten opsigte van nasionale probleme binne die burokrasie bestaan.

Kortliks: Die politieke en administratiewe uitvoerende gesag in Bophuthatswana funksioneer tans nog onder die "sambreel" van die R.S.A. Dit is deur die Tswana aanvaar en word omskep van 'n primêr beheergerigte apparaat na 'n primêr-ontwikkelings= gerigte apparaat omdat dit die taak het om as beplanner, onder= nemer en stimuleerder vir sosio-ekonomiese ontwikkeling op te tree. Nuwe velde word dus deur die burokrasie betree - en terselfdertyd is die moderne gespesialiseerde burokrasie 'n nuwe veld wat deur die Tswana betree word. Onder die omstandighede is dit dan ook alleen logies dat daar verskeie probleme op die voorgrond sou kom waarvan sommiges diepgrondiger as andere sou wees. Sommige hiervan gee dan ook reeds 'n idee oor wat verder= aan verwag kan word en helderder na vore behoort te kom namate die burokrasie 'n sterker Tswanakarakter aanneem.

## 4.2 Enkele tendense en probleme

Alhoewel nog in enigsins versluierde manifestasies, is daar reeds vorme van prismatiese gedrag merkbaar binne die burokrasie. Eerstens kan hier verwys word na die neiging om die politieke party te konvergeer met die burokrasie. In hierdie verband is meegedeel dat daar 'n neiging bestaan om partygenote in die buro= krasie (onregverdiglik) te bevorder en om amptenare (waaronder skoolhoofde) wie se lojaliteit aan die B.N.P. betwyfel is, of bekend geword het as "Seoposengwe-mense", te demoveer ôf op sy=

spore te skuif òf om B.N.P.-lede "oor hulle koppe" te bevorder. In hierdie verband is veral onderwysers in 'n dilemma geplaas: Volgens wetlike voorskrif mag hulle nie "aan die (party) poli= tiek deelneem nie", maar terselfdertyd is daar vanuit party= kringe van hulle verwag om hulle te identifiseer met die B.N.P. deur die dra van 'n partyknopie. Skynbaar het daar skorsings van onderwysers plaasgevind oor party-aktiwiteite en daarom ook was respondente in Bophuthatswana uiters lugtig vir ons vraelys omdat dit gaan "oor die politiek".

Tweedens illustreer die bedanking van die Stedelike Verteenwoor= diger in 1973 'n ander faset van basies dieselfde verskynsel. Dié persoon is deur die Gebiedsowerheid aangestel in 1965 terwyl kaptein Pilane nog voorsitter daarvan was. Ná die "bewindsoor= name" van 1968 en veral vanaf 1972 is hy, volgens eie mening, daarvan verdink dat hy 'n "Pilane-man" is. Die gevolg was 'n dreigende afdanking, 'n kortstondige vrede as gevolg van Blanke tussenkoms en uiteindelik is hy "verplaas" na Mafeking. Omdat die persoon enersyds bevrees was vir arbitrêre administratiewe optrede ná diensaanvaarding te Mafeking en andersyds sy reeds verkreë regte ingevolge artikel *tien* van die *Stadsgebiede (Kon= solidasie) Wet, 1945* binne Blanke stedelike gebied sou verloor, het hy feitlik "geen ander keuse" gehad as om te bedank nie. Hierdie neiging tot konvergensie skep 'n mate van onsekerheid binne die amptenary enersyds, en veroorsaak uiteraard andersyds dat opponerende politieke partye en groepe ook deur die burokra= sie beveg word.

Derdens ontstaan die indruk dat daar 'n redelike mate van menge= ling tussen "politiek" en "administrasie" plaasvind, maar dat hierdie verskynsel nog enigsins gerem word deur die senior Blan= ke amptenare wat hulle afsydig hou van politieke sake. Namate

Tswana-amptenare die boonste range betree, kan sterker uitings van hierdie verskynsel verwag word. Nietemin is verneem dat Tswanapolitici, besonderlik kabinetslede, 'n sterk neiging toon om in te meng in administratiewe sake. Aanstellings, bevorder=ings en diensvoorwaardes van amptenare in die algemeen is ge=noem as voorbeelde, terwyl kabinetslede ook na bewering hulle deure open vir 'n toeloop van klaers oor suiwer administratiewe sake. Dit is onder hierdie omstandighede ook betekenisvol dat een van die eerste sake waaroor meer magte in 1970 aangevra is deur die Hoofraadslid, die aanstelling, afdanking, oorplasing en bevordering van Tswanapersoneel was.[63]

Samehangend hiermee en oënskynlik om eie populariteit te ver=hoog, is verneem dat 'n kabinetslid by geleentheid die Tswana=amptenare byeen geroep het en gekla het oor die "wit muur" tus=sen hom en dié amptenare. By die geleentheid is hulle meegedeel om, indien hulle meen hulle "nie reg" behandel word sover dit bevorderings aangaan nie, hulle "reguit" na hom moet kom. Ons informant ('n Motswana) het verder meegedeel dat verskeie Swart junior personeel wat nog nie aanspraak op bevordering het nie "die kortpad gevat het" en toe in opdrag van bo bevorder is. Só 'n verskynsel skep uiteraard ontevredenheid en lei tot 'n verlaging in administratiewe doeltreffendheid.

Vierdens het daar 'n betreklik wydverspreide klagte bestaan oor outokratiese optrede en inmenging in die sake van laer owerhede deur die Hoofminister. Gedurende 1973 is verneem "dat die ministers in die *Daily Mail* lees wat die kabinet besluit." Verder "kan 'n minister nie 'n persoon aanstel - nie eers 'n skoonmaker by 'n skool nie - voordat die Hoofminister nie sy

63. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Lêer R204/6, f. 46-47.

goedkeuring vir die aanstelling gegee het nie." Inmenging in die sake van laer owerhede is tydens die 1974-sitting uitgewys, veral as gevolg van die Hoofminister se pogings om kaptein Masel= oane ontsetel te kry as voorsitter van die Madikwestreekower= heid. Hiertydens het een lid van die Wetgewende Vergadering dan ook opgemerk: "Ek vind dat ons Hoofminister dikwels doen wat hy dink reg is en wat hy dink hom sal pas en sodoende tree hy op asof hy 'n kaptein is wat nie wette het om te volg nie".[64]

Sover dit prismatiese gedrag betref, sou vyfdens verwys kon word na die skepping van poste, subtiele intimidasie, die stigting van die Ontwikkelingsfonds, toestaan van lisensies en neigings tot die gee van persoonlike geskenke uit staatsfondse. Hierdie verskynsels is almal verklaarbaar teen die agtergrond van die mengeling van waardes en die oordra van tradisionele gedrags= patrone na die nuwe politieke milieu.

Afgesien van hierdie neigings bestaan daar ook ander probleme wat óf die werking, óf die beeld van die burokrasie in die oog van die meer gesofistikeerde benadeel. In hierdie verband kan eerstens verwys word na die Blanke amptenare.

Omdat die opleiding van Tswana-amptenare eers vanaf 1969 aksent verkry het, moes die 254 Blanke amptenare in 1968 gesekondeer word aan die Gebiedsowerheid met die oog op bekleding van senior poste. Vir verskeie het dit 'n bevordering meegebring en onder sommiges die vrees vir 'n "bottelnek" laat ontstaan wanneer hulle weer sou terugkeer na Pretoria. Gevolglik was daar diegene onder hulle wat geen poging aangewend het om die junior Swart amptenare op te lei nie, omdat hulle dan oorbodig sou word en noodgedwonge sou moes terugkeer na die "bottelnek".

---

64. *Debatte ... 1974*, p.62.

Hierdie belading van poste deur Blankes het, hoe onontkombaar dit op daardie tydstip ookal was, blykbaar 'n skok-effek op talle Swartes gehad wat groot verwagtings van die "new deal" gekoester het. Een van hulle het dan ook opgemerk: "Ek het gedink ons het nou 'n soort *home-rule,* maar toe ek op Mafeking kom, toe sien ek in die kantore net Wittes. Naderhand toe kry ek 'n Swarte wat 'n *tea-tray* dra ..." Derdens het Swart informante in 1970 teenoor ons opgemerk dat "hier nog te veel Bantoesakekommissarisse en hoofbantoekommissarisse" onder die Blanke amptenare is. ('n Verwysing na die houding dat die amptenaar onbetwisbaar en magtig is). Hierdie probleme is later, indien nie opgelos nie, dan wel verlig. Trouens, ons indruk in 1974 is dat die Blanke amptenare besonder toegewyd is - ten spyte van die feit dat hulle deur sekere Tswana-politici beskuldig word van inmenging in politieke sake; gebruik word as slaansak en weerligafleier, en by geleentheid bestempel is as "die swakste wat Pretoria het."

Volgens amptenare van die Regeringsdienskommissie word geen probleme ondervind met die werwing van junior amptenare vir die regeringsdiens nie en baie word getrek uit Kimberley, terwyl daar weinig belangstelling uit Johannesburg gekry word. Uit Pretoria bestaan daar wel belangstelling, maar aansoekers stel oorwegend net belang in poste te Garankuwa en Mabopane. Omdat klerke daarin belang stel om hulle te vestig in 'n bepaalde gebied, bepaaldelik die eie stamgebied of in die omgewing daarvan, is verplasings onpopulêr en bly die gesin van 'n amptenaar soms agter met verplasing. Werwing van goedopgeleide persone van buite Bophuthatswana (bv. Blanke stedelike gebiede) vir administratiewe poste word nie onderneem nie omdat dit na bewering ontevredenheid onder die bestaande amptenary sal veroorsaak. Informante in stedelike gebiede - waaronder 'n sekre=

taris van 'n stedelike Bantoeraad - het dan ook meegedeel dat hulle in verbinding was met Mafeking oor 'n moontlike aanstel= ling, maar dat die poste en salarisse so ongunstig vergelyk met dit wat hulle tans het dat hulle nie oorweging daaraan kon gee nie. Daar bestaan dus wel moontlikhede om opgeleide Tswana= personeel van buite te trek en daardeur ook die proses van lo= kalisering te bevorder, maar vanweë die momentum wat daar reeds binne die burokrasie bestaan, word dit as ondoenbaar beskou.

'n Derde probleem is te vind in die relatiewe verskil in op= voedkundige peil tussen Swart amptenare en politici. Daar is politici wat 'n hoë opvoedkundige peil bereik het, maar die meerderheid lede van die Wetgewende Vergadering staan op 'n laer skolastiese vlak as die gemiddelde amptenaar en gevolglik kan verwag word dat daar 'n bevraagtekening van sekere poli= tieke besluite deur amptenare sal voorkom. Dit stimuleer uiter= aard die neiging by amptenare om politieke besluite te neem. Blykbaar lê die belangrikste rede waarom die Swart amptenare nie (ongeskoolde)kapteins in die Wetgewende Vergadering wil hê nie, ook in hulle laer gemiddelde peil van geskooldheid.

Geen aanduidings dat daar klektes binne die burokrasie bestaan is gevind nie en daar is ook geen pogings tot primordialisering geïdentifiseer nie. Indien hierdie verskynsels wel bestaan, is die profiel daarvan so laag dat dit moeilik waarneembaar is. Dit is wel owerheidsbeleid om poste in stamgebiede sover moont= lik met amptenare wat lede van die betrokke stamme is te vul, maar dit kan nie as 'n klekte beskou word nie. Op sentrale vlak word lede van talle stamme aangetref en stellig is die afwesig= heid van klektes toeskryfbaar aan die feit van so baie stamme in Bophuthatswana Dit is egter baie moontlik dat die nie-Tswana-element (Ndebele, Zulu, Pedi) in die toekoms sal poog om

burokratiese klektes te vorm met die Odi- en Moretele-distrikte as beginpunte.

Laastens word verwys na die feit van 'n gespesialiseerde/gedif=frakteerde burokratiese struktuur op sentrale vlak en 'n veel=doelige struktuur op plaaslike (stamowerheids-)vlak en verband=houdend daarmee, die feit dat stamhoofde beskou word as reël=makers (omdat 'n aantal van hulle in die Wetgewende Vergadering sit) sowel as reëluitvoerders op plaaslike vlak; politikus so=wel as amptenaar. Beide hierdie verskynsels is 'n gevolg van toegewings aan en aanpassings by bestaande werklikhede, maar veral die tweede verskynsel wek ontevredenheid in verskeie Swart kringe.

## 4.3 Evaluerend

Die burokrasie is vir die grootste deel van die bevolking sinoniem met die regering. En omdat identifikasie met die re=gering of owerheid 'n aanduider is van die proses van nasie=vorming, moet nou gevra word na die houding van die burgery ten opsigte van die burokrasie. Met die oog hierop is die volgende vrae aan tuislandse respondente gestel en is die aangeduide ant=woorde ontvang.

Tabel 53: Houdings ten opsigte van die burokrasie

(a) Wie regeer die stam?

| | *Stamhoof* | *Lekgotla* | *Magistraat* | *Pretoria* | *Mafeking* |
|---|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 100% | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Geskooldes : | 56% | 17% | 13% | 13% | 0 |

(b) Is die stamowerheid reeds deur respondent versoek om aandag aan 'n bepaalde saak te gee?

| | | *Ja* | *Nee* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | N.v.t. | N.v.t. |
| Geskooldes | : | 53% | 23% |

(c) Is behoorlike aandag daaraan gegee?

| | | *Ja* | *Nee* |
|---|---|---|---|
| Geskooldes | : | 77% | 23% |

(d) Doen die stamowerheid sy werk doeltreffend?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 100% | 0 | 0 |
| Geskooldes | : | 48% | 37% | 15% |

(e) Behoort lede van die stamowerheid verkies te word?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 0 | 100% | 0 |
| Geskooldes | : | 71% | 12% | 17% |

(f) Behoort die stamowerheid 'n adviserende raad te hê bestaande uit geskoolde persone?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 33% | 66% | 0 |
| Geskooldes | : | 100% | 0 | 0 |

(g) Behoort die stamowerheid elke vyf jaar hersaamgestel te word?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 0 | 100% | 0 |
| Geskooldes | : | 90% | 5% | 5% |

(h) Behoort die regering van die stamgebied oorgedra te word aan die regering van Bophuthatswana?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 0 | 100% | 0 |
| Geskooldes | : | 32% | 36% | 32% |

(i) Is die stamhoof 'n amptenaar van die regering van Bophuthatswana?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 66% | 0 | 33% |
| Geskooldes | : | 95% | 0 | 5% |

(j) Wat dink u van die regering van Bophuthatswana?

| | | *Goed* | *Swak* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 33% | 0 | 66% |
| Geskooldes | : | 50% | 15% | 35% |

(k) Doen die regering van Bophuthatswana meer vir ander stamme as vir hierdie stam?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 0 | 33% | 66% |
| Geskooldes | : | 17% | 28% | 55% |

(l) Kan die regering van Bophuthatswana meer vir die ont=wikkeling van die stam doen as die stamowerheid?

| | | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | : | 33% | 66% | 0 |
| Geskooldes | : | 47% | 21% | 32% |

Hierdie vrae en antwoorde is selfverduidelikend en gee 'n indruk

van die definiëring en beeld van die burokrasie uit die oogpunt van die stamowerhede enersyds en geskooldes andersyds. Ons wil egter graag die volgende houdings onderstreep.

Eerstens val dit op dat die stamowerhede nog feitlik totaal stamsentries is in hulle ingesteldheid ten opsigte van die buro=krasie. Trouens, die nasionale burokrasie is blykbaar betreklik irrelevant sover dit die stamregering aangaan. Hierteenoor toon die geskooldes 'n groter mate van bewustheid van die nasionale burokrasie en daar is feitlik 'n gelyke verdeling onder geskool=des oor die vraag of die stamgebied onder direkte beheer van die nasionale burokrasie geplaas behoort te word. In aansluiting hierby neig die stamowerhede daarna om die stamhoof as verteen=woordiger van die stam na of binne die sentrale burokrasie te beskou, terwyl die geskooldes klaarblyklik geen twyfel daaroor het nie dat die stamhoof 'n amptenaar van die nasionale buro=krasie is. Die geskoolde skakel die stamhoof dus in 'n sis=teem wat sy energie van "bo" (sentrale vlak) kry, terwyl die stamowerheid hom inskakel binne 'n sisteem wat van "onder" (stamme) gepositiveer word.

'n Tweede punt wat in die oog spring, is die evaluering van die stamowerheid as plaaslike bestuursliggaam. Stamowerhede self het geen twyfel oor die meriete van hulle samestelling en oor die feit dat hulle hulle taak op 'n bekwame wyse volvoer nie. Die geskooldes hierteenoor huldig 'n heel ander standpunt ten opsigte van die stamowerheid wat betref funksionering en - veral - samestelling. Minder as 50 persent beskou dit as doeltreffend; meer as 70 persent wil dit omvorm tot verkose liggaam; 100 persent reken dat dit 'n staande adviserende raad bestaande uit geskooldes behoort te hê - 'n praktyk wat reeds by minstens een stam bestaan - en 90 persent meen dat dit

elke vyf jaar hersaamgestel behoort te word. Oor die langter= myn gesien voorspel dit toenemende opposisie teen stamowerhede vanuit stamgeledere - as die samestelling daarvan nie verander word nie. Tweedens skep dit 'n gunstige klimaat vir die ver= sterking van die nasionale burokrasie, verswakking van die stam= burokrasie en gevolglik, versagting van stamgrense en bevorder= ing van nasievorming oor stamgrense heen.

Die geskooldes het dan ook aangedui dat die grootste enkele per= sentasie van hulle glo dat die regering van Bophuthatswana meer vir die stam kan doen as die stamowerheid en dat hulle die Bophuthatswana-regering as "goed" ervaar.

Hoe evalueer die stedelinge die tuislandse burokrasie en sy ver= lengstuk na die Blanke stedelike gebiede? Tot ons verbasing is ontdek dat hier 'n positiewer beeld ten opsigte van die buro= krasie bestaan as onder die geskooldes in die tuisland - 'n toestand wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die tuislandse burokrasie 'n minder ingrypende rol in hulle lewens speel, omdat hulle feitlik buite die dwangkrag daarvan staan. Nietemin het 55 persent respondente aangedui dat hulle reeds die doeltreffendheid of ondoeltreffendheid van die tuislandse buro= krasie ervaar het.

Sover dit plaaslike owerhede in tuislande aangaan, het die meer= derheid stedelinge (42 persent teenoor 38 persent met 20 persent neutraal) aangedui dat die Batswana in stedelike gebiede nie meer kapteins gehoorsaam nie; het 61 persent aangedui dat kap= teins nie (net omdat hulle kapteins is) as politieke leiers be= skou kan word nie; het 80 persent die stamhoof gesien as 'n amp= tenaar van die Bophuthatswana-regering en het 64 persent aange= dui (teenoor 20 persent met 16 persent neutraal) dat die ad=

ministrasie van stamgebiede oorgedra behoort te word vanaf stam=owerhede en kapteins na die nasionale burokrasie. Wat hierdie informante betref, behoort die aksent baie pertinent te lê op die nasionale teenoor die stamlike.

Wat die verlengstuk van die tuislandse burokrasie (nasionaal en stamlik) aanbetref, bestaan daar die volgende houdings en eva=luasies. Sowat 80 persent respondente ken 'n kapteinsverteen=woordiger en slegs 48 persent van hulle dink dat 'n kapteinsver=teenwoordiger 'n belangrike funksie vervul - nie ten opsigte van hulleself nie maar ten opsigte van diegene in die Blanke=gebied wat nog sterk *stamgerig* is. Hierteenoor meen 60 persent dat die Stedelike Verteenwoordiger van die Bophuthatswana-rege=ring op die Witwatersrand en Pretoria 'n belangrike funksie vervul en het 73 persent van hulle reeds een of ander saak onder sy aandag gebring of met hom bespreek. Hiervan was 50 persent tevrede met die aandag wat dit ontvang het van die burokrasie en 50 persent was van mening dat die saak of aangeleentheid nie behoorlike aandag ontvang het nie. Alhoewel die liggame op ver=skillende terreine beweeg, het 60 persent respondente die plaas=like Tswanaraad as van groter belang vir hulle as Tswana beskou as die Stedelike Bantoeraad en het 53 persent (teenoor 27 per=sent met 20 persent neutraal) aangedui dat die Tswanaraad meer mag behoort te hê as die Stedelike Bantoeraad. 'n Totaal van 52 persent het die voorsitter van die plaaslike Tswanaraad as bevoegd vir sy amp beskou; 75 persent het reeds een of ander saak onder sy aandag gebring en 60 persent van hulle was tevre=de dat die saak behoorlike aandag ontvang het. Ook hier is die beeld dus oorwegend positief.

Sover dit die algemene beeld van die tuislandse burokrasie be=tref, het 53 persent stedelinge (teenoor 15 persent met 31 per=

sent neutraal) aangedui dat die regering van Bophuthatswana "goed" is. Die doeltreffendheid of ondoeltreffendheid daarvan is, soos reeds gestel, deur 55 persent ervaar. As redes waar= om dit as doeltreffend beskou word, is aangevoer dat dit die Batswana georganiseer het en stamme gekonsolideer het in 'n nasie; vinnige veranderings in politieke verband bewerkstellig het; sigself aanvaarbaar gemaak het vir die meerderheid Batswana; 'n positiewe en praktiese benadering ten opsigte van nasionale vraagstukke openbaar; dit nou "die stem van die Batswana" by die sentrale regering laat hoor, en die waardigheid van die Batswana binne die land bevorder het. As redes vir die feit dat dit ondoeltreffend is, is aangevoer dat dit (tans) diktatoriaal is; nie in staat is om die aktiwiteite van die Bantoebeleggings= korporasie in Bophuthatswana te beheer nie; geen goeie skake= ling met Batswana in stedelike gebiede handhaaf nie; oënskyn= lik onmagtig is om die verskuiwing van stamme stop te sit; fondse wanaanwend en lede van die Wetgewende Vergadering en amptenare swak besoldig.

Alhoewel sommige stedelike respondente deurgaans 'n negatiewe of neutrale houding inneem ten opsigte van die tuislandse ower= heid, het dit tog opgeval dat 100 persent van hulle van mening was dat die tuislandse owerheid meer aandag aan die Batswana in Blanke stedelike gebiede, behoort te gee. Gevra in watter op= sigte dit hulp kan verleen aan die Batswana in stedelike ge= biede, is geantwoord dat dit nouer skakeling met die stedelikes behoort te handhaaf met die oog op verbetering van lewensom= standighede in stedelike gebiede soos beter lone, meer onder= wysgeleenthede, handelslisensies, beter behuising en verligting van toestromingsbeheer; Tswana-onderwysers uit die tuisland na die stedelike gebiede behoort te stuur en beurse aan Tswana= kinders behoort te gee; stedelike Batswana betrokke moet maak

by en raadpleeg oor tuislandontwikkeling; 'n Tswanakoerant behoort te stig vir verspreiding in stedelike gebiede; direkte verteenwoordiging aan stedelike Batswana in die Wetgewende Vergadering kan gee (dit wil sê stedelike kiesafdelings "daarstel"); ontwikkeling in Bophuthatswana behoort te versnel; die vestiging van stedelikes in die tuisland daardeur moontlik maak en meer magte aan Tswanarade in stedelike gebiede behoort te "gee".

Na aanleiding van die bostaande word dit duidelik dat die beeld van die tuislandse burokrasie in 1972-73 veel positiewer was onder stedelike Batswana as wat geredelik verwag kan word. Tweedens het daar onder hulle 'n baie sterker identifikasie met die nasionale as die stamlike bestaan en derdens kom dit voor asof die stedelikes op die tuislandse burokrasie vertrou en wil steun om hulle lot in stedelike gebiede te verlig en dit wil aanwend om vir hulle 'n beter bedeling in Blanke stedelike gebiede te bewerkstellig. En as hierdie houdings reg begryp word, beteken dit dat geïdentifiseer word met die tuislandse burokrasie.

Alles in ag genome, moet dus 'n oorwegend positiewe respons ten opsigte van die burokrasie van Bophuthatswana aangeteken word. Terselfdertyd moet egter erken word dat daar afstotende faktore bestaan wat, indien dit nie reggestel kan word nie, sal lei tot 'n toenemende opbou van opposisie teen die tuislandse owerheid *buite* dié liggame waarin die opposisie behoort te wees.

## 5. Sosialisering

Die antwoord van die Batswana op die aanbod van die voog in bogenoemde verband, en besonderlik ten opsigte van politieke so-

sialisering, is op hierdie stadium nog nie baie duidelik nie. Tendense kan in 'n medium soos die onderwys reeds aangetoon word, maar omdat die Departement van Bantoe-onderwys nog beheer uitoefen oor sake soos leerplaninhoud en onderwysstandaard en die proses van verinheemsing nog by verre nie voltooi is nie, bly die antwoord nog vaag. Ten opsigte van die pers en radio is die antwoord ewe vaag, omdat daar tans nog geen persorgaan en geen uitsaaidiens in Tswanabesit en onder Tswanabeheer is nie. Wat hierdie twee media betref, moet tendense dus afgelees word in die lees- en luistervoorkeure van respondente plus ge= gewens wat van elders verkry kon word oor voorkeure in hierdie verbande.

5.1 Onderwys

Die reaksie van die Batswana op die aanbod ten opsigte van on= derwys is reeds gedeeltelik aangedui in die oorweging van die aanbod. Däär is verskeie statistieke aangehaal wat ook as deel van die antwoord gelees moet word en nie hieronder herhaal sal word nie. Die aandag word verder tot die mees opvallende in die antwoord beperk.

Stellig omdat die moderne skoolonderwys soos aangebied deur Blanke kerkliggame en later die Blanke owerheid gesien en be= leef is as dië middel om die eie agterstand uit te wis, is dit deur die Batswana aangegryp. Dit was nie alleen die middel waardeur voldoen kon word aan die bestaansvoorwaardes soos ge= stel deur die Blanke nie, maar in sy wese het dit ook die mid= dele waardeur die Batswana sy posisie binne die gesagskonstel= lasie in Suid-Afrika kon bevorder, in die hand gelê. Vir die gemeenskap het onderwys ook sinoniem geword met 'n witboordjie= betrekking, hoër persoonlike inkome, sekuriteit en sosiale aan=

sien. Daarmee het moderne onderwys dié strategie geword vir sekuriteit, prestige en bestryding van die Blanke se oorskikkende posisie in die gesagsraamwerk. Dit is gevolglik natuurlik en logies dat die meerderheid Tswana-ouers wou hê dat hulle kinders moes "leer" en gevolglik ook goed te verstaan dat die persentasiegroei in die leerlingtal gedurende die afgelope aantal jare die bevolkingsgroei onder die Batswana viermaal oortref het.

Die betwiste nuanses in die voog se onderwysbeleid ten spyt, het die Tswanagetalle in die skole besonder vinnig toegeneem - en daarin is seker die eerste reaksie op die aanbod waar te neem. Omdat die onderwys tot 'n groot hoogte aan universele norme gebonde is - lees, skryf, reken, gedagteformulering, verbreding van die geestelike horison -, sou die betwiste elemente in die leerplan soos moedertaalonderrig en bevordering van Tswanakultuur, 'n geringer rol, indien enigsins wel, in die bywoningssyfer speel. Die ongekende groei in leerlingtal het al die jare nog gelei tot 'n voortdurende tekort aan skoolgeboue, ameublement en onderwysers. Fondse om in die volle behoefte aan skoolgeboue te kon voorsien het ook nog altyd ontbreek, maar al sou dit wel beskikbaar gestel kon word, sou dit nog ontbreek aan die mannekrag om die geboue op te rig en aan die onderwysers om die skole te beman. Dus word die aanbod van onderwysfasiliteite tans nog oortref deur die aanvraag.

Tweedens kom dit voor asof daar, wat inskrywing betref, 'n wending besig is om in te tree in Tswana-onderwys. Die statistiek toon dat die onderwyspiramiede besonder breed is aan die basis in verhouding tot die top. Veral tussen primêre en sekondêre onderrig is daar 'n skerp daling in leerlingtal. Hierdie verskynsel stem ooreen met die ervaring elders in die ontwikkel=

ende wêreld en word normaalweg aan verskeie redes soos teleur=stelling, botsing tussen onderwysaktiwiteite en normale sosio=ekonomiese bedrywighede, ens. toegeskryf. Terselfdertyd dui die syfers vir die periode 1970-1973 egter ook daarop dat die persentasie-groei in matriek-leerlinge gedurende dié tydperk hoër was as die persentasie-groei op primêre vlak - volgens Breutz sowat 30 persent teenoor 12½ persent.[65] Dus is die piramiede reeds besig om balans te herwin. Dié tendens dui op 'n belangrike deurbraak in die onderwys; 'n verandering in be=nadering ten opsigte van onderwys aan die kant van die Batswana en moet noodwendig lei tot 'n progressiewe verhoging van die onderwyspeil en behoort gevolglik 'n belangrike bydrae te lewer tot geskoolde mannekrag en gemeenskapsontwikkeling oor 'n breë front.

Derdens is dit opmerklik dat daar, ten spyte van die geweldige potensiaal wat die rigting bied, 'n relatiewe gebrek aan be=langstelling in en inskrywing vir tegniese onderrig bestaan. Die relatiewe gebrek aan ambagslui, wat uit die oogpunt van ekonomiese ontwikkeling so noodsaaklik is, is volgens informan=te histories te verklaar. Eerstens is daar neergesien op ambags=opleiding, omdat dit *hande-arbeid* is - en volgens teenstan=ders van voogbeleid, gemik sou wees op die opleiding van Swart "halfgeskoolde arbeiders" vir die Blankes. Tweedens is ambags=

---

65. *Op. cit.* (1973). Die syfers ten opsigte van Bophuthatswana vir 1973 en 1974 is soos volg:

| *Klas* | | *1973* | *1974* | *Persentasie-verhoging* |
|---|---|---|---|---|
| Vorm | I | 8 621 | 10 890 | 20,8 |
| | II | 6 703 | 7 845 | 14,6 |
| | III | 4 815 | 5 375 | 10,4 |
| | IV | 1 106 | 1.703 | 35,1 |
| | V | 633 | 779 | 18,8 |

opleiding sonder vakleerlingskap onaantreklik en het die Blanke vakbonde dus in die weg gestaan van die opleiding van Swart ambagslui. Derdens het die Blanke owerheid, in die lig van die beperkte belangstelling in ambagsopleiding en uit vrees vir kritiek, die kwessie van tegniese onderwys op die agtergrond gelaat. Volgens informante het die bewussyn egter reeds by Tswanaleiers ontstaan dat 'n nasie nie net witboordjiewerkers nodig het nie en dat 'n toespitsing op tegniese opleiding voortaan verwag kan word.

Indien hierdie verskynsel gesien word as 'n adolessente reaksie op die kragte en invloede uit die nuwe milieu, dan moet die reaksie van die Batswana op die aangebode moedertaalonderrig en pogings tot opwekking van kultuurtrots in dieselfde lig gesien word. Hierby sou ook die historiese bewussyn gevoeg kon word. Binne die onderwys is daar wel diegene wat nie fout vind met moedertaalonderrig nie en wat dit graag sou wou uitbrei tot hoër vlakke, omdat dit volgens hulle sou lei tot meer begrip en minder papegaaiwerk en 'n geloof sou laat ontstaan in die vermoë van die eie taal. Ook is ons meegedeel "As jy ware poësie wil hê, moet jy gaan na die tradisionele. Die moderne is 'n namaaksel van Blanke poësie en vertoon 'n gebrek aan uniekheid. Die suksesvolste Tswanadigters is daarom ook diegene wat die tradisionele verstaan en dáárdie gees en vorme aanwend om iets uit die hedendaagse mee vas te vang." Diegene wat hierdie standpunt huldig is egter in die minderheid. Dit het baie duidelik geword dat die meerderheid onderwysers die Engelse taal sien as simbool van moderniteit en ontwikkeldheid en die Blanke kultuurvorme aanvaar as verwysingspunt. En hoe paradoksaal dit ookal mag klink, het ons ervarings gehad met onderwysers en skoolhoofde wat die indruk laat ontstaan het dat die tuislandse onderwysers en skoolhoofde sterker Blankgerig is

en 'n sterker apatie vertoon jeens die kultuureie as dié in Blanke stedelike gebiede. Hoe ookal, die besluit van die Wet=gewende Vergadering dat Engels as medium van onderrig moet geld vanaf standerd vyf tot matriek,[66] bevestig hierdie houding. (In Afrikaans moes die kinders "mettertyd" die nodige bekwaam=heid bekom).

Dié houding moet nie net uit akkulturatiewe oogpunt beoordeel word nie. Daar is steeds die ekonomiese werklikhede om mee rekening te hou en een onderwysman het die probleem van Tswana-onderwys só gestel: "Ek sou graag wou sien dat ons kultuur, ons taal, ons geskiedenis, baie meer aandag in ons skole kry, maar tot tyd en wyl ons fabrieke en ondernemings, dit wil sê werksgeleenthede, in Tswanabesit en onder Tswanabeheer het, moet ons ons kinders opvoed vir die Blanke mark. Ons moet hulle gereed maak vir die behoeftes van die Blanke werkgewer." Hoe gewigtig hierdie argument ookal mag wees, bied dit egter nog nie 'n genoegsame rede om die rug op die kultuureie te probeer keer nie. Gevolglik moet die neiging beskou word as 'n adoles=sente uiting van die volksbesef.

Dat dit 'n adolessente uiting van die *volksbesef* is, blyk uit die feit van identifikasie met die kultuureie wanneer daar ander (Swart) etniese eenhede op die toneel kom en daar gevolglik 'n groter mate van druk op die Tswana neerkom. Dan sit hierdie negatiewe waardering van die eie taal en eie kultuur om in 'n aggressiewe en positiewe waardering. In die Wetgewende Verga=

---

66. *Debatte ... 1973*, pp.186-187. Gedurende 1972 is 'n mosie ingedien dat Engels reeds vanaf std. III die voertaal moes wees. 'n Komitee van kundiges, bestaande uit persone soos proff. Kgware en Lekhela het egter aanbeveel dat dit eers vanaf std. V moes geskied.

dering is reeds verwys na bloedstorting in hierdie verband[67] en sommige onderwysers het kommer uitgespreek oor Xhosa was reeds taalregte opgeëis het in die Mafeking-omgewing. Ten opsigte van die nie-Tswanagroepe in Moretele en Odi stem houdings in onderwyskringe tot 'n redelike hoogte ooreen met dié wat in die Wetgewende Vergadering verneem word, naamlik dat die enigste Bantoetaalmedium in Bophuthatswana Setswana moet wees. En al sou daar in die geledere van die onderwysers so 'n voorkeur vir Engels bestaan, het geen enkele respondent in sy huis en met sy kinders Engels gepraat nie.

Sover dit die eie geskiedenis aanbetref, het ons die indruk dat ook dáárvoor weinig waardering bestaan in die geledere van die onderwysers. Die standpunt hier skyn te wees dat die Tswanaverlede onverkwiklik is en dat dit gevolglik óf gedeeltelik óf in geheel vergeet moet word. Uit die tuislandse respondente het 53 persent dan ook hierdie houding ingeneem.

67. Lang debatte is reeds gevoer oor die taalregte wat nie-Tswana deur middel van die sentrale gesag verkry het in Moretele en Odi. (Vgl. *Debatte ... 1972*, p.443 *et seq.)* By die geleentheid is onder meer opgemerk: "Ons (Tswanas) is nie bang om bloed te stort vir ons eie goed nie". "Wanneer ons van onderwys praat, dan praat ons van môre se nasie. As hulle toegelaat word om Noord-Sotho hier te onderrig in ons land, dan geld die spreekwoord dat as voëls 'n nes deel, moet hulle baklei." Die Ndebele van kapteine Kekana wat voortgaan om Sepedi as taalmedium in skole te gebruik, is 'n doring in die vlees van die Wetgewende Vergadering. Reeds in 1970 is besluit dat Setswana die enigste medium van onderrig in die tuisland sal wees in primêre skole en toe sy in 1974 'n mosie indien om goedkeuring te verkry vir Sepedi as voertaal in die Ndebeleskole, het daar wanorde in die Vergadering ontstaan. (Vgl. *Verrigtinge ... 1970*, pp.69-71 en *Debatte ... 1974*, pp.1048-1053).

Dan ontstaan die vraag oor wat die skole kan doen ter bevordering van 'n Tswananasieskap. Hierop het die respondente goed gereageer en aan die hand gedoen dat skole meer klem moet lê op *Tswanaskap* as *stamskap* omdat die nasieverband "beter" is as die stamverband; 'n gestandardiseerde Tswanataal en -kultuur aan kinders moet leer; die nie-Tswana in Bophuthatswana moet ignoreer of verban; breër onderwys, insluitende volwasse onderrig, moet aanbied sodat mense van verskillende stamme mekaar beter kan verstaan/begryp en vir mekaar kan skryf; wedersydse besoeke (tussen tuislandse en stedelike skole) vir kinders moet reël; die belangrikheid van en lojaliteit jeens Tswanaskap en Bophuthatswana by kinders moet inprent; sportkompetisies tussen tuislandse en stedelike skole gereeld moet laat plaasvind en spesialiste in Tswanataal en -kultuur by skole, veral skole in Blanke stedelike gebiede, moet aanstel met die oog op die bevordering van kultuurstandaardisering en -trots. Verder is een sentrale onderwysstelsel vir alle Tswana ook bepleit.

Tans bestaan daar geen beletsel op skole om die meerderheid van hierdie gedagtes te implementeer nie en sommige daarvan word wel geïmplementeer. Die oorheersende indruk is egter dat die gedagtes wel bestaan maar dat die motivering en dryfkrag om sekere daarvan soos kultuurtrots en -standaardisasie, die belangrikheid van Tswanaskap en identifikasie met Bophuthatswana te implementeer, grootliks ontbreek. Te oordeel aan die houding van die meerderheid (veral tuislandse) onderwysers lê die aksent eerder op kritiek teen as bevordering van die voog se oogmerke met betrekking tot onderwys.

In die lig van die bostaande houdings kom dit dus voor of die antwoord op die kenmerkende in die voogsaanbod - moedertaalonderrig en aankweek van kultuurtrots - oorwegend negatief is.

Terselfdertyd is dit egter ook nie ongekwalifiseerd negatief nie. Eerstens kom dit voor asof daar groter waardering vir die eie taal en kultuur bestaan binne die geledere van däärdie Batswana wat onder groter interetniese druk verkeer, veral diegene binne Blanke stedelike gebiede. Tweedens, en wat die tuisland self betref, is dit weer die Moretele-Odigebied wat enigsins 'n omgewing bied vir selfdefiniëring in terme van ander taal- en kultuurgroepe.

Sover dit onderwysbeheer betref, het dit onder die aandag gekom dat die "beste mense" in veral stedelike Bantoewoonbuurte aanvanklik (direk na 1954) niks met die onderwys te make wou hê nie en dus nie bereid was om op skoolkomitees en skoolrade te dien nie. Die rede hiervoor was die vrees dat hulle beskou sou word as verraaiers wat die Blanke owerheid behulpsaam is in die implementering van 'n onderwysbeleid wat gemik is op 'n "permanente verslawing" van die Swarte. In latere jare het dié houding egter verander en het dit 'n eer geword om te kan dien op 'n skoolkomitee of -raad. Daardeur kon die bekwaamstes uit die ouergemeenskap betrek word in die liggame wat 'n beheerfunksie oor onderwysinstellings uitoefen.

Dit val ook op dat stamhoofde reeds verskeie kere gepoog het om groter beheer oor moderne onderwys op stamvlak te verkry, maar die pogings was tot dusver nie geslaagd nie en dit is te betwyfel of dit ooit sal slaag. Selfs 'n poging om skoolfondse onder beheer van stamowerhede te plaas is gedurende die 1974-sitting van die Wetgewende Vergadering deur lede van die kabinet gefnuik.[68]

Dit word dus aanvaar dat Bophuthatswana toenemend beheer sal ver-

---

68. *Debatte ... 1974,* pp.1273-1283.

kry oor onderwys totdat dit uiteindelik ook sal besluit oor sake soos onderwysstandaard en leerplaninhoud. Alle segsmanne is egter daaroor eens dat hierdie oordrag eers op 'n veel later stadium kan geskied. 'n Dringender vraag is die beheer van Tswanaskole in Blankegebied. Gaan die Departement van Bantoe-onderwys dit op 'n wyse inskakel onder Bophuthatswana? En die beheer van onderwysers wat daar onderwys gee? Indien onderwys vir die Batswana in Bophuthatswana én in Blankegebied nie binne dieselfde struktuur beheer kan word nie, lyk vervreemding onaf=wendbaar. Trouens, die verskil in milieu tussen die stamge=bied en sy sosiale strukture enersyds en die stedelike woonbuurt en sý sosiale strukture andersyds lei reeds tot 'n verskil in leerplaninhoud op primêre vlak. Hierdie verskil kan, in die lig van die verskil in behoeftes tussen die tuisland en Blanke=gebied, verder vergroot indien beide komponente nie deur 'n ge=meenskaplike struktuur beheer kan word nie.

Laastens word verwys na die voorgestelde universiteit vir Bophuthatswana. In hierdie verband is daarop te let dat die inisiatief vir hierdie voorgestelde inrigting nie van die Blanke uitgegaan het nie, maar voorgestel is deur lede van die "Urban Tswana National Unit" in 1962. Die Uitvoerende Komitee het dit daarna opgeneem en dit is verskeie kere bespreek in die Gebieds=owerheid en Wetgewende Vergadering. 'n Fonds vir die oprigting van 'n universiteit is deur die tuislandowerheid gestig en in 1974 is gerapporteer dat R140 000 reeds ingesamel is.[69] Die Garankuwa-omgewing is aangedui as vestigingsgebied vir die voor=gestelde universiteit wat, volgens aanvanklike besluit, sou be=gin met die bou van 'n skool wat dan as tak van 'n bestaande

---

69. *Ibid.*, p.1123.

(Swart) universiteit behandel sou word.[70] Gedurende Desember 1974 is egter aangekondig dat daar nie begin sal word met die bou van 'n skool nie, maar " ... with a proper University that will befit the Tswana Nation".[71] Hoewel daar met die meer al=gemene fakulteite (Lettere, Ekonomiese Wetenskappe, Natuurwe=tenskappe) begin sal word, het die Tswana-owerheid reeds aange=dui dat die instelling van 'n mediese fakulteit ook hoog op die prioriteitslys is.

Dat 'n universiteit hoë prestige-waarde het, word nie betwyfel nie. Maar dat die Batswana, gesien die feit dat die Universi=teit van die Noorde wel bestaan en in hulle behoeftes kan voor=sien, nogtans op eie inisiatief besluit het op die stigting van 'n eie universiteit en dat dié inisiatief afkomstig was van Batswana in Blanke stedelike gebiede, is betekenisvol. So ook die feit dat 'n bedrag van R140 000 reeds byeengebring is. Hierin kan 'n Tswana-gerigte, middelpuntsoekende beweging afge=lees word wat 'n positiewe antwoord op die voogsaanbod beteken.

5.2 Die Buro vir Tswanataal en -kultuur

So lou as wat die onderwys oënskynlik ten opsigte van die eie taal en kultuur is, so positief is die Buro vir Tswanataal en -kultuur. Aan die begin van 1974 is 'n onderhoud gevoer met die Tswanakultuurorganiseerder en op daardie tydstip het die Buro reeds uit 64 takke (werkgemeenskappe) bestaan met 'n lede=tal van 4 103. Verder is meegedeel dat die Buro 'n Tswanamu=seum in vooruitsig het en dat dit ook van plan was om met die Departement van Onderwys te beraadslaag oor die stigting van 'n

---

70. *Loc. cit.*

71. Bophuthatswana Regering. *Debatte van die ... Spesiale Ses=sie. ... 3 Desember 1974,* pp. 58-59.

Tswana-jeugbeweging. Hoe hierdie voorgestelde jeugbeweging sou funksioneer en wat die hoofoogmerke daarmee is, kon nie vasge=stel word nie. Teen die einde van 1973 het daar reeds ses komi=tees, elk bestaande uit tussen drie en vyf lede, binne die Buro gefunksioneer. Dit het opgeval dat die lede van hierdie komitees Batswana is wat letterlik uit die vier windstreke ge=trek is: vooraanstaandes uit Bophuthatswana; geleerdes van die Universiteit van die Noorde en die Universiteit van Suid-Afrika; skoolhoofde uit die Witwatersrand en kringinspekteurs; ampte=nare uit Pretoria; stamhoofde en ook vooraanstaandes uit verskeie ander sentra. Elkeen van die komitees het een of meer besondere doelstellings nagestreef, en soos hieronder aangedui, kan die meeste komitees reeds resultate wys.

(a) Die *Taalkomitee* het indringende kommentaar gelewer op die besluite van die Tswana-taalkomitee van die Departement van Bantoe-onderwys ten opsigte van Tswana woordklasse. Op die program vir 1973/74 het dit verdere onderwerpe gehad soos die spelling van plekname in Setswana; benaminge van kruie soos gebruik deur Batswana; dierename; name van hemelliggame; sei=soene en aardkundige verskynsels, asook die Tswanahuwelik en die betekenis daarvan en Tswana-(by)gelowe en die betekenis dáárvan.

(b) Die *Musiekkomitee* het homself besig gehou met en voorstelle gemaak oor 'n volkslied, terwyl dit ook aandag gegee het aan die stigting van volwasse kore wat sou meeding in beide moderne en tradisionele liedere; vorming van 'n blaasorkes vir Bophuthatswana; hou van 'n konferensie van Tswana-komponiste, en die maak van opnames van tradisionele liedere.

(c) Die *Redaksionele Komitee* het in 1973 die eerste uit=gawe van *Boswa* ("Erfenis") laat verskyn. Hiervan is 5 072

kopieë teen 'n koste van R1 177,00 gedruk en versprei onder lede en ander vooraanstaande Batswana. Die tweede nommer sou teen die middel van 1974 verskyn.

(d) Die *Handwerk- en Kledingkomitee* was besig met reëlings vir 'n uitstalling van Tswana handwerk-artikels en 'n tradisionele-dragparade.

(e) 'n *Natuurstudiekomitee*, wat sekere onderwerpe wat tot op daardie tydstip ingeskakel was onder die Taalkomitee, sou bestudeer, is aan die einde van 1973 gevorm. Na mededeling sou die komitee aandag gee aan die name en gebruike van bome, struike, kruie; benaming van sekere kleurskakerings van beeste; betekenis en benaminge van sterrebeelde, aardverskynsels, ens.

(f) Die *Boekekomitee* het verskeie boeke, geskryf in Setswana, oorweeg met die oog op die aankoop daarvan vir lede. (Dit is een van die voordele van lidmaatskap dat vier Tswanaboeke per jaar gratis aan elke lid gestuur word). Boeke ten bedrae van R6 000 is gevolglik deur die Buro aan sy lede verskaf.

Alhoewel dit die verloop van meer tyd vereis om die sosialiseringsrol van die Buro behoorlik te kan evalueer kan ons nie anders nie as om dit te beskou as spelende 'n besonder positiewe rol in die opwekking van 'n kulturele bewussyn by die Batswana.

## 5.3 Die Pers

Omdat die beskikbare bronne nie aanduidings oor die leespraktyk van die Tswanasprekendes bevat nie, is dit nie moontlik om aan te dui hoeveel Batswana daagliks koerante en tydskrifte lees

nie. Ook is dit nog nie vasgestel welke dag-, week- of maand=blaaie die populêrste by die Batswana is nie, maar dit kan stellig aanvaar word dat die voorkeure van die Bantoelesers=publiek soos aangedui in hoofstuk VI, 4.2.1 hierbo ook geldig is vir die Tswanalesers. Ons opname het egter die volgende aan die lig gebring:

(a) Sowat 33 persent stamowerheidslede lees koerant, maar kry dit nie gereeld nie en verneem die meeste nuus oor die radio. Sover dit die tuislandse geskooldes betref, lees 85 persent gereeld 'n koerant terwyl 50 persent die radio aandui as belangrikste verspreider van nuus. 43 persent verneem egter die meeste nuus in die koerant. Die respondente in Blanke stedelike gebiede dui egter 'n ander orde aan. Ongeveer 38 per=sent beskou die radio as belangrikste nuusbron terwyl 62 per=sent die koerant eerste stel. 100 persent van húlle lees gereeld koerant.

(b) Sover dit voorkeure aanbetref, lees by verre die grootste aantal tuislandse respondente (48 persent) gereeld die *Daily Mail*, gevolg deur *The Star* (13%) en *The World* (13%). Onder dié in die Blanke stedelike gebiede is die *Daily Mail*, *The Star* en *The World* die mees populêre (28% elk) gevolg deur die *Sunday Times* (16%). Gekombineerd geneem, is die voorkeur=orde soos volg:

Tabel 54: Voorkeure ten opsigte van dag- en weekblaaie. (Tuis=landers en stedelinge)

*Engelstalige blaaie*

| | |
|---|---|
| Daily Mail | 68% |
| The World | 52% |
| The Star | 36% |
| Sunday Times | 28% |

| | |
|---|---|
| Tswana Times | 2% |
| Post | 2% |

*Afrikaanstalige blaaie*

| | |
|---|---|
| Die Transvaler | 4% |
| Rapport | 4% |
| Die Vaderland | 2% |
| Die Huisgenoot | 2% |

Dat hierdie voorkeurorde ook die gevolg is van faktore soos die uitgesproke voorliefde vir Engels, gebrekkige verspreiding van sekere koerante en dies meer, word aanvaar. Daarby is dit ook so dat daar geen Engelstalige dag- of weekblad bestaan wat die voogsaanbod positief aan die Batswana oordra nie en hy dus feitlik gedwing is tot die lees van die bestaandes. Die feit dat die hiper-kritiese *Daily Mail* bo-aan gestel word, kan egter ook geïnterpreteer word as 'n tendens tot òf 'n verwerping van òf 'n sinies-kritiese houding ten opsigte van die aanbod. En dan val dit ook hier op dat die *Daily Mail* in die stedelike sentra die eerste plek deel met twee ander nuusblaaie, maar in die tuisland self by verre die mees populêre is. Daarby het enkele respondente in die stedelike sentra aangedui dat die Bophuthatswana-owerheid 'n Tswanakoerant tot stand behoort te bring, terwyl die tuislanders oënskynlik geen soortgelyke behoefte ervaar nie.

Nogtans wek die pers dus 'n negatiewe antwoord ten opsigte van voogbeleid.

5.4 Die Radio

Elders is aangedui dat die radio eerder 'n positiewe as nega=

tiewe houding jeens owerheidsbeleid openbaar en na die luis= teraars kaats. Soos die koerant is die radio egter ook 'n "willekeurige" medium: soos wat die leser die keuse het oor watter koerant om te lees, so kan hy ook inskakel op die diens van sy keuse. Gevolglik kan voorkeur aan die Tswanadiens ge= sien word as 'n positiewe antwoord op die breëre aanbod. In= dien daar geen belangstelling in en identifikasie met Tswanaskap, -kultuur, -taal en dies meer bestaan nie, kan inskakeling op 'n ander diens immers verwag word. Terselfdertyd moet hierdie luistervoorkeure egter ook geïnterpreteer word as bestaande voor= keure en nie gesien word as onveranderlike besluite nie en aan= dui dat 'n bepaalde diens *oorwegend* populêr is en nie dat alles wat uitgesaai word noodwendig die instemming en waardering van die luisteraars wegdra nie.

Sover dit omvang betref, dui die opname daarop dat ± 50 persent stamowerheidslede, 95 persent geskoolde tuislandse respondente en 100 persent respondente in die Blanke stedelike gebiede radio's besit. Al die stamowerheidslede wat radio's besit, dui aan dat "ander mense" (bv. bure) ook na hulle radio's luister, terwyl 70 persent tuislandse geskooldes en 52 persent stedelikes dieselfde verskynsel aandui. Al drie kategorieë dui "nuus" as eerste voorkeur aan, en wel bo musiek en verhale. Verder is reeds opgemerk dat die radio deur beide tuislandse kategorieë as die belangrikste nuusmedium beskou word, terwyl 38 persent stedelinge dit as sodanig beskou. Hierdie gegewens dui daarop dat die radio oor 'n groot trefwydte ten opsigte van die Batswana beskik - as hulle op die Tswanadiens sou inska= kel.

Die onderstaande selfverduidelikende tabelle bied 'n beeld van die luistergewoontes en -voorkeure van Tswanaluisteraars en

daaruit kan gevolglik ook die antwoord op die aanbod afgelei word.

Tabel 55: Tswana wat "gister" na die radio geluister het[72]

| 1971 | 1972 | 1973 | 1974 |
|---|---|---|---|
| 334 000 | 347 000 | 388 000 | 671 000 |

Tabel 56: Luisteraars wat "gister" na die Tswanadiens geluister het[73]

| 1971 | 1972 | 1973 | 1974 |
|---|---|---|---|
| 388 000 | 369 000 | 398 000 | 652 000 |

Tabel 57: Tswana wat "gister" na die Tswanadiens geluister het[74]

| 1971 | 1972 | 1973 | 1974 |
|---|---|---|---|
| 253 000 | 241 000 | 299 000 | 525 000 |

Tabel 58: Programvoorkeure[75]

| | |
|---|---|
| Verhale/Drama | 51,3% |
| Godsdienstige programme | 38,3% |

---

72. MRA. Radio Bantu: Hoogtepunte uit die luisteropname vir 1974. S.A.U.K. 1974, p.6.

73. *Ibid.*, p.7.

74. *Ibid.*, p.17.

75. *Loc. cit.*, Die persentasie geld vir die Bantoe as geheel, en wyk effens af van ons bevindings. Ons respondente het "nuus" as eerste voorkeur aangedui.

| | |
|---|---|
| Nuus | 37,2% |
| Tradisionele liedere | 35,3% |
| Soul/Pop | 27,8% |
| Tienerprogramme | 26,5% |

Tabel 59: Persentasie-groei in luisteraarsgetalle[76]

| | *1971-72* | *1972-73* | *1973-74* |
|---|---|---|---|
| Stad | 7,4% | 11,2% | 20,2% |
| Dorp | 12,4% | 3,2% | 18,9% |
| Gehuggie | 4,0% | -18,3% | 57,6% |
| Platteland | 3,9% | 5,3% | 59,5% |

Tabel 60: Korrespondensiesyfers: Tswanadiens[77]

| | *1963* | *1973* |
|---|---|---|
| Januarie | 6 103 | 16 097 |
| Februarie | 8 019 | 39 774 |
| Maart | 13 188 | 100 891 |
| April | 8 126 | 48 042 |
| Mei | 11 323 | 50 800 |
| Junie | 11 898 | 27 283 |
| Julie | 10 486 | 54 272 |
| Augustus | 11 255 | 37 636 |
| September | 14 875 | 37 854 |
| Oktober | 13 732 | 42 530 |
| November ) | 28 061 | 25 857 |
| Desember ) | | 40 145 |

76. *Ibid.*, p.12. Dië syfers geld die Bantoe as geheel, maar kan ook op die Tswana toegepas word.

77. Gegewens verkry van die kantoor van die Hoof: Sothodienste. Radio Bantu. Johannesburg.

Omdat die bostaande syfers die resultaat is van 'n kleiner monster wat vermenigvuldig is, is die syfers op sigself nie baie betroubaar nie. Tog kan daaruit tendense afgelees word. En in laasgenoemde verband tref dit dat 'n vergelyking van tabelle 55 en 57 daarop dui dat die persentasie Tswana wat na ander dienste as die Tswanadiens geluister het, afgeneem het van 41 persent in 1972 na 27 persent in 1974. Die feit dat 27 persent in 1974 nog op ander dienste ingeskakel het, moet blykbaar ook eerder aan tegniese redes as etnokulturele oorwegings toegeskryf word. Tot hierdie gevolgtrekking word gekom as in ag geneem word dat (1) 98 persent van alle Bantoe wat in 1974 na die radio geluister het, op Radio Bantu ingeskakel het;[78] (2) al die respondente aangedui het dat hulle Setswana as huistaal gebruik; en (3) verskeie respondente ongevraagd gekla het oor radio-ontvangs oor die Tswanadiens in Johannesburg. Een respondent het voortgegaan: "This forces the Tswanas to tune in to Sotho Radio. This pollutes the Tswana language. As a teacher I see the adverse effects of Sotho on my language ..."

Dus sou die antwoord op die aanbod wat oor die lug aan die Tswana gemaak word, as oorwegend positief beskou kan word.

## 5.5 Ander media

Die antwoord van die Batswana op die aanbod vanaf die Departement van Inligting is nie vasgestel nie, omdat dit só verweef is met die totale voogsaanbod dat dit uiters moeilik afsonderlik behandel kan word. Verder word aanvaar dat verskeie ander organisasies, verenigings, assosiasies en bewegings ook invloede op die Batswana uitoefen. Tog word die mening uitgespreek dat hierdie invloede reeds verreken is in die antwoord wat hierbo en ten opsigte van die verskillende velde aangedui is.

78. *Ibid.*, p.18.

5.6 Evaluerend

Uit bostaande kom dit voor asof die Tswanahouding ten opsigte van die voog se onderwysaanbod ooreenkom met die normale houding binne koloniale bevolkings. Daar bestaan 'n skynbare gebrek aan vertroue in die kultuureie enersyds en andersyds 'n onuit= gesproke strewe om deur middel van (Blanke) onderwys die "mags= middele" te bekom deur middel waarvan Blanke gesag bestry kan word - al is die beëindiging van die formele gesagsverhouding oor die Batswana 'n verklaarde oogmerk van voogsbeleid. Ver= der bestaan daar blykbaar die primêre geloof dat voogsbeleid in onderwysverband gewantrou behoort te word - veral indien dit op sekere punte afwyk van die inhoud en vorm geldend vir Blanke skole. Onder hierdie omstandighede bestaan daar 'n im= pulsiewe, en in die lig daarvan 'n verstaanbare, maar onwaar= deerbare oorwegend negatiewe antwoord op dit wat kenmerkend is van die voogsaanbod aan die Batswana, naamlik moedertaalonder= rig tot standerd VI, aksentlegging op die eie (Tswana)-geskiede= nis en die geleentheid tot bewusmaking en bevordering van die eie kultuur.

Die antwoord op die Buro vir Tswanataal en kultuur is positief, maar die trefkrag daarvan is tans nog beperk. Hierteenoor word 'n negatiewe houding ten opsigte van die owerheidsaanbod uitge= straal deur die wydgelese dagblaaie en gevolglik word 'n nega= tiewe antwoord daardeur in die mond van die Batswana gelê. In hierdie verband tref dit ook dat die antwoord van die geskoolde tuislander negatiewer is as dié van die stedeling. Die radio hierteenoor wek weer 'n oorwegend positiewe respons.

Alles in ag genome, moet die volgende egter as opvallend aange= merk word. Die voogsaanbod neem, ook in sy sosialiseringsge= leding, die etniese as uitgangspunt. Bostaande dui oorwegend

daarop dat waar die Tswana nie onder druk van ander Swart et= niese eenhede verkeer nie, of aan slegs 'n geringe druk deur Swart eenhede onderworpe is, dáár bestaan 'n sterker tendens om eerstens die Blanke as opponerende of "druk-eenheid", as "vyand", te identifiseer en dus die Blanke aanbod met groter wantroue te bejeen en tot 'n groter mate te verwerp. Hierteen= oor skyn dit asof dáárdie Tswana-elemente wat onder groter druk van ander Swart etniese elemente verkeer[79] 'n mindere mate van wantroue in en verwerping van die aanbod vertoon. Hierdie in= druk stem ooreen met die stelling van Shirokogoroff maar staan lynreg teenoor die algemeen-aanvaarde sienings ten opsigte van die Bantoe in Blanke stedelike gebiede - 'n groep wat as só verwesters en weggegroeid van hulle etniese eenhede (gedeëtni= seerd) beskou word dat daar nie eens gevra word na minderhede binne die "groep" nie!

6. Nasionale simbole

'n Verskeidenheid nasionale simbole is reeds vir die Tswana ge= skep of het binne die Tswana ontstaan. Hieronder kan dinge soos 'n vaderland, burgerskap, taal, vlag, volkslied, leiers= figure en dies meer inbegryp word. Simbole wat van Blanke ower=

---

79. Die druk waaronder die Batswana in enkele stedelike gebiede in die P.W.V.-gebied verkeer, blyk uit die volgende syfers van I. J. van Eeden (Die Bantoe in die Metropolitaanse Ge= biede, *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*. 26,2 (1975) p.69):

| | *Xhosa* | *Zulu* | *Noord-Sotho* | *Suid-Sotho* | *Tswana* |
|---|---|---|---|---|---|
| Johannesburg | 10,1% | 30,5% | 9,7% | 13,5% | 18,2% |
| Germiston | 14,9% | 23,5% | 16,5% | 11,6% | 5,7% |
| Benoni | 14,5% | 26,0% | 15,5% | 8,7% | 10,4% |
| V/d Bijl/ Vereeniging | 13,6% | 19,2% | 3,0% | 47,6% | 10,2% |

heidsweë aan die Tswana gebied is, het gepoog om *Tswanaskap* daarin te vergestalt. Uiteraard is hierdie simbole daargestel na oorlegpleging met die Tswana self. Hierbenewens het die Tswanabevolking en Tswana-owerheid self ook verskeie simbole daargestel of bestaande simbole gekontinueer in die nuwe bedeling. Met die oog op nasievorming moet nou gevra word na die aanvaarding van en identifikasie met hierdie nasionale simbole - in teenstelling met stamsimbole enersyds en trans-nasionale simbole (rassesimbole) andersyds. Hierdie simbole moet noodwendig gesien word as staande in besonder noue verband met die bedeling waarvoor dit staan en waarbinne dit funksioneer en 'n verwerping of aanvaarding van die simbole kan gevolglik geïnterpreteer word as 'n verwerping of aanvaarding van die formule vir nasievorming. Terselfdertyd moet egter, sover dit leiersfigure betref, ook herinner word aan Wallerstein se stelling dat 'n doelbewuste verwerping van 'n leiersfiguur 'n implisiete aanvaarding van die sisteem of stelsel beteken.

Slegs die belangrikste simbole word vervolgens vlugtig van nader beskou.

## 6.1 Leiersfigure

Hieroor is reeds hierbo gehandel. Dit is ook reeds gestel dat daar steun sowel as teenkanting ten opsigte van leiersfigure gedemonstreer is tydens die verkiesing van 1972 en dat daar selfs binne stamowerhede reeds 'n identifikasie bestaan met leiersfigure wat tot ander stamme behoort. Daarby is aangedui dat trans-nasionale leiers in 1973 'n laer profiel in die oë van ons respondente gehad het as leiersfigure van Bophuthatswana. Tot welke mate die verwagtings wat van die leiersfigure van Bophuthatswana gekoester is sedertdien teleurgestel is, is nie

vasgestel nie. Nogtans is dit opvallend hoe die verwysings na - ook - Tswanatuislandleiers in die briewekolomme van 'n blad soos *The World* oor die afgelope tien jaar verander het. Wat voorheen bestempel is as "stooges in Bantustans" het geword "Tswana Leaders". 'n Vooraanstaande Motswana in 'n stedelike gebied het in dieselfde trant teenoor ons opgemerk: "Ons het in die verlede maar net van die tuislandleiers gelees en ons het gedink hulle is bietjie dom en ongeleerd. Maar toe die ver= kiesing kom en mense soos Moseloane, Mangope en Pilane begin vergaderings hou in die dorpe, het ons ons opinie verander. Toe het ons gesien die mense is geleerd en nie bang om te praat nie".

Ofskoon die identifikasie met tuislandleiers nie as oorweldigend bestempel kan word nie, bestaan dit egter wel. So is daar in 1974 tydens die debat oor die wantrouemosie in die Hoofminister, dié vraag in Tswanakringe gestel: "Waar gaan ons weer 'n man kry met dieselfde insig en taalbevoegdheid?"

## 6.2 Burgerskap

Soos elders opgemerk, beskik Bophuthatswana oor 'n eie burger= skap en bestaan daar 'n stel regulasies vir die uitreiking van burgerskapsertifikate aan persone wat hulle met Bophuthatswana identifiseer. In Maart 1973 is aangekondig dat 4 900 aansoeke om burgerskap ontvang is en dat slegs 2 425 burgerskapsertifi= kate nog uitgereik is.[80] Klaarblyklik bestaan daar onder Tswanasprekendes nie groot entoesiasme om burgerskapsertifikate te bekom nie, terwyl nie-Tswana oënskynlik 'n groter belangstel= ling toon, omdat hulle daarin 'n geleentheid sien om permanen= sie te verkry in Bophuthatswana met sy beter arbeidsgeleenthede. Dus moet burgerskap as nasionale simbool uit drie hoeke beskou

80. *Debatte ... 1973,* p.31.

word, naamlik dié van die stam, die stedeling en die nie-Tswana in Bophuthatswana.

Die lede van stamowerhede - en dus die stamlede - beskou hulleself as burgers van Bophuthatswana én burgers van hulle onderskeie stamme. In totaal het 66 persent van hulle burger=skap van Bophuthatswana beskou as van groter belang as stam=burgerskap maar nie as vervangend van stamburgerskap nie. Omdat die stam "van die bloed is", is hulle "éérs" stamburgers maar óók burgers van Bophuthatswana, omdat laasgenoemde "praat vir al die stamme". Dit gaan dus hier om verskillende aksente en wat duidelik voorkom in die volgende twee houdings uitge=spreek deur twee geskoolde tuislanders, naamlik: "Stamme vorm en is die oorsprong van Bophuthatswana" en: "Stamme is kom=ponente of samestellende dele van Bophuthatswana." Die stam=burgers onderskryf die eerste aksent, terwyl die geskooldes[81] normaalweg die tweede aksent onderskryf, maar terselfdertyd 'n affeksie ten opsigte van stamburgerskap openbaar wat uitgedruk word in terme soos "my wortels is in die stam"/"respek vir my oorsprong of herkoms." Dit kom dus voor of stamburgerskap 'n affektiewe basis het terwyl Bophuthatswanaburgerskap 'n juri=diese basis het. 'n Botsing tussen stam- en Tswanaburgerskap is nie voorsien nie en informante het daarop gewys dat stambur=gerskap 'n fondament vorm vir Tswanaburgerskap. Dit moet dan aanvaar word dat, ook wat 'n groot persentasie geskooldes be=tref, stamburgerskap nog 'n rol speel en dat die situasie waar=in verkeer word bepaal welke burgerskap - stam of Bophutha=tswana - dominant is.

---

81. Sover dit die geskoolde tuislanders betref, het 88% aange=dui dat hulle burgers van Bophuthatswana is. 31% het stam=burgerskap voorop gestel terwyl 44% Bophuthatswanaburger=skap as die belangrikste beskou het.

Met verbasing is vasgestel dat 82 persent van die stedelike respondente burgers van Bophuthatswana is (of hulleself as sodanig beskou) en dat feitlik dieselfde persentasie aan die 1972-verkiesing deelgeneem het. 76 persent van hulle het Tswanaburgerskap as van groter belang beskou as stamburgerskap, alhoewel verskeie nog 'n affektiewe of nostalgiese premie plaas op stamlidmaatskap. Omdat die syfers hierbo aangehaal - 82 persent burgers - nie kan geld ten opsigte van alle Batswana in Blanke stedelike gebiede nie, is navraag gedoen na die houding ten opsigte van Tswanaburgerskap en die uitneem van burgerskapsertifikate. Heel gou het dit dan ook duidelik geword dat 'n burgerskapsertifikaat eerstens as "onnodig" beskou word, omdat die bewysboek reeds aanduidend is van nasionaliteit. Gevolglik moet gebrek aan belangstelling in burgerskapsertifikate nie noodwendig beskou word as verwerping van die nasionale simbool nie. Die feit dat die stedelike verteenwoordiger gedurende 1972 deur ongeveer 2 000 Batswana genader is met die oog op herklassifikasie (die meeste van hulle was volgens bewysboek oorspronklik geklassifiseer as Suid-Sotho), dui op 'n belangstelling in burgerskap. Trouens, in 'n gebied soos Sharpeville het daar in 1972-73 'n soort "Tswana-herlewing" bestaan. Tweedens het daar 'n vrees by die "gewone man" bestaan dat hy "tuisland-toe" gestuur sal word sodra hy 'n burgerskapsertifikaat bekom het. In die Wetgewende Vergadering het die Minister van Binnelandse Sake ook na klagtes in laasgenoemde verband verwys en voorgestel dat die *Wet op Bantoeburgerskap, 1970* gewysig behoort te word om dit duidelik te stel dat regte wat in terme van artikel *tien* van wet no. 25/1945 verkry is, nie aangetas word deur die uitreiking van 'n burgerskapsertifikaat nie.[82]

---

82. *Debatte ... 1974,* pp.1234-1235.

Alhoewel die gebrek aan entoesiasme vir die uitneem van 'n bur=gerskapsertifikaat - soos deelname aan die verkiesing - dus grootliks berus op wanbegrip, werp dit nogtans die fokus op die feit dat burgerskap geborg moet word deur bestaansgeleenthede. Gevolglik moet die traagheid om burgerskapsertifikate te bekom nie noodwendig beskou word as 'n teken van twyfel in Tswanaskap nie, maar omdat dit ook deur die Batswana in Blanke stedelike gebiede beleef word as 'n bedreiging van die daaglikse brood.

Hierdie selfde gedagte word ook geïllustreer deur die feit dat die nie-Tswana in Bophuthatswana yweriger is om Tswanaburger=skap te bekom as die Batswana self - al het hierdie nie-Tswana geen voorneme om Tswana (in etniese en kulturele sin) te word nie.[83] Ten einde ekonomiese voordele te bekom en te be=hou, het dit reeds gebeur dat nie-Tswana "in die nag" 'n woon=plek in Bophuthatswana inrig en dan op grond van "verblyf" aan=dring op Tswanaburgerskap. Andersyds doen nie-Tswana in Blanke stedelike en landelike gebiede aansoek om Tswanaburgerskap met die oog op vestiging in Bophuthatswana - veral in die Moretele- en Odi-distrikte waar hulle binne trefafstand van die arbeids=geleenthede van Pretoria, Brits en Rosslyn is. Hierdie ver=skynsel het reeds so 'n omvang aangeneem dat daar in 1974 in die Wetgewende Vergadering opgemerk is dat toestromingsbeheer (sic) "iets is wat met goeie gevolg in Bophuthatswana ingestel kan word."[84]

In die lig van bostaande is die feit dat so 'n beperkte aantal burgerskapsertifikate uitgereik is, goed te verklaar. 'n Groot

83. Met verwysing na hulle is 'n Tswanagesegde aangehaal, naam=lik *"Go rata dilo tsa ga Mmanapo o sa mo rate"*. (Om die goed van Mmanapo te wil hê, maar nie vir Mmanapo nie). Vgl. *Ibid.*, p.1231.
84. *Ibid.*, p.1240-1241.

aantal Batswana ag dit as onnodig; andere vrees om daardeur "tuisland-toe" gestuur te word, en andersyds is die Bophuthatswana-owerheid baie versigtig om nie burgerskapsertifikate uit te reik aan nie-Tswana wat slegs *dilo tsa Mmanapo* wil hê nie.

Ofskoon daar dus nie uit die tempo waarteen burgerskapsertifikate uitgereik word 'n duidelike gevolgtrekking gemaak kan word nie, is dit egter wel so dat die bestaansmoontlikhede en -sekuriteit van Bophuthatswana sin aan Tswanaburgerskap verleen. Tweedens val dit op dat stamburgerskap in die huidige bedeling waarin erkenning aan stamverband en -strukture gegee word, beleef word as onderbou vir Tswanaburgerskap en staan dit nie in botsing daarmee nie. Daarom is die huidige patroon waarvolgens stamme geakkommodeer word in Bophuthatswana ook bevorderlik vir 'n gelykmatige oorgang van aksent vanaf stamburgerskap na Tswanaburgerskap.

## 6.3 Vlag, volkslied en ideologie

Sover dit 'n eie vlag betref, is daar gedurende 1970 'n mosie in die Gebiedsowerheid gestel waarin gevra word dat stamowerhede toegelaat word om die Suid-Afrikaanse vlag "or any flag recommended by this House", by hulle kantore te mag hys.[85] Dié mosie was wesentlik 'n herhaling van 'n mosie wat reeds in 1967 gestel is en waarin pertinent verwys is na 'n eie Gebiedsowerheidsvlag in die toekoms.[86] Hiermee het ook ander simbole soos 'n volkslied en nasionale embleem op die voorgrond gekom en gedurende die 1970-sessie is dan ook gesuggereer dat 'n komitee aangewys moes word om oorweging te gee aan die kwessie van 'n

---

85. *Verrigtinge ... 1970,* p.29.
86. *Verrigtinge ... 1967,* p.57.

vlag vir die Tswana; die vraag of *Morena Boloka* as bevredig= ende volkslied vir die Batswana beskou word en wat die aard van die nasionale embleem van die Tswana moes wees.[87]

Ondersoek is na hierdie aangeleenthede ingestel en tydens die 1972-sitting het die Hoofraadslid 'n ontwerp van die voorgestel= de vlag van Bophuthatswana aan die Wetgewende Vergadering voor= gelê: rooi aan die bokant wat die opkomende son tipeer; groen aan die onderkant wat groen velde, reën en voorspoed tipeer en in die middel 'n luiperd wat die Tswanasimbool van regering en gesag is.[88] Alhoewel die ontwerp na bespreking aanvaar is, het die rooi bobaan en die houding van die luiperd heelwat be= spreking uitgelok. Die rooi kleur was vir sommige lede die simbool van bloed en gewelddadigheid wat in botsing sou wees met die vreedsame nasionale karakter van die Tswana - "ons wil opstyg (vooruitgaan) sonder enige oorlogmaking" - terwyl die luiperd ook nie 'n aanvallende houding moes inneem nie maar ook nie "sy stert op die grond (moes) sleep nie.[89] Dit moes in 'n stilstaande houding wees, maar nogtans die indruk van waaksaamheid skep.

Dié vlag sou voortaan tesame met die Republikeinse vlag by alle regeringskantore in die tuisland gehys word.

Aangesien die vlag 'n nuwe simbool is, en aan die begin van 1973 nog nie in gebruik was nie, sou dit eers daarna intrinsieke waarde begin ontwikkel. Dit val egter op dat 92 persent van die stedelike respondente van mening was dat Bophuthatswana 'n eie

---

87. *Verrigtinge ... 1970*, pp.29; 112-113.
88. *Verrigtinge ... 1972*, p.551-552.
89. *Ibid.*, p.553.

vlag moes hê, want "every nation rallies behind its flag."

In 1972 is daar reeds besluit op 'n nasionale wapenembleem waar=in talle tradisionele simbole - luiperds, 'n Tswanaskild, -spies, -strydbyl, ens. - sowel as 'n simbool van moderne nywerheid vervat is en met die onderskrif *Tswaraganang lo dire pula e ne.*[90] 'n Eie ampstaf is reeds 'n geruime tyd in gebruik.

Ten opsigte van 'n volkslied bestaan daar nog geen eenstemmigheid nie. Verskeie kompetisies is reeds op inisiatief van die Tswana-owerheid uitgeskryf vir die komponering van 'n Tswana=volkslied, maar geen bevredigende resultaat is nog ontvang nie. Een belese Tswana-informant wil dit verklaar in die lig van die feit dat taal en poësie stamskeppings is en dat poësie wat bo en buite die stamverband staan en pretendeer om vir *alle stamme* te geld, onnatuurlik en geforseerd is en daarom nie inslag vind nie. Ondertussen dien *Morena Boloka*, wat in enger sin nie 'n nasionale lied is nie, nog as "volkslied". Blykbaar beskik dit egter oor intensionele waarde vir die Batswana en moet die soeke na 'n nuwe volkslied gesien word as 'n strewe om verdere aksent te plaas op die verwikkelinge in staatkundige verband.

Onder hierdie omstandighede is dit te verstaan dat slegs 56 per=sent stedelike respondente aangedui het dat die Batswana wel 'n eie volkslied het teenoor 20 persent wat dit ontken en 24 per=sent wat nie weet nie - so ook die feit dat vier verskillende benaminge vir die Tswanavolkslied aangedui is.[91]

---

90. "Werk saam/staan saam en laat die reën val/laat die vooruit=gang kom." Dit kan ook geïnterpreteer word as "eendrag maak mag."

91. *Modimo wa boikanyo; Morêna boloka setshaba sa etsho; Mo=rêna boloka setshaba sa rona; Modimo wa boitsepo.*

Ten tye van die ondersoek het daar geen afgeronde nasionale ideologie by die Tswana bestaan nie, ofskoon daar wel 'n bewussyn van Tswanadeugde en nasionale karakter bestaan. Die tradisionele voorspoedsgroet *"Pula!"* kom algemeen voor, maar dit het 'n ander inhoud as wat van 'n nasionale ideologie verwag word. Dit sou verruim kon word om te voldoen aan die eise van 'n nasionale ideologie, maar sodanige verruiming het oënskynlik nog nie plaasgevind nie.

Andersyds bestaan daar die vraag na die invloed van 'n ideologie soos gepropageer deur SASO en die B.P.C. en neerkom op *Swart* bewussyn[92] (teenoor nasionale bewussyn) by die Tswana. In hierdie verband is dit wel so dat die Hoofminister by geleentheid opgemerk het dat *Swartes* selfvertroue moet ontwikkel; daar niks is wat *Swartes* nie kan doen nie; *Swartes* ontslae moet raak van hulle minderwaardigheidskompleks[93] en dat, hoewel hy nie saamstem met SASO se metodes nie, dit "'n organisasie (is) wat hom beywer vir die bevryding van die Swartman en ek steun die reg van mense om by so 'n organisasie aan te sluit".[94] Terselfdertyd is dit egter ook so dat kaptein Mangope nog altyd erken het dat die Blankes 'n rol te speel het in Swart vooruitgang en daarmee radikaal verskil van die voorstanders van die Swart bewussynsgedagte wat die Blanke as irrelevant beskou. Sy houding tydens die Umtata-beraad en standpunte ten opsigte van nie-Tswana in Bophuthatswana illustreer ook die ander kant van die saak. Dit kom dan voor asof die Hoofminister sowel as ander leidende figure onder die Batswana nie noodwendig 'n botsing sien

---

92. Vgl. Kotze, D.A. Black Consciousness in South Africa. *Politikon,* 1,1 (1974), p.44 *et seq.*

93. *Ibid.,* p.59.

94. *Die Vaderland.* 18/7/1973.

tussen Tswanabelange en Swart belange nie. Trouens, hulle maak gebruik van *Swart* krete om Tswanabelange te bevorder - soos wat die Arabiese Bond deur etniese "Arabierse" nasies gebruik word en Pan-Afrikanisme 'n bondgenootskap is ter bevordering van die belange van Swart "nasie-bewuste" state in Afrika. Na ons oordeel moet hierdie houding dan ook gesien word as 'n "pragmatiese" gebruik van die gemeenskaplike simbool (Swartheid) en nie 'n ideologiese aanvaarding daarvan binne die SASO-konteks nie. Dieselfde afleiding kan ook gemaak word uit die antwoorde van die stedelike respondente: 34 persent verkies om na verwys te word as 'n Motswana; 30 persent verkies die term "African" en 15 persent wil "'n Swarte" wees - maar 92 persent glo die Tswana het 'n unieke kultuur wat ontwikkel moet word en 100 persent beskou hulleself as Batswana.

Dit staan egter ook vas dat 'n groter persentasie van die jonger geslag aanhangers van die Swart bewussyn-ideologie is. Hoe hulle egter hierdie ideologie op 'n konkrete en aanvaarbare wyse gaan vertolk na die verskillende Swart kulture, is nog nie duidelik nie.

## 6.4 Taal

Hierbo is reeds oor taal in onderwysverband gehandel.[95] Omdat die graad van identifikasie met 'n taal eers na vore tree wanneer die taal bedreig word, is dit moeilik om onder die huidige omstandighede 'n duidelike antwoord te gee op die vraag na die rol wat Setswana as nasionale simbool speel. In 1969 het die Bantoesakekommissaris van Hammanskraal geskryf dat die stam- en gemeenskapsowerhede in dié gebied "... die taal van hulle et=

95. Vgl. 5.1 hierbo.

niese groep (gebruik) wat soms Zulu, Tsonga of wat ookal is",[96] terwyl die Hoofdirekteur van die Tswanaregeringsdiens dit nodig gevind het om op te merk: " ...wat verontrustend is, is die feit dat sommige owerhede (in die tuisland) voorkeur aan Engels gee in plaas van die volkstaal".[97] Te oordeel aan die onver= setlike houding ten opsigte van die gebruik van ander Bantoe= tale in skole van Bophuthatswana, speel Setswana wel 'n belang= rike rol. Terselfdertyd bestaan daar egter die probleem van dialekte waardeur stamverband verraai word. So het Tswana-informante meegedeel dat hulle "baie gou" weet of 'n spreker 'n Môrôlong, 'n Mokgatla, 'n Mohurutshe, 'n Motlhaping of 'n Mokwêna is. Terselfdertyd is dit egter ook so dat daar reeds 'n redelike mate van taalstandaardisasie plaasgevind het ge= durende die afgelope aantal jare en dat die verskynsel hom reeds voordoen "dat 'n man uit die Kuruman-omgewing 'n woord in die Wetgewende Vergadering gebruik wat behoort tot die Kgatla-dialek van Moretele."

Uit die verrigtinge van die Gebiedsowerheid en Wetgewende Ver= gadering is dit duidelik dat daar wel waardering vir Setswana bestaan. So ook blyk waardering vir die eie taal uit die ant= woorde wat van die respondente ontvang is. Nogtans bestaan daar 'n soort ambivalensie binne die geledere van geskooldes ten opsigte van die eie taal wat oënskynlik eers beëindig sal word na bereiking van verdere kulturele rypheid.

---

96. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. F53/1, f.96.

97. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. F53/1, D1.4, f.1.

## 6.5 Evaluerend

Die nasionale simbole van die Tswana is met uitsondering van
die taal en "volkslied" van resente oorsprong. En dit is stel=
lig om hierdie rede dat daar moeilik 'n duidelike antwoord ge=
gee kan word oor die betekenis wat dit reeds het vir die Tswana=
bevolking. Daarby is dit ook so dat nasionale simbole eers
werklike betekenis kry, of duidelik verwerp word, in krisistye.
Die bevolkingsamestelling van Moretele en Odi en die gevolglike
aanspraak op taalregte deur nie-Tswana in hierdie twee distrikte
het die taalbewussyn van die Batswana versterk. Die ander
nasionale simbole het egter nog nie sodanige "krisisse" beleef
nie - en kan dit stellig ook nie beleef tensy die huidige po=
litieke ordening van die Tswana (Bophuthatswana) bedreig word
nie. Tans word sulke bedreigings voorkom deur die feit van
Blanke gesag oor die Tswana. Gevolglik aanvaar ons dat hierdie
simbole eers hulle ware betekenis sal kry en rol sal kan speel
nadat Bophuthatswana 'n onafhanklike staat geword het.

## 7. Bestaansgeleenthede

Omdat nasievorming by die Tswana en die voorsiening van bestaans=
geleenthede met die oog op selfversorgendheid interafhanklik is
en 'n voog nie 'n bevoogde gemeenskap kan bring tot nasieskap as
die motivering en aansporing daartoe nie binne die te-worde
nasie aanwesig is nie, is die antwoord van die Tswana op die
voogsaanbod ten opsigte van bestaansgeleenthede van gewigtige
aard. Trouens, dit kan die nasievormingspoging laat slaag of
misluk.

In die beskrywing van die aanbod hierbo is statistiese besonder=
hede verstrek waaruit sekere fasette van die antwoord reeds na
vore kom. Daardie gegewens moet dan ook gelees word met dit

wat hieronder gestel word. Terselfdertyd moet klaarblyklik ook onderskeid gemaak word tussen die antwoord van die bevolking en die antwoord van die Tswana-owerheid.

## 7.1 Landbou[98]

Dit kan by voorbaat aanvaar word dat die Tswana se antwoord in bogenoemde verband voortvloei uit sy interpretasie van die omgewing (en aanbod) en dat eie kultuurwaardes 'n oorwegende rol sou speel in hierdie interpretasie. Die beskikbaarheid van grond, klimatologiese faktore en ander fisiese faktore soos droogtes, beskikbaarheid van water, siektes, ens. speel ook 'n rol maar klaarblyklik nie die deurslaggewende nie. Bewys hier= van is te vind in die feit dat die potensiaal van die gebied nog uiters swak benut word. Om slegs een voorbeeld te noem: Breutz wys daarop dat die 1972-landbousensus van Bophuthatswana dit stel dat 'n totaal van 247 134 ha. droëland aan Tswana= boere toegewys is, maar dat slegs 118 338 ha. in 1972 onder be= werking was.[99] Die oorbelegging in vee en onderbelegging in bodemverbetering; trouens, die onvermoë om grond as produksie= faktor te beskou, wys ook na tradisionele kultuurwaardes - soos die feit dat die norm vir produksie in die meerderheid ge= valle slegs die eie onmiddellike behoeftes is.

Nieteenstaande die owerheidsaanbod wat reeds vir 'n hele aantal jare poog om grond te herwin, ekonomiese eenhede te skep, land= bou- en veeteeltmetodes te verbeter, produksie te verhoog, 'n

98. Ten opsigte van hierdie sektor word ruim gebruik gemaak van die gedagtes uitgespreek deur Molatlhwa *(op. cit.)*, voormalige minister van Landbou van Bophuthatswana.

99. *Op. cit.* 1973, p.5.

toegewyde boerderygemeenskap te skep en dus ook die inkome uit boerdery te verhoog en die beroep te professionaliseer, het dié sektor oorbeset én onderbenut gebly. Gevolglik moet die reaksie van die Tswanabevolking op die owerheidsaanbod as oorwegend negatief beoordeel word. Maar dan ook nie negatief in die sin dat dit in geheel verwerp word nie maar negatief in die sin dat dit teen 'n uiters stadige tempo aanvaar word. Wesentlik gaan dit hier dus om 'n opvoedkundige vraagstuk met 'n belangrike ekonomiese, en gevolglik, politieke effek.

Indien gevra word na die oorsake vir die antwoord, kan die volgende faktore aangedui word.

7.1.1 Stelsel van grondbesit

Die stelsel van kommunale grondbesit word dikwels aangevoer as hoofrede vir gebrek aan vooruitgang in die landbousektor in die Bantoetuislande.[100] Daar word dan geredeneer dat die aantal aanspraakmakers op grond toeneem, terwyl die beskikbare grond konstant bly en dat dit lei tot steeds minder grond vir elke gesin; die individuele benutter nie 'n belegging in grond (plant van bome, aanplant van grasstroke, herwinning, ens.) wil maak nie omdat dit nie sy privaat besit is nie, hy die belegging dus nie kan verhaal nie en andere gelyklik in sy belegging deel en dus op hom paratiseer; die beskikbare grond so klein word dat dit nie aan die behoeftes van 'n gesin kan voldoen nie en daarom ook nie voltydse aandag regverdig nie; die stelsel hom leen tot oorbeweiding omdat belegging in vee (wat privaatbesit is)

100. Vgl. Rutman, G. L. A reconsideration of the problem of capital formation in underdeveloped areas: A case study of an indigenous agricultural economy. Konferensie oor Strategie vir Ontwikkeling. Univ. van die Witwatersrand, 4-7 Desember 1974. Afgerol.

vir die individu voordelig is, omdat hy gebruik maak van kommunale weiding en die bewussyn dus bestaan dat wie die meeste vee aanhou die grootste voordeel trek, en dat die beheer van die grond deur die trustee (stamhoof) 'n demper plaas op individuele inisiatief en dus produksie teenwerk. Hierdie redenasies bevat waarheid maar neig na 'n oorvereenvoudigde gevolgtrekking, naamlik dat individuele besit die probleem sal oplos.

En dat dit nie so is nie, kan bewys word uit Bophuthatswana waar talle plase in privaatbesit is " ...and the agricultural performance on these lands has shown no marked improvement compared to the tribal areas".[101a]

Verder is dit bekend dat minstens een stamowerheid in Bophuthatswana na oorlegpleging met die stam op 'n gegewe datum alle landbouregte ingetrek het. Stamlede wat wou voortgaan met boerdery op stamgrond, moes opnuut aansoek doen om landbouregte wat slegs toegestaan word op voorwaarde van (a) betaling van 'n heffing wat aangewend word vir sake soos watervoorsiening, veeverbetering, ens.; (b) die sluit van 'n kontrak met die stamowerheid dat die landbougrond benut sal word ooreenkomstig voorskrifte van die Departement van Landbou van Bophuthatswana; (c) die ooreenkoms dat die toegestane regte slegs vir twee jaar geldig is; (d) die aanvaarding dat, sover moontlik, voltydse aandag aan die boerdery gegee word. Dus sou die argument ook omgedraai kan word: privaat besitters van grond kan nie gedwing word tot doeltreffender benutting van grond nie — stamlede wel.

Kommunale besit *per se* kan dus nie as hoofoorsaak vir swak prestasie ten opsigte van landbouproduksie aanvaar word nie. Daar

---

101a. Molatlhwa, *op. cit.*, p.5.

is ander, stellig belangriker, gegewe waardes wat struikelblokke vorm.

### 7.1.2 Sin vir die ekonomiese waarde van grond

'n Informant wat reeds vir baie jare besig is met landbouhervorming in Bophuthatswana, het meegedeel dat grond gesien word as 'n bron van sekuriteit, 'n plek om te bly, 'n "toevlugsoord", 'n ruimtelike noodwendigheid eerder as 'n produksiefaktor. En dit geld blykbaar die stamlid wat binne die kommunale patroon leef sowel as die privaatbesitter. Hierdie sin vir die ekonomiese waarde van grond is ook geensins vreemd aan die Blanke kleinboer nie. Ook hý stel hom op dié standpunt: "Ek sal hier lewe, wel nie so blink nie, maar ek sal nie van honger doodgaan nie." Binne die Bantoegemeenskap waar, volgens Yudelman, sosiale status deur ander faktore bepaal word as materiële rykdom,[101b] kan verwag word dat dit sterker sal geld. Dus word voedselgewasse, in teenstelling met arbeidsintensiewe hoë-inkomstegewasse, verbou. En wat 'n verdere remming in voedselproduksie veroorsaak, is die feit dat hulle meen te weet hoe om die bekende gewasse te verbou en dus moeilik gegewe advies implementeer. Daarteenoor is die verbouing van tradisioneel-onbekende voedselgewasse meer suksesvol, omdat hulle nie weet hoe om dit te verbou nie en daarom gebruik moet maak van deskundige advies.

Volgens tradisionele waardes is grond 'n onvervreembare item en dus nie verhandelbaar nie. En daarin lê stellig ook die rede waarom daar in die tuisland, nieteenstaande privaatbesit, geen eiendomsmark bestaan nie. Dieselfde geld blykbaar ook ten op=

---

101b. Aangehaal deur Rutman, *op. cit.*

sigte van huise, want 'n Tswana-informant het as voorbeeld ver= wys na 'n onderwyser wat verplaas is en 'n ander persoon moes huur om sy huis op te pas deur daarin te woon. "'n Ander man se huis", het die informant vervolg, "bly nie lekker nie. Dit is koud."

### 7.1.3 Gebrek aan kapitaal

Die gebrek aan bedryfskapitaal hang saam met en vloei gedeelte= lik voort uit die voorafgaande probleem. Die beskerming wat gebied word deur die sosiale struktuur gepaard met die opvatting dat sekuriteit te vind is in 'n groot gesin, lei daartoe dat beskikbare kapitaal eerder "belê" word in 'n gesin en in so= siale verhoudings as in boerdery. En omdat kapitaalvorming 'n groter mate van individualisering vereis en kwalik plaasvind binne 'n kommunalistiese opset - waar talle nie 'n bydrae kan of wil maak nie, bly die aanwesigheid van bedryfskapitaal beperk tot die absolute minimum. In die verlede is reeds aanbeveel dat grond aangewend moes word as sekuriteit met die oog op die verkryging van lenings, maar omdat grond in die meerderheid ge= valle kommunaal besit word en onverdeeld is, het daar niks van die voorstel gekom nie.[102]

### 7.1.4 Gebrek aan geprofessionaliseerdheid

Slegs 'n klein persentasie van die aktiewe manlike bevolking gee voltydse aandag aan boerdery en is ook in geheel daarvan afhanklik. Die vraag na arbeid vanuit die Blankegebied en die

---

102. Vgl. Tswana Territorial Authority. Report of the Recess Committee on the Economic Development of the Tswana Home= lands. 1970, p.5-6. (Afgerol). R.S.A. Tswana Gebiedsower= heid. *Verrigtinge ... 1971*, p.166-169.

aanwesigheid van 'n netwerk vir die werwing van arbeid enersyds en bevolkingsdruk binne die tuisland andersyds is daarvoor verantwoordelik. Hierdie trekwerkers behou egter nog hulle grondregte en bedryf boerdery op 'n deeltydse grondslag deur te gaan ploeg en saai as dit gereën het en te gaan oes as die tyd daarvoor gekom het. Hierdie swak benuttingspraktyk, en gevolglik, swak opbrengs laat die gedagte by Batswana ontstaan dat die boerderybedryf geen volwaardige bestaan kan bied nie. Dit het verder die newe-effek dat die boer laag op die sosiale leer geplaas word, omdat boerdery geassosieer word met armoed, ongeskooldheid en baie min ruimte vir vooruitgang. Volgens 'n B.B.K.-informant het 'n kabinetslid van 'n ander tuisland dit dan ook gestel dat die vroue die landbou moet behartig sodat die mans "flatboys" en "kitchenboys" kan word, wat 'n hoër status as boere het.

In die soeke na 'n antwoord op die probleem moet daar dus 'n professionalisering van die boerderybedryf plaasvind. En as 'n eerste stap daartoe sal opnuut gekyk moet word na die grondregte van "deeltydse boere".

7.1.5 Stamtradisies

Verskeie stamtradisies en -wette kan gesien word as hebbende 'n negatiewe invloed op landbou-ontwikkeling. Hierby kan praktyke soos die seremoniële behandeling van landerye; dat die stamhoof toestemming moet gee voordat daar geplant en geoes kan word en die psigologiese weerstand teen sekere nuwe beesrasse en sekere veeteeltpraktyke, ingereken word. Ten opsigte van die Batswana speel hierdie tradisies egter 'n steeds kleiner rol as gevolg van 'n meer verligte benadering ten opsigte van landbou binne die geledere van stamowerhede. Ook het die ingesteldheid ten opsigte

van vee reeds verander soos getuig word deur die feit dat die bemarking van vee in 1974 met 30 persent toegeneem het.

Die feit dat daar reeds 'n markbewussyn bestaan, beteken egter nie dat die bestaansekonomiese-bewussyn geheel oorkom is nie. Laasgenoemde is deel van 'n waarde-kompleks wat stadig verander en wel eers as besef word dat die verandering, met inagneming van *alle* faktore (sosiaal en ekonomies), die "moeite werd" is.

Samevattend kom dit dus voor asof die vereistes van moderne landbouontwikkeling, wat die gewone stamlid betref, op 'n aan= tal punte in botsing staan met sy kultuurbepaalde gekarteerde voorstelling van grondbesit, -waarde en -gebruik. Stadige ver= andering en 'n vermenging van tradisionele en moderne waardes en vereistes is gevolglik noodwendighede in die proses van landbou-ontwikkeling. En dit moet as antwoord aanvaar word.

Dan moet gevra word na die antwoord wat die Tswana-owerheid as mondstuk van en gesaghebber oor die Tswanabevolking op die vraagstuk van landbou-ontwikkeling gee.

7.1.6 Die owerheidsantwoord

Die Wetgewende Vergadering en kabinet van Bophuthatswana neem deurgaans 'n progressiewe houding ten opsigte van landbou-ont= wikkeling in. Omdat dit egter as uitgangspunt aanvaar word dat stamgrond die eiendom van stamme is en dat verbeteringskemas alleen op versoek van die stamme deur die Bophuthatswana-ower= heid uitgevoer kan word in stamgebiede, speel die houding van stamme 'n belangrike rol in die uitvoering van landbou-ontwik= keling in stamgebiede. Die verdere standpunt dat alle persone wat landbouregte vóór die implementering van landboubeplannings= skemas gehad het dit op 'n *pro rata* -basis moet behou ná die

implementering van sodanige skemas, vorm weliswaar ook 'n rem=mende faktor, maar die owerheid kan kwalik anders sonder om grootskaalse protes te ontlok. Ofskoon die praktyk van half- en kwart-ekonomiese eenhede wat lei tot deeltydse boerdery hier=deur voortgesit word, stel dit nogtans 'n beter vertrekpunt daar met die oog op konsolidasie van half- en kwarteenhede tot volle eenhede - 'n stap wat reeds onderneem is deur 'n stamowerheid en waarna reeds verwys is. Sodanige konsolidasie word moontlik sodra daar 'n skeiding bewerkstellig kan word tussen voltydse en deeltydse boere. Terselfdertyd is dit ook so dat die imple=mentering van landboubeplanning binne die konteks van die tradi=sionele stelsel van grondbesit en die subsidiëring van die uit=voering van beplanning op privaatgrond[103] tot 'n beter gebruik van grond gelei het.

Benewens die uitvoering van beplanning binne die raamwerk van die tradisionele stelsel van grondbesit en -gebruik, is daar egter ook drie ander strategieë wat deur die owerheid van Bophuthatswana gevolg word met die oog op landbou-ontwikkeling, naamlik die verhuring van groter eenhede staatsgrond op 'n langtermynbasis aan privaat ondernemers; die ontwikkeling van grootskaalse kapitaal-intensiewe kommersiële projekte, en die vorming van koöperatiewe eenhede.

Ten opsigte van eersgenoemde metode het die Hoofminister ver=klaar: "The question of the leasing of land, especially in areas unsuitable for the settlement of communities, to indivi=duel farmers who have proved their mettle, has already been ac=

103. Vgl. *Debatte ... 1972*, p.613. Indien die eienaar van die grond egter nie die voltooide werke onderhou nie, is hy aan=spreeklik vir die koste van die beplanning en uitvoering daarvan.

cepted in principle by my Government".[104] Uiteraard kom slegs gekeurde Tswanaboere in aanmerking vir hierdie groter ekonomiese eenhede. Om wrywing tussen die Departement van Landbou en stamowerhede te voorkom, word sodanige keuring gedoen ná oorleg met die stamowerheid aan of in wie se regsgebied die te verhure grond geleë is. Die owerheid is die mening toegedaan dat hierdie tipe ekonomiese eenhede 'n ontwikkelingsinvloed op die naburige stamgebied behoort te hê. Daar is egter nog nie besluit of individuele boere toegelaat behoort te word om sulke eenhede te koop nie.

Die tweede tipe projekte word, vanweë die kapitale uitleg en kundigheid wat dit vereis, onderneem deur die B.B.K. tot tyd en wyl daar 'n eie Tswana-ontwikkelingskorporasie tot stand gebring is. Dit is egter die oogmerk om projekte van hierdie aard (visteeltstasies, melkerye, vetmestingseenhede, besproeiingskemas), onder Tswanabestuur en in Tswanabesit te bring sodra die B.B.K., wat in sekere sin as agent vir die Tswana-owerheid optree, sy inisiële kostes verhaal het en daar genoegsaam opgeleide Batswana bestaan om die projek voort te sit. Sulke kommersiële projekte sou dan oorgeneem word deur òf maatskappye met plaaslike aandeelhouding òf deur koöperatiewe eenhede. Dit word in elk geval gereken dat hierdie projekte ekonomiese vooruitgang in die algemeen behoort te stimuleer en aanleiding behoort te gee tot die ontstaan van verwante bedrywe.

Die derde tipe onderneming - koöperatiewe boerdery - het dit op die oog om die massa kleinboere in stamgebiede en op Trustgrond in te skakel by koöperatiewe skemas deur middel waarvan bewerking van landerye, veeverbetering, bemarking en finansiering

---

104. Molatlhwa, *op. cit.*, p.11.

van landbou in die algemeen, vergemaklik kan word. Dié onderneming bestaan dan daarin dat 'n aantal boere - verkieslik 20 tot 30 - 'n primêre koöperatiewe eenheid vorm. So 'n eenheid kan krediet bekom van die owerheid en ook krediet verskaf aan sy lede, maar slegs in die vorm van landboubenodigdhede. Gevolglik dien die koöperasie as -

(a) voorsiener van benodigdhede soos saad, kunsmis, ploeg-, plant- en bespuitingsdienste;

(b) kanaal vir kredietverskaffing deur die owerheid aan die boerende bevolking; en

(c) kanaal vir bemarking van landbouprodukte by welke geleentheid die krediet verskaf aan lede weer verhaal word.

Nadat twee of meer primêre koöperatiewe eenhede gevestig is, gaan hulle dan oor tot die vorming van 'n sekondêre koöperatiewe eenheid, welke eenheid dan dienste van 'n meer gesofistikeerde aard aan sy lede voorsien.

Dat hierdie koöperatiewe skemas wel inslag vind, blyk uit die feit dat daar aan die begin van 1974 reeds nagenoeg 20 primêre koöperasies en een sekondêre koöperasie (die Lesedi-koöperasie te Taung)[105] in Bophuthatswana geregistreer was.[106] Tswana-informante was dan ook die mening toegedaan dat hierdie koöperasies 'n belangrike opheffende rol ten opsigte van die boerderybedryf in Bophuthatswana speel.

---

105. Vgl. Jeppe, W. J. O. Unieke Landbouplan vir Bantoes se welslae. *Tegniek*. Desember 1972.

106. R.S.A. Bophuthatswana Regering. *Debatte ... 1974*, p.40.

Uit die voorafgaande blyk dit dan dat die Bophuthatswana-regering verskeie metodes aanwend om landbouproduksie te verhoog en die boerderybedryf op 'n gesonder grondslag te plaas. In die weg na die bereiking van hierdie doelstellings is daar gewigtige struikelblokke soos 'n gegewe oorbesetting van landbougrond; die stelsel van grondbesit en gebruike wat kultuurverankerd is; 'n beskouing van grond wat nie rymbaar is met ekonomiese werklikhede nie; 'n gebrek aan bedryfskapitaal binne die geledere van die boerendes en 'n openbare mening wat dikwels teen ontwikkelingskemas gekant is, maar waarmee wel deeglik rekening gehou moet word. Onder dié omstandighede kan goed begryp word dat die landboukundige situasie tans nog vloeibaar is en geen rigiede langtermynbeleid nog geformuleer is nie. 'n Soepel beleid is nodig: "... it would be foolish to accept one specific recipe as the magic answer to solve all problems".[107]

## 7.2 Mynbou

Alhoewel daar 'n belangstelling van Tswanakant in mynbou-ontwikkeling in Bophuthatswana bestaan, bestaan daar weinig belangstelling in die opneem van arbeidsgeleenthede in dié bedryf - besonderlik ongeskoolde arbeidsgeleenthede. Hierdie verskynsel word lankal reeds as onverklaarbaar beskou. Ten spyte van verskeie beroepe deur leidende Tswanafigure om die geleenthede te benut, bly die belangstelling uiters traag, soos afgelei kan word uit die feit dat 61 000 arbeidsgeleenthede in die mynboubedryf in Bophuthatswana aan die begin van 1975 beklee is deur trekarbeiders van buite die tuisland. Na raming het die Tswana hierdeur 'n bedrag van ± R20 miljoen aan loongeld "verloor".

---

107. Molatlhwa, *op. cit.*, p.8.

Gedurende 1970 het die Reseskomitee insake die Ekonomiese Ontwikkeling van di Tswanatuisland ook na die mynbousektor ondersoek ingestel en aanbeveel dat -

(a) vakleerlingskap oopgestel word vir Tswana in die tuislandmyne;

(b) 'n mynskool gestig word met die oog op opleiding van Tswana in die mynboubedryf;

(c) dat 50 persent van die belastings betaalbaar deur tuislandmyne oorbetaal word aan die Tswana-owerheid; en

(d) dat Tswana toegelaat moet word om aandele te bekom in mynmaatskappye wat in die tuisland bedrywig is.[108]

Weinig het van hierdie aanbevelings gekom. Ten opsigte van (a) is van Tswanakant geredeneer: "... it will be difficult, perhaps impracticable, to say that the Tswanas should be apprenticed in the mines if it is discovered that there are no such people, because the Tswanas are people who do not like mine work".[109] Gevolglik is die voorstel gewysig om mynbou "en ander industrieë" in te sluit. Van die tweede aanbeveling het ook niks gekom nie; dit sou immers sinloos wees om 'n mynskool te stig as daar geen leerlinge inskryf nie. Drie jaar later het Rustenburg Planinum Mines egter wel 'n bedrag van R1,2 miljoen aan Bophuthatswana geskenk vir die oprigting van 'n tegniese en handelskool in Bafokeng waar ook opleiding van belang

---

108. Tswana Territorial Authority. Report of the Recess Committee ... *op.cit.*, p.6.

109. R.S.A. Tswana Gebiedsowerheid. *Verrigtinge ... 1971*, p.170.

vir die mynbou aangebied sou word.[110]

Die reaksie van die Tswana op hierdie opleidingsgeleenthede word egter nog afgewag. Die aanbeveling by (c) het groot be= langstelling gelok, maar aangesien die Grondwet van die Bantoe-tuislande bepaal dat belasting slegs gehef kan word indien 50 persent aandeelhouding in Tswanahande is en die hoofkantoor van die mynmaatskappy in Tswanagebied is,[111] is daar ook van dié punt afgestap. Die laaste aanbeveling - (d) - was ewe onvrug= baar nadat 'n raadslid daarop gewys het dat 'n mynmaatskappy nie plekgebonde is nie en die aanbeveling, indien aanvaar, daartoe kon lei dat Tswanageld aangewend word vir mynbou-akti= witeite buite Bophuthatswana.

Om die belangstelling van Batswana in die geleenthede binne die mynbousektor te wek het mynmaatskappye te Rustenburg aangebied om die kostes te dra indien streeksowerhede daar besoek wou aflê om werksomstandighede te ondersoek. Ook die Hoofminister het daarop gewys dat die Batswana tans nie behoorlik gebruik maak van die arbeidsgeleenthede in die mynbedryf in Bophuthat= swana nie en dat dit lei tot instroming van nie-Tswana waardeur die Tswana sy arbeidsgeleenthede in sy eie land ontneem word.[112]

Geen noemenswaardige verandering ten opsigte van die mynbedryf is nog sedertdien gerapporteer nie. Witboordjiebetrekkings op die myne lok wel belangstelling maar nie vakatures vir onge= skooldes nie. Dit is oënskynlik benede die Batswana se waar=

110. *Die Transvaler*. 3 Mei 1974.
111. R.S.A. Tswana Gebiedsowerheid. *Verrigtinge ... 1971*, p.173.
112. R.S.A. Bophuthatswana Wetgewende Vergadering. *Debatte ... 1974*, p.1237. Bophuthatswana Regering. *Debatte ... Spe= siale Sessie, 1974*, p.66-67.

digheid om hierdie "laere" arbeidsvorme *in sy eie tuisland* te verrig.

### 7.3 Nywerheidsontwikkeling

#### 7.3.1 Grensnywerhede

Ofskoon die vestiging van grensnywerhede nooit 'n ideaal van die Tswana-owerheid was nie, is dit verwelkom omdat dit arbeidsgeleenthede aan tuislanders gebied het en gevolglik die druk op die landbou in sekere streke tot 'n mate kon verlig. Gevolglik is daar dan ook 'n mosie in 1967 aan die Gebiedsowerheid voorgelê waarin gevra is om 'n versnelling in die stigting van grensnywerhede aan die Tswanatuisland.[113] Die mosie is egter gewysig om interne nywerhede in te sluit omdat dié van veel groter betekenis vir die Tswana was as grensnywerhede. Die Reseskomitee insake die Ekonomiese Ontwikkeling van die Tswanatuisland was op dié punt ook baie duidelik: grensnywerhede bestaan wel buite die grense van die tuislande, maar die Komitee beveel aan "That industries be erected deep in the Tswana Homelands".[114]

Dat grensnywerhede bepaalde voordele vir Bophuthatswana inhou, word deur Tswana-informante erken, maar hulle toon ook sekere "nadele" aan. Eerstens is daarop gewys dat hierdie nywerhede nie deur Batswana besit kan word nie; dat die tuisland geen belastingvoordeel daaruit kry nie; dat die Tswana nie tot bestuursvlak in hierdie nywerhede kan vorder nie en - les bes - dit oënskynlik nywerheidsgroei oor die grens (in die tuisland)

113. R.S.A. Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge ... 1967*, p.60.

114. Tswana Territorial Authority. Report of the Recess Committee ... , p.9.

inhibeer, omdat dit kwalik moontlik sou wees vir 'n Motswana om 'n konkurrente bedryf direk duskant die grens te vestig.

Die argumentasie kom dus daarop neer dat die *grense* tussen Bo=phuthatswana en die R.S.A. deur grensnywerhede gemaak word tot *knooppunte* of brûe waardeur en waaroor die inkome wat deur tuislanders verdien word, terugvloei na die Blanke gebied. Volgens die Hoofminister het die desentralisasieplan dan ook "gefaal",omdat dit nie daarin kon slaag om die mark te verskuif na die tuisland nie.[115] Onder dié omstandighede bly die tuis=land weinig meer as "'n slaapplek". Indien hierdie nywerhede diep in die tuisland kon wees, sou dit na bewering 'n veel gro=ter rol in kapitaalvorming en ekonomiese groei in die tuisland gespeel het as tans die geval is. Daarby sou dit dan ook lei tot 'n na-binnegerigtheid van die infrastruktuur en tot digtere bevolkingskonsentrasies in die tuisland in plaas van op die grense daarvan. Indien daar nywerheidskerns in Bophuthatswana gevestig kan word en groter afstandsgapings "geskep" kon word tussen die nywerheidskerns in die R.S.A. en Bophuthatswana, sou dit lei tot die ontstaan van 'n mark *in* die tuisland en die be=staan van dorpe met 'n nasionale ekonomiese basis. Dit sou die begin kon wees van ekonomiese "kern-areas" waarop en waaruit ekonomiese middelpuntsoekende kragte kon bestaan.

Volgens hierdie argumente vorm grensnywerhede dus skakels waar=deur Bophuthatswana ingesuig word in en gekoppel word aan die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel. (En as die argumente teen die grensnywerheidskema bekyk word, kan afgelei word dat daar binne afsienbare tyd vanuit Tswanakringe geredeneer kan (en

115. Voordrag voor Nasionale Ontwikkelings en Bestuur Stigting soos gerapporteer in *The Daily News*, 1/8/74.

gaan?) word dat Suid-Afrika hom skuldig maak aan neo-koloniale of -imperiale praktyke).

Die Tswanahouding ten opsigte van grensnywerhede moet dus só verstaan word dat dit tot voordeel is omdat dit arbeidsgeleent= hede voorsien maar tot "nadeel" is omdat dit nie binne die tuis= land geleë is nie.

'n Verdere nadeel wat voortvloei uit die skema is die feit van plakkery in die tuisland binne trefafstand van die grensnywer= heidsgebied. Vir die privaatbesitters van grond in sulke omge= wings het die toelating van plakkers 'n winsgewende "bedryf" geword - soos vir sekere stamhoofde wat *lotsha*geld in eie sak gesteek het. Maar daardeur is ernstige sosiale probleme geskep en het daar 'n toevloei van nie-Tswana na Bophuthatswana plaas= gevind wat klaarblyklik nie van plan is om òf Batswana te word òf die gebied te verlaat nie.

7.3.2 Interne nywerhede

Soos hierbo aangedui is, is interne nywerheidsvestiging die ideaal wat deur die Tswana-owerheid nagestreef word. En dan word daar nie slegs gedink in terme van arbeidsgeleenthede, verligting van die druk op die landbou, opleiding, infrastruk= tuurontwikkeling en ander sosio-ekonomiese voordele wat daar= mee gepaard gaan nie maar ook aan die feit dat dit 'n teken van moderniteit is.

Oor die vestiging van nywerhede het daar egter 'n verskil in mening tussen die Tswana en Blanke owerheid bestaan. Veral die rol en optrede van die B.B.K. en die agentskapsbasis was twis= punte.

Reeds vanaf 1961 is daar van Tswanakant aangedui dat hulle 'n aandeel in die B.B.K. sou wou hê.[116] Daarnà is tydens verskeie sittings van die Gebiedsowerheid bespreking gevoer oor die rol van die B.B.K. en gevolglik het die Reseskomitee insake die Ekonomiese Ontwikkeling van die tuisland ook aandag daaraan ge= gee en soos volg gerapporteer:[117]

(a) Besigheidslenings kan slegs van die B.B.K. verkry word en dié liggaam het in die periode vanaf 1966 tot 1970 'n totaal van 255 lenings aan Batswana toegestaan ter waarde van R2,2 miljoen.

(b) Uit 'n groot aantal getuies het slegs vyf gekwalifi= seerde goedkeuring uitgespreek ten opsigte van die B.B.K. Besware bestaan teen die B.B.K., omdat -

(i) die leningsooreenkoms bepaal dat die Korporasie te enige tyd die besigheid kan oorneem;

(ii) leners nie meer as een besigheid mag dryf of uitbrei= dings aan 'n bestaande besigheid mag aanbring sonder toestemming van die Korporasie nie;

(iii) sakelui slegs sakegeboue en handelspersele in tuis= landse dorpe mag huur en nie kan koop nie;

(iv) sakelui nie groothandelsake mag oprig waar die Korpo= rasie so 'n saak het nie;

(v) slegs die Korporasie bierbrouerye, biersale en depots mag besit;

---

116. R.S.A. Tswanagebiedsowerheid. *Notule ... 1961*, p.15.

117. *Op. cit.*, p.4-5.

(vi) die rente op lenings besonder hoog is, naamlik 7½ persent;

(vii) amptenare van die Korporasie 'n hovaardige houding jeens Tswanaleners openbaar;

(viii) daar sterk monopolistiese neigings aan die kant van die Korporasie bestaan.

'n Lid van die komitee het ons meegedeel dat 80 persent getuies "niks van die B.B.K. wou weet nie"; dit wantrou en beskou as 'n liggaam wat eerder Swart sakelui in die tuisland "benadeel" as help - 'n siening wat ooreenkom met uitlatings wat lede van stamowerhede in 1973 teenoor ons gemaak het, waaronder: *"Ge ba go adimile maadi molato wa bone ga o hele".*[118]

Sedert die ondersoek van die Reseskomitee is verskeie oorsake vir die onmin uit die weg geruim, maar ons het die indruk van Tswana-informante dat die Korporasie nog nie sy "naam" verloor het nie. Een respondent uit Soweto het dan ook aangedui dat een van sy hoofbesware teen die Mangope-bewind geleë is in die feit dat dit nie die B.B.K. kan beheer nie/in bedwang kan hou nie. Die Hoofminister self het in 1973 ook aangedui dat daar opnuut gedink moes word oor die B.B.K.: ōf die sentrale regering moes die fondse direk aan die tuislandregering oordra ōf die Tswana-regering moes verteenwoordiging kry op die Raad van die B.B.K.[119]

Ofskoon die agentskapsbeginsel aanvanklik aanvaar is, het houdings in Bophuthatswana mettertyd verander ten gunste van 'n

---

118. "As hulle aan jou geld geleen het hou hulle moeilikheid nooit op nie/ kry jy nooit klaar betaal nie."

119. *Daily News.* 26/1/73.

liberaler ontwikkelings- en beleggingsbeleid. So het die Hoof=minister in 1973 verklaar dat hy persoonlik gekant is teen die kontrole wat Pretoria in die implementering van die agentskaps=beginsel uitoefen: die tuislandregering moes die bevoegdheid hê om self met nyweraars te onderhandel en die nyweraar moes, desverkiesend, toegelaat word om 'n maatskappy te vorm of in vennootskap te gaan met burgers van Bophuthatswana.[120] Hier=deur sou die Tswana ook die geleentheid kry om die nodige er=varing op te doen in die bestuur van nywerhede en sake-onder=nemings.[121] Tweedens het daar ontevredenheid ontstaan met die keertyd van 25 jaar wat aanvanklik gestel is aan die Blanke nyweraar wat in tuislande met 'n nywerheidsaksie wou begin. Daar is geredeneer dat 'n opheffing van die perk sou kon bydra om nyweraars te lok omdat dit, indien geborg deur die tuisland=regering, groter permanensie aan die nyweraar sou gee. Uiter=aard kan slegs die tuislandregering, in teenstelling met die sentrale regering, sodanige permanensie aan nyweraars toesê. Soos egter ook bekend is daar van die kant van die sentrale regering goedkeuring geheg aan die eis om die perk van 25 jaar op te hef.

Alhoewel daar dus punte van kritiek teen die toepassing van die owerheidsaanbod deur die Tswana ingebring word, het daar haas geen inisiatief van Tswanakant uitgegaan om 'n vervaardigings=sektor in Bophuthatswana op die been te bring nie. Die Reses=komitee het aanbeveel dat Tswana-entrepreneurs voorrang moes geniet in eiendomsontwikkeling, kleremakery, motorhandel, ver=

---

120. *The Star*. 28/3/73.

121. S. J. J. Lesolang in *The Star*, 15/11/1974.

pakking, ens.[122] en dit is ook as beleid aanvaar,[123] maar dit het nog geen noemenswaardige vrug afgewerp nie. Vervoerdienste is wel by sekere punte suksesvol onderneem, maar die sukses daarvan is blykbaar ook te danke aan die feit dat arbeiders en kopers na die Blankegebied vervoer word waar die inkome weer bestee word. Die handelsektor het ook ontwikkeling getoon, maar die feit dat ongeveer 70 persent van die inkome van die bewoners van Bantoedorpe in Moretele en Odi in Pretoria bestee word,[124] toon aan dat daar nog veel te wense in hierdie ver=band bestaan. Op enkele uitsonderings na het die vervaardig=ingsbedryf nog nie die tuisnywerheidstadium ontgroei nie en is feitlik alle bedrywe wat wel in die tuisland bestaan daarge=stel deur òf Blanke privaatinisiatief òf B.B.K.-inisiatief.

### 7.3.3 Verstedeliking en arbeid

Soos uit die syfers in die vorige hoofstuk blyk, het verstede=liking in Bophuthatswana vinnig toegeneem, naamlik vanaf 250 in 1960 na 211 073 in 1973. Verstedeliking was dan ook 'n logiese gevolg van grensnywerheidsontwikkeling, interne nywerheidsves=tiging en die uitvoering van landbouhervormingsmaatreëls. Hierdeur is ook die geriewe geskep waardeur 'n hervestiging van Batswana uit die Blanke stedelike gebiede moontlik sou word. (Verskeie Tswanasakelui het hulleself dan ook reeds hervestig in tuislanddorpe). 'n Onvermengde voordeel sou dit egter ook nie wees nie. Eerstens het die ontstaan van dorpe 'n bedreig=ing ingehou vir die voortbestaan van stamverband en stamgesag.

---

122. *Op. cit.*, p.9.

123. Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. R204/6, f.11.

124. *Hoofstad*. 13 Augustus 1975.

Só het die Uitvoerende Raad van die Tswanagebiedsowerheid reeds in 1969 beswaar aangeteken teen die ontwikkeling van "groot" dorpe in die tuisland waarin Tswana sonder ag op stamverband vanuit byvoorbeeld Mamelodi hervestig sou word. Die Uitvoerende Raad sou liewer kleiner nedersettings *in* stamgebiede wou sien en een Uitvoerende Raadslid het dan ook pertinent aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gevra of hy dink "dat kapteinskappe nog oor 50 jaar sal bestaan as dorpsontwikkeling voortgaan soos tans (1969) die geval is."[125] Tweedens het informante in Moretele en Odi meegedeel dat die proses van verstedeliking gepaard gaan met wanpraktyke. So het dit reeds verskeie kere gebeur dat 'n Motswana sy woonreg in 'n tuislandse dorp verkoop aan 'n nie-Tswana en dan óf gaan *lotsha* by 'n Tswanastamhoof óf gaan plak op privaatgrond binne trefafstand van vervoerdienste na Pretoria. Met die hervestiging van Batswana uit Mamelodi na Mabopane het dieselfde verskynsel voorgekom - en het daar ook veel meer Batswana (met hulle huisraad) in Mabopane van die vragmotors van Swart vervoerkontrakteurs afgeklim as wat in Mamelodi opgeklim het ...

Uit bostaande opmerkings word dit duidelik dat die ekonomiese ontwikkeling van Bophuthatswana dikwels stuit teen die faktor van anderse sosio-ekonomiese waardes, insluitende dinge soos motivering, arbeidsbewussyn, ensovoorts. Hierdie belemmerende faktore trek saam in en vloei voort uit 'n bepaalde kultuurbepaalde lewens- en wêreldbeskouing. En hoe 'n belangrike invloed dít kan hê op die voorsiening van bestaansgeleenthede in die tuisland, is af te lei uit die volgende mededeling van 'n BENBO-informant: "Ons het gevind dat 'n betrekking dikwels net

---

125. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. R204/6, f.14.

vir ses maande beklee word en dat die werker dan genoeg geld verdien het om vir die volgende ses maande te "rus" waarna hy dan weer kom werk soek."

Só gesien, sou die aantal nuwe betrekkings wat per jaar ontstaan 'n verdubbelde aantal bestaansgeleenthede bied, maar terself=dertyd dui op 'n uiters hoë arbeidsomset en relatief lae pro=duksie.

## 7.4 Evaluerend

Die antwoord van die Batswana ten opsigte van die voogsaanbod in terme van bestaansgeleenthede word deur verskeie faktore tot 'n oorwegend negatiewe gemaak. Onder hierdie faktore sou die volgende ingereken kon word:

(a) Die hoeveelheid landbougrond is beperk. Dele daarvan is oorbeset sodat deeltydse boerdery bedryf word. An=dersyds is alle bewerkbare grond egter nie onder be=werking nie. Die gebrek aan geprofessionaliseerdheid van die landbou, sin vir die ekonomiese waarde van grond, tradisionele stelsel van grondbesit en sekere tradisies en gebruike belemmer hoër produksie.

(b) Die gebrek aan genoegsame kapitaal om die beskikbare potensiaal (bv. delfstofafsettings, water, ens.) tot volle benutting te bring.

(c) Die fisiese infrastruktuur is relatief swak ontwik=keld en na-buite-gerig. Dit is die gevolg van die historiese verloop in ekonomiese verband (kontak tus=sen 'n mark-ekonomiese kultuur en bestaansekonomiese kulture), en is voortgesit deur die grensnywer=heidskema, relatief lae peil van ontwikkeldheid

heid in die handel en diensteseektor in die tuisland en geografiese en ekologiese nabygeleënheid van sterk ontwikkelde ekonomiese kerns in Blankegebied. Die ontstaan van "selfstandige" ekonomiese kerns in die tuisland is afhanklik van die skep van "gapings" na buite - iets wat kwalik moontlik is as die tuisland nie as uitgangspunt en basis vir ekonomiese beplanning geneem word nie.

(d) Benewens die fisiese belemmeringsfaktore is daar ook 'n aantal identifiseerbare struikelblokke wat geleë is in die mensemateriaal self en wat 'n determinerende rol speel in die respons op die aanbod. Hieronder word die volgende ingereken:

(i) Die bestaan van psigologiese vooroordele ten opsigte van sekere soorte arbeid wat voortvloei uit mynbou en konstruksie en gevolglik oorgelaat word aan nie-Tswana.

(ii) Gebrek aan ondernemerskap, bestuurskundigheid, industriële "know-how" en bemarkingservaring.

(iii) Gebrek aan genoegsame geskoolde arbeid en opgeleide tegnici wat bereid is om in die tuisland te arbei. Dié wat wel bestaan, word veelal teen beter diensvoorwaardes opgesuig deur die goed gevestigde ekonomiese kerns in Blankegebied.

(iv) 'n Arbeidsmag vir wie die industriële lewe "nuut" is en nog nie aangepas is by die eise daarvan nie. Tradisionele sosiale waardes en -steunpunte, gebrek aan geïndividualiseerdheid, ens. lei onder meer tot 'n bevrediging van behoeftes op 'n *ad hoc*-basis en belem=

mer daarmee die ontstaan van 'n klimaat wat noodsaak=
lik is vir nywerheidsgroei.

(v) By (iii) hierbo is verwys na 'n verdere gewigtige fak= tor, naamlik die gebrek aan nasionale (Tswana-) gemo= tiveerdheid wat toe te skryf is aan die afwesigheid van 'n sterk ontwikkelde *volksbewussyn*. Enkelinge is teëgekom wat bereid was om teen 'n laer inkome die eie gemeenskap tot diens te wees. Die reël is dat daar gesoek word na hoër pryse vir die eie kundigheid en arbeid, ongeag of dit binne of buite die tuisland is. Die gevolg hiervan is 'n erosie van tuislandse geskoolde mannekrag en 'n afwenteling daarvan op Blankegebied. Tweedens dui die feite op 'n afhanklik= heidsindroom: 'n oënskynlike onvermoë tot die *geloof* in 'n eie selfstandige ekonomiese bestaan, en gevolg= lik 'n afwesigheid van pogings om die eie kapitaal en kundigheid te monster met die oog op groter ekonomiese selfstandigheid in nasionale verband. En solank hier= die *volksbewussyn* ontbreek, kan kwalik 'n ekonomiese na-binne-gerigtheid en -konsolidasie verwag word.

Bostaande oorsig skep die beeld dat nasievorming inderdaad meer vereis as net bestaansmoontlikhede. 'n Nasionale *wil* tot ont= wikkeling, en in besonder 'n wil tot *nasionale ontwikkeling* en selfstandigheid, ook in ekonomiese verband, skyn 'n psigologiese voorvereiste te wees vir die vorming van nasionale kontoere in ekonomiese verband. Dit op sy beurt, vereis 'n bewussyn van, onder meer, afgrensing van ander wat dít wat reeds besit word, bedreig of kan bedreig.

## 8. Grensvorming

Die vorming van nuwe sosiopolitieke grense moet gesien word as 'n funksie van nasievorming: hoe vaer die nasieskap hoe vaer die grense. Die ontstaan van 'n nasie is dan ook in wese 'n proses gekenmerk deur nouer skakeling na binne (oor bestaan= de interne grense) en losser skakeling na buite. Dit impliseer dat lojaliteite verlê word; bestaande kommunikasie-eenhede in= geskakel word binne 'n groter kommunikasiestruktuur met die oog op die omvorming daarvan tot nuwe (en groter) kommunikasie-eenheid - en die skep van gapings binne dáárdie gegewe kommunikasie-eenhede wat deur die staatkundige grens verdeel word. Dit vereis ook dat die kommunikasiegebruike en metodes in staat is om ou grense te *kan* oorspan; daar 'n bereidheid binne bestaande eenhede bestaan om in 'n breër struktuur inge= vleg te word en die nuwe nasionale owerheid in staat is om ook gesag aan te wend om die herstrukturering voort te stu. Ge= volglik word geredeneer dat grensvorming in Bophuthatswana ge= peil kan word na aanleiding van -

(a) die aard van kommunikasiegebruike en metodes by die Batswana in die tuisland en in Blankegebied;

(b) tendense in interstamlike kommunikasie;

(c) tendense in die kommunikasiepatroon tussen die tuis= land en Batswana in Blanke stedelike gebiede.

Sover dit die eerste aspek betref, moet daarop gewys word dat die tradisionele metode van kommunikasie berus het op die gesig-tot-gesigsvlak. Omdat hierdie patroon òf nie in staat is tot òf 'n remmende effek het op die vorming van groter kommunikasie= eenhede nie, moet eerstens gevra word na die huidige patrone van

kommunikasie en die vermoë van die kommunikasiemiddele.

As gevolg van die aanbieding van moderne onderwys; die betrokkenheid by die gediversifieerde ekonomiese stelsel en die proses van akkulturasie oor 'n breë front, het daar reeds 'n wysiging in die tradisionele patrone van kommunikasie by die Batswana in die tuisland en tot 'n groter hoogte by dié in Blanke stedelike gebiede ontstaan. Sover dit die tuisland betref is reeds daarop gewys dat 50 persent stamowerheidslede en 95 persent geskoolde respondente radio's besit en dat 33 persent stamowerheidslede en 85 persent geskooldes gereeld 'n nuusblad lees. Verder het dit geblyk dat die volgende patroon ten opsigte van vervoer vir die tuislandse respondente geldend is:

| | *Motor* | *Trein* | *Bus* | *Fiets* |
|---|---|---|---|---|
| Stamowerhede | 4e | 2e | 1e | 3e |
| Geskooldes | 45% | 20% | 24% | 10% |

Die antwoorde van respondente in Blanke stedelike gebiede toon dat 100 persent radio's besit en ook gereeld koerant lees; dat 57 persent reeds persoonlike vriendskappe aangeknoop het deur middel van 'n telefoon; 100 persent goeie vriende het wat nie Tswana is nie en 100 persent ook lede is van een of ander moderne organisasie. In die daaglikse arbeidsomgewing gebruik respondente die volgende tale: Engels 48%; Setswana 34%; Afrikaans 8%; Zulu 2% en Xhosa 5%. Wanneer in gesprek met nie-Tswanavriende word die volgende tale aangewend: Setswana 10%; Engels 56%; Zulu 20%; Xhosa 13%. Die vervoermedia wat aangewend word is soos volg: motor 56%; trein 22%; bus 22%. Laastens voer 100 persent respondente korrespondensie met verwante of kennisse in ander stedelike gebiede en in die tuisland.

Hierdie gegewens dui daarop dat die Batswana reeds gebruik maak van moderne media, dit wil sê media wat daartoe in staat is om tradisionele grense te oorspan en gegewe kommunikasie-eenhede in te vleg in 'n groter kommunikasiestruktuur.

Daarmee kom die tweede aspek - (b) hierbo - op die voorgrond, naamlik wat is die tendense ten opsigte van interstamlike kom=kunikasie? En dan moet terselfdertyd gevra word na die tendense binne dáárdie stamme wat deur gegewe internasionale grense in twee gesny word.

Uit gesprekke wat met stamhoofde en geskooldes gevoer is, kon alleen een gevolgtrekking gemaak word, naamlik dat interstamlike kommunikasie toeneem en stamgrense as gevolg hiervan besig is om te versag. Trouens, 66 persent stamowerheidslede en 82 per=sent geskooldes het dan ook aangedui dat die Tswanastamme van Bophuthatswana tans "nader" aan mekaar is as in die verlede. As redes hiervoor is aangedui dat stamhoofde "saamwerk by Mafeking" en mekaar beter ken as in die verlede; die instelling van een sentrale gesag gelei het tot groter ooreenkoms in stam=reg en -gebruik; onderwysers en klerke wat uit ander stamme afkomstig is en vriendskappe opbou in die stamme waar hulle werksaam is, lei tot die vervaging van stamgrense. (Vyftig persent geskooldes was dan ook gebore buite die stamgebiede waarin hulle werksaam was.) Volgens alle bronne kom inter=stamlike huweliksluiting op burgervlak dan ook baie meer voor as in die verlede en dié verskynsel word deur 85 persent ge=skooldes as "goed" bestempel.

Dat die toenemende aantal geskooldes in die tuisland 'n gewig=tige rol speel in die bevordering van interstamlike mobiliteit, moet aanvaar word. Die onderstaande antwoorde op enkele vrae

oor die bewussyn van stamlike afsonderlikheid wat gestel is aan stamowerhede en tuislandse geskooldes onderstreep die stelling.

Tabel 61: Bewussyn van afsonderlikheid

1. Behoort die Tlhaping, Tlharo, Rôlông, Kgatla, Kwêna, Hurutshe tot die Tswananasie?

| | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 100% | 0 | 0 |
| Geskooldes: | 94% | 5% | 0 |

2. En die Ngwato?

| | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 100% | 0 | 0 |
| Geskooldes: | 83% | 5% | 11% |

3. Praat alle Tswanastamme dieselfde taal?

| | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 0 | 100% | 0 |
| Geskooldes: | 66% | 28% | 5% |

4. Het hulle dieselfde voorvader?

| | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 33% | 33% | 33% |
| Geskooldes: | 45% | 30% | 20% |

5. Het hulle dieselfde geskiedenis?

| | *Ja* | *Nee* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 0 | 33% | 66% |
| Geskooldes: | 55% | 28% | 16% |

6. Is dié stam ryker of armer as ander stamme?

| | *Ryker* | *Armer* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 66% | 0 | 33% |
| Geskooldes: | 16% | 22% | 61% |

7. Is dié stam meer of minder ontwikkeld as ander stamme?

| | *Meer* | *Minder* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 66% | 0 | 33% |
| Geskooldes: | 30% | 55% | 15% |

8. Kom towery meer of minder in dié stam voor as in ander stamme?

| | *Meer* | *Minder* | *Weet nie* |
|---|---|---|---|
| Stamowerhede: | 0 | 100% | 0 |
| Geskooldes: | 11% | 28% | 61% |

Die stamowerhede sowel as geskooldes het die bestaan van kap=teinskappe geïdentifiseer as faktor wat belemmerend inwerk op die ineengroeiing van die Tswanastamme tot nasie. Bestaande gewoontes, tradisies en dialektiese verskille is ook remmende faktore - soos die feit dat Trustgrond toegewys word aan stam=owerhede en stamhoofde gevolglik woon- en benuttingsregte daar=op toeken.

Die houding van die tuislandse geskooldes is gewigtig. Diegene wat soos hulle dink word steeds meer en diegene wat soos die stamowerhede dink word steeds minder. Gevolglik kom dit voor asof stamgrense, ongeag die bestaan van kapteinskappe, dialek=tiese verskille en grondtoewysing aan stamme, toenemend *van binne* deurbreek sal word en dat die stamverband toenemend 'n gestadigde lojaliteitsonttrekking sal beleef ten gunste van

breëre verbande wat nie noodwendig in botsing met die stamverband hoef te staan nie. Soos 'n ontwikkelde Motswana dit aan ons gestel het: "Ek behoort aan 'n bepaalde gesin, bepaalde linie, bepaalde *kgôrô* en bepaalde stam. Hierdie verbande staan nie in botsing met mekaar nie. Nou moet ons groei van die plaaslike-(stam)formaat na 'n nasionale formaat wat nie sal beteken dat ek sal ophou om lid van 'n stam te wees nie." Dus sal die kleiner verbande voortbestaan binne die wordende breëre en omsluitende nasionale verband.

Dat die stambewussyn besig is om te verskraal ten gunste van 'n nasionale bewussyn, sou ook uit die besprekings in die Wetgewende Vergadering geïllustreer kon word, byvoorbeeld dat stamhoofde uit Taung en Kuruman ewe driftig te velde kan trek teen nie-Tswana in "ons" land wat aandring op taalregte in skole in Moretele en Odi. En stamhoofde uit die oostelikste distrikte wat aanvalle doen op Suid-Sotho - aansprake ten opsigte van Thaba Nchu.

Terselfdertyd moet egter ook aangetoon word dat dit 'n stadige proses is en dat die stamverband dikwels nog baie halsstarrig is - veral waar die stam in 'n relatief-bevoorregte posisie is. Slegs enkele voorbeelde hoef in hierdie verband aangehaal te word. Eerstens die geval van die Bafokeng van Rustenburg, die rykste stam in Bophuthatswana. Ons is meegedeel dat dié stam, toe die moontlike inskakeling daarvan by 'n streeksowerheid ter sprake gekom het, ferm verklaar het: *"Ga re tlhakane"*[126]. Gevolglik is die stamowerheid verklaar tot streeksowerheid.

---

126. "Ons meng nie (ons goed nie)"/"Ons maak nie (ons goed) deurmekaar nie." Daar is geredeneer dat die stam deur inskakeling gedwing sou word tot subsidiëring van ander stamme in streeksowerheidsverband.

Tweedens het die Reseskomitee insake Ekonomiese Ontwikkeling van die tuisland(waarvan die stamhoof van die Bafokeng voorsitter was) aanbeveel dat 50 persent van die belasting wat deur myne in die tuisland aan die Republikeinse regering betaal word, oorbetaal behoort te word aan die Gebiedsowerheid. Geen woord is egter gerep oor die tantieme wat deur mynmaatskappye aan stamme betaal word nie. Gevolglik kan aanvaar word dat stamme nie bereid is om 'n deel van die inkomste verkry uit stamgrond te deel met andere nie. Derdens is op goeie gesag verneem dat daar 'n neiging by stamhoofde bestaan om nuwe intrekkers te aanvaar en hulle dan te laat plak op toegewese trustgrond - en nie soseer op stamgrond nie. Vierdens het 'n baie senior raadsman van die Kgatla-kgafêlastamowerheid sonder enige twyfel en met samestemming van ander raadsmanne aan ons vertel dat Mzilikazi alle ander Tswanastamme verdryf het, maar dat die Kgatla-kgafêla hom beveg en verdryf het "tot by Bulawayo ..." Hierdie voorbeelde toon aan dat stambelange nog gewigtige belange is - ten spyte van die neiging om stamgrense te versag en van binne op te los.

Bostaande opmerkings kan egter nie beskou word as hebbende ook betrekking op die nie-Tswana-elemente in Bophuthatswana (soos die Ndebele van Moretele, Basotho (Suid-Sotho) van Thaba Nchu, Pedi en Shangaan in Moretele en Odi) nie. Hierdie minderheidsgroepe toon, sover vasgestel kon word, 'n doelbewuste strewe tot etnies-kulturele selfhandhawing en word hierin gesteun deur hulle onderskeie nasionale liggame. So het die Noord-Sothogebiedsowerheid taalregte geëis vir die Bapedi in Moretele en Odi. Ten opsigte van die Ndebele het die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee van Lebowa in 1967 gesê dat dit sy hart breek dat die Ndebele "geforseer is om by die Tswana aan te sluit." Hy het beklemtoon "... that they (Ndebeles) belong to

Lebowa because they are originally from Sebidiela area".[127] QwaQwa en Gazankulu beskou die Basotho van Klipgat en die Mat=shangana van Moretele en Odi as hülle mense, maar kan hierdie Suid-Sotho en Matshangana tans nie in eie tuisland ekonomies herberg nie. Hierdie steun van buite versterk uiteraard die strewe tot selfhandhawing en gevolglik die handhawing van in=terne grense tussen Tswana en nie-Tswana in Bophuthatswana. Trouens, die waarnemer kry soms die indruk dat dit nie net gaan om selfhandhawing nie, maar ook om verowering en die wegdruk van die Tswana uit sy eie land. Ten opsigte van hierdie groepe sou ons dus nie wou praat van grensversagting nie. Terself=dertyd dra die houding van die Bophuthatswana-owerheid ten op=sigte van hierdie nie-Tswana (dat hulle 'n "dodelike gevaar" is vir die Batswana en daar 'n onwilligheid bestaan om Bophutha=tswanaburgerskap aan hulle toe te ken), by tot die handhawing van hierdie grense.

'n Ander faset van die aspek wat in (b) hierbo genoem is, is die tendense binne stamme wat deur die grens tussen Botswana en Bophuthatswana in twee verdeel word, byvoorbeeld die Batlharo van Masibi en Barôlông boo Ratshidi. Navraag by die Batlharo het die gevolgtrekking gelaat dat kommunikasie tussen die twee stamdele besig is om af te neem alhoewel daar nog 'n lewendige verkeer oor die grenslyn plaasvind. By die Ratshidi is die ten=dens duideliker. Die stam is as 'n eenheid beskou tot en met die dood van Kebalipile Montshiwa in 1972, ofskoon die stamdeel in Botswana onder 'n adjunk van die stamhoof (jonger broer) ge=staan het. Na sy dood en die weiering van sy jonger broer om te Mahikeng te kom woon, is die stam verdeel in die Botswana- en Bophuthatswanaseksie. Dit was ook die geval met die Kgatla=Kgafêla wat vandag vir praktiese doeleindes twee stamme uitmaak.

127. Dept. van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. F53/1.

Die verdeling deur die internasionale grens gaan gepaard met 'n verskil in burgerskap binne die stam en vorm daardeur 'n "ekologiese" struikelblok waardeur kommunikasie, vriendskap en huweliksluiting beïnvloed word. 'n Informant het ook daarop gewys dat linies as gevolg daarvan en na verloop van tyd ver=wyderd raak, terwyl steeds minder grensoorsnydende nuwe linies ontstaan. As een broer hom byvoorbeeld sou vestig in Botswana en 'n ander in Bophuthatswana, dan is hulle kleinseuns klein=neefs wat, as gevolg van burgerskap en afstand, mekaar nie noodwendig sal ken nie - veral as hulle in verskillende rigtings (dit wil sê na die kernareas van die twee gebiede) sou soek na bestaansgeleenthede. Stamowerheidslede van geaffekteerde stam=me het ook daarop gewys dat "die lyn tussen ons gekom het" en dat dit 'n verdelende invloed uitoefen.

Op *stamvlak* en in terme van stamkommunikasie en -aktiwiteite het die internasionale grens dus reeds 'n kontoervormende effek op die Batswana uitgeoefen. Die relatiewe posisie en erkenning van kapteins binne die staatsopset in Botswana en Bophuthatswana, veral ten opsigte van reëlmaking en reëluitvoering, het byge=dra tot hierdie kontoervorming.

Dus kan dit gestel word dat, sover dit die Tswanastamme van Bophuthatswana betref, interstamlike grense besig is om te ver=sag en, sover dit grensstamme betref, intrastamlike grense in 'n proses van vorming verkeer. Beskou op die vlak van die stam, dui dit op die vorming van bande na binne Bophuthatswana en losser bande na Botswana. Hierteenoor is dit egter ook so dat, as gevolg van groter mobiliteit en groter bevoegdhede, daar op die vlak van die nuwe moderne politieke elite blykbaar toenemende kommunikasie tussen die tuisland en Botswana plaas=vind. Die aandringing van geskooldes en stedelikes op die kon=

solidasie van Bophuthatswana en Botswana en die aanvaarding van pres. Khama as politieke leier, is 'n teken hiervan. Daarby is van vooraanstaande Batswana verneem dat daar uitgesien word na 'n konsolidasie van Bophuthatswana aan Botswana met die oog op latere unifikasie "omdat ons dieselfde mense is." Hierdie houding is in ooreenstemming met die Qwaqwa-standpunt ten opsigte van Lesotho, maar die realisering daarvan mag later stuit teen die struikelblokke van botsende gevestigde politieke en ekonomiese belange.

Die derde aspek waarna hierbo verwys is - kommunikasie tussen Batswana in die tuisland, en dié in die Blankegebied - is, uit die oogpunt van nasievorming, besonder gewigtig.

In teenstelling tot verskeie ander navorsers wat meen dat die "verstedelikte" Bantoe geheel en al koud en afsydig staan teenoor tuislande, lê ons bevinding eerder in die teenoorgestelde rigting. 'n Aantal redes vir hierdie bevinding is reeds aangedui in die bespreking van politieke leierskap, politieke partye, burokrasie en sosialisering hierbo. In aansluiting daarby word die volgende relevante statistiek verstrek wat gehaal is uit die vraelyste van die respondente uit stedelike gebiede:

(a) 53 persent is gebore in stamgebiede, 35 persent in stedelike gebiede en 22 persent op plase. 73 persent besoek gereeld verwante in die tuisland wat inhou dat ± 20 persent wat nie in die tuisland gebore is nie, nogtans besoek daar aflê.

(b) 90 persent wil nie sien dat Setswana as taal moet verdwyn nie; 100 persent gebruik Setswana as huistaal; 92 persent dink die Tswana het 'n unieke kultuur en 100 persent beskou hulleself as Batswana.

(c) 89 persent sê dat die Batswana in stedelike gebiede nou meer Tswanabewus is as in die verlede; 82 persent is burgers van Bophuthatswana; 84 persent het deelgeneem aan die 1972-verkiesing; 42 persent sê dat die Batswana in stedelike gebiede nie meer kapteins gehoorsaam nie en 100 persent is die mening toegedaan dat die regering van Bophuthatswana meer aandag aan die Batswana in stedelike gebiede moet gee. Sowat 30 persent wat buite die tuisland gebore is, het hulle dus geïdentifiseer met die tuisland deur burgerskap en deelname aan die verkiesing.

(d) Die redes vir die koms na stedelike gebiede is ekonomies van aard; 96 persent dui aan dat sekere aspekte van die stedelike milieu (misdaad, wetteloosheid, lewenskoste, morele en sedelike agteruitgang, ens.) hulle afstoot en bekommer; 80 persent is bereid om van woonplek te verander teen dieselfde fasiliteite (huis, betrekking, salaris, ens.) en 72 persent kies Bophuthatswana as die tuisland om heen te gaan teen dieselfde fasiliteite.

Die volgende statistiek ten opsigte van die tuisland is ook van belang:

(a) Stamowerheidslede dui aan dat hulle die meeste besoek aflê by ander stamme (66 persent) en dáárna Blanke stedelike gebiede (33 persent). Geskoolde tuislanders se besoek-patroon is soos volg: ander stamme - 40 persent; plase - 22 persent en stedelike gebiede - 37 persent.

(b) Die meeste persoonlike briewe van stamowerheidslede gaan na Blanke stedelike gebiede, terwyl 57 persent geskoolde tuislanders hulle meeste persoonlike korrespondensie na Blanke stedelike gebiede rig.

(c) 100 persent stamowerhede dui aan dat talle stamlede in Blanke stede werksaam is; dat hierdie persone nog as stamlede beskou word en dat 'n "stamlid" wat nie meer die gesag van die stamhoof en stam erken nie, nogtans as 'n Motswana beskou word.

Hierdie statistiek is selfverduidelikend en toon die aanwesigheid van 'n Tswanabewussyn in Blanke stedelike gebiede aan - ten spyte van die onbetwisbare tendens tot ontstamming. Ontstamming is dus geensins gelykluidend met "denasionalisering" nie. Tweedens val dit op dat daar 'n redelike mate van kommunikasie bestaan tussen Batswana in Blanke stedelike gebiede en dié in die tuisland. Of dié kommunikasie toeneem of afneem is nie duidelik nie. As die standpunt van die respondente, naamlik dat die Batswana in Blanke stedelike gebiede nóú meer Tswanabewus is as in die verlede algemeen-geldend is, kan 'n toename egter vermoed word. Tesame genome kom dit dan voor asof die ontstamde stedeling ook as katalisator optree in die bevordering van die ontstammingsproses in die tuisland.

Oor die bestaan van 'n bewussyn van afsonderlikheid by die Batswana in Blanke stedelike gebied hoef daar dus weinig twyfel te betaan. Ook sou ons daarop wou wys dat lede van die Tswanakabinet die Batswana van Atteridgeville beïnvloed het om te verskuif na Bantoedorpe in Bophuthatswana. Verder het dit onder die aandag gekom dat persone wat hulle in die openbaar distansieer van alles wat tuislands is, hulle in die "geheim" laat registreer

het as kiesers en ewe vertroulik nouer kontak gesoek het met tuislandleiers. Verder het geskoolde Batswana wat hulle aan=vanklik geïdentifiseer het as "part and parcel of the urban area" - en na wie 'n Tswana-informant sinies verwys het as "Swart Engelse" - later bely dat hulle belang stel in betrek=kings in Bophuthatswana. Sommiges het dan ook reeds korrespon=densie met Mafeking gevoer oor moontlike aanstelling. Aan talle het ons die vraag gestel of hulle bereid sou wees om na die tuisland te gaan teen dieselfde betrekking, vergoeding enso=voorts., en slegs een persoon ('n skoolhoof) het negatief ge=antwoord. Die normale antwoord was: "Nie môre nie, vandag nog." Die respondent wat negatief geantwoord het, het onver=kwiklike persoonlike ervarings met 'n kabinetslid gehad.

Dit is moontlik dat hierdie houdings die gevolg kon wees van die gees van verwagting wat geheers het in 1972-73 na verkryging van die status van Selfregerende Gebied deur Bophuthatswana. Of dit wel die geval is, sal eers bepaal kan word met opvolg=besoeke.

In die lig van die bostaande, gelees met die feit dat die pro=ses van verstedeliking tans ook in Bophuthatswana plaasvind, verwerp ons kategories dié standpunt dat die Batswana in Blanke stedelike gebied nie hervestigbaar is in die tuisland omdat hul=le verstedelik is en reeds tot 'n ander kultuurorde behoort nie. Daarteenoor stel ons dit dat daar 'n bewussyn van afsonderlik=heid (afgrensing) by die Tswana in Blanke stedelike gebiede be=staan, maar dat hierdie etno-kulturele grense (blykbaar?) nie saamvallend gemaak kan word met die geo-politieke grense nie, omdat Bophuthatswana enersyds nie oor die vereiste ekonomiese geleenthede beskik nie en die Blankegebied hierdie Batswana andersyds (blykbaar?) nie kan ontbeer nie. Dáárin lê die enig=

ste (tweeledige) rede waarom 'n fisiese hervestiging nie kan plaasvind nie - altans nie op hierdie tydstip nie.

Dus bestaan daar grense, maar is die ekonomiese omstandighede van so 'n aard dat die etno-kulturele grense nie gekonvergeer kan word met die Tswana se geo-politieke grense nie. Hiermee word die meeste Batswana in dié dilemma gelaat dat hulle in hulle ekonomiese tuiste politieke vreemdelinge is en hulle politieke tuiste"geen"ekonomiese bestaan aan hulle kan bied nie. Indien hierdie toestand moet voortduur, kan aanvaar word dat een van hierdie twee bande sal meegee. En omdat die mens 'n bestaan uit die aarde moet ontworstel en verbind raak aan die gebied waarop bestaan en waaruit geleef word, sal dit die politieke band na die tuisland wees wat van sekondêre belang word.

Sover dit die tuisland betref, moet 'n reeds gestelde punt in hierdie verband herhaal word, naamlik dat grensnywerhede grensvorming teëwerk omdat geo-politieke grense daardeur gemaak word tot ekonomiese koppelpunte tussen Bophuthatswana en die R.S.A.

In totaliteit gesien, stuit die proses van sosiopolitieke grensvorming by die Batswana dus teen die faktor van ekonomiese gebondenheid aan die Blankegebied. Dié toestand sal nie permanent van aard kan wees nie. Óf die proses van grensvorming sal hom voortsit met die gevolg van benadeling van die gemeenskaplike ekonomiese sisteem óf die ekonomiese sisteem sal lei tot die uiteindelike afplatting van bestaande sosiokulturele kontoere en die uiteindelike aanvaarding van 'n egalitariese politieke sisteem wat pluraal van aard is en waarin ook die Tswana geakkommodeer is. Indien 'n nuwe bedeling betree moet word met 'n minimum geweld en ontbering, kom die eerste alternatief as die aanbevelenswaardige voor. Deur nou reeds doelbewus gapings,

wat saamvallend is met geo-politieke grense, in die gemeenskap=like ekonomiese sisteem te skep en 'n subsisteem te vestig in Bophuthatswana, behoort die proses van nasievorming aangehelp te word,omdat dit die nasionale grense sal maak tot wat dit be=hoort te wees, naamlik skeidings in plaas van knooppunte. In=dien die tweede weg gevolg word, kan dit lei tot beskuldigings van neo-imperialisme, 'n gevoel van instrumentalisering, ver=skerping van anti-Blanke houdings en waardes, nasionale veryde=ling en selfskadende aksies gemik teen die gemeenskaplike eko=nomiese sisteem. Nasionalisme is immers nie rasioneel en logies nie.

Hoe ookal, positiewe resultate kan aangeteken word ten opsigte van grensvorming. Indien hierdie proses egter verder moet ont=wikkel, sal daar verstellings aan die ekonomiese sisteem moet plaasvind.

HOOFSTUK X

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

## 1. Algemeen

Nasievorming is 'n omvattende proses en impliseer die aanwesig=heid van verskeie ander prosesse wat wedersyds beïnvloedend en kousaal verbonde is, byvoorbeeld ruimtelike ordening, die psi=giese milieu, ekonomiese ontwikkeling, sosiale ordening en waardes, politieke ontwikkeling, kommunikasiepatrone en -media, sosialisering, sosiale mobilisering, grensvorming, etniese be=wussyn aanwesig binne die groepe geïnkapsuleer deur die staat=kundige grens, ensovoorts. Die problematiek van die proses word verder verdiep deur die feit dat alle subprosesse nie gelyke waarde binne alle situasies het nie en die sukses of mislukking van 'n nasievormingsformule nie sonder meer bepaal kan word deur optel en aftrek nie. Juis omdat daar soveel faktore wat 'n emosionele basis het, 'n rol in die situasie speel (subjek=tiewe interpretasies van die omgewing, bereidheid tot aanvaar=ding), kan daar kwalik deterministies geraak word ten opsigte van die proses van nasievorming: wat deurslaggewend is vir een situasie, kan 'n periferale rol speel in 'n ander situasie.

Daar is aangedui dat nasievorming en volkswording ineenlopende prosesse is. In die huidige tydvak word die bevolkingstaat as vertrekpunt aanvaar waaruit die nasie gevorm moet word en uit=eindelik die volk moet voortkom. Nasievorming sal egter in 'n bepaalde fase stol as kultuurstandaardisasie nie kan plaasvind nie, terwyl andersom, volkswording in die huidige tydvak geken=merk deur intensiewe staatsbeheer en doeltreffender kommunika=sie, kwalik ekstra-territoriaal kan plaasvind. Dus vereis volkswording eerstens die daarstelling van politieke kontoere,

dit wil sê die omlyning van die te worde nasie.

Die inagneming van etnies-kulturele faktore is dus gewigtig in die afbakening van die te-worde nasie. Maar ook die wyse waarop etniese eenhede binne die staat geakkommodeer word en die aanwesigheid van vyande wat as gemeenskaplik aanvaar word. En sover dit etniese akkommodasie betref, het dit duidelik geword dat dit veel profytliker is vir nasionale groei om nie die bestaan van verskillende etniese eenhede binne die staat te misken nie maar dit te erken en dit as sodanig te aanvaar met die oog op die politieke proses. Miskenning veroorsaak bedreiging, konsolidasie en 'n hervitalisering van primordiale bewussyn en -waardes. Gevolglik word die mening uitgespreek dat, gegewe 'n staatsgemeenskap bestaande uit verskeie etniese eenhede, 'n bewussyn van lotsverbondenheid en gemeenskaplikheid eerder sal ontstaan deur 'n politieke akkommodasiesisteem gekenmerk deur losser bindings (koalisies, federasies, konfederasies, konsosiasies) as rigiede unitêre sisteme wat daarop neerkom dat die wenner alles en die verloorder niks kry nie. Laasgenoemde toestand dwing normaalweg vir die samestellende eenhede eksplosiewe vrae op die voorgrond soos *wie* (etniese groep) kry *wat* (voorregte) *hoe* (politieke strategie) en *waarom* (getalle, gegewe bevoorregte posisie ten opsigte van onderwys, ekonomiese posisie, ensovoorts). Indien daar, as gevolg van rigiede unitêre sisteme, binne die staat absolute wenners en absolute verloorders is, dan bestaan daar 'n sterk moontlikheid dat die staatsgemeenskap uit "heersers" en "onderdane" sal bestaan. En dan kan daar geen lotsverbondenheid en bewussyn van gemeenskaplikheid bestaan nie - en gevolglik kwalik gemeenskaplike vyande, want wat 'n vyand is vir die wenners, is juis daarom, vir die verloorders 'n "vriend" of "verlosser".

In die lig hiervan is nie alleen die Suid-Afrikaanse verhoudingsbeleid nie maar ook die formule vir die politieke ontwikkeling van die Batswana, naamlik deur weg te spring met die praktyk van verteenwoordiging op 'n stamgrondslag na hoëre liggame te begryp en te waardeer. 'n Unitêre sisteem vir Suid-Afrika as geheel sou gelei het tot wrywing op 'n legio punte as gevolg van wenners en verloorders en sou noodwendig gelei het tot konflik. So ook het politieke formules wat in die verlede op die Batswana toegepas is en die geografiese in plaas van etniese as uitgangspunt geneem het, weinig lewensvatbaarheid getoon.

Dit is ook steeds in gedagte te hou dat ook die stam as grootste tradisioneel-bekende staatkundige eenheid die gevolg is van 'n proses van politieke integrasie. Omdat die analogie van *kgôrô/kgotla* tot stam nie deurgetrek is tot die integrasie van stamme in 'n nasie nie, word die verlede van die Batswana gekenmerk deur die oorheersing van die proses van fusie deur die proses van fissie. Dit het gelei tot 'n vermenigvuldiging van onderling onafhanklike politieke kerns. Teen die begin van die negentiende eeu is hierdie proses egter gestuit as gevolg van die gebrek aan onbesette gebied, terwyl die intrede van die Matebele en Blanke ook die fusieproses sou beïnvloed. Die tydperk van Matebelebeheer is gekenmerk deur inkorporasie, ontwrigting en eksterminasie. Die Matebeleformule het die Matebele as uitgangspunt en kern aanvaar waaronder die Batswana ingelyf moes word.

Die Afrikanersisteem was enigsins anders van aard, naamlik 'n aanvanklike nominale gesagshandhawing wat mettertyd omgesit het in ekonomiese integrasie en politieke differensiasie binne 'n etnies-stratifiserende sisteem. Die Kaapse formule ten opsigte

van Brits-Betsjoeanaland was in botsing hiermee. Dit het for= meel en amptelik die politieke assimilasie van die Batswana as rigsnoer aanvaar, maar dit terselfdertyd as doel gehad om "White supremacy" binne 'n unitêre sisteem te handhaaf. Die rede vir die verskil in formule tussen die Afrikaner en Engels= georiënteerde Kaapkolonie is aangedui as liggende in die feit van inheemsheid teenoor uitheemsheid, gepaard met die aan- of afwesigheid van steunpunte van buite. Nogtans word beide standpunte die Unie binnegedra en is die stryd rondom die "kleurbeleid" sinoniem met die stryd tussen identiteit en dif= ferensiasie: 'n gemeenskaplike groeipool vir alle groepe of afsonderlike pole; integrasie/assimilasie teenoor afsonderlik= heid. Eersgenoemde koers met die skerp lem van 'n beskawings= toets versteek in hoë retoriek en pragtige ideale; laasgenoem= de met sy eise van grond, middele en gesagsoordrag.

Na 'n aanvanklike huiwering tussen die twee pole en 'n praktyk van negatiewe differensiasie (behoud van Blanke gesag in 'n eenheidstaat deur dominasie) vind daar ná 1948 egter 'n sterker= wordende beweging na politieke differensiasie op 'n geografiese grondslag plaas. Die betreklik statiese "apartheid" word ver= vang deur die meer dinamiese "afsonderlike ontwikkeling" met sy aksentplasers van "veelvolkige ontwikkeling", "afsonderlike vryhede", "multi-nasionale ontwikkeling", ensovoorts. Vir elke "etniese eenheid" (bestaande uit tradisionele groeperings wat in terme van kultuur en etnisiteit as afsonderlik beskou word) sou 'n staat binne en op die basis van 'n eie territorium tot stand gebring word, terwyl die tradisioneel-gegewe politieke strukture as aanvangspunte erken sou word met die oog op poli= tieke opbou, welke proses sover doenlik ooreenkomstig eie poli= tieke kultuur sou geskied. Dit het meegebring dat daar 'n af= sonderlike staat ook vir die Tswana geskep moes word en dat die

Tswanastamme, oftewel die tradisioneel-polisentriese politieke bedeling van die Batswana, omvorm moes word tot 'n nasie. En hierby moes ook Batswana wat reeds buite stamverband leef in die tuisland, op die Blanke platteland en in Blanke stedelike gebiede, ingesluit word.

Met hierdie doel voor oë is tradisionele strukture erken en nuwe breëre inkorporatiewe strukture geskep wat uitmond in 'n enkele politieke liggaam wat gaandeweg beklee sou word met groter bevoegdhede. Die aanvanklike tradisioneel-askriptiewe rekruteringsbasis vir rolbekleding in dié liggaam is gaandeweg verbreed om ook voorsiening te maak vir verkose lede, terwyl 'n eie (Tswana) burgerskap tot stand gebring is met die oog op die beoefening van regte binne die eie gebied. Ook in administratiewe opsig is tradisioneel-onafhanklike strukture versmelt binne 'n nasionale struktuur. Ten opsigte van regsadministrasie sou hervormings plaasvind, terwyl die sosialiseringsmedia onder beheer van die owerheid ook aangewend is om Tswanavolks- en nasieskap te bevorder. Om aan die eis van 'n staatsgebied te voldoen is groter aksent geplaas op gebiedskonsolidasie en -integrasie deur verwitting van swakgeleë Tswanagrond en verswarting van swakgeleë Blankegrond. In ekonomiese verband is nuwe ontwikkelingsstrukture geskep, stappe gedoen om nywerhede te desentraliseer na die grense van die tuisland en na binne die tuisland, terwyl die Blanke owerheid deur middel van die B.B.K. ook as ondernemer sou optree in die tuisland. Hierdeur is gepoog om bestaansgeleenthede in en om die tuislande te voorsien aan eerstens, die natuurlike aanwas uit die tuisland en tweedens, Batswana wat vanuit die Blanke gebied terug wou keer na of hervestig word in die tuisland. Met die oog op die bereiking van die sosio-ekonomiese doelstellings is ook dorpe in die tuisland gebou en die fisiese infrastruktuur ont=

wikkel.

Die uitgangspunt van politieke afsonderlikheid en ekonomiese interafhanklikheid sou egter daartoe lei dat dorpe op die grense van tuislande ontstaan en dat die fisiese infrastruktuur 'n na-buitegerigtheid vertoon.

Dit wat die aanbod aanbetref.

Die sukses of mislukking van die nasievormingspoging word egter finalitêr bepaal deur die reaksie of antwoord van die Batswana op die voogsaanbod. Om die antwoord van die Batswana te probeer bepaal, is die voorvereistes en prosesse wat as hebbende 'n belangrike invloed op nasievorming geïdentifiseer is, as parameters of die Batswana aangelê. Daaruit is die volgende beeld verkry.

## 2. Grondgebied

Alhoewel daar 'n identifikasie met die grondgebied van Bophuthatswana bestaan, word die standpunt gehandhaaf dat dit te min is en te swak gekonsolideer is. Volgens Tswanastandpunt moet dit gekonsolideer word deur die toevoeging van die Blanke grond wat tussenin lê en (voorlopig?) in Blanke besit kan bly. Met die oog op die verkryging van groter grondgebied word die Batswana in Blankegebied as troefkaart gehou, terwyl daar ook reeds gedreig is om nie onafhanklikheid te aanvaar alvorens meer grond aan die Tswanastaat-in-wording afgestaan is nie. Hierdie strewe tot meer grond vir die Batswana sien ons as 'n strewe om te voldoen aan die ruimtelike voorvereiste vir nasionale konsolidasie.

Die feit dat die meeste grond in Bophuthatswana òf in besit van

stamme is òf aan stamme toegewys is, kan geïnterpreteer word as hebbende 'n remmende effek op die vergroeiing van stamme tot 'n nasie. Na ons oordeel is dit egter nie noodwendig so nie. Omdat die proses van sosiale mobilisering ook binne stamverband plaasvind en die stamverband gevolglik 'n lojaliteitsonttrekking beleef ten gunste van die nasionale verband, kom dit ons voor asof die toewysing van trustgrond aan stamme die proses van afbraak van parogiale strukture eerder verhaas as wat dit die stamverband versterk of lei tot "herintegrasie" van stamme. Daarteenoor: indien stamgrond behandel sou word as "nasionale" grond, sou dit noodwendig moes lei tot 'n hervitalisering van stamverband omdat gevestigde en histories-gesanksioneerde belange bedreig word.

Laastens word daarop gewys dat daar binne Tswanageledere 'n sterk element bestaan wat graag sou wou sien dat Bophuthatswana gekonsolideer word aan Botswana. Omdat die wetgewing van 1936 nie beoog het om grondgebied vir eventueel onafhanklike state daar te stel nie; omdat goeie en korter grense in die beste belang van buurstate is; omdat voortgesette nasionale groei belemmer word deur die feit van ses losliggende blokke grond, en omdat Thaba Nchu enersyds 'n belemmering vir konsolidasie is en die oppervlakte daarvan andersyds groter realisme sal verleen aan die bestaan van Qwaqwa, ontstaan dié vraag: Sal dit nie profytlik wees om Thaba Nchu eerstens te ruil vir 'n *realistiese* hoeveelheid Blanke grond waardeur 'n groter mate van konsolidasie aan Botswana bewerkstellig word en die oppervlakte van Thaba Nchu dan tweedens toe te voeg tot Qwaqwa nie?

## 3. Politieke partye

Alhoewel die ontstaan van politieke partye in Bophuthatswana

deur Blanke en Tswana-owerheidsfigure ontmoedig is, het dit tog hulle verskyning gemaak en wel onder leiding van prismatiese figure - persone wat tradisionele status het maar ewe tuis is in die moderne wêreld. Hierdie partye oorsny stamgrense en albei hoof-partye kon ook steun mobiliseer in Blanke stedelike gebiede. Beide politieke partye het tydens die 1972-verkiesing steun ontvang van sosiaal-gemobiliseerdes sowel as tradisionaliste, maar terselfdertyd blyk dit dat politieke partye nog weinig inslag gevind het onder die tradisionele element in die tuisland. Trouens, vanuit die geledere van stamowerhede is die beeld verkry dat politieke partye betreklik irrelevant is; dat daar weinig of geen helderheid oor en belangstelling in partybeleid bestaan nie en dat die stamhoof en sy raad 'n bepalende rol speel in die partylojaliteite van stamlede. Een geval is egter teëgekom waar die stamhoof en stam botsende lojaliteite vertoon. Alhoewel die basisse van die partye nie langs skoon breke onderskei kan word nie, is die B.N.P. meer tradisie-georiënteerd en ontvang dit gevolglik sterker steun vanuit die geledere van tradisionaliste, stamhoofde en gevolglik streeksowerhede.

Daar kan egter slegs in 'n gekwalifiseerde sin van partypolitiek gepraat word. Eerstens bestaan daar by 'n groot persentasie ondersteuners nie duidelikheid oor partybeleid nie en sentreer die partylojaliteit primêr rondom die persoon van die leier. Tweedens bestaan daar so 'n wye spektrum van politieke houdings en waardes binne beide partye dat 'n samesmelting tot slegs een party weinig verskil aan die totale situasie sal maak. Derdens het leiersfigure binne beide partye reeds beleidsverklarings gemaak wat in botsing staan met partybeleid maar wel rymbaar is met die beleid van die opponerende party.

In die lig hiervan en van die feit dat die tradisionele poli= tieke kultuur van die Tswana nie politieke partye ken nie maar wel die verskynsel van 'n ingeboude opposisie, behoort dit geen verrassing te wees as daar na verkryging van onafhanklikheid slegs een party binne Bophuthatswana toegelaat word nie.

## 4. Politieke leierskap

Die Blanke voog kon kwalik anders as om die tradisionele leiers= figure as aanvangspunt te erken in die proses van politieke modernisering vanuit 'n gefragmenteerde stamsentriese bedeling op weg na 'n konstitusionele demokrasie wat oor 'n groot aantal stamme heengryp. Maar in die proses van konstitusionele ont= wikkeling word kragte losgelaat waardeur die posisie van stam= hoofde as maghebbers onder 'n vraagteken kom en bedreig word deur die nuwe opkomende elite wat die produk is van Westerse skoling en vir wie slegs askriptiewe kriteria irrelevant is ten opsigte van die bekleding van politieke rolle. In politieke toesprake deur leiers moes dié punt verreken word; daarin lê dan ook een van die helderste verskille tussen die beleide van die B.N.P. en Seoposengwe en daaroor is ook reeds by verskeie geleenthede swaarde gekruis in die wetgewende liggaam van die Tswana. Om die toestand te verlig is daar kombinasies gevorm tussen die geskoolde tradisioneles/bloubloediges en tradisio= neelgesinde geskoolde moderne elite. In die proses van oorgang vanaf askripsie na meriete as grondslag vir politieke rolbe= kleding is prismatiese leiers blykbaar die doeltreffendste en bied kombinasies van pasvermelde aard 'n tydelike oplossing. Oor die langtermyn gesien oorweldig meritokratiese gronde egter normaalweg askriptiewe kriteria.

Gevolglik kan die vraag gestel word of dit nie wyse beleid vir

die stamhoofde van Bophuthatswana sou wees om *as stamhoofde* die politieke arena te verlaat voordat 'n openlike konfrontasie met die opkomende elite ontstaan nie. Daardeur sou ook voorkom kon word dat teenstand teen die feit van regskepping deur stam=hoofde wat uit sommige Tswana-oorde as onbevoegd vir die taak beskou word, buite die reëlmakende apparaat opbou in die vorm van para-politieke organisasies. In konkrete terme beteken dit 'n progressiewe vermeerding van die verkose lede in die wetge=wende liggaam en waarin stamhoofde wat die politieke arena wil betree, verkiesbaar kan wees. Alternatiewelik sou oorweging geskenk kan word aan die vorming van 'n tweede kamer met her=sienings-, terugverwysings- en vertragingsbevoegdhede vir stam=hoofde. Wanneer dié veranderinge teweeggebring moet word, bly 'n probleem. Dit moet egter as feit aanvaar word dat die (noodwendige) verandering in politieke kultuur gepaard sal gaan met 'n verandering in die eise vir politieke leierskap.

Vir die huidige toon die eise aan politieke leierskap 'n beson=der gunstige beeld vir nasievorming. Daar word óór stamgrense heen gesoek na politieke leiers, maar terselfdertyd binne die kontoere gevorm deur etno-kulturele faktore. Dit is in hierdie verband egter verrassend dat, na ons bevinding, trans-nasionale (nie-Tswana)-leiers 'n hoër profiel vertoon onder die geskoolde tuisland Batswana as onder die Batswana in Blanke stedelike ge=biede.

## 5. Burokrasie

Die burokrasie funksioneer tans nog onder die "sambreel" van die R.S.A. en het nog nie 'n Tswanakarakter aanvaar nie. Al=hoewel lokalisering reeds tot 'n groot hoogte plaasgevind het, speel gesekondeerde senior Blanke amptenare nog 'n belangrike

rol daarin as gevolg waarvan die te verwagte profiel daarvan nog versluier word.

'n Sterk ontwikkelde burokrasie te midde van swak ontwikkelde nie-burokratiese fasette in die politieke sisteem, lei normaalweg tot 'n burokratisering van die politieke gemeenskap en 'n inhibering van politieke groei in die ander fasette van die politieke sisteem. Tweedens is dit logies dat 'n burokrasie as vrug van 'n Westers-georiënteerde politieke kultuur noodwendig vervormings sal ondergaan in die proses van verinheemsing daarvan binne die verband van 'n Afrikakultuur. Bophuthatswana toon tekens dat beide prosesse besig is om plaas te vind. Die tekens bestaan in die tendens tot konvergensie van politieke party met burokratiese struktuur; die aanwending van die struktuur met die oog op neutralisering van politieke opponente; vermenging van politieke en administratiewe sake en die tendens by politici om ook die rol van administrateur te speel; voorkoms van tradisionele politieke gedrag binne die moderne burokrasie, ens.

Op plaaslike vlak word die nasionale burokrasie gekoppel aan stam-/gemeenskapsowerhede wat impliseer dat die nasionale burokrasie - 'n gespesialiseerde struktuur - aan die bevolking verbind word deur 'n veeldoelige (ongespesialiseerde) struktuur. Tweedens tree stamhoofde administratief op as ondergeskiktes van magistrate, terwyl talle van hulle ook feitlik *ex officio* optree as wetgewers in nasionale verband. Hoe onhoudbaar hierdie toestand ook mag voorkom, dit moet aanvaar word as 'n tussentydse politieke kompromis in die proses van oorgang vanaf tradisionele veeldoeligheid in stamverband na integrasie en spesialisasie in nasionale verband.

Oor die stamowerheid as plaaslike bestuursliggaam bestaan daar diepgaande verskille tussen tuislandse geskooldes en raadsmanne van stamowerhede. Dieselfde probleem wat op nasionale vlak tussen tradisionaliste en die nuwe elite voorkom, openbaar hom ook op stamowerheidsvlak - behalwe dat die weerstand op stam=vlak noodwendig buite die stamowerheid opbou omdat daar geen verkiesing plaasvind met die oog op die samestelling van stam=owerhede nie. Op welke wyse die stamowerheid gedemokratiseer behoort te word, is geensins duidelik nie, maar die aanvaarding deur die stamowerheid van 'n staande advieskomitee bestaande uit geskooldes, kan as tussentydse stap oorweeg word.

Die verhouding tussen die stamowerheid en nasionale burokrasie soos gesien deur tradisionaliste en geskooldes gee die indruk dat 'n toename in geskooldes in die stamgebiede gepaard gaan met 'n aksentverskuiwing ten gunste van die nasionale en ten koste van die stamlike. Die gestadigde aanvaarding van die na=sionale as verwysingsraamwerk as gevolg van die prosesse van skaalvergroting en "universalisering" van waardes lei dan daar=toe dat die stamowerheid toenemend beskou word as verlengstuk van en ondergeskik aan die nasionale burokrasie. Dit is 'n baie duidelike teken van die versagting van stamgrense enersyds en die ontstaan van 'n nasionale bewussyn andersyds.

## 6. Sosialisering

Op die terrein van sosialisering word die Batswana blootgestel aan verskeie botsende kragte. Binne die veld van onderwys be=staan daar diegene wat 'n nasionale karakter aan die onderwys wil gee; 'n liefde en waardering vir die Tswanataal en -kul=tuur wil kweek en kinders as Batswana wil opvoed. Andersyds bestaan daar 'n wantroue ten opsigte van voogsbeleid wat 'n onderwysinhoud voorskryf wat op enkele punte verskil van dié van

Blanke skole. Derdens veroorsaak die ekonomiese situasie dat die Tswanakind voorberei moet word vir die Blanke arbeidsmark waarin daar weinig waardering vir Tswanaskap bestaan. Vierdens bestaan daar by die grootste aantal onderwysers blykbaar 'n on=vermoë om 'n geloof in die vermoë van die eie kultuur en taal te ontwikkel. Terselfdertyd is dit egter ook so dat groter interetniese druk 'n sterker identifikasie met die eie kultuur en taal veroorsaak.

Die voorliefde vir Engels is histories-psigies te verklaar en lei tot 'n oorweldigende voorkeur vir Engelse koerante. Deur dié koerante word voogsbeleid voortdurend onder verdenking ge=plaas en word liggame soos die stedelike Bantoeraad van Soweto - met sy "mayor" en ampsketting - heel dikwels met meer glans en glorie beklee as 'n tuislandse wetgewende vergadering. Verder doen dié koerante hulle voor as kampvegters van Swart belange en probeer die lesers wysmaak dat Mafeking 'n onnodige ompad is na Kaapstad en Pretoria. Die negatiewe inwerking van hierdie medium word egter tot 'n groot hoogte geneutraliseer deur die radio wat na ons bevinding weer 'n positiewe bydrae lewer tot nasionale integrasie in Tswanaverband. Hierby moet ook gereken word liggame soos die Buro vir Tswanataal en -kul=tuur en die Departement van Inligting.

Tot welke mate huidige houdings toegeskryf behoort te word aan die rol van hierdie media, is moeilik vasstelbaar. Want ander faktore soos 'n verlede wat beleef word as onverkwiklik en 'n taal en kultuur wat geïnterpreteer word as nie beskikkende oor die vermoë om te lei tot dieselfde beskawingshoogtes as 'n Westerse taal en kultuur nie - houdings wat getuig van 'n onrype volksbesef - speel ook 'n rol hierin.

Dat daar egter 'n aggressiewe identifikasie met die eie taal en kultuur plaasvind in streke waar dit bedreig word deur nie-Tswana; dat die eie taal en kultuur gehandhaaf word in gesins=verband en dat daar op Tswana-inisiatief en aandrang oorgegaan word tot die stigting van 'n eie universiteit in Bophuthatswana, getuig van die bestaan van 'n middelpuntsoekende beweging - al is dit soms onder die oppervlakte en soms onseker oor kulturele inkleding.

## 7. Nasionale simbole

'n Nasie is nie denkbaar sonder nasionale simbole nie. 'n Nasie-in-wording beteken egter dat ook die nasionale simbole in 'n proses van wording verkeer en dat daar onderlinge mededinging tussen simbole eie aan die samestellende verbande en die nuwe simbole sal bestaan.

Met uitsondering van die lied wat as volkslied aangewend word en die bestaan van simbole wat 'n eenvormige betekenis het binne alle stamme (bv. die luiperd) en wat ingevleg is in sommige nasionale simbole, is die nasionale simbole van resente oor=sprong. Tot welke mate dit reeds gevoelsbetekenis vir Batswana besit, is geensins duidelik nie en sal eers gepeil kan word indien die politieke ordening bedreig word - 'n toestand wat redelik onwaarskynlik is solank die gebied nog onder gesag van die R.S.A. bestaan.

## 8. Bestaansgeleenthede

Ofskoon daar aansienlike resultate aangetoon kan word as gevolg van owerheidspogings om Bophuthatswana ekonomies te ontwikkel, bestaan daar nog steeds 'n ongunstige verhouding tussen die

vraag na geleenthede en die aanbod van geleenthede. Dit beteken egter nie dat die tuislandbevolking vinniger aanwas deur ge= boorte as wat bestaansgeleenthede ontstaan nie, maar dat die bevolking 'n keuse het tussen arbeidsgeleenthede binne of buite die tuisland. Teen sekere arbeidsvorme bestaan daar 'n psigo= logiese weerstand en dit veroorsaak 'n uitvloeiing na Blankege= bied enersyds en 'n invloeiing van nie-Tswana na die Tswanage= bied andersyds. Indien die tuisland-Tswana alle bestaansge= leenthede in en aan die tuisland sou benut, sou daar 'n stelsel= matige verskuiwing van arbeid vanuit die landbou na ander sek= tore kon plaasvind wat onder meer sou kon lei tot groter land= bouproduksie en 'n professionalisering van die landboubedryf.

Die feit van 'n opsie om buite die eie tuisland 'n lewensbe= staan te gaan soek gepaard met faktore soos gebrek aan bestuurs= ervaring, kultuurbepaalde sosiale waardes, afwesigheid van 'n volksbewussyn, arbeidsbewussyn ensovoorts, lei tot 'n feitlike afwesigheid van Tswana-geïnisieerde ondernemings in die moderne vervaardigingsbedryf. Verder wys die arbeidspatroon dat be= hoeftes op 'n *ad hoc*-grondslag bevredig word. Hierdie verskyn= sels én die aanhanklikheid aan die Blanke ten opsigte van be= staansgeleenthede, oefen 'n uiters remmende invloed uit op die vergestalting van nasionale volwaardigheid in ekonomiese ver= band. Óf slegs opleiding en finansiering hierdie inertia sal kan deurbreek, is te betwyfel, omdat dit gewortel is in 'n lewens- en wêreldbeskouing wat alleen deur diepgrypende moti= veringskragte gewysig sal kan word. Die bestaan van 'n nasio= nale wil tot vooruitgang en selfhandhawing, skyn egter 'n be= langrike voorwaarde hiervan te wees.

Grensnywerhede en die na-buitegerigtheid van die fisiese infra= struktuur omvorm politieke grense tot verbindingsones tussen

die R.S.A. en Bophuthatswana. Verder kan aanvaar word dat die Bantoedorpe téénoor grensnywerhede vinniger sal groei as in die hartland en dat daar - soos tans reeds die geval is - 'n sametrekking van bevolking op die grense sal plaasvind. Die relatief-gunstige ekonomiese toestand en dienste-voorsiening in hierdie areas kan van so 'n gebied 'n kernarea maak wat inhou dat die politieke swaartepunte van Bophuthatswana geleë sal wees op die grense daarvan. Vakbonde wat hulle krag gaan put uit hierdie areas sal weldra ontstaan en via hierdie bewegings kan ekstremistiese eise gestel en ook 'n lamlegging van nywer=heidsaktiwiteite in grensgebiede bewerkstellig word.

Indien die beleidstandpunt van politieke onafhanklik en ekono=miese interafhanklikheid uitgelê moet word in terme van Blanke kapitaal en kundigheid in komplementariteit met Swart arbeid binne dieselfde ongedifferensieerde piramidale ekonomiese sis=teem, dan bestaan daar ruimte vir 'n herwaardering van sosiaal-psigiese kragte in verhouding tot ekonomiese kragte en belange. As mensegroepe oorwegend rasioneel en logies was dan sou aan=vaar kon word dat hegte onderlinge ekonomiese verbondenheid sou kon lei tot die bekamping van "ekstreme vorme van nasionalisme". Omdat mensegroepe in die greep van nasionalisme egter irra=sioneel en onlogies is en bereid is om hulleself te skaad tén einde 'n frustrerende struikelblok in die weg na die sin van die lewe te verwyder, kan hegte ekonomiese verbondenheid eer=der 'n risiko as 'n waarborg vir vreedsame naasbestaan wees. Gevolglik wil ons redeneer dat die skep van gapings in die ekonomiese sisteem en die stelselmatige inbring van blokkerings=meganismes tussen die R.S.A. en Bophuthatswana, noodsaaklik is vir die proses van politieke ontstrengeling en dus nasievorm=ing.

Alles in ag genome, is dit duidelik dat die nasievormingsproses by die Batswana gerem word deur die feit van intense ekonomiese gebondenheid aan die R.S.A. Met verloop van tyd en na verdere nasionale bewuswording sal die spanning tussen politieke en ekonomiese kragte waarskynlik verhoog wat, oor die langtermyn gesien, moet lei tot 'n meegee van een van hierdie verbande.

9. Grensvorming

Grensvorming is 'n stadige proses wat nie binne die bestek van een generasie kan plaasvind nie en waarin die interpretasie van die primêre milieu, patroon van akkommodasie, media en patrone in kommunikasie en sosiale mobilisering 'n belangrike rol speel.

Sover dit die Batswana betref, is positiewe resultate aangete= ken ten opsigte van stamme wat verdeel word deur die grens met Botswana; stamme binne Bophuthatswana en Batswana in stedelike gebiede. Slegs ten opsigte van die nie-Tswana in Bophuthatswana skyn die grense voort te bestaan - of verder te verhard. Dit kom ook as logies voor dat die bewussyn van afsonderlikheid binne hierdie nie-Tswana gevoed word deur die feit dat hulle deur die Tswana as *Fremdkörper* beskou word en daar ook 'n on= willigheid bestaan om Tswanaburgerskap aan hulle toe te staan.

Die versagting van stamgrense by die Batswana is geen verras= sende verskynsel nie. Gegewe die skepping van 'n vredesgebied deur 'n hoëre kultuur, gegewe die proses van sosiale mobilise= ring en gegewe die erkenning van stamhoofde enersyds en inperk= ing van hulle magte andersyds, vind die gestadigde insakking van stamgrense as legitieme gesagsgrense feitlik noodwendig plaas. Hieroor hoef daar geen misverstand te bestaan nie. Die erkenning van stamhoofsgesag deur die Blanke gesaghebber lei die stamhoof daartoe om die Blanke owerheid as bron van sy ge=

sag te beskou en daarmee kom hy ook buite die trefkrag van sank= sies vanuit die stam waarmee voorheen rekening gehou moes word. Die gevolg is 'n verwydering tussen stamhoof en stam, 'n gebrek aan volvoering van funksies deur stamhoofde ten behoewe van die stam en 'n toenemende bevraagtekening van stamhoofgesag deur die stam. En soos met alle politieke eenhede wat 'n tradisie van rigiede gesagshandhawing ken en opeens van 'n belangrike deel van sy gesag ontneem word, moes stamme noodwendig ook on= derworpe raak aan 'n proses van grensnivellering. Namate stam= lede in Blanke stedelike gebiede gevestig geraak het, sou ook hulle 'n rol begin speel in die versagting van stamgrense en die verskuiwing van lojaliteit na die ruimer nasionale grens.

Elders is reeds verwys na die feit dat die Tswanabewussyn in Blanke stedelike gebiede 'n hoër profiel vertoon as in die tuisland, nieteenstaande die feit dat stamhoofsgesag nie deur hulle erken word nie. Verstedeliking lei dan oënskynlik tot 'n verruiming van stamgrense tot stamgroepsgrense - Barôlông, Bahurutshe, Bakwêna - en uiteindelik tot aksentlegging op die Tswanagrens. Dit hou in die meerderheid gevalle nie 'n misken= ning of verwerping van stamverband in nie maar kom neer op 'n lojaliteitsverskuiwing. Stamverband word dan 'n affektiewe ver= band in plaas van 'n gesagsverband - so ook die houding ten opsigte van stamhoofde. Hulle word behandel as *primus inter pares* maar nie deur stedelinge beskou as hebbers van afdwing= bare gesag oor hulle lewe en lot nie.

Die interetniese druk waaraan die Batswana in stedelike areas in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied onderworpe is, voed uiteraard die Tswanabewussyn. Kommunikasie wat deur hulle onderhou word met verwante in die tuisland lei op sy beurt tot die "mentale verstedeliking" van die platteland. Deur die terug=

koppeling van waardes vanaf die stedelike gebied na die tuis=land, vervul die stedeling nie alleen 'n rol in die vorming van nuwe nasionale kontoere nie maar tree ook op as medium in die proses van skaalvergroting ten opsigte van die volle span van menslike aktiwiteite en is dus besig met kultuurstandaardisasie.

Uit die oogpunt van nasievorming lê die problematiek van die Batswana in Blanke stedelike gebiede dus nie in hulle kulturele en politieke waardesisteme nie. Die proses wat deur hulle deur=gemaak word, speel ook in die tuisland af en word dáár verhaas deur die bou van dorpe en stede, infrastruktuurskepping en die beskikbaarstelling van moderne kommunikasiemedia. Indien daar 'n groot gaping tussen Blanke stadsgebied en tuisland bestaan het, is die gaping besig om te verdwyn. Wat ons hiermee wil sê is dít: sosiokultureel en polities hoef daar geen rigiede onder=skeid gemaak te word tussen die Batswana in die tuisland en dié in dié Blanke stedelike gebiede nie. Die dilemma lê in die feit dat hulle (tans) nie ekonomies in die tuisland geakkommo=deer kan word nie. Elders is dit gestel dat etno-kulturele grense nie gekonvergeer (kan?) word met geo-politieke grense nie, omdat die Blanke ekonomiese stelsel (blykbaar?) nie sonder die Batswana in Blanke stedelike gebiede kan klaarkom nie.

Dus stuit nasievorming by die Batswana teen die ekonomiese fak=tor. En in hierdie verband moet aanvaar word dat een van die twee teenwerkende kragte op 'n sekere stadium sal moet meegee.

BYLAAG A

VRAELYS VERSPREI ONDER LEIERSFIGURE IN DRIE STEDELIKE BANTOEWOONBUURTES MET 'N VERREKENING VAN DIE ANTWOORDE WAT OP DIE VRAE GELEWER IS.

Aantal versprei: 80.
Aantal terugontvang: 28.

Instituut vir Afrikanistiek,
P.U. vir C. H. O.,
POTCHEFSTROOM.

Motlotlegi,

Nna yo o kwadileng leina la me kwa tlase, ke ithuta thuto mabapi le go bopa ga morafe e farologangyeng go bopa Setshaba.

Go dira jaana ke itshenkela batho ka bontsinyana, ba ba ka nthusang gore ke fetse thuto ya me. Ke lopa thuso ya gago. Ke go lopa gore o arabe dipotso tse di latelang, ka go kwala sefapano mo lesakaneng, mo potsong e o gopolang gore e siame, kgotsa go tlatsa mo tulong e e tlogetsweng.

Ke lopa gore dipotso di arabiwe ka tshwanelo le ka bonnete ka puo e o ratang. Leina la gago ga le thlage mo dipotsong tsena, mme dikarabo tsa gago ke tla di dirisa ka boikanyego.

Mmuso o nneile matla go dira patlisiso e.

Ka ditumediso,

C. J. MARITZ.

Meneer,

Die ondergetekende werk aan 'n studie oor nasievorming by die Batswana.

Na baie navraag het ek 'n klompie mense gekies wat my sal kan help om die studie te voltooi. U is een daarvan. Ek vra dus dat u die vrae hieronder beantwoord deur 'n kruisie te maak in die blokkie wat u dink die regte is, of deur u antwoord in die spasie te skryf.

Ek vra dat u die vrae eerlik beantwoord en ook in die taal wat u kies. U naam kom nie op die vraelys nie en ek sal u antwoorde as vertroulik behandel.

Die regering het my magtiging gegee om die navraag te doen.

Ek dank u by voorbaat,

C. J. MARITZ.

LYS: ..........................

KATEGORIE: ....................

LOKALITEIT: ....................

SKAKEL: ......................

---

(Die syfer in hakies dui die aantal antwoorde op die spesifieke vraag aan.)

QUESTIONS:

A. 1. What is your occupation?

*Beroepe:*

| | |
|---|---|
| Handelaar/sakeman | 6 |
| Skakelbeampte | 1 |
| Tekenaar | 1 |
| Klerk | 2 |
| Onderwyser/skoolhoof | 9 |
| Predikant | 1 |
| Verkeersinspekteur | 1 |
| Welsynswerker | 1 |
| Arbeider | 1 |
| Pensioenaris | 1 |
| Vragmotorbestuurder | 1 |
| Produksieleier | 1 |
| "Kulturele aktiwiteite" | 1 |
| Distriksbestuurder | 1 |
| Totaal | 28 |

2. How old are you?

Gemiddeld: 48 jaar (21)

3. In which language would you prefer to reply to the questions?
SETSWANA/AFRIKAANS/ENGLISH

Setswana: 27% Afrikaans: 0 Engels: 78% (27)

4. Why do you give preference to this language?
Hoofredes: (a) *Engels:* Het onderrig deur medium daarvan in skool ontvang/gebruik dit in die beroep wat beoefen word/dit is 'n internasionale taal/'n taal wat alge= meen gebesig word/maklik om vrae daarin te beantwoord/kan myself beter daarin uit= druk/omdat vrae in Engels is.

(b) *Tswana:* Moedertaal en trots daarop. (Slegs twee vraelyste is in Setswana be= antwoord).

B. 1. Are you a member of a particular tribe? /Yes/No/

Ja: 96% Nee: 4% (26)

2. Which one?

Voornoemde stamme: 82%, "Tswana": 13%
Weet nie: 4% (26)

3. *Kgôrô?*

Verskeie: 84%, Weet nie: 15%. (19)

4. What is your totem (sebokô)?

Verskeie: 84%, Weet nie: 15%. (19)

5. Where you born here, in a tribal area or on a farm?
/urban area/tribal area/farm/

Stedelike gebied: 35%, Stamgebied: 53%, Plaas: 11% (26)

6. Does the tribal relationship mean anything to you?

Ja: 80%, Nee: 19% (26)

7. Does part of your family still live in a tribal area?

Ja: 73%, Nee: 26% (26)

8. Do you visit them there?
/Yes/No/Seldom/

Ja: 73%, Nee: 13%, Selde: 13% (26)

9. To which of the following places do you write most of your personal letters?
/Other urban areas/Farms/Tribal areas/

Ander stedelike gebiede: 64%, Plase: 0, Stamgebiede: 36% (28)

C. 1. Do you have a radio? /Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 (26)

2. Do other people (neighbours) also listen to your radio? /Yes/No/

Ja: 52%, Nee: 47% (26)

3. Which of the following programmes do you like most?
/Music/News/Story/

Musiek: 47%, Nuus: 52%, Storie: 0 (26)

4. Where do you hear most of the news?
/Radio/Newspaper/Friends/

Radio: 38%, Koerant: 62%, Vriende: 0 (26)

5. Do you regularly read a newspaper?
/Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 (24)

6. Which one?

*Prioriteitsorde:*

a. Daily Mail (28%)

b. The World (28%)

c. The Star (28%)

d. The Sunday Times (16%)

e. Die Transvaler (1%)

f. Die Vaderland (1%) (28)

7. How do you travel when you visit people not living in your township?
/Car/Train/Bus/Bicycle/

Motor: 56%, Trein: 22%, Bus: 22%,
Fiets: 0 (28)

8. Have you already made friends over the tele=phone?

Ja: 57%, Nee: 42% (26)

D. 1. Are you a member of any association or organization (eg. a burial society, soccer club)?
/Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 (25)

2. Which language do you use most frequently in your work?
/Afrikaans/English/Setswana/Zulu/Xhosa/

Afrikaans: 8%, English: 48%, Setswana: 34%, Zulu: 2%, Xhosa: 5% (26)

3. Do you have good friends who are Zulus and Xhosas? /Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 (26)

4. Which language do you use when speaking to them?

Setswana: 10%, Afrikaans: 0, English 56%, Zulu: 20%, Xhosa: 13% (26)

5. Do you think Setswana receives its rightful place in your township?
/Yes/No/

Ja: 46%, Nee: 53% (28)

6. Do you think Setswana should disapear as a language in your township?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 7%, Nee: 90%, Weet nie: 3% (28)

7. Which language do you use in your home when speaking to your children?
/Afrikaans/English/Setswana/

Afrikaans: 0, English: 0, Setswana: 100% (26)

E. 1. Do you think that the Batswana have a unique culture? /Yes/No/

Ja: 92%, Nee: 0, Weet nie: 7% (26)

2. Do you think that the Tswana culture should be developed? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 (26)

3. Is there any organization in your township for the promotion of Tswana culture? /Yes/No/Don't know/

Ja: 30%, Nee: 57%, Weet nie: 12% (26)

4. Do you know of any Tswana women's club in your township? /Yes/No/Don't know/

Ja: 42%, Nee: 42%, Weet nie: 15% (26)

5. A Tswana youth organization? /Yes/No/Don't know/

Ja: 15%, Nee: 61%, Weet nie: 24% (26)

6. Do you think such organizations (Tswana women's, Tswana youth) will serve a good purpose in your township? /Yes/No/Don't know/

Ja: 96%, Nee: 0, Weet nie: 3% (26)

7. Do you know of an organization called ASSECA? /Yes/No/

Ja: 92%, Nee: 7% (26)

8. What is its purpose?

Bevordering van onderwys van Swartes/bevorder= ing van onderwys en kultuur onder Swartes/ propageer "black consciousness"/ gee beurse aan kinders vir studiedoeleindes.

9. Do you think the Tswana in your township are now more aware or less aware of their Tswana= ship than ten years ago?
/More/Less/Don't know/

Meer: 89%, Minder: 3%, Weet nie: 7% (26)

10. Why do you think so?

*Hoofredes:* Identifikasie met "anything Tswana"/ dring aan op gelykberegtiging ten opsigte van taal, onderwysgeriewe ens./etniese groepering/ belangstelling in verkiesing en nuus oor verkla= rings van Mangope/groter belangstelling in nasio= nale ontwikkeling van die Tswana/organisasie onder Tswana en besoeke van Mangope, Maseloane ensovoorts aan stedelike gebiede/vorming van Tswanarade en verkiesing van Tswana op skoolkomi= tees/deelname aan Bophuthatswanaverkiesings en belangstelling in tuislandontwikkeling/besef dat erkenning as mens verkry kan word sonder afleg= ging van Tswanaskap/baie Suid-Sotho het hulle laat herklassifiseer as Tswana - mense wat al vir baie jare verkeerd geklassifiseer is.

F. 1. What do you understand under the term "tribalism"?

"The practice of blindly loving one's tribe and

hating everything belonging to, or done by other tribes"/ Afsonderlike (sub) groepe met dieselfde taal en kultuur/ As jy net in die sake van jou eie stam geïnteresseerd is/ Verskynsel wat wrywing onder Swartes veroorsaak.

2. Do you think tribalism is good or bad?
/Good/Bad/Don't know/

Goed: 44%, Sleg: 52%, Weet nie: 4% (25)

3. Do you know any chief of a tribe personally?
/Yes/No/

Ja: 84%, Nee: 15% (26)

4. When did you meet him?

Voor 1968: 15%
Sedert 1968: 50%
Geen tydsaanduiding: 35% (26)

5. Are you a citizen of Bophuthatswana?

Ja: 82%, Nee: 17% (28)

6. Did you vote during the Bophuthatswana election of 1972?
/Yes/No/

Ja: 84%, Nee: 16% (25)

7. For which of the following parties do you think the Tswana in the urban areas should vote?
/B.N.P./Seoposengwe/Don't know/

B.N.P.: 55%, Seoposengwe: 26%, Weet nie: 18% (27)

8. Why do you think so?

*Hoofredes: B.N.P.*

Dit werk vir die vooruitgang van die Tswana/dit bevorder begrip/die leier daarvan is vasbeslote, toegewyd en nie daarop uit om te spog nie/ dit wil die Tswana as 'n mens in sy eie reg laat ont= wikkel/ het 'n gematigde en realistiese beleid/ het goeie oogmerke en staan onder goeie leiding.

*Seoposengwe:* Dit is demokraties/ wil eenheid onder Swartes bewerkstellig/ verteenwoordig die gewone man en nie net kapteins nie/ het 'n duide= like beleid/ het 'n goeie beleid om eenheid onder alle Swartes in Bophuthatswana te bewerkstellig.

9. What is wrong with the other party?

*B.N.P.:* Dit druk nie die aspirasie van die ge= wone man uit nie en bevredig hom dus nie/ het 'n beleid van "tribalism, racialism and hatred"/ wil die Swartes verdeel/ geen duidelike beleid nie.

*Seoposengwe:* Wil ons terugneem na die toestand waarvandaan ons kom, naamlik dominasie deur ander "race groups"/ ampsdraers is van twyfelagtige karakter/ party rig hom net tot die Tswana/ ver= teenwoordig nie die ware mense van die Tswana nie/ sal lei tot die indringing van ander etniese groepe binne die Tswanagebied en besighede tot nadeel van die Tswana/ is selfsugtig, staan geweld voor en word ondersteun deur alle oud-A.N.C.-lede/ het kommunistiese idees en onrealistiese oogmerke/ het geen duidelike beleid nie.

10. Which is more important: citizenship of a tribe or citizenship of Bophuthatswana?
/Tribe/Bophuthatswana/Don't know/

Stam: 4%, Bophuthatswana: 76%, Weet nie: 20%
(25)

11. Should the government of the tribal areas be handed over to the government of Bophuthatswana?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 64%, Nee: 20%, Weet nie: 16% (25)

G. 1. Do you consider yourself a Motswana?
/Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 (25)

2. How do you prefer to be referred to by other people?
As a /Motswana/a Bantu/an African/a Black/
/a South African/

A Motswana: 34%, a Bantu: 3%, an African: 30%, a Black: 15%, a South African: 15% (26)

3. What is the difference between the tribe (morafe) and the nation (setshaba)?

*Oorwegings:* "A tribe is small in outlook. A nation embraces the various tribes"/ Stam is 'n groep met een totem - 'n nasie is 'n versameling van stamme.

4. How does the tribe fit into the nation?

*Oorwegings:* "By being submerged into the bigger circle of other tribes"/ Stam is 'n tak (onderdeel)

van die nasie wat deur ooreenkoms daarin opgeneem is (d.w.s. deur *lenyalo*)/ Stam is 'n integrerende deel van die nasie.

5. Do the Tlhaping, Tlharo, Kwena, Rolong, Kgatla, Hurutshe also belong to the Tswana nation? /Yes/No/Don't know/

Ja: 96%, Nee: 0, Weet nie: 3% (26)

6. And the Ngwato? /Yes/No/Don't know/

Ja: 96%, Nee: 0, Weet nie: 3% (26)

7. And the other Black people who live in Bophuthat=swana but do not speak Setswana? /Yes/No/Don't know/

Ja: 70%, Nee: 12%, Weet nie: 16% (24)

8. Do all the Tswana speak the same language? /Yes/No/Don't know/

Ja: 42%, Nee: 57%, Weet nie: 0 (26)

9. Is there anything which prevents the Tswana tribes from developing into one Tswana nation? /Yes/No/Don't know/

Ja: 36%, Nee: 63%, Weet nie: 0 (22)

10. Is there anything which causes the Batswana in urban areas to severe their bonds with Bophuthatswana? /Yes/No/Don't know/

Ja: 50%, Nee: 38%, Weet nie: 11% (26)

11. Such as?

*Redes:* Gebrek aan bestaansgeleenthede en lae lone

in Bophuthatswana/ proses van ontstamming/ gebrek aan deurlopende kontak tussen stedeling en tuis=land/ vrees om regte (behuising, handels-, ver=blyfsregte) in stedelike gebiede te verloor/ ge=brek aan genoegsame grond in Bophuthatswana/ die arbeidsgeleenthede en onderwysgeriewe in stedelike gebiede/ stedelikes groei weg van stamgebruike en -tradisies.

12. Do all the Batswana have the same ancestor?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 39%, Nee: 21%. Weet nie: 39% (28)

13. Do they have the same history?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 38%, Nee: 31%, Weet nie: 31% (26)

14. Are the Tswana in the urban areas richer than the Tswana in the tribal areas?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 16%, Nee: 32%, Weet nie: 52% (25)

15. Are the Tswana in the urban areas more educated than the Tswana in the tribal areas?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 57%, Nee: 19%, Weet nie: 23% (26)

H. 1. Do you think the Tswana in the urban areas still obey their chiefs?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 38%, Nee: 42%, Weet nie: 20% (26)

2. Do you know a chief's representative?
/Yes/No/

Ja: 81%, Nee: 18% (27)

3. Speaking generally, do you think they (the chief's representatives) are fulfilling an important function?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 48%, Nee: 37%, Weet nie: 14% (27)

4. Do you think the respesentative of the govern-ment of Bophuthatswana,Mr. Modise, fulfills an important function?
/Yes/No/

Ja: 60%, Nee: 40%, Weet nie: 0 (25)

5. Have you already taken any matter to him for attention? /Yes/No/

Ja: 73%, Nee: 26% (27)

6. Was it properly attended to? /Yes/No/

Ja: 50%, Nee: 50% (20)

7. Do you think the local Tswana Council should have more power than the U.B.C./Advisory Coun-cil? /Yes/No/Don't know/

Ja: 53%, Nee: 27%, Weet nie: 20% (26)

8. Which of the two bodies mentioned above (7) is more important to you as a Motswana?
/U.B.C./Advisory Council/Tswana Council/Don't know/
Stedelike Bantoeraad/Adviserende Komitee: 30%,
Tswanaraad: 60%, Weet nie: 10% (26)

9. Do you think the Chairman of the Tswana Council in your township is qualified to do the work entrusted to him? /Yes/No/Don't know/

Ja: 52%, Nee: 20%, Weet nie: 28% (25)

10. Have you already discussed any matter of impor= tance for the Tswana in your township with him? /Yes/No/

Ja: 75%, Nee: 25% (24)

11. Were you satisfied with the outcome of your dis= cussion? /Yes/No/

Ja: 60%, Nee: 40% (20)

I. 1. Do you think a chief is, or should be, a politi= cal leader? /Yes/No/Don't know/

Ja: 34%, Nee: 61%, Weet nie: 3% (26)

2. Is a chief an official of the government of Bophuthatswana? /Yes/No/Don't know/

Ja: 80%, Nee: 12%, Weet nie: 8% (25)

3. A political leader should be - (Mark in order of importance from 1 to 5, i.e. if you think clever= ness is of most importance, make a 1 in block b, and a 5 in the block you think of least importance)

| | 1-5 |
|---|---|
| a. an educated man | |
| b. clever | |
| c. of royal blood | |
| d. from the urban areas | |
| e. from Bophutha= tswana | |

*Prioriteitsorde:*

a. Geleerdheid.

b. Slimheid.

c. Uit Bophuthatswana.

d. Uit stedelike gebiede.

e. Van koninklike afkoms. (28)

4. Who of the following should sit in the Legislative Assembly of Bophuthatswana?

(Mark in order of preference from 1 to 4)

| | |
|---|---|
| a. only chiefs | / / |
| b. more chiefs than elected members | / / |
| c. more elected members than chiefs | / / |
| d. elected members only | / / |

*Prioriteitsorde:*

a. Meer verkose lede as kapteins.

b. Slegs verkose lede.

c. Meer kapteins as verkose lede.

d. Slegs kapteins. (28)

5. To whom of the following should the Batswana in the future look as their political leader?
/Pilane/Mangope/Pres. Khama/Buthelezi/Matanzima/

Pilane: 24%, Mangope: 42%, Khama: 18%, Buthelezi: 12%, Matanzima: 3% (28)

6. Why do you think so?

*Redes: Mangope:* Buthelezi en Matanzima is nie Tswana nie en Pilane se veelrassigheidsbeleid diskwalifiseer hom/ Mangope is stabiel, geleerd, kalm,

beredeneerd, realisties, toegewyd, gematigd, prakties, 'n Tswana-nasionalis en geniet die steun van die meerderheid Tswana. *Pilane:* Polities ryp, geleerd, "broad-minded and multi-racial", eerlik en nie bang vir kritiek nie. *Khama:* Polities ervare, geskoold, gematigd, praat nie te veel nie en omdat die Tswana van die RSA en Botswana "dieselfde nasie" uitmaak, behoort hulle onder sy leiding te verenig. *Buthelezi:* Geleerd, progressief en stry vir die saak van die Swartes. *Matanzima:* Geleerd en ervare.

J. 1. What do you think of the government of Bophuthatswana?

/Good/Bad/Don't know/

Goed: 53%, Sleg: 15%, Weet nie: 31% (26)

2. Have you already experienced the effectiveness/ineffectiveness of the government of Bophuthatswana? /Yes/No/

Ja: 55%, Nee: 44% (27)

3. Then, why do you think it is effective/ineffective?

*Redes: Effektief:* Dit het die Tswana georganiseer en stamme gekonsolideer in 'n nasie; vinnig verandering bewerkstellig; sigself aanvaarbaar gemaak vir die meerderheid Tswana; 'n positiewe en praktiese benadering tot ernstige nasionale vraagstukke; laat nou die stem van die Tswana hoor by die sentrale regering; die waardigheid van die Tswana bevorder. *Oneffektief:* Dit is

tans diktatoriaal; "unable to controll the B.I.C.". geen goeie skakeling met stedelike Tswana; stamme word verskuif en Bophuthatswanaregering is magte= loos; wanaanwending van fondse en lae besoldiging van L.W. V.'s en amptenare.

4. Do you think the government of Bophuthatswana should give more attention to the Tswana in urban areas?

/Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 (25)

5. In what respects can the government of Bophuthat= swana help the Tswana in urban areas?

*Oorwegings:* Bophuthatswana behoort nouer kontak met Tswana in stedelike gebiede te bewerkstellig met die oog op verbetering van lewensomstandighede in stedelike gebiede soos lone, onderwys, handelsli= sensies, behuising, verligting van toestromings= beheer/moet Tswana-onderwysers na die stedelike gebiede stuur en beurse aan Tswanakinders toestaan/ stedelike Tswana betrokke maak by en raadpleeg oor tuislandontwikkeling/'n Tswanakoerant stig vir verspreiding in stedelike gebiede/direkte verteen= woordiging aan stedelike Tswana in W.V. gee/ont= wikkeling in Bophuthatswana versnel en dit moont= lik maak vir die vestiging van stedelike Tswana in Bophuthatswana/meer magte aan Tswanarade in stedelike gebiede gee/ meer dialoog en kommunikasie met stedelinge.

K. 1. What can the schools do to create a strong Tswana nation from the various Tswana tribes, the Tswana on the farms and those in the urban areas?

*Oorwegings:* Skole kan een gemeenskaplike taal (Tswana) aan die kinders leer en hulle meer Tswana-kultuurbewus maak/ besoeke vir kinders tussen die verskillende areas reël/ die belangrikheid van "behoort tot" en lojaliteit ten opsigte van die Tswana en Bophuthatswana by kinders inskerp/ die bewussyn van Tswananasieskap inskerp/ sportkompetisies tussen stedelike en tuislandse kinders/een sentrale onderwysstelsel/ aanstelling van spesialiste in Tswanataal en kultuur by skole.

2. Should the Tswana children be taught that the Tswana tribes made war upon each other in the past?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 56%, Nee: 40%, Weet nie: 4% (25)

3. Should they be taught that Mzilikazi ruled over the Batswana and killed many of them?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 70%, Nee: 30%, Weet nie: 0 (26)

4. Should all Tswana history be remembered or should the time of the tribal wars and Mzilikazi rather be forgotten?
/All remembered/Partly forgotten/All forgotten/

Alles onthou: 62%, Gedeeltelik vergeet: 30%, Alles vergeet: 7% (26)

5. Do you think Tswana children are interested enough in Tswana history?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 69%, Nee: 11%, Weet nie: 19% (26)

L. 1. Since when have you lived here?

Wie nie sedert geboorte daar woon nie, het tussen 1918 en 1962 met die swaartepunt in die veertiger=jare, na die gebiede gekom.

2. What brought you to this area? (Give your reasons, such as better opportunities, etc.)

*Redes:* Hier gebore en grootgeword/ beter arbeids=geleenthede met hoër inkomste/ beter onderwysge=riewe en indiensnemeningsmoontlikhede.

3. Are there things in the urban areas you don't like or which worry you?
/Yes/No/

Ja: 96%, Nee: 3% (26)

4. Such as?

*Oorwegings:* Hoë voorkoms van misdaad, wetteloos=heid, toestromingsbeheer, lewenskoste, die feit dat grond nie besit kan word nie, behuisingstoe=stande, paswette, die grootte van huise, omstan=dighede waaronder kinders grootword, klopjagte, gebrek aan akkommodasie vir onderwysers, diefstal, hoë egskeidingsyfer, ongeletterdheid, armoede, morele en sedelike agteruitgang, "tribal"(etniese) onderwys, hoë huishuur en hoë vervoerkostes.

5. If you can get the same facilities (house, job, salary, etc.) in another area, would you consider going there?
/Yes/No/

Ja: 80%, Nee: 20%, Weet nie: 0 (25)

6. If you can get the same facilities you have in this township (job, house, salary) in each of the following areas, to which one would your prefer to go?
/Transkei/Lebowa/Botswana/Gazankulu/Bophuthatswana/

Transkei: 0, Lebowa: 0, Botswana: 24%,
Gazankulu: 4%, Bophuthatswana: 72% (25)

7. Where would you like to be buried when you die?

*Plekaanduidings:*

a. In Bophuthatswana of aangeduide gebiede daarin: 40%

b. Waar nou gewoon word: 40%

c. Enige plek: 20% (25)

8. Why this particular place?

*Oorwegings:*
*In Bophuthatswana:* Voorvaders, familie is daar begrawe/ is lief vir die plek/ "have been happy and sad there"/ "it is where my pride lies"/ "I hope it is the future home of my children".
*Stedelike gebied:* Ken geen ander tuiste/ het hele lewe hier geslyt/ familie is hier en hier begrawe.

*Enige plek:* Om begrafniskoste laag te hou/ "I don't fuss over corpses".

M. 1. Did you attend a meeting held in this area by Chief Mangope or chief Pilane before the Bophutha=tswana election took place?
/Yes/No/

Ja: 73%, Nee: 36% (26)

2. Do you think Bophuthatswana should have a flag of its own?
/Yes/No/

Ja: 92%, Nee: 4%, Weet nie: 4% (26)

3. Do the Batswana have a National Anthem?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 56%, Nee: 20%, Weet nie: 24% (25)

4. If so, what is its name?

*Benaminge:*

Modimo wa boikanyo.
Morena boloka setshaba sa etsho.
Morena boloka setshaba sa rona.
Modimo wa boitsepo.

5. Do you think Bophuthatswana is or should be the fatherland of all Batswana?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 76%, Nee: 15%, Weet nie: 7% (26)

(If you would like to elaborate on any reply given to the ques=tions above, or to bring any other matter to my notice concern=ing the question of Tswana nation-building, you are very welcome to do so. Please use a separate piece of paper and append it

to this questionnaire.)

REMEMBER TO SEAL THE ENVELOPE CONTAINING THIS QUESTIONNAIRE BEFORE HANDING IT OVER TO THE PERSON ASKED TO COLLECT IT

THANK YOU FOR YOUR PATIENCE AND CO-OPERATION

BYLAAG B

VRAELYS VERSPREI ONDER KLERKE, ONDERWYSERS EN HANDELAARS EN DEURGEWERK MET STAMOWERHEDE IN DRIE STAMGEBIEDE IN BOPHUTHATSWANA

Aantal versprei: 60.
Aantal terugontvang: 26.
Aantal voltooi tydens onderhoude met stamowerhede: 3

Instituut vir Afrikanistiek,
P. U. vir C. H. O.
POTCHEFSTROOM

Motlotlegi,

Nna yo o kwadileng leina la me kwa tlase, ke ithuta thuto mabapi le go bopa ga morafe e farologanyeng go bopa Setshaba.

Go dira jaana ke itshenkela batho ka bontsinyana, ba ba ka nthusang gore ke fetse thuto ya me. Ke lopa thuso ya gago. Ke go lopa gore o arabe dipotso tse di latelang, ka go kwala sefapano mo lesakaneng, mo potsong e o gopolang gore e siame, kgotsa go tlatsa mo tulong e e tlogetsweng.

Ke lopa gore dipotso di arabiwe ka tshwanelo le ka bonnete ka puo e o ratang. Leina la gago ga le thlage mo dipotsong tsena, mme dikarabo tsa gago ke tla di dirisa ka boikanyego.

Mmuso o nneile matla go dira patlisiso e.

Ka ditumediso,

C. J. MARITZ

Meneer,

Die ondergetekende werk aan 'n studie oor nasievorming by die Batswana.

Na baie navraag het ek 'n klompie mense gekies wat my sal kan help om die studie te voltooi. U is een daarvan. Ek vra dus dat u die vrae hieronder beantwoord deur 'n kruisie te maak in die blokkie wat u dink die regte is, of deur u antwoord in die spasie te skryf.

Ek vra dat u die vrae eerlik beantwoord en ook in die taal wat u kies. U naam kom nie op die vraelys nie en ek sal u antwoorde as vertroulik behandel.

Die regering het my magtiging gegee om die navraag te doen.

Ek dank u by voorbaat,

C. J. MARITZ.

LYS: ...........................

KATEGORIE: .....................

LOKALITEIT: ..................

SKAKEL: .......................

---

| *Stamowerhede* | *Geskoolde tuislanders* |
|---|---|
| Drie stamowerhede/uit= voerende rade van stam= owerhede. Aantal lede het gewissel van 6 na 12 per stamowerheid. | Aantal vraelyste: 26. (Die syfer in hakies dui die aantal antwoorde op die spe= sifieke vraag aan.) |

QUESTIONS:

A. 1. What is your occupation?

| | |
|---|---|
| Oorwegend boere | Onderwysers, klerke, hande= laars. |

2. How old are you?

| | | |
|---|---|---|
| Gemiddeld: ± 50 jaar (skatting) | Gemiddeld: 33 jaar | (20) |

3. In which language would you prefer to reply to the questions? SETSWANA/AFRIKAANS/ENGLISH

| | | |
|---|---|---|
| Setswana: 100%; | Setswana: 23%, | |
| Afrikaans: 0, | Afrikaans: 14%, | |
| English: 0 | English: 63% | (22) |

4. Why do you give preference to this language?

| | |
|---|---|
| a. Setswana is "ons" taal. | a. *Engels:* Meer tuis daar= in/ hou daarvan/ maklik verstaanbaar/ 'n interna= |

| | |
|---|---|
| | sionale taal. |
| b. Verstaan nie Afrikaans en Engels goed nie. | b. *Setswana:* Meer tuis daar= in/ my eie taal. |
| | c. *Afrikaans:* Stel belang daarin/ praat dit tuis. |

(20)

B. 1. Are you a member of the ........... tribe? /Yes/No/

Lidmaatskap aan verskillende stamme, byvoorbeeld Kgatla, Rôlông, Hurutshe, Kwêna, Tlhaping, ens. 50% onderwysers en klerke uit ander stamme in stamgebied.

2. How many *dikgôrô* are there in this tribe?

| | |
|---|---|
| Aantal verskil per stam. | Aantal verskil per stam. |

3. Is there a difference in status between the va= rious *dikgôrô?* /Yes/No/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 70%, Nee: 10%, Weet nie: 20% |

(20)

4. Is a *kgôro* a territorial unit i.e. do the people of a *kgôrô* all live in the same area? /Yes/No/

| | |
|---|---|
| Ja: 33%, Nee: 66%, Weet nie: 0 | Ja: 45%, Nee: 35%, Weet nie: 20% |

(20)

5. Do the people of a *kgôrô* sit apart during tribal festivals? /Yes/No/

| | |
|---|---|
| Ja: 66%, Nee: 33%, Weet nie: 0 | Ja: 35%, Nee: 40%, Weet nie: 25% |

(20)

6. Do you insult a man if you refer to him as a motlhanka? /Yes/No/

Ja: 66%, Nee: 33% Ja: 40%, Nee: 55%, Weet
Weet nie: 0 nie: 5% (20)

7. Does the *kgôrô* still fulfill any function i.e. does it have any authority in the government of the tribe? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0 Ja: 70%, Nee: 0, Weet
Weet nie: 0 nie: 30% (20)

8. Should all the people in the tribe have equal rights irrespective to what *kgôrô* they belong? /Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 33%, Ja: 60%, Nee: 13%, Weet
Weet nie: 0 nie: 26% (23)

C. 1. Were you born in this tribal area? /Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 Ja: 50%, Nee: 50% (26)

2. Are people still coming to *lotsha* at this tribe? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0 Ja: 30%, Nee: 15%, Weet
nie: 55% (20)

3. Should people who *lotsha*-ed at this tribe have equal rights with the "original" people of this tribe? /Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 33% Ja: 30%, Nee: 20%, Weet
nie: 50% (20)

4. Should people marry within the tribe or rather with people of other tribes? /Within/Other tribes/Don't know/

| | |
|---|---|
| Binne: 66%, | Binne: 30%, |
| Buite: 0, | Buite: 60%, |
| Weet nie: 43%. | Weet nie: 10%. (22) |

5. To whom of the following tribal groups would you prefer your children to marry? /Pedi/Shangana/Zulu/Tswana/Xhosa/

| | |
|---|---|
| Pedi: 0, | Pedi: 5%, |
| Shangana: 0, | Shangana: 5%, Zulu: 5%, |
| Zulu: 0, | Tswana: 70%, Xhosa: 10%, |
| Tswana: 66%, | Geeneen: 5% |
| Xhosa: 0, | |
| Enige: 33% | (20) |

6. Do people now more frequently marry people of other tribes than in the past? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, | Ja: 75%, Nee: 0, Weet nie: 25% (24) |

7. Is this good or bad? /Good/Bad/ Don't know/

| | |
|---|---|
| Goed: 33%, | Goed: 85%, |
| Sleg: 66%, | Sleg: 10%, |
| Weet nie: 0 | Weet nie: 5% (20) |

8. Do those who married people of other tribes still visit their relatives in this tribe? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 80%, Nee: 0, Weet nie: 20% (24) |

9. Do many women in the tribal area marry men from the urban areas? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 60%, Nee: 30%, Weet nie: 10% (20) |

10. Do many men who live in the tribal area marry wo=
men from the urban areas? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 — Ja: 35%, Nee: 40%, Weet nie: 25% (20)

11. Which type of marriage (9 and 10 above) takes place more frequently? /9/10/

9: 100%, 10: 0 — 9: 80%, 10: 20% (20)

D. 1. Are you a member of a church? /Yes/No/

Ja: 50% — Ja: 100%, Nee: 0 (20)

2. Which one?

Verskeie — Verskeie: N.G., Lutherse, Anglikaanse. (20)

3. Are there denominations of this church among other tribes? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 — Ja: 95%, Nee: 5%, Weet nie: 0 (20)

4. When you are on visit to other tribes, do you attend the church services there? /Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 — Ja: 80%, Nee: 5%, Geen aanduiding: 5% (20)

E. 1. Do you also visit people not living among this tribe? /Yes/No/

Ja: 100%, Nee: 0 — Ja: 100%, Nee: 0 (24)

2. To which of the following areas do you travel most frequently to visit people?
/Other tribes/Farms/Urban areas/

| | | |
|---|---|---|
| Ander stamme: 66%, | Ander stamme: 40%, | |
| Plase: 0, | Plase: 22%, | |
| Stede: 33% | Stede: 37% | (22) |

3. How frequently?

| | | |
|---|---|---|
| Soms: 33%, | Soms: 20%, | |
| Dikwels: 66% | Dikwels: 80% | (20) |

4. To which of the following areas do you write most of your personal letters?
/Urban areas/Other tribes/Farms/

| | | |
|---|---|---|
| Stede: 100%, | Stede: 57%, | |
| Ander stamme: 0, | Ander stamme: 27% | |
| Plase: 0 | Plase: 14% | (22) |

5. Do you own a radio? /Yes/No/

| | | |
|---|---|---|
| Ja: ± 50%, | Ja: 95%, Nee: 5% | |
| Nee: ± 50% | | (20) |

6. Do other people (neighbours) also listen to your radio? /Yes/No/

| | | |
|---|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0 | Ja: 70%, Nee: 30% | (20) |

7. Which of the following programmes do you like most?
/Music/News/Story/

| | | |
|---|---|---|
| Musiek: $3^{e}$, | Musiek: 33%, | |
| Nuus: $1^{e}$, | Nuus: 48%, | |
| Storie: $2^{e}$ | Storie: 18% | (22) |

8. Where do you hear most of the news?
/Radio/Kgotla/Newspapers/Visitors/

| | | |
|---|---|---|
| Radio: 1e, | Radio: 50%, | |
| Kgotla: 3e, | Kgotla: 3%, | |
| Koerant: 2e, | Koerant: 43%, | |
| Besoekers: 4e | Besoekers: 3% | (22) |

9. Do you regularly read a newspaper?
/Yes/No/

| | | |
|---|---|---|
| Ja: 33%, Nee: 66% | Ja: 85%, Nee: 15% | (20) |

10. Which one?

| | | |
|---|---|---|
| World; Daily Mail; Star; Tswelopele | Daily Mail (48%); Star (13%); World (13%) | (22) |

11. How do you travel when you visit people not living in the tribal area?
/Car/Train/Bus/Bicycle/

| | | |
|---|---|---|
| Motor: 4e, Trein 2e, Bus 1e, Fiets: 3e | Motor: 45%, Trein: 20%, Bus: 24%, Fiets: 10% | (24) |

F. 1. Are you a member of any association or organization (e.g. burial or farmer's association)?
/Yes/No/

| | | |
|---|---|---|
| Ja: 66%, Nee: 33% | Ja: 52%, Nee: 47% | (19) |

2. What is it called?

| | | |
|---|---|---|
| Boereverenigings, ens. | Phitlano ya kgoro; Boerevereniging; TAUTA. Kultuurorganisasie; Onderwysersvereniging. | (8) |

3. Does it exist in other tribes?

| | | |
|---|---|---|
| Ja: 66%, Nee: 0 Weet nie: 33% | Ja: 77%, Nee: 22% | (9) |

G. 1. What do you understand under the term "Tribalism"?

| | |
|---|---|
| "Semerafe"; "bome=rafe". Die stamme vorm die Tswananasie (setshaba). "Batno ba bohle" (Al die mense). | Elke stam wat sy gewoontes/ tradisies/ kultuur beoefen; "splitting of Africans into tribal units"/ "men who re=spect their customs and origin/ groepsgebondenheid/ "As far as I am concerned there is no such thing." |

2. Is tribalism good or bad?
/Good/Bad/Don't know/Neither good nor bad/

| | | |
|---|---|---|
| Goed: 100%, Sleg:0, Nie goed cf sleg nie: 0, Weet nie: 0 | Goed: 12%, Sleg: 53%, Nie goed of sleg nie: 29%, Weet nie: 6% | (17) |

3. Who governs the tribe?
/Chief/Lekgotla/Magistrate/Pretoria/Mafeking/

| | | |
|---|---|---|
| Kaptein: 100%, Lekgotla: 0, Magistraat: 0, Pretoria: 0, Mafeking: 0 | Kaptein: 56%, Lekgotla: 17%, Magistraat: 13%, Pretoria: 13%, Mafeking: 0 | (23) |

4. Have you ever asked the tribal authority to give attention to a certain matter? /Yes/No/

| | | |
|---|---|---|
| Nie van toepassing. | Ja: 53%, Nee: 47% | (17) |

5. If not, why not?

Nie van toepassing. *Hoofredes:* Dit sal nie oor=weeg word nie/ geen beskik=bare kanale nie/ geen saak waarmee hulle kan help nie/ geen saak vir hulle aandag nie.

6. If so, did they give proper attention to the matter? /Yes/No/

Nie van toepassing. Ja: 77%, Nee: 23% (9)

7. If they do not listen to you, to whom do you go then?

Nie van toepassing. Kaptein/Magistraat.

8. Do you think the tribal authority is doing its work effectively? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 — Ja: 48%, Nee: 37%, Weet nie: 15% (19)

9. Should members of the tribal authority be elected? /Yes/No/Don't know/

Ja: 0, Nee: 100%, Weet nie: 0 — Ja: 71%, Nee: 12%, Weet nie: 17% (18)

10. Should the tribal authority have an advisory coun=cil consisting of educated men? /Yes/No/Don't know/

Ja: 33%, Nee: 66%, Weet nie: 0 — Ja: 100%, Nee: 0%, Weet nie: 0 (18)

11. Should the tribal authority be reconstituted every five years? /Yes/No/ Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 0, Nee: 100%, Weet nie: 0 | Ja: 90%, Nee: 5%, Weet nie: 5% (19) |

H. 1. Are you a citizen of Bophuthatswana? /Yes/No/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0 | Ja: 88%, Nee: 12% (17) |

2. Which is more important: citizenship of the tribe or citizenship of Bophuthatswana? /Tribe/Bophuthatswana/Don't know/

| | |
|---|---|
| Stam: 33%, Bophuthatswana: 66%, Weet nie: 0 | Stam: 31%, Bophuthatswana: 44%, Weet nie: 25% (16) |

3. Why do you think so?

*Hoofredes:*

a. "...maar éérs die stam, dan Bophuthatswana."

b. "...die stam is van die bloed."

c. Bophuthatswana "praat vir al die stamme."

*Hoofredes:*

*Stam:* "My wortels is in die stam. Bophuthatswanaregering bestaan uit vreemdelinge van ander stamme"/ respek vir my oorsprong of herkoms/ dit is tradisioneel en natuurlik/ stamme vorm en is die oorsprong van Bophuthatswana. *Bophuthatswana:* Stamme is komponente van Bophuthatswana/ Bophuthatswana skakel alle stamme bymekaar en is groter/ "united we stand, devided we fall"/ Bophu=

| | |
|---|---|
| | thatswana kan beter voor=uitgang bewerkstellig as die stamme individueel. |

4. Should the government of the tribal area be handed over to the government of Bophuthatswana?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 0, Nee: 100%, Weet nie: 0 | Ja: 32%, nee: 36%, Weet nie: 32% (22) |

5. Why?

| | |
|---|---|
| *Hoofredes:* | *Hoofredes:* |
| Die grond behoort aan die stam en die mense behoort aan die stamhoof. | (a) Elke stam het sy eie gewoontes en tradisies en sal nie altyd saamstem met die regering van Bophu=thatswana nie. |
| | (b) Die stam het kleiner sake wat nie van belang is vir Bophuthatswana nie. |
| | (c) Stamme moet voortgaan om hulle eie sake te behar=tig. |
| | (d) "We cannot all be lea=ders." |
| | (e) Stamme is finansiëel swak en moet inskakel onder Bophuthatswana. |

I. 1. Do you consider yourself a Motswana?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0 | Ja: 88%, Nee: 11% (18) |

2. Is there a difference between the tribe *(morafe)* and the nation *(setshaba)*?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 83%, Nee: 11%, Weet nie: 5% (18) |

3. How does the tribe fit into the nation?

| | |
|---|---|
| *Verduidelikings:* "Setshaba ke merafe a bohle". (Alle stamme saam vorm die nasie.) "Ge re kgobokanye, re setshaba." | *Verduidelikings:* Stamme is samestellende dele van die nasie; stamme is part en deel van die nasie/ die begrip nasie kan tans nog nie op Bophuthatswana toegepas word nie. |

4. Do the Tlhaping, Tlharo, Kwêna, Rôlông, Kgatla, Hurutshe also belong to the Tswana nation?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 94%, Nee: 5%, Weet nie: 0 (18) |

5. And the Ngwato?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 83%, Nee: 5%, Weet nie: 11% (18) |

6. And the other Black people who live in Bophuthatswana but do not speak Setswana?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0 | Ja: 65%, Nee: 25%, Weet nie: 10% (20) |
| Voorwaarde(s): Hulle moet hulle ondergeskik maak aan die Tswana. | Voorwaarde(s): Hulle moet Tswanaburgerskap aanvaar. |

7. Do all the Tswana tribes speak the same language? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 0, Nee: 100%, Weet nie: 0 | Ja: 66%, Nee: 28%, Weet nie: 5% (18) |

8. Is there anything which prevents the tribes from developing into one Tswana nation? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 66%, Nee: 0, Weet nie: 33% | Ja: 50%, Nee: 22%, Weet nie: 28% (18) |

9. Such as?

| | |
|---|---|
| Rede(s): Kapteinskap. Kaptein wil nie deur ander kapteins regeer word nie. | Rede(s): Huidige konstitusie en grondvraagstuk/ gewoontes, tradisies en dialektiese verskille. Kapteinskap. |

10. Do all the Tswana tribes have the same ancestor?

| | |
|---|---|
| Ja: 33%, Nee: 33%, Weet nie: 33% | Ja: 45%, Nee: 30%, Weet nie: 25% (20) |

11. Do they have the same history? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 0, Nee: 33%, Weet nie: 66% | Ja: 55%, Nee: 28%, Weet nie: 16% (20) |

12. Do they pray to the same supreme being?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 — Ja: 66%, Nee: 22%, Weet nie: 11% (18)

13. Is this tribe richer or poorer than most other tribes?
/Richer/Poorer/Don't know/

Ryker: 66%, Armer: 0, Weet nie: 33% — Ryker: 16%, Armer: 22%, Weet nie: 61% (18)

14. Is this tribe more developed or less developed than most other tribes?
/More/Less/ Don't know/

Meer: 66%, Minder: 0, Weet nie: 33% — Meer: 30%, Minder: 55%, Weet nie: 15% (20)

15. Is sorcery more prevalent or less prevalent in this tribe than in most other tribes?
/More/Less/Don't know/

Meer: 0, Minder: 100%, Weet nie: 0 — Meer: 11%, Minder: 28%, Weet nie: 61% (18)

16. Do you think a High Court should be established exclusively for the Tswana?
/Yes/No/ Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0 — Ja: 61%, Nee: 33%, Weet nie: 5% (18)

17. Do you think the Tswana tribes are now closer to each other than before?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 0, Weet nie: 33% — Ja: 82%, Nee: 11%, Weet nie: 16% (18)

18. Why do you think so?

| *Hoofredes:* | *Hoofredes:* |
|---|---|
| a. Kapteins ontmoet mekaar by Mafe=king en ken me=kaar beter. <br> b. Die reg van die stamme begin meer ooreenkom. | Instelling van 'n gemeenskap=like regering oor 'n afge=bakende gebied/ 'n eie eks=klusiewe regering (Bophu=thatswana)/ een tuiste en een regering/ sedert instel=ling van een regering ont=moet stamhoofde mekaar en ken en aanvaar mekaar. |

(16)

J. 1. Is chieftainship good or bad?
/Good/Bad/

| | |
|---|---|
| Goed: 100%, Sleg: 0 | Goed: 72%, Sleg: 28% |

(18)

2. From whom does a chief get his power to rule?
/Tribe/Birth/Pretoria/Mafeking/

| | |
|---|---|
| Stam: 0, Geboorte: 66%, Pretoria: 33%, Mafeking: 0 | Stam: 35%, Geboorte: 20%, Pretoria: 30%, Mafeking: 15% |

(20)

3. Is the chief an official of the government of Bophuthatswana?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 66%, Nee: 0, Weet nie: 33% | Ja: 95%, Nee: 0, Weet nie: 5% |

(20)

4. Is a chief a political leader?
/Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 66%, Nee: 33%, Weet nie: 0 | Ja: 72%, Nee: 16%, Weet nie: 11% |

(18)

5. A political leader should be - (Mark in order of importance from 1 to 5, i.e. if you think cleverness is of most importance make a 1 in the block and a 5 next to the aspect which is of least importance).

- /a. an educated man / /
- /b. clever / /
- /c. of royal blood / /
- /d. from the urban areas/ /
- /e. from Bophuthatswana / /

| *Prioriteitsorde:* | *Prioriteitsorde:* |
|---|---|
| 1. Koninklike afkoms | 1. Geleerdheid. |
| 2. Geleerdheid. | 2. Slimheid. |
| 3. Slimheid. | 3. Uit Bophuthatswana. |
| 4. Uit Bophuthatswana. | 4. Van koninklike afkoms. |
| 5. Uit stedelike ge= biede. | 5. Uit stedelike gebiede. |

(20)

6. Who should sit in the Legislative Assembly of Bophuthatswana? (Mark in order of preference from 1 to 4)

- /a. Only chiefs / /
- /b. more chiefs than elected members / /
- /c. more elected members than chiefs / /
- /d. only elected members / /

| *Prioriteitsorde:* | *Prioriteitsorde:* |
|---|---|
| 1. Meer kapteins as verkose lede. | 1. Slegs verkose lede. |
| 2. Slegs kapteins. | 2. Meer verkose lede as kap= teins. |

| | |
|---|---|
| 3. Meer verkose lede as kapteins. | 3. Meer kapteins as ver= kose lede. |
| 4. Slegs verkose lede. | 4. Slegs kapteins. (20) |

K. 1. Should there be political parties in Bophuthatswana? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 33%, Nee: 66%, Weet nie: 0 | Ja: 78%, Nee: 22%, Weet nie: 0 (18) |

2. Should there be one, two or three political par= ties? /One/Two/Three/

| | |
|---|---|
| Geen: 66%, Drie: 33% | Een: 28%, Twee: 38%, Drie: 33% (18) |

3, Are you a member of a political party? /Yes/No/

| | |
|---|---|
| Ja: 33%, Nee: 66% | Ja: 28%, Nee: 72% (14) |

4. What does the party promise?

| | |
|---|---|
| *Beloftes:* | *Beloftes:* |
| a. Dit belowe skole, plase, lande, water, vooruitgang. b. Weet nie wat die partye sê nie/ nie geïnteresseerd nie. | *Seoposengwe:* Vereniging van alle Swartes in Suid-Afrika; eerlike leier= skap/ gelyke betaling vir gelyke werk. *B.N.P.:* Sal salarisse verhoog/ vooruitgang en ontwikkeling vir die Tswana. (7) |

5. Who is its leader?

| | |
|---|---|
| Pilane en Mangope. | Mangope/Pilane/Maseloane. |

6. What is wrong with the other party?

| | |
|---|---|
| *In volgorde van frekwen=sie·* | *In volgorde van frekwen=sie: Seoposengwe:* |
| a. Ons ken hulle nie.. <br> b. Ons weet nie wat hulle sê nie. "Ga re ise re bone go bjwetsweng mo ditshimo tse pedi tse. | Wil hê die Tswana moet met ander verenig nog voordat hy homself gevind het. <br> *B.N.P.:* Wil net kapteins as ministers hê/ nie vir vooruitgang van Swartes, net persoonlike voordeel/ geen toekoms sonder steun van die R.S.A.-regering nie. (8) |

7. Whom should the Batswana in the future envisage as their political leader?
/Pilane/Mangope/Pres. Khama/Buthelezi/Matanzima/

| | |
|---|---|
| Pilane: 0, Mangope: 33%, Khama: 33%, Buthelezi: 0, Matanzima: 33% | Pilane: 15%, Mangope: 30%, Khama: 20%, Buthe=lezi: 20%, Matanzima: 5%, Weet nie: 10% (20) |

8. Why do you think so?

| | |
|---|---|
| *Hoofredes:* | *Hoofredes:* |
| a. In die ou dae het ons almal aan Khama be=hoort. | *Pilane:* Sal die aspira=sies van die gewone man bevredig/ Doeltreffend. |

| | |
|---|---|
| b. Ons ken nie die ander nie; hulle het nog niks vir ons gedoen nie. Mangope het vir ons skole gebou. | *Mangope:* Hy verstaan die Tswana sowel as die Blankes en sal hulle nie laat bots nie/ intelli= gent, beredeneerd en nugter/ bevoegd.<br><br>*Khama:* Meer ervare in politiek/ 'n senior stam= hoof wat ook geleerd is.<br><br>*Buthelezi:* Veg vir vry= heid van Swartes/ wil Swartes saamsmelt/"more capable". (20) |

L. 1. Is Bophuthatswana the future homeland of all the Batswana? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 68%, Nee: 5%, Weet nie: 26% (19) |

2. What do you think of the government of Bophutha= tswana? /Good/Bad/Don't know/

| | |
|---|---|
| Goed: 33%, Sleg: 0, Weet nie: 66% | Goed: 50%, Sleg: 15%, Weet nie: 35% (20) |

3. Do you think the government of Bophuthatswana is doing more for the other tribes than this tribe? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 0, Nee: 33%, Weet nie: 66% | Ja: 17%, Nee: 28%, Weet nie: 55% (18) |

4. Why?

| *Redes:* | *Redes:* |
|---|---|
| a. Ons het nog niks ge= sien wat hy doen nie. | a. Dit doen meer vir alle stamme. |
| b. Ons weet nie hoeveel doen hy vir die ander nie. | b. Meer ontwikkeling vind in ander stamgebiede, bv. Lehurutshe, plaas. |
| | c. Belangrike poste word aan nie-Tswana gegee. |
| | d. Dit kyk almal "met een oog". (8) |

5. Do you think the government of Bophuthatswana can do more for the development of the tribe than the tribal authority? /Yes/No/Don't know/

| | |
|---|---|
| Ja: 33%, Nee: 66%, Weet nie: 0 | Ja: 47%, Nee: 21%, Weet nie: 32% (19) |

6. How can the government promote inter-tribal co-operation?

| *Oorwegings:* | *Oorwegings:* |
|---|---|
| Deur onderwysers aan ander stamme te leen. Deur stamhoofde byme= kaar te bring. "Gospel of unity". | Deur meer verkose lede sitting te gee/ deur *alle* kapteins sitting te gee in W.V./ deur alle Swar= tes te aanvaar/ eerlike konsultasie en gelykbe= regtiging (deur RSA-re= gering)/ deur alle bur= |

gers van Bophuthatswana te laat besef dat daar net een regering in Bophuthatswana bestaan. (12)

7. What can the schools do to create a strong Tswana nation from the various Tswana tribes?

*Oorwegings:*

"Die skool is die seep wat die klere was"/ die tale en dialekte van ander stamme moet aan die kinders geleer word.

*Oorwegings:*

Deur meer klem op *Tswana=skap* as *stamskap*/ deur kinders te leer dat die nasieverband beter is as stamverband/ deur Tswana=taal en kultuur te stan=dardiseer/ deur die nie-Tswana te ignoreer of te verban uit Bophuthatswana/ deur verbetering van onderwysstandaard/ breër onderwys, insluitende volwasse onderwys sodat mense van verskillende stamme mekaar beter kan verstaan en vir mekaar kan skryf. (14)

8. Should the children be taught that the Tswana tribes made war upon each other in the past? /Yes/No/Don't know/

Ja: 33%, Nee: 66%, Weet nie: 0

Ja: 55%, Nee: 33%, Weet nie: 22% (18)

9. Should they be taught that Mzilikazi ruled over the Batswana and killed many of them?
/Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 33%, Weet nie: 0 | Ja: 52%, Nee: 36%, Weet nie: 22% (19)

10. Should all Tswana history be remembered or should the time of the tribal wars and Mzilikazi rather be forgotten?
/All remembered/Partly forgotten/All forgotten/

Alles onthou: 66%, Gedeeltelik vergeet: 33% | Alles onthou: 47%, Gedeeltelik vergeet: 47%, Alles vergeet: 6% (19)

M. 1. Are there many members of this tribe working in urban areas? /Yes/No/ Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 (20)

2. Do you still look upon them as members of the tribe? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0 | Ja: 90%, Nee: 10%, Weet nie: 0 (20)

3. Do you think there are Batswana who no longer be= long to any particular tribe? /Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 33%, Weet nie: 0 | Ja: 50%, Nee: 40%, Weet nie: 10% (20)

4. Do you consider those Batswana who maintain that they do not belong to a particular tribe and do

not acknowledge a chief, still as Batswana? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0

Ja: 88%, Nee: 11%, Weet nie: 0 (18)

5. Should they vote for members of the Legislative Assembly of Bophuthatswana? /Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 33%, Weet nie: 0

Ja: 72%, Nee: 22%, Weet nie: 11% (18)

6. Should they pay taxes to Bophuthatswana? /Yes/No/Don't know/

Ja: 66%, Nee: 33%, Weet nie: 0

Ja: 78%, Nee: 16%, Weet nie: 5% (18)

7. Do the Batswana who live in urban areas think they are better than the Tswana living in tribal areas? /Yes/No/Don't know/

Ja: 100%, Nee: 0, Weet nie: 0

Ja: 78%, Nee: 16%, Weet nie: 16% (18)

N. 1. Where would you like to be buried when you die?

*Aanduidings:*

"In Motswedi".

"Mo Moruleng" (Saulspoort).

"Hier" (Mahikeng)

*Aanduidings:*

a. By eie tuiste in Bo=phuthatswana. (8)

b. Enige plek. (7)

c. "Waar my kinders wil hê". (1)

d. In stedelike ge=biede. (1)

2. Why this particular place?


| *Redes:* | *Redes:* |
|---|---|
| Ons voorvaders het hier gebly/ al ons mense bly hier. ("Dié in die stede kom ook hier begrawe - dis net dié wat nie geld het nie wat hulle in Johannesburg laat be= grawe"). | Dit is my tuiste/ waar ek gebore is/ wil eindig waar ek begin het/ hoort by my voorvaders en ver= wante/ dooie liggaam kan nie praat nie/ om begraf= niskoste te besnoei/"Ek is in die stedelike ge= biede gebore". |

(If you would like to elaborate on any reply given to the ques= tions above or to bring any other matter to my notice concerning the question Batswana nation-building, you are very welcome to do so. Please use a separate piece of paper and append it to this questionnaire.)


REMEMBER TO SEAL THE ENVELOPE CONTAINING THIS QUESTION= NAIRE BEFORE HANDING IT OVER TO THE PERSON ASKED TO COLLECT IT.

THANK YOU VERY MUCH FOR YOUR CO-OPERATION.


BYLAAG C: STAMVERSPREIDING EN LOKALITEIT VAN STAM- EN GEMEENSKAPSOWERHEDE IN 1972 IN VERHOUDING TOT GEBIED OOPGESTEL IN 1936




BYLAAG D: GEBIED AFGESONDER GELYS ) IN 1913




BYLAAG E: TOEVOEGINGS EN UITSNYDINGS AANBEVEEL DEUR BEAUMONTKOMMISSIE, 1916




BYLAAG F: TOEVOEGINGS EN UITSNYDINGS AANBEVEEL DEUR PLAASLIKE KOMITEES. 1918




BYLAAG G: GEBIED OOPGESTEL IN 1936




BYLAAG H: VOORGESTELDE KONSOLIDASIE VAN BOPHUTHATSWANA. 1972




BYLAAG I: ALTERNATIEWE KO[illegible]OLIDASIEPLAN, 1973




## BYLAAG J: FINALE KONSOLIDASIEPLAN, 1973



## BYLAAG K: DISTRIKTE VAN BOPHUTHATSWANA, 1972



BYLAAG L: KONSOLIDASIEPLAN VOORGELÊ DEUR BOPHUTHATSWANA WETGEWENDE VERGADERING *



BIBLIOGRAFIE

1. *BOEKE EN ARTIKELS*


AGAR-HAMILTON, J.A.I. *The Native Policy of the Voor=trekkers.* Maskew Miller, Cape Town. 1928.

AINSLIE, R. *The Press in Africa.* Victor Gollancz Ltd. London. 1966.

ALMOND, G. & J.S. COLEMAN (Editors). *The Politics of the Developing Areas.* Princeton University Press. 1960.

ANDERSON, A. A. *Twenty-five years in a wagon.* Chapman and Hall. London. 1888.

ANON. *Republiek en Koninkryk.* Pro Rege. Potchefstroom. 1964.

---- *Desentralisasie-Groeipunte. 1974.* Chris van Rensburg Publikasies. Johannesburg. 1974.

APTER, D. *The Politics of Modernization.* University of Chicago Press. 1965. (1969).

ARBOUSSET, T. & F. DUMAS. *Narrative of an Exploratory Tour to the Cape of Good Hope.* Cape Town. 1846. (Herdruk Struik. 1968).

ASHFORD, D. G. Bureaucrats and Citizens. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science.* Vol. 358. 1965.

BAIN, A. G. Bain's Journal. *African Monthly Magazine.* 1, 21, 22, 23 (1908).

BANTON, M. Adaption and integration in the social system of Temne immigrants in Freetown. *Africa.* October 1956.

---- *Race Relations.* Tavistock Publi= cations. London. 1967.

BARROW, JOHN. *A Voyage to Cochinchina in the years 1792 and 1793 ... to which is annexed An Account of a Jour= ney made in the years 1801 and 1802 to the residence of the Chief of the Booshuana Nation being the remotest point in the inte= rior of Southern Africa to which Europeans have hitherto penetra= ted.* London. 1806.

BARTH, F. (Editor). *Ethnic Groups and Boundaries.* Allen and Unwin. London. 1969.

BECKER, P. *Path of Blood.* Cox and Wyman. London. 1962.

BEHR, A. L. & R. G. MACMILLAN. *Education in South Africa.* Van Schaik. Pretoria. 1971.

BENDIX, R. *Nation Building and Citizenship.* Wiley. New York. 1964.

BERTSCH, G. K. *Nation-building in Yugoslavia: A study of Political Integration and Attitudal Concensus.* SAGE Publications. London. 1971.

BILINSKY, A. Colonialism or genocide? *Studies on the Soviet Union.* 2, 1(1961).

BOISSEVAIN, C. *Vaderlandsliefde.* Baarn. 1912.

BONZON, S. Modernisation et conflits tribaux en afrique noire. *Revue Francaise de Science Politique.* XVII, 5 (1967). (Manuskrip van artikel uit Frans vertaal deur C. J. Coetzee en J. H. Booyens. Insti= tuut vir Afrikanistiek, P. U. vir C. H. O.).

BOTHA, P. R. *Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds.* Universiteit van Amsterdam. Smuts en Zeitlin= ger. 1925.

BREUTZ, P-L. *Die Stamme van die distrikte Lich= tenburg en Delareyville.* Staats= drukker. Pretoria. 1954.

---- *Die Stamme van die distrik Ven=teradorp.* Staatdrukker. Pretoria. 1954.

---- *The Tribes of Mafeking District.* Government Printer. Pretoria. 1955.

---- *The Tribes of the districts of Kuruman and Postmasburg.* Govern=ment Printer. Pretoria. 1963.

---- *The Tribes of the Districts of Taung and Herbert.* Government Printer. Pretoria. 1968.

---- *The Tribes of Marico District.* Government Printer. Pretoria. 1953.

---- *The Tribes of Rustenburg and Pilanesberg Districts.* Government Printer. Pretoria. 1952.

---- *The Tribes of Vryburg District.* Government Printer. Pretoria. 1959.

---- Tswana Tribal Government Today. Afgerol. (1959).

---- Stamme en Geskiedenis van die Tswanagroep. Vertaling van bydrae tot H. Baumann. Völkerkunde von Afrika. Afgerol. (1964).

BREYTENBACH, W. J. Eerste verkiesing in Bophuthat= swana. *Bulletin.* XII, 2 (1972). Afrika-Instituut. Pretoria.

BROEK, J. National Character in the Per= spective of Cultural Geography. *The Annals of the American Aca= demy of Political and Social Science.* Vol.370. March, 1967.

BROOKES, E. H. *The History of Native Policy in South Africa.* Nasionale Pers. 1924.

BROWN, J. T. *Among the Bantu Nomads.* 1926. (Herdruk Negro University Press. New York. 1949).

BRYANT, A. T. *Olden Times in Zululand and Natal.* Longmans, Green and Company. London. 1929.

BURCHELL, W. J. *Travels in the interior of South= ern Africa.* London. 1824. (Struik. 1967).

CAMPBELL, J. *Travels in South Africa.* London. 1815.

CARRINGTON, C. E. *The British Overseas.* Cambridge University Press. 1950.

CHAPMAN, J. *Travels in the Interior of Africa. (1849-1863).* Volume I and II. Balkema. Cape Town. 1971.

CLOETE, J. J. N. *Swart Afrika: Politiek en Ad=ministratiewe tendense*. Afrika-Instituut. Pretoria. 1967.

COERTZE, P. J. (Redakteur) *Inleiding tot die Algemene Volkekunde*. Voortrekker Pers. Johannesburg. 1960.

COERTZE, P. J. Prinsipiële en feitelike inlei=ding tot die studie van die be=volkingsverhoudingsvraagstukke in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*. 22, 2 (1971); 22, 3(1971).

COERTZE, R. D. *Die Familie- erf- en opvolgings=reg van die Bafokeng van Rusten=burg*. SABRA. 1971.

COETZEE, J. A. *Nasieskap op politieke groepering*. V en R Drukkers. Pretoria. 1969.

COETZEE, J. H. *Kultuurstruktuur van die univer=siteit en ons Blankes se roeping ten opsigte van die Bantoe-uni=versiteit*. Universiteit van Zoeloeland. 1972.

---- Bantoe-administrasie en -beleid sedert 1948. M.S. 1967.

---- *Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme*. I.B.C. Potchefstroom. (1970).

---- Suid-Afrika: 'n Afrikagerigtheid, 1948-1968. *Handhaaf.* Oktober 1968.

---- Volkeleer (Etnosteorie). P. U. vir C. H. O. (1969).

COHEN, R. & J. MIDDLETON (Editors). *From Tribe to Nation in Africa.* Chandler. Pennsylvania. 1970.

COLEMAN, J. S. (Editor) *Education and Political Development.* Princeton University Press. 1965.

COLEMAN, J. A. & C. ROSBERG (Editors). *Political Parties and National Integration in Africa.* University of California Press. 1964.

COMMITTEE ON SCIENCE AND FREEDOM. *Apartheid and the World's Universities.* Manchester. 1958.

CONQUEST, R. (Editor). *Soviet Nationalities Policy in Practice.* London. 1967.

CONTINUATION COMMITTEE OF NATIONAL CONFERENCE ON THE NATIVE BILLS. *The Native Trust and Land Bill: Some constructive criticisms.* Cape Town. 1936.

CUTRIGHT, P. National Political Development: Measurement and Analysis. *American Sociological Review.* 28, 2 (1963).

DE GRAZIA, S. *The Political Community: A Study of Anomie*. Univ. of Chicago Press. Chicago. 1948 (1963).

DE KAT ANGELINO, A.D.A. *Staatkundig beleid en bestuurs=zorg in Nederlandsch - Indië*. Nijhoff. 1931.

DE PATER, J. C. H. *De kern van onze nationale ge=dachte*. Willem de Zwijger - Stichting. 'S Gravenhage. 1945.

DE SELINCOURT, A. *Herodotus: The Histories*. Pen=guin Books. 1954(1966).

DEUTSCH, K. W. *Nationalism and Social Communi=cation*. Wiley. New York. 1953.

DEUTSCH, K. W. & W. J. FOLTZ (Editors). *Nationbuilding*. Atherton Press. New York. 1966(1969).

DEUTSCH, K. W. Social Mobilization and Political Development. *American Political Science Review*. September, 1961.

DITTMER, K. *Algemeine Völkerkunde*. Vieweg und Sohn. Braunschweig. 1954.

DODD, C. H. *Political Development*. Macmillan. 1972.

DORO, M. E. & N. M. STULTZ (Editors). *Governing in Black Africa*. Pren=tice-Hall. New Jersey. 1970.

DUMINY, P. A. (Editor) *Trends and Challenges in the Education of the South African Bantu.* Fort Hare University Press. 1967.

DU PLESSIS, L. J. Volk en nasie in Suid-Afrika. *Koers.* XXXI, 7 (1954).

DUVENAGE, S. C. W. *Kerk, Volk en Jeug.* D.Phil-proefskrif. Vrije Universiteit. Amsterdam. 1962.

EISENSTADT, S. N. *The Political Systems of Empires.* The Free Press. New York. 1969.

ELLENBERGER, D. F. *History of the Basuto: Ancient and Modern.* 1912. (Herdruk Negro University Press. New York, 1969).

ELLENBERGER, V. Di Roroba Matlhakola - Tsa ga Masodi-a-Mphêla. *Transactions of the Royal Society of South Africa.* Vol. 25, 1938.

---- History of the Batlokwa of Gaborones. *Bantu Studies.* 13, 3 (1939).

EMERSON, R. *From Empire to Nation.* Beacon Press. Boston. 1962 (1967).

ENGELBRECHT, J. C. R. *Die Pers as Massakommunikasie=medium.* R.G.N. Pretoria. 1972.

EPSTEIN, A. L. *Politics in an Urban African Community*. Manchester. 1958.

ETZIONI, A. & E. (Editors). *Social Change: Sources, Patterns and Consequences*. Basic Books. New York. 1964.

EYBERS, G. W. *Select Constitutional Documents illustrating South African His= tory, 1795-1910*. Routledge. London. 1918.

FEDDEMA, J. P. *Transvaal-Batswana Kiezen voor de Moderne Wereld*. Proefskrif. Vrije Universiteit. Amsterdam. Baarn. 1972.

FEDENKO, P. Theories of Colonialism: Libera= tion abroad and Colonialism at home. *Studies on the Soviet Union*. 2,1 (1961).

FINKLE, J. & R. W. GABLE (Editors). *Political Development and Social Change*. Wiley. New York. 1966. (1971)

FLEMING, W. Political Science and African Politics. *Journal of Modern African Studies*. 7, 3 (1969).

FORTES, M. & E. E. EVANS-PRITCHARD (Editors). *African Political Systems*. O.U.P. 1940 (1958).

FOURIE, H. C. M. *Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sosiale leven*. Zwolle. 1921.

FRAENKEL, M. *Tribe and class in Monrovia.* O.U.P. 1964.

FRANCIS, E. K. The nature of the ethnic group. *The American Journal of Socio= logy.* March, 1947.

FURNIVAL, J. S. *Netherlands India.* Cambridge. 1939.

---- *Colonial Policy and Practice.* Cambridge. 1948.

GANN, L. H. & P. DUIGNAN (Editors). *Burden of Empire: An Appraisal of Western Colonialism in Africa South of the Sahara.* Hoover Institution Press. California. 1967 (1971).

GEERTZ, C. (Editor). *Old Societies and New States.* The Free Press. 1963.

GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA. *Uit een Bloed ...* Pro Rege. Potchefstroom. 1961.

GRAY-COWAN, L. *Education and Nation-Building in Africa.* Praeger. New York. 1965.

GREIGER, T. *The Conflicted Relationship.* McGraw-Hill. New York. 1967.

GUMA, S. M. *The form, content and technique of Traditional Literature in Southern Sotho.* Van Schaik. Pretoria. 1967.

HAILEY, LORD. *An African Survey (Revised 1956).* O.U.P. 1957.

---- *Native Administration in the British African Territories.* Part V. H.M.S.O. London. 1953.

---- *South Africa and the High Com= mission Territories.* O.U.P. London. 1963.

HARRIS, W. C. *The Wild Sports of Southern Africa.* London. 1839 (1852).

HATTINGH, P. en M. HUGO. Tendense in Bantoeverstedeliking in Suid-Afrika, 1960-1970. *Tyd= skrif vir Rasse-Aangeleenthede.* 22, 4 (1971).

HELLMAN, E. *Handbook on Race Relations.* SAIRR. Johannesburg. 1949.

HERTZ, F. *Nationality in History and Poli= tics.* Kegan Paul. London. 1944.

HODDER, B. W. *Economic Development in the Tro= pics.* Methuen. 1968.

HOEBEL, E. A. Anthropological Perspectives on National Character. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science.* Vol.370. March, 1967.

HOERNLÉ, R. F. A. *Memorial Lectures, 1945-1947.* SAIRR. Johannesburg. Ongedateerd.

---- *South African Native Policy and the Liberal Spirit.* University of Cape Town. 1939.

HOLE, H. M. *The passing of the Black Kings.* Allan. London. 1932.

HOLLEMAN, F. D. *Het Bantoegrondenrecht in de Unie van Zuid-Afrika en omgeving.* Amsterdam. 1949.

HORREL, M. *African Education: Some Origins and Development until 1953.* SAIRR. Johannesburg. 1963.

---- *Legislation and Race Relations.* SAIRR. Johannesburg. 1971.

---- *Non European policies in the Union and the measure of their success.* SAIRR. Johannesburg. 1954.

---- *A Decade of Bantu Education.* SAIRR. Johannesburg. 1964.

---- *Action, reaction and counter-action.* SAIRR. Johannesburg. 1971.

---- *Bantu Education to 1968.* SAIRR. Johannesburg. 1968.

HOW, M. An Alibi for Mantatisi. *African Studies.* 13, 2 (1954).

HUGHES, A. J. P. *Kin, Caste and Nation among the Rhodesian Ndebele.* Manchester University Press. 1956.

HUNTER, GUY. *The New Societies of Tropical Africa.* O.U.P. 1962.

JENSEN, F. H. W. Note on the Hurutshe. *African Studies.* December, 1947.

JEPPE & KOTZE. *Locale Wetten der Z.A.R. 1840-1885.* Z. A. Republiek. 1887.

JEPPE, W. J. O. Die opleiding van amptenare met die oog op mannekragmobilisasie. Ongepubliseerde referaat gelewer aan die Universiteit van die Noorde. April 1971.

KARIS, T. & G. CARTER. *From Protest to Challenge.* Vol. I. Hoover Institution. Stanford. 1972.

KATZ, S. M. *A Systems Approach to Develop= ment Administration.* American Society for Public Administration. Washington. 1965 (1966).

KELLER, A. G. *Colonization: A Study of the founding of new Societies.* Ginn & Co. New York. 1908.

KIRBY, P. R. (Editor). *The Diary of Dr. Andrew Smith.* Van Riebeeck Society. Cape Town. 1939.

KIRIMAL, E. The Crimean Tartars. *Studies on the Soviet Union.* X, 1 (1970).

KIRKWOOD, K. *African Affairs.* O.U.P. 1969.

KOFF, D. & G. VAN DER MUHL. Political Socialization in Kenya and Tanzania. *The Journal of Modern African Studies.* 5, 1 (1967).

KOHN, H. *The idea of Nationalism.* Macmil= lan. 1948.

KORTEPETER, C. M. *Ottoman Imperialism during the Reformation.* University of Lon= don Press. 1973.

KOTZE, D. A. Black Consciousness in South Africa. *Politikon.* 1,1 (1974).

KRIGE, E. J. *The Social System of the Zulus.* Shuter and Shooter. Pietermaritz= burg. 1936.

KRÜGER, D. W. *South African Parties and Poli= cies, 1910-1960.* Human and Rous= seau. Cape Town. 1960.

---- *The Age of the Generals*. Dagbreek. Johannesburg. 1961.

KUPER, H. *An African Aristocracy*. O.U.P. 1974.

KUPER, H. A. J. B. HUGHES & H. VAN VELSEN. *The Shona and Ndebele of Southern Rhodesia*. Ethnographic Survey of Africa. International African Institute. London. 1955.

KUPER, L. & M. G. SMITH. *Pluralism in Africa*. University of California Press. 1969.

KUYPER, A. *Antirevolutionaire Staatkunde*. Deel I. J. H. Kok. Kampen. 1916.

LANGTON, K. P. *Political Socialization*. O.U.P. 1969.

LANGUAGE, F. J. Die verkryging en verlies van lidmaatskap tot die stam by die Tlhaping. *African Studies*. 2, 2 (1943).

---- Herkoms en geskiedenis van die Tlhaping. *African Studies*. Vol. I. (1942).

LA PALOMBARA, J. (Editor). *Bureaucracy and Political Development*. Princeton University Press. 1963.

LEKHELA, E. P. *Tendencies in the History of Bantu Education in South Africa.* University of the North. 1972.

LEKHELA, E. P. *Et al.* *A Survey of the Development of Education among the Batswana of Bophuthatswana.* Mafeking Mail. 1972.

LESTRADE, G. P. Some notes on the political or= ganisation of the Bechwana. *South African Journal of Science.* December, 1928.

LEWIS, W. A. Beyond African Dictatorship. *Encounter.* XXV, 2 (1965).

---- *Politics in West Africa.* New York. 1965.

LEYDS, W. J. *Het insluiten van de Boeren Republieken.* De Lange. Amster= dam. 1914.

LICHTENSTEIN, H. *Reisen im Südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806.* Berlin. 1811.

LOMBARD, J. A. & P. J. VAN DER MERWE. Central Problems of Economic De= velopment of Bantu Homelands. *Finance and Trade Review.* X, 1 (1972).

LONGMORE, L. *The Dispossessed.* Jonathan Cape. London. 1959 (1962).

LUBBE, A. N. P. *Bantu Education in the Republic of South Africa, 1971.* Erudita Publications. Johannesburg. 1971.

LYE, W. F. The Ndebele Kingdom South of the Limpopo. *Journal of African History.* X, 1 (1969).

MACKENZIE, J. *Austral Africa: Losing it or ruling it,* Vol. I. London. 1887. (Herdruk Negro University Press. 1969).

---- *Ten Years north of the Orange River.* London. 1871.

MAINGARD, L. F. The Brikwa and the ethnic origins of the Batlhaping. *South African Journal of Science.* Vol. XXX, October, 1933.

MARITZ, C. J. Voogbestuur en nasionale integrasie. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede.* 24, 1 (1973).

MARKET RESEARCH. A Study of Bantu Radio Listening in the Republic of South Africa. 1972. Afgerol.

MASON, P. *Patterns of Dominance.* O.U.P. 1971.

MAUNIER, R. *The Sociology of Colonies.* Rout= ledge and Kegan Paul. 1949.

MAYER, P. *Townsmen or Tribesmen?* O.U.P. Cape Town. 1961.

MAZRUI, A. *Towards a Pax Africana.* Weiden= feld and Nicholson. London. 1967 (1969).

MC EWAN, P. (Editor). *Twentieth Century Africa.* O.U.P. London. 1968.

METGE, J. *The Maoris of New Zealand.* Rout= ledge and Kegan Paul. 1967.

MIDDLETON, J. *Black Africa: Its Peoples and their Cultures Today.* Macmillan. London. 1970.

MINOGUE, K. R. *Nationalism.* Methuen. London. 1967.

MITCHELL, C. & A. L. EPSTEIN. Occupational prestige and social status among urban Africans in Northern Rhodesia. *Africa.* Vol. XXIX, 1959.

MOFFAT, R. *Missionary Labours and Scenes in South Africa.* London. 1842. (Herdruk Johnson Reprint Corpo= ration. New York and London. 1969).

MOLATLHWA, T. M. — Agriculture in Bophuthatswana. Referaat gelewer tydens konfe= rensie oor Strategie vir Ontwik= keling. Universiteit van die Witwatersrand. 4-7 Desember 1974.

MOLEMA, S. M. — *The Bantu, Past and Present.* Edinburgh. 1920.

---- — *Montshiwa: Barôlông Chief and Patriot.* Struik. 1966.

MONTGOMERY, J. D. & W. J. SIFFIN. — *Approaches to Development: Poli= tics, Administration and Change.* McGraw-Hill. 1966.

MORRIS, D. R. — *The Washing of the Spears.* Sphere Books. Suffolk. 1965 (1970).

MÜHLMAN, W. E. — *Methodik der Völkerkunde.* Stutt= gart. 1938.

---- — *Rassen, Ethnien, Kulturen.* Luch= terhand. Berlin. 1964.

MUNNIK, G. G. — *Kronieke van Noordelike Trans= vaal.* S.A. Boekwinkel. Pretoria. Ongedateerd.

MUTWA, C. — *Indaba, My Children.* Blue Crane Books. Johannesburg. (1964).

NASIONALE PARTY VAN SUID-AFRIKA. *Nasionale Party se Kleurbeleid.* 1947.

NELLIS, J. R. *A Model of Development Ideology in Africa: Structure and Im=plications.* Sage Publications. California. 1970.

NIEBUHR, R. *Nations and Empires: Recurring patterns in the political order.* Faber and Faber. London. 1959.

NIVEN, SIR REX. *Nine Great Africans.* G. Bell and Sons. London. 1964.

NORDLINGER, E. A. (Editor). *Politics and Society.* Prentice-Hall. New Jersey. 1970.

NUMELIN, R. *Intertribal Relations in Central and South Africa.* Centraltryke=riet. Helsingfors. Helsinki. 1963.

PADEN, J. N. & E. SOJA (Editors). *The African Experience.* Vol. 1. Heinemann. London. 1970.

PELZER, A. N. *Verwoerd aan die Woord.* Afrikaan=se Pers Beperk. 1963.

POTGIETER, E. F. Enkele voorbeelde van spontane etniese groepering onder die stedelike Bantoe in Pretoria en aan die Rand. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede.* 7, 1 (1955).

PYE, L. (Editor). *Communications and Political Development*. Princeton Univer= sity Press. 1963 (1969).

---- The Concept of Political Develop= ment. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*. Vol. 358. (1965).

RHOODIE, N. (Editor). *South African Dialogue*. McGraw-Hill. Johannesburg. 1972.

RHOODIE, N. J. *Et al*. *Tuislande: Die rol van die kor= porasies*. Chris van Rensburg Publikasies. Johannesburg. 1973.

RIGGS, F. W. *Administration in Developing Countries: The Theory of Pris= matic Society*. Houghton Mifflin Co. Boston. 1964.

RIVKIN, A. *Nation-building in Africa*. Rut= gers University Press. New Jer= sey. 1969.

ROACH, P. *Political Socialization in the new nations of Africa*. Teachers College Press. New York. 1967.

ROBERTS, N. The Bagananoa or Maleboch. *South Africa Journal of Science*. 1916.

RODGERS, H. *Native Administration in the Union of South Africa*. Government Prin= ter. Pretoria. 1949.

ROEBOL. J. — De Russen en hun Minderheden. *Internationale Spectator*. 22 Julie 1968.

ROSTOVTZEFF, M. — *Rome*. O.U.P. New York. 1960.

ROTHCHILD, D. — Ethnic inequalities in Kenya. *Journal of Modern African Stu= dies*. 7, 4 (1969).

ROWLEY, C. D. — *The destruction of Aboriginal Society*. Australian National University Press. Canberra. 1970.

---- — *Outcasts in White Australia*. Australian National University Press. Canberra. 1971.

---- — *The Remote Aborigines*. Austra= lian National University Press. Canberra. 1971.

RUSTOW, D. A. — *A World of Nations*. The Brookings Institution. Washington. 1967 (1968).

RUTMAN, G. L. — A reconsideration of the problem of capital formation in under-developed areas: A case study of an indigenous agricultural eco= nomy. Konferensie oor Strategie vir Ontwikkeling. Universiteit van die Witwatersrand. 4-7 De= sember 1974. Afgerol.

SABRA. *Tuislandontwikkeling - 'n pro=gram vir die sewentigerjare.* Pretoria. 1970.

---- *Triomf.* Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aan=geleenthede. No. 3. Pretoria. 1967.

---- *Die Naturellevraagstuk.* 1950.

SAIRR. *Some Aspects of the Native Ques=tion.* Johannesburg. 1933.

SAUK. Geskiedenis van die SAUK se ra=dio-uitsendings vir die Bantoe. (Uittreksels uit die Korporasie se Jaarverslae). 1940-1960. Afgerol.

SCARRIT, J. *Political Development and Cul=ture Change Theory: A Proposi=tional Synthesis with Applica=tion to Africa.* Sage Publica=tions. London. 1972.

SCHAPERA, I. (Editor). *The Bantu Speaking tribes of South Africa.* Maskew Miller. Cape Town. 1937 (1956).

SCHAPERA, I. *A Handbook of Tswana Law and Custom.* O.U.P. 1938.

---- A Short History of the Bakgatla ba ga Kgafêla of Bechuanaland Protectorate. University of Cape Town. 1942. Afgerol.

---- *Ditirafalô tsa merafe ya Bat=swana.* Lovedale. 1954.

---- *Government and Politics in Tribal Societies.* Watts. London. 1956 (1963).

---- *The Ethnic Composition of Tswana Tribes.* London. 1952.

---- *The Tswana.* International Afri=can Institute. London. 1953 (1962).

SCHAPPER, H. P. *Aboriginal Advancement to inte=gration.* Australian National University Press. Canberra. 1970.

SCHOLTZ, G. D. *Die Naturellebeleid van die Na=sionale Party.* 1959.

---- *'n Swart Suid-Afrika?* Nasionale Boekhandel. 1964.

SCHUTTE, A. G. Intentionality, identity and administration. M.S. 1971.

SCOTT, R. *The Politics of New States.* Allen and Unwin. London. 1970.

SEOPOSENGWE PARTY. *Manifesto and constitution.* 1972.

SHEDDICK, V. G. J. *The Southern Sotho.* International African Institute. London. 1953.

SHEPHERD, G. W. National Integration in the Southern Sudan. *The Journal of Modern African Studies.* 4, 2 (1966).

SHIBUTANI, T. & K. KWAN. *Ethnic Stratification: a Comparative Approach.* Macmillan. 1965.

SHIROKOGOROFF, S. M. *Psychomental Complex of the Tungus.* Kegan Paul. London. 1935.

SILLERY, A. *John Mackenzie of Bechuanaland.* Balkema. Cape Town. 1971.

---- *The Bechuanaland Protectorate.* O.U.P. London. 1952.

SILVERT, K. H. Parties and Masses. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science.* Vol. 358. (1965).

SOUTH AFRICAN NATIVE RACES COMMITTEE. *The South African Natives.* 1908. (Herdruk Negro University Press. New York, 1969).

SPIES, M. — Enkele aspekte van die proses van dorpstigting in die Bantoetuis=lande van Suid-Afrika gedurende die periode 1960-1970. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*. 24, 4 (1973).

STOKER, H. G. — Afrikaanse Volkswording en Suid-Afrikaanse Nasievorming. *Koers*. XXI, 6 (1954).

STOW, G. W. — *The native races of South Africa*. London. 1905. (Struik. 1964).

STRAUSZ-HUPE, R. (Editor). — *The Idea of Colonialism*. Praeger. New York. 1958.

SUMMERS, R. & C. W. PAGDEN. — *The Warriors*. Books of Africa. Cape Town. 1970.

SUNDKLER, B. — *Bantu Prophets in South Africa*. O.U.P. 1948.

SWERDLOW, I. (Editor). — *Development Administration: Con=cepts and Problems*. Syracuse University Press. 1963.

SYME, SIR R. — *Colonial Elites: Rome, Spain, and the Americas*. O.U.P. 1958.

THOMPSON, L. (Editor). — *African Societies in Southern Africa*. Heineman. 1969.

TURNBULL, C. — *The lonely African*. Chatto & Win=dus. 1963.

ULLENDORF, E. *The Ethiopians*. O.U.P. 1965.

UNESCO. *Conference of African States on the Development of Education in Africa*. 1961.

VAN BILJON, P. *Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika*. Juta. Kaapstad. 1947.

VAN DER MERWE, D. F. & I. SCHAPERA. A Comparative Study of Kgalagadi, Kwêna, and other Sotho Dialects. Communications from the School of African Studies. Cape Town. 1943. Afgerol.

VAN DER MERWE, P. J. *Bantoe-mannekragpotensiaal van Suid-Afrika*. Afrika-Instituut. Pretoria. 1970.

VAN DER WALT, A. J. H., J. A. WIId & A. L. GEYER (Redakteurs). *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Nasionale Boekhandel. 1955.

VAN EEDEN, I. J. Die Bantoe in Metropolitaanse Gebiede. *Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede*. 26, 2 (1975).

VAN LILLE, A. J. *The Native Council System*. De Bussy. Pretoria. 1938.

VAN VORYS, K. Towards a concept of Political Development. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*. Vol.358. March, 1965.

VAN WARMELO, N. J. *A Preliminary Survey of the Ban=tu Tribes of Southern Africa.* Government Printer. Pretoria. 1935.

VAN ZYL, H. J. *Die Bakgatla van Mosetlha.* Voor=waarts. Johannesburg. 1958.

WALLERSTEIN, I. (Editor). *Social Change: The Colonial Si=tuation.* Wiley. 1966.

WALLIS, J. P. R. (Editor). *The Matebele Journals of Robert Moffat.* Chatto & Windus. London. 1945.

WALTON, J. *Early Ghoya Settlement in the Orange Free State.* National Mu=seum. Bloemfontein. 1965.

WEINSTEIN, B. *Nation-building on the Ogooué.* Massachusetts Institute of Tech=nology. 1966.

WIEDNER, D. L. *A History of Africa South of the Sahara.* Ramdom House. New York. 1962 (1964).

WIDSTRAND, C. G. *African Boundary Problems.* The Scandinavian Institute of Afri=can Studies. Uppsala. 1969.

WILGUS, A. C. & R. d'ECA. *Latin American History.* Barnes & Noble. New York. 1939 (1967).

WILSON, G. & M. *The Analysis of Social Change.* Cambridge. 1945.

WILSON, M. & L. THOMPSON. *The Oxford History of South Africa.* O.U.P. 1969.

WISEMAN, H. V. *Political Systems: Some Socio=logical Approaches.* Routledge & Kegan Paul. London. 1967.

ZIMMERN, A. E. *Nationality and Governement.* Chatto & Windus. London. 1918.

ZOLBERG, A. Patterns of National Integra=tion. *The Journal of Modern Afri=can Studies.* 5, 4 (1967).

## 2. *KOERANTE EN POPULÊRE TYDSKRIFTE*

DIE TRANSVALER. Johannesburg.

DIE VADERLAND. Johannesburg.

HOOFSTAD. Pretoria.

NEWS/CHECK. Johannesburg.

THE DAILY MAIL. Johannesburg.

THE FRIEND. Bloemfontein.

THE STAR. Johannesburg.

THE WORLD. Johannesburg.

TO THE POINT. Johannesburg.

WOORD EN DAAD. A.C.B. Potchefstroom.

3. *OWERHEIDSPUBLIKASIES*


| | |
|---|---|
| BRITISH BECHUANALAND (CROWN COLONY) | *Correspondence Relative to the Transfer of British Bechuanaland to the Cape Colony.* London. 1896. |
| BRITISH BECHUANALAND. | *Report of the Commissioners ap= pointed to determine land claims and to effect a land settlement in British Bechuanaland.* London. 1886. |
| CAPE OF GOOD HOPE. | *Government Gazette.* No. 6, 654. 7 October 1885. |
| ---- | *Memorandum on the Administration of Native Affairs in British Be= chuanaland.* (Confidential). June, 1908. |
| REPUBLIC OF SOUTH AFRICA | Bophuthatswana Government. *Report of the Department of Education. Bophuthatswana. 1972.* |
| ---- | Department of Information. *A Statement of Government policy in regard to the transfer of govern= mental and administrative powers to the Bantu National Units in the Republic of South Africa.* (1967). |

---- Tswana Territorial Authority. *Proceedings incorporating Re= ports of Select Committees at the Session of 1965.*

---- Tswana Territorial Authority. *Proceedings incorporating Re= port of Select Committees at the General Session of 1966 and the Proceedings of the Special Session of 1967.* Mafeking Mail. Mafeking.

---- Department of Bantu Administra= tion and Development. *Ethnolo= gical and Linguistic Studies in honour of N. J. van Warmelo.* Government Printer. Pretoria. 1969.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA *Witskrif oor die verslag van die Interdepartementele Komitee in= sake Desentralisering van Nywer= hede.* 1972.

---- *Debatte van die Volksraad.* Deel 76; 107.

---- *Die Senaat van die R.S.A. Debat= te.* No. 6, 1971. Kaapstad. Staats= drukker. 1971.

---- Departement van Bantoe-ad= ministrasie en Ontwikkeling. Konferensie van tuislanddeparte= mentshoofde. 1969. Afgerol.

REPUBLIEK/UNIE VAN SUID-AFRIKA. DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE/BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIK= KELING. Omsendbriewe, diensbriewe, Iden= tiese Diensbriewe en lêers soos aangedui.

---- Wette, proklamasies en regulasies soos aangedui.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA *Verslag van die Departement van Bantoe-administrasie en -Ontwik= keling vir die tydperk 1 Janua= rie 1969-31 Desember 1969.* Staatsdrukker. Pretoria. 1971.

---- Departement van Bantoe-Onderwys. *Sillabus vir die Hoër Primêre Skoolkursus. (Hersien 1967).* Staatsdrukker. Pretoria.

---- Departement van Bantoe-Onderwys. *Jaarverslag vir die Kalender= jaar 1962.* R.P. 37/1964. Staats= drukker. Pretoria. 1964.

---- Departement van Bantoe-Onderwys. *Jaarverslag 1973.* Staatsdrukker. 1974.

---- Departement van Bantoe-Onderwys. *Bantoe-Onderwysblad*. Augustus 1969; Desember 1970.

---- Departement van Inligting. *Jaar=verslag 1965-66*. Staatsdrukker. Pretoria. 1967.

---- Departement van Inligting. *Bantu*. Verskeie nommers van ...

---- Departement van Inligting. *Ver=slag vir die tydperk 1 Januarie 1973 tot 31 Desember 1973*. Staatsdrukker. Pretoria. 1974.

---- Departement van Inligting. *South African Digest*.

---- Departement van Statistiek. *Be=volkingsensus, 1960, No. 7 — Onderwyspeil*. Staatsdrukker. Pretoria. 1964.

---- Departement van Statistiek. *Be=volkingsensus 6 Mei 1970. Bevolk=ing van stede, dorpe en nie-stede=like gebiede*. Verslag no. 02-05-01. Staatsdrukker. Pretoria. (1970).

---- Tswanagebiedsowerheid. *Notule van die Sitting van 1961*.

---- Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge van die 1967 Algemene Sitting.*

---- Hersaamgestelde Gebiedsowerheid. *Verrigtinge van die 1968 Algemene Sessie.*

---- Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge van die Tweede Sessie van die Tweede Tswana-Gebiedsowerheid, Mei 1970.*

---- Tswanagebiedsowerheid. *Verrigtinge van die Derde Sessie van die Tweede Tswana-Gebiedsowerheid, Maart - April 1971.*

---- Tswana Wetgewende Vergadering. *Begroting vir die jaar wat op 31 Maart 1973 eindig.* Mafeking Mail. 1972.

---- Bophuthatswana Regering. *Debatte van die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering, 1972.*

---- Bophuthatswana Regering. *Debatte van die Bophuthatswana Wetgewende Vergadering, 1973.*

---- Bophuthatswana Regering. Jaarverslag van die Departement van Onderwys 1973. Afgerol.

---- Bophuthatswana Regering. *Debatte van die Bophuthatswana Wetge= wende Vergadering, 12 Maart tot 2 Mei 1974.*

---- Bophuthatswana Regering. *Debatte van die Bophuthatswana Wetge= wende Vergadering. Spesiale Sessie van die Tweede Wetgewende Vergadering, Desember 1974.*

SOUTH AFRICAN NATIVES AFFAIRS COMMISSION, 1903 - 1905. *Minutes of Evidence.* Cape Town. 1905.

---- *Report.* Cape Town. 1905.

TRANSVAAL NATIVE AFFAIRS DEPARTMENT. *A Short History of the Native Tribes of the Transvaal.* 1905. (Herdruk no. 24. Staatsbiblioteek. Pretoria. 1968.)

TSWANA TERRITORIAL AUTHO= RITY. Report of the Recess Committee on the Economic Development of the Tswana Homelands. 1970. Afgerol.

UNIE VAN SUID-AFRIKA. *Bantoe-onderwys: Beleidsbepa= ling vir die onmiddellike toe= koms.* Staatsdrukker. Pretoria. 1954.

---- *Memorandum ter verduideliking van die agtergrond en doelstel= linge van die Wetsontwerp op Bevordering van Bantoeselfbe= stuur.* 1959.

---- *Verslag van die Departement van Naturellesake vir die jaar 1951-52.* Staatsdrukker. Preto= ria. 1955.

---- *Verslag van die Departement van Naturellesake vir die jaar 1952-53.* Staatsdrukker. Preto= ria. 1955.

---- *Verslag van die Departement van Naturellesake vir die jaar 1953-54.* Staatsdrukker. Preto= ria. 1965.

---- *Verslag van die Ekonomiese Natu= rellekommissie.* Staatsdrukker. Pretoria. 1932.

---- *Verslag van die Interdepartemen= tele Komitee oor Naturelle Onder= wys, 1935-1936.* (Welsh-verslag). Staatsdrukker. Pretoria. 1936.

---- *Verslag van die Naturelle-onder= wyskommissie 1949-1951.* (Eiselen-kommissie). Staatsdrukker. Pre= toria. 1952.

---- *Verslag van die Naturellewettekommissie, 1946-1948.* Staatsdrukker. Pretoria. 1948.

---- *Voortrekker Argiefstukke.* Staatsdrukker. Pretoria. 1937.

---- *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel I. V.R.N. (1844-1850).* Staatsdrukker. Pretoria.

---- *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel II. V.R.N. (1851-1853).* Staatsdrukker. Pretoria.

---- *Suid-Afrikaanse Argiefstukke. (Vol. II). V.R.N.* Cape Times. 1950.

---- *Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853.* Staatsdrukker. Pretoria. 1949.

UNION OF SOUTH AFRICA. *Summary of the Report of the Commission for the Socio-Economic Development of the Bantu Areas within the Union of South Africa.* Government Printer. Pretoria. 1955. U.G. 61/1955.

---- Department of Information. *The Sequel to the Tomlinson Commission Report.* 1957.

## 4. *ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE*


BOTHMA, C. V. — Die verwantskapsbasis van die politieke struktuur van die Ban=tšhabeleng van Mothôpông (Sek=hukhuneland). D.Phil.-proefskrif. U.P. 1957.

COETZEE, C. J. — Aspekte van die toepassing van die Wet op Bantoe-owerhede op die Bafokengstam van die Rustenburg=se distrik. M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1972.

ERASMUS, W. — 'n Ondersoek na die sosiale or=ganisasie en politieke stelsel van die Bantwanestam in die dis=trik Groblersdal. M.A.-verhande=ling. U.P. 1965.

GRONUM, C. F. — Boer en Bantoe op die Wesgrens. M.S. Instituut vir Afrikanistiek. P.U. vir C.H.O.

GUNNING, N. R. — Die Britse Bantoe-administrasie in Transvaal, 1902-1906. M.A.-verhandeling. U.P. 1966.

HENNING, J. J. — Dorpstigting in die Bantoetuis=lande. D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1969.

JEPPE, W. J. O. Die ontwikkeling van bestuurs=instellings in die Westelike Ban=toegebiede (Tswanatuisland). Proefskrif. U.S. 1970.

KOTZE, D. A. Traditionalism in African Local Government. D.Phil.-proefskrif. U.S. 1968.

LABUSCHAGNE, J. M. T. Naturelle-administrasie: 'n vak=wetenskaplike objektivering. D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1969.

LEKHELA, S. M. M. An historical survey of Native land settlement in South Africa from 1902 to the passing of the Natives Trust and Land Act of 1936. M.A.-verhandeling. Uni=versiteit van Suid-Afrika. 1955.

MAPENA, I. O. H. M. The Witzieshoek Native Reserve: Description of the administration. M.A.-verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika. 1970.

MARITZ, C. J. Bestuursontwikkeling van die Tswanastammegroep met besondere verwysing na die skakeling tus=sen stad en tuisland. M.A.-ver=handeling. P. U. vir C. H. O. 1965.

MENTZ, J. C. N. Die Stedelike Bantoeraad van Welkom. M.A.-verhandeling. P.U. vir C. H.O. 1970.

PIENAAR, G. J. Perssensuur en Staatsveiligheid. D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1968.

REYNEKE, J. J. 'n Bydrae tot die kennis van die magies-religieuse lewe van die Kwênastam. M.A.-verhandeling. U.P. 1945.

SCHÜLER, G. M. K. Die Barôlông van Thaba Nchu, O.V.S. D.Phil.-proefskrif. U.S. 1965.

SCHUTTE, P. J. Sendingdrukperse in Suid-Afrika (1800-1815). D.Phil.-proefskrif. P.U. vir C.H.O. 1969.

VAN ASEWEGEN, H. J. Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje Vrystaat 1854-1902. Proefskrif. U.O.V.S. 1969.

VAN TONDER, J. J. Die Naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse Partypolitiek voor Unifikasie. M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1969.

VAN ZYL, L. T. Die Bakolobeng van Rooijantjies=fontein. M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1969.

VERMAAK, T. J. T. 'n Ondersoek na die sosiale or= ganisasie en politieke stelsel van die Bakwêna ba Mogôpa. M.A.-verhandeling. U.P. 1966.

VORSTER, J. A. Die Engelse administrasie van Transvaal gedurende die eerste anneksasietydperk (1877-1881). M.A.-verhandeling. U.P. 1951.

VORSTER, L. P. Die Bakwêna ba Mare-a-Phogole. M.A.-verhandeling. P.U. vir C.H.O. 1969.